212 Cf Picard and Robertson 151.

213 Cf Burchell 1978 *SALJ* 205 206; Giesen 560 574; Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1217.

214 Cf Mason and McCall Smith 360; Leenen 237–238.

215 See Burchell 1978 *SALJ* 202; cf Kennedy and Grubb 1045 1057; Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1217.

216 See Burchell 1978 *SALJ* 203 206; cf Giesen 575; Kennedy and Grubb 1045 1057; Leenen 241, who adds that if withdrawal could be harmful, the patient should be informed accordingly in advance (see also Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1217).

217 Cf *C v Minister of Correctional Services* 304; Van Oosten *Informed consent* 352ff; Leenen 237 241; Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1216.

218 Cf Giesen 339 560–561 563–564; Leenen 238–239.

219 Cf Giesen 339–340 564 573 576; Leenen 238; Picard and Robertson 150–151.

220 1 5.

221 4 7 4, 4 11 1, 4 12 13, 4 14 1 and 8; cf 7 6 2, 7 6 3, 10 3 2–10 3 6, 15 1, 16 9, 18 5 and 21 3.

222 4 2, emphasising the need for truthfulness and frankness (4 3) .

223 4 7 4; cf 21 3.

224 5 4 8 2, on the basis that the patient's assessment of the risk is sometimes more relevant to himself or herself than that of the expert. The *Guidelines* suggest that the members of

continued on next page

of clear and understandable verbal communication;[225] and (g) an invitation to the research subject to ask for more information.[226]

It is worthy of note that the *Guidelines* make no provision for not informing the patient on account of therapeutic necessity or a waiver by the patient of his or her right to information.[227]

6 4 Free and voluntary/clear and unequivocal/comprehensive/revocable

It goes without saying that consent to medical research must be free and voluntary, clear and unequivocal, comprehensive and revocable:

6 4 1 Free and voluntary consent

6 4 1 1 The law

Consent may not be induced by fear, force, threats, duress, coercion, compulsion, deceit, fraud, undue influence, perverse incentives or financial gain.[228] Categories of persons in respect of whom the voluntariness of consent may be compromised, include prisoners and soldiers, as well as students and employees.

As regards prisoners and soldiers, the mere fact that someone is incarcerated or a subordinate does, of course, not render him or her legally incapable of consenting to medical research. However, the potential for abuse of the incarcerated and subordinates, who are either involuntarily detained or subjected to a hierarchical and authoritarian dispensation, as the case may be, raises serious doubts about the required voluntariness of any consent given by prisoners and soldiers.[229] It should be noted that the reluctance of the law to recognise a prisoner's or soldier's consent as valid relates to *voluntariness* rather than *competence* as a requisite of effective consent. What this means, is that a prisoner or soldier may be capable of consenting in the sense that he or she may be able to appreciate the issues involved[230] and to form a will, but a prisoner's or soldier's freedom of choice may be compromised by his or her very status and, in that sense, *incapable of giving voluntary consent.* Obviously, a prisoner or soldier may in a given case be incapable of consenting in the traditional sense, but then

---

the Ethics Committee ask themselves whether they would consent to research if they or their relatives were eligible patients: 5 4 9 1.

225 1 5.

226 8 3 1 1; see also Burchell 1978 *SALJ* 203 206–207; cf § I 9 of the Helsinki Declaration, which already embodies these proposals to some extent – albeit in general and relatively meek and mild language – in the following terms: "In any research on human beings, each potential subject must be *adequately* informed of the aims, methods, anticipated benefits and potential hazards of the study and the discomfort it may entail" (italics supplied).

227 Cf, however, § II 5 of the Helsinki Declaration: "If the physician considers it essential not to obtain informed consent, the specific reasons for this proposal should be stated in the experimental protocol for transmission to the independent committee."

228 Cf Smit 1975 *THRHR* 259 262 266; Burchell 1978 *SALJ* 202 206, who adds that the research subject should not be made to feel guilty if he or she refuses to participate; Skegg 97–98; Nys 356; Kennedy and Grubb 1044 1052 1056; Leenen 240; Picard and Robertson 88 ff; Deutsch 376; Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1205 1216.

229 Cf Giesen 571–572; Nys 359–360; Kennedy and Grubb 1056; Leenen 250, who takes the view that prisoners should be excluded from non-therapeutic medical research; Picard and Robertson 89–90; Deutsch 398.

230 On which see 6 3 1 4 *supra.*

such incapacity relates to his or her status as a youth or to mental illness or mental handicap rather than to his or her status as a prisoner or soldier.[231]

As regards students and employees, due care should also be taken that their voluntary participation in medical research is in no way compromised by their position.[232]

6 4 1 2 The *Guidelines*

The *Guidelines* stress the importance of an absence of any overt or covert coercion[233] and state,[234] with specific reference to prisoners that (i) research into medical and psychological disturbances affecting prisoners may be beneficial (without specifying to whom); (ii) there is evidence that prisoners may wish not to be excluded from participation in worthwhile research; and (iii) research conditions in prisons should, however, be subjected to careful scrutiny and monitoring.[235]

6 4 2 Clear and unequivocal consent

The expression is self-explanatory and needs no amplification.

6 4 3 Comprehensive consent

Consent must extend to the entire transaction, inclusive of its consequences.[236]

6 4 4 Revocable consent

6 4 4 1 The law

Consent may be withdrawn without prejudice, in any form, and at any time, prior to the proposed intervention.[237]

6 4 4 2 The *Guidelines*

The *Guidelines* stress the right of research subjects to withdraw from the research project without prejudice.[238]

---

231 Cf Nys 360, who points out that in Belgian law non-therapeutic medical research on prisoners is not allowed, which means that they cannot consent to non-therapeutic medical research.

232 Cf Kennedy and Grubb 1056; Leenen 251; Picard and Robertson 90.

233 6 1, 6 2 5 and 6 2 6 5; cf 7 6 3, 8 3 1 1, 9, 10 3 6, 17 5, 18 8 and 18 9; cf the Helsinki Declaration: (i) "[The patient] should be informed that he or she is at liberty to abstain from participation in the study . . . The physician should then obtain the subject's freely-given informed consent" (§ I 9; see also § II 4: "The refusal of the patient to participate in a study must never interfere with the physician-patient relationship"); (ii) "When obtaining informed consent for the research project the physician should be particularly cautious if the subject . . . may consent under duress. In that case the informed consent should be obtained by a physician who is not engaged in the investigation and who is completely independent of this official relationship" (§ I 10).

234 See also 6 2 5.

235 8 7.

236 Cf *Castell v De Greef* (1994) 425.

237 Cf Smit 1975 *THRHR* 262 266; Burchell 1978 *SALJ* 203; Laufs and Uhlenbruck 364 760; Leenen 241.

238 4 7 7, 6 2 6 2, 7 7, 7 8 and 8 3 1 1; cf 7 6 2, 8 8 2, 10 3 7 and 19 2 6; cf § I 9 of the Helsinki Declaration, which provides that "[the patient] should be informed that he or she is . . . free to withdraw his or her consent to participation at any time".

7 PARTIES INVOLVED

Finally, the *Guidelines* express the view that investigators are responsible for procuring the research subject's informed consent, but add that it may sometimes be appropriate to appoint "a special informed person to act as an independent source of information and advice".[239] The services of witnesses may also be obtained, especially with elderly research subjects and research subjects who are capable of consenting but who have intellectual or cultural difficulties in understanding or speech.[240]

8 CONCLUSION

It is clear from the aforegoing that consent and information are fundamental to and essential for lawful and ethical medical research. Since medical research impacts most directly on the research subject's rights and freedoms, this is how it should be. And since the potential benefit of therapeutic research for the research subject may be seen as some form of compensation for the latter's participation in the research project, and the potential for abuse in medical research, particularly in instances of non-therapeutic research, can hardly be denied, the distinction between therapeutic and non-therapeutic research has a role to play in ensuring and protecting the research subject's personal autonomy. What is less than clear, however, are the detailed rules of informed consent in medical research, which are often as controversial as they are inconsistent, vacillating as they do between concern for and emphasis on individual autonomy, the research subject's best interest, the interests of society and the advancement of science. With the revision of both the Declaration of Helsinki and the MRC's *Guidelines* under way, one hopes that the medical profession will succeed in ironing out the most pressing problems in, and removing the most glaring anomalies from, the current versions' provisions on informed consent to medical research. Clearer and more consistent guidelines on informed consent in the aforementioned codes of conduct will not only render the task of medical researchers an easier one, but will also assist, as a manifestation of the mores of the medical profession, in shaping the law of informed consent in medical research.

BUTTERWORTHS-PRYS 1999

Die Butterworths-prys vir die beste eerstelingbydrae is toegeken aan E Bonthuys *vir haar artikel "Familiar discourses of parenthood".*

239 8 3 1 and 8 3 1 4; cf, however, Burchell 1978 *SALJ* 204, who rejects the proposition that the best person to procure the research subject's informed consent is an independent investigator, because "the mere fact of his objectivity, desirable as it may be, could mean that the quality of his information concerning the investgation is imperfect"; Furrow, Greany, Johnson, Jost and Schwartz 1205.

240 8 3 1 and 8 1 3 5.

Ontwikkeling: 'n "reg" daarop as moontlike aandrywing vir die Afrika-*renaissance*?*

Margaret Beukes
BA LLD
*Mede-professor, Universiteit van Suid-Afrika***

> "Our country is going through a revolution. It is experiencing a national renaissance. . . . we are charged with the responsibility of safeguarding an accelerated as well as sustainable social, economic and cultural renaissance . . ." (Thabo Mbeki, 1995)

SUMMARY

Development: a "right" to development to drive the African *renaissance*?

This contribution contains some thoughts on the question of development as a possible stimulus for an African *renaissance*. Among the difficulties facing any renascence of the African continent are the contradictions of globalisation. Although the process of globalisation moulds interaction between people and countries across borders, it has a highly destabilising side as well. Under discussion as well is the extremely nuanced nature of the concept of "development". The purpose of the Constitution of the Republic of South Africa 1996 was the creation of a democratic socio-political order. The Constitution is a value-laden document and the question is posed whether the values inscribed in the Constitution can act as an instrument for development towards social justice and security for the people of South Africa. These thoughts lead as a matter of course to a discussion of the question whether one should not argue that a separate (independent) right to development is indispensable for the notion of development. The position in international law provides the backdrop for the answer to the question. Although one finds a reference to the right to development in the South African bill of rights (as a corollary to environmental rights) the conclusion is nevertheless that a separate right to development is uncalled for and that development as such should be subsumed under the traditionally known fundamental rights.

1 KONTEKS: DIE TEENSTRYDIGHEDE VAN GLOBALISERING EN DIE IMPAK OP MENSLIKE ONTWIKKELING

> "The real wealth of a nation is its people. And the purpose of development is to create an enabling environment for people to enjoy long, healthy and creative lives. This simple but powerful truth is too often forgotten in the pursuit of material and financial wealth."

Met dié enigsins idealistiese gedagte het die Verenigde Nasies sy heel eerste *Human development report* tien jaar gelede ingelui.[1] Hierdie opmerking behoort beoordeel te word teen die dramatiese veranderinge op feitlik alle lewensterreine wat die laaste dekade van die twintigste eeu kenmerk. Op die geo-politieke terrein byvoorbeeld het

---

* Finansiële hulp by wyse van 'n toekenning uit Unisa-navorsingsfondse (wat oa 'n besoek aan die *Van Vollenhoven Institute for Law and Administration in Non-Western Countries* van die Universiteit van Leiden en die Londense Universiteit se *Institute for Advanced Legal Studies* moontlik gemaak het) word met dank erken.

** Departement Staats- en Volkereg. E-pos: beukem@unisa.ac.za

1 *Human Development Report* (1990) 1.

die "demokratiese revolusies"[2] in sentraal- en oos-Europa gelei tot die ineenstorting van kommunistiese/marxistiese regeringstelsels en die vestiging van demokrasie. Volgens Klare het sodanige postkommunistiese demokrasieë 'n duidelike "institusionele struktuur" bestaande uit vier basiese komponente: verteenwoordigende politieke instellings, vrye markte en fundamentele regte waarborge, wat op hulle beurt almal gegrondves is op die outonome heerskappy van die reg ("rule of law").[3] Demokratiese revolusies was ook aan die orde van die dag in Latyns-Amerika, Asië en Afrika.[4] Trouens, daar is al gesê dat demokrasie of 'n proses van demokratisering die sentrale element is in die poging om die nuwe politieke orde te bevestig en te regverdig.[5] Maar demokrasie is nog altyd 'n kontensieuse begrip en kontroversie ontstaan veral rondom die vraag of daar 'n natuurlike verband is tussen demokrasie en menslike ontwikkeling. Die vraag word dus gestel of demokrasie 'n onontbeerlike voorwaarde vir ontwikkeling is of "do the causal processes run the other way?"[6] Die kontroversie word op die spits gedryf deur die argument dat die demokratiseringsproses deur ekonomiese markkragte gedryf word, dus deur kapitalistiese vryemarkbeginsels:

> "[W]e are not dealing here with an abstract or broad concept of democracy but rather a particular type of democracy which facilitates rather than challenges the machinery of domination of the new world order, with the latter based on the free market and global economic integration."[7]

Hierdie globalisering is nie net beperk tot 'n internasionalisering en integrering van die ekonomie nie, maar ook van die tegnologie (insluitende inligtingstegnologie), kultuur en (staats)bestuur en regering ("governance").[8] Die globaliseringsproses fatsoeneer toenemend die interaksie tussen lande en mense oor nasionale grense heen. In dié opsig is globalisering positief, vernuwend en dinamies. Maar hierdie proses het ook 'n skadukant – negatiewe, ontwrigtende en marginaliserende aspekte wat hulself manifesteer in toenemend gefragmenteerde produksieprosesse, arbeidsmarkte, politieke entiteite en gemeenskappe.[9] Van hierdie negatiewe implikasies van globalisering skryf Rosemary Coombe as volg:

---

2 Klare "Legal theory and democratic reconstruction: reflections on 1989" 1991 *University of British Columbia Rev* 69.

3 Klare (vn 2) 70.

4 Potter "The democratization of third world states" in Allen en Thomas *Poverty and development in the 1990s* (1992) 273–290.

5 Bartolomei "The globalization process of human rights in Latin America versus economic, social an(d) (sic) cultural diversity" 1997 *Int J of Legal Information* 156 158. Ook Slinn "Guest editor's introduction: law, accountability and development" 1992 *Third world legal studies* ix x en 1999 *Human Development Report* 9 30 ev. Sien ook Chua "Markets democracy, and ethnicity: toward a new paradigm for law and development" 1998 *Yale LJ* 1 9–10 vn 28.

6 Leftwich (red) *Democracy and development* (1996) 5. Die betrokke publikasie word juis grootliks gewy aan die verwikkelde verhouding tussen demokrasie en ontwikkeling. Sien ook Barsh "Democratisation and development" 1992 *HRQ* 120 en die bronne deur hom aangehaal. Asook Roederer "'Living well is the best revenge' – if one can: an invitation to the creation of justice off the beaten path: a review of James McAdams (ed) *Transitional justice and the rule of law in new democracies*" 1999 *SAJHR* 75 veral 77 vn 5.

7 Bartolomei (vn 5) 158.

8 (Staats)bestuur en regering ("governance") tel onder die aspekte van 'n demokratiseringsproses. Ook regering ("governance") is 'n betwiste begrip. Die Wêreldbank bv omskryf "governance" as "the manner in which power is exercised in the management of a country's economic and social resources for development" *Governance and development* (1992) 1.

9 Oor die negatiewe en positiewe aspekte van die globaliseringsproses sien veral "Human development in this age of globalization" in *Human Development Report 1999* (1999) 25–56.

> "The global restructuring of capital and the intensified flows of capital, goods, imagery, people, and ideas has shaken the authority of nation states, cast cultural differences into sharp relief, and undermined the capacity of governments to deal with social welfare concerns ... Globalisation *takes place* [haar beklemtoning]: it is a process with spatial co-ordinates that links and relates particular places through flows of people, information, capital, goods and services ... globalisation has effectively marginalised and excluded millions of people."[10]

Hierdie marginalisering en uitsluiting van mense word geopenbaar in 'n skeiding tussen 'n kerngroep van professionele persone "who are 'hooked up' to the global corporate economy" en 'n etniese en kulturele diverse buitekant/rand/marge van persone vir wie dit al hoe moeiliker en selfs onmoontlik word om polities en op ander wyses te organiseer ten einde die kern waarvan hulle "limited forms of security" afhanklik is, te beïnvloed.[11] Ook in interstaatlike verhoudings word dieselfde marginalisering teëgekom en wel in die "noord-suid skeiding"; in die kloof tussen die ontwikkelde, geïndustrialiseerde lande en die ontwikkelende lande (tradisioneel bekend as die sg derdewêreldlande) wat die afgelope dekade steeds dieper geword het.[12]

Maar die vraag is: Wat moet onder (menslike) ontwikkeling teen hierdie agtergrond verstaan word?

2 DIE GENUANSEERDHEID VAN DIE BEGRIP "ONTWIKKELING"

Soos alle begrippe met 'n normatiewe, waardegelade komponent is dit moeilik om aan die begrip "ontwikkeling" inhoud te verskaf – dit beteken verskillende dinge vir verskillende mense en die konteks waarin die begrip "ontwikkeling" gebruik word, beïnvloed die betekenis daarvan en die benadering daartoe wesenlik. Die problematiek rondom die begrip word besonder raak saamgevat in die volgende stelling: "[B]ecause of the diversity of actors and cultural differences in the development process, development is a complex and, in many ways, an ambiguous term."[13] In die sielkunde is die gedagte van die ontwikkeling van die persoonlikheid (dus individuele ontwikkeling) dié grondbegrip. Jung, die Switserse psigo-analis, lig die

---

10 "The cultural life of things: anthropological approaches to law and society in conditions of globalisation" 1995 *Am Univ J of Int L and P* 791 796. Vir Coombe is "global capitalrestructuring" ten beste 'n ondeursigtige ("opaque") frase wat poog om 'n veelheid van fenomene in te sluit, fenomene soos die opkoms van 'n wêreldwye onderling verbinde ekonomie, die verspreiding van fabrieksprodusering na aanhoudende verskuiwende gebiede in die wêreld (grootliks vanaf eerste- na derdewêreld-gebiede), die vermenigvuldiging van uitvoerprosesseringsgebiede in state met groot skuldelaste wat onder druk is van beide die Wêreldbank en die IMF, die toenemende "vervrouliking" ("feminisation") van die wêreld se vervaardigingsarbeidsmark, nuwe migrasiepatrone en die ontwikkeling van 'n wêreldwye netwerk van fabrieke, dienspunte ens. Boonop word hierdie prosesse bestuur vanuit toenemend minder plekke – die stede wat die vloei van arbeid, goedere, inligting en kapitaal wat die "ekonomie" genoem word, domineer (797–801).

11 *Idem* 803. Sien ook Bartolomei (vn 5) 158 ev. Mary Robinson, die VN kommissaris vir menseregte plaas hierdie werklikheid van globalisering in reliëf: "We still have widespread discrimination on the basis of gender, ethnicity, religious belief or sexual orientation and there is still genocide – twice in this decade alone. There are 48 countries with more than one fifth of the population living in what we have grown used to calling 'absolute poverty'". *The Times* 1997-11-06.

12 Sien *infra* meer hieroor by die bespreking van die betekenis van die begrip "ontwikkeling".

13 Nanda "The right to development: an appraisal" in Nanda *et al* (reds) *World debt and the human condition: structural adjustment and the right to development* (1993) 41 47.

grondbegrip soos volg toe: "The achievement of personality means nothing less than the optimum development of the whole individual human being" en verder: "Personality is the supreme realization of the innate idiosyncracy of a living being."[14] Dit is egter sy kwalifisering van die ontwikkeling van die persoonlikheid, naamlik: "Personality as the complete realization of our whole being, is an unattainable ideal. But unattainability is no argument against the ideals, for ideals are only signposts, never the goal",[15] wat moontlik dié belangrikste insig is vir die ondersoek na ontwikkeling.

Hoeseer die psigiese welsyn en behoeftes van die mens vir die ontwikkeling van sy/haar persoonlikheid belangrik is, is sy/haar fisiese behoeftes en welsyn noodsaaklik vir oorlewing. Dit is in hierdie konteks dat 'n magdom omskrywings van en teorieë oor ontwikkeling, veral op die terrein van die ekonomie, teëgekom word. Ontwikkeling word byvoorbeeld in die "hoofstroomekonomie" gelykgestel aan ekonomiese groei, dus basiese materiële welstand.[16]

Een van die punte van kritiek teen die beskouing van ontwikkeling as ekonomiese groei is dat dit so 'n eendimensionele siening van ontwikkeling is. Die praktyk het byvoorbeeld getoon dat ekonomiese groei nie outomaties lei tot 'n algemene verhoging in individuele lewenstandaard nie. Deur slegs op ekonomiese groei te konsentreer, word 'n normatief/etiese moment in ontwikkeling negeer. Ontwikkeling is oneindig meer kompleks as net ekonomiese groei. Hierdie basiese feit word juis bewys deur die beskrewe proses van globalisering met al hoe meer mense op die marge, ten spyte van ekonomiese groei. Selfs 'n breër benadering tot die ekonomie (onder die vaandel van die ontwikkelingsekonomie waardeur ekonomiese ontwikkeling in samehang met veral politieke faktore beoordeel word), plaas steeds te veel klem op ekonomiese groei en ekonomiese produktiwiteit ten koste van die mens.[17] Haq (die ontwerper van die *Human Development Report*) artikuleer hierdie waarheid gepas:

> "In country after country, economic growth is being accompanied by rising disparaties, in personal as well as in regional incomes. In country after country, the masses are complaining that development has not touched their ordinary lives. Very

---

14 "The development of personality" *Collected works 17* in Storr *Jung: selected writings* (1983) 191. In *Memories, dreams, reflections* (1974) skryf hy: "I have frequently seen people become neurotic when they content themselves with inadequate or wrong answers to the questions of life. They seek position, marriage, reputation, outward success or money, and remain unhappy and neurotic even when they have attained what they were seeking. Such people are usually confined within too narrow a spiritual horizon. Their life has not suffient content, sufficient meaning. If they are enabled to develop into more spacious personalities, the neurosis generally disappears. For that reason the ideal of development was always of the highest importance to me." (162). Terloops, dat juis Jung se siening van die ontwikkeling van die persoonlikheid gekies is, is miskien ironies. In Masson se *Against therapy* (1988) wat 'n skerp aanval teen psigiatrie en psigiaters is, word in "Jung among the Nazis" 134 ev 'n baie bleek prentjie van Jung as psigiater geskets. Nietemin, vir die nodige konteks vir die begrip van ontwikkeling is Jung se verduideliking steeds geldig.

15 *Collected works* (vn 21) 196.

16 Ekonomiese welstand word gesien as 'n verhoging in welvarendheid wat gemeet word dmv standaardmaatstawwe soos die bruto nasionale produk (BNP) en bruto huishoudelike produk (BHP). Sien Thomas en Potter "Development, capitalism and the nation state" in Allen en Thomas (vn 4) 116 117–118.

17 Sien in die algemeen vir 'n oorsig van hierdie denkrigting Meier (red) *From classical economics to development economics* (1994) veral sy eie bydrae "From colonial economics to development economics" 173 en ook Reynolds "Government and economic growth" 226.

> often, economic growth has meant very little social justice. It has been accompanied by rising unemployment, worsening social services and increasing absolute and relative poverty."[18]

In reaksie op hierdie werklikheid[19] (die onvermoë van ekonomiese groei om die armoede in ontwikkelende lande te lenig) sien die laat sewentigerjare 'n klemverskuiwing ten aansien van ontwikkeling by ekonome wat getipeer kan word as "menslike-behoeftesgerigte ontwikkeling" of soos Haq dit beskryf "need-oriented strategies".[20] Oorvereenvoudig, kom die basiese behoeftes strategie/benadering daarop neer dat ontwikkeling fokus op die noodsaaklikheid om te verseker dat elkeen in 'n bepaalde samelewing toegang het tot voldoende basiese benodigdhede en dienste ten einde 'n lewenstandaard bo 'n basiese minimum te handhaaf.[21] 'n Weerklank van hierdie benadering word ook gevind in die internasionale verdrag oor ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte ("International Covenant on Eeonomie, Social and Cultural Rights" (ICESCR)) wat deel uitmaak van die "internasionale menseregte-akte".[22] Wat belangrik is ten aansien van dié klemverskuiwing is dat prominensie aan die mens-in-ontwikkeling verleen word – "the ultimate objective of development must be to bring about sustained improvement in the well-being of the individual and bestow benefits to all".[23]

---

18 *The poverty curtain: choices for the third world* (1976) 24.

19 Haq se stelling moet beskou word in die geopolitieke, ideologiese en ekonomiese konteks van die vestiging van 'n nuwe wêreldorde ná die Tweede Wêreldoorlog, nl die kapitalistiese "eerste wêreld", die sosialistiesc (kommunistiese) "tweede wêreld", (ontwikkelde lande) en die "derdewêreld" – die sg onverbonde oftewel ontwikkelende lande. Hedendaags word die begrippe "noord" en "suid" geredeliker gebruik as die "ontwikkelde" en "ontwikkelende" lande. Dus het die verwysing na die noord-suid skeiding en botsing grootliks die tradisionele onderskeid tussen die sg eerste wêreld en derde wêrcld vervang. Sien hieroor McGrew "The third world in the new global order" in Allen en Thomas (vn 4) 255 ev vir 'n bespreking van die "end of the third world" agv die beëindiging van die koue oorlog in 1990 en die impak van globalisering. Ginther "The domestic policy function of a right of peoples to development: popular participation a new hope for development and a challenge for the discipline" in Chowdhury, Denters en De Waart (reds) *The right to development in international law* (1992) 61 wys daarop dat geargumenteer is dat die oorbrugging van die gapende kloof tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande in die sestigerjare beskou is as 'n ekonomiese aangeleentheid "of transfer of financial and technical resources from North to South". Ontwikkeling is dus gelykgestel met ekonomiese groei (62). Die redenasie word ook gereflekteer in die aanname van 'n VN-resolusie wat die dekade sestig tot eerste *UN Decade of Development* verklaar het. VN Res A/1710 (XVI) en A/1715 (XVI), 1961-12-19. Worsley "How many worlds?" 1979 *Third World Quarterly* 100 beskryf die oorspronklike kenmerk(e) van die "derde wêreld" as volg: "What the Third World was, then, is clear: it was the non-aligned world. It was also a world of poor countries. Their poverty was the outcome of a more fundamental identity: that they had all been colonised" (102).

20 (Vn 18) 68 ev.

21 Vir 'n volledige uiteensetting van die basiese behoeftes-benadering tot ekonomiese groei sien die ILO-publikasie *Employment, growth and basic needs, a one-world problem* (1976). Ook Streeten *et al First things first: meeting basic needs in developing countries* (1981) 3–45. Dit is onduidelik oor presies wat basiese behoeftes is, maar dit is nietemin moontlik om die wesentlikes onder hulle te identifiseer: voedsel, water, gesondheidsdienste, onderwys en beskutting. Die ooreenkoms met sosio-ekonomiesc regte is van meer as verbygaande belang.

22 (1966). Saam met die "Universal Declaration of Human Rights" ("UDHR") van 1948 en die International Covenant on Civil and Political Rights" van 1966 ("ICCPR"). Die basiese behoeftes wat in die ICESCR geïdentifiseer is, sluit in voedsel, beskutting en onderwys.

23 Par 7 van die VN *International Strategy for Development* (VN Res 2626 (XXV). 1970-12-24) waardeur die sewentigerjare as tweede internasionale ontwikkclingsdekade verklaar is. In die

vervolg op volgende bladsy

Inderdaad kan geargumenteer word dat dié benadering 'n brug is na volledige mensgerigte ontwikkeling ("people-centred development").[24] Die fundamentele doel van mensgerigte ontwikkeling word omskryf as 'n proses om die omvang van die mens se keuses te verbreed – hoewel

> "[i]n principle, these choices can be infinite and can change over time. But at all levels of development, the three essential ones are for people to lead a long and healthy life, to acquire knowledge and to have access to the resources needed for a decent standard of living. If these essential choices are not available, many other opportunities remain inaccessible".[25]

Drie noodsaaklike voorwaardes staan egter sentraal tot die gedagte van mensgerigte ontwikkeling: gelyke geleenthede vir alle mense van 'n gemeenskap, volhoubaarheid van sodanige geleenthede van een geslag tot die volgende en veral bemagtiging van die mense sodat hulle deelneem aan en voordeel trek uit die proses van ontwikkeling.[26]

Dus is die begrip "ontwikkeling" veel meer uitgebreid en hou dit veel meer in as óf die grondgedagte van die sielkunde (die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid) óf teorieë oor en benaderings tot ekonomiese ontwikkeling (oa die voldoening aan die mens se fisieke behoeftes). Dié gedagte word erken in die volgende uitgebreide omskrywing van ontwikkeling:

> "[D]evelopment is a comprehensive economic, social, cultural and political process, which aims at the constant improvement of the well-being of the entire population and of all individuals on the basis of their active, free and meaningful participation in development and in the fair distribution of benefits resulting therefrom . . ."[27]

3 SUID-AFRIKA: DEMOKRATISERING EN DIE WEKROEP TOT 'N *RENAISSANCE*

Suid-Afrika staan nie langer geïsoleerd van al die verwikkelinge nie. Trouens, ná Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing en daarstelling van 'n demokratiese regering in 1994 kan gesê word dat die land dieselfde demokratiese revolusie ondergaan het as die lande van oos- en sentraal-Europa, Latyns-Amerika, Asië en sekere Afrikastate.[28] Die nalatenskap van apartheid intensiveer egter die probleme

---

sewentigerjare het die VN ook, bedag op die ekonomiese probleme van die ontwikkelende lande, die *Declaration on the Establishment of a New International Economic Order* (Res 3201 (S-VI), 1974-05-01), die *Programme of Action on the Establishment of a New International Economic Order* (Res 3202 (S-VI), 1974-05-01) en die *Charter of Economic Rights and Duties of States* (Res A 3281 (XXIX)) aangeneem.

24 Sien oa Ginther "The domestic policy function of a right of peoples to development: popular participation a new hope for development and a challenge for the discipline" in Chowdhury *et al The right to development in international law* (1992) 60 73 ev. Ook Owen en Sampson "The role of the African voluntary development organization within a new development paradigm" *Latitudes – African Voluntary Development Organizations* (1999) 2 ev.

25 *Human Development Report 1995* 1 11 ev. In die verslag word bygevoeg: "[H]uman development thus has two sides. One is the formation of human capabilities – such as improved health, knowledge and skills. The other is the use people make of their acquired capabilities – for productive purposes, for leisure or for being active in cultural, social and political affairs. If the scales of human development do not finely balance the two sides, much human frustration can result" (*ibid*).

26 (Vn 25) 1.

27 "Voorrede" tot die VN *Declaration on the Right to Development* aangeneem op 1986-12-04. UN GA Res 41/128.

28 Oor die Suid-Afrikaanse demokratiseringsproses is al volumes geskryf. Sien daaroor oa Van Wyk "Introduction to the South African Constitution" in Van Wyk *et al Rights and constitutionalism:*

vervolg op volgende bladsy

geassosieer met globalisering. Die diverse buitekant of marge van persone op wie globalisering 'n negatiewe impak het of selfs geen impak het nie, is besonder wyd. Dié waarheid word in skerp reliëf geplaas wanneer die 1999 *Human Development Report* bestudeer word. Volgens die verslag beklee Suid-Afrika wat menslike ontwikkeling betref die 101ste plek (uit 174 lande).[29] Dié statistiek vertaal in 'n beklaenswaardige gebrek aan menslike ontwikkeling in die land. Daarbenewens plaas die verspreiding van VIGS 'n haas ondraagbare las op die Suid-Afrikaanse regering, gemeenskap en huishouding op die sosio-ekonomiese terrein en hou dit 'n gevaar in vir die nuwe demokrasie.[30]

President Thabo Mbeki se wekroep vir die oplossing van die veelvuldige probleme wat die Suid-Afrikaanse samelewing (trouens die hele Afrikakontinent) konfronteer, is 'n Afrika-*renaissance*.[31] Presies wat onder hierdie *renaissance*

---

the new South African legal order (1994) 131–171 en die bronne daarin aangehaal. Vir 'n beoordeling van die proses uit die hoek van die politieke wetenskap, sien Giliomee "Democratization in South Africa" 1995 *Pol Sci Q* 83. Vir die demokratiseringstendense in die res van Afrika sien Kwakwa "Governance, development and population displacement in Africa: a call for action" 1995 *African Yearbook of Int Law* 17 21 ev. Ook Quashigah "Protection of human rights in the changing international scene: prospects in sub-saharan Africa" 1994 *RADIC* 93 99 ev.

29 *Human Development Report 1999* (vn 3). Ten einde menslike ontwikkeling te monitor, is 'n sg "human development index (HDI)" ontwikkel wat "achievements in the most basic human capabilities – leading a long life, being knowledgeable and enjoying a decent standard of living" reflekteer (127). Kortom, "[t]he HDI measures the overall achievements in a country in three basic dimensions of human development – longevity, knowledge and a decent standard of living. It is measured by life expectancy, educational attainment (adult literacy and combined primary, secondary and tertiary enrolment) and adjusted income" (*Human Development Report 1998* 15). Saam met die "HDI" word sedert 1997 'n "human poverty index (HPI)" wat armoede in beide geïndustrialiseerde en ontwikkelende lande meet, gepubliseer. Van die "HPI" word gesê: "[It] is a multidimensional measure of poverty. It brings together in one composite index the deprivation in four basic dimensions of human life – a long and healthy life, knowledge, economic provisioning and social inclusion" (*Human Development Report 1999* 130). Die veranderlikes wat gebruik word om die verwaarlosing ("deprivation") in ontwikkelende lande (aangedui as "HPI-1") te bepaal, is: die persentasie mense wat 'n lewensverwagting van minder as 40 jaar het; die persentasie ongeletterde volwassenes asook die persentasie mense sonder toegang tot gesondheidsdienste en veilige water én die persentasie ondergewig kinders onder die ouderdom van vyf jaar (*ibid*). Vir ontwikkelende lande lei die afwesigheid van 'n "suitable indicator and lack of data" daartoe dat die indeks nie verwaarlosing in "social inclusion" (dit is langtermyn werkloosheid) kan reflekteer nie (*ibid*). Die verskil tussen HDI en HPI word as volg beskryf: "The HDI measures progress in a community or country as a whole. The HPI measures the extent of deprivation, the proportion of people in the community who are left out of progress" (*Human Development Report 1998* 25). Sien hieroor Ersson en Lane "Democracy and development: a statistical exploration" in Leftwich (vn 6) 45 55–57. Ook Sen "Assessing human development" wat van mening is dat die "HDI" 'n meer sinvolle alternatiewe vorm van die kru bruto nasionale produk (BNP) is (*Human Development Report 1999* 23).

30 *Human Development Report 1999* (vn 3) 20. 1 Desember is jaarliks wêreldvigsdag. Volgens statistiek het 150,000 mense vanjaar in SA aan vigs gesterf en minstens 160,000 is met die HI-virus besmet. Teen 2008 kan die lewensverwagting van mense in SA van 60 jaar tot onder 40 jaar verlaag het. Sien bv "Vigs se ergste nog op pad" *Beeld* 1999-12-01.

31 In *Africa – the time has come* (1998) ('n bloemlesing van 42 van die president se toesprake) is die Afrika-*renaissance* die *leitmotiv* vir die groot verskeidenheid temas wat in die toesprake aangespreek word. Sy wekroep eggo die wense en versugtinge van die grondlegger van die ANC, Pixley ka Isaka Seme. Seme het oa, terwyl hy 'n student aan die Universiteit van Columbia in die VSA was, die George William Curtis-medalje ('n toekenning vir redeneerkuns) in 1906 verwerf met die onderwerp van sy toespraak: "The regeneration of Africa". Vir die teks van hierdie toespraak sien *Seme* by http://www.anc.org.za/ancdocs/history/people/seme.htm

verstaan moet word, lewer sy kwota probleme. Afhangende van die graad van sinisme kan óf gesê word dat dit bloot politieke retoriek is (om die aandag af te lei van al die probleme van veral sub-Sahara Afrika)[32] óf dat dit 'n verbintenis is tot die ontwikkeling, heroplewing en regenerasie van die land en kontinent op alle lewensterreine – nie net ekonomies nie, maar ook maatskaplik, polities en kultureel.[33] Wat ook al die stand van menings gehuldig oor die betekenis en sin van 'n *renaissance* van/vir Afrika, is dit nogtans ongewens om juis as gevolg hiervan die idee van 'n Afrika-*renaissance* nie met erns te bejeën nie. In wese is enige *renaissance* heropbloei, herstel en weeroplewing. Kortom, geen ontwikkeling en vooruitgang, geen *renaissance*.

Die vraag wat daarom krities betrag moet word is, is die volgende: As 'n heroplewing (*renaissance*) in groot mate sinoniem met ontwikkeling en vooruitgang is, behoort 'n reg op ontwikkeling nie daarom dié dryfkrag vir en aandrywing van 'n Afrika-*renaissance* te wees nie? Die Grondwet van Suid-Afrika[34] word noodwendig as invalshoek gebruik. Op stuk van sake is die aanname, sertifisering en inwerkingtreding van die 1996-Grondwet die einddoel van die proses om 'n demokratiese sosio-politieke orde in Suid-Afrika tot stand te bring. Staatsregtelik

---

32 Sien bv Parmanand "The African renaissance, morality and law: messianic manna or political pipe-dream?" lesing gelewer by die SA kongres van regsdosente: *African renaissance and the teaching of law* (1999). Ook Egan "Fear and philosophising in SA" *Mail and Guardian* 1999-03-12 wat geskryf het: "But some might argue that such a project could simply be a 'front': a comfortable and comforting discourse to plaster over socioeconomic cracks; a way of bolstering the interests of a 'patriotic bourgeoisie', a new ruling elite whose only difference from the former is that they are black."

33 Dat die heropbloei van Afrika 'n wydlopige en holistiese proses moet wees, blyk veral uit die Chantilly-toespraak gelewer in die VSA in April 1997. Onder die titel "Africa's time has come" gepubliseer in *Africa* (vn 16) 200 ev maak Mbeki gewag van die *renaissance* op politieke gebied. Dit vereis die vestiging van werklike en stabiele demokrasieë met die gepaardgaande uitroei van korrupsie en die aandrang op die gedagte van deursigtigheid en toerekenbaarheid. Op die ekonomiese gebied moet Afrika 'n proses van ekonomiese hervorming in die werk stel ten einde buitelandse beleggings te lok. Op die maatskaplike terrein vra die mense van Afrika 'n "beter lewe" – die voldoening aan die mens se basiese behoeftes (werk, maatskaplike hulp, opvoeding, gesondheid en boweal die verligting van armoede). "We should no longer allow the situation where the world records growth and development, and Africa communicates a message of regression and further underdevelopment" (204). Egan (vn 17) stel die positiewe aspekte van die Afrika-*renaissance* as volg saam: "[I]nevitably this means both building greater self-esteem among all Africans (black and white) and restoring the values of liberty, community and democracy." Sien ook Qwelane "Will the sleeping giant that is Africa ever awaken?" *Sunday Times* 1999-11-28. Dit is interessant om daarop te let dat koerantberigte, simposia en konferensies gewy aan die een of ander aspek van die Afrika-*renaissance* vanaf vroeg in 1994 tot hede ± 1,500 optekeninge beloop (inligting verkry van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein – 1999-09-27).

34 108 van 1996. Die (finale) Grondwet het op 1997-01-24 in werking getree (Prok R6/1997 in *RK* 17737 1997-01-24). Sien Chaskalson en Davis "Constitutionalism, the rule of law, and the first certification judgment: *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly In Re: Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996* 1996 4 SA 744 (CC)" 1998 *SAJHR* 430 vir 'n bespreking van die konstitusionele proses aan die hand van die *First Certification*-saak. (In die artikel verskyn ook 'n bibliografie van inligting oor die geskiedenis van die grondwetlike transformasieproses.) Slegs die Engelse teks van die Grondwet is formeel deur die grondwetgewende vergadering aanvaar. Die gevolg is dat net die Engelse teks van die Grondwet die gesaghebbende weergawe van die Grondwet van Suid-Afrika is. Botha *Wetsuitleg: 'n inleiding vir studente* (1997) 87. In hierdie artikel word die nie-amptelike vertaling wat deur die grondwetgewende vergadering aangevra en goedgekeur is, gebruik.

het die 1996-Grondwet Suid-Afrika omvorm tot 'n ware grondwetlike staat oftewel (materiële) regstaat.[35]

Hoe akkommodeer die Grondwet egter ontwikkeling? Vrae wat in die verband na vore tree. is die volgende:

- Is daar enige ontwikkelingsdoelwitte in die Grondwet "ingebou"? Anders gestel, kan daar geargumenteer word dat 'n noodsaaklike voorwaarde vir die vergestalting van die waardes ingebed in die Grondwet ontwikkeling is?
- Lê die Grondwet 'n plig op die regering om aktief betrokke te wees of te raak by ontwikkeling?
- Kan uit die Grondwet 'n reg op ontwikkeling afgelei word? Trouens, hoef daar sprake te wees van 'n reg op ontwikkeling?

4 ONTWIKKELING EN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

4 1 Waardes beliggaam in die Grondwet as instrument vir ontwikkeling en positiewe pligte op die staat

Kenmerkend van enige regstaat is dat dit gestut word deur fundamentele waardes (dit is ook moontlik om hierdie waardes as die ideale te beskryf waartoe die politieke gemeenskap homself/haarself verbind het) en 'n inherente gebondenheid van die staatsgesag aan hierdie waardes.[36] Hierdie waardegelade bepalings dien terselfdertyd as "guiding principles for the state's self-realisation and the promotion of the common weal of its people".[37] Noodwendig beteken dit ook dat by die uitleg van die Grondwet enige hof en ander interpreteerder van die Grondwet nooit meer neutraal kan wees nie – waarde-oordele moet gemaak word (dus 'n doeldienende benadering tot die Grondwet).[38] Die waardes wat in die 1996-Grondwet ingeskryf is, vind hulle samehang en bestaansreg in "die ongeregtighede van ons verlede" soos dit eufemisties in die voorrede gestel word, asook die aanvaarding van erkende internasionale regsnorme.[39] Dit is waardes wat weliswaar op die oog af diametraal

---

35 Wiechers "Grondslae van die moderne *Rechtsstaat*/foundations of the modern *Rechtsstaat*" 1998 *THRHR* 624 630 wys daarop dat dit nie uitdruklik in die 1996-Grondwet gestel word nie. Sien ook CJ Botha *Waarde-aktiverende grondwetuitleg: vergestalting van die materiële regstaat* ongepubliseerde LLD-proefskrif Unisa (1997) 48–52 vir die onderskeiding tussen die formele en die materiële regstaat.

36 Sien H Botha "The values and principles underlying the 1993 Constitution" 1994 *SAPR/L* 233. Ook CJ Botha "Maatskaplike geregtigheid, die 'animering' van fundamentele grondwetlike waardes en regterlike aktivisme: 'n nuwe paradigma vir grondwetuitleg" in Carpenter (red) *Suprema lex: Essays on the Constitution presented to/opstelle oor die Grondwet aangebied aan Marinus Wiechers* (1998) 57 59.

37 Wiechers (vn 35) 625.

38 Ferreira "Grondwetlike waardes en sosio-ekonomiese regte met verwysing na die reg op 'n skoon en gesonde omgewing" 1999 *TSAR* 285 en die bronne deur hom aangehaal. Ook CJ Botha (vn 36). Ook Liebenberg "Socio-economic rights" in Chaskalson *et al Constitutional law for South Africa* (1998) 41 met verwysing na 'n "purposive approach" 14–12.

39 Oa die internasionale menseregte-akte. Sedert Suid-Afrika se "hertoetrede" tot die wêreldgemeenskap het die land van die belangrikste internasionale menseregte-instrumente ratifiseer, oa die *International Covenant on Civil and Political rights (ICCPR), International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination, Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide, Convention on the Rights of the Child, Convention on the Elimination of all Forms of Discrimination Against Women (CEDAW), Convention Against*

vervolg op volgende bladsy

in opposisie tot mekaar staan (bv gelykheid teenoor vryheid, die individu teenoor die groep, beperkte regering teenoor meer uitgebreide regering, sentralisasie teenoor desentralisasie, ens) en dus potensieel tot konflik tussen dié kompeterende waardes kan lei.[40] Nietemin, as 'n "kollektief" is die waardes gerig op die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing tot 'n "oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid".[41] Dus dié waardes wat daarop gerig is om

> "[d]ie verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep; . . .
>
> [d]ie lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; . . ."[42]

Gegewe dat die *leitmotiv* van die Grondwet die heling van die ongeregtighede van die verlede is, is dit dan ook verstaanbaar dat die uitskakeling van alle vorms van benadeling in die Grondwet resoneer.[43] Die klem van die waardes beliggaam in die Grondwet val dus ten sterkste op die algemene welsyn van al die mense van Suid-Afrika, juis om "die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit". Dié aspekte wat aansluiting vind by die onmisbare voorwaardes vir mensgerigte ontwikkeling: gelyke geleenthede vir almal, volhoubaarheid van sodanige geleenthede en veral bemagtiging van die mense sodat hulle deelneem aan en voordeel trek uit die proses van ontwikkeling.

Die verbintenis tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing tot een waarin "menswaardigheid, gelykheid en vryheid" aan die orde van die dag is, verg 'n bepaalde "werkswyse/taktiek" (of soos Klare dit noem, 'n "transformative constitutionalism").[44] Hy bepleit in die verband 'n "postliberale" interpretasie van die Grondwet, omdat (so skryf hy) die Grondwet juis kenmerke besit wat skerp

---

Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment, Convention Relating to the Status of Refugees. Hoewel SA die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (ICESCR)* onderteken het, is die *ICESCR* nog nie geratifiseer nie. Vir 'n bespreking van die belang van die internasionale menseregte-akte in die besonder en volkereg in die algemeen vir die "nuwe" Suid-Afrika sien Dugard "Public international law" in Chaskalson *et al* (vn 38) 13–1–13–12.

40 H Botha (vn 36) 238–241. Ook Swanepoel "Dialectical tensions in the Constitution" in *Constitution and Law Seminar Report* (1997) 13–15.

41 A 1 (hfst 1 van die Grondwet, die "grondliggende bepalings") lui: "Die RSA is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes: (a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede. (b) Nie-rassigheid en nie-seksisme. (c) Die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg. (d) Algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering, om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker." Sien ook a 7(1) wat bepaal dat die handves van regte 'n hoeksteen van die demokrasie in SA is en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig. Ook a 36(1) (die beperkingsbepaling) wat oa bepaal dat enige reg in die handves slegs beperk kan word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Ook a 39(1)(a) (die uitlegbepaling) wat vereis dat die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, by die uitleg van die handves reg bevorder moet word.

42 Voorrede van die Grondwet.

43 Liebenberg "Socio-economic rights" in Chaskalson *et al* (vn 39) 41–12.

44 "Legal culture and transformative constitutionalism" 1998 *SAJHR* 146. Sien ook H Botha *The legitimacy of law and the politics of legitimacy: beyond a constitutional culture of justification* ongepubliseerde LLD-proefskrif UP (1998) 401 ev.

afwykings toon van 'n tradisioneel liberale grondwet. Die Grondwet is naamlik "*social, redistributive, caring, positive,* at least partly *horizontal, participatory, multicultural*, and *self-conscious* (sy beklemtoning) about its historical setting and transformative role and mission".[45] Die verbintenis tot transformasie is onder meer veranker in die uitdruklike erkenning van sosio-ekonomiese regte en kulturele regte[46] in die menseregte-akte, benewens die tradisionele politieke en burgerlike regte. Dié erkenning van "maatskaplike" regte is ten nouste verbind aan 'n "substantiewe opvatting van gelykheid".[47] 'n "Substantiewe opvatting van gelykheid" kom, oorvereenvoudig gestel, neer op gelyke geleenthede vir almal en is in die naskrif tot die Interimgrondwet beskryf as "'n toekoms wat gevestig is op die erkenning van . . . ontwikkelingsgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners, ongeag kleur, ras, klas, geloof of geslag". In die taal van ontwikkeling en globalisering kom dit dus neer op bemagtiging van mense op die marge. Klare verwoord sy insig in substantiewe ("herverdelende") gelykheid as volg:

> "The Constitution envisages equality across the existential space of the social world, not just within the legal process. Implicit is an understanding that foundational law is not and cannot be neutral with respect to the distribution of social and economic power and of opportunities for people to experience self-realization."[48]

Ten einde bestaansbeveiliging en bestaansekerheid, dit wil sê maatskaplike geregtigheid én menswaardigheid (én, kan 'n mens byvoeg, uiteindelik ontwikkeling) van die individu te realiseer, is dit eintlik vanselfsprekend dat die Grondwet op die staat positiewe of bevestigende ("affirmative") pligte lê:

> "These values [substantiewe menswaardigheid, gelykheid en vryheid] have a hollow ring when divorced from their economic and social context. Concern for the material and social context of human life is thus integral to the development of a jurisprudence that gives effect to the underlying purposes and values of the Constitution."[49]

Die Grondwet maak ook uitdruklik voorsiening vir positiewe onderneming. So lui artikel 2 byvoorbeeld: "Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en *die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word* (my beklemtoning)." Kortom, die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die staat as ondernemer èn voorsiener optree, en derhalwe dat die staat 'n aktiewe rol behoort te en moet speel in die transformasie van die gemeenskap deur byvoorbeeld toegang tot regte te verwesenlik. Dit verteenwoordig 'n wegbeweeg van die "tradisionele" opvatting oor regte; dat hulle slegs negatief afdwingbaar is daar die individu net beskerm word teen enige inbreukmaking op sy/haar regte eerder dat enige positiewe aanspraak op regte

---

45 153.

46 Bv aa 22 (vryheid van bedryf, beroep en professie), 23 (arbeidsverhoudinge), 24 (omgewing), 26 (behuising), 27 (gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid), 29 (onderwys), 30 (taal en kultuur) en 31 (kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe).

47 Klare skryf "By *substantive equality* I mean equality in lived, social and economic circumstances and opportunities needed to experience human self-realization." (vn 44) 154 vn 15. Sien ook Van der Vyver "Gelykberegtiging" 1998 *THRHR* 370 en H Botha (vn 44) 401ev met oa verwysing na a 9(2) (die regstellende-aksie-bepaling as kwalifikasie van gelykheid).

48 154.

49 Liebenberg (vn 43) 41–13. Ook Klare wat skryf: "It (die Grondwet) imposes positive or affirmative duties on the state to combat poverty and promote social welfare, to assist people in authentically exercising and enjoying their constitutional rights, and to facilitate and support individual self-realization" (154).

ter sprake is.[50] Pieterse skryf byvoorbeeld oor 'n positiewe plig van die staat (in die konteks van die reg op lewe as die mees fundamentele reg van alle regte) : "[I]t can be argued that the right, in order to be meaningful, should also compel a state to create and maintain circumstances in which the right may be exercised to its fullest capacity."[51] Dit kan aangevoer word dat die rol van die staat as ondernemer en bemagtiger verskillende vorme aanneem of in verskillende kategorieë verdeel kan word.[52] Terloops, dié betrokke aspek verdien 'n afsonderlike artikel waarin ondersoek ingestel word na die mate waarin die staat wel sy grondwetlike pligte nakom of nagekom het wat betref die omvorming van die Suid-Afrikaanse samelewing tot 'n "highly egalitarian, caring, multicultural community, governed through participatory, democratic processes in both the polity and large portions of what we now call the 'private sphere'".[53] Volledigheidshalwe word nietemin 'n voorbeeld of twee verskaf om die punt te illustreer aan die hand van die grondwetlike voorskrif van artikel 7(2) wat vereis dat die staat die regte in die handves van regte moet eerbiedig, *beskerm, bevorder en verwesenlik* (my beklemtoning).[54] Eerstens kan gewys word op die regstellende aksie-bepaling (die kwalifisering van die reg op gelykheid).[55] Subartikel 9(2) lui:

> "Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is."[56]

Dus plaas die regstellende aksie-bepaling 'n sterk positiewe verpligting op die staat ten einde gelykheid te verseker. Daar word verder ook van die staat vereis om "redelike wetgewende en ander maatreëls" te tref om: die omgewing te beskerm[57] binne sy beskikbare middele; toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry;[58] toegang tot geskikte huisvesting vir

---

50 Carpenter "The right to physical safety as a constitutionally protected human right" in Carpenter (red) *Essays* (vn 36) 139 143 en die bronne daar aangehaal.

51 "Cases and comments: A different shade of red: socio-economic dimensions of the right to life in South Africa" 1999 *SAJHR* 372 373. Ook Metz "Turning religion's shield into a sword" 1998 *Yale LJ* 271.

52 Sien Carpenter (vn 36) 143–145, Liebenberg (vn 39) 41–31 ev, H Botha (vn 36) 401 vn 6–9. Sien ook De Waal, Currie en Erasmus *The bill of rights handbook* (1999) 417 (oor sosio-ekonomiese regte).

53 Klare (vn 44) 150.

54 Liebenberg verskaf die volgende indeling van pligte van die staat: (a) die plig om die regte te "beskerm"; (b) die plig om die regte te "bevorder en te verwesenlik"; (c) verpligtinge wat betref optrede en wat betref gevolge ("obligations of conduct and result"); (d) regte wat verpligtinge oplê wat betref gevolge ("rights imposing obligations of result"); (e) regte wat verpligtinge wat betref optrede oplê ("rights imposing obligations of conduct") 41–31 ev.

55 A 9.

56 Die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000 is na intense openbare debat deur die Parlement aangeneem op 2000-02-02.

57 A 24(b). Wetgewing hieroor aangeneem is die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998. Die lang titel lui: "Om voorsiening te maak vir samewerkende omgewingsbestuur deur die daarstelling van beginsels vir die besluitneming oor aangeleenthede rakende die omgewing, instelllings wat samewerkende bestuur sal bevorder en prosedures vir die koördinering van omgewingswerksaamhede wat deur staatsorgane uitgeoefen word . . ." Sien *infra*.

58 A 25(5). Wetgewing hieroor aangeneem is die Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995. Die lang titel bepaal oa: "Om buitengewone maatreëls in te voer om die implementering van

vervolg op volgende bladsy

burgers in toenemende mate binne sy beskikbare middele te verwesenlik;[59] en toegang tot gesondheidsorgdienste, voldoende voedsel en water asook maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand.[60] Liebenberg kategoriseer dié laasgemelde groep as sou hulle 'n verpligting tot sekere optrede op die staat oplê – om redelike stappe te doen om in toenemende mate die regte te realiseer.[61] In hierdie opsig aard hierdie bepalings na beleidsriglyne (die sg "directive principles" soos teëgekom in die grondwette van onder meer Indië en Namibië). Dié ooreenkoms met beleidsriglyne lê die probleem bloot wat tradisioneel met "maatskaplike" regte (trouens, ook wat betref waardes) geassosieer word, naamlik dat wanneer 'n hof 'n oordeel oor hulle vel, op onaanvaarbare wyse in die domein van die uitvoerende en wetgewende gesag betree word – dat dit neerkom op die skending van die leerstuk van skeiding van magte:

> "Because they are positive rights – claims by individuals and groups to the delivery of goods by government – it has been argued that their application requires the courts to direct the way in which the government distributes the state's resources and is thus beyond the scope of the judicial function."[62]

Word Klare se pleidooi vir 'n "transformative constitutionalism" egter in herinnering geroep, word dit duidelik dat 'n rigiede aanhang van die gedagte van onaanvaarbare betreding van die wetgewende en uitvoerende domein wanneer 'n oordeel oor waardes gevel word, eenvoudig nie langer standhou nie. Dieselfde standpunt geld ten aansien van beleidsoorwegings.[63] Mureinik se voorstel was dat die regering se optrede altyd hersienbaar moet wees ten einde te bepaal of (tav sosio-ekonomiese regte) regeringsoptrede rasioneel én regverdigbaar is.[64] Só 'n werkwyse verteenwoordig en reflekteer die konstitusionale werklikheid wat deur die Grondwet in die vooruitsig gestel word.

Uiteindelik kan volstaan word met die gevolgtrekking dat die Grondwet as sodanig ontwikkelingsgerig[65] en 'n "instrument" vir ontwikkeling is via sy transformerende aspirasies want ontwikkeling is 'n onontbeerlike vereiste vir die regstel

---

heropbou- en ontwikkelingsprogramme en -projekte met betrekking tot grond te fasiliteer en te bespoedig . . ."

59 A 26(2). Wetgewing hieroor aangeneem is die Behuisingswet 107 van 1997. Die lang titel lui: "Om voorsiening te maak vir die fasilitering van 'n volhoubare behuisingsontwikkelingsproses . . ." Volgens die aanhef van die wet word erken dat behuising, as voldoende beskutting, 'n basiese menslike behoefte bevredig; dat behuising 'n deurslaggewende deel van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is; dat behuising 'n sleutelsektor van die nasionale ekonomie is en dat behuising deurslaggewend is vir die sosio-ekonomiese welstand van die nasie. Sien ook Wet op Beskermingsmaatreëls vir Behuisingsverbruikers 95 van 1998.

60 A 27(2).

61 41–34 en sien vn (54) bo. Sy skryf verder: "Sections 26(2) and 27(2) thus play the dual role of defining and limiting the state's positive duties to fulfil the relevant rights. Conceived in this way, these provisions generate constitutional claims to reasonable measures that progressively improve and advance access to the rights" (41–38).

62 De Waal, Currie en Erasmus (vn 52) 420. Ook Liebenberg (vn 39) 41–6.

63 Sien Ferreira (vn 38) 293; Liebenberg (vn 39) 41–8 ev.

64 "Beyond a charter of luxuries: economic rights in the constitution" 1992 *SAJHR* 464 473–474. Ook Michelman "The Constitution, social rights and reason: a tribute to Etienne Mureinik" 1998 *SAJHR* 499 503–504. Sien ook Van Bueren "Alleviating poverty through the constitutional court" 1999 *SAJHR* 52 57–59, 65 ev.

65 Sien bv die opmerking van Chaskalson P in *S v Makwanyane* 1998 1 SA 765 (KH), 1997 (12) BCLR 1696 (KH) para 8–9.

en herstel van veral die sosio-ekonomiese en kulturele skade van die verlede. Die teenkant geld natuurlik ook: 'n noodsaaklike voorwaarde vir die vergestalting van die waardes ingebed in die Grondwet is ontwikkeling. So 'n standpunt bring egter 'n netelige kwessie te berde. Word ontwikkeling as 'n onlosmaaklik mensgerigte allesomvattende proses gesien, word gevra of ontwikkeling noodwendig dan ook moet of kan "vertaal" in 'n gepaardgaande fundamentele reg op ontwikkeling.

5 'N AFSONDERLIKE REG OP ONTWIKKELING?

5 1 Die internasionale perspektief

In die volkereg is ontwikkeling as sodanig al sedert die middel van die sestigerjare die onderwerp van debat en die literatuur daaroor onder die oorhoofse rubriek van "internasionale ontwikkelingsreg" is wyduiteenlopend en omvangryk.[66] Kenmerkend aan die internasionale ontwikkelingsreg is dat dit sterk beïnvloed is deur die realiteit van 'n verdeelde wêreld tussen ryk en arm lande. Die debat het dus 'n sterk morele/normatiewe onderbou gerig op die uitwissing van die ongelykhede tussen lande.[67] Om dié rede argumenteer Slinn dat dit nodig is om internasionale ontwikkelingsreg te verstaan as 'n stelsel wat nie bloot 'n neutrale regulerende raamwerk vir die verhouding tussen state daarstel nie, maar wat terselfdertyd die ontwikkeling van die internasionale samelewing bevorder en verseker deur middel van 'n holistiese, dinamiese en teleologiese benadering tot ontwikkeling. Kortom, die internasionale ontwikkelingsreg is nie neutraal nie, maar 'n proses vir die "constant improvement of the well-being of the entire population and of all individuals . . ."[68] Dat mettertyd ook oor ontwikkeling in die konteks van 'n reg op ontwikkeling gespekuleer sou word, is 'n logiese uitvloeisel van die internasionale reg-en-ontwikkelingsdebat.

In die lig van Afrika se swak ontwikkelingsrekord kan die feit dat stemme vir die erkenning van so 'n reg uit Afrikageledere opgegaan het (weer eens na gelang van die graad van sinisme) óf as logies óf as ironies beskou word. In 1972 het die Senegalese juris, Keba M'baye, die moontlikheid van 'n reg op ontwikkeling geopper en 'n eerste tentatiewe omskrywing van so 'n reg verskaf. Oorvereenvoudig gestel, argumenteer hy dat alle fundamentele regte en vryhede noodwendig aaneenskakel met die reg om te bestaan, met 'n toenemend hoër lewenstandaard en derhalwe met 'n reg op ontwikkeling. Die reg op ontwikkeling is 'n fundamentele reg omdat die mens nie sonder ontwikkeling kan bestaan nie.[69] M'baye se standpunt is slegs sinvol as ingesien word dat daar 'n noue verband tussen regte en

---

66 Vir 'n oorsig van ontwikkelinge op hierdie terrein sien bv Tamanaha "The lessons of law-and-development studies" 1995 *Am J of Int Law* 470–486. Vir 'n bestekopname van die huidige stand van sake op die terrein van die volkereg en ontwikkeling (internasionale ontwikkelingsreg) sien Slinn se bydrae in die huldigingsbundel vir Konrad Ginther "The international law of development: a millennium subject or a relic of the twentieth century?" (gepubliseer te word in 2000).

67 Okafor "The status and effect of the right to development in contemporary international law: Towards a south-north 'entente'" 1995 *RADIC* 865 866. Sien ook Flory "Adapting international law to the development of the third world" 1982 *JAL* 12 15 wat skryf : "[I]nternational law for development consists of the principles, rules and institutions for the promotion of harmonious development of international society."

68 Slinn (vn 66) 4–5. Slinn se deurlopende verwysing na die "constant improvement" van die bevolking verwys na die aanhef van die VN se Declaration on the Right to Development.

69 "Le Droit du Developpement comme un Droit de l'Homme" 1972 *Revue des Droits de l'Homme* 503 528–530 en sien ook De Vey Mesdagh "The right to development" 1981 *NILR* 30 33 ev.

ontwikkeling bestaan. Inderdaad vul fundamentele regte en ontwikkeling mekaar in so 'n mate aan dat gesê kan word dat fundamentele regte en ontwikkeling in 'n simbiotiese verhouding tot mekaar staan. Dit is hierdie insig wat ook die samehang behoort te verskaf vir die beoordeling van die Verenigde Nasies se 1986 verklaring oor die reg op ontwikkeling (Declaration on the Right to Development), die primêre volkeregtelike bron vir die erkenning van die reg op ontwikkeling.[70] Daar moet egter in gedagte gehou word dat die deklarasie geen bindende regskrag het nie.

Die verklaring (deklarasie) bepaal: "The human person is the central subject of development and should be the active participant and beneficiary of the right to development."[71] Aan elke persoon word 'n aanspraak verleen om deel te neem aan, by te dra tot en die genot te hê van ekonomiese, maatskaplike, kulturele en politieke ontwikkeling waardeur "all human rights and fundamental freedoms can be fully realized".[72] Dié formulering versterk die gedagte dat 'n noue band tussen ontwikkeling en fundamentele regte bestaan.[73] Trouens, die formulering slaan 'n bres vir 'n argument dat die begrippe ontwikkeling en fundamentele regte in so 'n mate met mekaar verweef en ineengestrengel is dat dit onnodig herhalend is om hoegenaamd 'n reg op ontwikkeling te verklaar. Die gedagte word versterk as daar verder gekyk word na die enigste bindende menseregteverdrag wat die reg op ontwikkeling erken het, naamlik die *African Charter on Human and Peoples' Rights* (*AfCHPR*, ook bekend as die *Banjul Charter*).[74] Artikel 22 van die Banjul Charter lui:

> "1 All peoples shall have the right to their economic, social and cultural development with due regard to their freedom and identity and in the equal enjoyment of the common heritage of mankind.
>
> 2 States shall have the duty, individually or collectively to ensure the exercise of the right to development."

Die argument dat die verklaring van 'n reg op ontwikkeling toutologies is, verkry groter oortuigingskrag langs die weg van die erkenning van die beginsel van die interafhanklike en ondeelbare aard van fundamentele regte in die deklarasie self.[75]

---

70 GA Res. 41/120 (1986), aangeneem op 1986-12-04. Altesaam 146 lande het tgv die verklaring gestem, een daarteen (die VSA) en daar was ses weerhoudings.

71 A 2.1.

72 A 1.1.

73 Barsh "The right to development as a human right: results of the global consultation" 1991 *HRQ* 322 325. Ook Quashigah "Protection of human rights in the changing international scene: Prospects in sub-saharan Africa" 1994 *RADIC* 93 99 ev.

74 Sien Patel en Watters *Human rights: fundamental instruments and documents* (1994) 141 vir die teks van die Banjul Charter. Sien ook Rosas "The right to development" in Eide *et al Economic, social and cultural rights: a textbook* (1995) 247 248.

75 In die laat sewentigerjare was die idee in omloop om regte in drie generasies te kategoriseer. Die tradisionele politiek-burgerlike regte is as eerste geslagregte ("blou"-regte) geklassifiseer terwyl die sosio-ekonomiese as tweede geslagregte ("rooi" regte) geklassifiseer is. 'n Reg op ontwikkeling saam met oa die reg op die omgewing en vrede (ook die regte van minderheidsgroepe) is as sg derdegeslag ("groen" regte) byeengebring onder die versamelbegrip "solidariteitsregte". Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie regte nie net die individu toekom en behoort te bevoordeel nie, maar ook groepe individue en dat die realisering van hierdie regte wêreldwye samewerking gebaseer op die gedagte van internasionale solidariteit, vereis. Karl Vasak word allerweë beskou as die "vader" van die gedagte van generasies van regte. Sien oa sy "A 30-year struggle: the sustained efforts to give force of law to the Universal Declaratation of Human Rights" *Unesco Courier*, Nov 1977 29. Ook Rosas "So-called rights of the third generation" in Eide *et al Economic, social and cultural rights* (1995) 243 en die bronne deur hom aangehaal.

Artikel 6(2) bepaal naamlik dat alle fundamentele regte ondeelbaar en interafhanklik ("indivisible and interdependent") is en dat gelykwaardige aandag en dringende oorweging aan die implementering, bevordering en beskerming van burgerlike, politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte geskenk behoort te word.[76] Die idee van die ondeelbaarheid en interafhanklikheid van fundamentele regte verteenwoordig 'n erkenning dat ten einde die "constant improvement of the well-being" van die individu te koester en te realiseer regte nooit geïsoleer van mekaar kan staan nie.

Die interafhanklikheid en ondeelbaarheid van regte reflekteer die aanvaarding van die feit dat daar nie werklik enige konsepsuele verskil tussen burgerlike, politieke, sosio-ekonomiese en kulturele regte is nie. Boonop opereer verskillende regte ook in ondersteuning van mekaar, aangesien die verwesenliking van een reg altyd afhanklik is van die realisering van die ander.[77]

Dit is teen hierdie agtergrond dat die bestaanbaarheid van die reg op ontwikkeling as 'n onafhanklike reg sterk betwyfel moet word. Dit bly steeds 'n vraag in watter mate 'n onafhanklike reg op ontwikkeling kan toevoeg aan bestaande regte. Daarom moet onwikkeling eerder as 'n program gesien word – as 'n sambreelbegrip wat al die ander regte "aandryf".[78] Paul plaas die kwessie van die bestaansmoontlikheid van 'n onafhanklike reg op ontwikkeling in perspektief wanneer hy skryf:

> "While the Declaration is cast in terms of a "Right to Development", it should *not* be read as an assertion of some kind of "right" of states and peoples to enjoy some undefined kind of "development". Rather the right declared is the "inalienable *human* right" of peoples affected by "development processes" to realize existing, universally recognized human rights "*in and through development processes*" and it is the duty of those who control those processes to protect and promote those rights. In this way the doing of development, like the conduct of other public affairs, must be made accountable to the people."[79]

5 2 Skep die 1996-Grondwet 'n reg op ontwikkeling?

In die 1996-Grondwet word "ontwikkeling" gewis in die taal van fundamentele regte gegiet en wel in 'n jukstaposisie van ontwikkeling en die omgewing. Die plasing naas mekaar van ontwikkeling en die omgewing is nie vreemd nie. Die verband is byvoorbeeld beklemtoon in die *Rio Declaration on Environment* wat uitgereik is by

---

76 "[A]ll human rights and fundamental freedoms are indivisible and interdependent; equal attention and urgent consideration should be given to the implementation, promotion and protection of civil, political rights, as well as economic, social and cultural rights." Die beginsel van die ondeelbaarheid en interafhanklikheid van regte is bevestig in die "Vienna declaration and programme of action", aangeneem deur die "World conference on human rights" (1993-06-14/25) op 13-06-25 (UN Doc A/Conf 157/23 (1993)). Sien deel I par 5 wat ook die beginsel byvoeg dat fundamentele regte in onderlinge verband met mekaar staan (die "interrelatedness" van regte). Dié siening van regte (die sg "interdependency principle") vervang die konvensionele standpunt dat burgerlike en politieke regte die "hart" van regte vorm, terwyl sosio-ekonomiese en kulturele regte hoofsaaklik geassosieer kon word met normatiewe, ideologiese en leerstellige verwikkelings wat neerslag gevind het in die bevordering en verwesenliking van oa sosiale doelwitte.

77 De Vos "Pious wishes or directly enforceable human rights? Social and economic rights in South Africa's 1996 Constitution" 1997 *SAJHR* 67 81.

78 Rosas (vn 75) 254–255.

79 "The human right to development: its meaning and importance" 1992 *Third World Legal Studies* 17 33.

die Rio Conference on Environment and Development.[80] Beginsel 3 lui: "The right to development must be fulfilled so as to equitably meet developmental and environmental needs of present and future generations."

Artikel 24 van die Grondwet (die beskerming-van-die-omgewingsbepaling) lui:

"Elkeen het die reg–

(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en

(b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat

(i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;

(ii) bewaring bevorder; en

(iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdige ("justifiable") ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder."

Die betrokke artikel is 'n meer genuanseerde weergawe van artikel 24 van die "Banjul Charter"[81] wat bepaal dat alle mense (dus 'n kollektiewe reg) die reg het op 'n "general satisfactory environment favourable to their development". Verder herhaal die artikel ook die sentimente van die Rio Declaration.

Anders as die bepaling in die Banjul Charter is die eerste deel van die reg op die omgewing uitdruklik as 'n individuele reg bepaal. Verder is dit in die ortodokse tradisie van 'n "afweerreg" bepaal – elke persoon het naamlik die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy/haar gesondheid of welsyn is nie.[82] Artikel 24(b) dui die noue verband tussen omgewing en ontwikkeling in die gees van die bewoording van die Banjul Charter en die Rio Declaration aan. Hoewel subartikel (b) voorsiening maak vir die beskerming van die omgewing as sodanig[83] word die beskerming voorwaardelik gestel. Daar word naamlik billike (redelike) wetgewende en ander maatreëls vereis vir die beskerming van die omgewing "ter wille van huidige en toekomstige geslagte".[84] By die aanname van wetgewende en ander maatreëls[85] moet die doelwitte geïdentifiseer in die subartikel in ag geneem word: onder meer die bereiking (versekering) van ekologies volhoubare ontwikkeling en

---

80 A/Conf.151/Rev.1 1992-06-13. Oor die belang van die Rio Summit sien Beukes "'From destruction to recovery': environmental law, the final Constitution and the impact of international law" 1996 *SAYIL* 96 104.

81 (Vn 77).

82 A 24(a). Oor die trefwydte en inhoud van die reg op die omgewing as sodanig, sien Glazewski en Du Bois "The environment and the bill of rights" *Bill of rights compendium* (1998) 2B–1 2B–16 ev.

83 Glazewski en Du Bois stel dit dat sub-a (b) 'n aanspraak op (vry vertaal) "sekere voorgeskrewe maatreëls vir die beskerming van die omgewing" verskans (vn 82) 2B–16.

84 Die voorsiening vir die beskerming van die omgewing "ter wille van huidige en toekomstige geslagte" bring die gedagte van trusteeskap ("stewardship") van die mens oor die omgewing na vore. Dit is naamlik een van die kenmerke van volhoubare ontwikkeling dat 'n morele plig op elke geslag rus om in die belang van toekomstige geslagte te handel as "opsiener" "ouditeur" van die natuurlike omgewing. Sien Bray "Sustainable development: its significance in the South African legal context" in *Suprema lex* (vn 36) 117 125–127 en bronne deur haar aangehaal. Ook Glazewski en Du Bois (vn 82) 2B–29 ev.

85 Liebenberg "Environment" in Davis *et al Fundamental rights in the constitution: commentary and cases* (1997) 256 261 is van mening dat die "ander maatreëls" oa maatreëls van 'n administratiewe, tegniese, finansiële en opvoedkundige aard insluit. Bray (vn 68) 130 is op haar beurt van mening dat hoewel dit nie duidelik is wat "ander maatreëls" is nie, dit blykbaar nasionale en provinsiale omgewingsbeleid insluit. Sien nou Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998.

aanwending van natuurlike hulpbronne, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder. Met ander woorde, redelike maatreëls moet getref word om regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling op so 'n wyse te bevorder dat die volhoubaarheid van die omgewing en die gebruik van natuurlike hulpbronne terselfdertyd verseker word. Soos Liebenberg verduidelik: "This requires a delicate balance which is not always easy to attain, but it is essential to avoid the destruction of the natural bases of human existence and development."[86] Of, om Glazewski en Du Bois te parafraseer, in besluitneming moet sosio-ekonomiese- en omgewingskwessies geïntegreer word deur te vereis dat regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling slegs nagestreef kan word as die ontwikkeling met die gestelde doelwitte gepaard gaan.[87] Gegewe die Suid-Afrikaanse werklikheid, is die onbetwisbare spanningsverhouding tussen enersyds die beskerming van die omgewing, en andersyds sosio-ekonomiese ontwikkeling, potensieel problematies. Die uitwys en aanspreek van potensiële probleme is egter nie nou hier ter sake nie. (Dit hou oa verband met die impak van die beperkingsbepaling (a 36) en die vraag of dit moontlik is om 'n hiërargie van waardes in die Grondwet uit te wys.[88]) Die vraag is steeds of die verwysing na "ontwikkeling" in die handves van regte, weliswaar in jukstaposisie met die omgewing, outomaties nou 'n onafhanklike reg op ontwikkeling daarstel. En die antwoord bly negatief, veral as die verwysing na ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling in gedagte gehou word. Waarom? Die rede word raak deur O'Manique saamgevat:

> "I would suggest, however, that the term "right" be reserved for entitlements to what is necessary for development. Development as a process is the exercise of the full range of rights; as a goal it is the self-actualization of people through the exercise of their rights."[89]

Dus kan en moet ontwikkeling deurentyd by fundamentele regte inbegryp en onderbring word ten einde onder meer die realisering en uitlewing van fundamentele regte te verseker.

6 SLOT

Wat is uiteindelik te sê? Dit is dikwels te maklik om die "verborge bronne" van 'n land – die mense – te misken. Die daarstelling van 'n regstaat en 'n demokratiese orde het nie, en kon ook nie, oornag die nalatenskap van die apartheidsverlede ophef nie. Onder die talle probleme wat steeds 'n verreikende impak op vele lewensterreine in Suid-Afrika het, is die skromelike ongelykheid en wanbalans wat betref menslike ontwikkeling.[90] "The 'new' South Africa is battling with the problems of

---

86 (Vn 31) 261.

87 (Vn 80) 2B–29.

88 Sien Ferreira (vn 40) veral 296 ev, asook Venter "A hierarchy of constitutional values" *Seminar Report: Constitution and the Law* (1997) 17.

89 "Human rights and development" 1992 *HRQ* 78 101.

90 Die regering se eerste *Intergovernmental Fiscal Review 1999* is in September bekendgemaak en dui dramatiese verskille aan. Ingevolge 'n menslike ontwikkelingsindeks wat 'n kwantitatiewe meting van lewenskwaliteit is (dit sluit oa in lewensverwagting by geboorte, onderwys en lewenstandaard) het die Wes-Kaap 'n indeks baie na aan Singapoer en nie ver benede Kanada nie. Daarteenoor is die land se armste provinsie, die Noordelike Provinsie, se menslike ontwikkelingsindeks laer as dié van Zimbabwe (1.7). Sien ook *Business Day* 15-9-1999 se hoofblad-

vervolg op volgende bladsy

the past, the present and the future. Liberation has brought democracy to our country, but has not lessened our problems" stel Wiechers dit raak.[91] 'n Belangrike voorwaarde is dat die eiesoortige behoeftes van die mense van Suid-Afrika en dié van die Afrikakontinent as geheel immer in gedagte gehou moet word. Vir die herlewing/oplewing (regenerasie) van Afrika is ontwikkeling noodsaaklik, maar die doel van hierdie ontwikkeling moet beoordeel word in die lig van die behoeftes van die Afrikakontinent. Weliswaar is die doel van ontwikkeling vir baie geleë in die proses van self-verwesenliking. Vir die oorgrote meerderheid van die bewoners van die Afrikakontinent is die doel van ontwikkeling egter op die basiese vlak van oorlewing en die voldoening aan basiese behoeftes. Om hierdie rede is 'n voortdurende gesprek deur die verskillende rolspelers rondom en oor ontwikkeling deurslaggewend vir 'n werklike besef van die eise, aansprake en veral slaggate wat ontwikkeling tot gevolg het.

[To] justify recourse to the source material of Roman-Dutch law as an indispensable tool to develop the common law in the interests of justice . . . the institutional imagination of this source of law must . . . analyse the source material of Roman-Dutch law, not as "the retrospective rationalisation of law as an intelligible scheme of policy and principle" – the project of rationalising legal analysis in respect of the received body of law and legal understanding – but rather as "the prospective history of law as a history of conflicts among groups, interests and visions".

Professor Derek van der Merwe "Roman-Dutch law: from virtual reality to constitutional resource" in Meaning in legal interpretation *1998* Acta Juridica *117 131–132, quoting from Unger "Legal analysis as institutional imagination" 1996* MLR *1 18*

verslag oor hierdie oorsig. Let daarop dat die *Business Day*-verslag nie meld dat die menslike ontwikkelingsindeks wat verskaf is uit 1991 dateer en dus nie aandui welke veranderings sedert 1994 plaasgevind het nie.

91 1998 *THRHR* 624 631.

Foreigners and socio-economic rights: Legal entitlements or wishful thinking?

Marius Pieterse*
BLC LLB LLM
Lecturer in Law, University of the Witwatersrand, Johannesburg

OPSOMMING

Sosio-ekonomiese regte vir vreemdelinge: Afdwingbare regte of wensdenkery?
Menseregte kan nie totaal van geografiese ligging afhanklik gemaak word nie, anders word menslikheid in die toedeel van regte deur burgerskap ('n bloot politieke kategorie) vervang. Hierdie artikel ondersoek die menseregte van vreemdelinge in Suid-Afrika en konsentreer spesifiek op sosio-ekonomiese regte in die nuwe Grondwet.

Dit is 'n erkende internasionale regsbeginsel dat 'n staat burgerskap na goeddunke kan toeken of weier. State kan ook sekere regte alleenlik vir hul burgers reserveer, soos die Suid-Afrikaanse Grondwet inderdaad doen. Ander regte in die Grondwet word egter aan "elkeen" gewaarborg en ons kan aanneem dat sodanige regte ook tot vreemdelinge se beskikking is.

Die sosio-ekonomiese regte in die 1996 Grondwet is geen uitsondering nie. Hierdie regte kan almal op vreemdelinge van toepassing wees en mag verreikende implikasies inhou. Die moontlikheid bestaan egter dat die beperkingsklousule in artikel 36 van die Grondwet strenger teen vreemdelinge ingespan kan word met die gevolg dat 'n direkte beroep op sosio-ekonomiese regte waardeloos sal wees. In sodanige geval kan vreemdelinge steeds op die reg op gelykheid in artikel 9 van die Grondwet staatmaak. Alhoewel burgerskap nie as 'n grondslag van verbode diskriminasie in artikel 9 voorkom nie, beteken dit nie dat daar sonder meer teen vreemdelinge gediskrimineer kan word nie. soos onder andere blyk uit die beslissing van die Grondwetlike Hof in *Larbi-Odam v Member of the Executive Council for Education (North-West Province).*

Hoewel Suid-Afrika 'n arm land is waarin baie burgers in groot ekonomiese nood verkeer, word betoog dat vreemdelinge op ten minste 'n mate van sosio-ekonomiese beskerming aanspraak behoort te kan maak, omdat menseregte inherent die mens weens sy menslikheid, en nie sy burgerskap nie, toekom.

1 INTRODUCTION

Human beings have since the beginning of time chosen to migrate for various reasons.[1] Especially in Africa, there is a long history of migration, dating back to before colonisation and continuing across borders after it. Migration is a feature of international reality which cannot be ignored, and which must not lead to violations of those rights essential to humanity. We cannot make all fundamental

* The author would like to thank Frans Viljoen, who supervised the dissertation upon a chapter of which this article is based.

1 Boswell "Restrictions on non-citizens' access to public benefits: Flawed premise, unnecessary response" 1995 *UCLA LR* ("Boswell") 1505.

rights dependent on geographic location, for if we do, then we run the risk of replacing humanity with citizenship, a mere political category.[2]

Citizenship is an abstract political term used to denote an essential link between a state and its permanent inhabitants.[3] Those who are citizens of a state have a more privileged legal position in that state than those who are not. They enjoy political participation as well as certain civil and political rights which non-citizens do not.[4] In turn, citizenship requires the taking on of obligations and commitments towards the community, which are "difficult to describe but felt and understood by most citizens".[5]

Immigration law and policy around the world generally refer to non-citizens as "aliens". The law futher distinguishes between "legal" and "illegal" aliens. "Legal" aliens are those foreigners who have obtained permanent residence in a country or visiting status to it through official channels, even though they are still not deemed to be part of the general community. "Illegal" aliens, on the other hand, are mostly those who enter a country undocumented or are admitted into the country for a temporary period, but remain there after the period has lapsed.[6] Their "illegality" generally places them in a much more vulnerable position than that of their legal counterparts.[7]

The issue of immigration has in recent years become a very controversial topic in South Africa, where illegal immigration is said to have reached crisis proportions.[8] A wave of xenophobia[9] is sweeping through the country. Aliens are accused of taking away jobs and resources, of contributing significantly to ever-growing rates of unemployment, overpopulation and crime, and of hindering the implementation of the Reconstruction and Development Programme.[10]

There are, in the main, three kinds of foreigner crossing the South African borders: immigrants, refugees and migrants. Immigrants are people who wish to settle in South Africa permanently and who normally follow lawful channels in order to do so. Refugees are people fleeing persecution in their own countries and seeking asylum in South Africa. Migrants, the largest and most problematic

---

2 Clarke *Deep citizenship* (1996) ("Clarke") 123.

3 De Waal, Currie and Erasmus (eds) *The Bill of Rights handbook* 2 ed (1999) ("De Waal, Currie and Erasmus") 349. A distinction is sometimes made between the terms "citizenship" and "nationality". "Nationality" is said to imply merely a formal indication of state membership from an international perspective, whereas "citizenship" refers more specifically to the municipal relationship between the individual and his or her state. See Strydom "The theory of citizenship: A reappraisal" 1985 *CILSA* 103 ("Strydom").

4 Strydom 103.

5 *Law Society of British Columbia v Andrews* (1989) 56 DLR (4th) 29 (*per* McIntyre J). Clarke describes citizenship as using personal autonomy and directing it towards the common good in the public terrain.

6 Neuman "Aliens as outlaws: Government services, proposition 187, and the structure of equal protection doctrine" 1995 *UCLA LR* ("Neuman") 1440.

7 Neuman 1452.

8 There are an estimated 3 to 5 million illegal immigrants in South Africa. See Department of Home Affairs *White paper on international migration* GN 529 *GG* 19920 1999-04-01 ("*White paper*") 18.

9 Defined as "[e]xaggerated hostility towards or fear of foreigners" (*Collins dictionary of sociology* (1991) 709, as quoted by Neuman 1428).

10 Reitzes "Immigration and human rights in South Africa" in Crush (ed) *Beyond control: Immigration and human rights in a democratic South Africa* (1998) ("Reitzes") 37–38.

of these groups, are people who come to South Africa in order to participate in the labour market. They have no intention of settling here permanently and are often here illegally.[11]

This article deals with the human rights of these people in South Africa, focusing specifically on the socioeconomic rights guaranteed by the Constitution.[12] Should foreigners be entitled to such rights in a society where the realisation of the socio-economic needs of many citizens is still little more than aspiration? Is it nothing more than wishful thinking to expect government to extend its benevolence to those who are not its subjects in every sense of the word?

2 CITIZENS' RIGHTS

It is a recognised principle of international law that every state is free to decide to whom it will grant citizenship.[13] Once citizenship is granted, the state has certain duties toward its citizens. The relationship between state and citizen is a contractual one, through which the state is obliged to protect the rights of the citizen in return for the right to determine the rules under which those rights may be exercised.[14]

Citizens' rights in the South African Constitution have particular significance in the light of the previous government's abuse of the entitlement to citizenship. While section 20 of the Constitution states that "[n]o citizen may be deprived of citizenship", section 3 provides:

> "(1) There is a common South African citizenship.
>
> (2) All citizens are –
>
> (a) equally entitled to the rights, privileges and benefits of citizenship; and
>
> (b) equally subject to the duties and responsibilities of citizenship.
>
> (3) National legislation must provide for the acquisition, loss and restoration of citizenship."

These constitutional provisions aim to correct years of arbitrary governmental conduct such as the denial of passports, the forcing of citizens into exile, arbitrary deportation, and the like.[15]

Currently, the South African Citizenship Act[16] contains provisions regarding the acquisition, loss and restoration of South African citizenship, accordingly fulfilling the role of legislation envisaged by section 3 of the Constitution.[17] The

---

11 Klaaren "Immigration and the South African Constitution" in Crush *op cit* (fn 10) ("Klaaren 'Immigration' ") 56.

12 Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996.

13 Strydom 109–111. Nafziger "The general admission of aliens under international law" 1983 *Am JIL* 804–837 warns that this does not mean that states accordingly have the right to exclude foreigners in all circumstances. Nor does it allow states to deny foreigners all privileges normally associated with citizenship.

14 Reitzes 43.

15 Du Plessis and Corder *Understanding South Africa's transitional Bill of Rights* (1994) 162.

16 Act 88 of 1995.

17 South African citizenship can be acquired by birth, descent or naturalisation (ss 2, 3 and 4 of Act 88 of 1995), and lost through renunciation, acquisition of citizenship of another country by a person who is not a minor, service in the armed forces of an enemy of the Republic during wartime, or deprivation by the Minister of Home Affairs (ss 6–10 of Act 88

continued on next page

Act does not, however, state anything in relation to the rights, privileges and benefits of citizenship. What exactly are these rights and benefits that South African citizens are equally entitled to enjoy? Is there a discrepancy between citizenship rights and human rights? The notion of human rights is rendered nugatory if it is solely up to the state to bestow such rights, on the same principles on which it grants citizenship, upon whomever it wishes. Making entitlement to human rights subject to the holding of citizenship will have the same result.[18] On the other hand, it is internationally accepted practice to reserve certain rights for citizens alone.

In South Africa the right to stand for Parliament, provincial legislatures and municipal councils is reserved exclusively for citizens by sections 47(1), 106(1) and 158(1) of the Constitution, respectively. Furthermore, the Bill of Rights confers political rights,[19] the right to enter, remain and reside in the Republic,[20] the right to a passport,[21] and freedom of trade, occupation and profession[22] upon citizens alone. Unless such rights are conferred upon non-citizens by legislation, foreigners will not be able to demand the protection afforded by those rights.

All other rights in the Bill of Rights are conferred on everyone. The word "everyone", it can be assumed, includes both citizens and aliens finding themselves in South African territory.[23] Though the Department of Home Affairs contends in its *White paper on international migration*[24] that constitutional provisions relating to everyone cannot always apply equally to illegal aliens, legal residents and citizens alike, it is argued in this article that there is no constitutional indication why all aliens should not in principle be equally entitled to all constitutionally entrenched rights other than those reserved for citizens.

3 ALIENS AND SOCIO-ECONOMIC RIGHTS

3 1 General

Modern society is learning to accept that the benefits of citizenship are not limited to civil and political rights, but include social and economic rights. Social resources like health and education are vital for the citizen's economic efficiency and for furthering his and other citizens' civil and political rights.[25] It is argued that welfare rights are "conceived as a core element of citizenship in Western society"[26] and are "integral to the modern sense of citizenship".[27]

---

of 1995). Marrying a foreign citizen does not affect South African citizenship. The provisions regarding deprivation of citizenship may conflict with s 20 of the Constitution, although they may be saved by the limitation clause. Similarly, provisions which allow harsher treatment for one class of citizen or former citizen may be held to be inconsistent with the guarantee in s 3 of the Constitution that all citizens shall enjoy equal rights and benefits. See Klaaren "Immigration" 57–58 and Rautenbach and Malherbe *Constitutional law* (1997) 48–51.

18 Reitzes 44.

19 See s 19 of the Constitution.

20 S 21(3).

21 S 21(4).

22 S 22.

23 De Waal, Currie and Erasmus 29 fn 5.

24 *White paper* 12.

25 Twine *Citizenship and social rights: The interdependence of self and society* (1994) ("Twine") 105.

26 Waldron *Liberal rights: Collected papers* (1993) ("Waldron") 273.

27 Waldron 274.

Whether the entitlement to social and economic benefits should extend to non-citizens is polemical. International human-rights documents conferring such rights upon aliens are not widely ratified,[28] and many states are reluctant to include aliens in social-assistance schemes.[29] Because of the nature of socio-economic rights, their realisation is often dependent on the availability of state resources,[30] and they can therefore not always be guaranteed to the same extent as civil and political rights.[31] Many countries are not in a position to provide adequately for the socio-economic needs of their citizens, let alone those of foreigners in their territory. Furthermore, aliens (especially those of the illegal variety) are often blamed for contributing to socio-economic hardship by taking away jobs and public benefits believed to be rightly due to citizens.[32]

Nowhere has this been a more contentious issue than in the United States, where uncontrolled immigration is popularly believed to contribute to over-crowding, displacement of citizens in the workplace and a rising crime rate.[33] Critics point out that these popular beliefs are empirically, socially and legally unfounded, and ignore the contributions aliens make to the economy.[34] This notwithstanding, growing hostility towards aliens finally culminated in the enactment of state propositions and national legislation severely diminishing the social-assistance claims of both legal and illegal aliens in the mid-1990s.[35] The

28 Henckaerts *Mass expulsion in modern international law and practise* (1995) 58. The 1990 International Convention on the Protection of the Rights of All Migrant Workers and Members of Their Families is arguably the most progressive human-rights instrument in this regard, guaranteeing amongst other things that migrant workers shall be afforded equal treatment to nationals with regard to social security, the right to emergency health care, access to educational institutions, vocational training and housing schemes. See also art 8 of the United Nations Declaration on the Human Rights of Individuals Who Are Not Nationals of the Country in Which They Live, which determines that aliens lawfully residing in a state should enjoy rights to safe and healthy working conditions, health protection, medical care, social security, social services and education.

29 Many states accordingly expressly exclude foreigners from socio-economic benefits in relevant legislation (*White paper* 13).

30 Twine 111; Eide "Economic, social and cultural rights as legal rights" in Eide, Krause and Rosas (eds) *Economic, social and cultural rights: A textbook* (1995) 22.

33 771D–F. It will not constitute unfair discrimination because it will seldom if ever have the potential of impairing an individual's fundamental human dignity or disadvantage an individual in a comparably serious manner.
34 771B, quoting Didcott in *S v Ntuli* 1996 1 BCLR 141 (CC) par 18. See also *City Council of Pretoria* 272E–F.
35 *National Coalition* 1546 par 59.
36 *City Council of Pretoria* 272F.

preferences' that serve to legitimate governmental purpose". What is required is that the state must function "in a rational manner".[37]

When "applied" to actual flesh and blood cases, this requirement of "rationality" emerges as an extremely stringent test which would be very difficult, if not impossible, for any plaintiff alleging discrimination to overcome.[38] This requirement is made even more apparent by the court's insistence that there is no need for the state or other relevant actors to prove that the objective could not have been achieved in a better or different way in such a case.[39] As long as any "rational relationship" (in other words, the absence of arbitrariness)[40] is demonstrated between the purpose sought to be achieved by the impugned provision and the means chosen by the provision, the court will find that the differentiation does not infringe on section 9(1) of the Constitution.[41] The stringent test employed by the court in section 9(1) analysis makes sense if one recalls the court's commitment to "a structured focus on non-discrimination".[42] The stringency of the test then seems to force complainants to frame their case in terms of section 9(3), that is, as a discrimination complaint.

5 3 "Unfair discrimination" – section 9(3)

As the court sees it, even where there is a rational relationship between the differentiation in question and the governmental purpose which is proffered to validate it, the differentiation might still constitute "unfair discrimination" as envisaged by section 9(3).[43] In *Harksen* the Constitutional Court stated that a determination of whether a differentiation amounts to "unfair discrimination" in terms of section 9(3) will require a two-stage analysis.[44] The court must first determine whether the differentiation in fact amounts to "discrimination"; if it does, whether it amounts to "unfair discrimination". The court therefore distinguishes between "discrimination" and "unfair discrimination", arguing that not all forms of discrimination will be unfair and where it can be proven not to be unfair, will therefore not fall foul of section 9(3).[45]

5 3 1 Step 1: Does the differentiation amount to "discrimination"?

In this, the first of the two stages of analysis, the court must determine whether the differentiation in fact constitutes "discrimination". In *Harksen v Lane* Goldstone further subdivided the enquiry (following the arguments first set out in *Prinsloo*), stating that section 9(3) contemplates two categories of "discrimination"

---

37 *Prinsloo* 771F–H.

38 See Mendes "The crucible of the Charter" in Beaudoin and Mendes (eds) *The Canadian Charter of Rights and Freedoms* (1996) 3–20; and Tribe *American constitutional law* (1988) 1442–1443.

39 *Prinsloo* 775A–B.

40 *Harksen* 1513F.

41 *Prinsloo* 776F.

42 See eg *National Coalition* 1530–1432 par 15–19.

43 In *National Coalition* 1532 par 18 the court stressed that the two enquiries need not follow one from the other. The rational connection inquiry would be clearly unnecessary in a case in which a court holds that the discrimination is unfair and unjustifiable.

44 *Harksen* 1508A.

45 1508. This distinction and the concomitant two-stage analysis were not employed in the cases preceding *Harksen*. In *Prinsloo* eg the court combined the two stages, or at least, did not identify the two stages (773D–E 774B). See De Waal *Bill of Rights handbook* 166–167.

and that each one should be dealt with by the courts in a different way.[46] The first category is differentiation based on one or more of the sixteen grounds specified in section 9(3), in other words, grounds such as race, sex, gender and sexual orientation. The second category is differentiation on a ground not specified in subsection (3) but analogous to such grounds.[47]

According to the court, whether differentiation has occurred on a specified or an unspecified ground must be determined "objectively".[48] I take this to mean that the court will have to decide whether the differentiation is based on one of the specified grounds listed in section 9(3) – whether the plaintiff is black, or a woman, or a homosexual, for example. Once it has established this "fact", it will be assumed that the differentiation is discriminatory.[49] The process will be "objective" inasmuch as the court will use what it considers to be the uncontroversial and generally accepted understanding of the specified grounds and the characteristics an individual must posses in order to belong to any of the groups associated with the specified ground in order to match the differentiation with that ground. The court will therefore assume the position of a neutral arbiter to determine what it believes to be the self-evident truth about whether a person is black or white, a man or a woman, homosexual or heterosexual.

Where the court finds that the differentiation is not based on a specified ground, it will then have to make an "objective" assessment about two important questions. First, it will have to determine whether the differentiation relates to the unequal treatment of people based on other "attributes and characteristics attaching to them" which are not related to the specified grounds but are nevertheless comparable to them.[50] Secondly, it will have to determine whether this differentiation has the effect of treating persons differently in a way which

---

46 *Prinsloo* 772D. The difference between *Prinsloo* and *Harksen* is that in the former the court did not make a distinction between "discrimination" and "unfair discrimination" as it did in the latter.

47 *Harksen* 1508D.

48 1508H–I.

49 1511G. Thus the court here seems to say that in this first stage of the analysis, as soon as it has "objectively" established that the differentiation is based on one of the specified grounds, there will be an irrebuttable presumption that the differentiation is discriminatory. This presumption has been "invented" by the court and should not be confused with the rebuttable presumption which can be employed in the second stage of the analysis as set out in s 9(5). Albertyn and Goldblatt 1998 *SAJHR* 268 criticise this view and argue that it "denudes discrimination of its prejudicial connotations by not requiring that such prejudice be demonstrated". In this view they find support from the dissenting opinion of Sachs J in *City Council of Pretoria* 299C–E, who argues that there can only be a finding of "discrimination" (the first stage of the analysis) if the claimant can prove that he or she had been prejudiced – that there had been "actual negative impact" associated with a specified ground – by the differentiation which was based on one of the specified grounds. He concludes: "The core of my argument at this stage is that the complainant has not made out a case of having suffered *prima facie* discrimination at all. In order to invoke the presumption of unfairness contained in s 8(4) [now s 9(5)] some element of actual or potential prejudice must be immanent in the differentiation, otherwise there is no 'discrimination' to be evaluated, and the need to establish fairness or unfairness has no subject matter" (299D–E). This view was, however, explicitly rejected in the same case by the majority judgment of Langa DP as being contrary to the previous equality decisions of the court (275B).

50 *Harksen* 1509D.

"impairs their fundamental dignity as human beings, who are inherently equal in dignity" or affects a person adversely in "a comparable serious manner".[51] Regarding the first aspect of this enquiry, namely whether the differentiation relates to unequal treatment based on attributes or characteristics attaching to individuals, in *Harksen* the court per Goldstone J cautioned against a narrow definition of these attributes and characteristics and stated that when a court is called upon to make such a determination it will look at whether the differentiation is based on attributes and characteristics comparable in some way or another with those specified grounds:

> "What the specified grounds have in common is that they have been used (or misused) in the past (both in South Africa and elsewhere) to categorise, marginalise and often oppress persons who have had, or who have been associated with, these attributes or characteristics. These grounds have the potential, when manipulated, to demean persons in their inherent humanity and dignity. There is often a complex relationship between these grounds. In some cases they relate to immutable biological attributes or characteristics, in some to the associational life of humans, in some to the intellectual, expressive and religious dimensions of humanity and in some cases to a combination of one or more of these features. The temptation to force them into neatly self-contained categories should be resisted."[52]

I have already discussed the second aspect of this enquiry, namely the impairment of human dignity or a comparably serious disadvantage, and noted the broad and open-ended manner in which the court conceptualises the possible infringement of human dignity of a comparably serious disadvantage. It seems, therefore, as if the court had in mind an open-ended process in which it might discover, over time, more and more differentiations which are not based on specified grounds but which, in its opinion, are based on grounds similar to those specified. At this point of the development of the court's jurisprudence it is too early to tell how it will use this discretion and how it envisages to use the discretion in an "objective" way. From the decided cases it does seem, however, that it will not be too difficult for complainants to prove that a differentiation was based on a characteristic which has the potential to impair their fundamental human dignity or to affect them adversely in a comparably serious manner.[53] In *Harksen v Lane,* for example, Goldstone J found that section 21(1) of the Insolvency Act[54] which differentiates between solvent spouses and other individuals and attaches certain disadvantages to this category, does indeed arise from their attributes and characteristics as solvent spouses.[55] The court concluded – without substantiating its finding further – that this differentiation between solvent and insolvent spouses has the potential to demean persons in their inherent human

---

51 1508F–G. In *Harksen* the court quoted the judgment in *Prinsloo* (773C–D 774B–C). However, since it did not employ a "two stage" analysis in *Prinsloo*, the quoted passages relate not to determining "discrimination", but to "unfair discrimination". It appears, therefore, as if the court confused or conflated these two terms – which makes one wonder whether the distinction has any relevance at all.

52 1509E–G.

53 See also Freedman "Understanding the right to equality" 1998 *SALJ* 243 249.

54 Act 24 of 1936.

55 This case was decided in terms of the transitional Constitution which did not directly protect individuals against discrimination based on "marital status". In the 1996 Constitution this ground was added to those already listed in s 8(2) of the transitional Constitution.

dignity. From this, the court concluded that section 21(1) of the Insolvency Act discriminated against solvent spouses on the basis of personal intimacy.[56]

In any event, if the enquiry leads to a negative conclusion, in the sense either that the differentiation is not based on a specified ground or that it is not based on an analogous unspecified ground, then, according to the court's analysis, section 9(3) has not been breached and the question falls away.[57] But what happens if the differentiation has been found to constitute discrimination, on either a specified or an unspecified ground? Once again, the steps to be taken by the court will differ depending on whether a finding of discrimination was based on specified or unspecified grounds.

5 3 2 Step 2: Does the "discrimination" amount to "unfair discrimination"?

When it is found that a differentiation is based on one of the specified grounds and is thus irrebuttably presumed to be "discrimination", it will be rebuttably presumed, for the purposes of section 9(5), that "unfair discrimination" has been sufficiently proved, until the contrary is established.[58] In other words, the complainant must establish that the differentiation is based on one or more of the specified grounds for the (rebuttable) presumption of "unfair discrimination" to take effect. Once this has been established, it then becomes the duty of the other party to rebut the assumption of unfairness and to show that the "discrimination" was in fact fair. This may look like a misnomer, but if one recalls that discrimination in this context has a rather technical meaning – that is, differentiation on one of the grounds specified in section 9(3) – the provision in section 9(5) becomes easier to fathom. But how will the party attempting to defend the constitutionality of an impugned provision be able to prove that the "discrimination" was in fact fair? The Constitutional Court's answer is that it will be able to do so by making use of the same criteria it employs when it has to determine whether discrimination on an unspecified ground is unfair.

Recall that in this second situation, where discrimination has been found to be based on an unspecified ground, the onus will rest on the complainant to prove that the discrimination is unfair. According to the court, the complainant will be able to prove the unfairness of the discrimination in the light of the courts' finding that at the heart of the prohibition of unfair discrimination lies a recognition that the purpose of the Constitution and democratic order is the establishment of a society in which all human beings will be accorded equal dignity and respect regardless of their membership of particular groups. As the court remarked in *Harksen*, the prohibition on unfair discrimination "provides a bulwark against invasions which impair human dignity or which affect people in a comparably serious manner".[59] This remark seems to imply that any determination of the "unfairness" of the discrimination will depend on whether the fundamental

56 1515A–C. O'Regan J, in her dissenting judgment, noted that the differentiation was based on marital status and that this ground, which was not included in the transitional Constitution, is indeed one analogous to the specified ones and that there was therefore discrimination in that case (1522G–1524G).

57 1509B.

58 1508C–D.

59 1510D.

human dignity of the complainant has been impaired.[60] However, in *Harksen* the court, quoting L'Heureux-Dubc J in the *Egan* case, acknowledged that "dignity is a notoriously elusive concept" and that "it is clear that it cannot, by itself, bear the weight" of determining whether the discrimination is unfair or not.[61] The court thcrefore stressed that what is important is that the enquiry focuses on the impact of the discrimination on the victim.[62] In order to determine whether the discriminatory provision has impacted on a complainant unfairly, various factors must be considered including:

> "(a) the position of the complainants in society and whether they have suffered in the past from patterns of disadvantage, whether discrimination in the case under consideration is on a specified ground or not;
>
> (b) the nature of the provision or power and the purpose sought to be achieved by it. If its purpose is manifestly not directed, in first instance, at impairing the complainants in the manner indicated, but is aimed at achieving a worthy goal such as, for example, the furthering of equality for all, this purpose may, depending on the facts of the particular case, have a significant bearing on the question whether the complainants have in fact suffered the impairment in question . . .
>
> (c) with due regard to (a) and (b) above, and any other relevant factors, the extent to which the discrimination has affected the rights or interests of complainants and whether it has led to an impairment of their fundamental human dignity or constitutes an impairment of a comparably serious nature."[63]

The court reiterated that these factors do not constitute a fixed list and that other factors may emerge as our equality jurisprudence continues to develop. The factors have to be assessed "objectively", taking into account their cumulative effect in order to come to a conclusion whether the discrimination has been unfair or not.[64] Proof of intention to discriminate on the part of those who enacted the impugned provision is not required, although such an intention might be relevant to the court when it makes its "objective" finding about the existence of unfair discrimination.[65]

Here the court seems to suggest that the infringement of "human dignity" or a comparably serious disadvantage will be determined in the context of the impact of the differentiation on the complainant. In order to establish this context, the

---

60 Such an interpretation would mean that "human dignity" is employed by the court in both step 1 and step 2 in cases where the differentiation is based on one of the unspecified grounds. This would make the process somewhat strange and at least one of the two steps completely superfluous.

61 See the judgment of L'Heureux-Dube J in *Egan* 106, as well as *The National Coalition* case 1536 par 27. In the latter case the court found that the common-law offence of male sodomy was not only an invasion of the right to equality, but also of the right to dignity and privacy. Regarding the invasion of the right to privacy, the court per Ackermann J argued that the common-law offence of sodomy infringed this right because it attached a stigma to homosexuals and exposed individuals to criminal arrest and prosecution. As such it degraded and devalued gay men and this palpably infringed their right to human dignity guaranteed in s 10 of South Africa's 1996 Constitution. This analysis seems to suggest that the invasion of dignity must be viewed separately from the invasion of equality.

62 *Harksen* 1510E: "In the final analysis it is the impact of the discrimination on the complainant that is the determining factor regarding the unfairness of the discrimination."

63 1510F–1511B.

64 1511D.

65 *City Council of Pretoria* 278E–H.

court will look at whether the "victim" of discrimination has suffered in the past from *patterns of disadvantage* and whether he or she belongs to a group that can be deemed particularly vulnerable.[66] It will also look at the nature of the interest adversely affected by the differentiation – the more fundamental the interest affected, the more likely that the "discrimination" will constitute "unfair discrimination". This analysis acknowledges that a determination of "unfair discrimination" cannot be made in the abstract, but must take into account the structural inequality in our society which promotes and perpetuates the subordination of certain individuals and groups in a society.[67]

6 CONCLUSION

Despite its cautious start, the Constitutional Court has now set out a sweeping "test" to be applied in equality cases. The way in which this test is devised, makes it almost impossible to succeed with an equality claim unless such a claim is based on the prohibition of discrimination contained in section 9(3). It is therefore imperative to come to grips with the court's section 9(3) analysis and to understand how this analysis is deeply rooted in the court's acceptance of a substantive idea of equality. The substantive idea of equality requires the court to evaluate discrimination claims within a specific historical, social and economic context and any claim which fails to place its claim within such a context will have little chance of succeeding. However, if the court's analysis is firmly placed within this context, it will become easier to convince the court that the requirements of the equality test developed by it have been satisfied.

> *[W]hereas the outlook of legal scholars used to be philosophical, it is now scientific: like the scientist in his laboratory, they isolate their phenomena and study them under artificial conditions as a means of gaining more detailed knowledge. There is nothing to be said against such a procedure and much to be said for it if the investigator remembers to put his phenomena back in their context. But the proviso is vital, and contemporary jurisprudence largely fails to meet it.*
>
> *Iredell Jenkins* Social order and the limits of law: a theoretical essay (1980) 67.

66 *Harksen* 1510F–J: "Section 8(2) [now 9(3)] seeks to prevent unequal treatment of people based on such criteria which may, amongst other things, result in the construction of patterns of disadvantage such as has occurred only too visibly in our history." This test was again applied in *Walker* by Langa DP (279–280). In his dissenting opinion in the same case Sachs J also reiterated that "equality is envisaged as something to be achieved through the dismantling of structures and practices which unfairly obstruct or unduly attenuate its enjoyment", before applying the factors set out in *Harksen* (305B–309A).

67 See *National Coalition* 1534 par 22 where Ackermann J further stressed that the harm of discrimination is of a structural nature.

Die historiese grondslae en ontwikkelingsgang van die reg op regsverteenwoordiging in Suid-Afrika – Deel 1*

Hennie van As
B Iuris LLB LLD NDip (Pol)
Hooflektor in Regte, Port Elizabeth Technikon

SUMMARY

The historical principles and process of development on the right to legal representation in South Africa

The right to legal representation in South Africa has a long history, starting with the Greeks. In ancient Athens every person had to conduct his own case. This was possible because of a lack of formalities and the fact that the procedures were known to all. A movement towards professional legal assistance may be detected and this led to specialisation. The Greek contribution to the development of legal representation is of particular importance as it influenced the origin of Roman legal science to a large extent. Roman law, on the other hand, is the starting point of any historical investigation into South African legal institutions. Contact with the Greeks and the discomfort caused by a prohibition on legal representation eventually resulted in legal advice and assistance being accepted. Roman law influenced South Africa in two ways. First of all, Roman-Dutch law is the link between Roman law and South African law as it developed locally. Secondly, Roman law also influenced English law, which in turn influenced South African procedural law to a large extent. The right to legal representation in South Africa is the result of an evolutionary process spanning approximately 3400 years. The historical development of the right to legal representation indicates a process of gradual change rather than spectacular events. The forces that were active in this process of development are divergent and have their origin in different historical periods, but a continuous link between the contributing factors is evident.

1 INLEIDING

Hierdie artikel behels 'n ondersoek na die historiese ontwikkeling van regsverteenwoordiging as regsinstelling in Suid-Afrika. Die doel is om die historiese grondslae en ontwikkelingsgang van regsverteenwoordiging te bepaal, vas te stel of die gebrek aan verteenwoordiging 'n moderne verskynsel is, 'n verklaringsraamwerk binne 'n historiese perspektief vir die huidige regsposisie daar te stel en om te bepaal hoe die howe regsverteenwoordiging as instelling ontwikkel het. Die artikel word as gevolg van die omvang daarvan in twee dele aangebied. In deel 1 word die posisie in

* Die artikel is gebaseer op 'n gedeelte van die navorsing wat die outeur vir die LLD-graad aan die Universiteit van Stellenbosch onder promotorskap van prof Steph E van der Merwe voltooi het. Die titel van die tesis is "Regsverteenwoordiging as element van regstoeganklikheid". Die outeur spreek ook graag sy dank uit teenoor die SWO van die RGN en die Navorsingskomitee van PE Technikon vir die finansiële bystand wat hierdie navorsing moontlik gemaak het. Die menings wat in die artikel uitgespreek word, is dié van die outeur en nie dié van enige van bogemelde instansies nie.

antieke Griekeland en ingevolge die Romeinse, Romeins-Hollandse en Engelse reg in oënskou geneem. In deel 2 word die reg op regsverteenwoordiging sedert 1652, die ontwikkeling van regsverteenwoordiging deur die howe as instelling en die impak van konstitusionalisering van nader beskou.

2 ANTIEKE GRIEKELAND[1]

In antieke Athene is van elke persoon vereis om sy eie saak te hanteer.[2] Daar was hoofsaaklik twee redes hiervoor: ten eerste was dit om professionalisme te verhoed[3] en ten tweede was dit die staat se beleid om niks vir die individu te doen wat hy vir homself kon doen nie.[4] Daar is geen bewys dat daar in die vroegste tye spesiale formules of onduidelike reëls was wat vir die voorlegging van 'n saak voorgeskryf is nie. Daar was ook nie persone wat spesiaal in die tegniese aspekte van prosedures opgelei was nie. Die primêre rede hiervoor was dat die prosedure aan alle lede van die gemeenskap op gelyke voet beskikbaar was.[5] Die vroeë Griekse kodes het van die basiese standpunt uitgegaan dat die substantiewe en prosedurele reg aan almal beskikbaar moet wees en dat almal dit in regsaksies moet kan toepas.

Die waarde van welsprekendheid is terdeë besef.[6] Fynere punte van die reg het wel hulp vereis en vir hierdie doel was daar "interpreteerders", maar die fundamentele beginsel was steeds dat van almal verwag is om hul eie sake te hanteer.[7] 'n Vorm van spesialisasie word egter aangetref in die geval van Deioces,[8] koning van die Mede wat van 728–675 vC regeer het. Voordat hy die eerste koning van die Mede geword het, was hy 'n regter van 'n statjie ("village") wat vir die regverdigheid van sy beslissings bekend was.[9] Nadat hy koning geword het, het hy die regsadministrasie van 'n ope na 'n geslote stelsel hervorm. Dit het beteken dat hy sake in privaatheid beslis het na aanleiding van skriftelike voorleggings wat vermoedelik deur spesiaal opgeleide skrifgeleerdes ("scribes") voorberei is.[10]

Ingevolge die vroegste wetgewing is die meeste misdade soos onregmatige dade hanteer.[11] Op strafregtelike gebied is 'n onderskeid getref tussen gewone strafsake en sake waar belangrike nasionale belange op die spel was. In geval van gewone vervolgings was die klaers ook vir die vervolging verantwoordelik, maar hulle is gereeld vrywillig deur advokate bygestaan.[12] Waar nasionale belange ter sprake was, is advokate aangestel om die staat te verteenwoordig.[13] Hierdie openbare advokate is 'n klein bedraggie betaal. In siviele sake is steeds vereis dat prinsipale hul eie sake moet behartig, maar die reël is nie so streng afgedwing nie en bystand deur advokate is toegelaat. Daar is vereis dat die advokate verwante, vriende of lede van die

1 Volgens Swart en Zietsman *Die Westerse ontplooiing* (1976) 22 het die Griekse beskawing sy hoogtepunt tussen 1400 en 1200 vC bereik.
2 Bonner *Lawyers and litigants in ancient Greece* (1927) v.
3 *Ibid.*
4 *Idem* 135.
5 Gagarin *Early Greek law* (1986) 46.
6 *Idem* 45.
7 *Idem* 133.
8 *Encyclopedia Britannica* vol 21 (1994) 941.
9 *Encyclopedia Britannica* vol 3 (1994) 964.
10 Herodotus 1 96–100 soos aangehaal deur Gagarin.
11 Gagarin 63.
12 Bonner 201.
13 *Idem* 200.

gemeenskap[14] van die gedingsparty moes wees, maar teen die middel van die vierde eeu was die praktyk om die dienste van advokate te bekom stewig gevestig. Litigante het nie meer voorgegee dat die advokaat 'n verwant of 'n vriend was nie. Die reg om op hierdie wyse verteenwoordig te word, is nou as 'n demokratiese reg gesien. Aanklaers het die waarde van advokate gou ingesien en soms die jurie versoek om nie na hulle te luister nie, maar hul reg om te verskyn is nooit bevraagteken nie.

Die reg het advokate verbied om betaling vir dienste te ontvang, maar dié verbod is gereeld verontagsaam. Hierdie ontwikkeling het meegebring dat rykes bo armes bevoordeel is. Plato het hom soos volg hieroor uitgespreek:

> "We are told that by ingenious pleas and the help of an advocate the law enables a man to win a particular cause . . .; and that both the art and the power of speech, which is thereby imparted, are at the service of him who is willing to pay for them."[15]

Die feit dat 'n litigant en sekere lede van sy familie egter nie getuies kon wees nie en dat die advokaat as sy plaasvervanger opgetree het, het die advokate se vryheid om namens die litigant op te tree in die wiele gery. Indien 'n litigant van 'n advokaat gebruik gemaak het, het hy sy geleentheid om aangehoor te word, verbeur. Dit het beteken dat die litigant of iemand wat eerstehandse kennis van die aangeleentheid gehad het, die hof oor die gebeure moes toespreek. Dit was slegs by uitsondering dat 'n advokaat op hierdie kennis kon aanspraak maak en waar hy nie kennis van die aangeleentheid gehad het nie, moes hy noodgedwonge swyg. Die gevolge van die gedingsparty se stilswye was dus van ernstiger aard as die voordele van 'n welsprekende plaasvervanger.[16]

Die gebrek aan intieme kennis van 'n aangeleentheid in geskil en die behoefte aan welsprekendheid het gelei tot die besef dat diegene wat vaardig in die redeneringskuns was voordele bo hul teenstanders gehad het. Die gevolg was dat hierdie "kundiges" toesprake vir hul kliënte geskryf het wat laasgenoemde dan as hul eie weergawe in die howe voorgelees het.[17] 'n Kennis van retoriek het mense in staat gestel om die howe te beïnvloed.[18] Die toespraakskrywer was nie bloot 'n retorikus nie, maar het noodwendig ook kennis van die reg en prosedures opgedoen. Omdat die toespraak so geskryf moes word dat dit gelyk het asof dit die kliënt se woorde was, kon die skrywer nie sy regskennis te duidelik laat blyk nie. Die skrywer se sukses het in 'n groot mate afgehang van sy vermoë om sy styl by dié van sy kliënt aan te pas. Toespraakskrywery was die enigste litigasiediens wat professioneel geword het. Toespraakskrywers is nie verbied nie en kon vergoeding vir hul dienste ontvang. Hierdie beweging na professionele regsbystand het 'n behoefte aan opleiding geskep. Hierdie behoefte het weer gelei tot die ontwikkeling van die Sofiste[19] wat regskole met georganiseerde kursusse in retoriek daargestel het. Ander het gereis en openbare lesings aangebied.

Die idee van reg en geregtigheid wat uit 'n erkenning van die "rule of law" spruit, het sy oorsprong in normatiewe idees. Die antieke Grieke was die eerste beskawing wat deur middel van hul instellings hierdie idees verwensenlik het.[20] Die belang van

---

14 Jowett *The dialogues of Plato* (1993) 704.
15 Plato *Laws* soos aangehaal deur Bonner 207.
16 Bonner 208.
17 *Idem* 1.
18 *Idem* 137.
19 Griekse opvoedkundiges van die middel van die vyfde eeu vC.
20 Sealy *The justice of the Greeks* (1984) ix.

die konsep van regsverteenwoordiging in die antieke Griekse reg lê daarin dat die Romeine in die tydperk van die voor-klassieke Romeinse reg op verskeie terreine met die Griekse kultuur kontak gehad het en dat hierdie kontak 'n permanente invloed op die totstandkoming van die Romeinse regswetenskap gehad het.[21] Die rigting wat die Grieke aangedui het, is dus deur die Romeine uitgebou. Die Grieke, saam met die Romeine, word as die intellektueel-geestelike voorouers van die westerse beskawing beskou.[22]

3 DIE ROMEINSE REG

Die Romeinse reg is die beginpunt van enige regshistoriese ondersoek van 'n moderne Suid-Afrikaanse regsinstelling[23] en die funksionele doel daarvan is dat dit dien as instrument om die gemenereg te begryp. Dit het oor 'n tydperk van ongeveer twaalf eeue ontwikkel[24] en dit is dus nie 'n eenvoudige en statiese regstelsel nie, maar 'n komplekse en dinamiese stelsel wat deur die eeue ontwikkel het. Die bespreking van regsverteenwoordiging ingevolge die Romeinse reg word nie tot die klassieke tydperk beperk nie. Die verskillende periodes in die ontwikkeling van die regstelsel word ondersoek. Daar is verskillende raamwerke waarvolgens die tydperke in die ontwikkeling van die Romeinse regsgeskiedenis onderskei word,[25] maar dié van Feenstra[26] word nagevolg.

3 1 Die vroegste Romeinse Reg (753 vC tot 250 vC)

In die vroeë Romeinse reg waartydens die formalistiese *legis actio*-prosedure gevolg is, was litigasie in 'n ander se naam, onderworpe aan 'n aantal uitsonderings soos die *actiones popularis*, nie toegelaat nie.[27] Die reël was dat die partye self moes prosedeer.[28] Verteenwoordiging van die eiser is slegs in enkele gevalle toegelaat.[29] Die *Institute* van Justinianus[30] noem 'n paar uitsonderings, waaronder kuratore, maar die algemene reël was *nemo pro alio lege agere potest*. Die *legis actio* was die proses *in iure* en die feit dat die partye aldaar in persoon moes verskyn, het nie die moontlikheid uitgesluit dat andere *apud iudicem* namens hulle kon optree nie.[31]

3 2 Die voor-klassieke Romeinse reg (250 vC tot 27 vC)

Die feit dat verteenwoordiging nie toegelaat is nie, was baie ongerieflik (veral in geval van siekte, ouderdom en langdurige afwesigheid) met gevolg dat die praktyk om deur middel van verteenwoordiging te litigeer, ontwikkel het.[32] Aanvanklik is regsadvies en -bystand gelewer deur juriste wat politieke doelwitte nagestreef het, maar in die eerste eeu vC het 'n groep juriste wat hulle van die politiek onttrek het

---

21 Venter *Regsnavorsing* (1990) 166.
22 Swart en Zietsman 21.
23 Van Zyl "Die regshistoriese metode" 1972 *THRHR* 21.
24 Hosten *et al Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer* (1978) 141.
25 Sien oa Hosten 141 en Van Zyl *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreg* (1977) 1–7.
26 Voet *Commentarius ad Pandectas* (1757) 3 1 1 en Feenstra *Romeinsrechtelijke grondslagen van het Nederlands privaatrecht: Inleidende hoofstukken* (1984) 3–6.
27 Seckel en Keubler *The Institutes of Gaius* (1988) 4.84.
28 Van Warmelo *Die oorsprong en betekenis van die Romeinse reg* (1977) 293.
29 Modderman *Handboek voor het Romeinsche reg* (1908) 256.
30 *I* 4 10.
31 Thomas *Textbook of Roman law* (1976) 103.
32 *I* 4 10.

en net op die reg gekonsentreer het, na vore getree. Die beweging na spesialisasie was die gevolg van Griekse invloed.[33]

Onder die juriste is tussen *advocatus* en *patronus* onderskei.[34] Advokate was juriste wat aan vriende regsadvies verskaf het of hulle deur hul teenwoordigheid moreel ondersteun het. Hulle het litigante in siviele gedinge bygestaan deur hulle van advies te bedien met betrekking tot regsvrae, deur hulp te verleen ten opsigte van prosedurele aspekte en deur namens hulle te praat.[35] *Patroni* het die belange van hul kliënte beskerm deur mondeling en sonder vergoeding vir beskuldigdes op te tree. Die gebruik om juriste vir hul dienste te vergoed, het mettertyd ontwikkel. Nadat hierdie gebruik gevestig was, is die waarde van regsverteenwoordiging in die vorm van *patroni* nie net besef nie, maar is *patroni* ook deur die howe aangestel. Daar was hoofsaaklik twee oorwegings wat gegeld het by oorweging of *patroni* deur die hof aangestel moes word, naamlik:

(a) waar advies benodig is as gevolg van die invloed waaroor 'n party se opponent beskik; en

(b) waar die vermoë van die *patronus* van die een party soveel groter was as dié van die ander party dat die ongelykheid tot gevolg kon hê dat die kliënt sy saak as gevolg van die gebrek aan ervaring van sy verteenwoordiger kon verloor.[36]

Daar word ingevolge die siviele prosesreg na die aanstelling van regsverteenwoordigers verwys, maar Greenidge[37] is van mening dat die tekste van die tyd die indruk skep dat dit ook op strafregtelike aangeleenthede betrekking gehad het.

3 3 Die klassieke Romeinse reg (27 vC tot 250 nC)

Die funksies van *advocatus* en *patronus* het in hierdie tydperk ineengevloei en die advokate het "die bij een rechtseollege zijn ingeschreven (statuti), vormen min of meer geslote corporatiën."[38] Daar is aanduidings van spesialisasie in hierdie tydperk. Voet[39] vermeld spesifiek die regsreëls met betrekking tot belasting en bedrog en sê dat dit gebeur dat advokate kliënte na kollegas verwys wat in hierdie aspekte spesialiseer.

In die klassieke periode, waartydens die *formula*-prosedure toegepas is,[40] kon die partye by 'n siviele geding namens hulself of ten behoewe van 'n ander optree.[41] So 'n persoon kon as agent of verteenwoordiger in die hof optree.

'n Agent het bekend gestaan as 'n *procurator* en was 'n persoon wat nie formeel aangestel is nie.[42] Sy bevoegdheid om op te tree het hy aan mandaat ontleen.[43] 'n *Procurator* moes sekerheid stel dat 'n ongunstige beslissing gehonoreer sou word.[44] Die *Corpus iuris civilis* maak ook melding daarvan dat 'n slaaf in strafsake deur sy

33 Spiller *A manual of Roman law* (1986) 6.
34 Spiller 7 en Van Zyl (1977) 368 verwys na *patroni* as *oratores*.
35 Selikowitz "Defence by legal counsel in criminal proceedings under South African law" 1965/1966 *Acta Juridica* 55.
36 *Idem* 55–58.
37 Greenidge *Procedure in Cicero's time* soos aangehaal deur Selikowitz 56.
38 Modderman 258.
39 Voet 39 4 32.
40 Van Zyl (1977) 375.
41 *I* 4 10.
42 Thomas *The Institutes of Justinian: Text, translation and commentary* (1975) 309.
43 *G* 4 84.
44 Thomas (1975) 309.

eienaar verdedig kon word[45] en desnoods ook deur die eienaar se *procurator*.[46] 'n *Procurator* is as 'n baie noodsaaklike instelling gesien aangesien dit dit moontlik gemaak het om teen diegene wat nie na hul eie belange kon of wou omsien nie op te tree.[47]

'n Verteenwoordiger in die hof het bekend gestaan as 'n *cognitor* en kon deur sowel 'n eiser as 'n verweerder aangestel word. Die aanstelling is soos volg formeel in die hof gedoen: "QVOD EGO A TE verbi gratia FVNDVM PETO, IN EAM REM LVCIVM TITIVM TIBI COGNITORUM DO" (Omdat ek byvoorbeeld van jou 'n plaas eis, stel ek Lucius Titius as my verteenwoordiger in die hof in hierdie saak aan).[48] Die verweerder was geregtig om op soortgelyke formele wyse 'n verteenwoordiger aan te stel. Dit was nie vir die *cognitor* nodig om sekerheid te stel nie, maar waar hy vir 'n verweerder opgetree het, moes die verweerder sekerheid stel.[49] As 'n *cognitor* namens 'n eiser opgetree het, het hy die eiser se reg op aksie oorgeneem.[50] 'n Verteenwoordiger wat sonder opdrag as eiser of verweerder opgetree het, is 'n *defensor* genoem.[51] Die formeel aangestelde *cognitor* het mettertyd van die toneel verdwyn sodat slegs die *procurator* tydens Justinianus se tydperk aangetref is. Vroue en soldate kon nie as *procurator* optree nie. In die prosesfase *apud iudicem* van die *formula*-prosedure was die partye teenwoordig, maar het nie formeel aan die verrigtinge deelgeneem nie.[52] Hulle is normaalweg deur bekwame sprekers verteenwoordig wat die hof in breë trekke oor die meriete van die saak toegespreek en betoë gelewer het voordat inspraak gegee is.[53]

3 4 Die na-klassieke Romeinse reg (250 nC tot 550 nC)

Die *formula*-prosedure is teen die middel van die vierde eeu nC deur die *cognitio*-prosedure vervang. Dit was 'n direkte uitvloeisel van die behoefte aan 'n eenvoudiger en geriefliker wyse van gedingvoering. Waar die verweerder aanspreeklikheid ontken het, is die verhoor steeds begin met toesprake deur regsverteenwoordigers van die onderskeie partye waarin die meriete van die eis en die verweer kortliks uiteengesit is.[54]

3 5 Die tydperk van Justinianus se regering (527 nC tot 565 nC)

Die *Corpus iuris civilis*, wat in 'n groot mate uittreksels van die werke van die klassieke juriste bevat, is 'n gesaghebbende bron van hierdie tyd. Trouens, dit is die basis van die Romeinse reg soos dit ontwikkel het tot aan die einde van die agtiende eeu in Holland en dus ook 'n kenbron by die beskouing van 'n instelling van die moderne Suid-Afrikaanse reg.[55] Seiler[56] is van mening dat die klassieke geskrifte gewysig en aangepas is om voorsiening te maak vir die omstandighede van die tyd.

---

45 *D* 48 1 9.
46 *D* 48 1 11.
47 Mommsen *et al The Digest of Justinian* (1985) 86.
48 *I* 4 83.
49 Thomas (1975) 309.
50 *G* 4 97 98.
51 Modderman 258 en van Warmelo (1970) 295.
52 Thomas (1975) 310 en Spiller 37.
53 Van Zyl (1977) 379.
54 *Idem* 386–387.
55 Van Zyl (1972) 23–24.
56 Seiler "Roman law in Germany today" 1978 *TSAR* 61.

Gedurende Justinianus se tyd was daar weinig onderskeid tussen straf- en siviele sake met die gevolg dat verteenwoordigers in strafsake vir 'n beskuldigde kon optree op 'n soortgelyke wyse as in siviele sake.[57] Van der Berg[58] maak die stelling dat die reël dat prokureurs nie hul kliënte in strafsake kon verteenwoordig nie, sterk toegepas is. Hierdie stelling moet egter gekwalifiseer word omdat die *procurator* of *cognitor* as sy kliënt se agent in al die kliënt se sake opgetree het. Die uitwerking hiervan was dat die prinsipaal se teenwoordigheid dan nie vereis is nie. Dit is hier waar die onderskeid tussen straf- en siviele sake duidelik na vore gekom het. In strafsake moes sowel die beskuldiger as die beskuldigde persoonlik voor die hof verskyn. In hierdie stadium is verteenwoordiging nie toegelaat nie, maar na *litis contestatio* kon albei partye verteenwoordig word, onderworpe aan die voorwaarde dat die beskuldigde in sommige gevalle[59] persoonlik teenwoordig moes wees. Gedurende hierdie tydperk word gevind dat reëls met betrekking tot fooie ontwikkel is[60] en dus dat die professie van advokatuur daargestel is. Die Romeinse praktyk was dat verteenwoordigers vanuit die geledere van advokate aan persone toegewys is waar verteenwoordiging ontbreek het.[61] Advokate kon slegs weier waar hulle 'n geldige rede gehad het en dit is as 'n openbare plig gesien om op te tree.[62] Dit was ook die plig van voorsittende beamptes om te verseker dat die vermoë van die advokate by 'n geding teen mekaar opweeg sodat die minder kundige advokaat nie deur sy gebrek aan ervaring sou veroorsaak dat 'n party sy saak verloor nie.[63]

In die derde eeu nC is 'n hoogsontwikkelde strafreg en strafprosedure ontwikkel wat tot vandag as uitgangspunt vir Europese regstelsels dien.[64] Die belang van die Romeinse reg blyk duidelik uit die feit dat dit 'n groot invloed uitgeoefen het en steeds uitoefen, lank nadat die Romeinse ryk nie meer bestaan nie.

4 DIE ROMEINS-HOLLANDSE REG

Die Romeinse reg en Romeins-Hollandse reg is onafskeidbaar aan mekaar gekoppel.[65] Die Romeins-Hollandse reg is sterk deur die Romeinse reg beïnvloed deurdat die ou skrywers die Romeinse regswetenskap oorgeneem en op die inheemse reg ingeënt het. Daar word algemeen aanvaar dat Romeinse reg in Holland geresipieer is, maar in werklikheid is die Romeinse reg slegs *in subsidium* as 'n model aangewend waar die plaaslike reg tekort geskiet het. As gevolg van die gesistematiseerdheid van die Romeinse reg het die regsgeleerdes en skrywers verder gegaan as wat hulle moes en die toepaslikheid van die Romeinse reg as vanself-sprekend aanvaar, maar dit het nooit die inheemse reg van Holland verdring nie.[66] Dit gebeur selde dat 'n Romeinsregtelike instelling onveranderd in die Suid-Afrikaanse reg voorkom en daarom kan die twee stelsels nie direk met mekaar vergelyk word nie.[67] Daar moet 'n skakel tussen die Romeinse en Suid-Afrikaanse reg gesoek word en hierdie skakel is die Romeins-Hollandse reg.

---

57 Selikowitz 55.
58 Van der Berg "Legal representation: Right or privilege?" 1984 *THRHR* 447.
59 Dit was igv misdade waar lyfstraf, die doodstraf of verbanning opgelê kon word.
60 *D* 50 13 1 10.
61 Voet 3 1 11.
62 *D* 1 16 9 5.
63 Voet 3 1 11.
64 Van Warmelo "Romeinse reg" 1981 *De Jure* 304.
65 Van Warmelo "Die huidige posisie van die Romeinse reg in Suid-Afrika" 1979 *Obiter* 194.
66 De Villiers "Roman Law in Holland and England" 1924 *SALJ* 139.
67 Van Zyl (1972) 24.

Gedurende die vyf eeue wat die oplewing van die reg in Italië voorafgegaan het, was daar nie sprake van ontwikkeling nie en daarom word hierdie tydperk buite rekening gelaat.[68] In die vroeë middeleeue moes die partye by 'n geding die proses self hanteer deur middel van 'n tweegeveg wat by wyse van vrae en antwoorde geveg is. Verrigtinge was in hierdie tydperk baie formeel en ten einde hulself teen die risiko van 'n formele fout te beskerm, het die partye hulle by belangrike sake met regsadviseurs omring. Dit was egter nie ware verteenwoordiging nie aangesien die verrigtinge van tyd tot tyd verlaat is ten einde met die adviseurs te konsulteer.[69] In die twaalfde eeu was daar egter 'n oplewing van die Romeinse reg onder leiding van die glossatore wat die gevolg van die herontdekking van die *Digesta* van Justinianus was.[70] Onder die invloed van die Romeinse reg is 'n meer billike prosedure vir siviele sake ontwikkel ingevolge waarvan ware verteenwoordiging tot stand gekom het. 'n Balie, bestaande uit *advocates*, en 'n sy-balie, bestaande uit *procureurs* (*taelmannen*), het tot stand gekom.

In Holland was oningewydes se behoefte aan regsverteenwoordiging in siviele sake so groot dat persone by wyse van statutêre regulasies of praktyksreëls onder sekere omstandighede in die hoër howe verplig was om deur behoorlik opgeleide persone bygestaan te word.[71] Dit is sowel in belang van die litigante as ter bespoediging van die verrigtinge nodig gevind. Die motivering vir laasgenoemde was dat verwarring en vertraging deur onervarendheid en onkunde veroorsaak is. Die prosedure het uit verskeie formules bestaan waarby streng gehou moes word. Afwykings van die formules was fataal en kon tot 'n boete lei.[72] Die risiko was groot dat 'n party sy saak as gevolg van 'n formele fout kon verloor. Om hierdie rede het litigante in belangrike sake dikwels van die dienste van regsadviseurs gebruik gemaak. Hierdie adviseurs het nie namens die litigant opgetree nie, maar is tydens die verloop van die proses geraadpleeg. Alhoewel die partye die hof self kon toespreek, het hulle as gevolg van die formalistiese prosedure die dienste van 'n prokureur (*taelman*), wat die plegtige formules en die regte vrae en antwoorde van die prosedure geken het, bekom.[73]

In die vroeë Nederlandse strafsake het 'n klaer persoonlik sy beskuldigings aan die beskuldigde gerig.[74] Teen die vyftiende eeu kon 'n persoon wat in strafsake voor 'n hof gebring is nie aandring op 'n reg om deur 'n advokaat of prokureur verdedig te word nie.[75] Nadat hy gepleit het, kon die beskuldigde die hof versoek om hom toe te laat om verteenwoordig te word. Daar is tussen twee klasse verteenwoordigers onderskei, naamlik *taelmannen* en *raed*.[76] Die funksie van die *taelmannen* was om die hof toe te spreek terwyl van *raed* verwag is om hul kliënte van advies te bedien.[77] Dit wil voorkom of die hof aanvanklik 'n diskresie gehad het om verteenwoordiging toe te laat, maar teen die einde van die veertiende eeu was die

---

68 Van Zyl (1972) 25 is van mening dat die vyf eeue voor die begin van die 12de eeu, agv die retrogressie van die reg, buite rekening gelaat kan word by 'n beskouing van die ontwikkeling van die reg.

69 Hahlo en Kahn *The South African legal system and its background* (1968) 476.

70 Van Zyl (1972) 25.

71 *S v Wessels* 1966 4 SA 89 (K) 91D.

72 Kotzé "History of the Roman-Dutch law" 1909 *SALJ* 78.

73 *Idem* 79.

74 Selikowitz 57.

75 *S v Wessels supra* 91G.

76 Selikowitz 57.

77 Wessels *History of the Roman-Dutch law* (1908) 194. Daar word aangevoer dat die *taelmannen* op die een of ander wyse aan die howe verbonde was.

regters verplig om te sorg dat onverdedigde aangeklaagdes verdediging bekom. In 'n oktrooi wat in 1404 aan Kennerland toegestaan is, is uitdruklik bepaal dat niemand 'n prokureur of advokaat mag verbied om vir 'n ander te verskyn nie.[78] Op 30 Junie 1450 het die Hof van Holland 'n dekreet uitgevaardig ingevolge waarvan geen eiser persoonlik kon verskyn nie, maar 'n prokureur moes aanstel. Dit was die begin van die aanstelling van *procureurs* in Holland.[79] Die effek van hierdie dekreet op die strafprosesreg is onseker, maar volgens Voet[80] was die posisie nog dieselfde as in die Romeinse reg, naamlik dat die beskuldigde 'n advokaat of prokureur slegs met die toestemming van die regter kon aanstel. Dit kom dus voor asof daar nie 'n algemene reg op regsverteenwoordiging in strafsake bestaan het nie. Tog blyk dit uit die volgende aanhaling uit Voet[81] dat die Romeins-Hollandse praktyk nie so rigied soos die Romeinse reg was nie:

> "It should however be added that, being present in person, he can by permission of the judge employ the services of an advocate or the aid of an attorney, if perchance he is without skill in the business of courts."

Op 9 Julie 1570 is die Strafprosesordonnansie van Philip II, wat die basis van die strafprosesreg in die Nederlande en die Kaap geword het, afgekondig.[82] Ingevolge artikel 14 is beskuldigdes nie toegelaat om deur *voorspracke* of *taelmannen* te praat nie, tensy die regters van mening was dat sodanige regsverteenwoordiging nodig was. Die artikel het alle gewoontes en gebruike wat strydig met die artikel was, afgeskaf omdat die gebruik van regsverteenwoordigers die administrasie van geregtigheid belemmer het en drogredenering (*cavillatien*) tot gevolg gehad het.[83]

In die sestiende eeu is 'n regsverteenwoordiger in die vorm van 'n *taelman* of *voorspraek* aan 'n beskuldigde toegewys waar hy nie alreeds oor dusdanige dienste beskik het nie en hy dit versoek het. Die Romeinsregtelike vereiste van die "invloed" van die opponent wat so 'n groot rol gespeel het by die besluit of bystand nodig was, is vervang deur die vraag of die beskuldigde sy eie verteenwoordiging kon bekostig.[84] Die praktyk in Nederland om 'n beskuldigde toe te laat om deur 'n regsverteenwoordiger verdedig te word, gaan terug na die begin van die vyftiende eeu.[85] So bepaal die "Great Privilege" van 15 Maart 1476 van Mary van Boergondië dat 'n persoon vir homself kan pleit of dat hy die dienste van 'n prokureur kan bekom. Die howe het onderskei tussen sake wat voor die howe afgehandel moes word en sake wat voor ondergeskikte regters moes dien. In eersgenoemde geval was dit praktyk dat die howe in siviele sake verteenwoordiging deur 'n prokureur vereis het.[86] Die praktyk is besonder streng toegepas in die geval waar 'n gedingsparty die eiser was. So bepaal 'n ordonnansie van 2 April 1672 dat eisers hulle net na die hof kan wend as 'n petisie deur 'n prokureur of advokaat geteken is. Johannes van der

---

78 Kotzé 64–65.

79 CH Van Zyl "A brief history of the law of attorneys so far as South Africa is concerned" 1912 *SALJ* 261.

80 3 3 15.

81 3 3 15.

82 Wessels 376.

83 Selikowitz 58 meld ook dat die reël in die ordonnansie van 1570 waardeur die reg op regsverteenwoordiging beperk was, nie oral ontvang is nie. Hy gaan dan voort en noem oa die "Custom of Flushing" in Antwerp waar die geleentheid om deur prokureurs verdedig te word as 'n *goede recht* en 'n *voorrecht* gesien is.

84 Voet 3 1 11.

85 Kotzé 64.

86 Grotius *Introduction to practice* (1903) bk 1 hfst a 14.

Linden (1756–1835)[87] meld dat verweerders uit noodsaak die bystand van prokureurs nodig gehad het, omdat slegs prokureurs wat tot die hof toegelaat is die formules kon formuleer. Waar ondergeskikte regters ter sprake was, kon gedingspartye self optree, maar Van der Linden[88] het die praktyk as so ingewikkeld beskou dat hy privaat persone gewaarsku het dat dit beter was om 'n ervare prokureur aan te stel sodat hulle nie hul sake as gevolg van 'n gebrek aan kennis sou skaad nie.

In die sewentiende eeu merk Van Leeuwen[89] op:

> "As many persons by reason of their inexperience in legal matters, or by reason of their necessary absence, cannot or may not maintain and conduct their own causes, necessity has introduced that one may prosecute them through the assistance of others, legally authorised thereto, after enquiry [was] had as to their ability. Such authorised persons are pleaders and interpreters, otherwise called Advocates and Attorneys."

Die doel van advokate in siviele sake was om sake vir hul kliënte te hanteer en die interpreteerders, wat ook *procurators* genoem is en wat vir die verloop van die geding verantwoordelik was, te adviseer.[90]

Vanaf die dekreet van 1450 tot 1658 is verskeie plakkate en regulasies afgekondig wat die werksaamhede van prokureurs gereguleer het. Dit sluit onder andere aspekte soos opleiding, kwalifikasies en hul instruksies aan advokate in. So bepaal die plakaat van Charles V van 20 Augustus 1551 byvoorbeeld dat advokate en prokureurs hul kliënte eerlik en getrou moet dien.[91] Hierdie amptelike regulering van die beroep en die behoefte aan beheer oor die aktiwiteite en werkswyse van advokate en prokureurs is 'n aanduiding van die erkenning wat die beoefenaars van die beroepe geniet het.

Teen die eerste helfte van die negentiende eeu was die posisie dat

> "if a person wishes to go to law, either as plaintiff or defendant, he would act most advisedly in engaging an attorney, or if the case is of some importance and somewhat complicated, in engaging an advocate and an attorney".[92]

Die Romeinse praktyk is, behalwe in geval van armlastiges, nie gevolg nie. Dit was, ooreenkomstig elke gebied se gebruik, in die regter se diskresie om te besluit of die toegewese bystand deur juniors of deur alle advokate gelewer moes word. Advokate is, anders as in die Romeinse praktyk, nie volgens vermoë teen mekaar opgeweeg nie.[93]

5 DIE ENGELSE REG

Alhoewel die Romeinse reg nooit in Engeland "geresipieer" is nie, is baie van die beginsels sonder uitdruklike erkenning aangeneem. Gevolglik was die Romeinse invloed op die Engelse gemenereg van wye omvang.[94]

---

87 In sy byvoeging tot Voet se *Commentarius ad Pandectas* 3 1 1 vn (a).
88 *Ibid.*
89 Van Leeuwen *Het Roomsch-Hollandsche recht* vertaal deur Kotzé *Commentaries on the Roman-Dutch law* (1921) soos aangehaal deur Botha "Early legal practitioners of the Cape Colony" 1924 *SALJ* 255.
90 Van Leeuwen soos aangehaal deur Van Zyl (1912) 264.
91 Van Zyl (1912) 263–264.
92 Van der Linden *Institutes of Holland* (vert deur Juta) (1906) 262–263 soos aangehaal deur Selikowitz 59.
93 Voet 3 1 11.
94 De Villiers 141.

Voor Julius Caesar se inval van Brittanje in 55 vC het die druïdes, 'n godsdienstige groep wat ook verantwoordelik was vir die handhawing van die reg ("laws") en gewoonte, regsadvies bedien aan partye wat by regsgeskille betrokke was.[95] Die eerste verwysing na regsverteenwoordiging in die Engelse reg is te vinde in die wette van Hlothaere en Aedric, konings van Kent wat uit 685–686 nC dateer.[96] Hierdie wetgewing het 'n meganisme vir die herwinning van gesteelde goedere daargestel en die term *advocatio* is gebruik.[97] Cohen[98] is van mening dat dit die eerste "gleam of representation in formal matters" is.[99] 'n Brief wat na 900 aan koning Edward geskryf is, lees soos volg:

> "When Helmstan committed the crime of stealing Aethered's belt . . . Then he sought me and prayed me to be his intercessor (forspeca) . . . Then I spoke on his behalf (spaec ic him fore) and interceded for him with King Alfred . . . so he allowed him to be lawworthy at my intercession (for mire forspaece) . . ."[100]

Een van die belangrikste bronne van die Angel-saksiese periode is die *Quadripartitus*, 'n versameling ou Engelse wette. Die belangrikste deel is die *Leges Henrici Primi*. Lieberman[101] is van mening dat dit rondom 1114–1118 vir Henry I geskryf is. Die *Leges Henrici Primi* bevat onder andere besprekings onder die hoofde *Advocatus, Concilium, Defensor* en "Professional Lawyers". Cohen[102] beskou die *Quadripartitus* se *advocatus* as die "rudimentary germ" van regsverteenwoordiging in Engeland.

Die Normandiese verowering van Engeland in 1066 het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van regsverteenwoordiging as instelling, aangesien daar 'n toename in geskille tussen die veroweraars en die inboorlinge was. Dit was heel waarskynlik vóór die ontwikkeling van die Engelse gemenereg 'n algemene idee dat 'n litigant op regsbystand geregtig is, en dat hy by verrigtinge deur 'n advokaat verteenwoordig kon word.[103] Hierdie praktisyns het egter nie altyd 'n kenmerkende regsprofessie gevorm nie.[104] Daar word aangevoer dat daar eerstens na die geestelikes vir regshulp gekyk is. So is daar in die begin van die 12de eeu opgemerk dat "there was no clerk who was not also a legal adviser".[105] Persone wat in die hof gepraat het, moes oor kennis en ervaring van die praktyk en die voorgeskrewe formules beskik. Dat afwyking van die formules fataal was, kan uit die gevolge van "miskenning" afgelei word. "Miskenning" was "failing to say the usual words in counting[106] and defending".[107] Die voordele van 'n "counter" het teen 1200 duidelik geblyk deur die toepassing van die beginsel van *de advocatus*. Hiervolgens was 'n advokaat se foute in die hof sonder gevolge indien hy aangedui het dat hy onder korreksie praat. Van

---

95 Bodey *Religion* (1973) 9.
96 Lieberman *Die Gesetze der Angelsachsen* III (1903) 18.
97 Whitelock *English historical documents* I (1979) 394.
98 Cohen *A history of the English bar and attornatus to 1450* (1929) 2.
99 Zane "The five ages of the bench and the bar in England" 1907 *Illinois LR* 1 voer egter aan dat daar voor die Normandiese inval van 1066 geen regspraktisyns in Engeland was nie.
100 Cohen 3. *Forspeca* is die Angel-saksiese woord vir advokaat.
101 Lieberman *Über das englische Rechtsbuch Leges Henrici* (1901) 314.
102 11.
103 Downer *Leges Henrici Primi* (1972) 157.
104 Baker *The order of serjeants at law* (1984) 8.
105 Pollock en Maitland *History of English law before the time of Edward I* (1898) 214.
106 "Count" is 'n formele klagte deur 'n eiser.
107 Bateson *Borough customs* (1906) 1.

hierdie "counters" kon as vriende optree, maar teen 1220 was van hulle gereelde praktisyns.[108]

Die monnike was die geleerdes van die tyd en dan ook die persone wat die lyfeienes moes bystaan in hul aksies teen die feudale heersers. Soos dit gestel word:

> "[T]he bishop and the parish priest . . . could help the Saxon serf and the Norman villein in various ways . . . They stood between him and the oppression of the feudal superior . . . They were his advocates in the courts of Law."[109]

'n Verdere gevolg van die Normandiese verowering was dat die verrigtinge in die *Curia Regis* in Frans of Latyn gevoer is. Dit het veroorsaak dat partye die dienste van persone moes bekom wat die taal van die howe verstaan het. Hulle het as *narratores* of "pleaders"[110] bekend gestaan. Eers in 1362 het 'n Engelse wet[111] bepaal dat alle hofverrigtinge in Engels sal geskied omdat "the great mischiefs which have happened to many people of the realm because the laws, customs and statutes are not commonly known . . . because they are pleaded . . . and judged in the Frensh language, which is too unknown".[112]

Die saak van *Archbishop Lanfranc v Bishop Odo* van ongeveer 1071 is bewys van die bestaan van 'n regsprofessie op sowel die Europese kontinent as in Engeland. In hierdie saak verwys Lanfranc na sy regsopleiding wat waarskynlik in Bologne ondergaan is.[113] Die behoefte aan regsverteenwoordiging is in hierdie tyd grotendeels deur formalisme veroorsaak. Aksies is by wyse van regsformules gevoer en afwyking daarvan was fataal.[114]

In 1121 is daar ook in *Modbert v Prior and Monks of Bath* van *advocati* melding gemaak. Die geskrifte van John of Salisbury, Biskop van Chartres, wat in die 12de eeu geleef het, verwys ook na *advocati* en *procuratores* wat uit verkeerde dade geld gemaak het.[115] Die feit dat die proses mondeling plaasgevind het en daar nie van skriftelike prosesstukke gebruik gemaak is nie, is deur die regsverteenwoordigers uitgebuit. Hulle het die proses só uitgerek dat van die inligting tot hul kliënte se voordeel vergeet is. Die eerste spore van "paper pleading" word eers in 1460 gevind.[116]

Soos in Rome en Holland is daar aanvanklik ook van persone vereis om persoonlik in siviele sake te verskyn, maar later was dit moontlik om 'n agent (prokureur) met die goedkeuring van die soewerein aan te stel. Hierdie vereiste van spesiale goedkeuring is in 1235 by wyse van 'n wet afgeskaf en *eisers* het die *reg* gekry om prokureurs aan te stel om namens hulle en in hul afwesigheid in *enige* regsgeding op te tree.[117] Reeds voor 1302 het daar egter 'n reël bestaan ingevolge waarvan verteenwoordiging nie in strafsake toegelaat is nie.[118] Die beweegrede vir hierdie reël is dat 'n beskuldigde in ernstige misdade minder geleentheid gebied moet word

---

108 Baker 11.
109 Cohen 45.
110 *Idem* 170 174.
111 *Statutes of the realm* III 375.
112 Douglas *English historical documents* (1969) 483.
113 Macdonald *Lanfranc* (1926) 4.
114 Bateson 1 en Cohen 50.
115 John of Salisbury *Policraticus* (1159) in Cohen 121.
116 Holdsworth *A history of English law* (1903) vol III 646.
117 Van Zyl (1912) 265.
118 Stephen *A general view of the criminal law of England* (1890) 46.

om die gevolge van sy wandade te ontkom. In die 13de eeu was daar pogings om regspraktisyns te verbied. So het die abte van Ramsay en St Alban's dit in die tyd van Henry III (1216–1272) in hul "manorial" howe gedoen.[119] Die koninklike regters het ook bystand aan beskuldigdes wat van misdade aangekla is, verbied.[120] Die vrees was dat die praktisyn se "undue skill and competence in advocacy" sou verhoed dat geregtigheid geskied.[121] Die afleiding wat gemaak kan word, is dat vroeg reeds besef is dat verteenwoordiging die kanse op sukses vergroot. Teen die begin van die vyftiende eeu was die reël in Engeland dat 'n aangehoudene nie op verteenwoordiging kon aanspraak maak waar hy weens 'n ernstige misdaad aangehou is nie, tensy 'n regspunt geargumenteer moes word. In geval van minder ernstige oortredings kon die aangehoudene wel op verteenwoordiging aanspraak maak.[122] Die reg op verteenwoordiging in alle sake is eers in 1836 verleen.[123]

Die prokureursberoep het reeds van die vroegste tye in Engeland bestaan, maar die presiese periode waarin dit ontstaan het, is nie bekend nie. Dat gebruikmaking van regsverteenwoordigers gewens was, blyk uit die volgende aanhaling wat dateer uit die tyd van Henry II:[124]

> "The days dragged painfully on as, without any help of trained lawyers, the 'suitors' sought to settle perplexed questions . . ."[125]

Die idee van regsverteenwoordiging het in hierdie tyd groter bekendheid verwerf. Faktore wat hiertoe bygedra het, was die uitbreiding van die stelsel van rondgaande howe, die vestiging van 'n permanente koninklike geregshof in Westminster en die ontwikkeling van 'n stelsel van "writs" (lasbriewe). Die groot verskeidenheid lasbriewe en die wyse waarop hulle saamgestel is, het 'n behoefte aan interpreteerders laat ontstaan. Soos Cohen[126] dit stel:

> "But the writ alone, with its long history, would amount for a rise of a specialist class: form was the very essence of a writ."

In 'n dokument, *The commune of London*, wat uit die periode voor 1180 dateer, word ook van 'n *attornatus* melding gemaak.[127] *Attornatus* beteken "deputy or substitute". Brunner[128] beskou die *attornatus* as 'n produk van die Normandiese invloed. Hy sê:

> "The *attornatus* or *atourne* meets us in the Norman legal services as a special type of representative for legal proceedings . . ."[129]

Die opkoms en ontwikkeling van regsverteenwoordiging as 'n professie kan nie jaar vir jaar nagevolg word nie, maar 'n progressiewe ontwikkeling kan tog in 'n mate chronologies bespeur word:[130]

---

119 Maitland *Selected pleas in manorial courts* (1889) 136.
120 Palmer "The origin of the legal profession" 1976 *The Irish Jurist* 130.
121 Blake 11.
122 Kotzé 64.
123 Selikowitz 62.
124 Regeer 1154–1189.
125 Association of American Law Schools *Selected essays in Anglo-American legal history* (1907) 117.
126 125.
127 Round *Feudal England* (1895) 86.
128 Brunner *Forschungen zur Geshichte des deut u fran Rechts* (1878) 422.
129 Dit kom voor asof die *attornatus* se werk aanvanklik baie terloops ("casual") was. So is Katherine Bompuz in 1306 as "attorney" aangestel om 'n goue ring in ontvangs te neem (Thomas *Early mayors' court rolls* 246).
130 Cohen 138 ev.

1159: 'n Koninklike "writ" verleen aan Abingdon goedkeuring om 'n *attornatus* na die rondgaande howe ("assizes") en howe in die algemeen te stuur.

1223: 'n "Proxy" word aangestel om in die "shiremoot" van Staffordshire te verskyn.

1230: In 'n jurisdiksiegeskil tussen twee abte "both the plaintiff and defendant pleaded by attorney, but at least one of the parties was present".

1235: Die praktyk hierbo word deur die Wet van Merton bekragtig.

Die regsprofessie het alreeds in die tydperk van Edward I (13de eeu) bestaan en is daar tussen prokureurs ("attorneys") en "pleaders" (*narratores*, *counteurs* of "sergeant"-*counteurs*) onderskei. In *The Sergeants case* van 1839, wat oor eksklusiewe verskyningsregte vir "sergeants" by die "Bar of the Common Pleas" gehandel het, het lord Brougham die onderskeid soos volg aangedui:

> "If you appear by an attorney, he represents you, but when you have the assistance of an advocate you are present and he supports your cause by his learning, ingenuity and zeal."[131]

In hierdie tyd het daar 'n wet getitel *De attornatis* bestaan wat van regters vereis het om persone van goeie karakter as prokureurs te kies. In *De attornatis et apprenticiis*, 'n dokument van 1292, vereis die koning van John van Metingham dat hy vir elke plaaslike gebied ("shire") moet soek vir mense van

> "the best standing and the most willing learners according as they think it would be good for their court and the King's subjects; further, that those so chosen shall follow the court and deal with the business there and no one else shall".

Dit was egter eers gedurende Henry IV se heerskappy (1399–1413) dat van regters vereis is om ondersoek na die geskiktheid van persone vir die prokureursberoep in te stel.[132]

Teen 1300 is die werk van "counters and other learned counsel" uitdruklik deur die parlement goedgekeur. Soos Blake[133] dit stel:

> "It thus appears that the Counters in the Bench during the 1290's numbered between 25 and 30 and that the majority of them . . . were fully fledged advocates."

Diegene wat nie so gereeld in die "plea rolls" te vinde was nie, is deur die "clerks of the Bench" as *narratores* beskryf. Hierdie *narratores* het later as *servientes ad legem* bekend geraak en is later weer deur "serjeants at law" vervang.[134] In 1471 is "serjeant" beskryf as "a minister of art, without whom the art could neither be served nor occupied".[135] Die sterk posisie waarin die "serjeants" hulle bevind het was grotendeels toe te skryf aan die feit dat hulle 'n monopolie gehad het om in die "Common Pleas" te pleit en om regters in beide die King's en Queen's Bench aan te stel. In 1671 verklaar die koning egter:

> "[T]hat such persons as are or shall be appointed to be his majesty's counsel at law by letters patent . . . shall have precedency in all places, before serjeants at law that are not the King's serjeants."[136]

---

131 Holdsworth 311–319.
132 Van Zyl (1912) 265.
133 14.
134 Baker 21.
135 *Pasten v Jenney* (1471) YB Trin Edw IV.
136 Privy Council Register PC 2/63 f 114 (22 Nov 1671).

Hierdie uitoefening van koninklike prerogatief was duidelik 'n verlies aan voorrang en het gelei tot die opkoms van 'n kader van vooraanstaande advokate wat nie deel van die "Order of the Coif", waaraan die "serjeants" behoort het, was nie. Die "serjeants" se monopolie van die "Common Pleas" is egter eers is 1834 verbreek deur 'n brief waarin die koning die hoofregter van die "Common Pleas" beveel het om alle advokate toe te laat. Dit het nie dadelik 'n invloed uitgeoefen nie, omdat die prokureurs wat die opdragte uitgereik het, getrou gebly het aan die "serjeants" wat hulle geken het. Mettertyd het die Orde van die Coif weggekwyn en teen die begin van die 20ste eeu was daar slegs twee oorlewendes wat lede van die orde was.[137]

Die gebruikmaking van skriftelike pleitstukke in die middel van die 15de eeu het 'n effek gehad op die meganismes van regsinstellings en op die reg in geheel. Dit het byvoorbeeld gelei tot 'n onderskeid tussen diegene wat die pleitstukke voorberei en diegene wat die saak in die hof hanteer, naamlik die "attorney" en die "narrator".[138] Uiteindelik het hierdie onderskeid daartoe gelei dat die Inns of Court in die 16de eeu begin weier het om prokureurs tot die balie toe te laat.

Gedurende die 18de eeu was verhore meestal amateuragtige gebeurtenisse waarin gerespekteerde lede van die publiek as jurielede, aanklaers en toeskouers deelgeneem het.[139] Bykans alle ernstige oortredings is deur juries by "assizes"[140] of "quarter sessions" verhoor.[141] Omdat daar nie 'n professionele polisiediens was nie, het individue, gewoonlik die slagoffer, die vervolging ingestel en hanteer. Daar was egter ook aanklaers, maar baie van hulle het van beskeie agtergronde gekom. So kon 'n derde van die aanklaers in die Essex "quarter sessions" nie eers skryf nie.[142] Die verhore het hoofsaaklik sonder regskundiges geskied, maar teen 1730, toe advokate vergoeding kon ontvang, is hulle toegelaat om getuies te ondervra en te kruisondervra, maar nie om die jurie toe te spreek nie. Aanklaers is ook toegelaat om van regsbystand gebruik te maak indien hulle dit kon bekostig, maar in die reël was dit nie nodig nie omdat die regter die ondervraging en kruisondervraging sou uitvoer. So is daar in 'n ondersoek na 171 verhore in die Old Bailey gedurende die 18de eeu bevind dat raadsmanne in ses gevalle vir die vervolging opgetree het en in agt gevalle vir die verdediging.[143] Die effek van die regspraktisyns se vaardigheid in kruisondervraging namens die verdediging blyk duidelik uit die opmerking dat "[w]e can point to a couple of cases in [the judges'] notes where the job was done so skilfully that it resulted in acquittals".

Mettertyd het die praktyk ontwikkel om aanklaers vir hul uitgawes te vergoed. Dit het vergoeding aan regsverteenwoordigers ingesluit. Die gevolg was dat die vraag

---

137 Baker 129.

138 Holdsworth 653–654.

139 Young en Wall *Access to criminal justice: Legal aid, lawyers and the defence of liberty* (1996) 27.

140 Dit was die sessies wat periodiek in elke "county" (graafskap of distrik) gehou is om siviele en strafregtelike geregtigheid te administreer (Onions *The shorter Oxford English dictionary on historical principles* (1970). Dit staan egter ook bekend as rondgaande howe (Bosman *et al Tweetalige woordeboek* (1977).

141 In Engeland was dit howe met beperkte siviele en strafregtelike jurisdiksie en appèl wat kwartaalliks deur die vrederegters van die onderskeie distrikte binne hul distrikte gehou is (Onions).

142 King "Decision-makers and decision-making in the English criminal law 1750–1800" 1984 *Historical J* 33.

143 Langbein "Shaping the eighteenth century criminal trial: A view from the Ryder sources" 1983 *U of Chicago LR* 124.

teen die einde van die 18de eeu ontstaan het of beskuldigdes nie ook verteenwoordig moet word nie en in besonder of die beskuldigde se verteenwoordiger nie die reg het om die jurie toe te spreek nie. Wetgewing tot dien effekte is by vier geleenthede ter tafel gelê,[144] maar dit is telkens weens die teenstand van die regters nie deurgevoer nie. Die Prisoner's Counsel Act 1836 het ondanks hewige teenstand egter aan gevangenes wat daarvoor kon betaal die reg verleen om raadsmanne aan te stel wat die jurie ook kon toespreek. Dit het tot 'n dramatiese uitbreiding van die balie gelei.[145] Hierdie advokate het namens sowel die vervolging as die verdediging opgetree. Beskuldigdes moes self die koste van een guinea dra terwyl dit as deel van aanklaers se uitgawes beskou is. Die gevolg was dat meer as die helfte van die aanklaers in die "assizes" en "quarter sessions" teen 1843 verteenwoordig was terwyl slegs 'n kwart van die beskuldigdes hierdie voorreg geniet het.[146] In moordsake het die regters gewoonlik die advokate versoek om gratis op te tree.[147]

5 SAMEVATTING EN SLOTOPMERKINGS

In antieke Athene was die uitgangspunt dat elke persoon sy eie saak moes hanteer. Dit was moontlik omdat formalisme ontbreek het en omdat die prosedures aan almal bekend was. Aanvanklik is bystand as vergunning toegelaat, maar later is dit as 'n reg gesien. Die vereiste dat 'n raadsman intiem by die gedingsparty betrokke moes wees, het probleme veroorsaak en dit het gelei tot die ontwikkeling van "toespraakskrywers". Dit was 'n beweging na professionele regsbystand met 'n behoefte aan opleiding en dus die daarstelling van 'n spesialis-instelling, naamlik verteenwoordiging by regsgedinge. Die Griekse bydrae tot verteenwoordiging as instelling is van besondere belang omdat die Grieke 'n groot invloed op die ontstaan van die Romeinse regswetenskap gehad het.

Die Romeinse reg is op sy beurt die basis van enige regshistoriese ondersoek na 'n Suid-Afrikaanse regsinstelling. Voordat daar met die Griekse kultuur kontak was, was die algemene reël dat partye self moes optree. Kontak met die Grieke en die ongerief van die verbod op verteenwoordiging het mettertyd tot die lewering van regsadvies en bystand gelei. Regsverteenwoordiging as instelling het oor die volgende 800 jaar evolusionêr ontwikkel totdat die professie van die advokatuur in die tydperk van Justinianus daargestel is. Die belang van die Romeinse reg lê daarin dat dit 'n groot invloed op die Europese regstelsels uitgeoefen het. Die Romeinse reg as stelsel kan egter nie direk met die Suid-Afrikaanse regstelsel vergelyk word nie omdat dit selde gebeur dat 'n Romeinsregtelike instelling onveranderd in die Suid-Afrikaanse reg voorkom.

Die Romeins-Hollandse reg is die skakel tussen die Romeinse reg en die Suid-Afrikaanse reg soos dit hier te lande ontwikkel het. Die Romeins-Hollandse reg ten opsigte van regsverteenwoordiging het ook ontwikkeling getoon met die gevolg dat dit in sommige opsigte van die Romeinse reg verskil het. Die posisie in die Romeins-Hollandse reg was dat verteenwoordiging in siviele sake sterk aanbeveel is. Of 'n party die dienste van 'n prokureur of 'n advokaat en 'n prokureur moes bekom, het van die belangrikheid en ingewikkeldheid van die saak afgehang. Wat

144 1821 1824 1826 1834.

145 Hostettler *The politics of criminal law reform in the nineteenth century* (1992) 45 vermeld dat daar in 1809 slegs 459 advokate was terwyl daar teen 1846 meer as 3000 was.

146 Philips *Crime and authority in Victorian England* (1977) 104.

147 Young en Wall 30.

strafsake betref, het die reg op verteenwoordiging oor die algemeen afgehang van die hof se houding.[148] 'n Beskuldigde kon nie op 'n reg op regsverteenwoordiging aanspraak maak nie. Daar was egter baie sterk gevoelens ten gunste van regsverteenwoordiging. So sê Vroman[149] dat dit niemand ontneem mag word nie en verder ook: "Ja ook de Duivel niet, indien hy in't Gerigte kwam te verschynen." Met die vestiging van die halfwegstasie aan die Kaap was die posisie van verteenwoordigers tot die jaar 1806 dieselfde as in Holland,[150] naamlik dat verteenwoordiging in siviele sake sterk aanbeveel is terwyl die reg op verteenwoordiging in strafsake oor die algemeen van die hof se houding afgehang het.

Die Romeinse reg het ook op die Engelse reg 'n invloed uitgeoefen en ook dáár het 'n gestruktureerde en georganiseerde regsberoep tot stand gekom. Die belang van die Engelse reg lê daarin dat die Kaapkolonie in 1806 finaal deur Brittanje oorgeneem is. Alhoewel die agste artikel van die Artikels van Kapitulasie onder andere vir die voortgesette toepassing van die Romeins-Hollandse reg voorsiening gemaak het, het dit later onafwendbaar geblyk te wees dat die Engelse reg 'n invloed op die Suid-Afrikaanse reg sou uitoefen. Dit het veral vir die prosesreg gegeld.

Die posisie ten opsigte van die reg op regsverteenwoordiging tot en met konstitusionalisering in 1994 is die produk van 'n evolusionêre proses wat oor 'n tydperk van ongeveer drieduisend vierhonderd jaar strek. Die geskiedenis van die regsprofessie is een van geleidelike verandering eerder as merkwaardige gebeure. Die kragte wat aktief in hierdie ontwikkelingsproses was, is uiteenlopend en het hul oorsprong in verskeie geskiedkundige tydvakke gehad. Tog is daar 'n aaneenlopende skakel tussen die bydraende faktore. In Deel 2 van hierdie artikel word die ontwikkeling van die reg op regsverteenwoordiging sedert 1652 tot na konstitusionalisering in oënskou geneem.

(*word vervolg*)

HUGO DE GROOT-PRYS

Die Hugo de Groot-prys vir die beste bydrae oor die Grondwet is toegeken aan professor M Havenga *vir haar artikel "Corporations and the right to equality".*

148 Voet 3 3 15.
149 Vroman *Tractaat de foro competenti* (1721) 2 4 3.
150 Van Zyl (1912) 267.

The outsider and natural justice: A re-examination of the scope of application of the *audi alteram partem* principle

Daniel Malan Pretorius
BA LLB LLM
Attorney, Bowman Gilfillan Inc, Sandton

"There was one thing though that vaguely bothered me . . . In a way, they seemed to be conducting the case independently of me. Things were happening without me even intervening. My fate was being decided without anyone asking my opinion." – Albert Camus *The outsider*.[1]

OPSOMMING

Die buitestander en natuurlike geregtigheid: 'n Herondersoek na die toepassingsveld van die *audi alteram partem*-reël

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die *audi alteram partem*-reël slegs van toepassing is wanneer 'n owerheidsorgaan ingevolge statutêre magte 'n handeling verrig wat 'n individu se vryheid, eiendom of bestaande regte nadelig aantas, of wanneer die individu 'n regverdigbare verwagting het dat hy of sy aangehoor sal word voordat die handeling verrig word. Die algemeen-aanvaarde siening is ook dat bogenoemde uiteensetting van die toepassingsveld van die *audi*-reël tot gevolg het dat 'n persoon wat 'n aanvanklike aansoek rig aan 'n owerheidsorgaan vir 'n betrekking, lisensie, permit of soortgelyke beskikking ten opsigte waarvan die aansoeker geen reg of regverdigbare verwagting het nie, nie kan aandring op 'n geleentheid om sy of haar saak te stel voordat die aansoek van die hand gewys word nie.

In hierdie artikel word aan die hand gedoen, met verwysing na toepaslike regspraak, dat daar heelwat gesag in ons reg is vir 'n meer buigsame en omvattende benadering. Selfs al het die aansoeker geen regsaanspraak op die verlangde betrekking of lisensie nie, en selfs al het hy of sy nie 'n regverdigbare verwagting van 'n gunstige beslissing of dat hy of sy aangehoor sal word nie, is hy of sy geregtig daarop om 'n saak te stel ter ondersteuning van die aansoek, of ten minste om die besluitnemer aan te spreek ten opsigte van oorwegings wat teen die aansoeker in ag geneem word. Daar word ook kortweg verwys na die implikasies van die grondwetlike waarborg van administratiewe geregtigheid, en na tersaaklike Engelse en Australiese regspraak.

1 1983 Penguin edition (translation by Joseph Caredo) 95.

1 INTRODUCTION

In South African law, it is generally accepted that the *audi alteram partem* principle applies whenever a statute empowers a public official or body to perform an act or to give a decision prejudicially affecting an individual in his or her liberty, property or existing rights, or whenever an individual has a legitimate expectation entitling him or her to a hearing.[2]

In *Foulds v Minister of Home Affairs*[3] the court intimated that a "complete outsider" would ordinarily not be entitled to invoke the *audi* principle. The expression "complete outsider" seems to have been intended to refer to a person who seeks a right, a benefit or a position which he or she has not previously held, to which he or she does not have any legal claim, and which he or she does not have any legitimate expectation of obtaining, and who does not have any legitimate expectation of being heard before his or her application is turned down.[4] Is it correct that such an outsider does not have a right to be heard in respect of his or her application for the new right, benefit or position sought by him or her?

In *McInnes v Onslow-Fane*[5] the court distinguished between three types of administrative decision in attempting to define the circumstances in which an individual is entitled to a hearing: forfeiture cases (decisions which deprive a person of a right, a position or a benefit which he or she already holds, for example where a public servant is dismissed or a licence is revoked); expectation cases (decisions regarding the confirmation, renewal or continuation of a right, a benefit or a position already held by the person concerned); and application cases (decisions refusing to grant the applicant the right, benefit or position that he or she seeks, and that he or she has not previously held).

Megarry V-C held that it was "plainly apt" that, in forfeiture cases, the individual concerned be granted a fair hearing because there was a threat to take something away for some reason. On the other hand, he stated that in application cases there was no right to be heard because nothing was being taken away, and normally there were no charges against the applicant. In his view, expectation cases were akin to forfeiture cases because the expectation of renewal, continuation or confirmation was one which raised the question of what it was that had

---

2 *Administrator, Transvaal v Traub* 1989 4 SA 731 (A); *South African Roads Board v Johannesburg City Council* 1991 4 SA 1 (A) 10G–I; *Du Preez v Truth and Reconciliation Commission* 1997 3 SA 204 (A) 231C–D; *Van der Merwe v Slabbert* 1998 3 SA 613 (N) 624G–I; *Van der Merwe v Smith* 1999 1 SA 926 (C) 934E–G. This formulation of the rule leaves unanswered the question of what meaning should be given to the expressions "liberty", "property" (see *Administrator, Natal v Sibiya* 1992 4 SA 532 (A) 539A–B; *Transkei Public Servants Association v Government of the Republic of South Africa* 1995 9 BCLR 1235 (Tk) 1246; *Cekeshe v Premier for the Province of the Eastern Cape* 1997 12 BCLR 1746 (Tk) 1768J–1769A) and "existing rights" (see *Noble & Barbour v South African Railways & Harbours* 1922 AD 527 536; *Conjwa v Postmaster General, Transkei* 1998 7 BLLR 718 (Tk) 732C–D; Baxter "Fairness and Natural Justice in English and South African Law" 1979 *SALJ* 607 622–623 fn 118) and what circumstances give rise to a legitimate expectation of a hearing.

3 1996 4 SA 137 (W) 149F–G.

4 A similar view was expressed in *SA Metal Machinery Co Ltd v Transnet Ltd* 1999 1 BCLR 58 (W) 66C, where it was held that, unless and until a tender submitted to an organ of state is accepted, the tenderer "is effectively a stranger to the tender process and . . . to the administrative action [involved in evaluating the various tenders]".

5 1978 3 All ER 211 (ChD) 218a–d.

happened to make the applicant unsuitable for the position or licence for which he or she was previously considered suitable. Consequently, in expectation cases, the applicant should be told, before his or her application was turned down, the grounds for the proposed refusal in order to enable him or her to make representations in that regard.[6]

The question arises whether the *Onslow-Fane* trichotomy is applicable in South African law. The so-called forfeiture cases can be equated with "existing rights" cases.[7] But what about the so-called expectation and application cases?

2 EXPECTATION CASES

Megarry V-C regarded *Breen v Amalgamated Engineering Union*[8] as an example of an expectation case. There the plaintiff was a member of a trade union who had been elected a shop steward by his fellow members. The union rules required that his election be confirmed by the district committee of the union in order for it to become effective. That committee decided, however, without having heard the plaintiff, not to confirm his election. The majority of the court held that (except to the extent that allegations of dishonesty might have been taken into account against the plaintiff) the committee was not under any obligation to inform him of their intention not to confirm his election, or to give him an opportunity to make representations in this regard.[9]

In a dissenting judgment, Lord Denning MR made the following statement:

> "If a man seeks a privilege to which he has no particular claim – such as an appointment to some post or other – then he can be turned away without a word. He need not be heard. No explanation need be given . . . But, if he is a man whose property is at stake, or who is being deprived of his livelihood, then reasons should be given why he is being turned down, and he should be given a chance to be heard. I go further. If he is a man who has some right or interest, or some legitimate expectation, of which it would not be fair to deprive him without a hearing, or reasons given, then these should be afforded him, . . . Seeing that [the plaintiff] had been elected to this office by a democratic process, he had, I think, a legitimate expectation that he would be approved by the district committee, unless there were good reasons against him. If they had something against him, they ought to tell him and to give him a chance of answering it before turning him down."[10]

In the *Onslow-Fane* case, Megarry V-C said the following:

> "In *Breen's* case, the plaintiff, having been elected by his fellow members, had a legitimate expectation of confirmation by the committee. If even in a legitimate expectation case there is no general right to notice of what is against the applicant, and the chance of meeting it, in a mere application case there could hardly be a greater right."[11]

---

6 The tripartite classification adopted in the *Onslow-Fane* decision has been subjected to some valid criticism: see Aronson and Franklin *Review of administrative action* (1987) 107; Wade and Forsyth *Administrative law* (1994) 555; De Smith, Woolf and Jowell *Judicial review of administrative action* (1995) 403–413; Cane *An introduction to administrative law* (1996) 179.

7 See *Mahomed v United Lower River Diggers Committee of Barkly West* 1920 CPD 312 315.

8 1971 1 All ER 1148, referred to in the *Onslow-Fane* case (1978 3 All ER 222b–223d).

9 1158c–e, 1159d–e, 1162h–j. See *R v City of London Corporation, ex parte Matson* 1997 WLR 765.

10 1154f–1155c.

11 223b–c.

The majority of the court in *Breen* did not regard the plaintiff as having had a legitimate expectation of having his appointment confirmed by the committee. Consequently, the above statement by Megarry V-C is based on an incorrect interpretation of *Breen's* case. Nevertheless, Lord Denning MR's abovementioned *dictum* in *Breen* has been cited in a number of South African decisions.[12]

There is no doubt that a person who has a legitimate expectation of having an appointment confirmed (or of having a benefit, such as a licence, renewed) is entitled to be heard before a decision adverse to him or her is taken.[13] But does an applicant for renewal or confirmation necessarily have such a legitimate expectation? Megarry V-C thought so.[14] It may be that an applicant for renewal or confirmation will, generally, have a legitimate expectation of a favourable decision, or that he or she will be heard before an adverse decision is taken. It will, however, have to be determined on the facts of each case whether or not the matter gives rise to a legitimate expectation on the part of the applicant.

In our law, there is some authority for the proposition that, even if he or she does not have any legitimate expectation, an applicant for renewal of a benefit is entitled to be heard before a decision adverse to him or her is taken. For example, in *Stern v Wynberg Liquor Licensing Board*[15] the applicant, who had been the holder of a liquor licence for sixteen years, had applied for the renewal of his licence. The licence was renewed but the hours during which he was allowed to sell liquor were curtailed. During its deliberations, after it had adjourned to decide on the application, the respondent had consulted with a police officer about the curtailment of hours. The police officer had put his views before the respondent, without the applicant having been invited to state his own views. The court held that the respondent's conduct had been grossly unfair and, consequently, set the respondent's decision aside.

Likewise, in *Dhulam v Nigel Town Council*[16] the applicant, who had held a hawking licence for twenty years, had applied to the respondent for a certificate

---

12 See *Lunt v University of Cape Town* 1989 2 SA 438 (C) 447C–F; *Administrator, Transvaal v Traub* 1989 4 SA 731 (A) 756A–E; *Mankatshu v Old Apostolic Church of Africa* 1994 2 SA 458 (TkA) 463I–464C; *Minister of Justice, Transkei v Gemi* 1994 3 SA 28 (TkA) 32B–E; *Maqungo v Government of the Republic of Transkei* 1995 1 SA 412 (TkA) 416G–417B.

13 See *Foulds v Minister of Home Affairs* 1996 4 SA 137 (W) 149F–J, where the court stated the following regarding an application to the Immigrants Selection Board for permanent-residence status: "The applicant is not a complete outsider. He . . . is a person who has lived in this country . . . for approximately three years. He was granted a temporary residence permit to take up employment in this country and when he was dismissed by his employer he was granted a temporary residence permit to work for his own account. He has . . . established a business in this country and would be prejudicially affected if he has to leave this country. In these circumstances, . . . it was a reasonable and legitimate expectation that the Board . . . would properly and fairly consider the applicant's application and give him an opportunity to deal with adverse information obtained by it and with adverse policy considerations insofar as there were no special circumstances or reasons justifying the non-disclosure of such information and policy considerations to him and insofar as they had not already been dealt with by the applicant in his application."

14 "This head [sc expectation cases] includes cases where an existing licence-holder applies for a renewal of his licence, or a person already elected or appointed to some position seeks confirmation from some confirming authority" (218c–d).

15 1945 CPD 158.

16 1961 1 SA 174 (W).

to enable him to obtain a further licence. As in previous years, no objections had been raised by anybody to the grant of the certificate to the applicant. The applicant was notified that his application would be considered by the respondent's licensing board, but did not appear before the board on the relevant date and was subsequently notified that his application had been refused. In an application to have this decision set aside, it was contended by the applicant that he had not been given a fair hearing. It was held that, although the applicant had no right to a certificate, in the particular circumstances of this case a fair hearing had not been given. In the court's view, the licensing board should have looked at all the circumstances of the application and should have decided whether or not the applicant, in view of his long history of trading and long period of obtaining certificates previously without any objection, might not have been lulled into a false sense of security by the lack of notification of any objections to him.[17]

Generally, however, our courts have not accepted that an applicant for the renewal of a benefit should be given an opportunity to be heard.[18]

3 THE RIGHT OF AN INITIAL APPLICANT TO BE HEARD

In the *Onslow-Fane* case the plaintiff had applied for a boxing-manager's licence. The court held that it was plainly an application case in which the plaintiff was seeking to obtain a licence which he had not previously held and had no legitimate expectation of holding.[19]

Relying on Lord Denning MR's above statement in *Breen*, the court concluded as follows:

> "[T]here is no obligation on the board to give the plaintiff even the gist of the reasons why they refused his application, or proposed to do so. This is not a case in which there has been any suggestion of the board considering any alleged dishonesty or morally culpable conduct of the plaintiff ... The refusal of the plaintiff's application by no means necessarily puts any slur on his character, nor does it deprive him of any statutory right ... [T]he board are fully entitled to give no reasons for their decision, and to decide the application without any preliminary indication to the plaintiff of those reasons."[20]

---

17 177C–F. Although the court emphasised (177D) that this was an application for a new certificate and that technically there was no such thing as a renewal of a hawker's licence, in modern legal parlance this case would probably have been regarded as a legitimate-expectation case. The decision illustrates that, long before the term "legitimate expectation" was coined by Lord Denning MR in *Schmidt v Secretary of State for Home Affairs* 1969 1 All ER 904 (CA), our courts would have come to the assistance of an aggrieved applicant in circumstances where, in effect, he or she had a legitimate expectation of being heard (or, more likely, of being granted a further licence) before his or her application was turned down.

18 See, for instance, *Jooma v Lydenburg Rural Licensing Board* 1933 TPD 477 483–486. Cf Steyn *Die uitleg van wette* (1981) by Van Tonder *et al* 259–261.

19 "[H]e had only the hope (which may be confident or faint or anything between) which any applicant for anything may always have" (218a).

20 223d–f. The court added: "The case is not an expulsion case where natural justice confers the right to know the charge and to have an opportunity of meeting it at a hearing. I cannot think that there is or should be any rule that an application for a licence of this sort cannot properly be refused without giving the applicant the opportunity of a hearing, however hopeless the application, and whether it is the first or the fifth or the fiftieth application that he has made" (224b–d).

In other words, except to the extent that the refusal of an application for a benefit not previously held is based on alleged morally culpable conduct on the part of the applicant, or adversely affects his or her reputation,[21] an applicant for such a new benefit is, in English law, not entitled to be heard before the application is turned down.[22]

Is this also the law in South Africa? Although there are many cases[23] which state that an applicant for a new benefit (or, in the words of the *Foulds* case, "an outsider") is not entitled to any hearing, the cases referred to below indicate that there is authority for the view that an outsider is entitled to the benefit of the *audi* principle.

In *Foxcroft v Bloemfontein Licence Certificate Board*[24] the court was required to interpret an ordinance which governed the consideration of applications for business-licence certificates. In doing so, the court stated the following:

> "[O]ne must bear in mind what at bottom is the subject-matter of this legislation. It is not an exceptional privilege or a valuable monopoly which depends on the issuing of the licence. It is a matter of the right of selling . . . merchandise, a right which by the general law of the land every subject, even the humblest, possesses. It is not to be supposed therefore (unless the legislature clearly enacts the contrary) that when a person wishing to exercise that elementary right, has established that he is a person of good character, that his premises are ideal for the purpose, and so forth . . . , he should still be liable to be debarred from exercising what is almost a natural right, on some recondite ground . . ."[25]

---

21 See Baldwin and Home "Expectations in a joyless landscape" 1986 *MLR* 685 695–698. In *R v Secretary of State for the Home Department, ex parte Fayed* 1998 1 WLR 763 (CA) (referred to by Lord Woolf MR in "Judicial review – the tensions between the executive and the judiciary" 1998 *LQR* 579 589), the applicants had applied for naturalisation as British citizens. Their applications had been refused even though they met all the formal requirements. Neither of the applicants had been informed, before the refusal of their applications, of the reservations which the respondent entertained about their applications. The court stated that, apart from the damaging effect on their reputations of having their applications refused, the refusals also deprived them of the substantial benefits of citizenship: "The fact that the Secretary of State may refuse an application because he is not satisfied that the applicant fulfils the rather nebulous requirement of good character or 'if he thinks fit' underlines the need for an obligation of fairness . . . [U]nless the applicant knows the areas of concern which could result in the application being refused . . . it will be impossible for him to make out his case. The result could be grossly unfair" (773E–H). The court also stated that the days when it used to be said that a person seeking a prvilege was not entitled to be heard were long gone (776B–C). Consequently, the court concluded as follows: "The refusal of the benefits of naturalisation and the adverse inferences that will be drawn from such refusal are so serious that, as a matter of natural justice, an applicant should not be visited with them without a fair chance to meet the adverse case that threatens this result" (787G–H).

22 This general rule has not, however, been applied consistently. See *R v Huntingdon District Council, ex parte Cowan* 1984 1 WLR 501 508C–H; Wade and Forsyth *Administrative law* (1994) 555–556.

23 Eg *Administrator, Transvaal v Traub* 761G–H ("In general it is probably correct to say that a person who applies for appointment to a post is not entitled to be heard before the authority concerned decides to appoint someone else or to make no appointment") and *Laubscher v Native Commissioner, Piet Retief* 1958 1 SA 546 (A) (in which it was held that an applicant for a permit to enter "native trust land" was not entitled to be heard before his application was rejected because he had no antecedent right to enter such land). See also *Rapholo v State President* 1993 1 SA 680 (T) 688C–D 689F; Kellaway *Principles of legal interpretation of statutes, contracts and wills* (1995) 198 206.

24 1921 OPD 148.

25 1921 OPD 150.

(a) Hierbo is daarop gewys dat die grondwetlike verskansing van die reg op die sekerheid van die persoon – waarby die reg op vryheid van alle vorme van private en openbare geweld inbegrepe is (a 12(1)(c) van die Grondwet) – onder andere 'n besondere plig op die polisie as staatsorgaan plaas om hierdie fundamentele reg te beskerm (sien a 7(2) en 205(3) van die Grondwet). Verskeie skrywers het dan ook reeds verklaar dat artikel 12(1)(c) sterk aanduidend is van 'n regsplig wat op die polisie rus om redelike stappe te doen ten einde die aanranding van 'n persoon deur derdes te verhinder. (Sien bv Visser 1997 *THRHR* 499–500. Hy noem die volgende voorbeeld: "Dit is duidelik dat as die polisie byvoorbeeld weet dat talle aanrandings in 'n bepaalde straat plaasvind, die staat waarskynlik deliktueel aanspreeklik kan wees as dit blyk dat X skade gely het wat waarskynlik voorkom sou gewees het indien die polisie nie versuim het om binne hulle vermoë redelike stappe te doen (bv deur patrollering, ens) om misdadigers beter af te skrik nie." Sien ook Carpenter "The right to physical safety as a constitutionally protected human right" in Carpenter (red) *Suprema lex: Opstelle oor die Grondwet aangebied aan Marinus Wiechers* (1998) 139 cv 146–158; Jones "Battered spouses' actions for damages against unresponsive South African police" 1997 *SALJ* 356 ev 369–370; Neethling *Persoonlikheidsreg* 103 vn 6; vgl Burchell "The role of the police: Public protector or criminal investigator?" 1995 *SALJ* 211 wat die regsplig van die polisie ver buite die beskerming van die fisiese integriteit neem; Neethling en Potgieter "Regsplig van die polisie om suiwer ekonomiese verlies te voorkom" 1996 *THRHR* 333.) In die lig hiervan is dit verbasend dat die hof in *Mpongwana* hoegenaamd nie van die konstitusionele imperatief kennis gencm het nie.

(b) Wat relevante regspraak betref (sien hieroor ook *Mpongwana* 801–802; Carpenter 146–147), is die *locus classicus* sekerlik *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A), waar die eiser op die perseel van 'n polisiestasie in die teenwoordigheid van polisiebeamptes wat aan diens was, aangerand is. Die hof bevind dat die polisie wel verplig was om die aanranding te verhinder en staan die eis toe. 'n Ouer beslissing is *Mtati v Minister of Justice* 1958 1 SA 221 (A). Hier is die eiser in sy tronksel aangerand deur 'n polisieman nadat laasgenoemde toegang tot die sel verkry het weens die nalatige optrede van die konstabel in beheer van die sleutels. Volgens appèlregter Hoexter (229) was daar by laasgenoemde "a clear breach of his duty to protect the [plaintiff] from an unlawful assault". In *Nkumbi v Minister of Law and Order* 1991 3 SA 29 (OK) het die polisie onderneem om die oorledene – wat verwant was aan 'n polisie-informant – en sy familie onder polisiebeskerming uit 'n woongebied te begelei. Die polisie faal egter hierin toe 'n gewelddadige skare, wat die oorledene as 'n politieke informant gebrandmerk het, 'n petrolbom na hom geslinger, hom agtervolg, aangerand en vermoor het. Die hof beslis (39) dat "where the police accompanied the deceased . . . for the specific purpose of affording him protection, there was a legal duty on them to protect him". Teenoor hierdie drie sake staan die beslissing in *Carmichele v Minister of Safety and Security and Minister of Justice* 1997-11-11 ongerapporteer (K) (bespreek in *Mpongwana* 802). Die eiser is aangerand deur C terwyl C op borgtog vrygelaat was. Verskeie belanghebbende persone het tevergeefs gepoog om die polisie en aanklaer te oorreed om nie aan C, wat 'n geskiedenis as geweldenaar gehad het, borgtog toe te staan nie. Regter Chetty beslis dat die polisie en aanklaer nie 'n regsplig teenoor die eiser verbreek het en bygevolg nie onregmatig opgetree het nie. (Die volgende sake betrek ook die versuim van die polisie om op te tree ten einde skade te voorkom maar gaan nie oor die afweer van aanranding op derdes nie: *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A); *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A).) Hieruit blyk dat, alhoewel die howe in beginsel nie ongeneë is om 'n regsplig op die polisie te plaas ten einde derdes teen aantasting van hulle fisiese integriteit te beskerm nie, 'n tersaaklike bevinding soms uiters problematies kan wees (soos blyk uit *Mpongwana* en *Carmichele* hierbo). Dit bring 'n mens by die faktore wat 'n rol kan speel om die howe se taak in hierdie verband te vergemaklik.

(c) (i) Eerstens moet weer gekonstateer word dat die *konstitusionele imperatief* sterk aanduidend is van 'n regsplig wat op die polisie rus om redelike stappe te doen ten einde die aanranding van 'n persoon deur derdes te verhinder. (ii) Hierdie vingerwysing word versterk deur sowel die algemene *statutêre verpligting* van die polisie om misdaad te voorkom en onderdane te beskerm, as soortgelyke besondere statutêre verpligtinge wat daar van geval tot geval kan bestaan (sien *Mpongwana* hierbo; sien ook Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 66). (iii) 'n Faktor wat in al bovermelde sake 'n belangrike rol gespeel het, is dat die polisie *geweet* het van die aanranding of dreigende aanranding (Carpenter 154; vgl Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 63 vn 126). Dit spreek eintlik vanself dat sonder sodanige wete of kennis daar nie van die polisie verwag kan word om op te tree nie. (iv) In *Ewels*, *Mtati* en *Nkumbi* het die feit dat polisie die aanranding *waargeneem* het, waarskynlik die besluit beïnvloed dat daar wel 'n regsplig op hulle was om die aanranding te verhinder. (v) Soos in *Nkumbi*, is 'n *kontraktuele onderneming* deur die polisie om 'n persoon te beskerm uiteraard ook 'n gewigtige oorweging by die vraag na 'n deliktuele regsplig in hierdie verband. (vi) Insgelyks is die feit dat die polisie *feitelike beheer* of kontrole oor 'n (potensieel) gevaarlike toestand geneem het (vgl *Nkumbi*; *Mpongwana*

798–799 802), 'n faktor by die vraag of die polisie inderdaad beheer moet uitgeoefen het, dit wil sê stappe moet gedoen het om die gewraakte aanranding te voorkom (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 62–64; *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 361). (vii) 'n Verdere faktor is die waarskynlike of moontlike omvang van die nadeel wat die eiser kon ly (vgl *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 361; in *Mpongwana* is die ernstige aard van die eiseres se liggaamlike beserings ook beklemtoon). (viii) Laastens, en miskien uit 'n praktiese hoek die belangrikste vir huidige doeleindes, is die vraag of die voorsorgmaatreëls wat die polisie volgens die eiser moet getref het om die betrokke aanranding te voorkom, redelikerwys (en uit 'n praktiese oogpunt) van hulle geverg kon word (vgl *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 361). Appèlregter Olivier verduidelik (*ibid*; sien ook Carpenter 154):

> "Die onderliggende filosofie is dat 'n gevolg slegs onregmatig is indien in die lig van al die omstandighede redelikerwys van die verweerder verwag kan word om positief op te tree en die voorgestelde voorsorgmaatreëls, vir die versuim waarvan hy deur die eiser verwyt word, te tref. Ten einde vas te stel of 'n positiewe handeling of late sodanig is dat dit as onregmatig aangemerk kan word, moet gevolglik onder andere die onderskeie belange van die partye, die verhouding waarin hulle tot mekaar staan en die maatskaplike gevolge van die oplegging van aanspreeklikheid in die betrokke soort gevalle, versigtig teen mekaar opgeweeg word. Faktore wat 'n belangrike rol speel in die opwegingsproses is, onder andere, ... of daar redelik doenlik maatreëls vir die verweerder beskikbaar was om die nadeel te vermy; wat die kanse was dat gemelde maatreëls suksesvol sou wees; en of die koste verbonde aan die neem van sodanige maatreëls proporsioneel sou wees tot die skade wat die eiser kon ly."

(Terloops, die regverdigingsgrond *onmoontlikheid* sluit hierby aan (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 90–91). Waar dit redelikerwys onmoontlik is om die gevaar van aanranding af te weer (soos waar die polisie nie oor voldoende menslike en/of finansiële bronne beskik nie), kan onregmatigheid ook op hierdie grond uitgesluit word.)

Indien veral laasgenoemde faktor noukeurig en versigtig deur die howe ingespan word, behoort die regspolitieke vrese – waarna regter Comrie in *Mpongwana* 803 met verwysing na die Engelse saak *Hill v Chief Constable* [1988] 2 All ER 238 (HL) 243–244 verwys – grootliks besweer te word. Die Engelse (en Amerikaanse) reg in hierdie verband moet in elk geval met groot omsigtigheid hanteer word. Carpenter 151 verklaar:

> "I would suggest that the British jurisprudence is altogether out of step with our present constitutional system and that our courts should approach the American examples with a great deal of caution."

Dit bring 'n mens weer by die beslissing in *Mpongwana*. Alhoewel faktore (i), (ii), (iii), (vi) en (vii) hierbo sterk aanduidend is daarvan dat daar 'n regplig op die polisie gerus het om die eiseres teen die gewraakte verwonding te beskerm, sal sodanige bevinding in laaste instansie afhang van die vraag of daar redelikerwys (verdere) praktiese stappe was wat die polisie kon doen om haar te beveilig (soos om B se taxis vir vuurwapens te deursoek het), wat die kanse was dat gemelde maatreëls suksesvol sou wees, en of die koste verbonde aan die neem van sodanige maatreëls proporsioneel sou wees tot die skade wat die eiseres kon ly. Dít is 'n feitevraag wat uiteraard net met inagneming van alle relevante omstandighede deur die verhoorhof beantwoord kan word.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

STRAFBEVRYDENDE TERUGTREDE UIT 'N POGING TOT MOORD (DOODSLAG)

Bundesgerichtshof, Urt v 10/2/1999, NStZ 1999, 300

1 Inleiding

In dié saak was die relevante feitestel soos volg: Die beskuldigde, A, het in die loop van 'n stryd sy (tweede) vrou uit woede met 'n Switserse offisiersmes, met 'n lem van sewe sentimeter lank, in die buik gesteek en 'n wond van 15 sentimeter diep gelaat. Sy het skreeuend opgespring en in die rigting van die woning se deur beweeg. A het haar gevolg, van agter af aan haar klere vasgehou en haar woedend twee steke van 10 en 13 sentimeter diep onder die skouerblad asook twee steke in die omgewing van die sleutelbeen, minder as een sentimeter van die nekslagaar af, toegedien. A het hierdeur duidelik die dood van die slagoffer op die koop toe geneem. Die slagoffer het vervolgens, lêende op die vloer in die huis, om hulp geroep. Die verhoorhof, naamlik die Landgericht (LG) te Düsseldorf, het ten gunste van A in aanmerking geneem dat die slagoffer haar nie uit sy greep losgeruk het nie, maar dat hy haar vrywillig gelos het. Die LG het egter nie ingegaan op die rede waarom hy haar losgelaat het nie. Hierdie rede kon byvoorbeeld wees dat hy van mening was dat hy genoeg gedoen het om haar dood te bewerkstellig of dat hy spyt gekry het en haar geleentheid wou bied om hulp te bekom. Deur haar roep om hulp het die bure tot haar redding gekom en haar na hulle woning geneem. A het, nadat een van die bure geweier het om op sy versoek sy woning binne te kom, die polisie geskakel en meegedeel dat hy sy vrou doodgesteek het. Sonder 'n onmiddellike noodoperasie sou die messteke sonder twyfel tot die dood van die slagoffer gelei het. Die LG het ten gunste van A aangeneem dat hy met sy optrede die dood van die slagoffer wou voorkom en hom aan (wat in ons reg beskou sou word as) aanranding met die doel om ernstig te beseer (in die Duitse reg: "gefährliche Körperverletzung") skuldig bevind en tot gevangenisstraf van drie en 'n half jaar gevonnis. Die staat appelleer vervolgens teen dié beslissing na die Bundesgerichtshof (BGH). Laasgenoemde se bevinding word in die onderhawige bydrae onder die loep geneem. Hierdie beslissing is een van drie wat die BGH binne ongeveer 'n week oor dié onderwerp gelewer het. Na die ander twee sake sal in die loop van die bespreking verwys word. Hierdie bespreking moet voorts as 'n glos op my voorafgaande publikasies in dié verband gelees word. Onnodige duplisering van feite en argumente word doelbewus vermy (Labuschagne "Vrywillige terugtrede uit 'n misdaadpoging en menslike gedragsbeheermeganismes: opmerkinge oor die persoonlikheidsregtelike begrensing van die strafreg" 1995 *Stell LR* 186; "Die strafregtelike effek van die regstelling van 'n meinedige verklaring" 1995 *Obiter* 158; "Strafbevrydende terugtrede uit 'n poging tot brandstigting" 1998 *THRHR* 158).

2 Uitspraak van die BGH

Dit moet ten aanvang duidelik gestel word dat in die Duitse reg, anders as in die Suid-Afrikaanse reg, nie 'n enkele misdaad vir die opsetlike doodsveroorsaking van 'n medemens, naamlik moord, bestaan nie. Volgens artikel 211 van die Duitse Strafwetboek (*Strafgesetzbuch*; *StGB*) word moord gepleeg indien iemand

'n ander mens dood uit moordlus, ter bevrediging van die geslagsdrang, uit hebsug of 'n ander lae of gemene beweegrede op 'n boosaardige of op 'n grusame wyse of op 'n algemeen gevaarlike wyse of om 'n ander misdaad te pleeg of te verberg. Kragtens artikel 212 *StGB* is 'n persoon aan doodslag skuldig indien hy 'n ander opsetlik ombring in omstandighede wat nie op moord neerkom nie. Artikel 222 *StGB* stel diegene strafbaar wat die dood van 'n medemens op 'n nalatige wyse veroorsaak (sien verder in dié verband Labuschagne "Dodingsmisdade, sosio-morele stigmatisering en die menseregtelike grense van misdaadsistematisering" 1995 *Obiter* 34 38–42).

In sy uitspraak wys die BGH daarop dat die LG verkeerdelik aangeneem het dat A op 'n strafbevrydende wyse uit 'n poging tot doodslag teruggetree het. Uit die uitspraak van die LG blyk nie of daar van 'n voltooide poging uitgegaan is nie. Die uitgangspunt van die LG, waarvolgens dit moontlik was dat A daarop vertrou het dat die slagoffer die messteke sou oorleef, vind nie ondersteuning in die vasgestelde feitekompleks nie: Trouens, die geweld van die steke, die ernstige beserings wat dit tot gevolg gehad het en A se uiting na die dood dat hy sy vrou doodgesteek ("abgestochen") het, spreek tot die teendeel. Die BGH het voorheen die reël vasgelê dat indien die dader bewus daarvan is dat, in die lig van die feitelike omstandighede van die saak, die moontlikheid van intrede van die dood volgens normale lewenservaring naby is, 'n voltooide poging daargestel word (BGH, Beschl v 19/5/1993, BGHSt 39, 221 231). Daarbenewens is dit nie nodig dat die dader seker hoef te wees dat die gevolg sal intree en op daardie tydstip die intrede van die dood wil of goedkeur nie. Die BGH het ook beslis dat by die verrig van gevaarlike geweldshandelinge en toevoeging van ernstige beserings aanvaar word dat die dader, indien hy die uitwerking daarvan waargeneem het, bewus was van die moontlikheid van die intrede van die dood. 'n Voltooide poging bestaan ook dan indien die dader na die laaste uitvoeringshandeling geen voorstelling oor die gevolge van sy optrede gemaak het nie (BGH, Urt v 2/11/1994, BGHSt 40, 304).

Die LG was bedag daarop dat A sy eerste vrou met meerdere messteke omgebring het en dat hy gevolglik kennis van die gevaarlikheid van sodanige beserings gehad het. Volgens die BGH moes bogenoemde omstandighede ook deur die LG in sy bevinding in aanmerking geneem gewees het. Uit die feit dat die slagoffer na die steke nie onmiddellik op die grond neergeval of andersinds 'n spesifieke reaksie getoon het nie of dat sy, soos deur A waargeneem, nog in die posisie was om van die toneel weg te beweeg, kan nie sonder meer afgelei word dat die poging onvoltooid was nie.

Artikel 24(1) *StGB* bepaal dat diegene wat die verdere uitvoering van die daad of die voltooiing daarvan verhinder, nie weens poging strafbaar is nie. Word die daad sonder toedoen van die terugtredene beëindig, word hy insgelyks nie gestraf nie indien hy hom vrywillig en ernstig bemoei het om die voltooiing te beëindig. Die LG het beslis dat A binne die trefkrag van artikel 24(1) *StGB* val. Die BGH wys egter daarop dat indien daar twyfel bestaan oor die vrywilligheid van die terugtrede, nie in beginsel sonder meer ten gunste van die dader beslis moet word nie. Daarvoor moet ten minste feitelike aanknopingspunte bestaan. Uit die beslissing van die LG blyk sodanige inligting nie. Dit blyk ook nie dat A bewustelik en doelbewus die intrede van die gevolg, naamlik die dood, wou verhinder nie. Dit is nie voldoende dat die optrede van die dader die intrede van die dood voorkom, maar sonder dat hy dit gewil, het nie. In die lig hiervan hef die BGH die beslissing van die LG op en verwys die saak terug vir herverhoor.

In 'n beslissing van 3 Februarie 1999 (NStZ 1999, 299) – dit wil sê 'n week voor die hierbo bespreekte saak – wat ook oor 'n messtekery gehandel het, wys die BGH daarop dat by oorweging van die toepaslikheid van artikel 24*StGB* dit in die eerste instansie daarop neerkom of 'n voltooide of onvoltooide poging voor hande is. Beslissend daarvoor is die voorstelling van die dader na die laaste uitvoeringshandeling, ook bekend as die terugtreehorison ("Rücktrittshorizont"). Beskou die dader in dié stadium die intrede van die dood van die slagoffer op grond van sy voorafgaande handelinge as moontlik of steur hy hom nie aan die effek wat sy optrede sou kon hê nie, is die pogingsmisdaad voltooi (sien ook BGH, Beschl v 11/12/1999, NStZ 1999, 299 en Kundlich "Gründfälle zum Rücktritt vom Versuch" 1999 *Juristische Schulung* 240 349 352–355). Die artikel 24*StGB*-verweer is gevolglik dan nie beskikbaar nie.

3 Suid-Afrikaanse reg en konklusie

In navolging van die Engelse reg word die vrywillige terugtrede uit 'n ("voltooide") pogingsmisdaad *nog nie* in ons reg as 'n strafregtelike verweer erken nie (sien *Haughton v Smith* 1973 3 All ER 1109 (HL) 1115; *R v Lankfurd* 1959 *Crim LR* 209; Wasik "Abandoning criminal intent" 1980 *Crim LR* 785 786–787; *S v Du Plessis* 1981 3 SA 382 (A) 400; Snyman *Strafreg* (1999) 291–293; Burchell *South African criminal law and procedure* vol 1 (1997) 349–350). Soos uit 'n voorafgaande publikasie blyk, is die erkenning van 'n strafregtelike verweer van vrywillige terugtrede uit 'n poging nie alleen in'n algemene sin geregtigheidsvriendelik nie, maar dit hou ook die potensiaal in om slagoffers teen verdere benadeling te beskerm (Labuschagne 1995 *Stell LR* 195–200). Daarom sal dit myns insiens onvermydelik in die toekoms in ons regstelsel erken moet word. Trouens, 'n analoë verweer word reeds deur ons howe by terugtrede uit 'n gemeenskaplike doel, indien ten tyde daarvan geen skade of nadeel veroorsaak is nie, erken (*S v Nomakhlala* 1989 1 SASV 300 (A) 304; *S v Nzo* 1990 3 SA 1 (A) 11).

Die Duitse reg ten aansien van die erkenning van 'n verweer van vrywillige terugtrede uit 'n "poging" is baie verfyn en goed ontwikkel. Wat uit onlangse beslissings van die BGH, soos hierbo bespreek, blyk, is dat die terugtrede vrywillig moet geskied en gerig moet wees op voorkoming of uitskakeling van (verdere) nadeel of skade. In gevalle waar nadeel of skade reeds veroorsaak is, bly die dader, vir sover sy optrede binne 'n ander misdaadsomskrywing val, natuurlik strafregtelik daarvoor aanspreeklik. Dit is interessant om daarop te let dat die BGH ook onlangs beslis het dat "vrywillige" terugtrede uit 'n poging moontlik is indien die misdaad in 'n toestand van swaar dronkenskap ("Vollrausch") gepleeg is (BGH, Beschl v 27/5/99 98, NStZ-RR 1999, 8. Sien ook BGH, Beschl v 22/2/1994, StV 1994, 304. Sien verder ten opsigte van Suid-Afrika a 1 van die Strafregwysigingswet 1 van 1988 en Snyman 227–234; Labuschagne "Strafregtelike aanspreeklikheid en vrywillige dronkenskap: is die voorrasionele steeds in beheer?" 1996 *SAS* 322). Dit bevestig 'n standpunt wat ek vroeër ingeneem het, naamlik dat die verweer van "vrywillige" terugtrede uit 'n poging op die strafregtelike respektering van die dader se inherente gedragsbeheermeganismes, as bestanddeel van sy individuele persoonlikheidsgoedere, gefundeer is (1995 *Stell LR* 199–200). Die beweegrede vir die terugtrede hoef gevolglik nie 'n rasionele basis te hê nie, dit wil sê dit hoef nie op kognitiewe vlak vrywillig te wees nie. Die term "vrywillig" kan gevolglik nie deurgaans in dié verband fiksievry aangewend word nie.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

THE DIFFICULTY OF PROVING THE ESSENTIALS OF ACQUISITIVE PRESCRIPTION

Minnaar v Rautenbach 1999 1 All SA 571 (NC)

The institution of acquisitive prescription was recently discussed in *Minnaar v Rautenbach* 1999 1 All SA 571 (NC). The case raised important questions about the application of the requirement of non-precarious consent, and the extent to which the period of possession of predecessors may be included in the prescriptive period. The maxim that prescription runs only against a person who is capable of challenging it was also addressed. In spite of numerous judicial pronouncements on this issue, it seems that there is still confusion about the application of the principles of acquisitive prescription in our courts.

The facts of the case may be briefly summarised as follows: In 1946, Gordon Spring Rautenbach (Gordon) inherited a one-seventh share in the farm Klipkolk, together with his five living brothers and sisters and his deceased brother. He was appointed as the executor of the latter's estate. In 1947, three-sevenths of Klipkolk was transferred into Gordon's name from his siblings, and in 1954 he received transfer of another two-sevenths, also from his siblings. He therefore became the owner of six-sevenths of Klipkolk. On 9 May 1958 Gordon transferred his six-sevenths of the farm, together with the neighbouring farms Fairview and Mooiriver, to the applicant's father, WA van Jaarsveld Minnaar ("Minnaar"). The latter died on 26 December 1964, and the property was left to his five children, subject to a usufruct in favour of his wife (the applicant's mother) until she died or remarried. The applicant's mother continued to possess the farm in terms of her usufruct until December 1979, when she remarried. She then leased the farm from her children. The applicant took over the lease from his mother at the beginning of 1986. In November 1990, he became the owner of the property (Mooiriver, Fairview, and six-sevenths of Klipkolk) by taking transfer from his siblings.

The applicant sought a declaratory order to the effect that he had become the owner of the one-seventh portion of Klipkolk (which was still owned by Estate Late Rautenbach) through acquisitive prescription. This was opposed by the respondent, David Sarel Rautenbach, a beneficiary of the estate which owned the disputed portion of Klipkolk. As the period of prescription started before and ended after the commencement of the Prescription Act 68 of 1969 ("the 1969 Act"), both the Prescription Act 18 of 1943 ("the 1943 Act") and the 1969 Act were applicable.

The 1943 Act requires that possession for 30 years of a movable or immovable of another be *nec vi, nec clam, nec precario* for the acquisition of ownership through prescription. The 1969 Act imposes virtually the same requirements on the potential owner, except that it replaces the *nec vi, nec clam, nec precario* requirement with the formulation "openly and as if he were the owner". The court held that the 1943 Act did not change the common-law requirement for acquisitive prescription, *possessio civilis*. The judgment in *Welgemoed v Coetzer* 1946 TPD 701 710 and a translation of Voet (cited in *Welgemoed v Coetzer* 712–713) were relied on as authority. The court went further to say that the 1969 Act in turn changed nothing in relation to the nature of the possession required by the 1943 Act. Van der Merwe *Sakereg* (1989) 280 was cited as authority for this.

Two main defences were raised by the respondent. The first revolved around the *nec precario* requirement in terms of the 1943 Act, which is incorporated in the formulation "as if he were the owner" in the 1969 Act. The argument was to the effect that the applicant was in possession of the land with the knowledge that he held it under sufferance, and thus under precarious consent. This meant, so it was argued, that his possession was *precario*. The second defence was that the respondent was not aware of his ownership of the said portion of land, and therefore could not interrupt prescription. A final argument was that the applicant and his predecessors could never have possessed the property as though they were owners, for they knew that they were not. Van der Walt J, however, paid practically no attention to this last argument as a result of its lack of merit. Neither will I.

The first point raised by the respondent was that Minnaar possessed the land under precarious consent. The argument was that when Gordon transferred the properties to Minnaar, he (Gordon) must have been aware of the fact that he owned only six-sevenths of Klipkolk, since he was the executor of the estate which owned the other seventh. The respondent argued that it was highly probable that Gordon would have informed Minnaar of the status of the one-seventh, and hence would have concluded an agreement with regard to the use of it, since the whole of Klipkolk was farmed as a single unit. If the respondent's argument was accepted, that agreement would constitute precarious consent, and one of the requirements for acquisitive prescription would be lacking.

The judge agreed with the applicant, and ruled that the arrangement or agreement ("reëling of ooreenkoms") (576b) referred to by the respondent amounted to mere speculation, as there was no factual proof of its existence. Since the respondent had failed to prove that such an arrangement or agreement existed, let alone what its content would or could have been, the court was not prepared to make any assumptions on the basis of such a supposed arrangement.

The onus is on the applicant to prove that his possession complied with the various statutory requirements – in this case, that he possessed the one-seventh portion of Klipkolk *nec precario*. The respondent made allegations in relation to the existence of some sort of agreement which might have cast doubt on whether the applicant's possession was *nec precario* or not. All that Van der Walt J said, however, was that the applicant had discharged his onus *prima facie*:

> "Ek is van mening dat sy bewerings in die verband *prima facie* aan die nodige vereistes voldoen" (575b).

Was the court correct in accepting, without more, that the applicant had discharged the onus of proving that his possession had been *nec precario*? Did the submission of the respondent in relation to the existence of an agreement not raise sufficient doubt for the judge to have required more solid proof from the applicant to discharge the onus? Could the court simply reject the respondent's allegations and state that they amounted to mere speculation ("Ek stem saam met die applikant se standpunt dat hierdie bewering van die respondent bloot op spekulasie neerkom . . ." (576b))?

In *Morkels Transport (Pty) Ltd v Melrose Foods (Pty) Ltd* 1972 2 SA 464 (W) Colman J stated that the possibility that the applicant may have asked permission to use the disputed portion of land was enough to create doubt about whether his possession was *nec precario*:

> "Another possibility is that Mr E Morkel, before he began to make use of the open ground, properly and honourably sought and obtained precarious permission to do so . . .

> "I would be inclined to say, on that analysis alone, that the plaintiff had failed to discharge its *onus* of proving that its tenure and that of its predecessors was *non precario*" (471H–in fine).

Van der Walt J commented on the validity of the alleged agreement in a puzzling *obiter dictum*. He stated that even if Gordon had concluded such an agreement, the fact that he as executor of the estate did not have the capacity to do so, would render the agreement invalid, which would mean that it would have no effect on the running of prescription:

> "Om enige effek op verjaring te hê moes dit 'n ooreenkoms of reëling wees of gewees het waartoe Gordon op daardie stadium bevoegdheid gehad het" (576b).

The court then held that Gordon did not have the capacity to grant permission to Minnaar for unrestricted use of the farm, to the exclusion of the beneficiaries:

> "Beslis sou hy nie bevoeg gewees het om 'n reëling of ooreenkoms aan te gaan waarvolgens applikant se vader [sc Minnaar] vergunning tot onbeperkte gebruik van 'n bate van die boedel verkry het tot nadeel van die regte van die erfgenaam nie . . ." (576f–g).

In my view, it may be argued that if the precarious consent (agreement) was invalid, the possessor could still have been in possession *nec precario*. Was Van der Walt J correct in concluding that, since the agreement (precarious consent) was invalid, it would have no effect on prescription? In my submission, the invalid consent would surely affect acquisitive prescription, for the *animus* of the possessor would not then be the *animus domini* (the will of an owner). If the possessor believes that his possession is subject to precarious consent, he does not have the intention to be the owner, even though the consent is invalid. *Nec precario* is only one of the requirements of acquisitive prescription, and in this case possession might have been *nec precario*, but it was definitely not *animo domini*.

The second defence raised by the respondent – on the authority of *Barker v Chadwick* 1974 1 SA 461 (D) 466A – was that he did not have a legal right to oppose the running of prescription. Gordon was the executor of the estate (which included one-seventh of Klipkolk) of which the respondent was a beneficiary. At his (Gordon's) death in 1960, no new executor was appointed and the respondent claimed that there was no official to oppose the running of prescription on behalf of the estate. The judge refused to accept this argument, as a new executor could have been appointed at any time to interrupt the period of prescription on behalf of the estate. The further argument was that the respondent was not aware of the fact that he was the owner of the disputed portion of land, and was therefore not in a position to oppose the running of prescription. This argument could have been dismissed on the basis that the respondent never was the owner of the land, as he had never taken transfer from the executor. On the supposition that he was in fact the owner, Van der Walt J rejected the argument, relying on *Pienaar v Rabie* 1983 3 SA 126 (A) as authority for the proposition that a person who has no knowledge of his ownership, can lose his ownership by means of prescription even if there is no negligence on his part. With reference to Van der Merwe *Sakereg* 2 ed (1989) 280, the judge accepted that the rationale for the acquisition of ownership by prescription is not based on the negligence or fault of the owner.

Unfortunately, there is one fundamental aspect of acquisitive prescription which was not argued by the respondent: that of *accessio possessionis*, or the addition of the possession of predecessors in title to make up the required 30 years needed to acquire ownership by means of prescription.

Minnaar had not yet become owner of the disputed one-seventh portion of Klipkolk by the time he died. Ownership of the other six-sevenths was passed to his children, subject to a usufruct in favour of his wife. The wife was then the possessor, and if she wished to continue the period of possession of her husband in order to become owner, she too would have had to comply with the requirements for acquisitive prescription. In *Welgemoed v Coetzer* it was held that when the applicant's son farmed the farm, he was operating subject to revocable permission from his father. This constituted an interruption in the period of acquisitive prescription claimed by his father, for the son's *animus* was not the *animus domini* and his period of possession could therefore not be added to the period of possession of his father in order to acquire ownership by means of prescription:

> "The limited *possessio naturalis* of a lessee, *commodatarius* or the like, is not sufficient, for each of these persons lacks the intention of acquiring and keeping the property for himself" (1946 TPD 713).

I submit that the occupation by the applicant's mother of the one-seventh portion of Klipkolk did not amount to *possessio civilis* and therefore caused a voluntary interruption of the period of prescription. She never intended to own the one-seventh portion of Klipkolk, since she intended only to use it in terms of her usufruct. By recognising her status as usufructuary, she tacitly acknowledged that she was not the owner of the six-sevenths portion of Klipkolk, and by implication she would not have been able to exercise control over it with the *animus domini*. Unless it could be proved that she exercised physical control as agent of her children for the duration of her usufruct, the running of prescription would have been interrupted. The effect of such an interruption in the prescriptive period is that prescription starts to run *de novo*. The applicant's mother remained in possession in terms of the usufruct until 1979, after which she hired the farm from her children until 1986. Her lease of the farm would still not give her the required possession to acquire the disputed portion of the farm through acquisitive prescription (see *Welgemoed v Coetzer*). Then there is the period from 1986 to November 1990 when the applicant himself leased the six-sevenths of Klipkolk from his siblings. During this period he surely did not possess with the *animus domini*.

In conclusion, it must be said that, for the two reasons stated above, there is doubt as to the correctness of the judgment. First, the onus which rested on the applicant to prove his possession to be *nec vi, nec clam, nec precario* was perhaps too easily discharged. Secondly, and more notably, the possession of one of the applicant's predecessors (his mother) did not comply with the statutory requirements for it to be reckoned in the necessary prescriptive period of 30 years. From the judgment it appears that certain aspects of the notion of *possessio civilis* are still not properly understood, specifically the required *animus* of the possessor. The possessor must be in possession with the intention of being owner (*animus domini*), or must be an agent on behalf of a person with the *animus domini*, in order for ownership to be acquired through prescription. If the possessor believes that he possesses under sufferance (even if he is mistaken), or if he recognises that he is not and will not be the owner (eg by possessing in terms of a usufruct), then he does not have the necessary *animus* to acquire ownership through prescription.

SAM ROBERTSON
Student, University of Stellenbosch

DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID WEENS BEVRUGTING AS GEVOLG VAN 'N NALATIGE WANVOORSTELLING: DIE FUNKSIES VAN ONREGMATIGHEID, NALATIGHEID EN JURIDIESE KOUSALITEIT ONDER DIE LOEP

Mukheiber v Raath 1999 3 SA 1065 (SCA)

Makheiber v Raath is die eerste gerapporteerde uitspraak in die Suid-Afrikaanse reg wat erkenning verleen aan 'n deliktuele eis gebaseer op bevrugting (en die daaropvolgende geboorte van 'n kind) weens 'n nalatige wanvoorstelling. (*In casu* was die wanvoorstelling daarin geleë dat die betrokke ginekoloog (verweerder) 'n valse voorstelling teenoor eiser en sy vrou gemaak het dat hy haar gesteriliseer het en dat hulle hul voortaan nie oor geboortebeperking hoef te bekommer nie.) Hierdie uitspraak moet daarom onderskei word van 'n eis weens "wrongful conception" wat 'n aksie om skadevergoeding deur die ouers van 'n normale kind omvat wie se geboorte die gevolg van 'n *mislukte sterilisasie* deur 'n geneesheer was. So 'n geval het in *Administrator, Natal v Edouard* 1990 3 SA 581 (A) voorgekom waar die eis in ieder geval op kontrakbreuk, en nie delik nie, gegrond was (sien ook *Mukheiber* 1068E–G).

Appèlregter Olivier beklemtoon dat die huidige eis om deliktuele skadevergoeding weens suiwer ekonomiese verlies (kraamkoste en die onderhoud van die kind totdat hy/sy selfonderhoudend is) as gevolg van 'n nalatige wanvoorstelling buiteom kontrakbreuk handel (vgl 1068H–I 1069C–E). Hy vervolg (1069F–1070C):

> "Reflecting the general principles and requirements of Aquilian liability in our law, the action now under discussion is available to a plaintiff who can establish:
>
> (i) that the defendant, or someone for whom the defendant is vicariously liable, made a misstatement (whether by *commissio* or *omissio*) to plaintiff;
>
> (ii) that in making the misstatement the person concerned acted unlawfully;
>
> (iii) that such person acted negligently;
>
> (iv) that the plaintiff suffered loss;
>
> (v) that the damage was caused by the misstatement; and
>
> (vi) that the damages claimed represent proper compensation for such loss . . .
>
> In all the cases cited above this Court cautioned against the danger of limitless liability produced by the application of the extended Aquilian action. The danger is ever present, particularly where a medical practitioner runs the risk of having in effect to maintain the child of his patient without having any real control over the vicissitudes that attend the child's upbringing. In order to keep the cause of action within reasonable bounds, each and every element of the delict should be properly tested and applied . . .
>
> The danger of limitless liability in particular as far as negligent misrepresentation as a cause of action is concerned can be averted if careful consideration is given to the dictates of public policy, keeping in mind that public policy can easily become an unruly horse."

Vervolgens pas die regter bedoelde algemene beginsels op die feite van die saak toe. Hy bevind eerstens, op 'n oorwig van waarskynlikheid, dat die verweerder wel die wanvoorstelling gemaak het dat hy die eiseres gesteriliseer het (1070–1075). Tweedens, wat onregmatigheid betref, maak hy eers die volgende algemene opmerkings (1075C–F):

> "There are different ways in which the unlawfulness of a misrepresentation can be approached. Common to all approaches is the fundamental principle that tortious liability is founded not upon the *act* performed by the defendant, but upon the *consequences* of that act . . .
>
> Further, common to all approaches is that unlawfulness, in the relevant sense, is to be found in the violation of the rights of the person suffering damage as a consequence of the act complained of and that whether or not there was a violation of a right of the claimant (or the converse, a dereliction of a duty by the defendant) depends on a number of considerations, including in the final instance, public policy."

Daarna vervolg hy met betrekking tot wanvoorstelling (1076D–E):

> "It seems to me that in the context of misrepresentation one must ask the question: was there in the particular circumstances an invasion of the rights of the claimant as a consequence of the misrepresentation? Conversely, was there a legal duty upon the defendant before making the representation, to take reasonable steps to ensure that it was correct . . .?"

Volgens appèlregter Olivier dui die volgende faktore op die bestaan van sodanige regsplig *in casu* (1076E–I): die besondere verhouding tussen die partye (geneesheer, pasiënt en dié se gade); die risiko of gevare verbonde aan die wanvoorstelling, naamlik bevrugting en die geboorte van 'n ongewenste kind; die feit dat die wanvoorstelling die eisers beweeg het om nie voorbehoedend op te tree nie; die feit dat die eisers klaarblyklik op die geneesheer se voorstellings sou staatmaak; en die feit dat die wanvoorstelling verband gehou het met tegniese aangeleenthede rakende 'n operasie waarvan die geneesheer, anders as die onkundige eisers, kennis gehad het (of moes gehad het). Hy vervolg (1076J–1077A):

> "A failure on a doctor's part to take reasonable steps to desist from making the sort of representations now under discussion unless and until he has taken all reasonable steps to ensure the accuracy of the representation would, in my view, render the misrepresentation unlawful."

Hierdie gevolgtrekking word egter gekwalifiseer deur die moontlikheid dat in verband met onregmatigheid sekere beleidsoorwegings ("public policy") nogtans die eisers hul eis kan ontsê (1077A–B), 'n vraag wat die hof eers beantwoord nadat die ondersoek na nalatigheid afgehandel is. In laasgenoemde verband pas die hof die gesaghebbende toets vir nalatigheid, soos in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) geformuleer, toe en kom tot die slotsom dat die eisers se skade redelikerwys voorsien- en voorkombaar was (1077C–H). Die verweerder se nalatigheid staan dus vas.

Ten slotte geniet die vraag na kousaliteit aandag (1077I–1079D):

> "The next enquiry . . . then relates to *causation*. On this issue, our law is not as clear as it should be. As far as *factual causation* is concerned, this Court follows the *conditio sine qua non* – or 'but for'- test . . .
>
> Once factual causation has been established, however, the question of limiting the defendant's liability for the factual consequences of his or her conduct arises. It is here that views differ radically. There are two main schools of approach amongst our academic writers and in the case law . . . [Die hof haal dan uit Boberg *The law of delict* (1984) 381 aan wat onderskei tussen die sogenaamde "relatiewe benadering" tot nalatigheid en onregmatigheid, en juridiese kousaliteit.]
>
> In general our Courts have in the past on occasions followed the first-mentioned, relative, approach. Among others, Boberg . . . at 382 has pleaded for a rejection of the second approach on the grounds that
>
> 'the need to have recourse to remoteness is a self-imposed burden of those who refuse to see that negligence, being a failure to act as a reasonable man

> would have done in *particular circumstances*, cannot be divorced from those circumstances and therefore contains all the ingredients for the effective limitation of liability'.
>
> Nevertheless, this Court has applied the test of so-called legal causation in recent times on more than one occasion, and counsel for [die verweerder] has relied on these cases for his argument that the damages now claimed by [die eisers], or part of it, are too remote and should either be refused *in toto* or limited . . .
>
> What appears from the 'legal causation' cases is that *public policy* plays a role, even a decisive role, in limiting liability. On the other hand, in the relative approach, public policy plays the very same role in establishing which consequences of an act are to be regarded as wrongful, thus creating and at the same time limiting liability.
>
> The two approaches differ in methodology and approach, but not in substance. If properly applied, they would generally give the same legal result in each case. What is clear in the present case is that the element of *factual causation*, the 'but for' test, is not in issue: but for [die verweerder se] misrepresentation, the [eisers] would have taken contraceptive measures, and the child, Jonathan, would probably not have been conceived and born."

Sonder om aan te dui of dit nou oor onregmatigheid of juridiese kousaliteit handel, is die enigste oorblywende vraag volgens die hof of openbare beleid ("public policy") die aanspreeklikheid van die verweerder uitsluit of beperk (1079E). Appèlregter Olivier kom tot die slotsom dat openbare beleidsoorwegings – onder andere dié wat in *Edouard* aandag geniet het – nie die verweerder van aanspreeklikheid vrystel nie. Vir ons doeleindes is die volgende beleidsoorweging van belang (1081H–J):

> "[H]ow far is [die verweerder se] liability to go? As far as the confinement cost is concerned, there can be no defence: such costs were reasonably foreseeable and there is no reason to limit them. The problem arises in connection with the maintenance claim. The cost of maintaining the child Jonathan is a direct consequence of the misrepresentation. It was foreseeable by a gynaecologist in [die verweerder se] position. In principle he is, by virtue of considerations of public policy, not protected against such a claim, as pointed out above. But the claim cannot be unlimited. His liability can be no greater than that which rests on the parents to maintain the child according to their means and station in life, and lapses when the child is reasonably able to support itself."

Alhoewel die uitspraak in *Mukheiber* die grense van aanspreeklikheid weens nalatige wanvoorstelling (sien in die algemeen hieroor Neethling, Potgieter en Visser *Delict* (1999) 300 ev) beduidend uitbou – in die sin dat erkenning verleen word aan 'n deliktuele eis op grond van bevrugting (en die daaropvolgende geboorte van 'n kind) as gevolg van nalatige wanvoorstelling – moet die toepassing van die deliksbeginsels onregmatigheid, nalatigheid en juridiese kousaliteit ernstig bevraagteken word.

Eerstens bereik die hof die onaanvaarbare resultaat dat nalatigheid bevind word voordat onregmatigheid vasstaan. Soos aangetoon, stel regter Olivier naamlik (1077A–H) die vraag na regmatigheid uit totdat uitsluitsel oor die rol van beleidsoorwegings verkry is – 'n vraag wat die hof ten onregte eers beantwoord nadat die ondersoek na nalatigheid afgehandel is. Dat hierdie werkswyse onaanvaarbaar is, blyk uit die volgende woorde van regter Olivier self in *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 364:

> "'n Bevinding dat appellant se late nie onregmatig was, bring mee dat daar geen sprake van nalatigheid kan wees nie. Nie alleen is dit dus ondoenlik om oor moontlike nalatigheid aan die kant van appellant te spekuleer nie, maar dit is

> trouens juridies onmoontlik. Die nalatigheidsvraag kan naamlik slegs beantwoord word as presies vasstaan welke regsplig op 'n verweerder gerus het en dat *daardie* regsplig verbreek is."

Tweedens word die funksies en toepassingsgebiede van die delikselemente onregmatigheid, nalatigheid en kousaliteit in die uitspraak verwar. Volgens die regter is daar hoofsaaklik twee benaderings tot die begrensing van 'n delikspleger se aanspreeklikheid, naamlik die sogenaamde relatiewe benadering waarvolgens onregmatigheid en nalatigheid telkens met betrekking tot elke skadepos vasgestel word, en juridiese kousaliteit wat – as selfstandige delikselement – die toerekening van skade aan 'n delikspleger onafhanklik van onregmatigheid en nalatigheid bepaal. In beide benaderings speel openbare beleid ("public policy") volgens die regter presies dieselfde rol – naamlik om aanspreeklikheid te beperk (en, in die geval van onregmatigheid, terselfdertyd te skep) – en sal in die algemeen dieselfde resultaat in elke geval lewer (sien 1078A–1079D, hierbo aangehaal). Gevolglik word "public policy" deur die regter as kriterium of toets vir die verweerder se aanspreeklikheid gebruik sonder om aan te dui of dit oor onregmatigheid dan wel juridiese kousaliteit gaan (1079E–1082A). Sodoende word die onderskeid tussen onregmatigheid, nalatigheid en juridiese kousaliteit verdoesel en juridiese kousaliteit as selfstandige en noodsaaklike delikselement ondergrawe. Dit blyk daaruit dat regter Olivier klaarblyklik eweveel gesag verleen aan Boberg se 1984-standpunt dat juridiese kousaliteit goedskiks ten gunste van die relatiewe benadering laat vaar kan word, as aan vele gesaghebbende appèlhofbeslissings – en talle beslissings van die hooggeregshof op hulle voetspoor – wat juridiese kousaliteit veral sedert 1990 onomwonde as selfstandige delikselement (ook in gevalle van nalatige wanvoorstelling) gevestig en uitgebou het (sien bv *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A) 39 ev; *International Shipping Co Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 700–702; *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 763 ev; *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 (A) 14; *Napier v Collett* 1995 3 SA 140 (A) 143; *Barnard v Santam Bpk* 1999 1 SA 202 (SCA) 215–217; *Groenewald v Groenewald* 1998 2 SA 1106 (A) 1113; *Clinton-Parker & Dawkins v Administrator Transvaal* 1996 2 SA 37 (W) 55; *Vigario v Afrox Ltd* 1996 3 SA 450 (W) 464; *Gibson v Berkowitz* 1996 4 SA 1029 (W) 1039–1040; *Ncoyo v Commissioner of Police, Ciskei* 1998 1 SA 128 (CkSC) 137–139; *Bonitas Medical Aid Fund v Volkskas Bank Ltd* 1992 2 SA 42 (W) 49; *Clarke v Hurst* 1992 4 SA 630 (D) 659; *Ebrahim v Minister of Law and Order* 1993 2 SA 559 (T) 564–566; *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A) 34–35; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 914; *Standard Bank of South Africa Ltd v Coetzee* 1981 1 SA 1131 (A) 1134–1140; *Majiet v Santam Ltd* [1997] 4 All SA 555 (K) 561–562 568–569; *Concord Insurance Co Ltd v Oelofsen* 1992 4 SA 669 (A); *Meevis v Sheriff, Pretoria East* 1999 2 SA 389 (T) 397–398; *Thandani v Minister of Law and Order* 1991 1 SA 702 (OK); *Minister of Finance v EBN Trading (Pty) Ltd* 1998 2 SA 319 (N) 329).

So 'n benadering, wat die (verouderde) standpunt van 'n skrywer van sestien jaar gelede sonder voldoende verduideliking gelykstel met 'n hele reeks direk teenoorstaande resente beslissings van die hoogste hof van appèl, kan nie goedgepraat word nie. Feit is dat die reg aangaande juridiese kousaliteit soos vergestalt in die soepele benadering van die appèlhof, anders as wat regter Olivier (1077I, hierbo aangehaal) te kenne gee, beslis nie onduidelik is nie (sien hieroor Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 185–187) en daarom as *de lege lata*

While this may be conceded, it is necessary to reassert that university autonomy is regarded as good in itself, and that allowing government interference may be a greater evil than upholding university autonomy. That university autonomy is good in itself does not mean that it is absolute or that it may not be liable to abuse. What is supported, is autonomy relating to the core functions of the university, namely to determine for itself on purely academic grounds who may teach, what should be taught, how it should be taught and who should be admitted as students. It is also autonomy in relation to the management of the university. According to the philosophy of fundamental rights, the protection and promotion of fundamental rights constitutes a public good. Although there might be a perceived conflict between the protection and promotion of fundamental rights and other public good, the protection of fundamental rights should not be sacrificed on utilitarian grounds – the greatest good for the greatest number, or even for the good of all. The dichotomy between fundamental rights and other public interests may be transient and temporary and it is in the long-term interest to protect fundamental rights.[89] It would be a contradiction in terms to assert, on the one hand, that autonomy is a fundamental right and, on the other, to proceed to violate it with impunity. Moreover, the problem with government intervention is that it starts off being benign and later turns out to be in conflict with the nature and role of the university. It might later extend to areas where it militates against the role and purpose of a university.

It is not possible for the university to be totally impervious to transformation, because members of the university themselves may be divided on this issue, nor is it desirable. Division may tend to encourage debate. The debate on transformation may therefore continue, and while this debate is continuing, this may take the process of transformation a step further. What should also be emphasised, is that transformation as such is not opposed; on the contrary, it is supported. But transformation should be principled; it should be orderly and should not disrupt the main activities of the university or frustrate the attainment of its objectives. It should

88 S 9 of the Constitution.
89 Henkin 3.

be aimed at improving the situation, and should not degenerate into reverse discrimination or anarchy. Moreover, it should take place with the full participation and support of the university community, and should not simply be imposed on universities.[90] This is obviously not an easy task.

The position of those who are not satisfied with the pace of change in tertiary institutions may be entirely understandable. They may be impatient with what they perceive as window-dressing rather than real and fundamental change. But whatever change is brought about should not cause further problems. Another problem with transformation is that it may be interpreted by some as a chance to control the universities rather than genuinely to improve their quality and performance. The call for democratisation may be construed as a way of packing the structures of governance with people who are sympathetic towards or belong to a particular political party, which would ensure that the government maintains effective control over universities. If transformation is meant to achieve this, then it will constitute a threat to academic freedom as well as institutional autonomy.

A subtle threat to university autonomy may come from those who believe that, now that we have a democratic government in South Africa, university autonomy is no longer important because the democratic government will not be a threat to university autonomy.[91] In any case, the government may be trusted to do the right thing. In this sense, what is important to emphasise is not university autonomy, but rather co-operation and a sense of partnership between the government and the university. According to that line of reasoning, what the universities should emphasise is not autonomy but rather participation in the Reconstruction and Development Programme (RDP).

As a response to this contention, it should be pointed out that university autonomy does not mean hostility to the government. Autonomy implies that the university should remain critical of the policies of the government, including the RDP. But this should be constructive criticism, aimed at renewal and effective reconstruction. Moreover, autonomy is not emphasised only *vis-à-vis* undemocratic governments, but also *vis-à-vis* democratically elected governments, because even a democratically elected government can abuse power and threaten university autonomy.[92] Moreover, autonomy is much more compatible with democracy, because it institutionalises freedom of research and of speech. The university can participate in the RDP and still remain critical of it or of government policy in general. Obviously, the university itself should maintain a neutral stand, but allow its members to take particular positions on the matter.[93]

It has also been argued that some of the universities that are now strong supporters of autonomy did not support autonomy during the era of apartheid, and that they were much more prepared to support the erstwhile government's policy while neglecting university autonomy. This may render their support of university autonomy spurious in that it is not based on genuine conviction, but may rather be

---

90 Whether this is the case, depends on individual institutions.

91 This is not unique, as a similar attitude existed in Britain – see Brook *The modern university* (1965) 146.

92 This has happened in the history of the United States, which is regarded as a democratic country.

93 Searle *The campus war: a sympathetic look at the university in agony* (1972) 183ff; Lowenthal "The university's autonomy versus social priorities" in Seabury (ed) *Universities in the Western world* (1975) 80.

a reaction to transformation and to the fact that we now have a "black" majority government. That may certainly be true. Whatever the merits of this argument, it must always be remembered that it was good for the prodigal son to return home. In any case, those universities which wrongly supported the government policies of the past did that government a disservice. Moreover, the truth remains the truth and a correct statement remains correct irrespective of who asserts it and irrespective of the motive for asserting it. Even those universities which do not support autonomy today may not be acting without any motive or may not be doing so with altruistic motives. It may be a question of enlightened self-interest. There is obviously nothing wrong with this, provided one allows room for the enlightened self-interest of others. Authoritarianism thrives only where one group feels that it has the right to prescribe to others what to do and those being prescribed to have to accept the prescription without so much as a whimper.

The very fact that those who were previously opposed to university autonomy for political reasons, may now be supporting the concept, may be evidence that those who supported it in the past were correct after all. This should strengthen their support rather than weaken it. Even those who may be sceptical about university autonomy today, may have supported it in the past; so the pot cannot call the kettle black. What may well weaken the support for university autonomy is the fact that universities may once again be divided for political reasons, and may therefore not speak with one voice on this important issue.[94]

Once again, it is essential to emphasise that university autonomy should be used for good ends and not be abused. If it is abused, the government could have a pretext for intervening in the internal management of the universities. As stated earlier, government interference may be a greater evil. Moreover, university autonomy should not be regarded as providing immunity to universities against criticism or as a shield against accountability. University autonomy should go hand in hand with responsibility and accountability. Nor should it be an obstruction to transformation, but transformation should not be imposed from above. It should take place with the full and active participation of university stakeholders. Moreover, it should be aimed at enabling universities to attain their goals and play their roles more effectively rather than simply to foster a particular ideology.

The many injustices which were perpetrated by the previous government may tend to weaken the argument of those who would be critical of the practices of the present government. Many institutions may acquiesce in a number of practices which may infringe university autonomy. Some of them may be plagued by guilt from the past, or they may be afraid that if they are critical of current government policies they could be accused of racism. This unfortunate attitude is nothing new. It was experienced in many of the African states in the past where people acquiesced in these governments' violation of fundamental rights, largely because blacks were in power.[95]

It is necessary to point out that some of the views on transformation are simplistic. They create the false impression that once a university is transformed, it will not experience any turbulence, but will be completely peaceful. This view is not borne

94 It is also well known that two wrongs do not make a right.

95 Many Western countries kept quiet when African countries violated human rights: they were afraid they would be criticised for having double standards because they did the same before independence; for a general discussion of the violation of human rights in Africa, see Dlamini *Human rights in Africa: which way South Africa?* (1995) 45ff.

out by the facts. Even universities that have transformed will still experience a certain measure of turbulence, especially during this era of transition; in fact some of them have already experienced this. Not everything has become new and the old is still coexisting uncomfortably with the new. We still have the legacy of the past. One of the problems of our universities is that many black students come from poor backgrounds and cannot afford to pay fees. This is exacerbated by the culture of entitlement that was created in the past and that is still so pervasive in our society. It is further compounded by the expectations that were created before the election of the first democratic government that there would be free tertiary education.[96]

This is why students have been insisting on a moratorium on "financial exclusions" in the hope that those universities which have huge student debts will write them off. This has not happened. These universities have difficulty in recovering these student debts because many of these students drop out before completing their degrees and are unemployed. When they drop out, the universities concerned lose their subsidies. This makes their financial position all the more parlous. Some of these universities, especially historically black ones, have student debts running into millions of rands. Although the government has introduced the student loan scheme,[97] this scheme does not help all students. Moreover, it is not unconditional, but has need and good performance as a precondition. Many of the historically black universities face this problem more acutely because of the poor secondary education that black students have acquired, which has left them ill-prepared for rigorous university studies. As a result, many of these students may not qualify for financial assistance. This may further weaken their performance, as they are beset by financial worries. Yet they may be unwilling to leave the institutions; hence the call for a moratorium on "financial exclusions".

When university administrators insist that students pay before registration or be excluded, students have resisted this to the extent of boycotting classes and disrupting academic activities. They have used the confrontational approach of the past instead of negotiating.[98] Moreover, the attitude of the students has demonstrated that transformation cannot take place overnight. It has also shown that we need not only structural transformation but also mental or attitudinal transformation.

Universities can play an important role in bringing about proper transformation through rational debate and analysis of the social and political situation. If they exercise their autonomy effectively they can challenge some of the simplistic views on transformation and thus spearhead effective transformation. In any case, universities are in a better position to deal with this because they are affected by the outcome. It is also important to point out that even a transformed council cannot always take popular decisions, something many transformed councils are realising. The transformation of the councils and other structures of governance is important for purposes of legitimacy, but it is not a panacea for all the ills of universities.

Although government intervention in the internal affairs and management of universities is not supported, the government may have to intervene in the affairs of

---

96 Any person who tried to caution against these unrealistic expectations in the past was regarded as either a conservative or a reactionary. Today it is a reality that South Africa will not have free tertiary education for a long time to come.

97 This is now regulated by the National Student Financial Aid Scheme Act 56 of 1999.

98 Some of the historically black universities face severe confrontation at the beginning of a year when students insist on being registered without paying fees.

universities to restore law and order if there is lawlessness and a threat to property, life and limb. As I have said, while transformation is supported, certain methods of bringing about such transformation may be insupportable. The philosophy that the ends justify the means has long been discredited and does not belong in academic institutions.

5 CONCLUSION

From the aforegoing it is clear that universities do not exist in a vacuum, but in a social and political context. They are influenced by the society of which they form part and by the policies of the government. The government has considerable influence, especially because it is responsible for the subsidising of universities. Government subsidy is always given with an implicit expectation of loyalty to the government. Such an expectation could be in conflict with the proper role of a university. The greatest threat to academic freedom comes from the government precisely because it controls subsidies and might be tempted to use them to force universities to do certain things which they are not supposed to do.

Although the universities and the government are interdependent, they have distinct roles. It is not desirable that the government should prescribe to universities what to do or what not to do. It should allow them a great degree of autonomy and academic freedom so that they can play their role effectively. Whether or not the government does allow this autonomy and academic freedom depends on whether it is democratic and respects fundamental human rights in general. Authoritarian governments tend to be more interventionist than those that espouse liberal democracy, although the experience in the United States of America, especially during the McCarthy era, demonstrated that even democratic governments can limit autonomy and threaten academic freedom.[99] This led to the Supreme Court in the United States declaring academic freedom a First Amendment concern which is essential for the maintenance of democracy and the creation of a healthy society.[100] On the other hand, the government may see itself as having a legitimate interest in limiting institutional autonomy, in the interests of what it regards as higher ideals of accountability, transparency, responsibility and transformation.

Because academic freedom is protected in the Constitution, there is the probability that universities will be autonomous and enjoy academic freedom. That, however, depends on how the government of this country behaves in future. It will also depend on how this is interpreted and applied by the courts. The courts have not yet had enough time to do this. It is also hoped that the government will learn a lesson from the mistakes of the past government. This cannot be taken for granted, however, and universities themselves must jealously guard their autonomy and academic freedom. The challenge will not be easy, as universities are subjected to conflicting expectations as is invariably the case in a society in transition. The past universities themselves may not be united about the defence or assertion of academic freedom, since, for some it may not be "politically correct" to defend academic freedom.

When governments intervene in university affairs, they usually rely on various pretexts which may obscure their real motives. It is only a government that is not

---

99 MacIver *Academic freedom in our time* (1955) 35ff.

100 *Sweezy v New Hampshire* 354 US 234 (1957); *Keyishian v Board of Regents of the State of New York* 385 US 589 (1967).

only committed to democratic values, but also sees the value of knowledge and the production of well-trained manpower that will respect the autonomy of universities – although even an interventionist government can claim this. The position is quite complex. But the universities which enjoy more autonomy and academic freedom are the ones that produce more knowledge and have a better chance of improving the quality of life of people.

Although it has been said that there is scope for the effective protection of academic freedom, a number of pieces of legislation have been passed which tend to erode academic freedom, especially in the form of institutional autonomy. If academic freedom is regarded as the freedom of the university to decide for itself on academic grounds only who may teach, what shall be taught, how it shall be taught and who may be admitted as students, there is no doubt that this is no longer the case. This legislation interferes with what is to be taught and how it must be taught as well as who may be admitted as students. Some of this is justifiable because of what has happened in the past.

Conflict between the universities and the government is often caused by the fact that the government has policies it wants to implement to which universities may be opposed, or of which they may be critical. This may be because these policies are not seen to be in the interests of the universities or society in general. Universities are supposed to be critical of government policies. Criticism is generally not pleasant, even for a democratic government. When governments try to pre-empt this criticism by controlling universities, universities may be opposed to this. But not all universities oppose government policies. Some do, while others may agree with the policies in question. This is largely a question of self-interest. Parochial self-interest, however, is not to the benefit of higher education in general. This was the case in the past in South Africa, and it will always be the case, whatever government is in power.

University autonomy and academic freedom are as vulnerable and as precarious as judicial independence, perhaps because they share some similarities, although, of course, they also differ. Judges are appointed by the executive and there may be an expectation that they should have some loyalty or indebtedness to the executive. If they do not, those who appointed them may either be angry or feel betrayed, especially if the judges give a decision that is unfavourable to the government on a sensitive issue. Similarly, although university staff are not appointed by the government, universities are highly subsidised by the government. With government subsidy comes some expectation of loyalty to the regime. If universities are critical and not supportive of government policy, the government may be irritated and may react by suppressing such criticism in various ways. Judicial independence is as crucial to the role of the judge as academic freedom is to that of the academic and of the university in general.

President Paul Kruger is said to have once remarked that a judge is as free and independent as a fish in a net. He was obviously cynical about judicial independence and was averse to judicial review, which he regarded as the principle of the devil which the devil had introduced in the Garden of Eden to test God's word.[101] This further demonstrates that governments in general do not feel comfortable if their acts are subjected to critical scrutiny, whether by academics or by the courts. To illustrate the point further, it is said that two South African Ministers of Justice, Tielman Roos and Oswald Pirow, both had occasion to complain that certain judges

101 Kotze *Memoirs and reminiscences* (1949) xi–xii; see also Dugard *Human rights and the South African legal order* (1978) 24.

found against the government which appointed them and said: "The trouble about these judges is that they get delusions of grandeur. Having acquired security of tenure, they imagine they were appointed on merit."[102] The same could be said about academics by some government officials. This may be the reason why the British government decided to abolish tenure, which is regarded as fundamental to academic freedom in America.[103]

Although academic freedom is protected in the Constitution, this does not mean that it will easily flourish. Academic freedom, which includes institutional autonomy, sometimes competes with other rights and policies which the government regards as more important. This is the case with transformation. Transformation is a major priority for the current government and sometimes the impression is created that it is regarded as more important than academic freedom. While transformation is important, it is not free from problems and it cannot always trump academic freedom.

Academic freedom cannot be regarded as fixed and immutable. There appears to be a shift in emphasis from academic freedom to accountability. The critical question is how to strike a healthy balance between the two. Academic freedom does not mean that academics should not be expected to account for how they expend the enormous financial resources that are put into university education. What they should not be subjected to, is direction or pressure on how they do their teaching and research and what they should teach or research.

It has been stated that academic freedom demands responsibility or accountability as a *quid pro quo*. Academic responsibility requires the utmost responsibility to other academics, students and the institution and should be encouraged through positive development, encouragement and acceptance of the procedures for safeguarding academic freedom.[104]

External responsibility may be either formal or informal. In a broad sense, responsibility is owed to society, which is the major funder of higher education and its primary beneficiary. Much tension has been experienced in this area over the years, in particular between the demands of academic freedom as against the demands of the funder for accountability. What is debatable, however, is where the boundary should be drawn between the funder and the funded, and to what extent higher education should be accountable to the government and whether such responsibility should be direct or mediated through some intermediary.

In more recent years, the boundaries have shifted and the government requires a greater degree of accountability. Whether or not the increased accountability which is now being demanded is reasonable or is itself an infringement of academic freedom, is debatable. What is important is that accountability, if properly handled, can and should be positive, useful and encouraging.

Finally, the words of Brook are apposite:

> "If university teachers retire into their ivory towers, they will find that they have lost the freedom that they have taken for granted. The best safeguards of academic freedom are: first, the conviction on the part of university teachers that it is worth preserving; second, their ability to convince laymen, whether in the government or the general public, that they are competent to control their own affairs; third, their willingness, in the last resort, to give up their posts if freedom is denied to them; and lastly, the ability to do their job so well that this willingness is a threat that will carry weight."[105]

---

102 Cowen 151.
103 Education Reform Act of 1988.
104 Bray *The legal status of the South African university* unpublished LLD thesis UNISA (1993) 92.
105 Brook 158.

Die historiese onderbou van die privaatregtelike ouer-kind verhouding – fondament vir of struikelblok in die implementering van kinderregte?

Sonia Human
LLB LLM LLD
Senior lektor, Departement Privaatreg en Romeinse Reg, Universiteit van Stellenbosch

SUMMARY

The historical basis of the parent-child relationship in private law – the foundation of or obstacle to the implementation of children's rights?

The parent-child relationship finds expression in the concept of parental power. Parents occupy a position of authority and terminology such as "the right of access" and "the right to custody" strengthens perceptions of parental power. On the other hand, the concept of children's rights is based on the ideology of a child as an independent bearer of fundamental rights and as a family member. This ideology will surely impact on the parent-child relationship. The extent of the impact will be determined by the ideology of this relationship. It is therefore important to trace the historical development of the parent-child relationship on which this ideology is based.

1 INLEIDING

Die ouer-kind verhouding in die Suid-Afrikaanse reg vind uitdrukking in die algemene beginsel dat ouers oor ouerlike gesag beskik wat aan hulle die bevoegdheid verleen om besluite ten opsigte van hul kind se persoon, lewenswyse en boedel te neem.[1] Die algemene beginsel is stewig in die kultuur en struktuur van die gesin gevestig en die praktiese uitvoering daarvan geskied tipies ingevolge volwassenes se verwysingsraamwerk en standaarde. Ouers beklee 'n gesagsposisie en oefen gesagsbevoegdhede oor hul kind uit en terminologie soos 'n ouer se "reg op toegang" of 'n "reg op bewaring" versterk hierdie persepsie. Staatsinmenging in die ouer-kind verhouding is op die beskerming van die kind gemik. Die ideologie onderliggend aan die begrip kinderregte berus op die status van die kind as onafhanklike gesinslid wat ook oor regte beskik. Hierdie ideologie bevestig steeds die gesin as regtens erkende instelling en belangrike gemeenskapsfondament maar voorsien 'n groter mate van horisontale interaksie tussen ouers en kinders as bykomende element in die ouer-kind verhouding. Die ideologie verleen 'n tweeledige rol aan die staat. Daar

1 Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* (1991) 592; Spiro *Parent and child* (1985) 30; Erasmus *et al Lee & Honoré Family, things and succession* (1983) 152; Barnard *et al Persone- en familiereg* (1994) 365; Boberg *The law of persons and the family* (1977) 457–459.

word eerstens van die staat verwag om gesinsverhoudinge te respekteer. Tweedens word die staat in die gesinslewe betrek omdat elke gesinslid ook draer van regte is.

Die ratifikasie van die Verenigde Nasies se Konvensie op die Regte van die Kind 1989 (hierna die 1989 Konvensie) en die verlening van fundamentele regte ingevolge die Grondwet[2] bring mee dat hierdie ideologie nou deel van ons regstelsel uitmaak. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie[3] wat met die hersiening van die Wet op Kindersorg[4] gemoeid is, het byvoorbeeld die raamwerk vir hul visie soos volg uiteengesit:

> "Accessible, appropriate, consistent and empowering legislation for the children of South Africa is urgently required and will need to be in harmony with the interesting framework of international law and the South African Constitution. In particular, the vision the committee proposes for the new children's statute is inspired by [the United Nations Convention on the Rights of the Child 1989], the OAU Charter on the Rights and Welfare of the Child[5] and relevant clauses in the Bill of Rights in our Constitution. At the heart of our envsiaged model is [the United Nations Convention on the Rights of the Child 1989], which permeates relations between child and family, child and state, child and child, and interstate obligations towards children."

Bogenoemde impliseer dat die erkenning van kinderregte onteenseglik 'n invloed op die ouer-kind verhouding gaan uitoefen. Die aard en omvang hiervan sal bepaal word deur die mate waarin daar versoening tussen die ideologie van kinderregte en die privaatregtelike ouer-kind verhouding is. Die oogmerk van hierdie bespreking is gevolglik om die historiese ontwikkelingsproses waaruit die ouer-kind verhouding uitgekristalliseer het na te gaan. Op hierdie wyse kan bepaal word of daar 'n eiesoortige ideologie onderliggend aan die ouer-kind verhouding is wat tot die erkenning en implementering van kinderregte in Suid-Afrikaa sal meewerk.

2 ROMEINSE REG

2 1 Die Romeinse gesin

Die Romeinse gesin of huishouding (*familia*) het 'n monokratiese regseenheid gevorm. Die gesin het uit 'n *paterfamilias* aan die hoof daarvan en persone onderworpe aan sy gesag (*patria potestas*) bestaan.[6] Die gesinslede het sy vrou ingesluit (indien sy *uxor in manu* was).[7] Die gevolg van 'n huwelik *cum manu* was dat 'n vrou die gesin van haar *paterfamilias* verlaat het en nou deel van haar man se gesinsgroepering gevorm het.[8] Daar is van die term "*manus*" in plaas van "*potestas*" gebruik gemaak om haar man se gesag oor haar uit te druk en vir alle praktiese doeleindes het dit beteken dat sy net soos die kinders aan haar man se *patria potestas* onderworpe was.[9] Uit 'n maatskaplike oogpunt het die *materfamilias* die

---

2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 a 7–39.

3 Suid-Afrikaanse Regskommissie *Review of the Child Care Act Issue Paper 13 – Project* 110 (1998) 6.

4 74 van 1983.

5 Onderteken deur SA in Sept 1997. Hierdie Handves sal in werking tree indien dit deur vyftien lidlande geratifiseer is en tot dusver het slegs sewe lidlande dit geratifiseer.

6 G 1 48; *I 8 pr* (vert Thomas): "There follows another division in the law of persons. For some persons are independent (*sui iuris*) while others are subject to another (*alieni iuris*): again, of those who are subject, some are in the power of their parent, others in the power of their master."

7 G 1 109; Thomas *The Institutes of Justinian* (1975) 25–26.

8 Van Oven *Leerboek van Romeinsch privaatrecht* (1948) 449; Van Zyl *Geskiedenis van die Romeinse privaatreg* (1977) 96; Van Warmelo *Inleiding tot die studie van die Romeinse reg* (1957) 72.

9 G 1 108 (vert Scott): "Now let us consider those persons who are in our hand, which right is also peculiar to Roman citizens;" G 1 109 (vertaling Scott): "Both males and females are under the

vervolg op volgende bladsy

hoogste agting in die gesin en in die samelewing geniet en kinders wat uit so 'n huwelik gebore is, het in die *patria potestas* van die man geval.[10] Oorspronklik was elke huwelik *cum manu,* maar gedurende die Republiek het 'n huwelik met uitsluiting van die *manus* tot stand gekom (*sine manu*).[11] Die ontwikkeling hou verband met familiebande wat losser begin word het en die vrou wat geleidelik 'n groter mate van selfstandigheid en onafhanklikheid begin verwerf het.[12] Gedurende die Prinsipaat (27 vC–284 nC) het die huwelik *cum manu* al hoe minder algemeen voorgekom en in die tyd van Justinianus (527 nC–656 nC) het dit heeltemal as instelling verdwyn. 'n Vrou wat *sine manu* getroud was, was geensins meer aan haar man se gesag onderworpe nie en maatskaplik was hulle gelykes in rang en aansien.[13] Die ander gesinslede van die *paterfamilias* was sy binne-egtelike kinders,[14] sy seuns se vrouens indien hulle *cum manu* getroud was, aangenome[15] en gewettigde kinders,[16] diegene in bondgenootskap aan hom verwant[17] en sy slawe.[18] Die Romeinse gesin was nie op bloedverwantskap of op *cognatio* gebaseer nie maar op *agnatio.*[19] Dit het beteken dat die *paterfamilias* ook ouerlike gesag uitgeoefen het oor alle afstammelinge wie se afkoms deur manlike verwante na hom teruggevoer kon word. Hierdie struktuur word in Justinianus se *Institutiones* verduidelik:[20]

> "Whoever, then, is born of you and your wife is in your power: in like manner, one born of your son and his wife, ie your grandson or granddaughter, is equally in your power, as also great-grandchildren and so on. The issue of your daughter, however, is not in your power but in that of his father."

Die *paterfamilias* was die mees senior manlike verwant in die Romeinse huishouding en hy het die middelpunt van die Romeinse gesin gevorm.[21] Die *patria potestas* is ongetwyfeld die belangrikste en kenmerkendste van die absolute regte in die Romeinse reg waardeur die *paterfamilias* sy omvattende mag en gesag oor die lede van die huishouding uitgeoefen het.[22] Van Oven verduidelik die *patriapotestas* soos volg:[23]

---

authority of another, but females alone are placed in the hands." Sien ook Van Oven 449; Van Zyl 97; Van Warmelo 72.

10 Kaser/Dannenbring *Roman private law* (1980) 83; Van Zyl 97; Van Warmelo 72.

11 Van Oven 450; Van Zyl 97; Van Warmelo 74–75.

12 Van Zyl 97; Van Warmelo 74–75.

13 Van Oven 450; Van Zyl 97; Van Warmelo 75.

14 *D* 2 4 5 Paulus: Kinders deur die *paterfamilias* se vrou voortgebring, is weerlegbaar vermoed syne te wees ooreenkomstig die stelreël *pater est quem nuptiae demonstrant.* Sien ook G 1 55*; I* 1 9 *pr.*

15 G 1 97; *I* 1 11 *pr* (vert Thomas): "Not only our natural children, however, in accordance with what we have set out above, are in our power but also those whom we adopt."

16 G 1 65–75; G 1 94–95; *I* 1 10 13*; I* 3 12; Thomas 35–36.

17 G 1 49; G 1 116–123; *I* 1 8 *pr;* Van Zyl 81; Van Warmelo 52; Kaser/Dannenbring 74–75; Spiro 1; Van der Vyver en Joubert 593; Labuschagne "Die hoggeregshof as oppervoog van minderjariges – 'n historiese perspektief" 1992 *TSAR* 353.

18 G 1 52; *I* 8 1.

19 G 1 156; *I* 1 15 1.

20 *I* 1 9 3 (vert Thomas).

21 Van Zyl 81; Van Warmelo 52; Kaser/Dannenbring 74–75, 304–305; Spiro 1; Van der Vyver en Joubert 593.

22 G 1 55 (vert Scott): "In like manner, our children whom we have begotten in lawful marriage are under our control. This right is peculiar to Roman citizens, for there are hardly any other men who have such authority over their children as we have, and this the Divine Hadrian stated in the Edict which he published with reference to persons who petitioned for Roman citizenship for themselves and for their children, for he said: 'It does not escape my knowledge that the Galatians hold that children are in the power of their parents.'" *I* 1 9 2 (vert Thomas): "The power that we have in respect of our children is particular to Roman citizens: for there are no other men who have such power over their issue as we do."

23 Van Oven 476.

> "Er is wel geen instelling van Romeinsch privaatrecht, die zoo ver van ons modern rechtsgevoel af staat als deze juridische onderworpenheid van volwassen mannen en vrouwen aan die macht van hun vader of verderen ascendent. Ze bracht mee, dat de *pubertas,* de mondigheid, wat't privaatrecht aangaat, alleen van beteekenis was voor weezen, geëmancipeerden en hen die niet in een wettige Romeinsch huwelik geboren waren; ze paste volkomen in de patriarchale orde van den tijd der XII tafelen, maar was in de laat-republikeinsche en vooral in de klassieke periode een anachronisme geworden. Nergens krasser dan hier uitte zich heet Romeinsche conservatisme, dat ondanks alle verzachtingen en omwegen, het beginsel deed in stand houden zelfs nog in de Iustiniaansche codificatie."

Die *patria potestas* was in die vroegste tye bykans onbeperk en het onder andere beteken dat die *paterfamilias* oor die reg van lewe en dood (*ius vitae necisque*) ten opsigte van sy gesinslede beskik het en hulle selfs as slawe *trans Tiberim* of in Rome kon verkoop.[24] Die omvangryke inhoud van die *patria potestas* het baie duidelik nie tot 'n ouer-kind verhouding in die moderne sin van die woord meegewerk nie en was in beginsel gelyk aan die gesag wat 'n *dominus* oor sy slaaf gevoer het.[25] Die *uxor in manu* en afhanklikes was ook in die posisie dat hulle geen bates van hulle eie kon besit of verkry nie – alles wat die gesinslede verkry het, is tot voordeel van die *paterfamilias* verkry (onderworpe aan sekere uitsonderings).[26]

Die absolute mag van die *paterfamilias* het met verloop van tyd begin afneem. Die *ius vitae necisque* het teen die vierde eeu voor Christus finaal verdwyn en in die plek daarvan het die *paterfamilias* slegs 'n matige tugbevoegdheid behou.[27] 'n Soortgelyke afwatering het ten opsigte van ander inbreukmakings op die kind se persoonlikheid plaasgevind – die *noxae deditio* ingevolge waarvan die *paterfamilias* 'n kind wat 'n delik gepleeg het aan die benadeelde moes oorhandig, het teen die na-klassieke tyd in onbruik verval.[28] Die beperking van die *paterfamilias* se regte het gepaard gegaan met 'n verskeidenheid regte wat nou ontstaan het, byvoorbeeld die verpligting om onderhoud aan sy kinders te verskaf en 'n bruidskat (*dos*) aan sy dogter by haar huweliksluiting te gee.[29] Eersgenoemde verpligting het sedert Antonius (135–161 nC) ingevolge die keiserlike reg ontstaan en was wederkerig in dié sin dat kinders ook in gepaste gevalle vir hul ouers se skuld aanspreeklik gehou kon word.[30]

Die absolute mag wat die *paterfamilias* uitgeoefen het, kan na primitiewe tye teruggevoer word toe die gesin 'n hegte ekonomiese eenheid in 'n landbougeoriënteerde gemeenskap was, met slegs een persoon aan die hoof daarvan wat alle seggenskap gehad het.[31] Die basiese groepering van gesinseenhede het tot in die laat

---

24 G 1 116; G 1 117; *I* 1 9 2; Van Oven 477; Kaser/Dannenbring 304–307; Van Zyl 82; Van Warmelo 53–54; Spiro 1; Van der Vyver en Joubert 593.

25 Van Warmelo 53.

26 G 2 86–87; G 2 89; *I* 2 9 *pr–3.*

27 Thomas 27; Van Oven 477; Kaser/Dannenbring 77 305; Van Zyl 83; Van Warmelo 53–55.

28 G 4 75; *I* 4 8 *pr.* Die *actiones noxales* het in werking getree waar 'n slaaf of *filius familias* of 'n ander persoon *in potestate 'n* delik gepleeg het: Kaser/Dannenbring 77 308; Van Zyl 352 353; Van Warmelo 351–353. Volgens Thomas 306 beperk Justinianus die *pater* se aanspreeklikheid slegs tot die gevalle waar 'n delik deur 'n slaaf gepleeg is en in *I* 4 8 7 is dit duidelik dat die *actiones noxales* tov *alieni iuris* in onbruik verval het.

29 *C* 5 12 14; Van Zyl 100 verduidelik dat die morele verpligting om 'n bruidskat aan die dogter te gee teen Justinianus se tyd in 'n regsplig ontwikkel het. Sien ook Kaser/Dannenbring 78 314; Van Warmelo 54–55.

30 *D* 25 3 5 *pr* Ulp; Kaser/Dannenbring 77–78, 314; Van Oven 459.

31 Kaser/Dannenbring 77; Van Warmelo 53.

Romeinse tydperk behoue gebly maar is vanaf die einde van die landboutydperk deur 'n geleidelike disintegrasie van gesinsbande en 'n toenemende mate van individualisering gekenmerk.[32] Daar is veral twee redes wat vir die proses van individualisering aangevoer kan word. Eerstens die verandering van 'n landbougemeenskap na 'n ekonomiese gemeenskap wat om handel en nywerheid sentreer.[33] 'n Tweede rede kan gevind word in 'n lewenswyse wat meer gesofistikeerd begin word het asook die ontwikkeling van ander denkrigtings, versterk deur Hellenisme.[34]

Die sosiale realiteit van 'n ontwikkelende Rome, soos hierbo aangedui, hou verband met die beperkings wat geleidelik op die *patria potestas* geplaas is. Die toenemende sosiale belang in die beskerming van afhanklikes verklaar ook die verpligtinge wat nou deel van die *patria potestas* gevorm het.

2 2 Aard en inhoud van die *patria potestas*

Gesinslede was aan die bykans onbelemmerde mag van die *paterfamilias* onderworpe. Kinders het aan die *patria potestas* onderworpe gebly, ongeag hul ouderdom, solank as wat die *paterfamilias* geleef het.[35] Dit was 'n besondere kenmerk van die Romeinse reg dat 'n vrou nooit die *patria potestas* kon verkry nie.[36]

Die omvang van die *paterfamilias* se gesagsbevoegdhede het byvoorbeeld beteken dat hy sy afhanklikes se huwelike kon verbied[37] of testamentêre voogde vir sy afhanklikes kon aanstel.[38] Volgens Thomas[39] is die treffendste voorbeeld van die *paterfamilias* se magsposisie dié van *substitutio pupillaris* wat verband gehou het met die *impubes* se onvermoë om 'n testament te verly. Hiervolgens kon die *paterfamilias* vir sy kind 'n testament opstel indien hy voorsien het dat sy kind, wat hy as erfgenaam benoem het, voor bereiking van puberteitsleeftyd sou sterf.[40] Die *paterfamilias* kon selfs sy kinders laat aanneem[41] of na willekeur emansipeer.[42] Die *patria potestas* het ook die volgende bevoegdhede ingesluit:

(a) Die reg op lewe en dood wat die ekstreemste van 'n *paterfamilias* se bevoegdhede was.[43] Die uitoefening van die bevoegdheid is waarskynlik so vroeg soos in die Twaalf Tafels (450 vC) onderworpe gestel aan die goedkeuring van 'n gesinsraad (*consilium domesticum*).[44] Teen die bewindstydperk van Konstantyn (306 nC–337 nC) het die reg op lewe en dood nie meer bestaan nie en is die doodmaak van 'n kind gelykgestel aan moord waarvoor die doodstraf opgelê kon word.[45]

(b) Die *paterfamilias* het die bevoegdheid gehad om sy kind te verkoop, waarna so 'n kind as vry Romeinse burger in *mancipio* by die koper gestaan het.[46] Die verkoop van pasgebore babas het tydens die tydperk van ekonomiese verval in die vierde eeu

---

32 Kaser/Dannenbring 77; Van Warmelo 54.
33 Kaser/Dannenbring 77; Van Warmelo 54–55 66.
34 Kaser/Dannenbring 77.
35 Kaser/Dannenbring 77 305.
36 *D* 50 16 195 2/5 Ulp; G 1 104; *I* 1 11 10; Kaser/Dannenbring 83; Van Warmelo 52.
37 *I* 1 10 *pr*; Thomas 27 33; Van Oven 453–454; Van Zyl 82.
38 G 1 144; G 1 146; *I* 1 13 3.
39 Thomas 130–131.
40 G 1 179; G 2 180; *I* 2 16 *pr.*
41 G 1 134; *I* 1 11 2.
42 G 1 132; *I* 1 12 6; *I* 1 12 7.
43 Van Oven 477; Kaser/Dannenbring 77 305–306; Van Zyl 82; Van Warmelo 53–54.
44 Kaser/Dannenbring 305; Van Zyl 82; Van Warmelo 54; Thomas 27.
45 Kaser/Dannenbring 305; Van Warmelo 54–55.
46 G 1 116; G 1 117; Kaser/Dannenbring 306; Van Warmelo 54; Thomas 26.

voor Christus voorgekom. Justinianus het dié praktyk net in omstandighede van uiterste armoede toegelaat en onderworpe daaraan dat die kind onder sekere omstandighede weer terugverkry kon word.[47]

(c) Die *patria potestas* kon in die vroeë reg by wyse van 'n *vindicatio* beskerm word.[48] Dit het beteken dat die *paterfamilias* sy kind van 'n ander kon opeis deur op die *vindicatio* te steun. Die prosedure was baie soortgelyk aan dié van die *rei vindicatio*.[49] 'n Spesifieke prosedure is in die klassieke reg ingestel om die *patria potestas* te beskerm. Hierdie prosedure het op twee interdikte gesteun, naamlik die *interdictum de liberis exhibendis* en die *interdictum de liberis ducendis*.[50]

Die beperkings op die uitoefening van die *patria potestas* is aanvanklik deur instellings buite die privaatreg opgelê – veral deur goddelike reg en gewoontes.[51] Die betrokkenheid van die *consilium domesticum* by die *paterfamilias* se uitoefening van sy bevoegdhede het uit gewoonte voortgespruit.[52] Dit is eers vanaf die Prinsipaat dat beperkings van regsweë opgelê is.[53]

Die *censor* het in die Republiek oor die bevoegdheid beskik om politieke of ekonomiese strafmaatreëls in te stel teen 'n *paterfamilias* wat sy gesag misbruik het. Die *censor* se optrede was nie tot spesifieke situasies beperk nie en hy het van geval tot geval geoordeel of daar 'n skending was wat optrede regverdig het.[54] Sy betrokkenheid het teen die laaste eeu voor Christus tot 'n einde gekom en gedurende die Prinsipaat is beperkings op die uitoefening van vaderlike gesag geleidelik opgelê.[55] Thomas[56] wys daarop dat teen die bewindstydperk van Justinianus die instelling van *patria potestas* steeds bestaan het maar dat die inhoudsbevoegdhede baie afgewater was.

3 GERMAANSE REG[57]

3 1 Die Germaanse gesin

Germaanse reg was gewoontereg, tipies van 'n primitiewe gemeenskap in die landboufase van 'n beskawing.[58] Germaanse reg was stamgebonde, wat die gebrek aan eenvormigheid verduidelik, maar twee duidelike temas blyk tog.[59] Die eerste tema hou met 'n begrip eie aan primitiewe gemeenskappe verband, naamlik dié van mag en die persone- en familiereg was spesifiek op die idee van die *munt* gebaseer.[60]

---

47 *C* 4 43 2; Kaser/Dannenbring 306; Thomas 26.
48 Kaser/Dannenbring 306–307; Van Warmelo 54.
49 Kaser/Dannenbring 306; Van Warmelo 54.
50 Kaser/Dannenbring 306–307; Van Warmelo 54.
51 Kaser/Dannenbring 75.
52 Kaser/Dannenbring 305; Stoljar "The social legal and historial position of children" in Rheinstein en König *International encyclopedia of comparative law* (1974) vol IV hfst 7 17.
53 *D* 48 8 2 Ulp; Kaser/Dannenbring 305.
54 Kaser/Dannenbring 305; Thomas 27; Stoljar 17.
55 Kaser/Dannenbring 305; Thomas 27.
56 Thomas 27.
57 Hahlo en Kahn *The South African legal system and its background* (1968) 330 verwys na die Germaanse tydperk as die periode vanaf die begin van tye tot en met die einde van die vyfde eeu nC. Die belang van die Germaanse reg vir doeleindes van hierdie studie lê in die tydperk vanaf die vierde tot die vyfde eeu nC.
58 Fockema Andreae *Het Oud-Nederlandsch burgerlijk recht I* (1906) 1; Hahlo en Kahn 342.
59 De Blécourt/Fischer *Kort begrip van het Oud-Vaderlands burgerlijk recht* (1959) 6; Hahlo en Kahn 342; Stoljar 19.
60 Hahlo en Kahn 342; Stoljar 19; Huebner *A history of Germanic private law* (1968) 585–587.

Die *munt* was die vaderlike gesag van die gesinshoof oor sy vrou, onmondige kinders en afhanklikes.[61] Die tweede tema behels die betekenisvolle rol wat die groter gesin (*sib*) in die beskerming van kinders gespeel het.[62]

Die *sib* het enersyds na die uitgebreide gesin verwys, soortgelyk aan die Romeinse *gens,* en het sentraal tot die Germaanse sosiale struktuur gestaan.[63] Die *sib* het uit 'n losse groepering van bloedverwante bestaan, ongeag hoe ver hulle van mekaar verwant was, met 'n patriarg aan die hoof daarvan.[64] Die patriarg is deur 'n familieraad bygestaan wat weer uit hoofde van die onderskeie huishoudings behorende tot die *sib* bestaan het. Die familieraad het byvoorbeeld dissipline oor lede uitgeoefen en as gesamentlike voog oor weduwees en weeskinders opgetree.[65] Dit is maklik om te verstaan hoekom die *sib,* as uitgebreide gesin, so 'n belangrike rol in die vroeë gemeenskap gespeel het:[66]

> "Het huwelijk was de bron der familie. Deze in ruimen zin speelde in het Germaansche recht eene groote rol, vooral in den oudsten tijd. Geen wonder; hoe zwakker de staatsmacht is, hoe minder afdoenden steun de staat den enkelen kan bieden, hoe nauwer zij, die elkaar het naast staan, zich aaneen sluiten, hoe zorgvuldiger zij bijeen blijven, elkaar helpende en schragende in alles waarin zich ieder op zich zelf te zwak voelt. Dat doen vooral zij, die door bloedverwantschap verbonden zijn."

Die term *sib* het andersyds na die gesin in die moderne betekenis van die woord verwys met 'n *paterfamilias* aan die hoof daarvan.[67] Hy het deur huweliksluiting gesag (*munt*) oor sy vrou gevestig en ook oor enige kinders uit haar gebore, ongeag of hy die vader was of nie.[68] Diegene wat aan die *munt* onderworpe was, is deur die *paterfamilias* in die familieraad verteenwoordig en dit is juis in hierdie noue integrasie met die uitgebreide gesin waardeur 'n effektiewe beskermingsmaatreël teen die misbruik van die *munt* geskep is.[69] Die *paterfamilias* kon byvoorbeeld net sy kinders swaar straf nadat die familieraad goedkeuring daartoe verleen het.[70] Op die wyse het die *sib 'n* mate van beheer oor die uitoefening van die *munt* gehad en het die *paterfamilias* nooit vanuit 'n geïsoleerde magsposisie opgetree nie.

Die *munt*[71] het uitsluitlik by die *paterfamilias* berus. Fockema Andreae verduidelik: "Van macht der moeder kon oudtijds geen sprake zijn; zij was zelve niet mondig."

Die vrou se regsposisie het egter geleidelik begin verbeter en sy het stelselmatig regte ten opsigte van haar kinders verkry.[72] Sy het byvoorbeeld die reg op voogdy

---

61 Fockema Andreae *Het Oud-Nederlandsch burgerlijk recht II* 209; De Blécourt/Fischer 84; Hahlo en Kahn 342; Stoljar 19; Huebner 585–587, 657–659.

62 Fockema Andreae II 209–210: "Die macht, dat 'mundium' was reeds in den Germaanschen tijd beperkt geweest door een zeker toezicht van de familie; maar hoever dit laatste ging, en waar dus de grenzen van het mundium lagen, is niet met zekerheid te zeggen." Hahlo en Kahn 343–344; Stoljar 20–21; Labuschagne 1992 *TSAR* 354; Huebner 587–588.

63 Hahlo en Kahn 343; Stoljar 20–21; Labuschagne 1992 *TSAR* 354.

64 Hahlo en Kahn 343; Stoljar 20; Labuschagne 1992 *TSAR* 354.

65 Hahlo en Kahn 343; Stoljar 20–21; Labuschagne 1992 *TSAR* 354.

66 Fockema Andreae II 201. Sien ook De Blécourt/Fischer 97; Hahlo en Kahn 344.

67 Hahlo en Kahn 343; Labuschagne 1992 *TSAR* 354.

68 Fockema Andreae II 157; De Blécourt/Fischer 56 84; Hahlo en Kahn 344.

69 Hahlo en Kahn 343–344; Stoljar 20–21.

70 Stoljar 20–21.

71 Fockema Andreae II 2 1 0. Sien ook Huebner 664.

72 Fockema Andreae II 121–122 verwys na die verandering in maatskaplike toestande en opkoms van 'n sterk staatsgesag wat meegebring het dat die vrou se status in die samelewing verbeter het; De Blécourt/Fischer 84: "Ook op de moeder rustte de plicht tot opvoeding . . ."

van die kinders verkry nadat die man oorlede is en die voordele van moederlike sorg en ouerlike samewerking is al hoe meer op die voorgrond gestel.[73] In die geheel gesien, was 'n moeder se posisie steeds ondergeskik aan dié van die *paterfamilias* en verdere ontwikkelinge is as gevolg van die resepsie van die Romeinse reg, wat die ondergeskikte posisie van die vrou beklemtoon het, opgeskort.[74]

3 2 Die inhoud van die *munt*

Die gesin in die eng sin van die woord was aan die *munt* van die *paterfamilias* onderworpe. Die *munt* was aanvanklik, soos die *patria potestas* van die vroeë Romeinse reg, onbeperk en het wesenlik uit 'n versameling bevoegdhede bestaan.[75] De Blécourt/Fischer verduidelik soos volg:[76]

> "Gelijk bij alle andere gezagsverhoudingen, die onder het begrip mundium vielen, zo werd ook en vooral bij den vader en den voogd *aanvankelijk* de nadruk gelegd op het *recht* van hem, die het mundium had, . . ."

Die *paterfamilias* het ingevolge sy omvangryke gesagsbevoegdhede oor die reg op lewe en dood oor sy vrou en kinders beskik en kon hulle ook in slawerny verkoop.[77] Die uitoefening van die *munt* moet teen die agtergrond van die *sib* se toesighoudende rol gesien word en dit beteken dat uiterste optrede, soos hierbo genoem, nie sonder meer plaasgevind het nie.[78]

Die *munt* is met verloop van tyd getemper en die idee het ontwikkel dat die *paterfamilias* ook verpligtinge het teenoor diegene wat aan sy gesag onderworpe is.[79] Fockema Andreae[80] maak die volgende algemene opmerking oor die aard van die ouer-kind verhouding:

> "De bepalingen, die duidelijk licht geven over de rechtsbetrekkingen tusschen ouders en wettige kinderen staande huwelijk, zijn niet talrijk, wij zullen den grond hiervoor wel niet hebben te zoeken in het ontbreken van eene algemeene rechtsovertuiging hieromtrent, maar veeleer in het onnoodige van uitdrukkelijke regeling, omdat de natuurlijke verhouding van zelf den weg wees."

De Blécourt[81] verwys byvoorbeeld na die plig om onderhoud en opvoeding aan kinders te verskaf; die reg om as verteenwoordiger van 'n kind op te tree, en

> "[h]et recht om het meisje uit te huwelijken, en later dat om toestemming tot het huwelijk van het kind of den pupil te geven of te weigeren, vloeide eveneens uit het mundium voort".

Fockema Andreae bespreek die volgende elemente van die *munt*:[82]

---

73 Fockema Andreae I 216–218 222; Studiosus "Die aard van die gesagsregte van ouers ten opsigte van hul minderjarige kinders" 1946 *THRHR* 32 34.

74 Fockema Andreae II 216: "Intusschen, als uitoefening daarvan [regte of pligte van ouers] door één noodig is, is het de vader, die er voor opkomt." De Blécourt/Fischer 84: "De *vaderlijke* macht is eerst in die 20e eeuw in *ouderlijke* macht veranderd" en "Aangezien vrouwen, om voor het gerecht op te treden, een gekoren voogd nodig hadden, kon de molder-voogdes natuurlijk haar kind niet voor het gerecht vertegenwoordigen, doch behoefde zij hiertoe den bijstand van een gekoren voogd." Stoljar 23; Studiosus 1946 *THRHR* 34.

75 De Blécourt/Fischer 84; Hahlo en Kahn 344; Huebner 657–658.

76 De Blécourt/Fischer 84.

77 De Blécourt/Fischer 84; Hahlo en Kahn 344; Stoljar 21–22.

78 Fockema Andreae II 209–210.

79 Fockema Andreae II 210; De Blécourt/Fischer 84; Hahlo en Kahn; Stoljar 21–22.

80 Fockema Andreae II 216.

81 De Blécourt/Fischer 84.

82 Fockema Andreae II 217–221.

(a) Die verpligting van ouers om hul kinders te beskerm.

(b) Die ouers se verpligting om hul kinders te onderhou en op te voed. Ouers kon in dié verband 'n matige tugbevoegdheid uitoefen.

(c) As teenkant van ouers se plig tot opvoeding van hul kinders, het hulle die vruggebruik van kinders se bates gehad.

(d) Ouers moes hul kinders in regshandelinge verteenwoordig.

(e) Ouers was aanspreeklik vir skade wat deur hul kinders veroorsaak is en boetes wat aan die kinders opgelê is.

'n Verklaring vir die geleidelike afwatering van die *munt* kan na die volgende stelling van Fockema Andreae teruggevoer word:[83]

> "Kinderen hebben verzorging noodig én om hunne geestelijke onrijpheid én om hunne lichamelijke hulpbehoevendheid. *Deze laatste was wel de gewichtigste grond,* waarom zij in de oud-Germaansche maatschappij niet voor vol konden gelden."

Bogenoemde verteenwoordig 'n nuwe benadering waar die ondergeskikte posisie van die minderjarige ingevolge liggaamlike hulpbehoewendheid verklaar word. Dit is in teenstelling met die vroeëre benadering waar die kind as ekonomiese bate beskou is en aan vaderlike gesag onderworpe was omdat dit vermoënsregtelik vir die vader voordelig sou wees.[84] Die nuwe benadering het beteken dat vaderlike gesag tot voordeel van die kind en nie tot voordeel van die vader nie uitgeoefen moes word.[85] Die *munt* as absolute en onbeperkte gesagsvorm is onversoenbaar met so 'n veranderde benadering ten opsigte van kinders en volgens Studiosus[86] "het die 'mundium'-begrip mettertyd heeltemal sy magskarakter verloor en al hoe meer 'n versorgingsplig geword".

Die regsgevolge van die *patria potestas* en die *munt* het breedweg ooreengestem maar die regsteorieë onderliggend aan elkeen van die twee konsepte het betekenisvol verskil.[87] In die geval van die *patria potestas* het die klem op die regte van die *paterfamilias* geval terwyl die *munt* 'n kompleks van regte en verpligtinge was.[88] Tweedens was die *patria potestas* 'n soort mandaat wat deur die staat aan die *paterfamilias* verleen is en waarmee hy met 'n groot mate van onafhanklikheid binne sy huishouding beklee is. Die *munt* was eerder 'n algemene riglyn vir optrede, stewig in gebruike gevestig en met die *sib* aktief betrokke by die praktiese uitoefening daarvan.[89] Laastens was die *patria potestas* 'n besonder rigiede konsep wat formeel slegs deur wetgewing verander is. Die *munt,* daarenteen, was 'n vloeibare konsep wat vatbaar was vir eksterne invloede, soos byvoorbeeld dié van die kerk, en dus sensitief vir veranderings soos deur die sosiale orde weerspieël.[90]

---

83 Fockema Andreae I 112.
84 Hahlo en Kahn 344 en vn 54; Stoljar 4; Studiosus 1946 *THRHR* 33.
85 Studiosus 1946 *THRHR* 33.
86 *Idem* 33–34.
87 Stoljar 231.
88 *Ibid.*
89 *Ibid.*
90 *Ibid.*

4 FRANKIESE REG[91]

4 1 Die gesin in die Frankiese reg

Gedurende die Frankiese tydperk (tussen die vyfde en negende eeu) het die Germaanse volkere hul stamgebondenheid oorkom en in groter politieke eenhede saamgesmelt.[92] Die sosiale orde het nou ander magsgroeperings weerspieël wat in die reg in die algemeen en in die persone- en familiereg spesifiek neerslag gevind het. 'n Sterk sentrale regering was aan die orde van die dag en die idee van die *sib* as sosiale eenheid en gesagsliggaam het begin vervaag.[93] Die vader het as individuele voog op die voorgrond getree en die gesamentlike voogdy wat deur die *sib* oor minderjariges uitgeoefen is, vervang.[94] Met die dood van die vader is sy voogdy oor minderjarige kinders gewoonlik aan sy oudste seun oorgedra (of aan enige ander manlike verwant) wat dan as *tutor legitimus* opgetree het.[95] Die koning, as beskermheer van alle onweerbares teen geweld, is geleidelik as oppervoog van alle minderjariges gesien en het so die toesighoudende rol van die gesinsraad vervang.[96] Hy het sy voogdyskap deur die *curia regis* uitgeoefen en so die *Obervormundschaft* of *suprema tutela* oor alle minderjariges verkry. Daarmee is die gedagte van die hoër hof as oppervoog oor alle minderjariges gevestig.[97]

4 2 Die inhoud van vaderlike gesag

Volgens Hahlo en Kahn[98] is die uitstaande kenmerk van die Frankiese tydperk die transformasie van natuurlike voogdy as 'n somtotaal van regte of bevoegdhede na natuurlike voogdy as 'n somtotaal van regte en verpligtinge. Die Frankiese ryk was teen die agste eeu sodanig onder invloed van die Christelike leer dat dit as 'n Christendom bekend gestaan het – 'n feit wat onteenseglik 'n invloed op die ouer-kind verhouding moes uitgeoefen het.[99] Studiosus[100] verwys soos volg hierna:

> "Die besondere invloed van die Christendom op die onderlinge verhouding tussen ouer en kind blyk uit die herhaalde verwysings na die Heilige Skrif in die Romeins-Hollandsregtelike bronne. Dit is heeltemal verstaanbaar aangesien gesinsverhoudings in baie opsigte meer van sedelike as juridiese aard is."

By gebrek aan inligting tot die teendeel kan aanvaar word dat vaderlike gesag met die geboorte van 'n kind uit 'n wettige huwelik, deur wettiging van buite-egtelike kinders en deur aanneming ontstaan het.[101] Vaderlike gesag was steeds omvangryk, met 'n moontlike tempering daarvan onder invloed van die Christelike leer. Kinders was egter steeds in 'n ondergeskikte posisie.

Anders as in die Romeinse reg was 'n kind wel bevoeg om eiendomsreg van bates te verkry maar onderworpe aan die administrasie daarvan deur die vader.[102] Solank as wat die kind in die vader se huis gebly het, het laasgenoemde 'n soort vruggebruik oor die bates van die kind gehad.[103]

---

91 Vyfde eeu nC-negende eeu nC.
92 Hahlo en Kahn 400.
93 Hahlo en Kahn 362–367, 400.
94 Hahlo en Kahn 386, 400; Labuschagne 1992 *TSAR* 354.
95 Fockema Andreae II 224; De Blécourt/Fischer 86.
96 Fockema Andreae I 122; Hahlo en Kahn 386.
97 Hahlo en Kahn 386; Labuschagne 1946 *THRHR* 355.
98 Hahlo en Kahn 400.
99 Hahlo en Kahn 367–368; Studiosus 1946 *THRHR* 34.
100 Studiosus 1946 *THRHR* 34.
101 Fockema Andreae II 209–221; De Blécourt/Fischer 83–88; Studiosus 1946 *THRHR* 35–36.
102 Hahlo en Kahn 383; Stoljar 23–24.
103 De Blécourt/Fischer 86–87; Hahlo en Kahn 383.

5 ROMEINS-HOLLANDSE REG

5 1 Die gesin in die Romeins-Hollandse reg

'n Stelsel van voogdyskap het ontwikkel wat weinig met die *patria potestas* van die Romeinse reg in gemeen gehad het.[104] Van Leeuwen skryf in dié verband:[105]

> "De grote en bysondre magt die de Romeynen over hare Kinderen hadden, komt met de manieren van ons Land niet over een. Sodanig dat deselve huydendaags by na nergens anders in bestaat; als in de eerbiedigheid, die de Kinderen, van Godes wegen, hare Ouders schuldig zyn: en aan de ander zyde, in een sekere bystand, en hulp by de Ouders in't mede uitwerken, of uitvoeren van hare Kinders saken te doen."

Die moeder het ook oor sekere regte ten opsigte van binne-egtelike kinders beskik en dit is daarom meer gepas om na ouerlike gesag te verwys en nie net na vaderlike gesag nie.[106] Met die dood van die vader het die ouerlike gesag in die moeder gesetel en ook andersom, selfs al is 'n voog aangestel om die kind se boedel te administreer.[107] Al het die ouerlike gesag oor binne-egtelike kinders albei ouers toegekom, was die moeder se regte ondergeskik aan dié van die vader en is hy as voog van die kinders gesien.[108] Die moeder was wel die voog van buite-egtelike kinders.[109]

Die verhouding tussen grootouer en kleinkind het ook betekenisvol van die posisie in die Romeinse reg verskil. Voet sit die posisie soos volg uiteen:[110]

> "By Roman law it was held that grandsons born to a son still under power were in the power of the grandfather, so that while he was alive the power of the midway father was hardly to be seen. But by the law of our country the better view is that the grandsons are in the power of the father alone, not of the grandfather, and that not even after the father's death will they be bound by the ties of the grandfather."

---

104 De Groot 1 6 3; Groenewegen *De leg abr* 1 9 2; Van Leeuwen *RHR* 1 13 1; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

105 Van Leeuwen *RHR* 1 13 1.

106 De Groot 1 7 9: "Door uiterste wille werden voogden ghestelt zoo by de moeder als by de vader, de welcken in desen ghelijcke macht hebben, sulcks oock dat voogden by den eerstoverlijdende zijnde ghestelt, de langst-levende daer nae mede voogden mag stellen met gelijck recht, ende heeft dit plaets soo wel ten aenzien van geboren als ongheboren kinderen . . ."; Voet 1 6 3 (vert Gane): "Let him only keep in mind that those effects of paternal power which survived in the later Roman law have been to a great extent done away with by the customs of most nations; or, if not done away with, have been shared with the mother." Voet 27 2 1; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1: "Zij [de magt der ouders over hunne kinderen] komt niet slechts aan den vader, maar ook aan de moeder toe, en, na's vaders dood, aan de moeder alleen. Zij bestaat in een algemeen toevoorzigt over het onderhoud en de opvoeding hunner kinderen, en de beheering van derzelver goederen . . . De ouders zijn bevoegd om, bij hun overlijden, in de voogdije hunner kinderen te voorzien." Studiosus 1946 *THRHR* 35–42.

107 De Groot 1 7 8: "Wel is waer dat de langst-levende der ouderen, schoon by uiterste wille oft by d'overheid niet mede gestelt zijnde tot voogd, altijd behoud de opzicht die de zelve nae de aengeboren ende gegeven Goddelicke wet toekomt, ende over-zulcks in't huwelick van de kinderen het meeste zeggen heeft, gelijck oock in de opvoedinge der kinderen op des selfs raed zonderling werd gelet. Maer alle rechts-plegingen werden ghevoert op der voogden naem, dien oock het bewind der goederen toe-komt."; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1; Wessels *History of the Roman-Dutch law* (1908) 422–423.

108 De Groot 1 6 1: "Van dese onbestorvene kinderen komt de voogdije de vader toe, die als vader ende voogd voor de selven in rechte spreeckt: ende voorts 't bewind heeft van de goederen, die haer door erffenisse ofte anderzints mogen aengekomen zijn, op zodaniger wijze, als der wezen voogden doen"; Lee 36–37; Studiosus 1946 *THRHR* 42.

109 Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 2: "Kinderen, in onecht geteeld, staan niet onder de magt van den vader, maar wel van de moeder, als welke geen bastaard maakt." Fockema Andreae II 210; De Blécourt/Fischer 85.

110 Voet 1 6 4 (vert Gane).

Die implikasie was dat die grootouers regtens nie met die ouer-kind verhouding kon inmeng nie.[111]

Aanneming, wat so 'n belangrike rol in die Romeinse reg vervul het, het nie as instelling bestaan nie, behalwe in Friesland.[112] Dit verklaar waarom aanneming nie by die verkryging of beëindiging van ouerlike gesag bespreek word nie.[113]

Kinders onder die ouderdom van vyf-en-twintig jaar[114] is as minderjarig beskou en was onder die voogdy van hulle ouers of 'n ander voog.[115] Alle minderjariges waarvan een of albei ouers oorlede is, is as weeskinders gesien en een of meer voogde mocs vir hulle aangestel word.[116] Laasgenoemde voogde is kragtens testament of deur die toepaslike gesagsliggaam aangewys.[117] 'n Oorlewende ouer het steeds ouerlike gesag gehad maar dit is uitgeoefen naas die spesifieke verantwoordelikhede wat aan 'n aangewese voog opgedra is.[118]

5 2 Die inhoud van ouerlike gesag

Die aard, inhoud en omvang van ouerlike gesag het betekenisvol van die posisie in die Romeinse reg verskil en word soos volg deur Voet bespreek:[119]

> "Let him only keep in mind that those effects of paternal power which survived in the later Roman law have been to a great extent done away with by the customs of most nations; or, if not done away with, have been shared with the mother. A father cannot now sell his child in case of neediness. Nor does he with us get the usufruct of a son's property coming from sources other than the father. Nor does he make pupillary substitution with the consequences which it used to produce in Roman law. Nor does he enjoy the right of substitution to a greater extent than the mother. In respect of marriage also, while the father's consent is required, yet, if he is wanting, the mother's consent must be obtained up to the same age . . ."

Kinders was gehoorsaamheid aan hul ouers verskuldig, 'n verpligting wat De Groot op die natuurreg baser:[120]

> "Wat het zonderlinge opzicht aengaet, hoe wel het sijn gedaente bekomt uit de burgerwetten, heeft nochtans sijn oorspronck uit het aengheboren recht: want het zelve leert ons, dat de kinderen, als haer wezen naest God van haer ouders ontfanghen hebbende, de zelve haer ouders daer over alle eer, danck ende onderdanigheid schuldig zijn."

Dié verpligting tot gehoorsaamheid het na die bereiking van meerderjarigheidstatus voortgeduur.[121]

---

111 Groenewegen *De leg abr* 1 9 3; Voet 1 6 4, 23 2 15; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 3 6; Wessels 423.

112 De Groot 1 6 1, 1 6 3; Groenewegen *De leg abr* 1 11; Van Leeuwen *RHR* 1 13 3; Voet 1 7 7; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 2.

113 Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 2.

114 De Groot 1 7 3; Groenewegen *De leg abr* 1 12 3; Van Leeuwen *RHR* 1 13 6; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 3.

115 De Groot 1 6 1, 1 7 7–1 7 10, 1 7 13.

116 De Groot 1 7 2.

117 De Groot 1 7 9–1 7 10, 1 7 13, 1 7 16: "Welverstaende dat de wezen noit voogdeloos en moghen zijn, maer de voogden by overlijden ofte andersints ontbreeckende moete terstond anderen in haer plaetse ghestelt werden."

118 De Groot 1 7 8.

119 Voet 1 6 3 (vert Gane).

120 De Groot 1 3 8. Sien ook Van Leeuwen *RHR* 1 13 1: "De grote en bysondere magt die de Romeynen over hare Kinderen hadden, komt met de manieren van ons Land niet over een. Sodanig dat deselve huydendaags by na nergens ander in bestaat; als in de eerbiedigheid, die de Kinderen, van Godes wegen, hare Ouders schuldig zyn . . ."

121 De Groot 1 6 4: "De kinderen op een dezer wijzen van de vaderlicke hand zijnde ontslaghen, bekomen daer door het bewint haerder goederen ende macht om recht te spreecken: blijvende

vervolg op volgende bladsy

Ouerlike gesag het in die Romeins-Hollandse reg uit die volgende elemente bestaan:

(a) Ouers was vir hul kinders se opvoeding, versorging en beskerming verantwoordelik.[122] Die versorgingsplig is as teenprestasie beskou vir die gehoorsaamheid en eerbied wat kinders aan hul ouers verskuldig was.[123] Die versorgingsplig was omvangryk en het die verskaffing van kos, klere, huisvesting, mediese behandeling en verstandelike, sedelike en godsdienstige opvoeding ingesluit.[124] Die versorgingsplig was albei ouers se verantwoordelikheid, elkeen na sy of haar onderskeie vermoë.[125]

(b) Terwyl albei ouers geleef het, was die vader vir die bestuur en administrasie van die kind se boedel verantwoordelik.[126]

(c) 'n Minderjarige moes albei ouers of die oorlewende ouer se toestemming tot huweliksluiting verkry.[127] Van Leeuwen verklaar uitdruklik dat die ouers se bevoegdheid om toestemming tot die huwelik te verleen, deel vorm van hul ouerlike gesag.[128] Die toestemmingsvereiste is ook statutêr gereël by wyse van die Ewige Edik van Keiser Karel van 4 Oktober 1540 en die Politieke Ordonnansie van 1 April 1580.[129] 'n Plakkaat van Holland van 31 Julie 1671 het spesifiek bepaal dat die woord "ouers" in artikel 3 van die Politieke Ordonnansie van 1580 die vader en moeder beteken en nie die grootvader nie.[130]

(d) Kinders is deur hul vader in litigasie verteenwoordig.[131]

(e) Ouers kon uit hoofde van hul ouerlike gesag testamentêre voogde vir hul kinders aanstel.[132] Albei ouers het oor dié bevoegdheid beskik, 'n aspek wat deur De Groot beklemtoon word:[133] "Sulks oock dat voogden by den eerst-overlijdende zijnde ghestelt, de langst-levende daer naemede voogden mag stellen met gelijck recht."

'n Ouer kon nie met die aanwys van 'n testamentêre voog die ander ouer se beheer en toesig oor die kind ontneem nie. De Groot sit die posisie soos volg uiteen:[134]

---

voorts altijd plichtig haere ouders gehoorzaemheid ende eerbiedinghe te bewijzen volgens de aengebooren ende Goddelicke gegeven wet." Van Leeuwen RHR 1 13 3: "De magt dan die, en sodanig de Ouders over hare Kinderen hebben, is niet geduyrig, maar houd op, en eyndigt by sekere voor-vallen: blyvende niet-te-min de Kinderen altijd schuld-pligtig, hare Ouderen gehoorsaamheid, en alle eerbiedigheid te bewysen, volgens de aangeboren, en gegeven Goddelijke Wetten."

122 De Groot 1 6 6; Van Leeuwen *RHR* 1 13 1, 1 13 7; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

123 Van Leeuwen *RHR* 1 13 8; Van Leeuwen *CF* 1 10 5; Voet 25 3 4; Groenewegen *De leg abr ad D* 34 1 15.

124 *Ibid.*

125 De Groot 1 6 1; Van Leeuwen *CF* 1 10 1; Voet 25 3 6–7.

126 De Groot 1 6 1, 1 6 4; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

127 De Groot 1 5 14–16; Groenewegen *De leg abr* 1 10 2; Van Leeuwen *RHR* 1 12 1, 1 12 4, 1 13 1, 1 14 *pr,* 1 14 6; Voet 23 2 11, 23 2 13; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 3 2, 1 3 6, 1 4 1.

128 Van Leeuwen *RHR* 1 14 *pr.*

129 Studiosus 1946 *THRHR* 39–40.

130 *Idem* 40.

131 De Groot 1 6 1.

132 *Idem* 1 3 8: "Maer alzo kinderen, in haere jonge jaeren omnachtig zijnde haer zelven te bestieren, oock niet wijs genoeg en waeren om haer zelven een bestierder te kiezen, zo hebben de ouders hare vrunden verzocht, om by haer aflijvigheid die zorghe aen te nemen." Sien ook De Groot 1 7 9; Voet 27 2 1; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

133 De Groot 1 7 9; Wessels 422.

134 De Groot 1 7 8; Studiosus 1946 *THRHR* 41–42.

> "Wel is waer dat de langst-levende der ouderen, schoon by uiterste wille . . . niet mede gestelt zijnde tot voogd, altijd behoud de opzicht die de zelve nae de aengeboren ende gegeven Goddelicke wet toekomt; ende over-zulcks in 't huwelick van de kinderen het meeste zeggen heeft, gelijck oock in de opvoedinge der kinderen op des selfs raed zonderling werd gelet. Maer alle rechts-plegingen werden ghevoert op der voogden naem, dien oock het bewind der goederen toe-komt."

(f) Kinders was gehoorsaamheid aan hul ouers verskuldig en in dié verband kon ouers 'n matige tugbevoegdheid uitoefen.[135]

(g) Albei natuurlike ouers was vir die onderhoud van hul kinders (ook buite-egtelike kinders) aanspreeklik.[136] Die onderhoudsplig was wederkerig in dié sin dat kinders in gepaste gevalle vir die onderhoud van hul ouers aanspreeklik gehou kon word.[137]

6 SUID-AFRIKAANSE REG

6 1 Algemeen

Die Romeins-Hollandse reg is as gemenereg in Suid-Afrika aanvaar en reël tot op hede primêr die ouer-kind verhouding, onderworpe aan statutêre bepalings.[138] Die Wet op Voogdy[139] verteenwoordig byvoorbeeld die ingrypendste wysiging van die gemenereg en bepaal onder andere dat 'n vrou voog van haar minderjarige kinders gebore uit 'n huwelik is en dat sodanige voogdy gelykwaardig is aan dié wat 'n vader kragtens die gemenereg ten aansien van sy kinders het. Daar word met enkele opmerkings volstaan ten einde die aard van die ouer-kind verhouding in die moderne reg te illustreer.

6 2 Aard van die ouer-kind verhouding

In die moderne Suid-Afrikaanse reg word die ouer-kind verhouding tipies vanuit die ouers se posisie verklaar.[140] Weliswaar val die klem nie soseer net op ouerlike gesag ten koste van kinders nie maar word ouers se posisie in die konteks van 'n kompleksiteit regte, verpligtinge en verantwoordelikhede verstaan wat in die beste belang van die kind uitgeoefen moet word.[141] Spiro sien byvoorbeeld ouerlike gesag as die somtotaal van ouers se regte en verpligtinge teenoor hul minderjarige kinders wat uit hoofde van hul ouerskap ontstaan.[142] Dit is volgens hom juis die besondere wisselwerking tussen die regte en verpligtinge wat ouerlike gesag in die besonder kenmerk.[143] Van der Vyver en Joubert maak van die begrip "ouerlike mag" gebruik, wat volgens hulle uit kompetensiebevoegdhede bestaan en naas ouers se verpligtinge ten opsigte van hul minderjarige kinders, die inhoud van ouerlike mag vorm.[144]

---

135 Van Leeuwen *RHR* 1 13 1; Van Leeuwen *CF* 1 9 4; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

136 De Groot 1 9 9; Van Leeuwen *RHR* 1 13 7–8; Voet 25 3 4–5; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 4 1.

137 Voet 25 3 8.

138 Hahlo en Kahn 566–578; Hahlo en Kahn *The Union of South Africa and its Constitution* (1960) 13 345–391; Spiro (vn 1) 5–7; Lee (vn 108) 2–14; Studiosus 1946 *THRHR* 42–53.

139 192 van 1993 a 1(1).

140 Van der Vyver en Joubert 592; Spiro 81–82; Erasmus *et al* 152; Barnard *et al* 13; Boberg 457–459.

141 Erasmus *et al* 152; Boberg 457–458; *Landman v Mienie* 1944 OPD 59 61–66; *Hornby v Hornby* 1954 1 SA 498 (O) 500; *Lynch v Lynch* 1965 2 SA 49 (R) 152; *Meyer v Van Niekerk* 1976 1 SA 252 (T) 255–257.

142 Spiro 36 41–43.

143 Spiro 36 42.

144 Van der Vyver en Joubert 592.

Barnard, Cronjé en Olivier omskryf die ouer-kind verhouding as 'n *consortium omnis minoritatis* wat teen inbreukmaking deur derdes beskerm kan word.[145] 'n Uiteensetting van die inhoud van ouerlike gesag kom algemeen in regsliteratuur voor en word aan die hand van bewaring, voogdy en die onderhoudsplig teenoor kinders bespreek.[146] Daar word binne hierdie kategorisering klem gelê op aspekte soos die ouers se bystand aan 'n kind ten opsigte van regshandelinge, die administrasie van die kind se boedel en beheer oor die persoon van die kind.[147] Ouers beskik oor omvangryke bevoegdhede en kan byvoorbeeld hul kinders se vriende bepaal. Dit word as deel van ouerlike gesag aanvaar dat ouers oor 'n tugbevoegdheid beskik ten einde gehoorsaamheid by hul kinders af te dwing.[148] Gemeenregtelik is aanvaar dat ouers en kinders se belange ooreenstem en dat ouers in die beste posisie is om besluite rakende hul kinders te neem.[149] In die afwesigheid van wetgewing is dit ook die posisie in die moderne Suid-Afrikaanse reg.

Die staat toon 'n traagheid om in te meng met die uitoefening van ouerlike gesag in 'n "normaal" funksionerende gesin. Ouerlike outonomie en die reg op gesinsprivaatheid is steeds geldende gemeenskapswaardes. In die gevalle waar daar wel met ouerlike gesag ingemeng word, is die oogmerk beskermend van aard. Die staat verseker byvoorbeeld ingevolge die Wet op Kindersorg[150] dat minimum standaarde van ouerlike sorg nagekom word. Die statutêre bepalings ten opsigte van skoolopvoeding bevestig die staat se belang daarin dat kinders 'n minimum standaard van onderrig sal ontvang.[151] In ander gevalle omskryf die wetgewer presies hoe ouerlike gesag uitgeoefen moet word, byvoorbeeld dat beide ouers van 'n minderjarige kind toestemming tot huweliksluiting moet verleen.[152] Die gevalle waar die wetgewer uitdruklik handelingsbevoegdheid aan minderjariges verleen, beteken dat ouerlike gesag ten opsigte van spesifieke regshandelinge heeltemal uitgesluit word. Hierdeur word beskerming aan derdes verleen maar dit is onseker wat die implikasies daarvan binne gesinsverband is. Behalwe vir hierdie standaarde en riglyne word dit aan ouers oorgelaat om in die uitoefening van hul diskresie besluite vir en namens hul kinders te neem.

Die rol van die hooggeregshof as oppervoog van minderjariges is primêr beskermend van aard.[153] Gegewe die historiese ontwikkeling[154] van die hooggeregshof as beskermer van die weerloses is hierdie benadering geensins vreemd nie. Die hof se bevoegdheid om met spesifieke besluite van ouers in te meng, is tot dusver beperk

---

145 Barnard *et al* 365.

146 Spiro 81–210 385–444; Van der Vyver en Joubert 607–614 626–632; Barnard *et al* 371–379; Erasmus *et al* 161–174; Boberg 457–526.

147 *Ibid.*

148 Boberg 466–468; Spiro 89; Van der Vyver en Joubert 610; *Meyer v Van Niekerk* 1976 1 SA 252 (T); *Coetzee v Meintjies* 1976 1 SA 257 (T); *Gordon v Barnard* 1977 1 SA 887 (K); *H v I* 1985 3 SA 237 (K); *L v H* 1992 2 SA 594 (K).

149 Barnard *et al* 320; Boberg 465; Erasmus *et al* 163; Spiro 89; Van der Vyver en Joubert 610; *Germani v Harf* 1975 4 SA 887 (A); *Du Preez v Conradie* 1990 4 SA 46 (B).

150 74 van 1983.

151 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.

152 Wet op Voogdy a 1(2)(a) en ook res van subartikel.

153 Die beskermende rol van die hof is histories sterk gefundeer: sien Labuschagne 1992 *TSAR* 353–357.

154 Boberg 412–413 en gesag aldaar; Labuschagne 1992 *TSAR* 353–357; Spiro 3 4 116 183 257–258 en gesag aldaar.

tot gevalle waar daar konflik tussen ouers of 'n ouer en 'n derde was.[155] Die primêre oorweging is die beste belange van die kind in hierdie tipe konfliksituasies. Dit was tot dusver nog nie vir die hof nodig om te beslis in watter omstandighede inmenging in 'n ouer-kind konfliksituasie geregverdig sal wees nie. Dit is gevolglik onseker of die hooggeregshof as oppervoog die beste belange van 'n kind byvoorbeeld so sal interpreteer dat ouerlike gesag ondergeskik gestel sal word aan selfstandige besluitneming deur die kind.

7 GEVOLGTREKKING

Die grondslag van die ouer-kind verhouding strek so ver terug as die Romeins-regtelike *patria potestas* en die Germaanse *munt*.[156] Die voorafgaande ontleding van die historiese ontwikkeling van hierdie verhouding regverdig die volgende gevolgtrekkings:

(a) Daar het 'n evolusie plaasgevind vanaf die alvermoë van die Romeinse *paterfamilias* tot by die Romeins-Hollandse reg waar albei ouers gesag oor binne-egtelike kinders kon uitoefen en ouerlike gesag deur 'n kombinasie van regte en verpligtinge gekenmerk word.[157] Op sy beurt is die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg ryk aan die erfenis van die Romeins-Hollandse reg.[158]

(b) Die historiese oorsig illustreer duidelik 'n paternalistiese benadering teenoor kinders.[159] Hul natuurlike hulpeloosheid en afhanklikheid bring reeds eeue lank mee dat hulle as voorwerp van ouerlike versorging gesien word. Gevolglik word ouers, of ander persone in gesagsposisies, gesien as diegene wat in belang van kinders optree.

(c) Die historiese oorsig illustreer die mate waarin die status van kinders 'n sosiologiese verskynsel is wat saamhang met die siening van 'n betrokke samelewing. Dié verskynsel word in die reg weerspieël – die status van kinders in die gesin en in die samelewing word deur die aard en omvang van ouerlike gesag en die mate van staatsregulering van die gesinslewe bepaal.

Die voorafgaande bespreking bevestig dat ouerlike gesag omvattend is en dit skep die indruk dat ouers die primêre besluitnemers oor hul kind se beste belang is. Dit gebeur ongetwyfeld dat kinders in die gewone gang van sake deur hul ouers beskerm word en dat hulle ook die geleentheid gebied word om selfstandig op te tree. Hierdie situasies is egter insidenteel tot die uitoefening van ouerlike gesag en word nie verwesenlik omdat *kinders* spesifiek regte daarop het nie. Die ouer-kind verhouding is die resultaat van 'n evolusieproses oor baie eeue heen. Ook hierdie ouer-kind verhouding het 'n ideologie van sy eie wat uit drie kernelemente bestaan. Die eerste element behels die respek vir 'n privaatsfeer van gesinsverhoudinge. Die tweede element sentreer om ouers van wie daar verwag word om uit hoofde van hul ouerskap ouerlike gesag in die beste belang van die kind uit te oefen. 'n Derde element is gebaseer op die status van 'n kind as afhanklike en onvolwasse persoon wat beskerm moet word. Die beginsel dat 'n ouer se besluite "in die beste belang" van die kind moet wees, is op laasgenoemde element gebaseer.

---

155 Kruger "Enkele opmerkings oor die bevoegdhede van die hooggeregshof as oppervoog van minderjariges om in te meng met ouerlike gesag" 1994 *THRHR* 304 ev.

156 Hahlo en Kahn 345–385; Lee 3–4; Wessels 405, 417–425; Studiosus 1946 *THRHR* 32–42.

157 Studiosus 1946 *THRHR* 30 32–42.

158 Hahlo en Kahn 566–578; Hahlo en Kahn 345–391; Lee 2–14; Studiosus 1946 *THRHR* 42–53.

159 Die aanvanklike beskerming was vermoënsregtelik van aard omdat die kind as 'n ekonomiese bate gesien is.

Dit blyk uit hierdie bydrae dat die idee van kinderregte sekere sosiale en juridiese veronderstellings ten opsigte van ouerlike outonomie en die status van kinders, wat histories fundeer is, bevraagteken. Dit is hierdie tradisionele sosiale en juridiese beskouing van die ouer-kind verhouding wat ideologies 'n groot struikelblok in die erkenning en implementering van kinderregte vorm. Ouerlike gesag sal byvoorbeeld gedefinieer moet word om ook vir horisontale interaksie met die kind in die uitoefening van ouerlike gesag voorsiening te maak. In aansluiting hiermee sal die ideologie van die staat as beskermer in die privaatreg moet verander in 'n ideologie van vennootskap met ouers en met die kind. Daar sal gevolglik fundamentele veranderings moet plaasvind voordat versoening tussen die ideologieë bewerkstellig kan word. Vanuit 'n sosiale oogpunt sal struikelblokke eers oorkom moet word indien kinderregte as deel van die geldende gemeenskapswaardes beleef word.

The presumption of innocence and, in particular, rules concerning the burden of proof (both its incidence and the standard required) exist because fact-finding by a court can never be without risk of error and because, at times, courts cannot determine the facts at all. Rules regulating the burden of proof seek to determine the acceptable level of risk and who should bear it in each case. . . We entrench the presumption of innocence in our Constitution to remind us that we wish to minimise as much as is reasonably possible the risk of error in the proceedings that determine whether a person is to be punished by the State for criminal conduct and to ensure that an accused is reasonably protected from the risk of error. However, like other rights, the presumption of innocence is not absolute. Once it is infringed, the question arises whether there are important reasons, outweighing the importance of the presumption, for increasing the risk of error through varying the burden or incidence of proof.

O'Regan J and Cameron AJ in S v Manamela (Director-General of Justice Intervening) 2000 5 BCLR 491 (CC) par 68E–H.

The "code" of Johannes van der Linden

PhJ Thomas
Mr LLD
Professor of Law, University of Pretoria

OPSOMMING

Die "kode" van Johannes van der Linden

In die geskiedenis van kodifikasie speel die Hollandse juris Van der Linden 'n beskeie rol. Alhoewel Van der Linden vandag bekend is vir sy werke oor die Romeins-Hollandse reg (veral sy *Koopmanshandboek*), het hy ook die Hollandse en die Suid-Afrikaanse reg beïnvloed deur die konsep-kode wat hy in 1807 in opdrag van Louis Napoleon geskryf het. Hierdie artikel bespreek Van der Linden se lewe en loopbaan as juris, die ontwikkelinge wat tot die opstelling van sy konsep-kode gelei het en die invloed daarvan op die regstelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek na 1859.

1 INTRODUCTION

In the history of codification, the Dutch jurist Van der Linden has played a modest role. When, in 1965, the Dutch legal historian Cerutti[1] devoted an essay to Van der Linden's draft for a Dutch civil code of 1807 he acknowledged the lackb of recognition of this aspect of Van der Linden's oeuvre.[2] The fact that Van der Linden's fame continues until today in South Africa is attributable to his works on the old Dutch law, in particular the rather basic *Koopmanshandboek*.

This contribution concentrates, however, on Van der Linden's direct and indirect influence on Dutch and South African law in his rather unusual role as codifier, and gives an account of the second life offered to Van der Linden's work in 1859.

2 VAN DER LINDEN'S LIFE AND CAREER

Van der Linden may be compared to Gaius, in that very little is known about the person of this Dutch jurist. Born in 1756 in Zuidscharwoude,[3] he studied at the University of Leiden and obtained his doctoral degree at the age of eighteen.[4] The lack of information about Van der Linden is exemplified by the fact that, by way of biographical information, mention is made of the fact that he was a student of Van

1 Cerutti "Het ontwerp Burgerlijk Wetboek van Joannes van der Linden (1807)" in *Opstellen over Recht en Rechtsgeschiedenis aangeboden aan Prof Mr BHD Hermesdorf* (1965) ("Cerutti") 39–72.

2 39.

3 On 1756-02-23. See Roberts *A South African legal bibliography* (1942) ("Roberts") 190.

4 *Dissertatio juridica inauguralis De Jure Viduarum* (Lugduni Batavorum 1774).

der Keessel.[5] This, however, must apply to hundreds of Dutch jurists, since Van der Keessel taught at Leiden for forty-five years from 1770 until 1815.[6]

After his studies, Van der Linden practised as an advocate at The Hague, Leiden and Amsterdam.[7] The most remarkable aspect of his life and career, however, was the quantity, quality and versatility of his publications. Here we encounter another similarity between him and Gaius, in that Van der Linden is remembered mainly for his introductory compendium of law for the businessman, his *Rechtsgeleerd practicaal en koopmanshandboek*.

Even his judgeship at the court of Amsterdam at the age of seventy[8] is shrouded in mystery and therefore open to multiple interpretations. In South Africa this judgeship is mostly viewed as the culmination of two brilliant careers, as legal practitioner and as versatile publicist. On the other hand, Cerutti provides us with information which shows that Van der Linden died virtually insolvent, with debts of f 3 906,27, a quarterly salary of f 427,41 and *activa* of f 5 187,36 of which f 3 431 were represented by his library.[9] This fact, combined with the ripe age at which the judgeship was bestowed on him, gives rise to the suspicion that this was given as a sinecure to a poor old man.

Whatever the success of his practice as an advocate or the financial rewards of his publications may have been, one fact remains beyond doubt, namely that Van der Linden was a multitalented, industrious jurist who published in various fields.

3 PUBLICATIONS

Van der Linden's publications ranged from manuals for legal practitioners[10] to a supplement on the commentaries of Voet,[11] from translations of the works of Pothier[12] to the *Groot Placaet Boek*,[13] and from a collection of decided cases[14] to a translation of the *Introduction* of Hugo de Groot.[15] Among the works of Van der Linden are

---

5 Roberts 190; Van Zyl *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg* (1979) ("Van Zyl") 395; De Wet *Die ou skrywers in perspektief* (1988) ("De Wet") 173.

6 De Wet 172, in particular fn 79.

7 De Wet 173.

8 Hahlo and Kahn *The South African legal system and its background* (1968) ("Hahlo and Kahn") 560.

9 45 and 45 fn 1. Cerutti mentions that the books were auctioned in December of that year, but does not reveal the proceeds.

10 Notes (with Lulius) on Merula *Manier van procederen in de provintien van Hollandt, Zeelandt en West-Vrieslandt belangende civile zaken* (vol 1 1781, vol 2 1783); *Korte schets der form van procedeeren voor de hoven van justitie in Holland gebruikelijk* (1781); *Verhandeling over de judicieele practycq of form van procedeeren* (vol 1 1794, vol 2 1798); *De ware pleiter* (1827).

11 Johannes Voet *Commentarii ad Pandectas Tomus tertius ejusdem commentarii continens supplementum auctore Joanne van der Linden sectio prima a libro I usque ad XII Pandectarum* (1793).

12 *Verhandeling van het wisselrecht* (1801); *Het recht omtrent societeiten of compagnie-schappen en andere gemeenschappen* (1802); *Het recht omtrent legaten* (1803); *Verhandeling van contracten en andere verbintenissen* (vol 1 1804, vol 2 1806). See Kunst *Historische ontwikkeling van het recht I* (1967) ("Kunst") 86; Van Zyl 222–227.

13 Part 8 (with Lulius) *Groot Placaet-Boeck vervattende de placaten, ordonnantien ende edicten van de staten generael van de staten van Hollandt en West Vrieslandt en van Zeelant* (1795); part 9 *Groot Placaet-Boeck* (1796); *Repertorium of generaal register over de negen deelen van het Groot Placaet-Boek* (1797).

14 *Verzameling van merkwaardige gewijsden der gerechtshoven in Holland* (1803).

15 Hugonis Grotii *Institutiones Juris Hollandici e Belgico in Latinam sermonem translatae a Joanne van der Linden JUD*. This work was at the printer at the time of Van der Linden's death in 1835 and remained unpublished until 1962. See Hahlo and Kahn 553; Van Zyl 350.

translations of the French Codes,[16] textbooks on the new French law,[17] an introductory textbook for businessmen,[18] and a draft of a Dutch Civil Code.

4 MOVEMENT TOWARDS CODIFICATION

During the 18th century, codification, and its concomitant legal certainty and unity, enjoyed wide appeal. Originally recognised as a powerful tool by rulers attempting to create the modern centralised state, codification in the vernacular was regarded among the enlightened as a human right.[19] Thus the French revolutionaries advocated codification as part of their programme of reform, as did their Dutch counterparts.[20] After the invasion by the French revolutionary armies in 1795, the velvet revolution reconstituted the old decentralised Dutch republic. The new Batavian Constitution of 1798 was meant to create a modern unitary state with a uniform legal system. Section 28 enacted a codification clause,[21] which placed a time limit of two years on the introduction of civil, criminal and procedural codes. The task of choosing members of the codification commission[22] and political developments in the Netherlands[23] hindered serious progress. For example, Professor Cras, an important member of the commission, was an enthusiastic adherent of natural law. He is on record as stating that the codifier does not create law, but teaches and explains natural law to the citizens.[24] In consequence, the draft of this commission was characterised by its philosophical and dogmatic approach.[25]

---

16 *Wetboek van koophandel van het Fransche rijk* (1808).

17 *Verhandeling van het regt op de belasting op de successie, volgens de Fransche wetten* (1812); *Verhandeling van het notaris-ambt in Frankrijk* (1810–1811); *Keizerlijke besluiten betreffende de berekening der kosten in rechtzaken: vertaald door J van der Linden* (1811); *Manier van procederen in civiele zaken, voor de geregtshoven en regtbanken in Frankrijk: gevolgd naar het Fransch van den heer Berriat-Saint-Prix* (1812).

18 *Regtsgeleerd practicaal en koopmanshandboek, ten dienste van regters, praktizijns, kooplieden, en allen die een algemeen overzicht van rechtskennis verlangen* (1806), containing the private law, criminal law, civil and criminal procedure as well as mercantile law of the province of Holland.

19 Thomas, Van der Merwe and Stoop *Historical foundations of South African private law* (1998) 56.

20 Cohen Jehoram *Over codificatie* (1970) ("Cohen Jehoram") 6 cites point 4 of the list of political *desiderata* drawn up in 1791 by the Dutch "patriot" Valckenaer during his exile in France.

21 *Staatsregeling voor het Bataafsche volk* (1798) s 28: "Er zal een Wetboek gemaakt worden, zoo wel van Burgerlijke, als van Lijfstraffelijke Wetten, te gelijk met de wijze van Regts-vordering, op gronden, door de Staatsregeling verzekerd, en algemeen voor de gantsche Republiek. Deszelfs invoering zal zijn, uiterlijk binne *twee* jaaren, na de invoering der Staatsregeling."

22 Cerutti 46 mentions the names of Gockinga, Wierdsma, Bondt, Farjon, Cras and Walraven. The best-known member is Cras, professor of law at Amsterdam. His publication *Betoog dat de redekunde en het regt der natuur de eenigste grondslag is van alle wetgeving* (1814) explains his choice of paradigm. See Cohen Jehoram 7ff; Van Zyl 415.

23 As early as 1801, a new constitution, *Staatsregeling des Bataafschen volks*, had replaced the 1798 Constitution. In 1805, another *Staatsregeling des Bataafschen volks* came into force. The Constitution of 1801 had a more federal character, but stipulated the following in s 84: "Het Staats-Bewind zorgt, dat een algemeen Civil en Crimineel Wetboek, na dat op de daar van gemaakte ontwerpen de consideratien van het Nationaal Gerechtshof zullen zyn ingenomen, ten spoedigsten aan het Wetgevend Lichaam ter bekrachtiging worde aangeboden." The codification of the law of procedure, which had been accepted in 1799, was, however, not introduced, and this led the commission to adopt the view that codification had become unnecessary. See Cerutti 47; Cohen Jehoram 7.

24 Cohen Jehoram 7f.

25 Kunst 103ff.

Furthermore, the Constitution of 1798 was replaced as early as 1801, and the 1801 Constitution was viewed as a return to the old provincialism.[26] The political situation underwent a drastic change when the Kingdom of Holland was created in 1806, with a younger brother of the French Emperor as the Dutch king. Legal development was given a new direction and impetus when the new king, Louis Napoleon, made a clean sweep and appeared to display Napoleon's aptitude for choosing the right man for the job. This was Johannes van der Linden, who was given a low-key appointment, directly by the king, to codify Dutch private law, for a consideration of Fl 7 000.[27]

5 VAN DER LINDEN'S CODE

Although Van der Linden had, according to some accounts, been a member of the codification commission of 1798,[28] the lack of progress on the part of the commission can hardly be laid at his door. At the time of Van der Linden's appointment in 1807, the commission had completed only book 1 (*General introduction*) in 1804, and the report on it by the highest court in the Batavian Republic, released in 1806,[29] was hardly encouraging. Van der Linden asked for the unfinished draft and related papers, and artfully combined the preliminary work of the commission, the recent French codification and his own considerable knowledge to produce a practice-orientated draft within one year.[30] A noteworthy inclusion is that of mercantile law and the law of procedure.[31]

A balanced combination of new French law and old Dutch law, this draft never came into force, as a result of Napoleon's instructions. It is, however, generally accepted today that considerable traces of Van der Linden's draft are to be found in the code which came into operation in 1809.[32]

6 HISTORICAL CHANCE

After consolidation of his position as French first consul, Bonaparte concluded the Peace of Amiens with Great Britain in 1802.[33] As a result, the British returned a number of conquered colonies to their original masters. The Cape Colony and the Dutch East Indies were accordingly returned to the Batavian Republic, one of the co-signatories to the treaty.[34] After hostilities between France and Great Britain reopened in 1805, however, the British were quick to reoccupy these territories, and in 1806 the second British occupation of the Cape Colony took place. In 1802 the Dutch had resumed power in the Cape with good intentions of introducing the new ideals, but little had been achieved by 1806.[35] This turned out to be a missed opportunity. In contrast, the then Ile de France (the present isle of Mauritius) was

---

26 Kemper *Crimineel wetboek voor het koningrijk Holland* I (1809) cited by Cohen Jehoram 7; Kunst 104.
27 Cerutti 50f.
28 De Wet 174, 176.
29 Cerutti 48; Cohen Jehoram 7.
30 Cerutti 51–58; Cohen Jehoram 8.
31 Kunst 107f.
32 Cerutti 58–71.
33 Larousse *Encyclopedia of modern history from 1500 to the present day* (1968) ("Larousse") 246.
34 Larousse 247; Van Zyl 443.
35 Van Zyl 446–448.

abandoned in 1710 by its Dutch colonisers, whose only contribution to the isle had been the extinction of the Dodo, a unique species of duck. In 1715 the French seized the isle and renamed it Ile de France. French sovereignty survived the revolution and the Napoleonic Anglo-French conflicts until 1810, when the French commander Decaen capitulated to a British invasion force. The *Code civil des Francais* was, however, extended to Reunion and Mauritius in 1805, and was made applicable under the name *Code Napoleon* in 1808. The instrument of capitulation of 1810 expressly safeguarded the laws and customs,[36] the religion and the property of the inhabitants, and its terms were repeated and endorsed by the Treaty of Paris of 1814.[37]

7 THE SECOND LIFE

During the 1830s thousands of Dutch-speaking inhabitants left the Cape Colony and moved north into the interior. The eventual result was the creation of two new states, the Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) and the Republiek van de Oranje Vrijstaat.[38]

After the recognition of their newly created states by Great Britain in 1852 and 1854 respectively,[39] the Boer Voortrekkers enacted constitutions for their new republics. The Constitution for the ZAR was adopted in 1858. This constitution was silent on the system of law to be applied in the new state, but in 1859 the first annexure to the constitution was promulgated[40] in which the "Code" of Van der Linden was declared to be the code of the state in so far it did not conflict with the Constitution, other statutes or resolutions of the Volksraad.[41] The *communis opinio* in South Africa has always been that Van der Linden's *Koopmanshandboek* was made the official law book of the ZAR, and that where Van der Linden was silent or inadequate, Simon van Leeuwen's *Het Roomsch-Hollandse recht* and the *Inleiding* of Grotius would have binding force as supplementary sources.[42] The author of the first textbook on the law of the Transvaal, Maurits Josson, based his text on these works and regarded them as the statutory law of the Republic.[43]

This may, however, be the occasion to ask with perfect hindsight whether Josson's interpretation is correct. Dutch was the official language of the South African Republic, and the Dutch word "wetboek" (used in the annexure) means

---

36 Article 8 of the Capitulation 1810: "The inhabitants shall preserve their Religion, Laws and Customs." See Angelo "Mauritius: The basis of the legal system" 1970 *CILSA* 228 238.

37 Orucu, Attwood and Coyle (eds) *Studies in legal systems: mixed and mixing* (1996) 209ff.

38 Du Bruyn "The Great Trek" and Heydenrych "The Boer Republics 1852–1881" in Cameron *An illustrated history of South Africa* (1986) 127–139 143–160; Oakes (ed) *Illustrated history of South Africa. The real story* (1989) 114–121 144–150.

39 By the Sand River Convention of 1852 (ZAR) and the Bloemfontein Convention of 1854 (OFS).

40 Bylage 1 of 1859-09-19. See Hahlo and Kahn 560; Van Zyl 463.

Artikel 135 van die Zuid-Afrika Wet 1909 het voorsiening gemaak vir die voortbestaan van bestaande koloniale reg met die gevolg dat koloniale strafprosedures tot 1917 bly voortbestaan het. Die reg op verteenwoordiging het in artikel 218 van die Wet op Strafproses en Bewysreg 31 van 1917 statutêre erkenning verkry. Hierdie wet en die Wet op Landdroshowe 32 van 1917 het die strafprosedures in die verskillende provinsies gekonsolideer, maar dit was nie juis vernuwend van aard nie[46] en dit was grootliks op die Transvaalse ordonnansie van 1903 gebaseer. Artikel 135 verleen die reg om deur 'n advokaat, prokureur of regsagent ("law agent") verteenwoordig te word. Artikel 97(2) het ook die reg op bystand gedurende die voorlopige ondersoekfase verleen. Die enigste verwysing na regshulp was in artikel 93 wat bepaal het dat *pro Deo*-regsverteenwoordigers wat deur die hof aangestel is op 'n gratis kopie van die rekords van die voorlopige ondersoek geregtig was. Die wet het ook 'n verpligting op die howe geplaas om onverdedigde beskuldigdes tot hulp te wees. So moes die klerk van die hof, waar die beskuldigde behoeftig was, verdedigingsgetuies dagvaar wat as wesenlik en noodsaaklik vir die verdediging beskou is.[47] Daar was ook 'n algemene plig op die hof om die bestaan van sekere regte aan beskuldigdes te verduidelik. Dit het die reg om te swyg en om getuienis aan te voer, ingesluit.[48]

Die Strafproseswet 56 van 1955[49] verleen soos sy voorganger ook die *reg* op bystand en verteenwoordiging deur regsadviseurs, maar dit is nie 'n absolute reg nie.[50] Die Strafproseswet van 1955 het geen verandering aan die posisie van die onverdedigde beskuldigde teweeggebring nie en die beskermende maatreëls van die Wet op Strafproses en Bewysreg 31 van 1917 is bloot bevestig.

Artikel 218 van Wet 31 van 1917 is wel deur artikel 73(2) van die Strafproseswet van 1977[51] uitgebrei. Laasgenoemde maak voorsiening vir die reg op regsverteenwoordiging by "strafregtelike verrigtinge" terwyl eersgenoemde slegs vir verteenwoordiging "by sy verhoor" voorsiening gemaak het. Wet 51 van 1977 verleen dus 'n veel wyer reg as sy voorganger aangesien breedweg gesê kan word dat "strafregtelike verrigtinge" ook verrigtinge soos borgaansoeke en aansoeke om uitstelle insluit.

In siviele aangeleenthede was *pro Deo*-bystand in al vier die voormalige kolonies beskikbaar.[52] Soortgelyke voorsiening vir *pro Deo*-regshulp is ook gemaak in die reëls wat ingevolge die Wet op Landdroshowe 32 van 1917 en 32 van 1944 uitgevaardig is. Die reëls van die onderskeie hooggeregshowe het weer vir *in forma pauperis*-verrigtinge voorsiening gemaak.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat regsverteenwoordiging, en in besonder die reg daarop, by wyse van 'n evolusionêre proses tot stand gekom het. Die reg het bestaan, maar die inhoud van die reg was onseker. Die statutêre reg maak voorsiening vir sowel die breë raamwerk van die strafproses as die besondere prosedurele reëls wat gevolg moet word. Waar spesifieke voorskrifte ontbreek het, kon die howe die gemenereg ontwikkel.[53]

---

46 Strauss "The development of law of criminal procedure since Union" 1960 *Acta Juridica* 157 159.
47 A 244(2).
48 A 74(1) en 221(4).
49 A 158.
50 A 73(2).
51 A 73 van die Strafproseswet 51 van 1977.
52 Wet 20 van 1856 van die Kaap, Wet 7 van 1902 van die Oranje-Vrystaat, Wet 22 van 1896 van Natal en Proklamasie 21 van 1902 van Transvaal.
53 Steytler *The undefended accused* (1988) 25.

4 ONTWIKKELING VAN REGSVERTEENWOORDIGING AS INSTELLING DEUR DIE HOWE

Regsverteenwoordiging is 'n produk van die gemenereg[54] wat uiteindelik statutêre erkenning verkry het. Daar is egter alreeds voor die Wet op Strafproses en Bewysreg 31 van 1917 in *Li Kui Yu v Superintendent of Labour*[55] ondubbelsinnig verklaar dat die reg op verteenwoordiging fundamenteel tot die Suid-Afrikaanse regstelsel is. Alhoewel die reg statutêr erken is, is die aard en omvang nie omskryf nie. Die wetgewer het dit aan die howe oorgelaat om die inhoud en omvang van die reg op regsverteenwoordiging te bepaal aangesien die wetgewing en die hofreëls slegs 'n breë raamwerk daargestel het.

4 1 Hofbeslissings ten opsigte van die reg op regsverteenwoordiging: 1917–1955

Met die inwerktreding van die Wet op Strafproses en Bewysreg 31 van 1917 was daar lank nie meer twyfel oor die reg op regsverteenwoordiging nie. So het die appèlafdeling in *Dabner v SA Railways and Harbours*[56] verklaar:

> "That a person who is charged with an offence before any court in judicial proceedings in this country is entitled to appear by a legal adviser is a proposition which no one will dispute."

Deur bogenoemde stelling sonder verwysing na gesag te maak, alhoewel artikel 218 van die Wet op Strafproses en Bewysreg 31 van 1917 alreeds drie jaar in plek was, is 'n aanduiding van hoe algemeen die reg op verteenwoordiging in strafsake alreeds aanvaar was.

Marks v Lugg NO[57] het gehandel oor 'n ondersoek na die vraag of 'n persoon getuienis kan lewer ten opsigte van 'n oortreding ingevolge artikel 96 van Wet 31 van 1917. Die regter het beslis dat dit binne die diskresie van 'n landdros val om te besluit of aan die persoon wat ondervra gaan word, regsverteenwoordiging toegelaat moet word.[58] Daar was egter 'n aantal sake na *Marks v Lugg*[59] waarin regsverteenwoordiging by soortgelyke ondersoeke toegelaat is.[60]

In 1951 het die Transvaalse Hooggeregshof in *Appleson v The Master*[61] verklaar dat 'n getuie nie ingevolge die gemenereg 'n reg het om deur 'n regsadviseur verteenwoordig te word nie. Getuies was egter op gereelde basis toegelaat om van professionele bystand gebruik te maak, selfs al het hulle nie 'n reg daartoe gehad nie.[62]

Daar was geen radikale ontwikkeling ten opsigte van die reg op verteenwoordiging in strafsake in hierdie tydperk nie. Die woord "entitle" in *Dabner v SA Railways and Harbours*[63] is 'n aanduiding dat beskuldigdes 'n reg gehad het om

---

54 In *Ndanozonke v Nel NO* 1971 3 SA 217 (OK) 219F is aangevoer dat die reg van 'n beskuldigde op regsverteenwoordiging van wetteregtelike oorsprong is. 'n Ondersoek na die geskiedkundige ontwikkeling en die feit dat die stelling deur die hof nie gemotiveer is nie, bring mee dat daardie standpunt nie ondersteun kan word nie.

55 1906 TS 108.

56 1920 AD 583.

57 1933 WLD 135 141.

58 In *S v Heyman* 1966 4 SA 598 (A) is daar in 'n *obiter dictum* twyfel uitgespreek of die *Marks*-saak korrek beslis is.

59 *Supra.*

60 Sien *R v Heard* 1937 CPD 401 en *Waddell v Eyles NO and Welsh NO* 1939 TPD 198.

61 1951 3 SA 141 (T) 146.

62 *Shamosewitz v Shamosewitz and Schatz's Trustee & Adler NO* 1913 WLD 213.

63 *Supra.*

deur 'n praktisyn bygestaan te word. Die gebruikmaking van regsverteenwoordigers is wel gedurende hierdie tydperk geleidelik uitgebrei van beskuldigdes na getuies. Wat getuies betref, blyk dit nie asof daar 'n reg op bystand bestaan het nie, maar eerder dat dit tot 'n praktyksreël ontwikkel het.

4 2 Hofbeslissings ten opsigte van die reg op regsverteenwoordiging in strafsake: 1955–1994

Teen die tyd wat *R v Mati*[64] beslis is, was dit al gebruiklik dat beskuldigdes in sake waarin die doodstraf opgelê kon word, *pro Deo*-verteenwoordiging geniet het. Die hof beslis dat daar geen regsreël bestaan dat 'n beskuldigde wat die gevaar loop om, indien hy skuldig bevind sou word, ter dood veroordeel te word, deur 'n advokaat verteenwoordig moet word tensy hy daarteen beswaar maak nie.[65] Die hof het egter verder gegaan en verklaar:

> "But it is a well established and most salutary practice that whenever there is a risk that the death sentence may be imposed . . . the State should provide defence by counsel if the accused has not made his own arrangements in that behalf. It is disquieting to think that under our system of procedure . . . it is possible for an accused person to be convicted by a Judge sitting alone and be sentenced to death after a trial in which by reason of his poverty he has had to conduct his own defence."[66]

In *S v Seheri*[67] is beslis dat 'n beskuldigde wat onverteenwoordig is as gevolg van 'n fout van sy prokureur, nie sy reg op regsverteenwoordiging verbeur nie en dat 'n weiering om uitstel te verleen ten einde verteenwoordiging te bekom daarop neerkom dat geregtigheid nie geskied het nie. In hierdie saak is die fundamentele belang van die reg op regsverteenwoordiging onomwonde deur die Appèlhof bevestig:[68]

> "Oor die belangrikheid van die voordeel van regsbystand by die verhoor van persone wat, veral weens ernstige misdaad, aangekla word, kan daar geen twyfel bestaan nie."

S v Wessels[69] was 'n appèl in die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof. Die appellant het in die streekhof geweier om getuienis af te lê en hy is gevolglik skuldig bevind ingevolge artikel 212 van die Strafproseswet 56 van 1955. By die aanhoor van sy beswaar om te getuig, het 'n advokaat versoek om vir hom te verskyn. Die versoek is van die hand gewys en die advokaat is slegs toegelaat om die hof ten opsigte van vonnis toe te spreek. Die hof van appèl het hierdie weiering as 'n growwe onreëlmatigheid beskou[70] en tot die gevolgtrekking gekom dat gesê kan word ". . . that the accused have not been properly tried".[71] Die hof was dan ook die mening toegedaan dat ". . . the accused have not had justice".[72]

Drie maande na *S v Wessels*[73] het die Appèlhof ook die geleentheid gehad om hom oor die reg op regsverteenwoordiging uit te spreek. *S v Heyman*[74] het ook op artikel 212 van die Strafproseswet 56 van 1955 betrekking gehad. In die hof *a quo*

---

64 1960 1 SA 304 (A).
65 306H.
66 306H–307A.
67 1964 1 SA 29 (A).
68 33H.
69 *Supra.*
70 97G.
71 98A.
72 97G.
73 *Supra.*
74 1966 4 SA 598 (A).

het die beskuldigde geweier om te getuig tensy hy regsverteenwoordiging gehad het. Die Appèlhof was die mening toegedaan dat 'n weiering, sonder gegronde rede, om so 'n persoon die geleentheid te gee om verteenwoordiging te bekom, in stryd is met die grondbeginsels van die regspleging.[75] Die hof het ook gesê dat die beskuldigde 'n billike geleentheid gegee moes word om regsbystand te kry en dat die versuim om regsbystand toe te laat 'n onreëlmatigheid was.[76]

In *S v Blooms*[77] het die hof gesê dat elke beskuldigde die reg het om deur 'n regspraktisyn verteenwoordig te word. In hierdie saak is die beskuldigde se verhoor sonder sy instemming vervroeg. Dit het tot gevolg gehad dat hy nie die geleentheid gehad het om die dienste van 'n raadsman te bekom nie. Die hof het beslis dat dit 'n growwe afwyking van die prosedure was en dat geregtigheid nie geskied het nie.[78]

In *S v Shabangu*[79] is die saak finaal uitgestel en die beskuldigde is op borgtog vrygelaat. Hy het die dienste van 'n prokureur bekom, maar die prokureur kon nie die verrigtinge op die betrokke dag bywoon nie. Omdat dit moeilik sou wees om die getuies weer by die hof te kry, het die verhoorhof met die saak voortgegaan. Die appellant is skuldig bevind. Die appèlafdeling het bevind dat die appellant se reg op regsverteenwoordiging van groter belang is as die ongerief wat deur 'n uitstel veroorsaak sou word,[80] en dat geregtigheid nie geskied het nie. Gevolglik is die skuldigbevinding en straf tersyde gestel.

In *S v Chaane* [81] is beslis dat 'n versuim om 'n *pro Deo*-advokaat aan te stel wanneer die doodstraf regtens moontlik is, nie die verrigtinge onreëlmatig maak nie. Die hof het artikel 73 van die Strafproseswet 51 van 1977 so vertolk dat die beskuldigde geregtig is op bystand van "sy" regsadviseur en nie dat die staat verplig is om 'n regsadviseur aan te stel nie. Die hof het voorts bevind dat dit praktyk is om *pro Deo*-advokate vir hierdie doel aan te stel en nie 'n regsreël nie. Die praktyk is ook slegs op misdade waarvoor die doodstraf opgelê kan word van toepassing.

Tot in hierdie stadium was daar nie veel ontwikkeling met betrekking tot die reg op regsverteenwoordiging nie. Daar was wel 'n neiging ten gunste van die beskuldigde te bespeur,[82] maar daar is ook ander sake[83] ter illustrasie van die howe se onwilligheid om die aanstelling van verteenwoordigers as voorskriftelik te beskou. *S v Wessels*, *S v Blooms*, en *S v Mkhize*[84] is voorbeelde van sake waar beskuldigdes onreëlmatig van hul reg op regsverteenwoordiging ontneem is. Hierdie sake het almal gehandel oor 'n beskuldigde se reg op verteenwoordiging waar hy dit verlang het. Die posisie waar 'n beskuldigde nie verteenwoordiging versoek het nie en hy of sy ook nie onreëlmatiglik daarvan weerhou is nie, is eers in *S v Baloyi*[85] aangespreek. Daar is beslis dat daar geen beginsel of reël is wat die verrigtinge ongeldig maak nie. Die stelling is egter gekwalifiseer deurdat verklaar is dat die voorsittende beampte 'n plig het om 'n onverdedigde beskuldigde in te lig dat hy of

75 611D.
76 612H.
77 1966 4 SA 417 (K).
78 421B.
79 1976 3 SA 555 (A).
80 558E.
81 1978 2 SA 891 (A) 897A–D.
82 Vgl *S v Seheri, S v Shabangu, S v Mkhize* en *S v Mthetwa supra.*
83 Vgl *S v Mati* en *S v Chaane supra.*
84 *Supra.*
85 1978 3 SA 290 (T) 293F–G.

sy 'n reg op verteenwoordiging het en dat 'n versuim om dit te doen kan meebring dat geregtigheid nie geskied het nie. Volgens die hof is daar sake wat as gevolg van die erns of ingewikkeldheid daarvan in die belang van geregtigheid verteenwoordiging behoef, selfs al kan die beskuldigde dit nie bekostig nie. Indien *pro Deo*-regshulp in sulke gevalle nie bekom kan word nie

> "it would be the duty of the Court to refer the matter to one of the legal aid bodies or to invoke the assistance of one or other of the professional bodies to appoint a legal adviser to act without remuneration".[86]

Dit is in *Volschenk v President, SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad*[87] goedgekeur.

Die positiewe ontwikkeling in *S v Baloyi*[88] is in *S v Hlongwane*[89] voortgesit. *In casu* het 'n landdros versuim om 'n onverdedigde beskuldigde aangaande sy prosedurele regte in te lig. Die hof beslis dat dit 'n plig van 'n voorsittende beampte is en dat beskuldigdes gehelp moet word wanneer dit duidelik is dat hulp benodig word.[90] Die hof sê dat beskuldigdes nie net aangaande hul regte ingelig moet word nie, maar ook oor *hoe* om dit uit te oefen. Die versuim om dit te doen, het volgens die hof daartoe gelei dat geregtigheid nie geskied het nie[91] en die beslissing is gevolglik tersyde gestel.

In *S v Mbonani; S v Radebe*[92] het die hof bevind dat die praktyk om 'n beskuldigde aangaande sy of haar regte in te lig al vir baie jare bestaan het maar dat die plig om beskuldigdes aangaande hul reg op regsverteenwoordiging in te lig nie deel van hierdie praktyk uitgemaak het nie. Gevolglik is beslis dat die plig op regsprekende amptenare om onverteenwoordigde beskuldigdes aangaande hul regte in te lig inligting aangaande die reg op verteenwoordiging insluit.[93] Die hof het verder gegaan en gesê dat 'n beskuldigde nie net aangaande hierdie reg ingelig moet word nie, maar dat hy of sy ook aangemoedig moet word om die reg uit te oefen, dat redelike tyd toegelaat moet word om bystand te bekom en dat hy of sy meegedeel moet word dat by die Regshulpraad om bystand aansoek gedoen kan word. Hierdie plig is egter afhanklik gestel van die ingewikkeldheid van die aanklag of die regsreëls wat daarop van toepassing is en die erns van die aanklag.[94] Daar is aangedui dat die versuim van 'n regsprekende beampte om 'n beskuldigde aangaande sy of haar reg op regsverteenwoordiging in te lig 'n onbillike verhoor en 'n gevolglike gebrek aan geregtigheid tot gevolg *mag* hê, maar die hof het daarteen gewaak om die indruk te wek dat die verrigtinge *per se* onreëlmatig sal wees. Daar is benadruk dat elke saak van sy eie omstandighede en feite afhang.

S v Radebe kan in 'n groot mate as 'n waterskeiding gesien word. Voor hierdie saak was die reg op regsverteenwoordiging bloot 'n vergunnende reg.[95] Daar was geen plig op die voorsittende beampte om 'n onverdedigde beskuldigde aangaande

---

86 294A.
87 1985 3 SA 124 (A) 140H–J.
88 *Supra.*
89 1982 4 SA 321 (N).
90 323C.
91 324C.
92 1988 1 SA 191 (T).
93 196F.
94 196G.
95 Malan "Die reg op regsverteenwoordiging in die lig van sekere fundamentele beginsels" 1992 *Obiter* 65.

sy of haar reg op regsverteenwoordiging in te lig nie alhoewel dit soms wenslik geag is.[96] Dit was selfs waar die doodstraf opgelê kon word nie 'n vereiste dat regsverteenwoordiging verskaf moes word nie,[97] maar dit was wel 'n gevestigde praktyksreël dat *pro Deo*-verteenwoordiging verskaf is waar die doodstraf 'n moontlikheid of waarskynlikheid was.[98] Die ontsegging van regsverteenwoordiging waar dit verlang is, is wel as onreëlmatig beskou.[99]

Na die *Radebe*-beslissing het die howe drie benaderings gevolg.[100] Die eerste benadering, wat reeds voor hierdie beslissing bestaan het, was dat die voorsittende beampte geen plig het om 'n beskuldigde aangaande sy reg op regsverteenwoordiging in te lig nie. *S v Mashiyana*[101] was 'n voorbeeld van hierdie benadering. Hier was die beskuldigde 'n onverdedigde swart vrou. In haar aansoek om hersiening voer sy aan dat sy nie daarvan bewus was dat sy 'n prokureur kon aanstel nie, maar dat sy dit sou gedoen het as sy geweet het sy kon. Die hof het beslis dat 'n hof nie verplig is om aan 'n beskuldigde te vra of sy regsverteenwoordiging wil bekom nie en voorts: "[T]he unexpressed desire of an accused to engage a legal representative cannot afford him a cause for complaint after his conviction and sentence."[102] Die hof het gevolglik die aansoek afgewys.

Die tweede benadering, wat ook in *S v Radebe* gevolg is, kom daarop neer dat daar afhangende van die beskuldigde se persoonlike omstandighede en die erns van die saak 'n plig op die voorsittende beampte kan wees om die beskuldigde oor sy reg op regsverteenwoordiging in te lig. In *S v Khanyile*[103] het die landdros in die verhoorhof uit sy pad gegaan om alle moontlike bystand aan die onverdedigde beskuldigdes in die aanbieding van hul verdediging te verleen, maar die Natalse Hooggeregshof het nogtans bevind dat dit geen plaasvervanger vir professionele hulp was nie.[104] Die hof het bevind dat die landdros fouteer het deur die beskuldigdes nie in te lig dat hulle die reg op regsverteenwoordiging het indien hulle dit kon bekom nie. 'n Verdere fout was dat die hof hulle nie die geleentheid gebied het om bystand te bekom nie.[105] Die hof het gesê[106] dat daardie sake geïdentifiseer moet word waar die behoefte aan verteenwoordiging die grootste is en waar die afwesigheid daarvan die grootste gebrek is. Daar is veral drie fasette wat die belangrikste is, naamlik:

- die inherente eenvoud of kompleksiteit van die saak;
- die persoonlike eienskappe van die individu wat verhoor word; en
- die erns van die saak.

Die hof het voortgegaan en 'n werkswyse voorgestel waar die beskuldigde te arm is om verteenwoordiging te bekom en nie waar hy of sy gekies het om nie verteenwoordig te word nie.[107] Die hof moet eerstens al drie die aspekte hierbo genoem

---

96 Vgl *S v Mthetwa* en *S v Baloyi supra*.
97 Vgl *S v Mati* en *S v Chaane supra*.
98 Malan 65.
99 Vgl *S v Seheri, S v Wessels, S v Shabangu* en *S v Baloyi supra*.
100 Malan 66.
101 1989 1 SA 592 (K).
102 596D.
103 1988 3 SA 795 (N).
104 798D.
105 799C.
106 815C–E.
107 815I ev.

ondersoek en dan in die lig daarvan vra of die beskuldigde in so 'n mate benadeel sal word deur 'n gebrek aan verteenwoordiging dat die verhoor "palpably and grossly unfair" sal wees. Indien die antwoord positief sou wees, behoort die verhoor gestaak te word en die saak na regshulp of ander liggame wat bystand verleen, verwys word. Indien die antwoord negatief is, moet met die saak voortgegaan word, maar die beskuldigde het nog steeds die reg op appèl of hersiening waar die vraag weer gestel moet word. *S v Khanyile*[108] is oor die boeg van die uitbreiding en ontwikkeling van 'n gevestigde reg, naamlik die reg op 'n billike verhoor en dus die reg om verteenwoordig te word, gegooi. Die hof het gepoog om 'n algemene reël te formuleer, naamlik dat elke beskuldigde die reg het om deur 'n regsverteenwoordiger bygestaan te word ongeag of hy of sy dit kan bekostig of nie. Die uitoefening van daardie reg is gesien as "fundamental and essential to a fair trial" en as die beskuldigde nie bystand kan bekostig nie, moet dit voorsien word. Ontkenning van die reg maak die verhoor *per se* onbillik. Regter Didcott het egter die nie-uitvoerbaarheid van so 'n reël voorsien en hy het gevolglik die werkswyse wat hierbo uiteengesit is as 'n kompromis aanvaar. Die werkswyse is riglyne vir die bepaling van gevalle waar die behoefte aan verteenwoordiging die dringendste is. Regter Didcott het hierdie kompromis toegelig in *S v Davids; S v Dladla*[109] waar hy gesê het dat 'n kompromis gevind moet word tussen die beginsel dat regsverteenwoordiging van beskuldigdes onontbeerlik was vir 'n billike verhoor en die realiteit dat bestaande middele onvoldoende was om in die behoefte aan bystand te voorsien.

In *S v Gwebu*[110] is daar in ooreenstemming met *S v Mbonani; S v Radebe*[111] beslis dat daar 'n verpligting op die howe rus om beskuldigdes aan te moedig om verteenwoordiging te bekom waar die gebrek aan verteenwoordiging nie aan die beskuldigde toegeskryf kan word nie en dat voldoende geleentheid daarvoor toegelaat moet word. Dit is belangriker geag as die ongerief wat deur verdere uitstel veroorsaak sou word. *In casu* het die beskuldigde se verteenwoordiger op die dag van die verhoor onttrek en is hy een uur gegun om 'n alternatiewe raadsman te bekom.

In *S v Davids; S v Dladla*[112] het die hof beslis dat dit absoluut noodsaaklik is dat daar by die aanvang van die verhoor vasgestel moet word of die beskuldigde daarvan bewus is dat hy of sy op regsbystand geregtig is, tensy daar aanduidings is dat die beskuldigde van hierdie reg bewus was. Nadat dit vasgestel is, moet die beskuldigde alle redelike geleentheid gegee word om te reël vir verteenwoordiging.[113] Die hof moet ook van die beskuldigde vasstel of hy of sy van die reg op bystand wil gebruik maak en versuim om dit te doen is 'n onreëlmatigheid. Regter Nienaber kom, in teenstelling met die *Khanyile*-saak, tot die gevolgtrekking dat daar geen plig op die staat is om regsverteenwoordiging, bykomstig tot regshulp, te voorsien nie.[114] Die regter gaan verder en sê dat die teenpool van die reg op regsverteenwoordiging die negatiewe verpligting is om die reg te respekteer en nie die positiewe verpligting om verteenwoordiging te voorsien nie.[115] Dit kom dus daarop neer dat die versuim om bystand te verleen nie op die verbreking van 'n regsreël, praktyk of prosedure neerkom nie.

---

108 *Supra.*
109 *Infra* 184G–185A.
110 1988 4 SA 155 (W).
111 *Supra.*
112 1989 4 SA 1172 (N).
113 1941.
114 1971.
115 198B.

In *S v Mabaso*[116] was die vraag voor die volbank van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof of 'n landdros se versuim om die appellante tydens verrigtinge ingevolge artikel 119 van die Strafproseswet 51 van 1977 van hul reg op regsverteenwoordiging in te lig die verrigtinge onreëlmatig gemaak het. Die hof beslis dat waar daar 'n algemene plig op 'n regsprekende beampte rus om 'n onverdedigde beskuldigde aangaande sy of haar reg op verteenwoordiging in te lig, 'n versuim om dit te doen nie onvermydelik tot gevolg sal hê dat die verrigtinge onreëlmatig is nie. Of die verrigtinge onreëlmatig is, sal in die lig van elke saak se feite ondersoek moet word.[117] Die hof het ook uitdruklik vermeld dat die omvang van die beskuldigde se kennis van sy regte 'n bepalende faktor sal wees. Die hof het voortgegaan en gesê dat selfs al word veronderstel dat die beskuldigdes onbewus was van hul reg op regsverteenwoordiging en dat die landdros se versuim om hulle aangaande daardie reg in te lig 'n onreëlmatigheid was, gevra moet word wat die effek van die onreëlmatigheid was en of dit tot gevolg gehad het dat geregtigheid nie geskied het nie.[118]

Die derde benadering is dat die beskuldigde in alle gevalle oor sy reg op regsverteenwoordiging ingelig moet word. In *Nakani v Attorney-General, Ciskei*[119] is die *Mashiyana*-saak gekritiseer[120] en die mening is uitgespreek dat alhoewel die versuim om 'n beskuldigde aangaande sy reg op regsverteenwoordiging en die aanbevelenswaardigheid daarvan in te lig nie op 'n uitdruklike en positiewe ontkenning van die reg neerkom nie, die effek daarvan dieselfde is. Die hof het gesê dat voorsittende beamptes beskuldigdes nie net aangaande hul reg op verteenwoordiging moet inlig nie, maar dat hulle ook aan beskuldigdes moet verduidelik hoe om verteenwoordiging te bekom, en as hulle nie oor die vermoë beskik nie, dat instellings wat hulp verleen, genader moet word. Daar moet ook verduidelik word wat die gevolge van 'n gebrek aan verteenwoordiging is indien daar besluit sou word om nie die reg uit te oefen nie.[121] Redelike geleentheid moet dan ook voorts gebied word om bystand te bekom.[122] Die hof het ook verskil van die *Khanyile*-uitspraak en gesê dat die reg om verteenwoordig te word nie afhanklik is van die kompleksiteit van die saak nie, maar dat dit 'n inherente reg is wat nie aan die hof die reg gee om te bevind dat 'n beskuldigde geregtig is op verteenwoordiging, maar dit nie nodig het nie.

In *S v Rudman; S v Mthwana*[123] het die volbank van die appèlafdeling gesê dat die aanname onderliggend aan die kompromis in die *Khanyile*-saak is dat beskuldigdes ten minste in ernstige sake op verteenwoordiging geregtig is, selfs indien hulle nie self die vermoë het om sulke dienste te bekom nie. Die hof is van mening dat die vraag is of daar 'n onreëlmatigheid plaasgevind het[124] en nie of die verhoor onbillik was as gevolg van 'n gebrek aan regsverteenwoordiging nie. Die hof verskil ook van Regter Didcott se standpunt in S v Davids125 dat Khanyile nie 'n nuwe reg daargestel het nie. Met verwysing na verskeie sake kom die hof tot die gevolgtrekking dat *Khanyile* wel 'n nuwe rigting ingeslaan het, maar dat die reël wat aldaar geformuleer is nie

116 1990 3 SA 185 (A).
117 204C–D.
118 204H–I.
119 1989 3 SA 655 (Ck).
120 661B.
121 664B.
122 661D–F.
123 1992 1 SA 343 (A).
124 375A.
125 *Supra.*

legitimiteit kan verkry uit hoofde van die "reg op 'n billike verhoor" nie omdat daardie reg nie die toets vir onreëlmatigheid is nie.[126] Met betrekking tot die vraag of daar enige reël in die Suid-Afrikaanse reg is wat 'n beskuldigde op bystand geregtig maak waar hy dit self nie kan bekostig nie, bevind die hof dat daar voor die *Khanyile*-saak nooit gesuggereer is dat

> "accused persons, who were themselves unable to obtain legal representation, were entitled to be provided with it, or that a criminal trial conducted without such representation was irregular or illegal".[127]

Die hof het ook verwys na *S v Mabaso*[128] waarin verklaar is dat 'n versuim om 'n beskuldigde aangaande sy reg in te lig slegs onreëlmatig sal wees indien bewys kan word dat die beskuldigde nie van die reg bewus was nie en verklaar as volg:[129]

> "I am not sure that this *dictum* is entirely correct. I am inclined to think that the better view is that a failure to inform an accused of his right to representation is an irregularity unless it is apparent to the magistrate, for good reasons, that the accused is aware of his rights . . ."

Die effek van die beslissing is dat die appèlafdeling tot die gevolgtrekking gekom het dat sowel artikel 73 van die Strafproseswet 51 van 1977 as die gemenereg nie 'n positiewe plig op die staat plaas om onder enige omstandighede regsverteenwoordiging te voorsien nie.

4 3 Ontwikkeling van die reg op regsverteenwoordiging in siviele sake

Wat siviele sake betref, was daar nie 'n veelvoud van sake soos in die geval van strafregtelike aangeleenthede nie. Dit beteken egter nie dat die toeganklikheid van die siviele regstelsel nie aandag geniet het nie aangesien daar in die laaste twee dekades twee regterlike kommissies was wat ondersoek na die aangeleentheid ingestel het. Die eerste was die die Galgut-kommissie[130] wat in 1980 verslag gedoen het en die tweede die Hoexter-kommissie[131] wat sy finale verslag in 1983 ingedien het.

Elkeen van hierdie kommissies het voorstelle gedoen en daar is aan die meeste van hierdie voorstelle uitvoering gegee, maar Friedman is van mening dat daar nog steeds nie daarin geslaag is om 'n siviele regstelsel daar te stel wat op doeltreffende wyse toegang tot die geregshowe verleen nie.[132]

Dit is sedert die vroegste tye al aanvaar dat 'n litigant sy eie saak kan hanteer. Dit is ook 'n aanvaarde reël dat natuurlike persone deur behoorlik gemagtigde regsverteenwoordigers verteenwoordig *kan* word[133] terwyl regspersone verteenwoordig

---

126 380F.
127 378I.
128 *Supra.*
129 391F ev.
130 RSA *Kommissie van Ondersoek na Siviele Verrigtinge in Die Hooggeregshof van Suid-Afrika* (1980).
131 RSA *Kommissie van Ondersoek na die Struktuur en Funksionering van die Howe: Vyfde en Finale Verslag* (RP 78/1983).
132 Friedman *Address to the Annual General Meeting of the Law Society of the Cape of Good Hope* (1995) ongepubliseerde voordrag gelewer by die algemene jaarvergadering van die Regsvereniging van die Kaap die Goeie Hoop 1995-10-08 5.
133 *Volkskas Motor Bank Ltd v Leo Mining Raise Bone* 1992 2 SA 50 (W).

moet word.[134] Iedere party by 'n siviele geding kan te eniger tyd van die verrigtinge 'n prokureur aanstel om namens hom of haar op te tree.[135]

Goldberg v Union and South West Africa Insurance Co Ltd[136] het gehandel oor die vraag of 'n eiser by 'n aksie om skadevergoeding weens liggaamlike besering geregtig is op regsverteenwoordiging by 'n mediese ondersoek ingevolge reël 36 van die Hofreëls. Die vraag het by twee vroeëre geleenthede ter sprake gekom. In *Mgudlwa v AA Mutual Insurance Association*[137] is dit doelbewus onbeantwoord gelaat en in *Feros and Another v Rondalia Assurance Corporation*[138] is die mening *obiter* uitgespreek dat 'n litigant daarop geregtig is om sy belange deur middel van regsverteenwoordiging te beskerm.[139] In die *Goldberg*-saak het die hof egter onomwonde beslis dat 'n eiser geregtig is op verteenwoordiging by ondersoeke van hierdie aard. Die reg is gesien as 'n voorvereiste vir billikheid en regverdigheid aangesien die moontlikheid van buitegeregtelike ondervraging bestaan en die eiser nie die beskerming van die hof in daardie omstandighede geniet nie.

Hierdie twee sake illustreer dat die reg op regsverteenwoordiging in siviele sake 'n voldonge feit is en dat die omvang van die reg ook sodanig deur die howe uitgebrei is dat dit die reg op buitegeregtelike bystand insluit.

4 4 Evaluering van die ontwikkelingsgang van die reg op regsverteenwoordiging tot voor konstitusionalisering

Die Britse kolonialiseringsproses in Suid-Afrika was ook die begin van die statutêre regulering van regsverteenwoordiging en die reg daarop in Suid-Afrika. Hierdie statutêre regulering is ook in die onafhanklike boererepublieke van die Transvaal en Vrystaat voortgesit en na unifikasie in 1910 is daarop voortgebou. Hierdie statutêre voorskrifte het vir sowel die breë raamwerk van die strafproses as die prosedurele reëls wat gevolg moes word, voorsiening gemaak en die ontwikkeling van spesifieke voorskrifte is aan die howe oorgelaat. Met die inwerkingtreding van die eerste konsoliderende Strafproseswet in 1917 was daar alreeds nie meer twyfel dat beskuldigdes in strafsake die reg het om verteenwoordig te word nie. Die inhoud en omvang van die reg moes egter nog deur die howe bepaal word.

Aanvanklik het die Suid-Afrikaanse howe aanvaar dat Strafproseswet 56 van 1955 en 51 van 1977 nie 'n positiewe verpligting op die staat plaas ten opsigte van regsverteenwoordiging nie en dat dit dus 'n negatiewe reg is waarop nie inbreuk gemaak mag word nie.[140] Met verloop van tyd het die howe van krag tot krag gegaan ten einde aan die reg effek te gee. Teen 1978 was die situasie dat dit wenslik geag is dat voorsittende beamptes voor die aanvang van 'n verhoor vasstel of 'n beskuldigde regsverteenwoordiging verlang.[141] Hierdie ontwikkeling is heelwat verder geneem in *S v Radebe; S v Mbonani*[142] waar beslis is dat die versuim om 'n

134 *Arma Carpet House (Johannesburg) (Pty) Ltd v Domestic & Commercial Carpet Fittings (Pty) Ltd* 1977 3 SA 448 (W).
135 Hooggeregshofreël 16(1).
136 1980 1 SA 160 (OK).
137 1967 4 SA 721 (OK).
138 1970 4 SA 393 (OK).
139 394H.
140 Cowling "Whither *Khanyile*? The remnants of the right to legal representation in criminal cases" 1994 *THRHR* 21.
141 *S v Mthethwa; S v Khanyile* 1978 2 SA 773 (N).
142 1988 1 SA 191 (T).

beskuldigde aangaande sy reg op regsverteenwoordiging in te lig onder sekere omstandighede daarop kan neerkom dat geregtigheid nie geskied het nie. Omstandighede kon ook vereis dat 'n beskuldigde geadviseer moet word dat hy 'n aansoek tot die Regshulpraad kan rig. Hierdie benadering is in *S v Davids; S v Dladla*[143] gekonsolideer waar beslis is dat dit nie bloot aanbevelenswaardig is om by die aanvang van 'n verhoor vas te stel of 'n beskuldigde van die reg op bystand bewus is nie, maar absoluut noodsaaklik.[144] Die effek was dat wat in die *Mthethwa*-saak as wenslik geag is tot die praktyk verhef is.[145] Teen 1990 was die posisie dat dit onreëlmatig was om 'n persoon wat vir regsbystand kan betaal die geleentheid te ontsê en indien 'n verteenwoordiger aangestel is en nie by die hof opdaag nie, was dit onreëlmatig om aan te dring dat die beskuldigde sy of haar eie verdediging teen sy of haar wil waarneem. Dit was ook onreëlmatig om met die verhoor van 'n armlastige te begin sonder om hom of haar aan te sê om om regshulp aansoek te doen, maar dit was nie onreëlmatig om 'n onverdedigde beskuldigde te verhoor waar regshulp geweier is nie.[146] Daar was dus 'n plig op die howe om 'n beskuldigde in te lig aangaande sy of haar reg om om regshulp aansoek te doen en billike geleentheid moes hiervoor gebied word. Waar regshulp geweier is, kon die saak egter aangaan.[147] Dit is dus moontlik om 'n evolusionêre proses waardeur die howe 'n plig op voorsittende beamptes geplaas het om beskuldigdes aangaande die moontlikheid van regsbystand in te lig en dat versperrings nie in die weg van 'n poging daartoe geplaas mag word nie, te identifiseer.[148] So het regter Goldstone in *S v Radebe*[149] na die "evolutionary process of broadening and extending the right to legal representation" verwys. Sedert die beslissing in *R v Mati*[150] in 1959 was daar 'n groeiende bewustheid en simpatie vir die nood van die onverdedigde beskuldigde. Dit het aanvanklik tot die daarstelling van 'n aantal private regshulpburo's wat gedeeltelik deur die staat befonds is, gelei en uiteindelik tot die promulgering van die Wet op Regshulp.[151] Daar kan dus gesê word dat die reg op regsverteenwoordiging, wat statutêr en nou ook grondwetlik[152] beskerm word, gemeenregtelik van oorsprong[153] is en dat die inhoud van die reg deur die howe uitgebou en ontwikkel is.[154] Die gerapporteerde hofsake dui 'n natuurlike neiging in die rigting van 'n uitbreiding van die reg op regsverteenwoordiging ten einde die effek van die gebrek aan bystand te oorkom. Die howe het egter begin besef dat dit geen doel dien om 'n beskuldigde van sy reg op regsverteenwoordiging in te lig as hy of sy in ieder geval nie 'n raadsman kan bekostig nie. Vir hierdie doel is reëls deur die howe geformuleer wat positiewe optrede van regsprekende beamptes ten opsigte van hulp aan onverdedigdes vereis het. So is daar deur sommige howe beslis dat die beskuldigde ook ten opsigte van sy reg op regshulp ingelig behoort te word. Hierdie reëls is almal regterlike skeppings, maar tog is dit geen plaasvervanger vir regsverteenwoordiging nie.[155]

---

143 1989 4 SA 172 (N).
144 194G.
145 *S v Mkhize* 1990 1 SACR 620 (N).
146 Chaskalson "The unrepresented accused" October 1990 *Consultus* 100.
147 *S v Rudman; S v Mthwana supra.*
148 Cowling 20.
149 *Supra* 192H.
150 *Supra.*
151 22 van 1969.
152 Vgl a 34 en 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996.
153 Geldenhuys en Joubert *Strafproseshandboek* (1994) 62.
154 Daar is uitsonderings wat tydens die ontwikkelingsproses voorgekom het, soos bv *S v Mashiyana supra*, maar oor die algemeen kan 'n progressiewe ontwikkeling bespeur word.
155 *S v Rudman; S v Mthwana supra.*

Verteenwoordiging in "kitsverhore" het ook al die howe se aandag geniet. So is in *S v Yantolo*[156] gesê dat dit aanbevelenswaardig is dat geregtigheid sonder onnodige vertraging moet geskied,[157] maar nie ten koste van die beskuldigde se reg om verteenwoordig te word nie. Die hof het beslis dat 'n beskuldigde in enige saak wat die moontlikheid van gevangenisstraf inhou nie in 'n posisie geplaas moet word waar hy nie die erns van die saak, die aard van die feite en die gevolge van 'n pleit van skuldig kan beoordeel nie. Die hof was van mening dat dit gedoen kan word deur 'n opgevoede, geletterde persoon met die bystand van 'n regsverteenwoordiger en by implikasie dus dat die behoefte van ongeletterdes aan regsverteenwoordiging soveel groter is. In *Van Niekerk v Attorney-General, Transvaal*[158] is die vereiste dat daar by "kitsverhore" noukeurig bepaal moet word of die beskuldigde die verrigtinge en die gevolge daarvan verstaan deur die appèlhof bevestig.

Die strydvraag in die tydperk voor konstitusionalisering was of persone wat nie vir hul eie regsverteenwoordiging kan betaal nie daarop geregtig is om deur die staat daarvan voorsien te word waar dit blyk dat die gebrek aan verteenwoordiging tot ongeregtigheid sal lei. Die appèlafdeling se beslissing in *S v Rudman*[159] het oënskynlik die dispuut wat in die provinsiale afdelings van die Hooggeregshof hoogty gevier het tot 'n einde gebring. Tot die *Khanyile*-beslissing was daar geen Suid-Afrikaanse beslissing tot die effek dat die afwesigheid van regsverteenwoordiging wat deur die finansiële onvermoë van 'n beskuldigde meegebring is die tersydestelling van die verrigtinge geregverdig het op grond daarvan dat die verrigtinge onbillik was nie. Alhoewel hierdie beslissing deur die appèlhof verwerp is, het dit wye debatvoering tot gevolg gehad.[160] Die posisie na die appèlhof se beslissing in *S v Rudman* was dus dat 'n onverdedigde beskuldigde nie die reg het om op staatskoste van regsverteenwoordiging voorsien te word nie. Dit beteken geensins dat die hof onsimpatiek is nie. Die houding van die appèlhof word in 'n nota tot die uitspraak[161] soos volg deur hoofregter Corbett opgesom:

> "The ideal for which Didcott J (and the Judges who agreed with him) strove in the cases of *S v Khanyile and Another* 1988 (3) SA 795 (N) and *S v Davids; S v Dladla* 1989 (4) SA 172 (N), viz the provision of free legal representation to all indigent persons accused of serious crimes who desire such representation, is unquestionably a most worthy one. Indeed it is a *sine qua non* of a complete system of criminal justice; and a system which lacks it is flawed. . . . [I]t is an ideal which under present circumstances in South Africa is not capable of attainment. All the same the ideal should never be lost sight of and should continue to guide and stimulate all who are concerned with the improvement of our criminal justice system. Ultimately . . . it depends on how much the State is able and willing to provide for the funding of public defender, legal aid and such-like schemes for the establishment of the additional infrastructure required. The many clamant demands on the public purse are well known. It becomes a question of deciding on priorities. I trust that those charged with such decisions will not forget the undefended accused."

---

156 1977 2 SA 146 (OK).

157 149H.

158 1990 4 SA 806 (A).

159 *Supra.*

160 Sien oa Cowling *supra*, Chaskalson *supra*, Malan *supra*, Cowling "Revisiting the right to legal representation" 1995 *SALJ* 11 en Labuschagne "Eerste wêreldse regsgevoel in 'n derde wêreldse sosio-ekonomiese en -kulturele milieu: opmerking oor die reg op regsverteenwoordiging in die strafproses" 1994 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregpleging* 36.

161 392F–I.

Die ontwikkelingsgang van verteenwoordiging as regsinstelling kan oorspronklik gesien word as 'n reaksie op 'n behoefte wat ontstaan het as gevolg van veral prosedurele formalisme, opvoeding, taal en die waarde wat aan prosedurele geregtigheid geheg word. Dit is veral hierdie faktore wat tot gevolg het dat persone sonder regsbystand nie effektief aan hofverrigtinge kan deelneem nie en dat die regstelsel ontoeganklik en onverstaanbaar is.[162]

Die effek van die appèlhof se beslissing in *S v Rudman* is dat 'n onverdedigde beskuldigde in strafsake die reg het om verteenwoordig te word, maar nie dat hy of sy die reg het om op staatskoste van regsverteenwoordiging voorsien te word nie. Die posisie is dieselfde in siviele gedinge. Die polemiek rondom regsverteenwoordiging en die vraag of dit deur die staat voorsien moet word, is uiteindelik op beslissende wyse deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika[163] beëindig.

5 DIE REG OP REGSVERTEENWOORDIGING SEDERT KONSTITUSIONALISERING

5 1 Inleiding

Die beweging van parlementêre soewereiniteit na konstitusionalisme en 'n gepaardgaande daarstelling van 'n handves van menseregte het 'n aantal fundamentele regte in die Suid-Afrikaanse regstelsel verskans. Dit sluit die reg op regsverteenwoordiging en die reg op toegang tot die howe in. Die waarde van hierdie regte is egter afhanklik van die vermoë om dit effektief af te dwing.

5 2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993

Die tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika[164] het die basis vir die lewering van regsdienste in die toekoms daargestel. Ingevolge artikel 22 het elke persoon die reg om beregbare geskille deur 'n hof of, waar toepaslik, 'n ander onafhanklike en onpartydige forum te laat bereg. Artikel 8 waarborg die reg op gelykheid voor die reg en op gelyke beskerming deur die reg.

Met die inwerkingtreding van hierdie wet het die reg op regsverteenwoordiging vir die eerste keer grondwetlike erkenning verkry. Hiervolgens het elke aangehoudene en gevonnisde gevangene die reg om met 'n regspraktisyn van sy of haar keuse te konsulteer, om van hierdie reg ingelig te word en, waar wesenlike ongeregtigheid sal geskied, om van die dienste van 'n regspraktisyn deur die staat voorsien te word.[165] Hierdie reg word ook aan beskuldigdes verleen en die Grondwet kategoriseer dit as 'n element vir 'n billike verhoor.[166] Artikel 25(3)(e) lui as volg:

> "Elke beskuldigde het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg:
>
> (e) om deur 'n regspraktisyn van sy of haar keuse verteenwoordig te word of, waar dit andersins tot wesenlike onreg sou lei, op Staatskoste van regsverteenwoordiging voorsien te word, en om van hierdie reg verwittig te word."

---

162 Main Committee: HSRC Investigation into Intergroup Relations *The South African Society: Realities and Future Prospects* (1985) 166.
163 108 van 1996.
164 200 van 1993.
165 A 25(1)(c).
166 A 25(3)(e).

Die Grondwet waarborg dat behoorlike regsdienste gelewer sal word. Diegene wat regsverteenwoordiging kan bekostig, het toegang daartoe en diegene wat dit nie kan bekostig nie, moet teen staatskoste van regsbystand voorsien word waar 'n gebrek daaraan tot 'n wesenlike onreg sal lei.

Die effek van artikel 25(3)(e) op bestaande regspraak was dat die benadering in *S v Khanyile*[167] dat die reg om deur 'n regsverteenwoordiger bygestaan te word 'n voorvereiste vir 'n billike verhoor is, statutêr bevestig is. "Wesenlike onreg" is nie omskryf nie en daar is ook onduidelikheid of artikel 25(3)(e) die reg op bystand deur 'n praktisyn van die beskuldigde se keuse teen staatskoste beteken. Die interpretasie van hierdie artikel is aan die howe oorgelaat.

5 3 Hofbeslissings aangaande die reg op regsverteenwoordiging ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993

In *S v Vermaas*[168] het die beskuldigde aansoek gedoen om van regsverteenwoordiging op staatskoste voorsien te word. Hy het onder andere op artikel 25(3)(e) van die Grondwet gesteun, maar die hof het bevind dat daar nog nooit 'n betekenis aan die woorde "wesenlike onreg" gegee is nie.[169] Die hof het dit egter nie nodig gevind om hom verder hieroor uit te spreek nie en die saak is na die Konstitusionele Hof verwys.

Die woorde "wesenlike onreg" is ook nie in *S v Lombard*[170] omskryf nie aangesien die omstandighede van die saak dit duidelik gemaak het dat 'n gebrek aan regsverteenwoordiging wel 'n wesenlike onreg sou meebring.[171] Die hof het vermeld dat die moontlikheid van gevangenisstraf by skuldigbevinding 'n aanduiding kan verskaf of die afwesigheid van 'n regsverteenwoordiger sou beteken dat 'n wesenlike onreg plaasgevind het. *In casu* was die vraag voor die hof nie slegs ten opsigte van die reg om van regsverteenwoordiging op staatskoste voorsien te word nie, maar ook dat die beskuldigde ingevolge die Grondwet op die dienste van 'n verteenwoordiger van sy keuse op staatskoste kan aanspraak maak. Die regter was van mening dat artikel 25(3)(e) vir twee uitlegwyses vatbaar is. Die eerste is dat 'n beskuldigde die reg het om 'n regsverteenwoordiger van sy keuse op eie koste aan te stel. Die tweede benadering is die reg om onder sekere omstandighede teen staatskoste van regsverteenwoordiging voorsien te word. Die woorde "van sy of haar keuse" ontbreek hier en gevolglik is dit geïnterpreteer as 'n aanduiding dat daar nie 'n ongekwalifiseerde keuse ten opsigte van die verteenwoordiger bestaan nie. Cowling[172] is van mening dat hierdie benadering korrek is.

In *Pennington v The Minister of Justice*[173] was die applikant 'n armlastige *peregrinus*. Die hof was bekommerd dat 'n gebrek aan regsverteenwoordiging die gevolg sou hê dat die verhoor nie billik sou wees nie. Die prokureur-generaal het egter toegegee dat "applicant was in terms of the Constitution (see section 25(3)(e)) entitled as of right to legal aid to enable him to receive a fair trial".[174] Hierdie regshulp moes op staatskoste verskaf word en dit is verleen sowel vir die doeleindes van voorbereiding vir die saak as vir die verdediging daarvan.[175]

---

167 1988 3 SA 795 (N).
168 1994 4 BCLR 18 (T).
169 28C.
170 1994 2 SACR 104 (T).
171 108G–H.
172 Cowling "Revisiting the right to legal representation" 1995 *SALJ* 11 13.
173 1995 3 BCLR 270 (K).
174 279D.
175 280D.

In *Cuppan v Cape Display Supply Chain Services*[176] was die vraag of die reg op 'n regspraktisyn van keuse na ander tribunale as geregshowe, soos dissiplinêre verhore, uitgebrei kan word. Die hof het beslis dat artikel 25(3)(e) van die Grondwet nie op die reg op verteenwoordiging by dusdanige verhore betrekking het nie en dat waar 'n regsverhouding by wyse van 'n kontrak gereguleer word, die reg op verteenwoordiging in die kontrak self gesoek moet word.[177]

In *S v Vermaas; S v du Plessis*[178] is twee sake gekonsolideer ten einde gelyktydig bereg te word. Die vraag was of die omstandighede van die sake sodanig was dat dit aan die beskuldigdes 'n reg op regsverteenwoordiging op staatskoste verleen het. Beide sake het voor die inwerkingtreding van die tussentydse Grondwet 'n aanvang geneem en beide beskuldigdes kon nie meer hul eie regsverteenwoordiging bekostig nie. In die *Du Plessis*-saak het die beskuldigde ook nog aangedring op die reg om op staatskoste van 'n regsverteenwoordiger van sy keuse voorsien te word. Die verhoorhof het reeds beslis dat artikel 25(3)(e) nie die afleiding regverdig dat beskuldigdes 'n keuse het ten opsigte van regsverteenwoordigers wat op staatskoste voorsien word nie en die Konstitusionele Hof het gelyk gegee.[179] Die Konstitusionele Hof was huiwerig om hom uit te laat oor die vraag of die beskuldigdes die *reg* gehad het om regsverteenwoordiging op staatskoste te bekom,[180] maar het tog kommer uitgespreek omdat daar oënskynlik niks gedoen is om finansiële en administratiewe strukture daar te stel om uitvoering aan die reg op regsverteenwoordiging te gee nie.[181]

In *S v Gouwe*[182] is beslis dat die woord "shall" in artikel 25(3)(e) 'n aanduiding is dat die wetgewer bedoel het dat die bepaling gebiedend is en dat 'n landdros se versuim om 'n beskuldigde aangaande sy reg op verteenwoordiging in te lig 'n onreëlmatigheid was wat 'n onbillike verhoor tot gevolg gehad het.[183]

In *Msila v Government of the Republic of South Africa*[184] het die Regshulpraad die applikant se aansoek om regshulp geweier omdat hy nie ingevolge die raad se vermoënstoets vir regshulp gekwalifiseer het nie. Die hof het beveel dat die raad aan die applikant regshulp verleen vir die doeleindes van 'n aansoek dat regshulp aan hom toegestaan moet word. Die hof het bevind dat dit onrealisties is om van die applikant te verwag om self aansoek te doen en dat 'n gebrek aan verteenwoordiging in so 'n geval op 'n wesenlike ongeregtigheid sal neerkom.[185]

In *S v Mhlakaza*[186] is beslis dat die Grondwet aan beskuldigdes 'n reg op deurlopende bystand deur 'n regsverteenwoordiger gee, vanaf arrestasie tot die saak afgehandel is, selfs een deur die staat aangestel. Die hof het sy kommer oor die praktiese erkenning en uitvoering van hierdie reg uitgespreek,[187] maar ook gesê dat

176 1995 5 BCLR 598 (D).
177 599I.
178 1995 7 BCLR 851 (KH).
179 859F.
180 859B.
181 859I en 860B.
182 1995 8 BCLR 968 (B).
183 970B–C.
184 1996 3 BCLR 362 (K).
185 367E.
186 1996 6 BCLR 814 (K).
187 833B.

> "'n Mens kan aanvaar dat die Staat verplig sal wees om in die toekoms prakties gesproke vir elke aangehoudene regshulp te verskaf wat so te sê voltyds tot sy beskikking sal moet wees vanaf sy arrestasie totdat die ondersoek (en verhoor en appèl) afgehandel is".[188]

In *S v Mathebula*[189] is beslis dat 'n beskuldigde tydens elke belangrike voorverhoorfase op regsbystand geregtig is. Indien die staat 'n voorverhoorprosedure in werking stel waarin die samewerking van die beskuldigde verlang word, en waar dit neerkom op 'n afstanddoening van 'n grondwetlike reg, moet die beskuldigde aangaande sy regte ingevolge artikel 25 ingelig word. Die hof het beslis dat die versium van die polisiebeampte wat in beheer van 'n uitwysingsparade was om die beskuldigde aangaande sy reg op regsverteenwoordiging in te lig, die getuienis ontoelaatbaar gemaak het. Die beskuldigde is wel voor die parade van die reg ingelig, maar die beslissing was dat 'n beskuldigde voor elke voorverhoorprosedure waar sy samewerking verlang word, aangaande die reg ingelig moet word. Hierdie redenasie is in *S v Shaba*[190] gekritiseer. Die hof het beslis dat die Grondwet 'n verpligting op die staat plaas om 'n gearresteerde so spoedig moontlik van sy reg op regsverteenwoordiging in te lig en hom toe te laat om hierdie reg uit te oefen. Of die plig in 'n besondere geval nagekom is, is 'n feitevraag wat in die lig van die feite van elke geval beoordeel moet word.

In *S v Ngwenya*[191] het die hof dit nodig gevind om te bepaal welke van die twee voorgaande beslissings gevolg moet word. In *S v Mathebula*[192] is sterk op *United States v Wade*[193] gesteun en dit is op sterkte van hierdie saak dat die beslissing gemaak is. Na 'n ontleding van artikel 25(3) kom die hof tot die gevolgtrekking dat die artikel aan beskuldigdes die reg op 'n billike *verhoor* gee en dat hierdie reg nie so wyd is as die Amerikaanse reg op "assistance of counsel for his *defence*" nie. Die hof beslis dat 'n beskuldigde 'n billike verhoor het wanneer geen versperrings in sy weg geplaas word nie en, indien behoeftig, indien hy deur 'n raadsman op staatskoste bygestaan word. Billikheid word verder verseker indien beskuldigdes ondersteun word met die voorlegging van getuienis deur getuies van hul keuse.[194] Die hof het ook bevind dat artikel 25(3) die elemente van 'n billike verhoor duidelik uiteensit en dat, indien dit die artikel ook op voorverhoorprosedures van toepassing wou maak, die wetgewer uitdruklik so kon bepaal het. Getuienis van 'n identifiseringsparade is gevolglik toegelaat alhoewel die staat nie getuienis aangevoer het dat die beskuldigdes voor die parade aangaande hul reg op verteenwoordiging by die parade ingelig is nie. Daar is ook *obiter* opgemerk dat voorsien word dat die dag sal aanbreek dat aangevoer word dat 'n beskuldigde wat *pro Deo*-regsbystand geniet het, weens die onervarendheid van sy verteenwoordiger in teenstelling met die vervolging, nie 'n billike verhoor geniet het nie.[195]

Met die inwerkingtreding van die tussentydse Grondwet het die toets vir die wesenlikheid van die behoefte aan regsverteenwoordiging verskuif van die vraag of die gebrek aan verteenwoordiging 'n onreëlmatigheid daargestel het, na die vraag

188 833C.
189 1997 1 BCLR 123 (W).
190 1998 2 BCLR 220 (T).
191 1999 3 BCLR 308 (W).
192 *Supra.*
193 388 US 218 (1967).
194 315C.
195 313D.

of die afwesigheid van verteenwoordiging 'n wesenlike onreg sou meebring. Dit is egter duidelik dat die trefwydte van die reg op regsverteenwoordiging die onderwerp van teenstrydige beslissings is.

5 4 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996

Artikel 9(1) van die finale Grondwet verleen die reg op gelykheid voor die reg en die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg. Hierdie gelykheidsbeginsel, wat 'n fundamentele voorvereiste vir 'n billike beslissing is, verseker dat "equality of weapons (*Waffengleicheit*) between the parties prevail throughout all stages of the proceedings".[196] *Waffengleicheit* vereis onder andere ook regsverteenwoordiging.

Ingevolge artikel 34 van die Grondwet het elkeen die reg op toegang tot die howe. Dit is die reg dat 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor beslis word voor 'n hof of, waar dit gepas is, 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum. Hierdie bepaling oorvleuel met artikel 9(1), wat die reg op gelykheid voor die reg en gelyke beskerming deur die reg waarborg. Dit is egter te verwelkom omrede dit die filosofie van *access-to-justice* in die Suid-Afrikaanse Grondwet invoer.[197] Artikel 34 verleen 'n nuwe dimensie in dié opsig dat dit die aantasbaarheid van reeds bestaande beginsels bolwerk.[198]

Artikel 35(2) verleen aan elkeen wat aangehou word die reg op 'n regspraktisyn van eie keuse en om met daardie regspraktisyn te konsulteer, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word. Elke aangehoudene het ook die reg om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot 'n wesenlike onreg sou lei, en om onverwyld van hierdie reg ingelig te word. Hierdie regte word ook in artikel 35(3)(f) en (g) gekategoriseer as 'n voorvereiste vir 'n billike verhoor.

6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Sekere regte en waarborge het histories te voorskyn gekom as "fundamenteel" of, veral in moderne grondwette, as "grondwetlik" of "internasionaal" verorden, en so word hulle van ander regte en waarborge onderskei.[199] Die geloof dat sekere beginsels "basies" is, is intrinsiek tot die standpunt dat hulle nie bloot 'n absolute minimum is nie, maar ook 'n permanente, onafskeidbare bestanddeel van enige beskaafde regstelsel. Daar was in 'n stadium 'n tendens om hulle as geldig te beskou sonder enige ruimte- of tydbeperkings. Dit is egter 'n droom, want ervaring dui daarop dat geen regsinstelling abstrak kan bestaan nie. Dit is nou verbonde aan die geskiedenis en die gemeenskap. Met die agteruitgang van die idee van natuurreg is hierdie "basiese" beginsels gewoonlik in wette en kodes gepositiveer. Hierdie proses van konstitusionalisering het neergekom op hul inkorporering in 'n nuwe vorm van positiewe reg, 'n hoër reg wat selfs die wetgewer in 'n mate bind.[200]

Ten spyte van die voorskrifte van die Grondwet kan met redelike sekerheid aanvaar word dat daar elke week duisende onverdedigde beskuldigdes en onverteenwoordigde litigante in Suid-Afrikaanse howe verskyn. Die bepalings van die Grondwet kom basies neer op die meedeling van inligting, naamlik: jy het die reg

---

196 De Vos "The impact of the new Constitution upon civil procedural law" 1995 *Stell LR* 34 47.
197 De Vos 50.
198 Erasmus "'n Billike siviele verhoor" 1996 *Obiter* 291 293.
199 Cappelletti *The judicial process in comparative perspective* (1989) 215.
200 Cappelletti 216.

op 'n billike openbare verhoor, jy het die reg om jou geskille deur die toepassing van die reg te laat besleg en jy het die reg om met 'n regspraktisyn te konsulteer en om deur so 'n praktisyn verteenwoordig te word. Die meedeling van hierdie inligting is 'n leë gebaar en maak 'n bespotting van die Grondwet indien dit nie gerugsteun word deur meganismes wat voldoende is vir die afdwinging van die regte nie.[201] Grondwette is nie effektief bloot omdat hulle uitstaande grondwetlike dokumente is nie. Daar moet gesien word dat die reg werk en dat dit 'n effektiewe beskermende meganisme is. Slegs dan sal die oortuiging posvat dat die Grondwet effektief is.[202]

Uit die voorgaande blyk dit dat die geskiedkundige ontwikkeling van die reg op regsverteenwoordiging daartoe bygedra het dat twee van die gesagsvorme in die staat, naamlik die wetgewende en regsprekende gesag, hul bydrae tot die vestiging van 'n reg op regsverteenwoordiging gelewer het. Dit kom voor asof die effektiewe verwesenliking van hierdie reg nou op die weg van die uitvoerende gesag lê.

> *In fashioning a declaration of invalidity, a court has to keep in balance two important considerations. One is the obligation to provide the "appropriate relief" under section 38 of the Constitution . . . The other consideration a court must keep in mind, is the principle of separation of powers and, flowing therefrom, the deference it owes to the legislature in devising a remedy for a breach of the Constitution in any particular case. . . In essence. . . it involves restraint by the courts in not trespassing onto that part of the legislative field which has been reserved by the Constitution, and for good reason, to the legislature.*
>
> *Ackermann J* in National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs 2000 1 BCLR 39 (CC) 65B 66A–B.

201 *S v Vermaas; S v Du Plessis supra* 860C.
202 Ackerman "The importance of accessibility of legal services" 1988 *De Rebus* 800 802.

The impact of the Public Finance Management Act, 1999, on the South African Tourism Board

PHG Vrancken
LLD
Professor and Director of the Tourism Law Unit, University of Port Elizabeth

OPSOMMING

Die impak van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, op die Suid-Afrikaanse Toerismeraad

In hierdie bydrae word die impak van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) op die Suid-Afrikaanse Toerismeraad behandel. Die mate waarin bogenoemde wet met die tersaaklike bepalings van die Wet op Toerisme strook, word ondersoek. Dit is van belang omdat die WOFB voorkeur geniet indien die wette sou bots. Uiteraard word daar veral gefokus op die finansiële verpligtinge wat die Raad vir Toerisme opgelê word. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die toepassing van die WOFB op die Raad verwelkom sal word deur enigeen wat verantwoordelike, deursigtige en verantwoordbare regering voorstaan.

1 INTRODUCTION

The Public Finance Management Act, 1999,[1] as amended by the Public Finance Management Amendment Act, 1999,[2] came into effect on 1 April 2000.[3] The PFMA, which aims at ensuring that all public revenue, expenditure, assets and liabilities are managed efficiently, effectively and responsibly, applies *inter alia* to the public entities listed in Schedule 3 of the PFMA,[4] among which is the South African Tourism Board.[5]

This contribution details the impact of the PFMA on the South African Tourism Board.[6] The study includes an assessment of the extent to which the PFMA is

1 Act 1 of 1999. Hereinafter referred to as "the PFMA".
2 Act 29 of 1999.
3 S 95. Ch 11 and s 93(4) came into effect on 1999-03-02. Ss 8, 13(2), 18(2)(a), 19, 22(2), 27(3)(e), 27(4), 38(2), 52, 66(3), 66(7)(b) and 70(1)(b), as well as the proviso to s 15(1)(a)(ii), will come into effect at later dates [see *GG* 21053 of 2000-03-31]. The South African Tourism Board is exempted from the application of s 7(1) until 2001-01-01 and s 66(1) until 2001-04-01 [see *GG* 21054 of 2000-04-01].
4 S 3(1)(b).
5 Part A item 42 of the Schedule. This is provided that the Minister of Finance does not exempt the Board from specific provisions of the Act in terms of s 92.
6 Hereinafter referred to as "the Board".

consistent with the relevant provisions of the Tourism Act, 1993,[7] which established the Board[8] and regulates its financial affairs.[9] This is of great import in view of the fact that, in the event of any inconsistency between the PFMA and any other legislation, the PFMA prevails.[10]

2 ACCOUNTING AUTHORITY

In terms of the PFMA, the Board must have an authority which must be accountable for the purposes of the PFMA.[11] When it comes to identifying that authority, the PFMA distinguishes between a public entity which has a board or other controlling body, and one which does not.[12] The PFMA, however, does not define the phrase "controlling body".

If, for the purposes of the PFMA, the Board is seen as its own controlling body, the Board is, in terms of the PFMA, its own accounting authority.[13] On the other hand, if, for the purposes of the PFMA, the Board is not seen as its own controlling body, the PFMA provides that

> "the chief executive officer or the other person in charge of the public entity is the accounting authority for that public entity unless specific legislation applicable to that public entity designates another person as the accounting authority".[14]

Should the first interpretation be correct, it is submitted that the PFMA is inconsistent with section 14(1) of the Tourism Act, which provides that "[t]he chairperson of the board shall be the accounting officer of the board". In such a case, section 49(2)(a) of the PFMA prevails over section 14(1) of the Tourism Act, and the whole Board is its own accounting authority. Conversely, should the second interpretation be correct, it is submitted that section 14(1) continues to apply and that the accounting authority of the Board remains its chairperson.

3 FIDUCIARY DUTIES OF ACCOUNTING AUTHORITY

The Tourism Act is silent with regard to the fiduciary duties of the Board's accounting authority. In contrast, the PFMA provides that the accounting authority of the Board must:

(a) exercise the duty of utmost care to ensure reasonable protection of the assets and records of the Board;

(b) act with fidelity, honesty, integrity and in the best interests of the Board in managing the financial affairs of the Board;

(c) on request, disclose to the Minister of Environmental Affairs and Tourism or Parliament, all material facts, including those reasonably discoverable, which in any way may influence the decisions or actions of the Minister or Parliament; and

(d) seek, within its sphere of influence, to prevent any prejudice to the financial interests of the state.[15]

---

7 Act 72 of 1993.
8 S 2.
9 Ss 14–17A.
10 S 3(3).
11 S 49(1).
12 S 49(2).
13 S 49(2)(a).
14 S 49(2)(b).
15 S 50(1).

Furthermore, the PFMA provides that a member of the Board or, if the accounting authority is not the Board itself, the chairperson of the Board, may not:

(a) act in a way that is inconsistent with the responsibilities assigned to an accounting authority in terms of the PFMA; or

(b) use the position or privileges of, or confidential information obtained as, accounting authority or a member of the accounting authority, for personal gain or to improperly benefit another person.[16]

4 GENERAL RESPONSIBILITIES OF ACCOUNTING AUTHORITY

The Tourism Act provides cursorily that the Board's accounting officer must:

(a) keep full and correct record of all money received or spent by the Board, and the latter's assets, liabilities and financial transactions; and

(b) draw up annual financial statements showing with appropriate details money received by the Board and expenditure incurred by the Board as well as its assets and liabilities at the end of the financial year concerned.[17]

The PFMA substantially increases those statutory responsibilities by providing that the Board's accounting authority:

(a) must ensure that the Board has and maintains:

  (i) effective, efficient and transparent systems of financial and risk management and internal control;

  (ii) a system of internal audit under the control and direction of an audit committee complying with and operating in accordance with regulations and instructions prescribed in terms of the PFMA;

  (iii) an appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost-effective;

  (iv) a system for properly evaluating all major capital projects prior to a final decision on the project;

(b) must take effective and appropriate steps to:

  (i) collect all revenue due to the Board;

  (ii) prevent irregular expenditure, fruitless and wasteful expenditure, losses resulting from criminal conduct, and expenditure not complying with the operational policies of the Board; and

  (iii) manage available working capital efficiently and economically;

(c) is responsible for the management, including the safeguarding, of the assets and for the management of the revenue, expenditure and liabilities of the Board;

(d) must comply with any tax, levy, duty, pension and audit commitments as required by legislation;

(e) must take effective and appropriate disciplinary steps against any employee of the Board who:

  (i) contravenes or fails to comply with a provision of the PFMA;

  (ii) commits an act which undermines the financial management and internal control system of the Board; or

16 S 50(2).
17 S 14(2).

(iii) makes or permits an irregular expenditure or a fruitless and wasteful expenditure;

(f) is responsible for the submission by the Board of all reports, returns, notices and other information to Parliament, the Minister of Environmental Affairs and Tourism or National Treasury, as may be required by the PFMA;

(g) must promptly inform the National Treasury on any new entity which the Board intends to establish or in the establishment of which it takes the initiative, and allow the National Treasury a reasonable time to submit its decision prior to formal establishment; and

(h) must comply, and ensure compliance by the Board, with the provisions of the PFMA and any other legislation applicable to the Board.[18]

Should the Board's accounting authority be unable to comply with any of the abovementioned responsibilities, it must promptly report the inability, together with reasons, to the Minister of Environmental Affairs and Tourism as well as the National Treasury.[19]

5 FINANCIAL PLANNING

The obligations imposed by the PFMA with regard to financial planning depend on whether the Minister of Finance classifies the Board as a Schedule 3 government business enterprise or as a non-business Schedule 3 public entity,[20] something which he has not done yet.

Should the Board be classified as a government business enterprise,[21] its accounting authority would have to submit to the accounting officer for a department designated by the Minister of Environmental Affairs and Tourism, and to the National Treasury, at least one month, or another period agreed with the National Treasury, before the start of its financial year:

(a) a projection of revenue, expenditure and borrowings for that financial year in the prescribed format; and

(b) a corporate plan in the prescribed format covering the affairs of the Board for the following three financial years.[22]

These obligations are not inconsistent with the Tourism Act.[23]

On the other hand, should the Board be classified as a non-business Schedule 3 public entity, its accounting authority would have to submit to the Minister of Environmental Affairs and Tourism at least six months before the start of the

---

18 S 51(1) read with s 1.

19 S 51(2).

20 Ss 52–53 read with s 1.

21 In terms of s 1 of the PFMA, the phrase "national government business enterprise" means "an entity which—

(a) is a juristic person under the ownership control of the national executive;

(b) has been assigned financial and operational authority to carry on a business activity;

(c) as its principal business, provides goods or services in accordance with ordinary business principles; and

(d) is financed fully or substantially from sources other than—

(i) the National Revenue Fund; or

(ii) by way of a tax, levy or other statutory money".

22 S 52.

23 See s 16(3).

financial year of the department designated by the Minister, or another period agreed to between the Minister and the Board, a budget of estimated revenue and expenditure for that financial year, for approval by the Minister.[24]

In such a case, the Board's accounting authority would be responsible for ensuring that the expenditure of the Board is in accordance with the approved budget.[25] Furthermore, the Board would not be allowed to budget for a deficit or to accumulate surpluses unless the prior written approval of the National Treasury has been obtained.[26] This appears to conflict with section 16(4) of the Tourism Act, which allows the Board to invest with the Corporation for Public Deposits,[27] or in any other manner determined by the Minister of Environmental Affairs and Tourism with the concurrence of the Minister of Finance, any unexpended portion of its funds.

6 FINANCIAL INFORMATION AND REPORTING

With regard to financial information and reporting, the PFMA provides that the Board's accounting authority must not only "keep full and proper records of the financial affairs of the Board", but also:

- prepare financial statements for each financial year in accordance with generally accepted accounting practice, unless the Accounting Standards Board approves the application of generally recognized accounting practice for the Board;
- submit those financial statements within two months after the end of the financial year to the Auditor-General for auditing as well as to the National Treasury; and
- submit within five months of the end of a financial year to the National Treasury and to the Minister of Environmental Affairs:
  - (i) an annual report on the activities of the Board during that financial year;
  - (ii) the financial statements for that financial year after the statements have been audited; and
  - (iii) the report of the Auditor-General on those statements.[28]

The PFMA requires the annual report and financial statements to:

(a) fairly present the state of affairs of the public entity, its business, its financial results, its performance against predetermined objectives and its financial position as at the end of the financial year concerned; and

(b) include particulars of:
  - (i) any material losses through criminal conduct and any irregular expenditure and fruitless and wasteful expenditure that occurred during the financial year;
  - (ii) any criminal or disciplinary steps taken as a consequence of such losses or irregular expenditure or fruitless and wasteful expenditure;
  - (iii) any losses recovered or written off;
  - (iv) any financial assistance received from the state and commitments made by the state on its behalf; and
  - (v) any other matters that may be prescribed.[29]

---

24 S 53(1)–(2).
25 S 53(4).
26 S 53(3).
27 Established by s 2 of the Corporation for Public Deposits Act 46 of 1984.
28 S 55(1) of the PFMA, read with s 58(2) of the PFMA and s 14(3) of the Tourism Act.
29 S 55(2).

The PFMA also provides that the Minister of Environmental Affairs and Tourism must table in the National Assembly the Board's annual report and financial statements as well as the audit report on those statements, within one month after the Board's accounting authority received the audit report.[30]

The PFMA further provides that the Board's accounting authority must submit to the National Treasury or the Auditor-General such information, returns, documents, explanations and motivations as may be prescribed or as the Treasury or the Auditor-General may require.[31]

Finally, in terms of the PFMA, before the Board concludes any of the following transactions, its accounting authority must promptly and in writing inform the National Treasury of the transaction and submit relevant particulars of the transaction to the Minister of Environmental Affairs and Tourism for approval of the transaction, unless the Board was exempted from doing so by the Minister:

(a) establishment or participation in the establishment of a company;

(b) participation in a significant partnership, trust, unincorporated joint venture or similar arrangement;

(c) acquisition or disposal of a significant shareholding in a company;

(d) acquisition or disposal of a significant asset;

(e) commencement or cessation of a significant business activity; and

(f) a significant change in the nature or extent of its interest in a significant partnership, trust, unincorporated joint venture or similar arrangement.[32]

7 ASSIGNMENT OF POWERS AND DUTIES

The Tourism Act does not expressly provide for the assignment by the Board's accounting authority of its powers and duties. In contrast, the PFMA allows the said authority to:

- delegate in writing any of the powers entrusted or delegated to it in terms of the PFMA, to a Board's official; or
- instruct a Board's official to perform any of the duties assigned to it in terms of the PFMA.[33]

Such a delegation or instruction:

(a) is subject to any limitations and conditions the accounting authority may impose;

(b) may either be to a specific individual or to the holder of a specific post in the Board; and

(c) does not divest the accounting authority of the responsibility concerning the exercise of the delegated power or the performance of the assigned duty.[34]

---

30 S 65(1)(a).
31 S 54(1).
32 S 54(2) and (4). In terms of s 54(3), the Board may assume that approval has been given if it receives no response from the Minister within 30 days or within a longer period as may be agreed to between itself and the Minister.
33 S 56(1).
34 S 56(2).

Furthermore, the accounting authority may confirm, vary or revoke any decision taken by an official as a result of a delegation or instruction, subject to any rights that may have become vested as a consequence of the decision.[35]

8 RESPONSIBILITIES OF OFFICIALS OTHER THAN ACCOUNTING AUTHORITIES

The Tourism Act does not deal with the financial management responsibilities of the Board's officials. This issue is addressed by the PFMA, which provides that all the Board's officials:

(a) must ensure that the system of financial management and internal control established for the Board is carried out within the area of responsibility of those officials;

(b) are responsible for the effective, efficient, economical and transparent use of financial and other resources within their area of responsibility;

(c) must take effective and appropriate steps to prevent, within their area of responsibility, any irregular expenditure and fruitless and wasteful expenditure and any under collection of revenue due;

(d) must comply with the provisions of the PFMA to the extent applicable to them, including any delegations and instructions in terms of the PFMA; and

(e) are responsible for the management, including the safeguarding, of the assets and the management of the liabilities within their area of responsibility.

9 AUDITING

The Tourism Act provides that the Auditor-General must audit the records and annual financial statements of the Board.[36] This provision is not inconsistent with section 58(2) of the PFMA which provides that a person registered in terms of section 15 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991,[37] may be appointed only if the audit is not performed by the Auditor-General.

10 LOANS, GUARANTEES AND OTHER FINANCIAL COMMITMENTS

The Tourism Act empowers the Board, with the approval of the Minister of Environmental Affairs and Tourism, granted with the concurrence of the Minister of Finance, to borrow money from a money-lender, in South Africa or elsewhere.[38]

The PFMA, however, forbids the Board to borrow money unless such borrowing is authorised by the PFMA and other legislation not in conflict with the PFMA.[39] In this regard, the PFMA distinguishes between national government business enterprises listed in Schedule 3 and non-business Schedule 3 business entities.[40]

Should the Minister of Finance classify the Board as a national government business enterprise,[41] the Board's accounting authority would be the only person or body allowed to borrow money, subject to any conditions the Minister may

35 S 56(3).
36 S 14(3).
37 Act 80 of 1991.
38 S 13(e).
39 S 66(1)(a).
40 S 66(3).
41 On this issue, see 5 above.

impose.[42] If the Board is its own accounting authority,[43] there would be no inconsistency between the Tourism Act and the PFMA. This would actually be an instance where the requirements set by the Tourism Act are higher than those set by the PFMA. If, on the other hand, the Board is not its own accounting authority, there would be inconsistency between the PFMA and the Tourism Act and, as indicated earlier, the former would prevail.[44]

Should the Minister of Finance classify the Board as a non-business Schedule 3 public entity, the Minister of Finance would be the only person allowed to borrow money for the benefit of the Board.[45] This is inconsistent with the Tourism Act, over which the PFMA would prevail.[46]

The Tourism Act is silent with regard to forms of financial commitment other than loans. As far as the PFMA is concerned, no distinction is made between the various forms of financial commitment should the Board be classified as a national government business enterprise.[47] Should the Board be classified as a non-business Schedule 3 public entity, the Minister of Environmental Affairs and Tourism would be the only person authorised to allow the issue of a guarantee, indemnity or security, with the concurrence of the Minister of Finance.[48]

These are important provisions for financial institutions, because the PFMA provides that if a person lends money to the Board otherwise than in accordance with the PFMA, the state and the Board are not bound by the lending contract.[49]

11 FINANCIAL MISCONDUCT

The Tourism Act does not deal with the consequences of financial misconduct. In contrast, the PFMA provides that the Board's accounting authority commits an act of financial misconduct if it wilfully or negligently fails to comply with a requirement of the PFMA or makes or permits an irregular expenditure or a fruitless and wasteful expenditure.[50] If the Board's accounting authority is the Board itself, every member is individually and severally liable for any financial misconduct of the accounting authority.[51] Furthermore, an official of the Board to whom a power or duty is assigned in terms of the PFMA commits an act of financial misconduct if that official willfully or negligently fails to exercise that power or perform that duty.[52] Finally, the PFMA makes it clear that financial misconduct is a ground for dismissal, or suspension, or other sanction despite any other legislation.[53] A charge of financial

---

42 S 66(3)(b).
43 On this issue, see 2 above.
44 S 3(3).
45 S 66(3)(c).
46 S 3(3).
47 S 66(3)(b).
48 S 66(3)(c). S 70(3) of the PFMA provides that the Minister of Environmental Affairs and Tourism who seeks the Minister of Finance's concurrence must provide the Minister with all relevant information that the latter may require. Furthermore, in terms of s 70(4), the Minister of Environmental Affairs and Tourism must at least annually report the circumstances relating to any payments under a guarantee, indemnity or security to the National Assembly for tabling in the National Assembly.
49 S 68.
50 S 83(1).
51 S 83(2).
52 S 83(3).
53 S 83(4).

misconduct against the Board's accounting authority or one of its officials must be investigated, heard and disposed of in terms of the statutory or other conditions of appointment or employment applicable to the accounting authority or official, and any regulations prescribed by the Minister of Finance.[54]

On the other hand, the Board's accounting authority is guilty of an offence and liable on conviction to a fine, or to imprisonment for a period not exceeding five years, if it willfully or in a grossly negligent way fails to comply with a provision of section 50, 51 or 55 of the PFMA.[55] Furthermore, any other person who purports to borrow money or to issue a guarantee, indemnity or security for or on behalf of the Board, or who enters into any other contract which purports to bind the Board to any future financial commitment, is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years.[56]

12 CONCLUSION

It is clear, in view of the above discussion, that the PFMA has a major impact on the financial affairs of the South African Tourism Board. Interestingly, there are only a very limited number of inconsistencies between the PFMA and the Tourism Act. This is actually hardly surprising in view of the very few provisions of the Tourism Act dealing with such matters. In turn, this paucity comes as no surprise when one keeps in mind that the Tourism Act was passed under the pre-1994 constitutional dispensation. For this reason, the application of the PFMA to the Board is to be welcomed by anyone who supports the principles of responsible, transparent and accountable government. Such an application constitutes an important step towards the adaptation of tourism bodies to the needs and requirements of post-apartheid South Africa.

Die prys vir die beste bydrae in Afrikaans is toegeken aan professor DP van der Merwe *vir sy artikel "Die regsimplikasies van elektroniese handeldryf ('E-commerce') met besondere verwysing na die bewysreg".*

54 S 84.
55 S 86(2).
56 S 86(3).

AANTEKENINGE

SEKSTOERISME, DIE KIND SE REG OP WAARDIGHEID EN VRYE PSIGOSEKSUELE ONTPLOOIING EN KULTURELE EN EKONOMIESE MAGSMISBRUIK*

1 Inleiding

In 1987 is Rosario Baluyot, 'n 12-jarige straatkind, in die Fillipyne oorlede. Heinrich Stefan Ritter, 'n Oostenrykse mediese praktisyn, het vroeër, gedurende 'n seksnag wat hy met haar en 'n 14-jarige seun deurgebring het, 'n elektriese vibrator in haar vagina opgedruk. Dit het gebreek en 'n deel daarvan het in haar liggaam vasgesit. Sy het dit in uiterste pyn vir sewe maande verswyg voordat sy op straat neergeval en later as gevolg daarvan gesterf het. Ritter is in 1989 tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis, maar sy skuldigbevinding is in 1991 deur die Fillipynse hooggeregshof op grond van onvoldoende getuienis ter syde gestel (sien Healy "Prosecuting child sex tourists at home: Do laws in Sweden, Australia and the United States safeguard the rights of children as mandated by international law?" 1995 *Fordham Int LJ* 1852 met verwysing na Taliercio "International law and legal aspects of child sex tourism in Asia: A contemporary form of slavery?" 3(1993), in 'n lêer gehou by die *Fordham Int LJ*, waarin die feite en beslissing van dié saak opgeneem is). Die omstandighede wat tot Rosario se dood aanleiding gegee het, is die gevolg van waarna eufemisties verwys word as sekstoerisme (Suer *Sexuelle Gewalt gegen Kinder* (1998) 25). Hodgson wys daarop dat toenemende internasionale toeganklikheid en daaruit voortvloeiende georganiseerde toerisme tot die verskynsel van sekstoerisme aanleiding gegee het. Laasgenoemde kan omskryf word as "an industry balancing the supply of, and demand for, sexual services and involving a segment of the local sex industry which is directly linked with the international tourist market". Sekstoerisme behels die sistematiese en doelbewuste eksploitasie van vrouens en kinders wat hulle ter wille van oorlewing tot prostitusie

---

* Dank word hiermee uitgespreek teenoor die Alexander von Humboldt-Stiftung en die Universiteit van Pretoria wat 'n deel van dié studie in 1999 aan die Ludwig Maximilians-Universität te München (Duitsland) moontlik gemaak het. Die Universiteit van Pretoria het ook 'n inligtings- en oriënteringsbesoek aan Rusland en Tsjeggië moontlik gemaak. Aangesien 'n groot aantal kinders wat deur persone uit Wes-Europese en ander eerste wêreldse lande seksueel misbruik word uit Oos-Europese lande afkomstig is, was dié besoek besonder insiggewend. Veral die fisieke aantreklikheid, gekultiveerdhied en weerloosheid as gevolg van akute armoede van dié kinders maak hulle besonder kwesbaar vir misbruik. Die finansiële bydrae van die SWO tot navorsing in dié verband hier ter plaatse word ook met dank erken. Die menings in dié bydrae uitgespreek, word nie noodwendig deur genoemde instellings gedeel nie..

(moet) wend (Hodgson "Sex tourism and child prostitution in Asia: Legal responses and strategies" 1994 *Melbourne Univ LR* 512 517). Giordanella onderskei in dié verband kindersekstoerisme wat omskryf word as "the practice of travelling from developed countries to underdeveloped countries to engage in sexual activity with minors" ("Status of section 2423(b): Prosecuting United States nationals for sexually exploiting children in foreign countries" 1998 *Temple Int and Comp LJ* 133 vn 2). Friedrich is van mening dat seksualiteit by uitnemendheid die gebied is waar mag, woede en onderdrukking ontlaai kan word (Friedrich *Tatort Kinderseele. Sexueller Mißbrauch und die Folgen* (1998) 17). Die geestelike weerloosheid van veral (armoedige) kinders maak hulle by uitnemendheid slagoffers vir seksuele misbruik (sien in die algemeen Labuschagne "Seksuele misbruik van kinders en die vraagstuk van verjaring van misdade" 1997 *TRW* 98).

Seksuele en fisiese misbruik van kinders, juis as gevolg van hulle sosio-juridiese ondergeskikte posisie en hulle liggaamlike en geestelik-emosionele weerloosheid, is so oud soos die menslike beskawingsgeskiedenis self (Schultz *The sexual victimology of youth* (1980) 4; Jungjohann *Das Dilemma des mißhandelten Kindes* (1996) 97–98; "Ouderdomsgrense en die bestraffing van pedofilie" 1990 *SAS* 10 13; "Ouerlike geweldaanwending as skending van die kind se reg op biopsigiese outonomie" 1996 *TSAR* 577 578). 'n Voormalige eerste minister van Thailand, Chuan Leekpai, het by geleentheid opgemerk dat kindersekstoerisme nie iets nuuts is nie, dat dit lank gelede begin het, maar dat dit in die verlede nie in 'n ernstige lig beskou is nie (Giordanella 136 vn 26). Hierdie siening verkry duideliker betekenis indien dit binne die breëre sosio-juridiese status wat tradisioneel aan die kind toegeken is, beoordeel word. Sonderling verduidelik in dié verband:

> "Child victimisation, maltreatment and beating are documented as age-old practices that were not cause for great concern. In fact, abuse and violence are generally integral to child rearing and socialisation of children into western civilisation. The current image of the 'child as victim' threatened by society's sexual deviants are recent cultural inventions" ("Power of discourse and discourse of power in making an issue of sexual abuse in South Africa: The rise and fall of social problems" 1993 *Critical Arts* 1 8).

Kinderprostitusie het in 'n enorme bedryf ontwikkel. Beskikbare inligting dui daarop dat ongeveer een miljoen kinders in Asië, een-en-'n-half tot twee miljoen in Indië, 100,000 in die VSA en 'n half-miljoen in Latyns-Amerika in die prostitusiebedryf in diens is. Statistieke dui ook daarop dat 'n kinderprostituut ongeveer 2000 mans per jaar bedien (Robinson "The globalization of female child prostitution: A call for reintegration and recovery measures via article 39 of the United Nations Convention on the Rights of the Child" 1997 *Global Legal Studies J* 239). Die daders is feitlik deurgaans mans en die prostitute (slagoffers) is meesal meisies (Heiliger en Engelfried *Sexuelle Gewalt* (1995) 17).

Die bestemming van ontvoerders van kinders vir doeleindes van prostituering, asook kindersekstoeriste, word al wyer en omvat hedendaags die volgende gebiede: Thailand, Indonesië, Sri Lanka, Taiwan, die Fillipyne, Burma, Laos, Viëtnam, Korea, Hong Kong, Kambodië, China, Bangladesh, Indië, Pakistan, Nepal, Meksiko, Bolivië, Peru, Kenia, Zaïr, die Baltiese lande, Rusland, Pole, Hongarye en Romenië (sien hieroor Healy 1861–1864; Suer 25; Berkman "Responses to the international child sex tourism trade" 1996 *Boston College Int and Comp LR* 397; Labuschagne "Strafregtelike beskerming van kinders teen seksuele misbruik in 'n multikulturele gemeenskap" 1997 *SALJ* 275; Hodgson 513–515). Dit blyk uit beskikbare inligting dat jong seuns en meisies vir seksuele doeleindes vanuit Mosambiek na Suid-Afrika verhandel word (Healy 1864 met beroep op *Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography: Report Submitted by Mr Vitit Muntarbhorn, Special Rapporteur,*

in Accordance with Commission on Human Rights Resolution 1993/82, UN Commission on Human Rights, 50th Sess, Prov Agenda Item 22 38 par 165).

Kinderprostitusie gaan feitlik deurgaans gepaard met een of ander vorm van dwang of bedrog. Dit sou in ieder geval beswaarlik in enige omstandighede as vrywillig aangemerk kon word (sien in die algemeen hieroor O'Reilly "Child prostitution: The next push for human rights" 1993 (summer) *Human Rights* 30; Healy 1854; Hodgson "Combating the organized sexual exploitation of Asian children: Recent developments and prospects" 1995 *Int J of Law and the Family* 23 24; Giordanella 143–144). Robinson wys daarop dat 'n meisie gewoonlik haar weg tot prostitusie vind deur gekoop te word van haar ouers of ander persoon wat beheer oor haar het, deur ontvoering of deur lis (239). Hierdie problematiek verkry ook toenemend 'n internasionale kleur. Aldus verduidelik Berkman:

> "Although the majority of children sold, indentured, or lured into prostitution remain in their home country, movement of children across international borders has become quite common. For example, children from Nepal, Bangladesh, and India have been discovered in Pakistan and the Gulf States: Thai children have been found in Japan. In Thailand, which has the world's largest child sex industry, the supply of young girls is diminishing. Thus, Thai traffickers have made inroads into Burma and China in search of young girls . . . These children are essentially slaves to their procurers" (401–402).

Diegene wat van kindersekstoerisme gebruik maak, sluit sakemanne, professionele persone, militêre personeel, gewone toeriste en pedofiele in. Militêre teenwoordigheid gedurende die Viëtnam-oorlog het vonk gegee aan 'n snelgroeiende kinderprostitusiebedryf in Thailand, die Fillipyne en Taiwan. Hedendaags werf reisagentskappe aktief kliënte vir die kinderseksbedryf. Sekere agentskappe gaan selfs so ver om reisgidse saam te stel oor die toepaslike misdaadomskrywings in spesifieke lande en riglyne te gee oor hoe strafregtelike vervolging vermy kan word (Giordanella 135–136; Healy 1867–1869; Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 515–516). Sekstoeriste is gewoonlik afkomstig van industriële lande in Europa, Noord-Amerika, Australasië en Asië, veral Japan (Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 28). By kindersekstoerisme is gewoonlik vier partye betrokke, naamlik die dader, die verkoper ("vendor"), die fasiliteerder en die kind (slagoffer) (Berkman 399).

In die onderhawige bydrae word veral die strafregtelike problematiek rondom die verskynsel van kindersekstoerisme onder die loep geneem. Aangesien dit niks anders as 'n georganiseerde vorm van seksuele misbruik van kinders is nie, moet dié aantekening teen die agtergrond van my voorafgaande publikasies in dié verband, waarna spesifiek verwys word, gelees word. Onnodige duplikasie van inligting, argumente en analise word doelbewus hier vermy.

2 Mag, kultuur, geld en die weerloosheid van kinders

Die *World Federation of Mental Health* (*WFMH*) se komitee rakende die kommersiële seksuele eksploitasie van kinders, verduidelik die proses waarvolgens die wisselwerking van armoede en konsumerisme 'n desensitiseringseffek op die gemeenskap se persepsie van seksuele uitbuiting van kinders het, soos volg:

> "Poverty plays a major role in creating the atmosphere where sexual exploitation occurs. However, poverty has always existed yet in the past cultural taboos and social norms have prevented the widespread use of children for sex. As the world moves to a global economy there is something happening which erodes the cultural taboos . . . This erosion seems to occur when a relatively insulated culture is suddenly exposed to a media image of the availability of an easier life via material possessions. Agents

> enter this culture, lure people with money and goods, then deceive parents into allowing their children to be put to work in the city. In this way child prostitution becomes available on a largescale basis. This then creates the perception that child prostitution is normative within that society" ("Reasons for the explosion of child prostitution: a perspective" (1993-08-27) 4 aangehaal deur Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 519–520).

In rudimentêre gemeenskappe het die vrou se psigoseksuele integriteit, en gevolglik haar baarvermoë, aan 'n ander behoort (gewoonlik 'n man of 'n groep deur mans beheer). Dit het ook die grondslag gevorm van die universele ondergeskikte posisie van die vrou asook van die vroegste huweliksvorme, naamlik die roof-, ruil- en koophuwelike (sien Labuschagne "Regsakkulturasie, lobolo-funksies en die oorsprong van die huwelik" 1991 *THRHR* 541 en "Geregtigheidsdinamiek van die vroutipiese" 1996 *SAPR/PL* 225 226–229; Labuschagne en De Villiers "Circumcision and female genital mutilation: a human rights and anthropo-legal evaluation" 1998 *SAPR/PL* 277 283–288). In die vroegste menslike gemeenskappe, daarbenewens, het die heilige oervader (*pater*; tropleier) 'n *ius vitae necisque* oor sy ondergeskiktes, dit wil sê sy vroue en kinders, gehad (Labuschagne "Kindermishandeling – 'n juridiese perspektief" 1976 *De Jure* 189 191–195; "Aktiewe eutanasie van 'n swaar gestremde baba: 'n Nederlandse hof herstel die *ius vitae necisque* in 'n medemenslike gewaad" 1996 *SALJ* 216 en "Van instink tot norm. Noodweer en noodtoestand in strafregtelik-evolusionêre perspektief" 1993 *TRW* 133 136–137). Namate gemeenskappe en state in die proses van regstaatlike verfyning vorder, word ouerlike gesagsregte oor hulle kinders minder omvangryk en meer omlyn (Labuschagne "Tugtiging van kinders: 'n strafregtelik-prinsipiële evaluasie" 1991 *De Jure* 23 36–41 en "Ouerlike geweldsaanwending as skending van die kind se reg op biopsigiese outonomie" 1996 *TSAR* 577 581–582). Seksuele misbruik is in die eerste instansie magsmisbruik (Friedrich 13–16): Robinson wys daarop dat die prostituering van jong meisies ook in kulturele praktyke gemanifesteer word. Binne die sosiale en kulturele opset in die meeste ontwikkelende lande is prostitusie 'n aanvaarbare praktyk. Sy verwys vervolgens na die patriargale devaluering van die vrou as 'n vorm van imperialisme en vervolg:

> "Generally, in developing countries, the male establishes and maintains his power through the patriarchal devaluation of the female. The male accomplishes this feat by keeping the female both economically and educationally marginalized. This practice of subjugation is especially prevalent in developing countries through cultural values that allow only the male to attain status in the community. In addition, it is also found in instances where the child starts engaging in prostitution at an early age. The earlier the child starts, the more she is deprived of all forms of cognitive development. In effect, the deprivation of education ensures that the female child will remain both helpless and dependent on the male . . . In many countries, the culture exemplifies the belief that females should be relegated to a societal status beneath that of men. A female is only allowed to acquire status on her sexual prowess, body, and sexuality" (245–246).

Geslagsdiskriminasie in opvoedkundige verband stimuleer ook die prostituering van jong meisies. As gevolg van die kulturele en religieuse status wat aan die vrou as seksobjek en kinderbaarder (nog steeds) in sekere gemeenskappe toegeken word, word hulle minder geleentheid vir onderwys en loopbaanontwikkeling gebied. As gevolg van tradisionele taboes en stigma's kan 'n meisie haar baie moeilik in haar lewe uit prostituering bevry (Healy 1872; Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 29–30).

Dit blyk uit 'n verslag van die *United Nations Children's Fund* van April 1998 dat meer as 'n miljoen kinders jaarliks die prostitusiebedryf betree en dat op enige gegewe oomblik meer as 'n miljoen kinders in Asië alleen by prostitusie betrokke

is (Giordanella 134 vn 8). Die vereniging *End Child Prostitution in Asian Tourism* (*ECPAT*) skat die waarde van die prostitusiebedryf op ongeveer vyf miljard dollar. Die kindersekstoerismebedryf vorm 'n belangrike bron van inkomste daarvan (Giordanella 134; Healy 1854). Die *Working Group on Contemporary Forms of Slavery* van die VN toon aan dat die winsgewende kinderprostitusiebedryf in stand gehou word deur 'n bemarkingsisteem wat beheer word deur diegene wat reeds in beheer van groot rykdom en mag is. Groot misdaadsindikate in die VSA, Duitsland en Australië, asook die Japanese Yakuza, is betrokke by georganiseerde prostitusie in Suidoos-Asië en is besig om hulle belange na kinderprostitusie uit te brei. Agente besoek gewoonlik dorpe namens die sindikate om toekomstige prostitute vir stedelike bordele te identifiseer. Die ouers stel hulle dogters vir dié doeleindes beskikbaar, gewoonlik in ruil vir 'n geldsom. Die dogter moet dan werk totdat die lening, en rente daarop, terugbetaal is. In werklikheid is volledige terugbetaling dikwels onmoontlik, met die gevolg dat hulle dogter eintlik verslaaf word (Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 519). Die globalisering van ekonomieë staan op die voorpunt van die prostitusieprobleem. Die ekonomie perpetueer kinderprostitusie omdat dit winsgewend is vir diegene – behalwe natuurlik die kind – wat daarby betrokke is (Robinson 239–240). Armoede is stellig die belangrikste beweegrede vir ouers om hulle kinders oor te lewer aan die seksbedryf of vir kinders om uit "eie beweging" daartoe toe te tree (Robinson 247; Giordanella 134–135; Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 26). Healy vat die algemene siening in dié verband soos volg saam:

> "Commentators maintain that the grinding poverty and social injustice of the underdeveloped world, especially in rural areas, is primary among the causes of child prostitution. Poverty results in illiteracy, desperate need, and limited employment opportunities, leaving parents easy prey to procurement agents who scour the villages in search of young children. Parents are often not apprised of the nature of the work for which their children are being 'hired'" (1869–1870).

Ek glo nie dat enige diepgaande analise van bogenoemde inligting nodig is om tot die konklusie te kom dat kindersekstoerisme in stand gehou word deur misbruik te maak van die ekonomiese en kulturele (asook religieus-waardematige) weerloosheid van kinders, en in besonder meisies, in veral derdewêreld- en ander ontwikkelende lande nie.

3 Die kind se reg op waardigheid en vrye psigoseksuele ontplooiing

Kinders wat slagoffers van seksuele misbruik is, leef in voortdurende vrees. Hulle leef in vrees vir geweld en sadistiese handelinge deur hulle kliënte, asook in vrees vir gewelddadige optrede deur bendes en koppelaars ("pimps") wat die seksbedryf beheer en vir arrestasie deur die polisie. Hulle ly gewoonlik ook aan depressie en het 'n swak selfbeeld as gevolg van die deurlopende degradering waaraan hulle onderworpe is. Hulle word ook in die reël geteister deur 'n gevoel van wanhoop en hopeloosheid as gevolg van hulle onvermoë om aan hulle omstandighede te verander. Dwelm- en alkoholmisbruik gaan dikwels hand aan hand met prostitusie. Selfdoding is nie 'n seldsame verskynsel in dié omstandighede nie. Afgesien van dié psigiatriese beserings en benadeling is liggaamlike benadeling, soos veneriese siektes en infeksie met die VIGS-virus, aan die orde van die dag. Hierdie kinders ontvang selde behandeling en word slegs medies versorg indien hulle ernstig of terminaal siek is (sien in dié verband Berkman 402; Levesque "Prosecuting sex crimes against children: Time for 'outrages' proposals?" 1995 *Law and Psychology Review* 59; Robinson 249–252; Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 521). Navorsers wys daarop dat baie sekstoeriste verkeerdelik onder die indruk verkeer dat hoe

jonger die meisie, hoe geringer die kans om met die VIGS-virus infekteer te word (Gerlach "Sex-Tourismus und Strafvervolgung" 1993 *NStZ* 71; Berkman 397; Robinson 247). Met beroep op 'n Thailandse immunoloog, dokter Vicham Vithayasai, wys Hodgson daarop dat aangesien die meisies jonk en nog nie geslagsryp is nie en geslagsomgang met hulle as gevolg daarvan gepaardgaan met die skeur van weefsel wat baie bloeding tot gevolg het, hulle meer vatbaar vir sodanige infeksie is. Die weefsel wat die (manlike) anus omlyn, is ook dun en kan insgelyks maklik skeur, met die gevolg dat die VIGS-virus maklik in die bloedsomloop kan kom (Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 29. Sien ook Healy 1871–1872; Giordanella 135 vn 16). Sommige (naïewe) daders verkeer ook valslik onder die indruk dat geslagsomgang met 'n maagd veneriese siektes kan genees (Berkman 399).

Inligting dui daarop dat daar 'n verskil is tussen kinderprostituering in ontwikkelde en ontwikkelende lande. In laasgenoemde lande vind dit gewoonlik op 'n vroeë leeftyd plaas en dikwels nie op 'n "vrywillige" basis nie (Robinson 248). Brannigan en Van Brunschot verskaf die volgende interessante inligting oor die tydstip van seksuele aktiefwording en prostituering:

> "However, becoming sexually active is not the same thing as becoming a prostitute. Thus, onset and parental regulation are not the only important intervening factors. Instead, a cluster of conditions and hazards further mediate the link. First, there tends generally to be an age difference between heterosexual couples who date. Males typically date females 1 or 2 years younger than themselves although they often express short-term interest in much younger females . . . In part this age gap results from the fact that male and female adolescents become sexually mature at different ages. In this scenario, the young adolescent females who become sexually active earlier than their peers appear to become active with boys who are not substantially older than themselves . . . The average age difference at first sex between girls who became prostitutes and their mates is 5 years. That means that 12–14-year-old females were sexually active with 17–19-year-old males. Given the large social difference that mark adolescent age transitions, such relationships are not particularly stable and are peculiarly hazardous for the females" ("Youthful prostitution and child sexual trauma" 1997 *Int J of Law and Psychiatry* 337 349–350).

Disfunksionele familie-omstandighede lewer ook 'n belangrike bydrae tot prostituering op 'n vroeë ouderdom (Brannigan en Van Brunschot 343–345). Sodanige prostitute word dan ook dikwels vasgevang in pedofielnetwerke, waaruit hulle moeilik kan ontsnap (vgl Berkman 399–400).

Die internasionale gemeenskap het reeds in 1904 met die *International Agreement on Suppression of White Slave Traffic* 'n poging aangewend om kinders, hoewel selektief, teen seksuele uitbuiting te beskerm. Hierdie ooreenkoms het verskeie wysigings ondergaan. Die 1949-protokol het uitdruklik 'n verbod geplaas op die seksuele gebruik van kinders vir immorele doeleindes – al sou dit konsensueel geskied. Hierdie internasionale ooreenkoms, gepaardgaande met konvensies ter bekamping van slawerny, het bygedra tot beperking van kinderprostituering, hoewel op 'n indirekte wyse.

In 1989 het die VN die *Convention on the Rights of the Child* (*UNCRC*) die lig laat sien. In artikel 1 *UNCRC* word 'n kind omskryf as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar, tensy meerderjarigheid binne 'n spesifieke regstelsel vroeër bereik word. Artikel 34 *UNCRC* versoek die ondertekenende state om uiterste maatreëls in plek te stel om seksuele uitbuiting en misbruik van kinders te voorkom. Artikels 35 en 36 *UNCRC* vereis van lidlande om die ontvoering en verkoop van, asook handeldryf in, kinders te verbied. Die *UNCRC* het oorweldigende ondersteuning gevind. Australië en Frankryk het met die oog op verskerping van die

maatreëls ter beskerming van kinders teen seksuele uitbuiting die *Draft Optional Protocol to the United Nations Convention on the Rights of the Child Concerning the Elimination of Sexual Exploitation and Trafficking of Children* geïnisieer. Hierdie konsep-protokol het ten doel om groter verpligtinge op hulle ondertekenaars as dié van die *UNCRC* te plaas. Dit is insiggewend dat artikel 1 van dié konsep-protokol seksuele uitbuiting van kinders tot 'n misdaad teen die mensheid verhef. Hierdeur word die seksuele uitbuiting van kinders met oorlogsmisdade en seerowery gelyk gestel. Artikel 2(a) vereis van ondertekenaars om nasionale wetgewing aan te neem wat seksuele uitbuiting van kinders onderworpe aan universele jurisdiksie verbied, dit wil sê enige staat sou daarvolgens sekere misdrywe kon straf al is dit buite hulle jurisdiksiegebied deur 'n burger van 'n ander staat gepleeg. Hierdie konsep-protokol is nog nie aanvaar nie. In 1996 het Swede, *ECPAT* en *UNICEF* in Stockholm die eerste internasionale konferensie oor seksuele uitbuiting van kinders georganiseer. Afgevaardigdes van 126 lande en 50 nie-staatlike organisasies het dit bygewoon. Die doel van dié konferensie was drieledig: (i) om die problematiek in dié verband internasionaal sigbaar te maak; (ii) om besluitnemers van al die relevante hoofdissiplines, soos kinderpsigologie, maatskaplike werk, internasionale reg en strafregspleging, byeen te bring; en (iii) om 'n aksieplan te ontwerp waarvolgens dié vorm van uitbuiting in al die lande van die wêreld uitgeskakel kon word. Hierdie vyf-dag konferensie is afgesluit met 'n eenparige aanvaarding van 'n Deklarasie en 'n Aksie-agenda. Wat vir onderhawige doeleindes van wesenlike belang is, is dat in artikel 3 van die Deklarasie verklaar word dat alle kinders daarop geregtig is om vry van seksuele uitbuiting en misbruik te leef. In artikel 5 word kommersiële seksuele uitbuiting omskryf as "sexual abuse by the adult and remuneration in cash or kind to the child or a third person or persons". Die seksuele uitbuiting van kinders word as 'n vorm van dwangarbeid en slawerny beskou. In die Aksie-agenda word verskeie maatreëls en planne voorgestel om dié probleem oor 'n wye front aan te spreek en te bekamp (sien oor dié internasionale aksies Giordanella 142–147; Berkman 405–408; Robinson 253–256; Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 32–35; Healy 1872–1884).

Die internasionale voorstelle en pogings hierbo uiteengesit, word onderlê deur 'n begeerte om uiteindelik die waardigheid en vrye psigoseksuele ontplooiing van kinders wêreldwyd in 'n omvattende sin juridies te respekteer. In die 1993 *Vienna World Conference on Human Rights* word onomwonde verklaar dat "all forms of sexual . . . exploitation, including those resulting from . . . international trafficking, are incompatible with the dignity and worth of the human person" (Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 521). Ten aansien van die psigodinamika onderliggend aan die kind se belewenisse van misbruikende seksuele optrede, in besonder in die vorm van kinderprostitusie, teenoor haar/hom verduidelik O'Grady soos volg:

> "The whole system of child prostitution creates pressure which effectively destroys the child's self-image and result in a total loss of confidence . . . The children are continually told they are no good and will be punished for what they are doing if they try to escape. Customers rarely treat them as real human beings but as objects to be used . . . Whatever self-esteem the young child has is quickly lost in this psychological battering" (*The child and the tourist* (1992) 119 met goedkeuring aangehaal deur Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 521).

Die vrye menslike persoonlikheid, wat met menswaardigheid toegerus is, stel volgens die Duitse Konstitusionele Hof (*Bundesverfassungsgericht*; *BVerfG*) die hoogste menseregtelike waarde daar (Urt v 5/6/1973, *BVerfGE* 35, 22). Psigoseksuele outonomie en selfbestemming is volgens Duitse regspraak en kommentatore 'n bestanddeel van die vrye menslike persoonlikheid (BGH, Beschl v 23/1/1996,

NJW 1996, 1294; BGH, Urt v 19/11/1996, NStZ-RR 1997, 98; Sick *Sexuelles Selbstbestimmungsrecht und Vergewaltigungsbegriff* (1993) 336; Horn "Anmerkung" 1981 *Juristische Rundschau* 251 253–254). Die menslike sosio-juridiese waardestrukture – ook binne internasionale konteks – moet daarop gerig wees om kinders se waardigheid en hulle vrye psigoseksuele ontplooiing ten alle koste te beskerm. (Vgl Amelung "Über Freiheit und Freiwilligkeit auf der Opferseite der Strafnorm" 1999 *GA* 182 193–195). 'n Mensregtelike kultuur is funksioneel juis daaraan gebonde om die swakkere en weerlose teen misbruik van die sterkere en maghebber te beskerm (sien verder Labuschagne "Die rol van die strafreg in die versekering van die vrye psigoseksuele ontplooiing van kinders" 1996 *SALJ* 585; "Ouderdomsgrense en strafregtelike aanspreeklikheid weens seksuele misbruik van kinders" 1998 *Obiter* 340; "Strafregtelike respektering van jeugdiges se reg op psigoseksuele selfbestemming" 1999 *THRHR* 161; "Klagtemisdade en die strafregtelike respektering van die psigoseksuele outonomie van jeugdiges" 1999 *TRW*).

4 Aanwending van die strafsanksie

Gerlach toon aan dat volgens Thailandse reg geslagsomgang met 'n meisie onder 13 jaar met tot 20 jaar gevangenisstraf strafbaar is. Onsedelike handelinge met kinders onder die ouderdom van 13 jaar is insgelyks met langtermyn gevangenisstrawwe strafbaar. Koppelary word ook strafbaar gestel. Handeldryf in vroue en meisies word deur wetgewing van 1928 strafbaar gestel. Wetgewing van 1960 stel prostitusie in die algemeen onder strafbedreiging. Hierdie strafvoorskrifte is vir alle praktiese doeleindes sonder effek (71). Oneffektiewe strafregspleging het spesifiek in Asiatiese lande 'n stimulerende effek op sekstoerisme. So verduidelik Berkman:

> "Many Asian nations have tourist areas that cater to foreigners seeking sex. Foreigners come primarily from Western Europe, the United States, and Australia seeking boys and girls for sex or pornography. Child welfare activists assert that these travelers, who are able to act with virtually no fear of punishment except deportation, enable the child sex trade to flourish. These excursions are facilitated, in many cases, by actual sex tours visibly marketed in the countries of the consumers, or by advertisements in travel magazines, highlighting the underage sex available in Asia and elsewhere" (403).

In bykans alle lande wat deur sekstoeriste besoek word, bestaan strafvoorskrifte wat hulle optrede verbied (Berkman 403–404; Robinson 243; Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 27). Hodgson noem verskeie redes vir die nie-aanwending van strafvoorskrifte: (i) in die konteks van ekonomiese moderniseringsinisiatiewe ignoreer regerings en regshandhawingsinstellings, met die doel om toeriste se geld te bekom, sekstoeriste se wederregtelike optrede; (ii) laagbesoldigde polisiebeamptes en ander regshandhawingsamptenare word maklik deur welgestelde toeriste en die goedgeorganiseerde seksbedryf omgekoop; (iii) die polisie self is dikwels by die handeldryf en fasilitering van kinderprostitusie betrokke en het selfs al as wagte by kinderseksinstellings opgetree; (iv) 'n gebrek aan voldoende polisiebeamptes en arbeidsinspekteurs; (v) leemtes en skuiwergate in die betrokke wetgewing; en (vi) die onwilligheid van kinderprostitute om met polisie-ondersoeke saam te werk, as gevolg van 'n vrees dat hulle self vervolg sal word en 'n vrees vir moontlike geweld deur ondergrondse bewegings (1994 *Melbourne Univ LR* 518).

Verskeie lande, insluitende Australië, België, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Japan, Noorweë, Swede en die VSA, het wetgewing uitgevaardig wat 'n verbod plaas op seksuele aktiwiteite met kinders in die buiteland (Giordanella 133 vn 3; Berkman 398; Healy 1886–1888). Artikel 5(8) van die Duitse Strafwetboek (*Strafgesetzbuch; StGB*) bepaal dat die Duitse strafreg, onafhanklik van die strafreg van die plek waar die handeling (of late) verrig word, vir handelinge (en lates) wat

in die buiteland verrig is en op skending van die reg op seksuele selfbestemming neerkom, in die volgende omstandighede geld: (a) ten aansien van artikel 174(1) en (3) *StGB*, wat handel oor seksuele uitbuiting van 'n gesag- of afhanklikheidsverhouding, indien sowel die dader as die slagoffer ten tyde van misdaadpleging Duitsers is en hulle lewensbasis ("Lebensgrundlage") in Duitsland het; en (b) in geval van artikels 176–176b en 182 *StGB*, wat handel oor die seksuele misbruik van kinders onder 14 en 16 jaar, indien die dader 'n Duitser is (sien Lackner en Kühl *Strafgesetzbuch mit Erläuterungen* (1999) 44–45; Tröndle en Fischer *Strafgesetzbuch und Nebengesetze* (1999) 49–50). Lackner en Kühl wys daarop dat hierdie uitbreiding van artikel 5 *StGB* ten doel het om 'n bydrae te lewer tot die bekamping van sekstoerisme deur Duitsers tot nadeel van buitelandse kinders en jeugdiges en om moontlike leemtes van die strafregspleging vroegtydig aan te spreek. Dit is egter volkeregtelik moeilik verantwoordbaar om ook Duitsers wie se verblyf in die buiteland nie slegs van verbygaande aard is nie, aan die Duitse strafregspleging onderworpe te stel (47. Sien ook Tröndle en Fischer 52; Dehler *Internationales Strafrecht* (1983) 142–143).

Op 13 September 1994 het president Clinton aan die *Violent Crime Control and Law Enforcement Act of 1994*, beter bekend as die *Crime Bill*, deur ondertekening regskrag verleen. Hierdie wetgewing het die sogenaamde *Mann Act*, wat dit reeds 'n misdaad ("felony") gemaak het om vir immorele doeleindes oor staatsgrense te reis, uitgebrei om jurisdiksie te verkry oor diegene wat na die buiteland reis, of daartoe saamsweer, om betrokke te raak by seksuele aktiwiteite met minderjariges wat volgens die strafreg van die VSA onregmatig is. Die relevante deel van die gewysigde artikel 2423(b) (18 USC par 2423 (1948) gewysig deur die *Violent Crime Control and Law Enforcement Act* (1994), Pub L No 103–322, 108 Sat 1796, Title V1, par 60001–26) lui soos volg:

> "A person who travels in interstate commerce, or conspires to do so, or a United States citizen or an alien admitted for permanent residence in the United States who travels in foreign commerce, or conspires to do so, for the purpose of engaging in any sexual act (as defined in section 2245) with a person under 18 years of age . . . shall be fined under this title, imprisoned not more than ten years, or both."

Giordanella wys daarop dat federale howe in twee gevalle reeds artikel 2423(b) op persone van toepassing gemaak het wat van een staat na 'n ander in die VSA gereis het (150–151; *United States v Butler* 92 F3d 960 (9th Cir 1996); *United States v Childress* 104 F3d 47 (4th Cir 1996.) Sien ook Healy 1903–1911). Sy wys ook daarop dat dit blyk uit 'n onderhoud wat sy gehad het met Marsha Liss (assistent prokureur-generaal in Washington DC) dat die kantoor van die prokureur-generaal van die VSA tans inligting versamel vir moontlike vervolging van individuele reisigers, asook toerleiers, weens beweerde misdade in die buiteland gepleeg (151–152).

'n Sweedse hof het in 1995 ene Bengt Bolin, 'n 69-jarige pensioenaris, skuldig bevind aan molestering van 'n 13-jarige seun by die Pattaya vakansie-oord in Thailand. Dit was die eerste keer dat Sweedse owerhede in 'n geval van dié aard op die beginsel van ekstraterritorialiteit gesteun het. Volgens hoofstuk 2(2) van die Sweedse Strafkode kan hulle strafreg ekstraterritoriaal aangewend word. Dit lui soos volg:

> "A person who has committed a crime outside the realm shall be tried according to Swedish law and in a Swedish court if the person is:
>
> 1 a Swedish citizen or an alien domiciled in Sweden;
>
> 2 an alien not domiciled in Sweden who, after having committed the crime, has become a Swedish citizen or has acquired domicile in the Realm or who is a Danish, Finnish, Icelandic, or Norwegian citizen and is present here; or

> 3 some other alien, who is present in the Realm and the crime is punishable according to Swedish law by imprisonment for more than six months" (Engelse vertaling aangehaal deur Berkman 409–410).

Die Sweedse Strafkode laat gevolglik die weg oop om sekstoeriste te straf vir seksuele aktiwiteite met kinders in die buiteland. In die saak van Bolin het Sweedse aanklaers na Thailand gereis om getuienis in te win. Thailandse wetgewing van 1992 magtig die kantoor van hulle prokureur-generaal om behulpsaam te wees met die insameling en versending van inligting na die land waarin die vervolging plaasvind. Alle lande is egter nie so hulpbereid nie (Berkman 410–411; Healy 1890).

Die *Crimes* (*Child Sex Tourism*) *Amendment Act* het in 1994 in Australië van toepassing geword. Hierdeur het die Australiese strafreg in onderhawige verband ekstraterritoriale werking verkry. 'n Verskeidenheid handelinge van 'n seksuele aard met, deur of voor 'n kind onder 16 jaar gepleeg, word spesifiek met langtermyn gevangenisstraf strafbaar gestel (artikels 50BA–C; Berkman 411–412; Giordanella 152–153; Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 37). Hierdie wetgewing maak ook daarvoor voorsiening dat die hof kan gelas dat 'n getuie by wyse van 'n videoverbinding ("video link") getuienis kan aflê. Artikel 50EA van die wet stipuleer vervolgens die volgende gevalle waar dit moontlik is, naamlik waar:

> "(a) the witness will give the evidence from outside Australia; and (b) the witness is not a defendant in the proceeding; and (c) the facilities required by section 50E are available or can reasonably be made available; and (d) the court is satisfied that attendance of the witness at the court to give the evidence would: (i) cause unreasonable expense or inconvenience; or (ii) cause the witness psychological harm or unreasonable distress; or (iii) cause the witness to become so intimidated or distressed that his or her reliability as a witness would be significantly reduced; and (e) the court is satisfied that it is consistent with the interests of justice that the evidence be taken by video link."

Die lande wat hulle strafjurisdiksie uitbrei om kindersekstoerisme te bekamp en te bestraf, neem klaarblyklik toe (Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 530).

5 Konklusie

Dit blyk duidelik dat sekstoerisme geanker is in ekonomiese en kulturele magsmisbruik vir seksuele doeleindes. Dit skend die waardigheid en die reg op vrye psigoseksuele ontplooiing van miljoene kinders in veral ontwikkelende lande. (Sien in die algemeen Ing *Die strafrechtliche Schutz der sexuellen Selbstbestimmung des Kindes* (1997) 26 ev; Wilmer *Sexueller Mißbrauch von Kindern. Empirische Grundlagen und kriminalpolitische Überlegungen* (1996) 19 ev.) Georganiseerde sekstoerisme behoort myns insiens deur die internasionale gemeenskap as 'n misdaad teen die mensheid verklaar te word. Alle lande behoort, soos tans in byvoorbeeld Duitsland, die VSA, Swede en Australië, hulle strafjurisdiksie in dié verband uit te brei. (Berkman 421–422). Healy verklaar tereg in dié verband:

> "Child sex tourism is a complex issue of international proportion. It is intimately connected to the financially lucrative business of child prostitution. As such, its elimination necessarily involves the participation of governments, local and international law enforcement agents, tourist agencies, social welfare organizations, NGOs, and international bodies such as the United Nations. National legislation is an important element in the concerted effort to eliminate child sex tourism, and the laws of Sweden, Australia, and the United States each comprise a distinct approach to the realization of that goal. The laws, however, represent only one component in a more comprehensive campaign that must employ multiple long-term and coordinated strategies" (1912. Sien ook Hodgson 1994 *Melbourne Univ LR* 539–540).

Sommige kommentatore stel voor, en dit kan onderskryf word, dat 'n algemene reisverbod na sekere lande geplaas word op persone wat hulle aan seksuele vergrype teenoor kinders skuldig gemaak het en dat die identiteit van sodanige persone in betrokke gemeenskappe versprei behoort te word (Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 45–46). In die finale instansie is die reg alleen nie by magte om 'n probleem van hierdie aard effektief en standhoudend die hoof te bied nie. Dit vereis 'n internasionale en interdissiplinêre poging van enorme omvang (Hodgson 1995 *Int J of Law and the Family* 42–44; Lamb "The investigation of child sexual abuse: An international interdisciplinary consensus statement" 1994 *Family LQ* 151).

JMT LABUSCHAGNE
Sentrum vir Kinderreg, Universiteit van Pretoria

TRADITIONAL WOMAN-TO-WOMAN MARRIAGES, AND THE RECOGNITION OF CUSTOMARY MARRIAGES ACT

1 Introduction

Traditional woman-marriages, in which a woman marries one or more other women because of her powerful position or because she is childless, occur all over Africa. In South Africa these marriages have been reported in ten groups, and are concluded following all the customary rituals such as payment of bridewealth. While these marriages might not occur often, they are considered far from abnormal in the communities that uphold them. And now that the Recognition of Customary Marriages Act 120 of 1998 recognises customary marriages "concluded in accordance with customary law" (s 1), the question arises whether this also applies to woman-to-woman marriages.

I would like to answer this question in the affirmative. I shall first describe the little-known institution of woman-marriages. Thereafter, I shall examine the Recognition of Customary Marriages Act and its impact on this type of marriage. As the text and spirit of the Act seem to suggest their recognition, this raises the question of the relationship to the discussion about homosexual marriages. In conclusion, I shall offer some possible explanations for the lack of attention given to this phenomenon within customary-law studies.

2 Mrs Matjageng and her wife

My interest in the topic was sparked by a case I encountered while I was conducting field research in the Northern Province during 1999.

On 4 August, two women and their respective families appeared at a meeting of *mosate*, the royal family, in the Sekhukhune area of Mamone. Seated on the ground of the open thatch hut destined for smaller cases, Mrs Matjageng told the men present that she had married a younger woman and had paid the full *magadi* (bridewealth) of two goats. It was a marriage for the *lapa*, the homestead: the old woman was childless and had no brothers. Through this marriage the younger

woman's children would become hers and thus carry on the family name. But the relationship had turned sour. The female husband complained that her wife had insulted her by calling her "barren". The young wife, in turn, lamented that the old lady did not pay the children's school fees.

The men present took a long time to discuss the case, but were unanimous in their judgment. One of the auditors said (in Sepedi):

> "We do not stimulate divorce, we are here to unite people. It often happens that a young woman marries a female husband in the hope of benefiting, and these women would be very disappointed if we started allowing divorces. As long as a goat has been slaughtered and its blood has been spilt we should not allow you to split up."

The female husband (called *mmakgolo* – grandmother) was severely reprimanded:

> "If you marry a wife, you are not a woman any more, but just like a man. These are your children now: take them in and maintain them. If you don't, your wife can take you to the maintenance court."

The men also warned the bride that she should be a good wife and not swear at the husband: "You must have patience in love." Towards the end of the case both women were asked "Do you still love each other?" (*le sa ratana*?), and when they answered in the affirmative, they were told to go back home and make up.

The couple was back in the customary court the following month, however, on 1 September. This time they came to the *kgôrô*, the plenary meeting held under the thorn tree. The old woman complained that the wife refused to fetch water and cook for her: "I married this wife to do these jobs for me but she refuses. What do you men do in such a situation?" Her wife was also still unhappy: "How can we live together like *mosate* says we must? I know they say that good friends can fight and make up, but that doesn't apply here." After intensive questioning by the large group of men present, it turned out that Mrs Matjageng wanted a divorce: "I'm tired of this wife. I don't want her and her children any more." This sparked off a general outcry. But once the mumbling and grumbling had died down, one man said:

> "This woman is just like a man. And if a man is the one who wants to divorce, he must leave the house and take only his jacket with him (*monna o tla tsea baki fela*). This woman is a father to those children so she must keep on maintaining them."

The others agreed: the old woman was to leave the house and her field behind. Even her pension money would be confiscated and given to the wife. Confronted with this harsh verdict summarised by the chief's brother, the old woman changed her mind and told the court that she did want to stay with her wife again. It was decided that she should first go and apologise to the wife's family. Also, she had to pay R100 "to disperse the *kgôrô*".

From interviews following this particular case I learnt that woman-marriages do not occur very frequently amongst the Pedi. Of the 87 cases tried in traditional courts that were reported to the Sekhukhune magistrate – unlike the case described above – in the period 1994–1999, only one concerned a woman-marriage. Nevertheless, informants state that these marriages are considered to be a normal arrangement. The most important reason for such a marriage is that a woman is barren and there is a danger of "the house dying out". The bride is married following the usual rituals, and can come with or without children. If she is without children, a blood relative of the female husband will preferably act as a genitor. This biological father has no rights to the children and they inherit the surname of the female husband. This practice reminds of what Mönnig called Pedi "ghost marriages". He argues, however, that this practice concerns only married barren women, who marry a wife in the name of their unborn son (*The Pedi* (1967) 205).

3 Woman-marriages

The Pedi people are not the only ones to practise this custom. Woman-marriages, or what is called "gynaegamy" in some literature, has been reported for 40 groups in East, West and Southern Africa (O'Brien "Female husbands in southern Bantu societies" in Schlegel *Sexual stratification* (1977); Tietmeyer *Frauen heiraten Frauen: eine vergleichende Studie zur Gynaegamie in Afrika* (1985) ("Tietmeyer (1985)"); Tietmeyer *Gynaegamie im Wandel: die Agikuyu zwischen Tradition und Anpassung* (1991); Pothast-Jutkeit *History of the family: An International Quarterly* (1997) 2 2). The famous anthropologist Herskovitz was one of the first researchers to make mention of the institution of woman-marriages when he wrote about the area presently known as Benin. (Herskovitz "A note on 'woman marriage' in Dahomey" 1937 *Africa* 335). His account was, however, criticised in later years, especially because he imputed sexual overtones to these marriages, a claim that was neither substantiated by him nor supported by any other authors. (See, for instance, Krige "Woman-marriage, with special reference to the Lovedu – its significance for the definition of marriage" 1974 *Africa* 11.) Most authors, by contrast, have emphasised that woman-marriages are not homosexual in nature, but should be seen within the context of African views of marriage as an arrangement between families, aimed at procreation, and a legitimate way in which to "reinvest" wealth.

There are two main motivations underlying woman-marriages. The first is the situation broadly described above, in which a woman in a patriarchal system is past the child-bearing age and – after paying a bridewealth – marries another woman. This bride either already has children or will have them during the marriage, and they will be considered to be the offspring of the female husband (Tietmeyer (1985) 16). A second situation is one in which a woman has independently gained wealth or power, for instance as a political leader or a traditional healer. This has caused some authors writing from a gender perspective to speak of a "third gender" (Aalten and Claus "Twee seksen, drie genders: vrouwenhuwelijken in Afrika" 1999 *Tijdschrift voor Genderstudies* 35–48). O'Brien 122 states that

> "in some societies, if women are expected to symbolise power, they must be conceptualised as male, or at least not take the subordinate status of wife. Women with a high ascribed status are already 'royal', perhaps 'divine', but they may still need a male element to mark their elevated roles".

In South Africa, woman-marriages can be found amongst the Venda, Lovedu, Pedi, Hurutshe, Zulu, Sotho, Phalaborwa, Narene, Koni and Tawana (O'Brien 111). They have been most famously described for the Lovedu. It is relatively well known that the Rain Queen, who was often visited by President Mandela, marries other women (the present Rain Queen has four wives, and her mother was married to eleven women and her grandmother to ten). But the Kriges, in their ethnographies of the Lovedu, have described many other situations in which a woman can marry one or more wives (Krige 1974 *Africa* 17–21; Krige and Krige *The realm of the rain queen: A study of the pattern of Lovedu society* (1943)). Nevertheless, Eileen Krige states that

> "it would appear that the incidence of woman-marriage in Africa as a whole is nowhere high in proportion to other marriages and this is what one would expect. Among the Lovedu, where one cannot remain long in the society without coming across it, I have found its highest incidence outside the royal kraal to be only 5% of the married women in the community".

But then, of course, "woman-marriage is never reflected in any official census" (1974 *Africa* 25).

Woman-marriage is also fairly common among the Venda. The scant references to the institution of woman-marriage in books on customary law usually concern this population group. Bekker, for instance, writes that

> "a Venda wife may, with her own property, furnish lobolo for and marry a woman, who is regarded as her wife, but who is *ngena'd* by a select male consort; this consort is usually her own son or, if she has none of suitable age and status, her brother or other near relative of her father and mother, chosen as far as possible in order of seniority" (Bekker *Seymour's customary law in Southern Africa* (1989) 147).

Van Warmelo describes 23 cases of woman-marriages, mostly concerning women who are independently wealthy, for instance as doctors, and women who have not only a wife but also a husband (Van Warmelo *Venda law* (1948); cf O'Brien 116). Another reason to marry a woman can be to raise an heir (Krige 1974 *Africa* 26). Claus describes an encounter, in 1998, with a female headman, who married a woman because she would otherwise have to move to her husband's village (Aalten and Claus 41).

The Zulu saying *umuzi awuboli kwaZulu* (a Zulu kraal is not allowed to decay) has also resulted in woman-marriages. Among the Zulu, these marriages are allegedly found in two instances: to raise an heir to property, and in cases in which a female diviner has become wealthy and is able to establish a large kraal and following (Krige 1974 *Africa* 26).

4 The Recognition of Customary Marriages Act 120 of 1998

The Recognition of Customary Marriages Act ("the Act") was promulgated in 1998, with the main aim of recognising customary marriages and adumbrating the requirements for their legal validity. The question arises whether this also implies recognition for woman-marriages as described above. In all the discussions preceding the adoption of the Act – organised by the South African Law Commission, in the media, and in Parliament – the issue was overlooked (see eg South African Law Commission Project 90 *The harmonisation of the common law and the indigenous law* Discussion Paper 74 *Customary marriages* (1997) and the Hansard report of the discussion in Parliament on 1998-11-02).

The Act states that a marriage which is valid at customary law is for all purposes recognised as a marriage, whether it already existed at the commencement of the Act or was entered into after that (s 2). Section 3(1) sets out a number of requirements for the validity of the marriage, namely that both the prospective spouses must be older than 18; that they must consent to be married to each other under customary law; and that the marriage must be negotiated and entered into or celebrated in accordance with customary law. The prohibition of a customary marriage between people on account of their relationship by blood or affinity is also determined by customary law (see s 3(6)). One of the most important provisions in the Act is section 6, which declares that a wife in a customary marriage has

> "on the basis of equality with her husband and subject to the matrimonial property system governing the marriage, full status and capacity, including the capacity to acquire assets and to dispose of them, to enter into contracts and to litigate, in addition to any rights and powers that she might have at customary law".

The Act allows for polygamous marriages, and states that if a person is a spouse in more than one customary marriage, all these marriages are recognised (s 2(3) and (4)). It also provides that a customary marriage entered into after the commencement of the Act is in community of property, unless the spouses have agreed otherwise (s 7(2)). The court may grant a decree of divorce on the ground of irretrievable breakdown of the marriage, and may make an order with regard to custody or guardianship of minor children and for the payment of maintenance (s 8).

The Act has therefore strengthened the position of wives in customary marriages. It explicitly states that they are equal to their husbands (in contrast to the previous provision (s 11(3)(b) of the Black Administration Act 38 of 1927), which declared women in customary unions to be perpetual minors). The Act provides that they are married in community of property unless otherwise agreed, and provides for their legal position in the event of a divorce.

Does the Act grant wives who have married female husbands these same rights? The answer depends, of course, on whether the Act also recognises this type of marriage. An answer to this question can be found in the definition of a customary marriage in the Act namely "a marriage concluded in accordance with customary law" (s 1). Customary law is defined as "the customs and usages traditionally observed among the indigenous African peoples of South Africa and which form part of the culture of those peoples" (s 1). As mentioned above, the main requirement for the validity of a customary marriage, apart from adulthood and consent of the spouses, lies in the fact that the marriage must be "negotiated and entered into or celebrated in accordance with customary law" (s 3(1)(b)).

With these definitions, the legislator has explicitly left the "power of definition" – the ability to determine what constitutes a customary marriage – with the people concerned. This plumping for what may be labelled an endogenous definition of culture and customs is not as obvious as may seem. In the past, substantive aspects of customary law were often embodied in legislation (see, for instance, the Black Administration Act 38 of 1927 and the Black Authorities Act 68 of 1951). These Acts contain exogenous definitions in which an actor other than the people concerned (sc the legislator) determined some of the substantive aspects of cultural practices (Oomen and Tempelman "The power of definition" in Donders *et al* (eds) *Sim Special 25: Law and cultural diversity* (1999) 7–26). Whether the definition of what constitutes a customary marriage should be left wholly up to the people concerned was the subject of discussion prior to the adoption of the Act. Many of the stakeholders consulted felt that some essential substantive requirements specific to a customary marriage should be set out, for instance the payment of lobolo (as to which, see SA Law Commission Discussion Paper 74 43–46), or even specifics such as the planting of a spear in the kraal of the prospective wife (workshop with traditional leaders organised by the SA Law Commission, 1998-02-20).

The choice of an endogenous definition of culture seems to entail that woman-marriages are also recognised under the Act. After all, these marriages are negotiated and entered into and celebrated in accordance with customary law. This interpretation is in line with the right to culture enshrined in section 31(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996. Although the Recognition of Customary Marriages Act makes no specific statement on the matter, section 3 speaks merely of spouses, not of a husband and a wife. This is in contrast to the Black Administration Act 38 of 1927, which defined a customary union as "the association of a man and a woman in a conjugal relationship according to Black law and custom, where neither the man nor the woman is party to a subsisting marriage" (s 35).

But, one might wonder, is a marriage between members of the same sex not forbidden on other legal grounds? This is, after all, the position at common law. Hahlo explicitly states that membership of the same sex constitutes a relative incapacity to marry (Hahlo *The South African law of husband and wife* (1985) 64). The *locus classicus* on this issue is *W v W* 1976 2 SA 308 (W), where one partner to a homosexual relationship underwent a sex-change operation, but the court held that a valid marriage could be contracted only by persons of opposite sexes. Then

again, the aim of the Recognition of Customary Marriages Act is to make provision for an alternative to the Western-style monogamous and individualistic marriage envisaged by the common law. In doing so, it (implicitly) moves away from a past in which the dominant legal system moulded and reshaped customary law through restatements and repugnancy clauses. The situation created by an Act such as the Recognition of Customary Marriages Act can best be described as "state law pluralism" (see Griffiths "What is legal pluralism?" 1986 *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* 24). The legislator explicitly recognises the existence of two legal regimes to regulate the same institution – marriage – for different people. The best illustration of this is the fact that, on the one hand, bigamy is a common-law offence (Hosten *et al Introduction to South African law and legal theory* (1995) 1124) and is considered to be a crime against the community, whereas, on the other hand, the Recognition of Customary Marriages Act explicitly permits the possibility of polygamous marriages (see s 2(3) and 2(4)). The recognition, through this Act, of woman-marriages is an analogous example of state law pluralism.

Another possible obstacle to the recognition of woman-marriages is the repugnancy proviso that is still included in section 1(1) of the Law of Evidence Amendment Act 45 of 1988, which states that indigenous law must not be opposed to principles of public policy and natural justice. A Nigerian court, for instance, held woman-marriages to be "repugnant" in *Egwu v Meribe* (High Court Suit No HU/36/71, Umuahia, 1974-06-03, reported in Akpamgbo "A 'woman to woman' marriage and the repugnancy clause: A case of putting new wine into old bottles" 1977 *African Law Studies* 87–94). In a claim for land, the court held that the custom of woman-to-woman marriages was morally repugnant in terms of section 14(3) of the Nigerian Evidence Act. The Nigerian author reporting the case does not agree with the judgment, and states that Nigerian courts should enforce as law customary rules which are not intrinsically or inherently immoral and whose application will not shock the conscience of the society whose customary law is in question. There is nothing immoral about the custom in the Ibo societies of the Anambra and Imo states of a barren woman marrying another woman for her husband for the purpose of rearing children who will inherit the property of the barren woman or her husband, if either dies intestate (1977 *African Law Studies* 92). Akpamgbo deplores the fact that "indigenous judges, trained abroad, are more readily disposed to strike down customary rules as repugnant to natural justice, equity and good conscience than were the outsiders" (1977 *African Law Studies* 91).

It does not seem likely that a post-1994 South African judge will follow the Nigerian line of reasoning. While the purpose of the South African repugnancy clause might have been to introduce to customary law certain common-law principles (Bennett *Human rights and African customary law* (1995) 114–115), the clause has been rendered more or less redundant by the adoption of the Bill of Rights. After all, the 1996 Bill of Rights introduces its own limitation clause; rights such as that to non-discrimination on the basis of culture (s 9(3)) and the right to culture incorporated in sections 30 and 31

> "may be limited only in terms of law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom" (s 36(1)).

Nowadays many authors advocate the repeal of the repugnancy proviso, claiming that it is a discriminatory remnant of colonial policies (see eg Currie "Indigenous law" in Chaskalson *et al Constitutional law of South Africa* (1996) 36–19).

5 Parallels with the discussion on homosexual marriages?

Now that it has been established that woman-marriages might well be recognised by the Recognition of Customary Marriages Act, I turn to the parallels and differences between the discussion above and the ongoing debate concerning homosexual marriages. Since the adoption of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 200 of 1993, and the 1996 Constitution, in which equality clauses prohibit discrimination on the basis of sexual orientation (s 9(3) of Act 108 of 1996), South Africa has witnessed a vehement debate on the justifiability of the exclusion of homosexuals from marriage (see, for instance, the articles in "Focus on same-sex marriage" 1996 *SAJHR* 533–586).

Obviously, homosexual marriages and traditional woman-marriages are two totally different institutions. The homosexual marriages envisaged have many parallels with the Western-style modern heterosexual marriage, in that they would also be a union of two individuals, who wish to celebrate and consolidate their love for each other, but who happen to be homosexual. The woman-marriages, in contrast, should – as most traditional marriages – be seen as an arrangement between two families, and are more concerned with procreation and redistribution of wealth. Although the women are – according to the literature – not homosexual in orientation, there must be mutual affection in order for the marriage to be a success – as we have seen above, the two women in the customary court in Mamone were asked whether they still loved each other. Indeed, the main similarity between the two institutions is merely that they happen to concern same-sex marriages.

But there is another parallel between the two: the partners would find, in the official recognition of their marriage, a degree of security and of socio-economic benefit for the spouses as well as for their children, which they would not have enjoyed otherwise. As Mosikatsana "The definitional exclusion of gays and lesbians from family status" 1996 *SAJHR* 549 556 states,

> "marriage is the source of socio-economic benefits, such as the right to: inheritance, medical insurance coverage, adopt jointly, bring a wrongful death action, the benefit of spousal privilege, bereavement leave, spousal tax advantages and post-divorce rights such as the award of child custody and access as well as spousal and child support payments".

Although the aim might be the same, it appears that the plea for recognition of the two institutions must be based on different legal rationales. Authors who argue that homosexual marriages should be recognised do so by invoking section 9(3) of the Constitution (in particular, the prohibition against discrimination on the basis of sexual orientation), and the right to privacy entrenched in section 14 of the Constitution. These rights, they argue, are not limited by section 36 of the Constitution and should therefore be respected. A constitutional defence of the recognition of customary marriages would rest on the fact that woman-marriages are a cultural practice. Section 9(3) also prohibits discrimination on the basis of culture. In addition, section 31 provides that people belonging to a cultural community may not be denied the right, with other members of that community, to enjoy their culture. Here the limitation is included in section 31(2): this right may not be exercised in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights. In addition, section 211(3) of the Constitution states that the courts must apply customary law where that law is applicable. This provides another constitutional basis for the recognition of woman-marriages.

6 Conclusion

In 1974 Eileen Krige concluded an article on woman-marriages by saying:

> "What comes out clearly from this study is that woman-marriage is no aberrant, quaint custom. Nor has it any sexual connotation for the two women concerned. It forms an essential part of, and is closely integrated with, the whole social system in which it is found. It can serve a great diversity of purposes, has shown itself to be flexible in the modern situation and bears testimony to a conception of marriage among the people who practise it that is far wider, more comprehensive, less bound up with the sexual needs of the individual partners than in Western society" ("Woman-marriage, with special reference to the Lovedu – Its significance for the definition of marriage" 1974 *Africa* 11 34–35).

Just like a quarter of a century ago, woman-marriages are not an "aberrant, quaint custom" today. This raises the question why – in spite of the extensive stakeholder consultation by the Law Commission and the reasonable amount of literature on the subject – the topic was not explicitly dealt with in or even discussed before the adoption of the Recognition of Customary Marriages Act.

An important reason lies in the way in which customary law is established. While the ideals behind the recognition of customary law in post-apartheid South Africa may be light years away from before (sc attaining equality between cultures instead of emphasising their differences), the method of determining what practices are cultural is still very much the same. Judges and legal researchers rely strongly on textbooks about customary law, which in turn are often largely written on the basis of case law. But the case law reflects only certain aspects of customary law as "the customs and usages traditionally observed among the indigenous African peoples of South Africa and which form part of the culture of those peoples" (s 1 of Act 120 of 1998). And, as Holleman has taught, in the study of customary law one should consider problem-free cases as well as problematical ones (Holleman "Troublecases and trouble-less cases in the study of customary law and the legal system" 1973 *Law and Society Review* 585–609). In addition, much case law dates from a time when customary practices were squeezed into the legal straitjacket of the common-law system, and institutions which were alien to that dominant system – such as woman-marriages – were either disposed of on the basis of the repugnancy clause or never reached the courts at all.

Die bevoegdheid van die Suid-Afrikaanse President om 'n wetsontwerp terug te stuur, kom nie soos in die VSA op 'n algemene veto neer nie, omdat sy oordeel net tot die grondwetlikheid van die wetsontwerp beperk is. Wat wel verander het in vergelyking met die vorige posisie in Suid-Afrika, is dat die President se terugverwysingsbevoegdheid nie beperk is tot prosessuele tekortkominge nie. Hy kan 'n wetsontwerp ook terugverwys op grond daarvan dat dit inhoudelik met die Grondwet onbestaanbaar is. Dit is wat in die onderhawige geval gebeur het. Dit is 'n vraag of die President 'n wetsontwerp effektief kan kelder deur die bekragtiging daarvan bloot te vertraag. Artikel 237 van die Grondwet bepaal dat alle grondwetlike verpligtinge getrou en sonder versuim

nagekom moet word, waaruit afgelei kan word dat hy 'n wetsontwerp nie op 'n onredelike wyse sal kan vertraag sonder om in botsing met artikel 237 te kom nie. Of die vertraging onredelik is, sal van die omstandighede van elke geval afhang. (In die onderhawige geval is 'n vertraging van meer as tien weke (sien hierbo) klaarblyklik deur geen betrokkene as onredelik beskou nie, maar in die geval van dringende wetgewing sou dit waarskynlik 'n perd van 'n ander kleur gewees het.)

Uniek egter is die bevoegdheid van die President om, indien hy nie met die Parlement se reaksie vrede het nie, die wetsontwerp vir 'n beslissing na die Konstitusionele Hof te verwys. In Duitsland en Oostenryk moet die staatshoof die grondwetlikheid van 'n wetsontwerp wat aan hom voorgelê word, verifieer, maar dit word nie vertolk as 'n substantiewe bevoegdheid nie en in Ierland kan die staatshoof 'n wetsontwerp vir 'n maksimum van 60 dae terughou in afwagting van 'n opinie van die hooggeregshof aangaande die grondwetlikheid daarvan (Malherbe (1991) 511). Die Indiese President kan die hooggeregshof vir 'n opinie oor 'n wetsontwerp nader (a 143 van die Grondwet) en in Kanada kan die hooggeregshof ook adviserende opinies oor konsepwetgewing gee (Hogg *Constitutional law of Canada* (1992) 216). In Frankryk mag geen "organiese" wet (wette oor sekere grondwetlike instellings en finansies) gepromulgeer word alvorens die *Conseil constitutionnel* 'n bevinding aangaande die grondwetlikheid daarvan gemaak het nie (a 46, 61 en 62 van die Franse Grondwet). Dit is egter 'n verpligte prosedure ten opsigte van 'n reeds aangenome en bekragtigde wet en die Franse President het geen diskresie in daardie verband nie.

Die Suid-Afrikaanse President se terugverwysingsbevoegdheid is 'n betekenisvolle illustrasie van sy betrokkenheid by die nasionale wetgewende proses, van sy verantwoordelikheid as staatshoof en van sy verpligting om die Grondwet te gehoorsaam, eerbiedig, onderhou en handhaaf (sien die ampseed in Bylae 2 van die Grondwet). Deur die terugverwysing van die Drankwetsontwerp het die President die sinvolheid van dié bevoegdheid as 'n effektiewe kontrolemaatreël in 'n demokratiese stelsel onderstreep.

1 2 Die hof se vertolking van artikel 79

Volgens die Konstitusionele Hof moes drie verbandhoudende vrae beantwoord word by die toepassing van artikel 79 (par 11): (1) Moet die hof slegs die President se voorbehoude beoordeel, of moet daar wyer gekyk word? (2) Moet die hof na elke bepaling ondersoek instel ten einde te kan beslis of die wetsontwerp in sy geheel grondwetlik is? (3) Skakel die hof se beslissing oor die grondwetlikheid van die wetsontwerp latere geregtelike hersiening van die wetsontwerp uit? In die beantwoording van die eerste vraag wys die hof daarop dat artikel 79 vereis dat die President sy voorbehoude duidelik aan die Parlement moet uiteensit en dat hy slegs 'n wetsontwerp na die hof kan verwys indien die Parlement sy voorbehoude nie volledig geakkommodeer het nie. Daaruit kan afgelei word dat die President 'n wetsontwerp slegs *met betrekking tot sy voorbehoude* na die hof kan verwys vir 'n beslissing aangaande die grondwetlikheid daarvan *en* dat die hof derhalwe deur artikel 79 gemagtig word om 'n beslissing te gee slegs ten opsigte van die President se voorbehoude (par 14). Daaruit volg tweedens dat die hof se funksie nie is om finaal te beslis of 'n wetsontwerp in sy geheel met die Grondwet strook nie. Die funksie van die hof ingevolge artikel 79 staan gevolglik in teenstelling met die sertifiseringsfunksie wat die hof ten opsigte van die Grondwet verrig het (par 16). Derdens skakel 'n beslissing van die hof ingevolge artikel 79 nie latere geregtelike hersiening van die wet uit nie, behalwe ten

opsigte van daardie aspekte waaroor die hof in verband met die President se voorbehoude 'n beslissing gegee het (par 20). Laastens wys die hof daarop dat artikel 79 'n proses veronderstel waarby die Parlement 'n aktiewe deelnemer is en dat dit daarom gepas is dat die hof die politieke partye in die Parlement en enige ander belanghebbende die geleentheid bied om voorleggings oor die aangeleentheid aan die hof te maak.

2 Die beslissing

2 1 Die gesagsverdeling in die Grondwet

Die beslissing het hoofsaaklik betrekking op die grondwetlike verdeling van bevoegdhede tussen die nasionale en provinsiale sfere van regering. Hierdie gesagsverdeling bly een van die vernaamste bronne van grondwetlike geskille tussen owerheidsorgane en ten spyte van die voorskrif in artikel 42(3) van die Grondwet dat regerings alle ander middele moet uitput voordat hulle 'n hof nader om die geskil te besleg, word hierdie geskille gereeld tot in die howe gevoer. (Sien die pleidooi van Van Wyk "Subsidiarity – in South Africa?" in Konrad Adenauer-Stiftung *Seminar report: Constitution and law III* (1999) 53 55 dat die howe meer moeite behoort te doen om toe te sien dat die partye in so 'n geskil ander remedies uitput voordat hulle 'n hof nader.) Die gesagsverdeling tussen die nasionale en provinsiale regeringsfere, wat betref hulle wetgewende bevoegdhede, kan soos volg opgesom word (sien die volledige bespreking deur Rautenbach en Malherbe (1999) 278 ev en Chaskalson en Klaaren "Provincial government" en Klaaren "Federalism" in Chaskalson, Kentridge, Klaaren, Marcus, Spitz en Woolman *Constitutional law of South Africa* (1999) 4–1 ev; 5–1 ev):

(a) Die Parlement het wetgewende gesag oor enige aangeleentheid, insluitende die konkurrente funksionele terreine wat in Bylae 4 van die Grondwet genoem word waaroor die Parlement en die provinsies wetgewende gesag deel, maar met die uitsluiting van die funksionele terreine in Bylae 5 waaroor die provinsies eksklusiewe wetgewende gesag het (a 4(1)(a)(ii)).

(b) Die Parlement kan deur middel van wetgewing in 'n eksklusiewe funksionele terrein van die provinsies ingryp wanneer dit nodig is om nasionale veiligheid, ekonomiese eenheid of noodsaaklike nasionale standaarde te handhaaf, minimum standaarde vir die lewering van dienste te bepaal, of onredelike optrede deur 'n provinsie wat nadelig is vir die belange van 'n ander provinsie of die land as geheel, te voorkom (a 44(2)).

(c) Die provinsies het eksklusiewe wetgewende gesag oor die funksionele terreine in Bylae 5 genoem en het konkurrente wetgewende gesag saam met die Parlement oor die funksionele terreine in Bylae 4 genoem (a 104(1)(b)(i) en (ii)). 'n Provinsiale wetgewer het ook eksklusiewe bevoegdheid om 'n grondwet vir daardie provinsie aan te neem wat ten opsigte van wetgewende en uitvoerende strukture en prosedures mag afwyk van die bepalings daaroor in die Grondwet (sien *In re: Certification of the Constitution of the Western Cape, 1997* 1997 9 BCLR 1167 (KH), 1997 4 SA 795 (KH); *Premier of the Province of the Western Cape v Electoral Commission* 1999 11 BCLR 1209 (KH)).

(d) Indien nasionale en provinsiale wetgewing oor 'n konkurrente aangeleentheid bots, geniet die nasionale wetgewing wat eenvormig in die hele land geld, voorrang bo die provinsiale wetgewing indien dit aan enige van die volgende voorwaardes voldoen (a 146):

(i) Indien die nasionale wetgewing handel oor 'n saak wat nie doeltreffend deur die provinsies afsonderlik gereël kan word nie.

(ii) Indien die nasionale wetgewing handel oor 'n saak wat ter wille van die doeltreffende regulering daarvan eenvormigheid dwarsdeur die land vereis en die nasionale wetgewing sodanige eenvormigheid voorsien deur norme en standaarde, raamwerke of nasionale beleid te bepaal.

(iii) Die nasionale wetgewing nodig is vir die handhawing van nasionale veiligheid of ekonomiese eenheid, die beskerming van die gemeenskaplike mark ten opsigte van die beweeglikheid van goedere, dienste, kapitaal en arbeid, die bevordering van ekonomiese bedrywighede oor provinsiale grense heen, die bevordering van gelyke geleenthede of gelyke toegang tot regeringsdienste, of die beskerming van die omgewing.

(iv) Nasionale wetgewing geniet ook voorrang indien dit gemik is op die voorkoming van onredelike optrede deur 'n provinsie wat nadelig is vir die ekonomiese, gesondheids- of veiligheidsbelange van 'n ander provinsie of die land as geheel, of die uitvoering van nasionale ekonomiese beleid belemmer. Die voorwaarde dat die nasionale wetgewing eenvormig in die land as geheel moet geld, is nie hier van toepassing nie (Rautenbach en Malherbe (1999) 283).

(e) Artikel 146 tot 149 bevat verskeie bepalings waarin voorrang in die geval van botsings tussen nasionale en provinsiale wetgewing verder gereël word. Dit is veral belangrik om daarop te let dat artikel 146 nie beperkings plaas op die uitoefening van die Parlement en die provinsies se wetgewende gesag nie en dat hulle ongehinderd kan voortgaan om wette oor die konkurrente funksionele terreine aan te neem. Artikel 146 kom slegs ter sprake wanneer 'n botsing voorkom (Rautenbach en Malherbe (1999) 283). 'n Tweede opmerking is dat 'n hofbeslissing dat een wet voorrang bo 'n ander geniet nie laasgenoemde wet ongeldig maak nie. Die wet, of liewer, die betrokke wetsbepaling, het egter geen uitwerking solank die botsing voortduur nie. Dit bly van krag en van toepassing ten opsigte van daardie gedeeltes waaroor geen botsing bestaan nie en sodra die botsing uit die weg geruim is, herleef die wet (sien bv *Papachristoforou v MEC for Finance and Economic Affairs, North West Province* 1998 10 BCLR 1237 (B) en sien die bespreking deur Rautenbach en Malherbe (1999) 285–286).

(f) Die gesagsverdeling tussen die nasionale en provinsiale regeringsfere moet beoordeel word binne die raamwerk van die beginsel van samewerkende regering soos uiteengesit in Hoofstuk 3 van die Grondwet. Die samewerking in goeie trou en die wedersydse ondersteuning wat van elke sfeer vereis word, die grondwetlike verpligting om hulleself geen funksies of bevoegdhede toe te eien behalwe dié wat in die Grondwet aan hulle opgedra word nie, die verpligting om die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in 'n ander sfeer te eerbiedig en nie inbreuk daarop te maak nie, en die verpligting om in geskille alle ander middele uit te put voordat hulle die howe nader (a 41(1) en (3)), is voorskrifte wat 'n belangrike invloed op die grondwetlike gesagsverdeling in Suid-Afrika behoort uit te oefen. (Sien die kommentaar in par 2 6 hieronder.)

Die voorgaande is die grondwetlike raamwerk waarbinne die onderhawige beslissing beoordeel moet word. Die bevoegdheid van die Parlement in artikel 44(2) om in bepaalde omskrewe omstandighede wetgewing oor eksklusiewe provinsiale funksionele terreine aan te neem (par (b) hierbo), is veral van belang in hierdie beslissing. Let daarop dat die beslissing dus betrekking het op die toepassing van artikel 44(2) en nie artikel 146 nie, hoewel die vraag na die *nodigheid* van wetgewing in die twee bepalings in beginsel waarskynlik nie verskillende vrae is nie. Soos aangetoon, is die uitwerking van die twee bepalings egter verskillend: In geval van artikel 146 word een wet ondergeskik gestel aan 'n ander sonder om dit ongeldig te verklaar. In geval van artikel 44(2) is die vraag of die Parlement *ultra vires* opgetree het, al dan nie, wat ongeldigheid van die wetgewing tot gevolg kan hê.

2 2 Die President se voorbehoude

Die President se voorbehoude oor die grondwetlikheid van die Drankwetsontwerp is gebaseer op die feit dat dranklisensies ingevolge Bylae 5 van die Grondwet 'n funksionele terrein is wat onder die eksklusiewe wetgewende bevoegdheid van die provinsies ressorteer en dat die President nie met sekerheid kon bepaal of die Drankwetsontwerp deur die Parlement se ingrypingsmagte ingevolge artikel 44(2) geregverdig word nie. Die President verklaar onder meer (par 21):

> "If the legislation is not so necessary then Parliament may not enact legislation dealing with matters falling within a functional area listed in Schedule 5. The question as to whether this legislation is 'necessary' within the meaning of this section and for the purpose set out in section 44(2)(b)–(e) is a question I am unable to answer with certainty even though I am satisfied that the purposes the legislation seeks to achieve are commendable. Whether the particular requirements set out in section 44(2) have been met has proved difficult to determine relying as they do on an assessment of legal, factual and policy considerations and in respect of which there are no constitutional or jurisprudential guidelines. . . . The implementation of this legislation without a clear indication of its constitutionality may be chaotic and could lead, not only to a legislative vacuum if the framework should be set aside, but also to uncertainty in respect of any actions already undertaken thereunder including any registrations duly granted."

Die President se worsteling met die nodigheid van die wetgewing is die presiese oorweging op grond waarvan die Amerikaanse *Supreme Court* in die jongste verlede huiwerig was om in jurisdiksiegeskille tussen die federale en deelstaatregerings betrokke te raak en dit eerder te beskou as 'n kwessie wat deur die politieke proses, spesifiek in die Kongres, waar die deelstate verteenwoordig is, uitgesorteer behoort te word (*Garcia v San Antonio Metropolitan Transit Authority* (1985) 469 US 528 – sien die skerp reaksie wat daar op die beslissing was waarna in Rautenbach en Malherbe (1999) 280 vn 87 verwys word). Die Konstitusionele Hof het in die onderhawige uitspraak nie dieselfde huiwering geopenbaar nie, maar dit is 'n vraag of die hof die nodigheid van die wetgewing volledig deurgetrap het (sien par 2 5 en 2 6 hieronder).

2 3 Die prosessuele vraag

Aangesien wetgewing ongrondwetlik kan wees indien dit volgens 'n ander prosedure aangeneem is as dié wat daarvoor in die Grondwet voorgeskryf word (Rautenbach en Malherbe (1999) 173), het die hof verplig gevoel om eers die bewering van die Wes-Kaapse regering in hierdie verband te oorweeg voordat dit die President se voorbehoude kon ondersoek. Daarmee het die hof inderdaad wyer as net na die President se voorbehoude ondersoek ingestel, maar, verklaar

die hof, "we are prepared to assume that the issue is relevant to those reservations" (par 23). Ingevolge die Grondwet word wetsontwerpe wat die provinsies raak volgens die prosedure voorgeskryf in artikel 76 oorweeg, terwyl wetsontwerpe wat nie die provinsies raak nie, volgens die prosedure voorgeskryf in artikel 75 oorweeg word. Aangesien die Minister van Justisie aangevoer het dat die wetgewing binne die nasionale bevoegdheidsfeer van die Parlement val en dat die mate waarin dit ook met dranklisensies handel bloot insidenteel is tot die hoofoogmerke van die wetgewing, was die Wes-Kaapse regering se standpunt dat as die wetgewing nie ingevolge artikel 44(2) oor 'n eksklusiewe funksionele terrein van die provinsies handel nie, dit ongeldig is omdat dit volgens die artikel 76-prosedure aangeneem is asof dit die provinsies raak.

Die hof wys daarop dat die verskille tussen die artikel 75- en 76-prosedures hoofsaaklik wentel rondom die sterker invloed van die Nasionale Raad van Provinsies in die geval van wetgewing wat die provinsies raak (die a 76-prosedure). Indien die Raad in sulke gevalle 'n wetsontwerp afkeur, moet die Bemiddelingskomitee (a 78) aangestel word om die geskil tussen die huise te besleg. Indien die Raad steeds nie instem nie, kan die wetgewing slegs deurgevoer word indien die Nasionale Vergadering dit met 'n tweederdemeerderheid weer aanneem. 'n Ander verskil is dat in die geval van die artikel 76-prosedure die Raad per provinsie stem en dat minstens vyf provinsies die wetgewing moet steun (a 65(1)). Die Hof verklaar tersyde dat dit uiters formalisties sou wees om in die onderhawige geval die wetsontwerp ongrondwetlik te verklaar op grond daarvan dat dit *bona fide* volgens die artikel 76-prosedure aangeneem is wat juis aan die provinsies in die Raad groter seggenskap daaroor gee en dit sodoende vir die Nasionale Vergadering moeiliker maak om die wetgewing deur te voer (par 26). Die basis waarop die hof die Wes-Kaap standpunt verwerp, is egter artikel 76(3) wat bepaal dat wetgewing oor die konkurrente aangeleenthede in Bylae 4 volgens die artikel 76-prosedure oorweeg moet word. Volgens die hof kan dit beswaarlik betwyfel word dat 'n groot aantal bepalings van die wetsontwerp binne die konkurrente bevoegdheidsterreine van die nasionale en provinsiale regerings val soos dit in Bylae 4 uiteengesit word, spesifiek ten opsigte van handel en nywerheidsbevordering, dat die wetsontwerp dus inderdaad volgens die artikel 76-prosedure aangeneem moes gewees het en dat die Wes-Kaap standpunt dus geen meriete het nie (par 28–29).

Die hof se standpunt in hierdie verband kan sonder meer aanvaar word. Alle gewone wetgewing wat die provinsies raak, moet volgens die artikel 76-prosedure oorweeg word. Dit geld nie net wetgewing oor die konkurrente aangeleenthede in Bylae 4 nie, maar juis ook wetgewing wat ingevolge artikel 44(2) aangeneem word ter ingryping in 'n eksklusiewe provinsiale aangeleentheid in Bylae 5. Sowel artikel 76(4) as artikel 44(2) bepaal dit uitdruklik.

2 4 Ingryping ingevolge artikel 44(2)

Artikel 44(2) spruit uit en stem inderdaad grootliks ooreen met grondwetlike beginsel XXI.2 waarin die nodigheid van die nasionale regering se ingryping in provinsiale aangeleenthede in bepaalde omstandighede erken is. Die beginsel het verwys na ingryping deur middel van "wetgewing of die ander stappe wat in die Grondwet omskryf mag word". Dienooreenkomstig maak artikel 44(2) voorsiening vir ingryping deur middel van wetgewing, terwyl artikel 100 voorsiening maak vir ingryping deur die uitvoerende gesag.

In die Sertifiseringsuitspraak (1996 10 BCLR 1253 (KH), 1996 4 SA 744 (KH)) moes die Konstitusionele Hof beslis of hierdie bepalings met grondwetlike

beginsel XXI.2 strook. Daar is naamlik deur die beswaarmakers aangevoer dat die nasionale regering se ingrypingsbevoegdheid nie van toepassing is op die eksklusiewe provinsiale aangeleenthede in Bylae 5 nie en net betrekking het op die konkurrente funksionele terreine in Bylae 4. Die hof het tereg daarop gewys dat die Parlement in elk geval bevoeg is om wette ten opsigte van die konkurrente aangeleenthede aan te neem en nie verdere magtiging daarvoor nodig het nie. Gevolglik moet grondwetlike beginsel XXI.2 noodwendig betrekking hê op die eksklusiewe provinsiale aangeleenthede (par 255). Die hof maak egter twee belangrike bykomende opmerkings (par 264 en 266, onderskeidelik):

(a) Ingryping ingevolge artikels 44(2) en 100 moet uitgeoefen word onderworpe aan die beginsel van samewerkende regering en spesifiek die voorskrifte in artikel 41(1)(e), (f) en (g). Volgens hierdie paragrawe moet regerings in elke sfeer:

> "(e) die grondwetlike status, instellings, bevoegdhede en funksies van regering in die ander sfere eerbiedig;
>
> (f) hulself geen bevoegdheid of funksies toe-eien behalwe dié wat ingevolge die Grondwet aan hulle opgedra is nie;
>
> (b) hul bevoegdhede uitoefen en hul funksies verrig op 'n wyse wat nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in 'n ander sfeer nie."

(c) Spesifiek ten aansien van die ingrypingsmagte van die Parlement ingevolge artikel 44(2) (maar daar is geen rede waarom die opmerking nie ook van toepassing moet wees op die nasionale uitvoerende gesag se ingrypingsmag ingevolge a 100 nie), verklaar die hof:

> "This power of intervention is defined and limited. Outside that limit the exclusive provincial power remains intact and beyond the legislative competence of Parliament. If regard is had to the nature of the NT [new text] sch 5 powers and the requirements of NT 44(2), the occasion for intervention by Parliament is likely to be limited."

Die hof het met hierdie opmerking waardevolle riglyne neergelê vir die toepassing van artikel 44(2). Selfs, en dalk veral, as die Parlement (of die nasionale uitvoerende gesag ingevolge a 100) ingryp in eksklusiewe provinsiale aangeleenthede, moet die beginsels van samewerkende regering eerstens getrou gevolg en toegepas word. Daar moet dus onder meer uitdruklik nagegaan word of die nasionale regering deur sy wetgewende of uitvoerende optrede steeds die status, instellings, bevoegdhede en funksies van die provinsies eerbiedig, of die nasionale regering sigself dalk bevoegdhede of funksies toe-eien wat nie ingevolge die Grondwet daaraan opgedra is nie, en of die nasionale regering dalk in die proses die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van die provinsies aantas. Tweedens moet telkens by die uitoefening van die ingrypingsmagte bepaal word of dit so 'n beperkte geval is soos die hof dit in die Sertifiseringsuitspraak in die vooruitsig gestel het. In laasgenoemde verband verklaar Rautenbach en Malherbe (1999) 299:

> "Die bevoegdhede van die nasionale regering om in provinsiale sake in te gryp, kom verreikend voor, maar is streng omskryf en klaarblyklik bedoel om slegs in uitsonderlike omstandighede uitgeoefen te word."

Hierdie maatstaf kan nie swaarder weeg as die nodigheidstoets in artikel 44(2) self nie, maar skep moontlik minstens 'n drempeltoets wat 'n verpligting op die nasionale regering plaas om twee keer te dink voordat dit die ingrypingsmagte van artikel 44(2) aanwend.

Hieronder word nagegaan of die hof in die onderhawige uitspraak sy eie riglyne nougeset genoeg toegepas het.

2 5 Ontleding van die Drankwetsontwerp

Die hof skets die agtergrond en wetgewende geskiedenis van die wetsontwerp (par 30–32) en toon daarop aan dat die wetsontwerp eerstens die dranknywerheid in drie vlakke verdeel, naamlik die vervaardiging (produksie), verspreiding en kleinhandelverkope van drank. Tweedens verdeel die wetsontwerp die verantwoordelikheid vir die dranknywerheid deur die vervaardiging en verspreiding van drank as nasionale kwessies en kleinhandelverkope as 'n provinsiale kwessie te beskou (par 35–36). Na aanleiding van hierdie indeling plaas die wetsontwerp 'n verpligting op die provinsies om wetgewing aan te neem vir die daarstelling van provinsiale beheer- en appèlliggame. Die registrasie van vervaardigers en verspreiders word ingevolge die wetsontwerp op 'n nasionale basis gereguleer, terwyl dit aan die provinsies opgedra word om aansoeke vir kleinhandelregistrasie te oorweeg.

Volgens die Wes-Kaapse regering is die wetsontwerp ongrondwetlik, eerstens omdat dit die provinsies enige betrokkenheid by die lisensiëring van vervaardigers en verspreiders van drank ontneem en, tweedens, op grond van die mate waarin die wetsontwerp nasionale inmenging toelaat in die provinsies se bevoegdheid om kleinhandellisensiëring te reguleer. Dit is 'n aantasting van die provinsies se eksklusiewe wetgewende bevoegdheid ten aansien van dranklisensies (par 37–38).

Die gewilligheid van die hof om die aangeleentheid in diepte te ondersoek en dit nie bloot as 'n politieke kwessie wat in ander fora beslis moet word, af te maak nie (sien weer die enkele verwysing na beleidsoorwegings in die President se verklaring aangehaal in par 2 2 hierbo), blyk uit die volgende stelling (par 40):

> "The terms of the President's referral, and the conflicting contentions of the Province and of the Minister, require this Court to consider the ambit of national and provincial powers conferred by the Constitution and their interrelation where, as here, the national legislature is said to encroach on an exclusive provincial competence. That requires a determination of the scope of the exclusive provincial legislative competence within the functional area of 'liquor licences', which in turn requires consideration of the national and provincial context against which that exclusive competence is afforded. Whether the Bill, or parts of it, should properly be characterised as a liquor licensing measure must also be considered."

Die hof skets vervolgens ook die grondwetlike raamwerk waarbinne die wetsontwerp beoordeel moet word, onder meer met verwysing na die beginsel van samewerkende regering vervat in Hoofstuk 3 van die Grondwet. Die hof wys op enkele belangrike aspekte:

(a) Wat betref die wetgewende bevoegdhede van die nasionale en provinsiale regerings wys die hof op die potensiaal wat bestaan vir oorvleueling tussen die eksklusiewe provinsiale funksionele terreine in Bylae 5 en die konkurrente funksionele terreine in Bylae 4. As voorbeelde noem die hof (eerstens uit Bylae 4 en tweedens uit Bylae 5) handel en dranklisensies; omgewing en provinsiale beplanning; kultuur-aangeleenthede en provinsiale kultuur-aangeleenthede, asook biblioteke, behalwe nasionale biblioteke; en reëling van padverkeer en provinsiale paaie en verkeer (par 48). 'n Mens sou daarby kon voeg streeksbeplanning en provinsiale beplanning; en dierebeheer- en siektes en veeartsenykundige dienste. (Daarmee word boonop nog glad nie verwys na die oorvleueling wat kan plaasvind tussen funksionele

terreine wat nie in die Bylaes genoem word nie (en dus onder die eksklusiewe gesag van die Parlement val), aan die een kant, en die funksionele terreine wat wel in die Bylaes genoem word, aan die ander kant.)

(b) In geval van konflik tussen provinsiale en nasionale wetgewing oor konkurrente funksionele terreine, geld die bepalings van artikel 146. In geval van konflik tussen provinsiale en nasionale wetgewing oor eksklusiewe funksionele terreine, geld artikel 147(2), wat bepaal dat nasionale wetgewing wat ingevolge artikel 44(2) aangeneem is, voorrang geniet. (Die hof herinner ons nietemin aan die Sertifiseringsuitspraak waarin verklaar is (sien par 2 4 hierbo) dat die Parlement se ingrypingsmagte ingevolge a 44(2) waarskynlik slegs in beperkte gevalle uitgeoefen sal word (1996 10 BCLR 1253 (KH), 1996 4 SA 744 (KH) par 257).) Die punt is egter volgens die hof dat die provinsies se Bylae 4- en Bylae 5-bevoegdhede duidelik van mekaar onderskei moet word (par 51). Die hof verklaar dan ook later:

> "But the exclusive provincial competence to legislate in respect of 'liquor licences' must also be given meaningful content, and . . . the constitutional scheme requires that this be done by defining its ambit in a way that leaves it ordinarily distinct and separate from the potentially overlapping concurrent competences set out in Schedule 4" (par 56).

Dit is onduidelik waarom die hof soveel moeite met hierdie onderskeid doen nadat dit aangetoon het watter oorvleueling kan ontstaan *en* voordat dit later in besonderhede verduidelik waarom die skeiding tussen die Bylae 4- en Bylae 5-aangeleenthede nooit absoluut kan wees nie (par 6 2 – sien hieronder).

(c) Volgens die hof is dit betekenisvol dat artikel 104(1)(b) bepaal dat 'n provinsie slegs vir daardie provinsie wette mag maak, dit wil sê intra-provinsiaal. Dit is juis die grondslag vir nasionale voorrang wanneer 'n aangeleentheid inter-provinsiaal, of dan nasionaal, gereguleer moet word – ongeag of dit oor 'n konkurrente of eksklusiewe saak handel. Daaruit volg dat insoverre die provinsies eksklusiewe wetgewende bevoegdheid het, dit slegs betrekking het op aangeleenthede wat intra-provinsiaal gereël kan word (par 52–53).

Teen hierdie agtergrond, en ook in die lig daarvan dat handel en nywerheidsbevordering konkurrente funksionele terreine is, poog die hof vervolgens in breedvoerige terme om betekenis aan die funksionele gebied "dranklisensies" te gee. Anders as wat die Wes-Kaap aanvoer, moet die begrip beperkend uitgelê word. Bylae 5 verwys nie na drank in die algemeen, of na die drankhandel of die drankbedryf nie, maar net na dranklisensies. Die struktuur van die Grondwet dui daarop dat die nasionale regering die gesag het om die drankhandel in alle opsigte, behalwe ten opsigte van dranklisensies, te reguleer (par 59). Die hof verduidelik weer dat daar oorvleueling tussen die Bylae 4- en Bylae 5-aangeleenthede kan wees en dat die hof verplig is om vas te stel binne watter bevoegdheidsfeer die substansie van wetgewing val, of te wel wat die karakter van die wetgewing is. Dit is naamlik goed moontlik dat 'n bepaalde wet binne meer as een bevoegdheidsfeer kan val (par 63). Dit is 'n redelik voor die hand liggende gevolgtrekking, maar bevestig nietemin die hof se bereidwilligheid om wetgewing in besonderhede te ontleed ten einde 'n jurisdiksiegeskil te besleg.

Die argument lei die hof uiteindelik tot die vraag of die Drankwetsontwerp binne die bevoegdheidsfeer van die Parlement of binne die eksklusiewe sfeer van dranklisensies val (par 65 en 69). Ná 'n ontleding van die bepalings daarvan kom die hof tot die gevolgtrekking dat die wetsontwerp drie oogmerke nastreef:

(a) 'n verbod op oorkruisbeheer tussen die vlakke van produksie, verspreiding en kleinhandelverkope van drank; (b) die daarstelling van 'n eenvormige nasionale stelsel vir die registrasie van vervaardigers en verspreiders van drank; en (c) detail voorskrifte aan provinsiale wetgewers vir die daarstelling van meganismes vir die kleinhandel-lisensiëring van drank (par 70).

2 6 Bevinding

Wat (a) betref, oordeel die hof dat die verbod binne die Parlement se bevoegdheid val om handel te reguleer, maar dat die meganisme wat die wetgewer daarvoor gekies het, naamlik nasionale registrasie, op lisensiëring van drank neerkom. Voordat aaanvaar kan word dat die meganisme binne die Parlement se bevoegdheid val, moet die nasionale regering kan aantoon dat die meganisme "nodig" is soos vereis in artikel 44(2) van die Grondwet, óf dat dit ingevolge artikel 44(3) insidenteel is tot die doeltreffende uitoefening van 'n Bylae 4-bevoegdheid (par 71). (Lg moontlikheid is deur geen party geopper nie en die hof spreek sigself ook nie verder daaroor uit nie – sien par 82.) Ten opsigte van (b) aanvaar die hof dat die produksie en verspreiding van drank duidelik 'n nasionale en selfs internasionale dimensie het. Daarom het die begrip "dranklisensies" soos bedoel in Bylae 5 net betrekking op die kleinhandel en nie op die produksie en verspreiding van drank nie. Dranklisensies in Bylae 5 beteken dus intra-provinsiale dranklisensies (par 75). Die hof gaan verder en verklaar dat selfs indien dranklisensies die lisensiëring van produksie en verspreiding insluit, die nasionale regering daarin geslaag het om aan te toon dat die lisensiëring daarvan vanaf nasionale vlak nodig is vir die handhawing van ekonomiese eenheid soos vereis in artikel 44(2). Die hof motiveer soos volg (par 76):

> "In the context of trade, economic unity must in my view therefore mean the oneness, as opposed to the fragmentation, of the national economy with regard to the regulation of inter-provincial, as opposed to intra-provincial, trade. In that context it seems to follow that economic unity must contemplate at least the power to require a single regulatory system for the conduct of trades which are conducted at a national (as opposed to an intra-provincial) level."

Die hof aanvaar derhalwe die Minister se verduideliking waarom nasionale regulering van lisensiëring in die geval van die produksie en verspreiding van drank nodig is vir die doeleindes van artikel 44(2). In geval van die lisensiëring van kleinhandelverkope geld egter ander oorwegings. Die voorskrifte in die wetsontwerp hieroor slaag nie die toets van artikel 44(2) nie. Die Minister voer aan dat 'n eenvormige benadering belangrik is, maar belangrikheid is nie dieselfde as noodsaaklikheid nie (par 81). Ten opsigte van die lisensiëring van kleinhandelverkope van drank kon die Minister nie daarin slaag om te bewys dat die Parlement die wetsontwerp binne sy bevoegdhede aangeneem het nie en verklaar die hof die Drankwetsontwerp ongrondwetlik. Op dieselfde basis verklaar die hof die bepalings van die wetsontwerp oor mikro-vervaardigers en vervaardigers van sorghumbier ongrondwetlik (par 84).

Dit is waarskynlik nie moontlik om met oortuiging te argumenteer dat die hof tot 'n ander gevolgtrekking moes kom nie. Die hof het, soos vroeër aangevoer, nie weggeskram van die vraag of die wetgewing ingevolge artikel 44(2) nodig is nie en die moedige stap gedoen om die wetsontwerp inhoudelik te ontleed ten einde die vraag te beantwoord. Die leemte in die uitspraak is dat die hof nie die riglyne wat dit self in die Sertifiseringsuitspraak vir die toepassing van artikel 44(2) ontwikkel het (sien par 2 4 hierbo), uitdruklik toegepas het nie. Dit is nie onbelangrik nie. Die betrekkinge tussen die sfere van regering moet geskoei

word op die beginsel van samewerkende regering soos uiteengesit in hoofstuk 3 van die Grondwet (sien Rautenbach en Malherbe (1999) 294–299; sien ook die sterk standpunte van De Villiers "*Bundestreue*: the soul of an intergovernmenatal partnership" Konrad Adenauer-Stiftung *Occasional Papers* Maart 1995; Venter "Aspects of the South African Constitution of 1996: an African democratic and social federal *Rechtsstaat*?" in 1997 *Zeitschrift für ausländisches öffentliches Recht und Völkerrecht* 51 60–63).

Die verwysings in paragrawe 42 en 43 van die uitspraak na die raamwerk wat deur hoofstuk 3 geskep word, sonder om weer die wetsontwerp uitdruklik daaraan te toets, gee nie genoegsaam erkenning aan die beginsels en maatstawwe van hoofstuk 3 nie. Die toepassing van daardie maatstawwe kon verdere stawing aan die hof gebied het vir die bevindinge wat dit wel gemaak het. Die hof kon byvoorbeeld aangetoon het dat in die mate wat die wetsontwerp die produksie en verspreiding van drank reguleer, dit nie funksies vir die nasionale regering toeeien wat nie deur die Grondwet daaraan toegeken word nie en dat dit nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van die provinsies nie (a 44(1)(f) en (g)), maar dat vir sover die wetsontwerp die kleinhandellisensiëring van drank reguleer, dit inderdaad so inbreuk maak. Aangesien die hof in elk geval bereid was om die wetsontwerp inhoudelik te ontleed en te bevind dat die bepalings daarvan in verband met die lisensiëring van die vervaardiging en verspreiding van drank nodig is vir doeleindes van artikel 44(2), sou dit eweneens kon aantoon dat die wetsontwerp een van daardie beperkte gevalle verteenwoordig, soos deur die hof in die Sertifiseringsuitspraak bedoel, waarin ingryping ingevolge artikel 44(2) geregverdig is. Deur die versuim om die riglyne wat dit geskep het, uitdruklik toe te pas, het die hof 'n geleentheid laat verbygaan om die beginsel van samewerkende regering as rigsnoer vir die regulering van die verhouding tussen die sfere van regering verdere beslag te gee. Per slot van rekening is die beginsel, en veral die verpligting tot samewerking wat dit op die regeringsfere plaas, vierkantig van toepassing op die onderhawige geval waarin die hof self klem gelê het op die mate van oorvleueling wat tussen die onderskeie kategorieë funksionele terreine bestaan.

3 Samevatting

Samevattend kan verklaar word dat die uitspraak in die *Drankwetsontwerp*-saak die volgende ten aansien van grondwetlike gesagsverdeling bereik het:

(a) Die hof het die grondwetlike gesagsverdeling tussen die nasionale en provinsiale regeringsfere verder omlyn, spesifiek ten opsigte van die eksklusiewe provinsiale aangeleenthede en die nasionale regering se ingrypingsmagte ingevolge artikel 44(2). Die hof se waarskuwing aangaande die oorvleueling tussen die eksklusiewe en konkurrente funksionele terreine moet veral ter harte geneem word. Dit blyk in die onderhawige saak dat dranklisensies, 'n eksklusiewe provinsiale aangeleentheid, nie los gesien kan word nie van handel en nywerheidsbevordering, wat konkurrente aangeleenthede is. Dit blyk verder dat dranklisensies beperkend uitgelê moet word om net te verwys na kleinhandel-dranklisensies binne provinsies. Die uitspraak bring nie net groter helderheid oor hierdie spesifieke aangeleentheid nie, maar dui op die omsigtigheid en sensitiwiteit waarmee waarskynlik die meeste funksionele terreine in Bylaes 4 en 5 deur die verantwoordelike owerhede gereguleer behoort te word. Dit bied verdere regverdiging vir die noodsaaklikheid van samewerking tussen die regeringsfere ten einde effektiewe regering binne die raamwerk van die grondwetlike gesagsverdeling te verseker.

(b) Die groot mate van oorvleueling tussen die bevoegdhede van die verskillende sfere van regering ten opsigte van konkurrente aangeleenthede, wat reeds sedert die *National Education Policy Bill*-saak in 1995 duidelik geblyk het, is weer eens onderstreep. Wat nou bygekom het, is die oorvleueling wat tussen eksklusiewe en konkurrente aangeleenthede ook kan voorkom en die noodsaaklikheid dat ten opsigte van elke wet wat in geskil geplaas word, die karakter of hoofinhoud van die wet vasgestel moet word ten einde te bepaal binne welke gesagsveld die wet val, met die moontlikheid dat 'n wet onder meer as een gesagsveld kan ressorteer. Hierdie benadering herinner aan die benadering wat in federasies soos Kanada en Australië in soortgelyke geskille gevolg word (sien bv Hogg (1992) 377 ev, spesifiek 383–390, waar hy tov Kanada die kriteria behandel waarvolgens die sogenaamde "pith and substance" van 'n wet bepaal word; Hanks *Constitutional law in Australia* (1991) 218 ev).

(c) Die hof se versuim om meer pertinent op die beginsel en implikasies van samewerkende regering te let en die maatstawwe ten opsigte van samewerking en nie-inmenging wat in hoofstuk 3 uiteengesit word, uitdruklik toe te pas, het egter 'n gulde geleentheid laat verbygaan om jurisdiksiegeskille van hierdie aard binne die kader van samewerkende regering tuis te bring en die invloed van samewerkende regering op interowerheidsverhoudinge praktiese inhoud te help gee.

(d) Die hof het, wetend of onwetend, nie dieselfde huiwering as die Amerikaanse *Supreme Court* geopenbaar nie en het sonder meer voortgegaan om die onderhawige wetgewing inhoudelik te ontleed ten einde die nodigheid van die wetgewing te bepaal en sodoende die geskil te besleg. Die grondwetlike verhouding tussen die sfere van regering is nog nie naastenby met heldere sekerheid bepaal nie en daar lê nog 'n lang pad voor. Die hof se benadering in die Drankwetsontwerp-saak beloof in die algemeen egter voortgesette aktiewe optrede deur Suid-Afrikaanse howe om effektiewe gevolg te help gee aan die bepalings van die Grondwet en daardeur die gesagsverdeling tussen die regeringsfere konkrete inhoud te gee.

RASSIE MALHERBE
Randse Afrikaanse Universiteit

Reason – cold, calculating, unimpassioned reason – must furnish all the materials for our future support and defence. Let those materials be moulded into general intelligence, sound morality, and in particular, a reverence for the Constitution and laws . . . and as truly as has been said of the only greater institution, the gates of hell shall not prevail against it.

Abraham Lincoln (1837)

BOEKE

PERSONALITY RIGHTS AND FREEDOM OF EXPRESSION: THE MODERN *ACTIO INJURIARUM*

by JONATHAN BURCHELL

Juta Cape Town 1998 541 pp

Price R298,00

It is well-nigh impossible to do justice to this comprehensive work by Burchell in a review of this nature. Consequently the focus will be placed on certain specific aspects such as free speech theories, the discussion surrounding the strict liability of the press and other important issues surrounding the debate on free expression and the protection of personality rights.

The book is divided into three parts. In the first the author discusses freedom of expression in the context of comparative law, constitutional law and cyberspace. In the second part, which is the most substantial one, he discusses the law of defamation and the action for the impairment of dignity, and in the third part he deals with remedies such as an award for damages, the granting of an interdict and certain extra-legal options.

One must agree with Burchell where he says that the media should not be placed in a "substantially inferior position to that of an ordinary individual so far as the transfer of information and comment is concerned" (4). This would run counter to the dictates of free speech and the principles of equality and equal protection and benefit of the law. On the other hand, mass media should not be entitled to greater rights of communication than those enjoyed by the ordinary citizen, despite the role played by free expression in a democratic society. He does concede, however, that the acceptance of substantially equal freedom of expression for the media and the individual does not preclude the possibility of developing exceptions to the rules of disclosure applicable to the media. However, these exceptions should be clearly defined and also subject to reasonable limits (6).

In discussing the traditional justifications for freedom of expression, Burchell questions whether these traditional theories should be modified or reinforced to meet the changes brought about by communication in cyberspace. In this regard he makes the interesting point that the virtual marketplace has surely expanded well beyond the sphere originally envisaged by the proponents of the "marketplace of ideas" theory (12).

One of the most interesting propositions put forward in the book is the individual autonomy theory of freedom of expression (also propounded by Dworkin and Baker), namely that freedom of expression is based on individual autonomy and dignity. Freedom of expression is part of individual autonomy – the individual's choice to express himself/herself as he/she wishes, whether in the political sphere

or outside it. However, individual autonomy is part of the wider aspect of personality, namely human dignity. He adopts the approach that dignity is an all-embracing concept, which includes the exercise of freedom of expression, the protection of reputation, privacy and personal liberty.

In the United States of America it is accepted that certain freedoms, notably the right to free speech, freedom of the press, freedom of association and the freedom to vote, are fundamental to the political process and as such require special protection. In other words, free speech is a "preferred freedom" since it has a special role to play in society and in the democratic process. Intrusions by governmental agencies are not permitted, with the result that legislation which impinges on free speech must undergo special scrutiny.

The first Article of the Basic Law of the Federal Republic of Germany, which provides that the dignity of man may not be infringed and that it is the duty of all state power to respect it, is important to the individual autonomy theory of free speech. In that country the concept of the "dignity of man" has been accepted by the Federal Supreme Court as the highest legal value contained in The Basic Law (27 *(BverfGE* 1 6 (1969) and 12 *BverfGE* 45 53).

Although Burchell reflects the German approach to the dignity of man, it must be pointed out that German jurisprudence specifically recognises the constitutive role of the press, which assists in the creation of public opinion. Although the dignity of man is recognised as the highest legal value, it must be remembered that in that country the constitutional rights to freedom of expression and freedom of the press constitute the basis of ordered liberty and democracy by making permanent public discussion of political matters possible.

An analysis of the South African Constitution (Act 108 of 1996) clearly reflects human dignity as one of the founding provisions of the Constitution (s 1). Section 7 provides that the Bill of Rights (as a cornerstone of democracy), enshrines the rights of all people in our country and affirms the democratic values of human dignity, equality and freedom. Section 10 specifically recognises that everyone has inherent dignity and the right to have this dignity respected and protected. These constitutional provisions lend credence to Burchell's proposition that human dignity is arguably the basis of all human rights (31).

One must agree with Burchell when he says that "expression" in section 16 of the Constitution is not confined to the political sphere or to the elusive pursuit of truth (16). Recognising that freedom of expression is a facet of individual dignity, he says that one may invoke the remedy for impairment of dignity which is part of the *actio injuriarum* "for both censorial infringements of one person's freedom to express *and* infringements of another's dignity as a result of the exercise of the right to free expression"(16). He is of the view that the balance to be struck in the common law between one person's reputation or dignity and another's freedom of expression (or even under the Constitution) strikes a true balance between equally important facets of human dignity. The jurisprudence on the application of the standards of reasonableness in the common law and jurisprudence in terms of the limitations clause under section 36 of the Constitution will, in his opinion, enrich each other.

At Roman law, the *actio injuriarum*, which protects the individual right to dignity, reputation and physical integrity, has always had to balance the conflicting rights of personality rights and free expression. In Burchell's view, the "modern *actio injuriarum*" is the remedy best suited to protecting these rights. Emphasising the importance of a modern *actio injuriarum*, he says that, on the one hand, it is impossible to teach or understand the *actio injuriarum* without a grasp of the

constitutional or freedom of expression dimensions, and that, on the other, the "constitutional free speech theory cannot appropriately be taught or understood without a knowledge of the balance already struck between protection of personality rights and freedom of expression under the *actio injuriarum*" (viii).

According to Burchell, the individual autonomy theory of freedom of expression recognises and accommodates the merits of the marketplace of ideas and the democratic process theories. He concedes that freedom of expression is a vital component of both the democratic process and individual self-fulfilment, but says that it is nevertheless merely a facet of human dignity (17). To elevate freedom of expression to an absolute right or even to a position of pre-eminence in a hierarchy of rights detracts from the true origin of the right freely to express one's views or opinions through words or conduct. Self-esteem, respect and individual privacy make up the totality of human dignity. Freedom of expression does not trump all other individual rights – it is, like these other rights, subject to reasonable and justifiable limits which in turn must reflect the dictates of freedom, equality, democracy and dignity.

One must agree with Burchell that freedom of expression should not be elevated to an absolute right or be regarded as a "preferred freedom". To do so, simply would not accord with South African jurisprudence. However, it is difficult to reconcile Burchell's individual autonomy or dignity theory with the idea of press or media freedom. He agrees that his theory of freedom of expression which is located in the concept of individual autonomy or dignity does not easily translate to the idea of press or media freedom (18). His argument in this regard is that even though the media are usually viewed as a faceless whole, the individual journalists and editors nevertheless exercise their rights or autonomy in publishing information.

To some extent one's preference for one or other of the three major theories of freedom of expression indicates one's approach to the vertical/horizontal debate surrounding the operation of the provisions of the bill of rights on the common law. Verticalists would tend to support the marketplace or the democratic process model of freedom of expression (or both) with the government/official seen as the major source of interference with freedom of political expression. Horizontalists would prefer the individual autonomy theory. If freedom of expression as a manifestation of individual autonomy or dignity is to have significance it must be protected against government and private individuals or institutions. Burchell examines the most important South African case law on the vertical/horizontal debate in chapter 4. One must bear in mind that the uncertainty regarding the impact of the bill of rights on common law and customary law has largely been eliminated by the inclusion of section 8(2) of the 1996 Constitution. In chapter 2 Burchell outlines free speech jurisprudence in the United States of America as well as the limitations to speech such as "low value" speech, "fighting words" and "commercial" speech.

In chapter 4 he discusses broad issues of freedom of expression which impact on concepts of dignity, privacy and reputation. In acknowledging that both Dworkin and Baker give a position of pre-eminence to freedom of expression, he says that if freedom of expression is a facet of the broader right to dignity, then it cannot be pre-eminent: it is as important as the other facets of human dignity (31). Once it is accepted that freedom of expression is no more important than other human rights, the way is clear to balance the right to free expression against other rights. He then includes an insightful discussion of hate speech and pornography in the context of the right to dignity.

In chapter 6 Burchell tackles the question whether a constitutional tort or delict should be developed, and the question of constitutional damages where human rights abuses occur. He considers it unnecessary to adopt a remedy for "a constitutional delict" and prefers the ordinary remedy under the common law for impairment of dignity (116). Relying on his broad approach to the concept of dignity, Burchell says that the common law provides a viable and reasonably well-developed remedy for impairments of dignity. He concedes that if the infringement of some of the rights contained in the bill of rights cannot be translated into impairments of dignity, there may be a need to "craft a limited version of a 'constitutional delict' for South Africa" (116).

In his discussion of freedom of expression in cyberspace Burchell points out the inherent difficulty that the common law of delict has to keep pace with constitutional complexities and modern technology. In his view the law of delict may have to take one of two routes:

> "[I]t may have to accommodate cyberspace by making a specific exception, allowing greater freedom of expression over the Internet, or it may have to 'assist' in policing the system"(121).

He questions whether a service provider is in the same position as a public library or news vendor. If the answer is in the affirmative and if the South African law of defamation applies in cyberspace, the appropriate fault element will be intention or negligence. He argues, however, that the dissemination of matter via the Internet is analogous to publication in the traditional media, and could be subject to the same requirements of reasonableness/unreasonableness as those laid down in *National Media Ltd v Bogoshi* 1998 4 SA 1195 (SCA). He accepts that information published via the Internet forms part of the mass media (because of the extent of the distribution), but rejects the view that those who facilitate distribution via the Internet should be subject to no-fault (strict) liability for publishing defamatory matter or invading privacy in cyberspace. A strict liability test would strangle the Internet (126).

Another very interesting question is where publication must be deemed to take place, since communication through cyberspace cuts across national and geographical boundaries. In the final analysis, the question is whether the vast interactive potential of the Internet, which provides for immediate replies, corrections and other participation, allows for greater leeway for publications on the Net.

In part 2 of the work, Burchell discusses the law of defamation and the action for impairment of dignity in the light of his approach that dignity is an all-embracing concept, which includes freedom of expression and the protection of reputation, privacy and personal liberty.

In chapter 10 he discusses who may and may not sue for defamation and in chapters 11 to 15 he gives an overview of the law of defamation and discusses the elements of defamation, namely publication, the defamatory words or conduct, reference to the plaintiff and causation.

Section G of part 2, dealing with the general criterion of unlawfulness and the defences excluding unlawfulness, constitutes a very substantial section of the book, extending from pages 207 to 300. He includes a long extract from the important decision in *National Media Ltd v Bogoshi* 1998 4 SA 1195 (SCA), which rejected strict or no-fault liability of the mass media as laid down in *Pakendorf v De Flaningh* 1982 3 SA 146 (A). His insightful comment on the judgment encompasses a number of interesting points, including the following:

- The dictates of freedom of expression may be accommodated within the general criterion of lawfulness.
- The central issue of a defamation case is whether the publication was unlawful and this unlawfulness is determined in terms of the criterion of reasonableness.
- This test of reasonableness, which demands a high degree of circumspection on the part of editors and editorial staff, includes factors such as the time and manner of publication, the status or degree of public concern in the information, its political importance, the tone of the publication, the reliability of its source, the steps taken to verify the information and whether the person referred to has been given and opportunity to verify, comment on or reply to the allegation.
- The unlawfulness investigation includes, but is broader than, the negligence enquiry.
- The defendant bears the onus of proving a defence excluding unlawfulness on a preponderance of probability.
- The judgment in *Bogoshi* is based on the common law rather than an evaluation of the constitutional emphasis on freedom of expression.
- On a constitutional level, the term "dignity" is of central importance in the bill of rights and includes reputation. In this case Hefer JA found that his conclusion on the common law in *Bogoshi* is compatible with constitutional imperatives.

Burchell points out that the *Bogoshi* case set broad, realistic and workable standards of reasonableness and due diligence for the media, but failed to make a clear conceptual distinction between the inquiry into unlawfulness and negligence respectively. In his view, the decision should be seen to reaffirm the role of the unlawfulness element as the host environment for accommodating the demands of freedom of expression under the criterion of unreasonableness, and to emphasise a fault criterion of negligence for the media, which may overlap with the unlawfulness investigation in some instances, but requires independent recognition. In other words, fault is a requirement for the liability of the individual and the media. In the case of the individual, intention is required, but negligence will suffice in the case of the media. The discussion of this case will prove to be of immense value to students and practitioners alike, or any persons involved in the media.

Section H deals with the requirement of fault and section I with the impairment of dignity. In the latter Burchell discusses the elements of liability and the potential scope of the modern action for impairment of dignity: recognised categories of impairment of dignity by words or conduct and privacy. He includes a very important aspect of privacy in his discussion, namely data protection. In both sections the discussion is based on leading judicial decisions dealing with the issues in question. This section will also be very useful to students and practitioners.

It is clear from this brief discussion that one can but touch on some of the issues which Burchell raises. One's approach to a review of this book will depend largely on one's subject interest: the issues which have been concentrated on relate more to the freedom of expression debate than to the law regulating the impairment of dignity. However, whatever the point of departure, this work will provide a number of valuable insights into the difficulties inherent in balancing the right to freedom of expression against the right to reputation and dignity. Those lawyers who have long felt uneasy about the position of the mass media in society and the strict liability of the media, will welcome Burchell's insightful discussions.

Readers of the book, whether they are practitioners or students, will appreciate the way in which he extracts and cites relevant passages from leading judicial decisions.

These extracts are placed in the appropriate place to illustrate both the legal principles involved and the legal arguments he develops. He homes in on the principles enunciated by the court and then provides his own excellent and penetrating comment on the principles in issue. The book is well written and difficult legal concepts are explained in a simple uncomplicated fashion. It is highly recommended to practitioners and students alike in that it provides good insight into the legal principles governing freedom of expression and the protection of personality rights.

YVONNE BURNS
University of South Africa

Principle is not very easy to define. We have to avoid on the one hand the rock Scylla where sits the austere figure of Austin and on the other the whirlpool Charybdis where some modern theorists for ever go round in circles.

Lord Reid 1972–1973 Journal of the Society of Public Teachers of Law 26.

HULDEBLYK AAN HOOFREGTER ISMAIL MAHOMED

Die eerste hoofregter om ingevolge die 1996-Grondwet aangestel te word, regter Ismail Mahomed, is op 17 Junie 2000 in die ouderdom van 68 jaar oorlede. Regter Mahomed is in1931 in Pretoria gebore, die oudste van ses kinders. Hy behaal die grade BA en BA (Honneurs) (Politieke Wetenskappe) met lof en voltooi die LLB aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1956. Hy sluit in 1957 by die Johannesburgse balie aan en word in 1957 as seniorconsultus aangestel. Hy het as praktisyn veral bekendheid verwerf vir sy kennis van die Wet op Groepsgebiede en vir sy rol in politieke verhore waar hy dikwels as regsverteenwoordiger van anti-apartheid aktiviste opgetree het.

Hy was verder ook betrokke by grondwetlike ontwikkeling in Namibië, later as regter (1991–1996) en hoofregter (vanaf 1993). Verder was hy 'n regter van die Swazilandse appèlhof van 1979–1996 en van die appèlhof van Lesotho van1982–1996, en word in 1992 as President van laasgenoemde hof aangestel. In 1991 word hy as regter van die Hoggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) aangestel en in 1993 as waarnemende appèlregter. Toe die eerste konstitusionele hof in 1994 in Suid-Afrika ingestel is, word Mahomed as regter aangestel en as adjunk-president in 1995, waar hy gedien het totdat hy in 1997 as hoofregter aangestel is.

Daarbenewens was regter Mahomed ook die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Regskommissie en die Regterlike Dienskommissie. Onder die eerbewyse wat hom toegeval het, was ere doktorsgrade van die Universiteite van Delhi, Pennsylvanië, Natal, Pretoria, die Witwatersrand, Kaapstad en die Nasionale Universiteit van Indië, Bangalore.

Ismail Mahomed was not only South Africa's first black chief justice; he was also the first black senior counsel and the first black judge to be appointed. He had an all-consuming passion for the law and for the achievement of justice in South Africa and was known as a relentless workaholic. As judge, later deputy president, of the first Constitutional Court of South Africa and as chief justice of this country, he made a considerable and important contribution to the development of our constitutional jurisprudence. It is clear from the reported cases that he was committed to the cultivation of a human rights culture permeated with the ethos and values espoused in the Constitution. A gifted orator, his often flamboyant verbal style is reflected in many of his judgments. Perhaps his most often quoted dictum is the one from the Namibian case of *S v Acheson* 1991 2 SA 805 (NmSC) in which he described a constitution as

> "'a mirror reflecting the national soul', the identification of the ideals and aspirations of a nation; the articulation of the values bonding its people and disciplining its government".

Among his other dicta there are the following:

> "Every decent human being must feel grave discomfort in living with a consequence which might allow the perpetrators of evil acts to walk the streets of this land with impunity, protected in their freedom by an amnesty immune from constitutional attack, but the circumstances in support of this course require carefully to be appreciated . . .

> [The] truth, which the victims of repression seek so desperately to know, . . . is much more likely to be forthcoming if those responsible for such monstrous misdeeds are encouraged to disclose the whole truth with the incentive that they will not receive the punishment which they undoubtedly deserve . . . With that incentive, what might unfold are objectives fundamental to the ethos of a new constitutional order. The families of those unlawfully tortured, maimed or traumatised become more empowered to discover the truth, the perpetrators become exposed to opportunities to obtain relief from the burden of a guilt or an anxiety they might be living with for many long years, the country begins the long and necessary process of healing the wounds of the past, transforming anger and grief into a mature understanding and creating the emotional and structural climate essential for the 'reconciliation and reconstruction' which informs the very difficult and sometimes painful objectives of the amnesty articulated in the epilogue [to the 1993 Constitution]" (*Azanian Peoples Organisation (AZAPO) v President of the RSA*);

and:

> "What is patent from the preamble, the postscript and the substance of the [1993] Constitution is a very clear and eloquent commitment to the creation of a defensible society based on freedom and equality setting its face firmly and vigorously against the racism which has dominated South African society for so long and the repression which became necessary to perpetuate its untenable ethos and premises. To leave individuals free to perpetuate advantages, privileges and relations, quite immune from the discipline of Chapter 3, would substantially be to allow the ethos and pathology of racism effectively to sustain a new life, subverting the gains which the Constitution seeks carefully to consolidate" (*Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (CC)).

Ander uitsprake waarby regter Mahomed as regter van die konstitusionele hof betrokke was, is die volgende: *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH), waar die konsitusionele hof eenparig beslis het dat die oplegging van die doodvonnis vir moord met die 1993-grondwet onbestaanbaar was; *Shabalala v Attorney-General, Transvaal,* 1996 1 SA 725 (KH), waarin die regte van 'n beskuldigde om toegang te verkry tot dokumente in 'n polisiedossier uitgebrei is; en *Fraser v Children's Court, Pretoria North* 1997 2 SA 253 (KH), waarin die regte van ongehude vaders by aannemingsverrigtinge erken is. As hoofregter was hy verantwoordelik vir die beslissing van die appèlhof in *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund* 1999 4 SA 1319 (HHA), waar die hof die gemenereg ontwikkel het om toe te laat dat 'n weduwee wat volgens Islamitiese reg getroud was, 'n eis om skadevergoeding instel vir verlies gely as gevolg van die dood van haar man in 'n motorongeluk. Verder was daar *Speaker of the National Assembly v De Lille* 1999 4 SA 847 (HHA); *Beinash v Wixley* 1997 3 SA 721 (HHA); *S v Chapman* 1997 3 SA 341 (HHA); *Fedsure Life Assurance Ltd v Greater Johannesburg Metropolitan Council* 1998 2 SA 1115 (HHA); *Uitenhage Municipality v Molloy* 1998 2 SA 735 (HHA); *Moodley v Umzinto North Town Board* 1998 2 SA 188 (SCA); *S v Salzwedel* 2000 1 SA 786 (HHA).

It is difficult to predict how history will judge Ismail Mahomed. It was hoped that some of the discomfort (for want of a better word) in the relationship between the Constitutional Court and the Supreme Court of Appeal could have been addressed during his regime. Clearly, Mahomed's illness and premature death have had an effect on what he could have achieved during his tenure. It is equally clear that the painful experiences he endured during the apartheid era must have exerted an influence (both positive and negative) as well. One wonders, finally, whether the office of Chief Justice really compensated for the disappointment of missing out as President of the Constitutional Court, and whether the Constitutional Court was not, in fact, the best place for him to have made a lasting contribution. (On the other hand, of course, it could equally well be argued that it is in the sphere of issues that

are not patently of a constitutional nature, that the influence of the ethos of the Constitution is often most needed – see the extract from his judgment in *De Klerk v Du Plessis* above.)

Dit is uiters jammer dat hierdie buitengewone en begaafde man deur politiek en swak gesondheid die geleentheid ontneem is om sy stempel op die Suid-Afrikaanse reg af te druk in die mate waartoe hy in staat was.

GRETCHEN CARPENTER

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Een van die kenmerke van die regswetenskap is sy relatiewe "gereedskaploosheid". Die beoefenaars van die mediese wetenskap, die verskillende natuurwetenskappe, en selfs baie van die sosiale wetenskappe, is bekend vir die verskeidenheid van instrumente en gereedskap wat hulle gebruik. Daarteenoor het die juris in die reël net sy of haar boeke. Toegegee, moderne juriste maak ook baie van moderne rekenaartegnologie gebruik, maar dan tog maar hoofsaaklik om vinniger toegang te kry tot dit wat hulle vroeër in elk geval in boeke sou gesoek het. (Sekerlik is die juris se rekenaargebruik op 'n totaal ander vlak as byvoorbeeld dié van 'n ingenieur of grafiese ontwerper.) Toegegee, die moderne juris maak baie gebruik van moderne kommunikasiemiddele en vervoer. Toegegee, die moderne juris moet dikwels kennis neem van die resultate wat die beoefenaars van ander wetenskappe met hulle instrumente en gereedskap bereik het. Maar ek dink die meeste lesers sal my gelyk gee dat die gemiddelde juris – in vergelyking met wetenskaplikes uit baie ander velde – 'n relatief "gereedskaplose" wetenskaplike is.

Op 'n besondere manier is taal die "gereedskap" van die regsgeleerde. Die regte en verpligtinge van staat en onderdaan en eiser en verweerder vind uitdrukking in taal. Die bronne wat daagliks deur regsgeleerdes geraadpleeg word, het in taal neerslag gevind. Taal is in 'n sin die wapen wat litigante teen mekaar gebruik, en taal is die medium waarin die uitspraak van die hof beslag kry. Kontrakte en testamente word in taal gegiet . . . en so kan voorbeelde vermenigvuldig word.

Daar is dan ook regswetenskaplikes wat op 'n hoë vlak die wisselwerking tussen reg en taal ondersoek en bestudeer. Ek wil nie op dié vlak 'n bydrae lewer nie (en is ieder geval nie daartoe bevoeg nie). Die rede waarom ek so pas op die belang van taal vir die regsgeleerde gewys het, is omdat ek op 'n heel eenvoudige vlak kommentaar wil lewer op 'n redelik onlangse verskynsel wat my verontrus: dat 'n mens (sonder dat jy spesifiek probeer) in die laaste tyd heelwat tikfoute in regstekste soos hofverslae en wette raak-lees.

Voor ek nou verder oor hierdie saak kommentaar lewer, wil ek myself net eers in die rede val. As lid van die redaksie van die *Tydskrif* is proeflees een van my hooftake – en ek moet toegee dat tikfoute verstommend maklik deurglip. Gedagtig daaraan dat 'n mens met dieselfde maat gemeet gaan word as dié waaraan jy ander gemeet het, is dit met 'n mate van huiwering dat ek sê wat ek op die hart het. Tien teen een sal daar nou die gruwelikste tikfout in hierdie einste redaksionele kommentaar insluip en sal die rooiste gesig my eie wees . . . Verder plaas ek graag op rekord dat ek nog altyd teen venynige kritiek gekant was. Vir die ontwikkeling van regspleging en regswetenskap is gesonde kritiek natuurlik onontbeerlik, en die *Tydskrif* was nog altyd 'n forum vir sodanige kritiek. Nietemin dink ek dat dit gewoonlik makliker is om iets wat deur 'n ander tot stand gebring is, te kritiseer, as om self iets nuuts tot stand te bring. En daarom glo ek dat dit goed is om kritiek altyd met 'n goeie dosis egte waardering te balanseer.

Met dit alles gesê, wil ek eerstens my waardering betuig teenoor die instansies en individue wat regstekste aan Suid-Afrikaanse regsgeleerdes in die besonder, maar ook die Suid-Afrikaanse publiek in die algemeen, beskikbaar stel. Dit is 'n groot en noodsaaklike taak. Ek glo nie dit is oordrewe om te beweer dat ons regstelsel

daarsonder nie behoorlik sal kan funksioneer nie. Dan wil ek tog 'n pleidooi rig – aan almal wat met die skepping en verspreiding van regstekste gemoeid is – vir noukeuriger taalgebruik. My pleidooi is nie vir 'n dogmatiese navolging van onbuigsame reëls oor sinskonstruksie nie. Ek dink my pleidooi is veral vir leesbaarheid en verstaanbaarheid. Sommige tikfoute skep net 'n slordige indruk – wat op sigself al irriterend is – maar in sommige gevalle kan die werklike betekenis heeltemal verlore gaan.

'n Kollega wys my 'n rukkie gelede 'n verrassende regsteks (om dit sagkens te stel). Dit kom uit 'n Afrikaanse vertaling van die hoogste reg van die land – die Grondwet – en lees soos volg:

> "35. Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone. – (1) Elkeen wat weens 'n beweerde oortreding gearresteer word, het die reg om –
>
> (a) te swyg;
>
> (b) onverwyld *vernietig* te word . . ."

(My beklemtoning. Dit blyk dat die bedoelde persone eintlik die reg moet hê om verwittig te word – van hulle swygreg en die gevolge van die uitoefening daarvan.)

Ek leen graag 'n stukkie taalgereedskap by die Engelssprekende juris en sê: I rest my case.

Noukeurige taalgebruik is belangrik vir regspleging en regswetenskap.

JOHANN KNOBEL
Assistent-redakteur

(Johann Knobel sal vir die volgende jaar met studieverlof wees, wat moontlik vir hom logistiese probleme as assistent-redakteur kan veroorsaak. Professor Margaret Beukes van die Departement Staats- en Volkereg, Universiteit van Suid-Afrika, het goedgunstiglik ingestem om vir hierdie tydperk in sy plek waar te neem – Redakteur.)

Die spanningsveld tussen regsekerheid en geregtigheidsekerheid: 'n Regsantropologiese evaluasie van die evolusie van die *stare decisis*-reël*

JMT Labuschagne
MA DPhil LLD
Professor in Regspluralisme en Regshermeneutiek aan die Universiteit van Pretoria

Artikel opgedra aan professor FJ van Zyl met sy 70ste verjaardag op 20 Augustus 2000

Professor Van Zyl se entoesiasme en passie vir regsteorie, en bygevolg die verklarende regswetenskap, het 'n wydreikende effek op my benadering tot die reg en die regswetenskap (asook op dié van vele van sy ander studente) gehad. Sinvolle regsontwikkeling voorveronderstel telkens 'n hoër vlak van abstraksie, met ander woorde 'n meer verfynde regsteorie wat die gevolg van 'n kritiese evaluasie van die bestaansreg van, dit wil sê die rasionele en geregtigheidsmatige bestaansmotivering vir, 'n regsnorm of kompleks van regsnorme is. Regsteoretiese stimulering beliggaam hiervolgens die enigste sinvolle grondslag vir effektiewe en langtermyn betekenisvolle regsopleiding en -ontwikkeling. Dit beliggaam ook die potensiaal om die kreatiewe in individue te aktiveer.

SUMMARY

The field of tension between legal certainty and certainty of justice: An anthropo-legal evaluation of the evolution of the *stare decisis* rule

Historically, the origin of the *stare decisis* rule can be traced to both the Roman-European and English common law. It is pointed out that the concept of justice is a dynamic phenomenon. The *stare decisis* rule, being founded on notions of justice, therefore, also has a dynamic nature. The content of the *stare decisis* rule in South Africa is expounded in this contribution, and the functions traditionally ascribed to the rule explained. The effect of the evolution of knowledge, cognitive anthropology and mutation of values in human society on the *stare decisis* rule is investigated. A preference is expressed for the more relaxed and justice-friendly manifestation of the *stare decisis* rule in German and Dutch law.

* 'n Deel van hierdie navorsing is in 1997, asook in 1999, met die finansiële steun van die Alexander von Humboldt-Stiftung en die Universiteit van Pretoria aan die Ludwig Maximilians-Universität in München (Duitsland) onderneem. 'n Verdere deel van dié navorsing is in 1998 met die finansiële steun van die Universiteit van Pretoria onderneem aan die Northwestern University (Chicago, Illinois) en die Harvard University (Cambridge, Massachussetts) in die VSA, asook aan die Vrije Universiteit van Amsterdam in Nederland. Die menings hierin uitgespreek, word nie noodwendig deur dié instellings gedeel nie.

1 INLEIDING

Padden[1] verwys na *stare decisis* as "a court's policy to follow its precedent unless there are good reasons to deviate from it". Die begrip *stare decisis* is 'n afkorting van die Latynse frase *stare decisis et non quieta movere* (om te staan by wat gesê is en om nie die rustigheid te versteur nie).[2] Rehnquist[3] wys tereg daarop dat, aangesien gewoonte die mees rudimentêre vorm van reg beliggaam en dit wesenlik 'n gehoorsaamheid aan voorafgaande presedente beteken, die bestaan van die *stare decisis*-reël glad nie as 'n verrassing kom nie. Dit verklaar meteens ook waarom dit nie tot *common law*-lande beperk is nie.[4]

O'Keefe[5] beweer dat *stare decisis* 'n regsbeginsel en nie 'n regsleerstuk is nie en vervolg:

> "No firm rules guide its application; no judicially discoverable common law origins articulate its rationale; and no legislative history reveals its purpose. Often, the appropriateness of its use can only be determined subjectively by reference to one's own political and judicial philosophy, or objectively by an historical sense of the relevant social mores. Accordingly, its invocation or rejection is seldom satisfactorily explained."

Sonder om in eindelose en soms uitsiglose tegnikaliteite en fiksiedenke, wat so tipies van veral tradisionele Anglo-Amerikaanse regsdenke is, te verval, kan bloot opgemerk word dat die *stare decisis*-reël self 'n inherente dinamiek het, met ander woorde die *stare decisis*-reël self is in finale sin nie onderworpe aan ('n rigiede) *stare decisis* nie.

Die gesaghebbende element of bindingskern van die *stare decisis*-reël is die *ratio decidendi*, dit wil sê die rede of motivering vir 'n beslissing. Hoewel die konkrete beslissing van die hof die betrokke gedingspartye bind, het slegs die (abstrakte) *ratio decidendi* wyer regskrag, met ander woorde dit het 'n funksie wat die betrokke geskil transendeer.[6] Enige deel van 'n regsbeslissing deur 'n hof wat betrekking het op 'n geskil buite die spesifieke feite van die betrokke saak is 'n *obiter dictum*.[7] Na hierdie problematiek word later weer verwys.

Wallace[8] wys daarop dat verskeie regsgeleerdes die standpunt huldig dat die *stare decisis*-reël tweesydig is. Dit beliggaam naamlik beide 'n streng en 'n liberale presedentereël:[9]

---

1 "Overruling decisions in the Supreme Court: The role of a decision's vote, age, and subject matter in the application of stare decisis after *Payne v Tennessee*" 1994 *Georgetown LJ* 1689 1691.

2 Wallace "*Stare decisis* and the Rehnquist court: The collision of activism, passivism and politics in *Casey*" 1994 *Buffalo LR* 187 189.

3 "The power that shall be vested in a precedent: *Stare decisis*, the Constitution and the Supreme Court" 1986 *Boston Univ LR* 345 347.

4 Vgl in die algemeen Lobingier "Precedent in past and present legal systems" 1946 *Michigan LR* 955.

5 "*Stare decisis*: What should the Supreme Court do when old laws are not necessarily good laws? A comment on Justice Thomas' call for reassessment in the Supreme Court's voting rights jurisprudence" 1996 *Saint Louis Univ LJ* 261 271–272. Sien ook MacCormick "Why cases have *rationes* and what these are" in Goldstein (red) *Precedent in law* (1987) 155.

6 Sien Goodhart "Determining the *ratio decidendi* of a case" 1930 *Yale LJ* 161. Sien ook Langenbucher *Die Entwicklung und Auslegung vom Richterrecht* (1996) 93.

7 Aldisert *The judicial process* (1996) 185. Vgl Goodhart 183.

8 191.

9 Wasserstrom *The judicial decision* (1969) 50–51 aangehaal en geredigeer deur Wallace 191–192. Vgl Mattis en Yalowitz "*Stare decisis* among (sic) the Appelate Court of Illinois" 1979 *De Paul LR* 571 573–574.

> "According to the strict rule of precedent, a court is bound by its own previous decisions and by the previous decisions of all higher courts. There is no provision made in this theory for the departure from or alteration of a rule that has been previously asserted and followed. The only valid justification for refusing to apply the rule is that the fact situation of the present case is not controlled by the rule, ie, is not subsumable under the class . . . The liberal rule . . . is one which . . . allows for flexibility and growth; under its dictates precedents need not always be followed. The doctrine . . . allows for both definite expectation and innovations . . . And if the judge should conclude that the prior cases were wrongly decided – that the precedents are incorrect – then the cases should be openly overruled. For if the rule of stare decisis demanded that precedents be followed regardless of the amount of good or harm produced in society by so doing, then this rule might be open to the objection that certainty is being procured at too great a price."[10]

Die laasgenoemde, naamlik die liberale reël, vind veral toepassing by die interpretasie van die fundamentele (konstitusionele) regte van regsonderdane.[11]

Die *stare decisis*-reël het, soos Schauer[12] tereg aantoon, die effek dat 'n voorafgaande beslissing "solely because of its historical pedigree" later in 'n soortgelyke geval toegepas word.[13] Met die eerste oogopslag sou 'n mens die indruk kon kry dat die *stare decisis*-reël die effek het dat individuele kreatiwiteit en sosiale, en bygevolg juridiese, ontwikkeling onderdruk word. Soos reeds uit bogaande bespreking blyk, het die *stare decisis*-reël self 'n organiese of dinamiese onderbou. Die spanningsveld – die konflikdinamika derhalwe – tussen die statiese en dinamiese kragte wat onvermydelik in die *stare decisis*-reël ingebou is, word eerstens in die onderhawige artikel uiteengesit en verduidelik en tweedens regsantropologies geëvalueer.

2 HISTORIESE AGTERGROND

In dié verband is dit belangrik om te onderskei tussen die regstegniese en regsantropologiese historiese agtergrond.

2 1 Regstegniese agtergrond

Gewoonte is in die Romeinse reg as die primêre hulpmiddel by wetsuitleg beskou (*optima enim est legum interpres consuetudo*).[14] Volgens Severus verkry gewoonte

---

10 Vgl McNamara "*Buckley, Imbler* and *stare decisis*: The present predicament of prosecutorial immunity and an end to its absolute means" 1996 *Albany LR* 1135 1154; Laird "*Planned Parenthood v Casey*: The role of *stare decisis*" 1994 *Modern LR* 461 464; Koehler "Justice Souter's 'Keep-what-you-want-and-throw-away-the rest' interpretation of *stare decisis*" 1994 *Buffalo LR* 859; Powell "*Stare decisis* and judicial restraint" 1990 *Washington and Lee LR* 281 284.

11 Vgl *Burnet v Coronado Oil and Gas Co* 285 US 393, 76 L Ed 815, 823–824 (1932) per Brandeis R (afwykend): "Stare decisis is usually the wise policy, because in most matters it is more important that the applicable rule of law be settled than that it be settled right . . . This is commonly true even where the error is a matter of serious concern, provided correction can be had by legislation. But in cases involving the Federal Constitution, where correction through legislative action is practically impossible, this Court has often overruled its earlier decisions."

12 "Precedent" 1987 *Stanford LR* 571.

13 Vgl ook Murphy en Pritchett *Courts, judges and politics* (1986) 389–401; Douglas "Stare decisis" 1949 *Columbia LR* 735: "Most lawyers, by training and practice, are all too apt to turn their interests and their talents toward the finding not the creating of precedents. This lawyerly search is for moorings where clients can be safely anchored. But the search has, as well, a deeper, more personal impetus. For the lawyer himself shares the yearning for security that is common to all people everywhere. And this yearning grows as the world seems to grow more *insecure*."

14 *D* 1 3 37. Vgl in die algemeen Winkel "The role of general principles of Roman law" 1996 *Fundamina* 103 104–108.

of die gesag van voorafgaande beslissings wat gelykluidend geskied het by 'n uitlegsgeskil regskrag.[15] In 'n uitstekende artikel[16] oor die presedentestelsel in Suid-Afrika wys Kahn daarop dat uit die werk van Glossatore en Post-glossatore blyk dat, hoewel gewoontereg deur 'n bestendige judisiële praktyk tot stand kon kom, nie daaruit afgelei kan word dat voorafgaande beslissings gevolg moet word nie. Volgens Gomezius[17] moet in die eerste instansie gewoonte, en daarna die natuurlike rede, by interpretasie van 'n wet aangewend word. Gewoonte kan volgens verskeie skrywers oor die Romeins-Europese reg 'n wet wysig en selfs afskaf.[18] Volgens Brunnemann[19] is gewoonte die beste uitlegger van 'n wet. Hierdie siening blyk algemeen te wees.[20] In 'n Utrechtse Konsultasie[21] gee ene Bruno Porteugen die volgende advies: *sebsecuta observatio declarat et interpretatur statutum.* Walch[22] wys daarop dat wetgewing daagliks deur gewoonte en latere navolging (*per usum et observationem subsequutam*) uitgelê word. Van der Linden,[23] wat aan die einde van die fase van die Romeins-Europese gemenereg geskryf het, staan op die standpunt dat gewoonte "door eene onafgebrokene reeks van gewijsden" regskrag verkry. Kahn[24] verwys na 'n ander werk van Van der Linden[25] waarin die mening geopper word dat hoewel 'n regter nie voorafgaande beslissings hoef te volg nie, hy slegs daarvan behoort af te wyk na deeglike oorweging en vir 'n oortuigende rede. Volgens Kotze[26] verteenwoordig dit ons gemenereg.

Die *stare decisis*-reël het egter via die Engelse reg in Suid-Afrika posgevat.[27] In die 12de en 13de eeu het regters van die Engelse koninklike howe respek afgedwing as juriste wat die koning se voorreg en taak waargeneem het om reg te spreek in 'n verskeidenheid sake.[28] Die beroemdste van almal was Bracton wat 'n presedentestelsel in 'n verhandeling waarin na ongeveer 500 sake verwys word, geformuleer het. Hy het van die standpunt uitgegaan dat analoë gevalle dieselfde behandel moet word (*si tamen similia evenerint per simile iudicentur*) aangesien dit 'n gesonde beginsel daarstel om soortgelykes soortgelyk te behandel (*a similibus ad similia*).[29] Die moderne *stare decisis*-reël in die Engelse reg het in die 15de eeu posgevat en geleidelik ontplooi totdat dit in die 19de eeu omvattend ingeburger was.[30] Die

15 *D* 1 3 38.

16 "The rules of precedent applied in South African courts" 1967 *SALJ* 43 175 308.

17 *Variae Resolutiones* 1 1 8–9.

18 Vgl bv Zoesius *Commentarius ad D* 1 3 95; Pothier *Pandectae Justinianeae* 1 3 15; Christinaeus *Practicarum quaestionum* 4 8 53 14.

19 *Commentarius in Pandectas* 1 3 34 2–3.

20 Sien bv Tuldenus *Commentarius in D* 1 3 7 14; Groenewegen *De legi abr* ad *D* 1 3 34; Van Leeuwen *RHR* 1 3 11; J Voet *Commentatarius ad Pandectas* 1 3 19; P Voet *De statutis* 2 12 4; Eckhard *Hermeneutica iuris* 1 1 37–38.

21 3 5 17

22 Aantekening op Eckhard 1 3 38.

23 *Regtsgeleerd, practicaal en koopmans handboek* 1 1 7.

24 44.

25 *Verzameling van merkwaardige gewijsden*, Voorberigt. Hierdie werk het in 1803 verskyn, terwyl sy ander werk, hierbo genoem, in 1806 verskyn het.

26 "Judicial precedent" 1917 *SALJ* 280 284–285.

27 *Fellner v Minister of the Interior* 1954 4 SA 523 (A) 529; Kahn 44–45.

28 Hogue *Origins of common law* (1966) 188.

29 *De legibus et consuetudinibus Angliae* fol 1b; Hogue 188–189.

30 Wallace 189; Lewis "The history of judicial precedent" 1931 *LQR* 28 *et seq*; Plucknett *A concise history of common law* (1956) 342–350.

stare decisis-reël het in die hele Anglo-Amerikaanse wêreld posgevat, maar is binne die spesifieke jurisdiksies aangepas om met konstitusionele beginsels en plaaslike hofstrukture en behoeftes te sinchroniseer.[31]

2 2 Regsantropologiese agtergrond

In die vroegste menslike gemeenskap het die *pater* (heilige oervader en dié se opvolgers) reg gespreek ten aansien van die skending van heilige taboes. Hierdie taboes het hyself in hoofsaak *ex post facto* geskep, met die gevolg dat die reg eers na die beslissing ontstaan het.[32] Die funksionele onderskeid, in primêre sin, tussen regspreker en regskepper is van relatief onlangse oorsprong.[33] Die koning, asook sy regters, was erfgename van die heilige status van die oervader.[34] Hulle is as almagtig en onfeilbaar beleef en daarom was gebondenheid aan 'n menslike reël, soos dié van *stare decisis*, sonder relevansie.[35] Die latere en onrealistiese bedoelingsteorie by wetsuitleg het hieruit voortgevloei.[36] Realisme en kennis het mettertyd die feilbaarheid van, en die mens in, die regsprekende gesag blootgelê.[37] Die opkoms van die *ratio decidendi*-begrip, naamlik dat 'n rede vir of motivering van 'n beslissing die beslissingskern vorm, het in finale instansie momentum gegee aan die ontplooiing van die *stare decisis*-reël.[38]

Soos elders[39] aangetoon, is geregtigheid 'n dinamiese begrip wat onderlê word deur universele regsantropologiese evolusieprosesse, naamlik dié van dereligiëring, individualisering, dekonkretisering, humanisering, egalisering en outonomisering. In die lig hiervan val regsekerheid, soos beliggaam in die *stare decisis*-reël, en geregtigheidsekerheid nie noodwendig saam nie.

---

31 Sien Marshall "The binding effect of decisions of the judicial committee of the privy council" 1968 *ICLQ* 743; Edge "Decisions of the judicial committee of the privy council in other jurisdictions: Limits of *stare decisis* in commonwealth jurisdictions" 1994 *Commonwealth Law Bulletin* 720; Allsop en Greg "Privy council decisions in Australia: The law of excessive force in self-defence" 1979 *Sydney LR* 731.

32 Ball *The law and the cloud of unknowing* (1976) 150.

33 Simon "Historische Beiträge zur Rechtsprechungslehre" in Achterberg (red) *Rechtsprechungslehre* (1986) 229 230–234.

34 Sien Maine *Ancient law* (1930) 23–24; Ball 150–150; Cam *Law-finders and law-makers* (1963) 12–16 85–94; Labuschagne "Die heilige oervader, regsevolusie en redematige administratiefregspleging" 1995 *SAPR/PL* 444; Legendre "The other dimension of law" in Goodrich en Carlson (red) *Law and the postmodern mind* (1998) 175 190. Sien ook Ollinger *Die Entwicklung des Richtersvorbehalts im Verhaftungsrecht* (1997) 133: in die Middeleeue was die regter direk aan God verantwoording verskuldig.

35 Vgl Lindahl "'Vorst op God na.' Politieke macht en de symbolisering van soevereiniteit" 1997 *R en R* 122 124; Tezner *Rechtslogik und Rechtswirklichkeit* (1985) 29; Ollinger 183 ev:

36 Sien Bassham *Original intent and the constitution. A philosophical study* (1992) 2–12; Labuschagne "Die opkoms van die teleologiese benadering tot die uitleg van wette in Suid-Afrika" 1990 *SALJ* 569. Vgl Nietzsche *Menschliches Allzumenschliches* (1878) 304; Wyduckel "Die Herkunft der Rechtsprechung aus der Iurisdictio" in Achterberg (red) 247 265–266.

37 Sien Blaustein en Field "'Overruling' opinions in the Supreme Court" 1958 *Mich LR* 151.

38 Evans "Change in the doctrine of precedent during the nineteenth century" in Goldstein (red) *Precedent in law* (1987) 35 71.

39 Labuschagne "Evolusielyne in die regsantropologie" 1996 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* (*SATE*) 40–45.

3 DIE SUID-AFRIKAANSE REG BINNE REGSVERGELYKENDE PERSPEKTIEF

In hierdie afdeling word die basiese reëls ten aansien van die presendentestelsel, soos in Suid-Afrika toegepas, beskryf.[40] Analise daarvan en kritiek daarop word in die res van die artikel geïntegreer. Soos reeds uit bogaande bespreking[41] blyk, is die *stare decisis*-reël via die Engelse reg by ons ingevoer. In die lig hiervan word, ter wille van kontrastering en die daaruitvoortvloeiende intellektuele en wetenskaplike stimulering, kortliks na die posisie in enkele ander regstelsels verwys.

Van Zyl[42] wys daarop dat die *stare decisis*-reël, vir sover dit die gebondenheid aan voorafgaande beslissings betref, twee kante of verskyningsvorme het.[43] Onder sekere omstandighede is 'n hof absoluut gebonde aan 'n vorige uitspraak van 'n hof met 'n hoër rang of 'n gelyke hof wat met meer lede beman was, dit wil sê 'n "voller" hof. In sekere gevalle is 'n hof slegs gekwalifiseerd gebonde om die uitsprake van gelyke howe te volg. Indien 'n hof van oordeel is dat 'n voorafgaande beslissing van 'n gelyke hof klaarblyklik verkeerd is, verval gebondenheid daaraan. Gebondenheid van enige aard is uiteraard net ter sprake indien dieselfde regsbasis voor hande is.[44] Indien 'n voorafgaande hof ten aansien van die toepaslike reg (gemenereg, wetgewing of gewysdereg) gedwaal het of indien die regsbasis waarop 'n voorafgaande hofuitspraak gefundeer is intussen verval het, het die *ratio* van die *stare decisis*-reël geen toepassing nie.[45]

Dit word problematies wanneer 'n hof "regtens" gebonde is aan voorafgaande botsende uitsprake.[46] Is die botsende uitsprake deur gelyke howe binne die betrokke jurisdiksiegebied gelewer, het die hof 'n vrye keuse tussen dié botsende uitsprake of selfs 'n ander alternatief.[47] Is die voorafgaande botsende uitsprake deur 'n hiërargiese hoër hof of 'n "voller" hof gelewer, sou die hof, beoordeel binne konteks van die tradisionele Anglo-Amerikaanse *stare decisis*-konsep, aan die jongste van die botsende beslissings gebonde wees.[48] Soos elders[49] aangetoon, is 'n rigiede

---

40 Vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die ontwikkeling van die *stare decisis*-reël in Suid-Afrika kan lesers verwys word na die reeks artikels van Kahn 1967 *SALJ* 43 175 308.

41 2 1.

42 In Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding tot die regswetenskap* (1982) 299.

43 Vgl die afsonderlike uitspraak van Schreiner AR in *Fellner v Minister of Interior* 1954 4 SA 523 (A) 542: "It is well established that this Court applies the principle of precedent in the form that it is bound by its own previous decision, unless it is satisfied that that decision was plainly wrong . . . The previous decision is qualifiedly and not absolutely binding. In this respect our adherence to *stare decisis* differs from that of the House of Lords, the Court of Appeal and a Divisional Court in England, but is similar to that of Courts in some other parts of the Commonwealth and in the United States of America."

44 Van Zyl 300.

45 *Idem* 304.

46 *Idem* 305 vn 86: "Hofuitsprake is botsend as hulle van mekaar verskil onder omstandighede waar die vroeëre(s) nie in die latere(s) oorweeg en verwerp is nie. As daar wel so 'n verwerping plaasgevind het, het die vroeëre(s) weggeval as sg presedent(e) en is daar dus geen botsing nie."

47 Vgl Kahn 183 317–318; Van Zyl 305.

48 Vgl Kahn 314; Van Zyl 305: "As 'n mens egter bedink dat nòg die ouere nòg die jongere uitspraak gekwalifiseerde gebondenheid vir 'n *gelyke* hof meebring, wil dit voorkom dat nòg die ouere nòg die jongere uitspraak *absolute* gebondenheid vir 'n laer hof, of 'n hof saamgestel uit minder regters, behoort mee te bring. In beginsel behoort so 'n hof dus 'n vrye keuse tussen die botsende uitsprake te hê en behoort selfs vry te wees om tot sy eie, selfstandige beslissing te kom."

49 Labuschagne "Chronologisisme, strydige bepalings en wetsuitleg" 1995 *TRW* 193; "Uitleg van strydige bepalings: 'n Nuwe wending" 1991 *De Jure* 201.

chronologistiese benadering tot regsvinding en -vorming arbitrêr en sonder 'n geregtigheidsbasis. Trouens, dit is nie met die regstaatidee versoenbaar nie.[50]

Die posisie ten aansien van absolute gebondenheid aan voorafgaande uitsprake is, in 'n neutedop saamgevat, in Suid-Afrika soos volg: uitsprake van die Appèlhof[51] bind alle (hiërargies) ondergeskikte howe.[52] Die Appèlhof self is blykbaar nie gebonde aan sy voorafgaande, ook "voller" hof-, uitsprake nie.[53] Landdroshowe binne die jurisdiksiegebied van die betrokke hoë hof (hooggeregshof)[54] is absoluut gebonde aan laasgenoemde se uitsprake. 'n Hof met een (of twee) regter(s) is insgelyks gebonde aan 'n beslissing van dieselfde hof bestaande uit meer regters.[55] Die vraag of landdroshowe binne 'n spesifieke jurisdiksiegebied aan mekaar se uitsprake gebonde is, is (veral hedendaags) 'n strydvraag onder juriste.[56] Die opkoms van die regstaatidee en die prioritisering van fundamentele waardes en menseregte in Suid-Afrika het onvermydelik 'n effek op die status, aard en inhoud[57] van die *stare decisis*-reël. Hierdie problematiek word in die verdere bespreking aan die orde gestel.

In die Duitse reg kan 'n hof van 'n beslissing van 'n voorafgaande (ook hoër) hof afwyk indien dit behoorlik gemotiveer word. Ontbreek sodanige motivering word die verbod op regterlike willekeur ("Willkürverbot"), beliggaam in artikel 20(3) van die Duitse Grondwet, geskend.[58] Dit is in beginsel ook die benadering in die Nederlandse reg[59] en in die Verenigde Arabiese Emirate.[60]

---

50 Vgl Labuschagne "Regmatige verwagting, redematige administratiefregspleging en die menseregtelike status van fiksies" 1997 *SAPR/PL* 522 530–531.

51 Sien nou a 168 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Al sou sommige van die howe tans, soos die hoogste hof van appèl, anders genoem word, word daarna as die Appèlhof verwys, die benaming wat algemeen deur juriste oor die jare, en nog steeds, gebruik word.

52 *Collett v Priest* 1931 AD 290 297; *Ex parte Sadie* 1940 AD 26 30; *R v Lusu* 1953 2 SA 484 (A) 491–492; Van Zyl 306.

53 Van Zyl 306.

54 Sien a 169 van die Grondwet.

55 Vgl Van Zyl 306–307. Vgl verder oor die *stare decisis*-problematiek in die destydse hooggeregshowe in Suid-Afrika Oelschig, Midgley en Kerr "Stare decisis in provincial and local division" 1985 *SALJ* 370; Midgley "Stare decisis and conflicting full-bench decisions" 1987 *SALJ* 35.

56 Vgl Kahn 324; Van Zyl 309; Dendy "Stare decisis and the maverick magistrate" 1990 *SALJ* 104; Kerr "Stare decisis in magistrates' courts and in the Supreme Court" 1990 *SALJ* 551; Dendy "Stare decisis and magistrates' lib: A reply to Professor Kerr" 1993 *SALJ* 340; Kerr "Further consideration of stare decisis" 1994 *SALJ* 167 171.

57 Vgl ten aansien van jurisdiksionele probleme Kerr "Stare decisis in a reunited state. The dependant's action where the deceased's obligation was in customary law. Public policy concerning polygamous marriages" 1996 *SALJ* 222.

58 BVerfG, Beschl v 19/7/1995, NJW 1995, 2911; Labuschagne "Menslike waardigheid, regterlike onpartydigheid en redematige strafregspleging" 1996 *Obiter* 323 324.

59 Sien Van Delden "Samenwerking tussen rechters" 1989 *NJB* 1642; Corstens en Vegter "Samenwerking tussen strafrechters" 1989 *NJB* 1635; Leijten "Het zal je hof maar wezen" 1997 *NJB* 1065; Corstens "Eenheid van rechtspraak" 1998 *NJB* 297; Snijders "Wordt de samenwerkende rechter tot bestuurder en/of wetgewer?" 1997 *NJB* 1793 1797: "Een argument dat tegen de klassieke angelsaksische precedenten-stelsels wordt aangevoerd, namelijk de verstarrende werking die ervan uitgaat ('starre' decisis), mag bij ons geen opgeld doen. De wetgever heeft de mogelijkheid van wetswijziging, een mogelijkheid waartoe het parlement of de publieke opinie het aanzet. De rechter heeft tot dusverre altijd de mogelijkheid gehad om soepel met precedenten om te gaan. Voor zover rechterlijke samenwerking bindende afspraken oplevert, behoren deze ook stelselmatig op hun actuele waarde bezien en zonodig bijgesteld te worden ... Voor zover de rechter afwijk van een rechterlijke afspraak die geacht kan worden rechtskracht voor de betrokken rechters te hebben, lijkt een motiveringsplicht voor afwijking met toetsing in cassatie aangewezen, voor zover althans cassatie tegen betrokken uitspraken openstaat."

60 Al Tamimi "Rulings of the courts of cassation in the United Arab Emirates" 1995 *Middle East Comm LR* 176 177: "The doctrine of *stare decisis* is not applicable to UAE courts and precedents are, strictly speaking, not binding on courts even if they happen to be decisions of

vervolg op volgende bladsy

4 FUNKSIES WAT TRADISIONEEL AAN DIE *STARE DECISIS*-REËL TOEGESKRYF WORD

Die behoefte aan die *stare decisis*-reël is met verloop van tyd vanuit verskeie hoeke gemotiveer. Hierdie motiverings of funksies sou beswaarlik in denkdigte kompartemente verdeel kon word. Teen dié agtergrond kan die volgende vermeld word:

(a) Dit respekteer kollektiewe wysheid

Dit is by geleentheid ten aansien van die Supreme Court van die VSA gesê dat "(l)ong-standing precedents reflect 'the wisdom of this Court as an institution transcending the moment'".[61] Die rasionele[62] behoort egter onder geen omstandigheid aan gesag of mag, as sodanig, ondergeskik gestel te word nie.[63]

(b) Dit bevorder die legitimiteit van en openbare vertroue in die regsprekende gesag

Die *stare decisis*-reël beliggaam 'n versekering aan die publiek dat howe se beslissings nie arbitrêr is nie en dat hofbeslissings "[are] hedged about by precedents which are binding without regard to the personality of [their] members".[64] Dit is interessant om daarop te let dat omstandighede van so 'n aard kan wees dat die presedentestelsel die effek kan hê om 'n regstelsel wat in 'n legitimiteitskrisis verkeer, te perpetueer. So verklaar Cloete[65] ten aansien van die voormalige Suid-Afrikaanse regsorde:

> "If one looks at the current precedent system existing in our law, and the role it has played in maintaining a juridical and political *status quo* which is detrimental to the interests of the majority of the people of our country, one realizes that binding precedents could easily become perpetuations of the ignorance and prejudice of individuals of the past."

Cameron[66] stel die vraag of die regsprekende gesag aan die siening van die meerderheid, in 'n demokratiese sin, verantwoording verskuldig is en wys dit, myns insiens tereg, soos volg af:

> "For one thing, it is offensive to the idea of the separation of powers, according to which the constitutional responsibilities of the judiciary differ from those of the legislature and the executive. In itself the separation of powers is no more than constitutional dogma. But it emphasizes that judging is different from the execution

---

a higher court with the exception of the Courts of Cassation which it will be seen are binding. In practice, however, subordinate courts usually treat precedents of higher courts as having persuasive value and try, as far as possible, to decide cases in line with precedents."

61 Anoniem "Constitutional stare decisis" 1990 *Harvard LR* 1344 1349 met verwysing na *Welch v State Dep't of Highways and Pub Transp* 483 US 468, 479 (1987) waarin die afwykende beslissing van Frankfurter R in *Green v United States* 355 US 184, 215 (1957) met goedkeuring aangehaal word.

62 Vgl Koehler 859 wat uit Marshall R se afwykende mening en kritiek teen sy ampsbroers in *Payne v Tennessee* 501 US 808, 844 (1991) aanhaal: "Power, not reason, is the new currency of this Court's decision-making."

63 Sien Easterbrook "Stability and reliability in judicial decisions" 1988 *Cornell LR* 422; Anoniem 1349: "Because precedent represents not only the experience of other judges, but also their different talents and expertise, stare decisis enables judges to draw on the knowledge of their peers."

64 White R in 'n afwykende uitspraak in *Pollock v Farmer's Loan and Trust Co* 157 US 429, 652 (1895) met goedkeuring aangehaal deur Anoniem 1349. Vgl McKeever *Raw judicial power? The supreme court and American society* (1995) 28–47.

65 "Codification and *stare decisis* in a new South African legal order" 1991 *TRW* 58 68.

66 "Judicial accountability in South Africa" 1990 *SAJHR* 251 254. Cf Pickett "The Canadian judicial system" 1997 *Consultus* 133 135–136. Vgl Fombad "Judicial power in Cameroon's amended Constitution of 19 January 1996" 1996 *Lesotho LJ* 1 9 *et seq.*

> of government policy and from law-creation by the legislature. And it delineates the particular responsibility of the judiciary in two important areas : . . . (a) upholding the rule of law (in the modest sense of ensuring that executive power is exercised only according to law); and (b) protecting individual rights and the rights of minorities (ensuring that despite public or executive sentiment laws are interpreted and applied at least according to fundamental judicial precepts like that of formal equality). None of these functions could be realized if judicial accountability entailed subservience to majority (or, in a racial oligarchy, executive) feeling."

In 'n oningeligte, robuuste en 'n pluralisties-verdeelde regstaat sal 'n "legitieme" regsprekende gesag 'n ekshibisionistiese en selfs 'n pretensievolle beeld moet reflekteer; met ander woorde plurieë,[67] binne die betrokke staat, sal in een of ander vorm op die regbank gereflekteer moet word.[68]

'n Ingeligte en regsverfynde publiek, soos in 'n effektiewe en geregtigheidsensitiewe regstaat die geval behoort te wees, sal die regsprekende gesag[69] slegs as legitiem aanvaar, en vertroue in hulle onpartydigheid en konsistensie behou, indien die howe se oordeel rasioneel en waardematig, oortuigend en regstaatmatig is.[70] Deur diepliggende beginselskommelinge te inhibeer, koester die *stare decisis*-reël openbare stabiliteit deur morele verwarring en geestelike onrus te voorkom.[71]

(c) Dit dra by tot die transendering van die mensfaktor in regspraak

Navorsing van psigososiale wetenskaplikes lê duidelik bloot dat persoonlike eienskappe en waardes van regters hulle beslissings beïnvloed.[72] Aangesien 'n algehele waardevrye en persoonontkoppelde objektiwiteit nie moontlik is nie, is dit van kardinale belang dat lede van die regsprekende gesag opsiematig goed ingelig en bewus moet wees van hulle persoonlike vooroordele en tekortkominge. Selfkennis, asook interne en eksterne meganismes om ongemotiveerde vooroordele te herken en te bestry, vorm 'n hoeksteen van 'n betroubare en geregtigheidsoriënterende regsprekende gesag.[73] Die irrasionele by die betrokke regter(s) moet normatief, veral by wyse van nougesette respektering van toepaslike proses- en bewysreëls, en deur opleiding asook selfevaluering en -kennis voortdurend beveg word.[74] Maltz[75] wys daarop dat dit as 'n kernwaarde in die VSA (en ander regstate) gereken word dat beginsels wat die gemeenskap orden, beliggaam moet wees in

---

67 Ten aansien van dié begrip sien Labuschagne "Menseregtelike en strafregtelike bekamping van groepsidentiteitmatige krenking en geweld" 1996 *De Jure* 23 en "Die misdaadkonkurrensie van grafskending en pluriekrenking" 1998 *THRHR* 684.

68 Vgl Mokgatle "The exclusion of Blacks from the South African judicial system" 1987 *SAJHR* 44; Dlamini "The appointment of Blacks as judicial officers" 1990 *Consultus* 31; Dlamini "Apartheid and the black judge" 1989 *SAJHR* 246.

69 Wallace 199; Schauer 601–602.

70 Rehnquist 347.

71 Vgl Anoniem 1350: "The need to ensure 'legitimacy' is especially compelling in constitutional law because overruling opinions may 'transform' entire areas of the law as well as fundamental social relationships."

72 Smith *Courts, politics and the judicial process* (1997) 201–210; Carp en Stidham *Judicial process in America* (1996) 405–408; Langenbucher 93.

73 Vgl hieroor Alexy "Rechtssystem und praktische Vernunft" 1987 *Rechtstheorie* 404 418; Gizbert-Studnicki "Das hermeneutische Bewußtsein der Juristen" 1987 *Rechtstheorie* 344 366–367.

74 Sien bv Herdegen "Die revisionsgerichtliche Kontrolle der Beweiswürdigung – Diskussionsbeitrag" in *Arbeitsgemeinschaft Strafrecht des DAV* (red) *Rechtsicherheit versus Einzelfallgerechtigkeit* (1992) 30 33.

75 "The nature of precedent" 1988 *North Carolina LR* 367 371.

"rules of law and not merely the opinions of a small group of men who temporarily occupy high office".[76] Hierdie grondwaarde van 'n regstaat word op twee wyses deur die *stare decisis*-reël herbevestig: Eerstens koester dit die beeld van sekerheid en onpartydigheid deur die verskaffing van 'n "neutrale gesagsbron" waarop regters ter motivering van hulle beslissings kan steun. In die tweede instansie het die *stare decisis*-reël die neiging om die impak van individuele regters op regsvorming te beperk.[77] Dit stimuleer derhalwe judisiële terughoudendheid ("judicial restraint") in die regskeppingsproses. In die woorde van Wallace:[78]

> "Thus, *stare decisis* restrains an individualistic, idiosyncratic, or activist judge from injecting his or her own personal mores and beliefs into the law. The doctrine requires the judge to follow precedent rather than fashion his or her own rule. The advantages of *stare decisis* are thus two-fold: (1) it acts as an effective restraint upon the commission of error in that it compels a judge to utilize and employ the reasoning and decisions of predecessors, and (2) prevents the infusion of bias and personal preferences. While this argument is valid only if the original judge was free from bias and error, in the abstract at least, it provides for correct decisions. *Stare decisis* in this regard, serves as a straitjacket, preventing future justices from abuse and derogation of law."[79]

(d) Dit bevorder gelyke behandeling van regsonderdane

Die *stare decisis*-reël, soos 'n anonieme kommentator[80] in die *Harvard Law Review* dit stel, "encourages the Court to be fair by reminding the Justices to treat like cases alike".[81]

O'Keefe[82] wys daarop dat die howe in die VSA konstitusionele en (ander) statutêre presedente verskillend behandel. Hierdie digotomie het 'n eenvoudige verklaring. Die wetgewer kan naamlik presedente wat op wetgewing gebou is, deur latere wetgewing ongedaan maak. Slegs die hof (in besonder die Supreme Court) of

---

76 Met beroep op Stevens R in *Florida Dep't of Health v Florida Nursing Home Ass'n* 450 US 147, 154 (1981). Sien ook Sizani "The role of the judiciary in democratic societies: Lessons for a post-apartheid South Africa" 1994 *TSAR* 560 561.

77 Sien ook Gerhardt "The role of precedent in constitutional decisionmaking and theory" 1991 *George Washington LR* 68 145; McNamara 1154; Smith 11.

78 201.

79 Vgl ook Eskridge "The case of the amorous defendant: Criticizing absolute stare decisis for statutory cases" 1990 *Mich LR* 2450; Schwartz "Rehnquist, *Runyon*, and *Jones* – The chief justice, civil rights, and stare decisis" 1995 *Tulsa LJ* 251 262; Easterbrook 425; Burton *Judging in good faith* (1998) xvi 53 bespreek deur Harwood 1998 *Law and Philosophy* 203; Monaghan "Stare decisis and constitutional adjudication" in Rakove (red) *Interpreting the constitution. The debate over original intent* (1990) 263.

80 1349.

81 Sien ook Cooper "Stare decisis: Precedent and principle in constitutional adjudication" 1988 *Cornell LR* 400; Schauer 595–596: "Among the most common justifications for treating precedent as relevant is the argument from fairness, sometimes couched as an argument from justice. The argument is most commonly expressed in terms of the simple stricture, 'Treat like cases alike.' To fail to treat similar cases similarly, it is argued, is arbitrary, and consequently unjust or unfair. We achieve fairness by decisionmaking rules designed to achieve consistency across a range of decisions. Where the consistency is among individuals at the same time, we express this decisional rule as 'equality.' Where the consistency among decisions takes place over time, we call our decisional rule 'precedent.' Equality and precedent are thus, respectively, the spatial and temporal branches of the same larger normative principle of consistency."

82 263 *et seq.* Vgl ook Eskridge "Reneging on history? Playing the Court/Congress/ President civil rights game" 1991 *Calif LR* 613 679 *et seq.*

'n konstitusionele wysiging kan aan konstitusionele presedente verander.[83] Ten aansien van die Konstitusie in die VSA verduidelik Chandler[84] soos volg:

> "It endures because it is still an unfinished work. Each generation of Americans provides new framers to devise ways to secure the blessings of liberty to ourselves and our posterity."

Dit wil egter nie sê dat howe konstitusionele presedente op 'n lukrake wyse kan hanteer nie. In die beslissing van die Supreme Court van die VSA in *Arizona v Rumsey*[85] word verduidelik dat "[a]lthough adherence to precedent is not rigidly required in constitutional cases, any departure from the doctrine of stare decisis demands special justification".[86] Hierdie benadering het 'n regstaatlike en bygevolg 'n rasionele basis en is daarom ook vir Suid-Afrika onderskryfbaar.[87]

(e) Dit bevorder regsekerheid en ordelikheid

Koehler[88] se opmerking dat die *stare decisis*-reël 'n hersenskim ("chimerical myth") is, is, vir sover dit na die eksakte en meganiese aanwendbaarheid daarvan verwys, ongetwyfeld korrek. Die regswerklikheid, soos die mens se geestelike en kulturele werklikheid in die algemeen, sal altyd 'n brose onderbou hê. Die *stare decisis*-reël beliggaam wesenlik 'n onontbeerlike ideaal wat gerig is op die neutralisering van willekeur.

Die grondslag van die funksie van die *stare decisis*-reël in dié verband is dat regsonderdane hulle aktiwiteite rig op en vertroue vestig in geartikuleerde regsreëls. Wasserstrom[89] merk tereg op dat "the failure to give effect to those activities and commitments which were undertaken *in justified reliance* upon the pronouncements of that system could serve, arguably, only to make the legal system ill-conceived, irresponsible, and vicious".[90]

In die saak *Mine Workers Union v Prinsloo*[91] wys appèlregter Greenberg daarop dat 'n "decision by this Court would have a retrospective effect, unlike a legislative enactment, which could preserve existing rights".[92] Gewysdereg, anders as wetgewing, ontstaan uiteraard eers na die betrokke handeling of gebeurtenis. Dit het in dié sin, asook ten aansien van soortgelyke gevalle, terugwerkende krag. Geregtigheid verg egter dat in gevalle waar die hof van 'n presedent afwyk, in sekere omstandighede slegs prospektiewe werking aan gewysdereg toegeken word.[93] Howe,

---

83 Sien ook Wallace 194 en 249; Padden 1715 *et seq*; Kinsler "Sensible application of stare decisis or a rewriting of the Constitution: An examination of *Helling v Kinney*" 1994 *Saint Louis Univ Public LR* 705; Rehnquist 345.

84 "Forward" in Ontiveros (red) *The dynamic constitution. A historical bibliography* (1986) xi xiv.

85 467 US 203, 212 (1984) aangehaal deur Rycroft "The doctrine of stare decisis in Constitutional Court decisions" 1995 *SAJHR* 587 588.

86 Vgl ook Laird 467.

87 Sien ook Laird 592; Jazbhay "Stare decisis. Are courts bound thereby in the interpretation of the interim Constitution?" 1996 *De Rebus* 37.

88 891.

89 *The judicial decision* (1969) 67 met goedkeuring aangehaal deur Wallace 196.

90 Sien ook Maltz 368; Schauer 597: "The most commonly offered of the substantive reasons for choosing strong over weak precedential constraint is the principle of predictability. When a decisionmaker must decide this case in the same way as the last, parties will be better able to anticipate the future. The ability to predict what a decisionmaker will do helps us plan our lives, have some degree of repose, and avoid paralysis of foreseeing only the unknown."

91 1948 3 SA 831 (A) 852.

92 Sien ook Padden 1692; Labuschagne "Retroaktiewe wetgewing" 1986 *SAPR/PL* 135 138 149.

93 Labuschagne "Die sekerheidsbasis van die strafreg" 1988 *SAS* 52 66.

veral hoërhowe, behoort self in gepaste omstandighede uitdruklik te beslis dat 'n nuut gevormde presedent slegs vir toekomstige gevalle geld.[94] Misbruik van die reg, ook die gewysdereg en bygevolg die *stare decisis*-reël, behoort egter onder geen omstandighede geduld te word nie.[95]

(f) Dit bevorder administratiewe doeltreffendheid en vergemaklik die regterstaak Regter Cardozo[96] verduidelik in dié verband soos volg:

> "[T]he labor of judges would be increased almost to the breaking point if every past decision could be reopened in every case, and one could not lay one's own secure bricks on the secure foundation of the courses laid by others who had gone before him."[97]

Dit het bykomend die effek dat 'n regter nie elke keer die persoonlike verantwoordelikheid op hom/haar moet neem om nuwe reg *in vacuo* te skep nie.[98] 'n Regter se verantwoordelikheid word as 't ware deur die *stare decisis*-reël gebuffer.

5 DIE EFFEK VAN DIE EVOLUSIE VAN KENNIS EN DIE VERANDERING VAN WAARDES OP DIE *STARE DECISIS*-REËL

Padden[99] wys daarop dat daar tradisioneel drie omstandighede is wat die omverwerping van 'n presedent magtig: (a) indien daar intussen regsontwikkeling plaasgevind het wat dit sanksioneer; (b) indien dit blyk dat dit onwerkbaar is; en (c) indien dit verouderd is of nie met kontemporêre waardes sinchroniseer nie. In *Digesta* 1 3 17 word die volgende verklaar: *scire leges non hoc est verba earum tenere sed vim ac potestatem* (om wette te ken, beteken nie slegs om die woorde daarvan te verstaan nie maar ook hulle krag en impak (effek)).[100] Wat Justinianus duidelik hiermee laat blyk, is dat hy daarvan bewus was dat die reg nie staties is nie. Daar bestaan 'n dimensie van 'n wet wat buite die woorde daarvan gevind word. Die krag en impak (of effek) van 'n wet sou hieruitvoortvloeiend gemeet word aan uitwendige en dinamiese omstandighede,[101] wat uiteraard nie deurgaans dieselfde is nie.

Reg is reeds vroeg in die moderne Europese geskiedenis met die menslike rede in verband gebring. So verduidelik Cicero:[102] *Lex est summa ratio insita in natura*

---

94 Vgl die Duitse sake BVerfG, Beschl v 22/6/1995, NJW 1995, 2624; BFH, Beschl v 11/3/1998, NJW 1998, 2552.

95 LG Koblenz, Urt v 30/10/1996, NStZ-RR 1997, 104; Labuschagne "Openbare onsedelikheid en ekshibisionisme met 'n kunspenis" 1998 *SAS* 84; Labuschagne "Die dinamiese aard van die inhoud van die misdaad aanranding en geregtigheidskonforme analogie in die strafreg" 1998 *THRHR* 482 487.

96 *The nature of the judicial process* (1921) 149 met goedkeuring aangehaal deur Wallace 200.

97 Sien ook Schauer 599–601; Maltz 370–371; Padden 1692: "From an institutional standpoint, stare decisis laudably promotes efficiency. Once a previous court has addressed difficult policy questions, subsequent courts need not expend time and resources to readdress those issues, but can rely on the wisdom of the previous court. However, it is possible that this rationale is also overstated because the subsequent court must still determine what precedent exists, and whether or not it applies to the particular facts of the case before the court. In addition, if a party advocates that the subsequent court should overrule the precedent, the subsequent court may be required to reexamine the policy rationales underlying the first decision. Finally, efficiency alone is not an adequate justification. Although quick decisions are desirable, it is usually better to decide a case correctly and slowly than incorrectly and quickly."

98 Stevens "The lifespan of a judge-made rule" 1983 *New York Univ LR* 1 2. Vgl ook Bronaugh "Persuasive precedent" in Goldstein (red) *Precedent in law* (1987) 217.

99 1694.

100 Hierdie teks is aangebring in die leeskamer en word in 'n losblad, met 'n vertaling, versprei onder die titel *Legal maxims in Langdell*, Harvard University (Cambridge, Massachussetts, VSA).

101 Rouland *Legal anthropology* (1994) 179 wys tereg daarop dat geen regsreël staties is nie.

102 *De legibus* 1 4 18; *Legal maxims in Langdell supra*.

(reg is die hoogste rede in die natuur ingeprent). 'n Presedent wat nie 'n rasionele basis het nie, of waarvan die rasionele basis weggeval het, het nie bestaansreg nie.[103] Die voorstel van 'n evoluerende benadering tot wetsuitleg wat Eskridge[104] maak, waarvolgens met 'n statutêre presedent weggedoen behoort te kan word indien "its reasoning has been exposed as problematic and its results pernicious, and it has not broadly influenced subsequent lawmaking and private planning" kom vir my as sinvol voor.[105] Die ontplooiing van die wetenskap en menslike kennis, die kognitiewe- of die bewussynsantropologiese derhalwe, het 'n dinamiese aard wat die bestaansreg van 'n presedent voortdurend onderworpe stel aan rasionele heroorweging.[106] Trouens, soos elders[107] aangetoon, is kennis- en insigmatige interaksie en kontrole, oor 'n wye front, van wesenlike belang vir 'n legitieme, kreatiewe en effektiewe regbank.[108]

In *Smith v Allwright*[109] verklaar regter Roberts van die Supreme Court in die VSA soos volg in 'n afwykende uitspraak:

> "The reason for my concern is that the instant decision, overruling that announced about nine years ago, tends to bring adjudications of this tribunal into the same class as a restricted railroad ticket, good for this day and train only. I have no assurance, in view of current decisions, that the opinion announced today may not shortly be repudiated and overruled by justices who deem they have new light on the subject. In the present term the court has overruled three cases."

In die lig van die hedendaagse ontploffing van kennis is dit egter onvermydelik dat die howe nuwe kennis, insluitende historiese kennis,[110] al sou dit van resente oorsprong wees, by regsinterpretasie en regsvorming moet verreken.[111] Slegs 'n

---

103 Sien McNamara 1157. Wetgewing wat nie 'n rasionele basis het nie, het insgelyks nie bestaansreg nie. A 13(IA) van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996 bepaal bv soos volg: "Indien 'n geskilpunt in 'n saak voor 'n landdroshof of 'n Hoë Hof ontstaan wat van daardie hof vereis om hierdie Wet uit te lê of toe te pas en (a) geen mondelinge getuienis gelei is nie, moet sodanige hof die saak na die *Hof* oorplaas en mag geen verdere stappe in die saak in sodanige hof gedoen word nie . . ." Hoe 'n mens hoegenaamd met enige wetgewing kan omgaan sonder om dit te interpreteer, is onduidelik. Trouens, dit is 'n grap!

104 "Overruling statutory precedents" 1988 *Georgetown LJ* 1361 1385; O'Keefe 278.

105 Sien ook Devenish *Interpretation of statutes* (1992) 141 met verwysing na die Engelse saak *Attorney-General v Edison Telephone Co of London* (1880) 6 QBD 244 en Labuschagne "Gewone betekenis van 'n woord, woordeboeke en die organiese aard van wetsuitleg" 1998 *SAPR/PL* 145 148.

106 Labuschagne "Kennispyn: 'n bewussynsantropologiese perspektief op die evolusieproses van die persoonlikheidsreg" 1998 *THRHR* 313 316–317; Wank *Die Auslegung von Gesetzen* (1997) 43.

107 Labuschagne "Tussen onafhanklikheid en tirannie: Opmerkinge oor die kontrole-meganismes van die regsprekende gesag" 1993 *De Jure* 347 354–356.

108 Sien ook Cameron 253; De Villiers "Dra die keiser klere? Diskresie en wetteloosheid in strafregspleging – *quo vadis* Suid-Afrika?" 1997 *TSAR* 615 621 *et seq*; Steyn "The role of the bar, the judge and the jury: Winds of change" 1999 *Public Law* 51 58.

109 321 US 649, 669 (1944) met goedkeuring aangehaal deur Stevens 3 vn 17.

110 Sien *R v Nxumalo* 1939 AD 580 586–586; Van Zyl 307. Vgl in die algemeen Gordon "Critical legal histories" 1984 *Stanford LR* 57. Odersky "Rechtsgeschichte und Rechtsprechung" 1991 *Deutsche Notar-Zeitschrift* 108 118 wys daarop dat die regslandskap nie ontkoppel van die geskiedenis verstaan kan word nie en dat die historiese by inhoudgewing aan die geregtigheidsbegrip nie misgekyk mag word nie.

111 Labuschagne "Tussen onafhanklikheid en tirannie: Opmerkinge oor die kontrolemeganismes van die regsprekende gesag" 1993 *De Jure* 347 354–356; Smith "Hermeneutiek" in Cliteur, Labuschagne en Smith (reds) *Rechtsfilosofische stromingen van de twintigste eeuw* (1997) 199 206; Meuwissen "Dialecktiek, hermeneutiek en recht" in Kamstra, Kunneman en Maris (reds) *Nederlandse rechtswetenschap* (1988) 299 304; Crête, Normand en Copeland "Law reporting in nineteenth century Quebec" 1995 *J of Legal History* 147. Volgens Theune "Die revisions-

vervolg op volgende bladsy

regstelsel wat 'n rasionele (kennismatige) legitimiteit besit, kan sinvol en effektief funksioneer.[112] Die evolusionêre basis van kennis verskaf aan die *stare decisis*-reël, wat geregtigheidsmatig sinvol in kennis geanker moet wees, 'n onsekere dimensie.[113] Hieruit blyk ook meteens dat 'n voortdurende (kennismatige) interaksie behoort te bestaan tussen die wetenskap, waarby inbegrepe word die regswetenskap, en die regsprekende gesag, asook die regsprofessie in die algemeen.[114]

O'Keefe[115] wys daarop dat 'n (rasionele) uitsondering op die *stare decisis*-reël bestaan "when the statutory precedent is inconsistent with other statutory precedents, especially if the precedent was not the product of careful reasoning or appropriate consideration by the Court".[116] Die Suid-Afrikaanse Appèlhof[117] – tans genoem die Hoogste Hof van Appèl – het duidelik te kenne gegee dat dit 'n presedent wat nie met die basiese beginsels van ons reg sinchroniseer nie omver sal werp. Wat duidelik blyk, is dat 'n presedent wat op navolging aanspraak maak, nie net rasioneel

---

gerichtliche Kontrolle der Beweiswürdigung des Tatrichters" in *Arbeitsgemeinschaft Strafrecht des DAV*, 13 14 is regsvorming onderworpe aan wetenskaplike kennis, die reëls van logika en ervaring ("Erfahrungssätze"). Sien ook Säcker "Zur demokratischen Legitimation des Richter – und Gewohnheitsrechts" 1971 *ZRP* 145 147; Koch "Zur Rationalität richterlichen Entscheidens" 1973 *Rechtstheorie* 183 197 *et seq*.

112 Vgl McNamara 1156; Schaefer "Forward: Stare decisis and the 'law of the circuit'" 1979 *De Paul LR* 565 567; Easterbrook "Stability and reliability in judicial decisions" 1988 *Cornell LR* 422 423: "Although the system of precedent impounds information and wisdom greater than any judge can bring to bear, no particular decision does so. A given case may have been tossed off between sandwiches or based on a factual blunder. In principle, modern judges have all the information available to their forbears, plus any discoveries in the interim, and the benefit of hindsight. Judges often decide cases on the basis of predictions about the effects of the legal rule. We can examine these effects – both for other strands of doctrine and for the world at large – and improve on the treatment of the earlier case. This possibility of improvement makes precedent unstable. It ought to be unstable, provided we can focus judges' attention and bring to the case sufficient care to be sure that our information exceeds that of the judges who acted earlier. Yet this also means that we do not have – never can have – a comprehensive theory of precedent, any more than we can have a complete theory of the 'just price' of wheat, or of when to spend more time studying the attributes of securities. There is an equilibrium degree of disequilibrium."

113 Easterbrook 422; O'Keefe 279; Labuschagne "Regsekerheid en betekeniskonstantheid by wetsuitleg" 1991 (2) *TRW* 15 16; Weinsheimer *Eighteenth-century hermeneutics* (1993) 12: die idee van 'n vasstaande waarheid word reeds weerlê deur die veelheid interpretasies daarvan.

114 Schrage "Van samenspel en wisselwerking" 1996 *WPNR* 6; LaForest "Who is listening to whom? The discourse between the Canadian judiciary and academics" in Markensinis (red) *Law making, law finding and law shaping: The diverse influences* (1997) 69 89.

115 276 met verwysing na Eskridge "Overruling statutory precedents" 1988 *Georgetown LJ* 1361 1372–1373.

116 Vgl ook Mattis en Mattis "Erie and Florida law conflict at the crossroads: The constitutional need for statewide stare decisis" 1994 *Nova LR* 1333; Brunner "Stare decisis in the elimination of the federal-state distinction in affirmative action cases" 1996 *Univ of Dayton LR* 779 792–794; Beaumont "Indirect effect of directives and stare decisis" 1988 *Scottish Law Gazette* 77; Easterbrook 425; Midgley "Stare decisis and conflicting full-bench decisions" 1987 *SALJ* 35 37; Wank 43.

117 *Dukes v Marthinusen* 1937 AD 12 22–23; Van Zyl 309; Kahn 189 vn 10 mvn verdere beslissings van die Appèlhof. Vgl ook Frankfurter R in *Helvering v Hallock* 84 L ed 604, 612 (1939): "We recognize that stare decisis embodies an important social policy. It represents an element of continuity in law, and is rooted in the psychologic need to satisfy reasonable expectations. But stare decisis is a principle of policy and not a mechanical formula of adherence to the latest decision, however recent and questionable, when such adherence involves collision with a prior doctrine more embracing in its scope, intrinsically sounder, and verified by experience."

fundeerbaar moet wees nie, maar sinvol binne die konstellasie van regsreëls (en -beginsels) struktureerbaar moet wees.[118] Die chronologiese is ook in dié verband van wesenlike belang: 'n voortydige presedent sou oneffektief kon wees![119] Ons howe het by herhaling beslis dat 'n voorafgaande presedent wat opsigtelik verkeerd is, nie deur 'n latere hof, blykbaar slegs van dieselfde presedent-hiërargiese status, gevolg hoef te word nie.[120] In *Bloemfontein Town Council v Richter*[121] verklaar appèlregter Stratford soos volg:

> "The ordinary rule is that this Court is bound by its own decisions and unless a decision has been arrived at on some manifest oversight or misunderstanding, that is, there has been something in the nature of a palpable mistake, a subsequently constituted Court has no right to prefer its own reasoning to that of its predecessors – such preference, if allowed, would produce endless uncertainty and confusion."[122]

Die begrip "manifest oversight" verwys klaarblyklik na onagsaamheid of 'n gebrek aan behoorlike navorsing en die begrip "misunderstanding" verwys na 'n gebrek aan begrip en insig, dit wil sê dit verwys na die rasionele. Waarom die hof sy bevoegdheid in dié begrip in dié verband tot 'n "palpable mistake" beperk, is onduidelik. Trouens, die inhoud daarvan is onseker. Geen ongeregtigheid, of dit nou op 'n "palpable mistake" gebaseer is of nie, behoort gekontinueer te word nie. Murphy en Pritchett[123] wys daarop dat verleentheidskeppende presedente dikwels bloot deur latere howe geïgnoreer word.

Volgens Krey[124] is drie vlakke of tipes regsvinding/regsvorming onderskeibaar, naamlik (i) *secundum legem*, dit wil sê die tradisionele wetsuitlegaksie en norm-konkretisering; (ii) *praeter legem*, met ander woorde wetsvoltooiende leemtevulling; en (iii) *contra legem*, dit wil sê "wetstrydige" regsvorming.[125] Hy wys later daarop dat twee uitsonderinge op die *contra legem*-verbod bestaan:[126] (i) Daar word van die regsprekende gesag verwag om te verseker dat wetgewing met die Grondwet sinchroniseer; en (ii) die regsprekende gesag moet in geval van waardestrydighede binne 'n wet(te) (en/of gewysdereg en/of gemenereg) waardesinchronisering bewerkstellig. Wetgewing en regsnorme in die algemeen moet in 'n regstaat grondwetmatig of -konform ("Verfassungskonform") wees.[127] Dit moet ook met

---

118 Seiler *Höchstrichterliche Entscheidungsbegründungen und Methode im Zivilrecht* (1992) 104–105 215 wys daarop dat norme so uitgelê behoort te word dat "Unzuträglichkeiten, Unpraktizierbarkeiten oder Unbilligkeiten" (nadelighede, onpraktiseerbaarhede of onbillikhede) vermy word. Sien ook Krey "Gesetztreue und Strafrecht" 1989 *ZStW* 838 869.

119 Bauman *Hermeneutics and social science* (1978) 47.

120 Sien bv *Collett v Priest* 1931 AD 290 297 per De Villiers HR: "But when once the meaning of words in a section of an Act of Parliament has been authoritatively determined by this Court that meaning is the meaning which has to be given to those words in that section by all the Courts in the land. Even this Court is bound and cannot depart from the meaning so laid down except when it is clear to the Court that in so doing it erred." Sien ook *Fellner v Minister of the Interior* 1954 4 SA 523 (A) 542; Van Zyl 307.

121 1938 AD 195 232.

122 Sien ook *R v du Preez* 1943 AD 562 583.

123 *Courts, judges, and politics* (1986) 389–401.

124 "Zur Problematik richterlicher Rechtsfortbildung contra legem" 1978 *JZ* 361 (vervolg in 1978 JZ 428 en 465).

125 "Gesetzeskorrektur, Auflehnung des Richters gegen das Gesetz."

126 467–468.

127 Sien ook Pawlowski "Werte, Normen, Orientierung" in Häsemeyer, Pawlowski en Siburg (reds) *Rechtsprechung heute – Anspruch und Wirklichkeit* (1996) 99 100–101; Raiser "Richterrecht heute" 1985 ZPR 111 115; Ipsen "Rechtsprechung im Grenzbereich zur Gesetzgebung" in Achterberg (red) 435 447–448; Biaggini *Verfassung und Richterrecht* (1991) 339–357.

internasionale regsbeginsels, soos onder andere beliggaam in internasionale aktes van menseregte, versoenbaar wees.[128] In die algemeen kan gesê word dat in 'n regstaat geen plig op 'n regter rus om 'n ongeregtigheid te bewerkstellig of te kontinueer nie.[129]

In 'n insiggewende artikel oor die aard van regsdenke wys Devenish[130] daarop dat die toepassing van die presedentestelsel nie beteken dat die howe onthef word daarvan "to reach decisions on the basis of sound legal reasoning and value judgments" nie. Onderliggend aan die presedentestelsel lê 'n permanente en vaste basis van fundamentele regsbeginsels. Met beroep op Allen[131] word verklaar:

> "Throughout the whole application of the law, the principles are primary and the precedents are secondary, and if we lose sight of this fact precedents become a bad master instead of a good servant."

Waarop Devenish se siening, wat ek onderskryf, neerkom, is dat die presedentestelsel[132] ook binne 'n sekere historiese, sosiale, ekonomiese en filosofiese waardelandskap moet funksioneer. Die *stare decisis*-reël het myns insiens slegs geregtigheidswaarde as dit binne die breëre (rasionele) kennis- en waardelandskap in die betrokke gemeenskap sinvol kan funksioneer. Devenish[133] verwys vervolgens na Suid-Afrikaanse sake waarin die *stare decisis*-reël juis as gevolg hiervan versaak is. Hy noem dit "a triumph of reason over dogma".[134] Dit is interessant om daarop te let dat rede (rasionaliteit) en presedent deur die ou Engelse skrywers gelykgestel is.[135] Hobbes[136] stel die (heilige) soewerein (koning) se rede gelyk aan die "werklike" rede (*anima legis*; *summa ratio*). Die wetgewer, asook die howe, gebruik dikwels doelbewus vae begrippe, soms met 'n waardedinamiese kern, om latere betekenisgewers in staat te stel om regskeppend te kan optree.[137]

---

128 BVerfG, Beschl v 8/4/1987, BVerfGE 75, 223 241–244. Sien ook Krey 855ff; Bydlinski "Über die lex-lata-Grenze der Rechtsfindung" in Koller *et al* (reds) *Einheit und Folgerechtigkeit im Juristischen Denken* (1998) 27.

129 Spendel *Rechtsbeugung durch Rechtsprechung* (1984) 21–35.

130 "The nature of legal reasoning involved in the interpretation of statutes" 1991 *Stell LR* 224 237–238. Vgl Van Blerk "The role of the judiciary in post-independence Commonwealth Africa: Some observations" 1993 *Codicillus* 4 5 *et seq*.

131 *Law in the making* (1946) 242.

132 Dit is afgesien van die (rasionele) kennisgebondenheid daarvan, soos hierbo genoem. Vgl Warner "Legal reasoning, drift, drive and the rule in *Rylands v Fletcher*" 1996 *Juridicial R* 201; Otte "Die unbegrenzte Auslegung" 1998 *NJW* 1918 1919; Wank 73 *et seq*.

133 238–239.

134 Vgl Labuschagne "Regsakkulturasie en wetsuitleg" 1985 *THRHR* 64 77 *et seq*; Dendy "A cavalier approach to stare decisis" 1988 *SALJ* 411; Rokeach *The nature of human values* (1973) 286–312. Sien ook tav die VSA Monaghan "Stare decisis and constitutional adjudication" 1988 *Columbia LR* 723; Bratz "Stare decisis in lower courts: Predicting the demise of Supreme Court precedent" 1984 *Washington LR* 87 100: "Lower courts serve a valuable function by refusing to follow on point precedents in appropriate circumstances. While they cannot overrule Supreme Court precedent, lower courts can help clarify the law by determining that the Supreme Court has implicitly overruled a precedent. But this lower court authority to disregard precedent should not be limited to the implicit overrule context. Occasionally, lower courts confront precedents that are not implicitly overruled, but that the Supreme Court predictably would not follow. In such circumstances, and where prediction would not exceed the bounds of judicial propriety, lower court authority to disregard predictably impotent precedent should be recognized as a valid and valuable characteristic of the legal system."

135 Postema "Some roots of our notion of precedent" in Goldstein (red) *Precedent in law* (1987) 9 11.

136 Macpherson (red) *Leviathan* (1968) 317 aangehaal deur Postema 12.

137 Labuschagne "Nietigverklaring van wetgewing weens vaagheid" 1991 *SAPR/PL* 172 en "Vaebegripmatige besluitneming en die regstaatlike grense van redematige administratiefregspleging" 1998 *De Jure* 357.

Slegs die *ratio decidendi*, as norm- en waardedraende begrip, het in die presedentestelsel bindende krag. In die lig van die benadering wat in die onderhawige artikel gevolg word, verloor die tradisionele skerp onderskeid – al sou dit in sekere omstandighede tot heelwat rasionalisasies kan aanleiding gee – tussen die *ratio decidendi* van 'n saak en 'n *obiter dictum* wesenlike relevansie. Dit word derhalwe daar gelaat.[138]

6 DIE *STARE DECISIS*-REËL, NORMGLOSSERING EN DIE REGSTAATLIKE WAARBORG VAN VASTEPUNTORIËNTERENDE REGSDENKE

Die wetgewingsproses, soos elders[139] aangetoon, het 'n hiërargiese struktuur. Die regsprekende gesag vorm deel van dié proses, maar beklee 'n hiërargies laer status as die wetgewer, al sou 'n hof in regstaatlike verband 'n wetgewerswet, of 'n deel daarvan, nietig kon verklaar.[140] Dit is insiggewend dat dit juis binne die konteks van die *stare decisis*-reël is dat ons howe (ten minste vroeër) bereid was om te erken dat hulle ook 'n regskeppende funksie vervul. So verklaar appèlregter Schreiner in *Fellner v Minister of Interior*:[141]

> "For any binding quality, as distinguished from persuasiveness, to exist in the previous decision the *ratio decidendi* must be discoverable and must be found; this applies just as clearly where a Provincial Division is asked to give effect to a *legal rule flowing from a decision of this Court*[142] as where this Court is considering the effect of a previous decision of its own. The inquiry is the same."[143]

Dit moet voortdurend in gedagte gehou word dat 'n hof nie 'n ongebonde regskeppende funksie vervul nie. Die hof moet, as hiërargies ondergeskikte regskepper (wetgewingskakel), denkmatig,[144] dit wil sê in die gang van sy denkproses, by 'n

---

138 Van Zyl 302, na 'n analise van gewysderegtelike gesag, verduidelik die inhoud van die begrip *ratio decidendi* treffend soos volg: "Die *ratio decidendi* van 'n hofuitspraak is die regsreël of regsreëls waarop die hof hom beroep ter fundering van sy bevel . . . Die *ratio decidendi* bestaan nie slegs uit dié reël waarvan die toepassing deur die hof *direk* tot die hofbevel gelei het nie, maar ook dié reëls, indien enige, waarvan die toepassing *indirek* tot die hofbevel gelei het, selfs al kon die hof tot dieselfde beslissing geraak het deur die toepassing van ander reëls . . . Die reëls waarop die hof hom beroep moet 'nodig' vir die uitspraak wees; dit wil sê, daar moet *'n logiese verband* tussen die vermelding van die betrokke reël en die verkryging van die eindresultaat, die hofbevel, wees . . . As die hof hom op die bestaan van bepaalde regsreëls beroep as 'n blote aanvullende of bykomstige rede vir sy uitspraak, vorm daardie reëls nie deel van die *ratio decidendi* nie . . . Die hof se feitebevinding vorm ook nie deel van die *ratio decidendi* nie."

139 Sien bv Labuschagne "Die uitlegsvermoede teen staatsgebondenheid" 1978 *TRW* 42 61; "Die dinamiese aard van die wetgewingsproses en wetsuitleg" 1982 *THRHR* 402; "Regsdinamika: Opmerkinge oor die aard van die wetgewingsproses" 1983 *THRHR* 422; "Die konkurrensieproblematiek by wetsuitleg" 1986 *De Jure* 369 370–371. Sien ook Kennedy *A critique of adjudication* (1997) 23–38; Picker "Richterrecht oder Rechtsdogmatik – Alternativen der Rechtsgewinnung" 1988 *JZ* 162.

140 Sien ook Labuschagne "Gewone betekenis van 'n woord, woordeboeke en die organiese aard van wetsuitleg" 1998 *SAPR/PL* 145 147–148.

141 1954 4 SA 523 (A) 543.

142 My kursivering.

143 Sien ook Van Zyl 310 vn 102 waar na nog sake verwys word. Vgl ook Stone *Precedent and law. Dynamics of common law growth* (1985) 214; Abraham "Statutory interpretation and literary theory: Some common concerns of an unlikely pair" in Levinson and Mailloux (reds) *Interpreting law and literature* (1988) 115 117.

144 Vgl Aldisert "Precedent: What it is and what it isn't: When do we kiss it and when do we kill it?" 1990 *Pepperdine LR* 605 617: "In the law, the method of arriving at a general or, in the logician's language, a universal proposition (a principle or doctrine) from the particular facts of experience (legal rules or holdings of cases) is called *inductive generalization*. This is

vervolg op volgende bladsy

vaste punt in die regstelsel aanknoop.[145] Hierdie vaste punt is die struktuurreg.[146] Haverkate[147] verwys in dié verband na die normteks as bron van regsargumentering[148]en merk op dat die denkmetode die gevolg moet bewerkstellig en die gewenste gevolg nie die keuse van sodanige metode moet bepaal nie. Die struktuurreg bestaan uit die aanvanklike norm in die gemenereg of in 'n wet – wat 'n glos op die gemenereg kan wees[149] – en beliggaam die glosse wat die regsprekende gesag intussen daarop geskryf het.[150] Die vraagstuk van normglossering is by vorige geleenthede[151] meer diepgaande onder die loep geneem. Die inligting en argumente daarin geopper, word nie hier herhaal nie. Die regter is die finale skakel in die wetgewingsproses wat moet toesien dat, soos Rogge[152] dit noem "Einzelfallgerechtigkeit", dit wil sê geregtigheid in die konkrete geval voor hande, geskied.[153]

---

reasoning from the particular to the general." Vir 'n analise van die aard van regsdenke in dié verband sien ook Devenish "The nature of legal reasoning involved in the interpretation of statutes" 1991 *Stell LR* 224; Burton *An introduction to law and legal reasoning* (1995) 29 *et seq*; Postema 21 *et seq*; Wroblewski *The judicial application of law* (1992) 321 *et seq*; Levin *How judges reason. The logic of adjudication* (1992) 57–58; Tezner 22–59; MacCormick *Legal reasoning and legal theory* (1978) 19 ev. Vgl Easterbrook "Stability and reliability in judicial decisions" 1988 *Cornell LR* 422 433: "Precedent decentralizes decisionmaking and allows each judge to build on the wisdom of others."

145 Hirsch Ballin "Onafhankelijke rechtsvorming: Staatsrechtelijke aantekeningen over de plaats en functie van de Hoge Raad in de Nederlandse rechtsorde" in *De plaats van de Hoge Raad in het huidige staatsbestel* (1988) 211 233–235; Watson *Failures of the legal imagination* (1988) 35–36; Langenbucher 43; Cameron 261.

146 Labuschagne "Tussen onafhanklikheid en tirannie: Opmerkinge oor die kontrole-meganismes van die regsprekende gesag" 1993 *De Jure* 347 358–359.

147 *Normtext-Begriff-Telos. Zu den drei Grundtypen des juristischen Argumentierens* (1996) 2 22–27.

148 Dit is ook die standpunt van die Duitse konstitusionele hof – BVerfG, Beschl v 14/2/1973, BVerfGE 34, 269 284–285. Sien ook Müller *Richterrecht* (1986) 49; Gusy "Der Vorrang des Gesetzes" 1983 *Juristische Schulung* 189 194; Bydlinski "Hauptpositionen zum Richterrecht" 1985 *JZ* 149 153–155; Hilgendorf *Argumentation in der Jurisprudenz* (1991) 26–27; Fikentscher "Die Bedeutung von Präjudizien im heutigen deutschen Privatrecht" in Blaurock (red) *Die Bedeutung von Präjudizien im deutschen und französischen Recht* (1985) 11 22; Biaggini 283; Zippelius "Über die rationale Strukturierung rechtlicher Erwägungen" 1999 *JZ* 112 116.

149 Firdham and Leach "Interpretation of statutes in derogation of the common law" 1950 *Vanderbilt LR* 438 444.

150 Vgl O'Keefe 273: "[T]he Court's original interpretation of a statute becomes part of the legislation and any subsequent changes by the Court would be viewed as legislative in nature." Sien ook Garrn *Zur Rationalität rechtlicher Entscheidungen* (1986) 100; Aldisert 611–612; Smith 197. Vgl egter Wesley-Smith "Theories of adjudication and the status of stare decisis" in Goldstein (red) *Precedent in the law* (1987) 73 87: "Judges owe their fidelity, not to the pronouncement of predecessors, but to the law."

151 Labuschagne 1998 *SAPR/PL* 145; "Normglossering, regterlike betrokkenheid by vakkundige aktiwiteite en die organiese aard van wetsuitleg" 1999 *TSAR* 338; "Vrees, selfbedrog, pretensie en die dinamiese aard van geregtigheid: 'n Regsantropologiese evaluasie van die evolusie van die reëls van wetsuitleg" 1999 *SAPR/PL* 1. Vgl verder Müller 110; Oppenheimer "Richterliche Rechtsfortbildung und Gesetzgebung" 1983 *Kritische Vierteljahresschrift für Gesetzgebung und Rechtswissenchaft* 57. Bydlinski "Hauptpositionen zum Richterrecht" 1985 JZ 149 155 verwys na "subsidiäre Verbindlichkeit des Richterrecht" waaruit afgelei kan word dat die gewysdereg nie dieselfde bindingskrag as die wetsteks het nie.

152 "Der Einzelfall und das Gesetz" in Häsemeyer, Pawlowski en Siburg (reds) *Rechtsprechung heute – Anspruch und Wirklichkeit* (1996) 21 28 *et seq*.

153 Sien ook Theune 22; Radecker "*Rechtsethiologie* – Wirkungsforschung zum Recht" 1999 *NJW* 1686 1687.

Afgesien daarvan dat selektiewe rapportering, of andersindse publikasie, van hofuitsprake tot die ongewenste situasie kan lei dat uitgewers of ander betrokkenes die regspleging sou kon manipuleer en beheer, sou geregtigheid in iedere geval slegs optimaal[154] gedien kon word indien alle hofuitsprake vrylik beskikbaar is.[155] Hopelik sal die elektroniese media in die toekoms hierdie probleem kan help oplos.[156] Die belangrike posisie in die Suid-Afrikaanse regspleging van landdroshowe, waar die grootste hoeveelheid regspraak plaasvind, behoort in 'n toenemende mate erken te word, spesifiek ook deur rapportering van hulle (aanvanklik miskien slegs juridies belangrike) beslissings.[157]

7 KONKLUSIE

In die *Digesta*[158] word verklaar: *Iustitiam namque colimus et boni et aequi notitiam profitemur* (want ons koester geregtigheid en bely kennis van dit wat billik en regverdig is). Hierdie geregtigheid waarna verwys word, is nie staties van aard nie. Die heilige status wat die oervader (en sy opvolgers) gehad het, het tot gevolg gehad dat sy uitsprake as onfeilbaar beleef is. In hierdie fase het gevolglik slegs ruimte vir 'n rigiede *stare decisis*-reël bestaan. Die regsantropologies-universele dereligiëringsproses het die heilige oervader (asook sy opvolgers) egter uiteindelik as feilbare mense uitgewys.[159] Hierdie feit, gepaardgaande met die evolusie van kennis en menslike waardes, onderlê deur die dekonkretiseringsproses en 'n verskeidenheid ander regsantropologies-universele evolusieprosesse, soos hierbo[160] genoem, het 'n starre presedentestelsel ontman.[161] Die *stare decisis*-reël kan slegs geregtigheidskonform bestaan indien dit binne 'n veranderde (waarde- en spesifiek) regslandskap sinvol en rasioneel (kennismatig) motiveerbaar is.[162] 'n Rigiede regsekerheid is in

---

154 Vgl Snijders "Wordt de samenwerkende rechter tot bestuurder en/of wetgever?" 1997 *NJB* 1793 1797: "Rechters zijn niet onafhankelijk van de rechterlijke uitspraken van hun collegae. Ware dit anders, dan zouden zij onafhankelijk zijn van het recht zelf." Uit D'Oliveira ("Rechter die afstemmen en afhouden" 1999 *NJB* 377) se uiteensetting blyk tereg dat 'n te rigiede *stare decisis*-reël, veral by wyse van die stel van voorafgaande regspraak-riglyne, die regstaatlike aksioma van regterlike onafhanklikheid (en veral onpartydigheid) kan ondergrawe.

155 BVerwG, Beschl v 1/12/1992, NJW 1993, 675; BVerwG, Urt 26/2/1997, NJW 1997, 2694; Huff "Die Veröffentlichungspflicht der Gerichte" 1997 NJW 2651 2653; Biaggini 341; Olzen 163. Vgl Viljoen "Canonizing cases: The politics of law reporting" 1997 *SALJ* 318.

156 Brenner *Precedent inflation* (1992) 258.

157 Sien verder Cameron 259; Klopper "Die emansipasie van die landdros" 1993 *Consultus* 133; Whittle "Judging the magistrates. Lower courts' judiciary asserts independence as magistrates begin to speak out" 1995 *De Rebus* 534; Laue "The independence of the judiciary in the lower courts" 1995 *De Rebus* 519.

158 *D* 1 1 1 1; *Legal maxims in Langdell supra.*

159 Sien Baustein en Field 183; Lamprecht *Vom Mythos der Unabhängigkeit* (1996) 17; Labuschagne "Deliktuele aanspreeklikheid van die staat vir foute van die regsprekende gesag: Is die oervader uiteindelik ontheilig?" 1996 *THRHR* 479 en "Die deliktuele sanksie as kontrolemeganisme van die administratiefregspleging en die regsprekende gesag" 1996 *SAPR/PL* 582.

160 2 2 *supra.*

161 Vgl *Kleinwort Benson Ltd v Lincoln City Council* [1998] 4 All ER 513 (HL) 535 *et seq.*

162 Vgl Yarnold *Politics and the courts* (1992) 12; McKeever 28 *et seq*; Langenbucher 45; Labuschagne "Die leemtebegrip by wetsuitleg as anachronisme" 1999 *THRHR* 300. Om regstaatlike waardes en geregtigheid te verwesenlik, rus op die regsprekende gesag soms die taak om ordeningsleemtes aan te val en as "noodwetgewer" op te tree – Schubarth "Zur richterlichen Rechtsfortbildung" 1988 *Kritische Vierteljahresschrift für Gesetzgebung und Rechtswissenchraft* 86 95; Säcker 146 (praat van die aanvul van 'n "Bewertungslücke"); Labuschagne "Herroeping van wetgewing en die vulling van ordeningsleemtes" 1993 *Stell LR* 190.

'n regstaat aan geregtigheidsekerheid onderworpe. Op die regsprekende gesag rus die plig om te verseker dat 'n ongeregtigheid nie ter wille van handhawing van 'n starre presedente-stelsel gekontinueer word nie. Die benadering in die Duitse en Nederlandse reg[163] is derhalwe te verkies:[164] enige hof kan van 'n beslissing van enige ander hof afwyk indien dit kennismatig (rasioneel) sinvol en gevolglik motiveerbaar is en indien dit geregtigheidskonform is.[165] Hierdie benadering word onderlê deur die regsantropologies-universele waarneming dat die geregtigheidsbegrip 'n dinamiese, en daarom onsekere,[166] kern het.[167] Enige beginsel of reël of regspreker wat dit ontken of ondergrawe, is, in finale sin, in diens van ongeregtigheid.

It is time for legal scholars to stop chanting the slogans of the new constitutional order (democracy, accountability, openness, the rule of law, human dignity, equality, freedom, purposive interpretation, etc) and to start debating the meaning of our constitutional ideals and commitments. The first step in that direction is, in my view, a recognition of the contested nature of our legal ideals. Only once we have recognised that constitutional rules and principles are (often) susceptible to more than one plausible interpretation, and that the choice between such interpretations is a matter of judgment, *not of applying rules and principles in a mechanical fashion, can we hope to escape from the formalism that continues to pervade legal thinking in this country.*

Henk Botha "The constitutional right of access to court: Ernst & Young v Beinash 1999 1 SA 1114 (W); Beinash v Young 1999 2 BCLR 125 (CC)" 1999 SA Public Law 215 222.

163 3 *supra*. Sien ook MacCormick 227.

164 Pilny 201–203 wat 'n intensiewe studie in dié verband gedoen het, is van mening dat die Anglo-Amerikaanse en die Europese regstelsels nader aan mekaar beweeg.

165 Sien ook Ladeur "Gesetzesinterpretation, 'Richterrecht' und Konventionsbildung in kognitivistischer Perspektive" 1991 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 176 189–194; Weinberger "Juristische Entscheidungslogik" in Achterberg (red) 123 127 *et seq*.

166 Die onsekere dimensie wat 'n newe-effek van die dinamiese kern van die geregtigheidsbegrip is, is nie noodwendig van 'n ingrypende aard nie. In 'n regstaat is dit, weens die primêre status van die akte van menseregte, dikwels van 'n marginale aard – sien Labuschagne 1996 *SATE* 40 *et seq*.

The provisions of the Bill of Rights challenge the dichotomy between private law and public law. The public law status of the child as bearer of fundamental rights cannot be isolated from the private-law status of the child. The recognition of children's rights undoubtedly has practical implications for the parent-child relationship in private law. An underlying requirement for an appreciation of the nature and extent of these implications is an ideological and emotional acceptance of the idea of children's rights.

1 INLEIDING

In 1948 bevind die appèlhof in *Fletcher v Fletcher*[1] dat die beste belang van die kind die oorheersende oorweging in die verlening van 'n bewaringsbevel by egskeiding is. Bykans vyf dekades later word die maatstaf van die beste belang van die kind as deurslaggewende oorweging in elke aangeleentheid wat die kind raak grondwetlik in die Handves van Regte[2] verorden.

Die tydperk van byna vyftig jaar tussen die twee datums kan beskryf word as 'n nuwe era in die groter geheel van ontwikkelings in die ouer-kind verhouding. Daar moes gedurende hierdie tydperk gepoog word om 'n balans te vind tussen die beginsels van die Romeins-Hollandse reg[3] aan die een kant en sosiale en morele

1 1948 1 SA 130 (A).

2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 a 28(2).

3 Die tradisionele uitgangspunt in die Romeins-Hollandse reg was die voorkeur wat aan 'n vader se reg op bewaring verleen is waar die partye afsonderlik gewoon het maar daar nog geen egskeiding was nie. Daar kon slegs in uitsonderlike omstandighede op hierdie reg inbreuk gemaak word. Waar die huwelik deur egskeiding ontbind is, is bewaring aan die onskuldige party verleen. Die belang van 'n kind het 'n heeltemal ondergeskikte rol in die verlening van so 'n bevel gespeel: Hahlo en Kahn *The Union of South Africa* (1960) 368; Sornarajh "Parental custody: the

vervolg op volgende bladsy

oorwegings ter regverdiging van die maatstaf aan die ander kant. Daar was pogings deur die regbank[4] en in akademiese literatuur[5] om inhoud aan die maatstaf te verleen. Selfs statutêre verordening[6] van die begrip het egter geen groter helderheid gebring nie. Op 'n meer subtiele vlak moes daar ook regverdiging gevind word vir die gebruik van die beste belang as maatstaf in geval van inmenging met ouerlike gesag en gesinsverhoudings.

Die erkenning van kinderregte in die Suid-Afrikaanse reg verteenwoordig 'n verdere mylpaal in die ontwikkeling van die ouer-kind verhouding. Ratifikasie[7] van die Verenigde Nasies se Konvensie op die Regte van die Kind 1989 (hierna die 1989 Konvensie) plaas Suid-Afrika midde-in volkeregtelike strominge oor die aard, inhoud, implementering en beskerming van kinderregte. Die verlening van kinderregte in die Handves van Regte[8] en van fundamentele regte in die algemeen dring deur tot die kern van die ouer-kind verhouding soos tradisioneel in die Suid-Afrikaanse reg gesien. Knelpunte oor die implementering van die beste belang van die kind kort na die *Fletcher*-beslissing vervaag teenoor die moontlike implikasies waarmee nou rekening gehou moet word.

Kinderregte is op die oog af strydig met die gemeenregtelike benadering wat steun aan die uitoefening van ouerlike gesag in omvattende vorm verleen. Kinderregte verteenwoordig op die oog af, naas die maatstaf van die beste belang van die kind, 'n verdere beperking op die uitoefening van ouerlike gesag. Kinderregte verleen 'n status aan 'n kind[9] wat skynbaar strydig met die privaatregtelike status van 'n kind as onvolwasse en hulpelose persoon is.

Die erkenning van kinderregte is verder kontroversieel omdat dit sosiale strukture en diepgewortelde sosiale benaderings oor die ouer-kind verhouding en die kind as voorwerp van versorging betrek. Kinderregte skep die persepsie dat ouerlike gesag en gesinswaardes ondermyn word en dat die staat sy rol as beskermer van 'n kind abdikeer ten gunste van onbeperkte vryhede aan 'n kind. Die erkenning van kinderregte bevraagteken die bekende en die tradisionele en verleen 'n nuwe juridiese en sosiale dimensie aan die ouer-kind verhouding. Die implikasies van die erkenning van kinderregte kring uit na die gesinslewe en die rol van die staat in gesinsverhoudings.

---

recent trends" 1973 *SALJ* 131 133–137 vir 'n oorsig van relevante regspraak. In *V v V* 1998 4 SA 169 (K) toon regter Foxcroft dat hy deeglik van die historiese ontwikkeling bewus is met die volgende opmerking (177): "It was inevitable that this view of the superior rights of guardianship and custody of the father during the marriage should affect the Court's approach to guardianship and custody on termination of marriage . . . Before the best interests of a child took their proper place, Courts were often influenced by the moral question of the guilt or innocence of the spouses. It was only in 1948 that the Appellate Division in *Fletcher v Fletcher* 1948 1 SA 130 (A) placed at the pinnacle of its consideration the 'paramount or best interests rule'."

4 Sien bv Erasmus *et al Lee and Honoré Family, things and succession* (1983) 133 en gesag daar aangehaal; *McCall v McCall* 1994 3 SA 201 (K) 204.

5 Sien by Schäfer "Joint custody" 1987 *SALJ* 149 153–154; Heaton "Some general remarks on the concept interests of the child" 1990 *THRHR* 95–99; Clark "Custody: the best interests of the child" 1992 *SALJ* 391 394–395; Bonthuys "Of biological bonds, new fathers and the best interests of children" 1997 *SAJHR* 622 623–624, 636–637.

6 Wet op Huweliksaangeleenthede 37 van 1953 a 5(1); Wet op Egskeiding 70 van 1979 a 6 om maar enkele voorbeelde te noem.

7 1995-06-16.

8 Grondwet a 28 en a 7–39 in die algemeen.

9 "Kind" dui hier op 'n persoon wat nog nie een-en-twintigjarige ouderdom bereik het nie.

Die doel van hierdie artikel is gevolglik om te bepaal wat die effek van die erkenning van kinderregte op die ouer-kind verhouding in die privaatreg is. Hierdie bespreking vind plaas teen die agtergrond van ouerlike gesag wat regshistories sterk fundeer is en die substantiewe privaatreg wat nie die kind as draer van regte binne gesinsverband erken nie.

2 KINDERREGTE

Vir doeleindes van die bespreking word dit as gegewe aanvaar dat kinderregte 'n verskyningsvorm van fundamentele menseregte is. Die aanvaarding van hierdie vertrekpunt is van deurslaggewende belang in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde teorie oor kinderregte. Kinderregte het 'n eiesoortige aard en die onderliggende teorieë illustreer dat die inhoud daarvan veel wyer as die tradisionele terminologie van regte en verpligtinge strek.[10] Kinderregte beteken gevolglik nie absolute vryhede aan 'n kind nie en daarmee word vrese besweer dat ouerlike gesag deur die erkenning van kinderregte ondermyn sal word. 'n Gebalanseerde teorie het nie die oogmerk om 'n kind aan 'n volwassene gelyk te stel nie maar verleen die reg aan 'n kind om homself te wees. Op hierdie wyse word 'n kind met regte beklee gedurende die tydperk van kinderjare en word volledig daarmee rekening gehou dat verskillende regte gedurende verskillende lewensfases ter sprake kan kom.

Die eksponente[11] van teorieë oor kinderregte bespreek hul teorieë ooreenkomstig die wisselende fases van afhanklikheid en ontwikkelende vermoëns van 'n kind. Dit is aspekte wat dienooreenkomstig verskillende handelinge van ouers vereis en in die uiteensetting van kinderregte word deurentyd na die rol van ouers en van die staat verwys. Op hierdie wyse besweer die teoretiese uitgangspunt die vrese dat die erkenning van kinderregte die gesin sal laat verbrokkel. Ouers beklee juis 'n primêre rol omdat die ouer-kind verhouding die kleinste konsentriese sirkel verteenwoordig waar kinders bewus gemaak kan word van hul status as draers van fundamentele regte. Teoreties dui dit op 'n model van ouerlike gesag waar die klem op ouerlike verantwoordelikhede val en ouers slegs oor regte beskik ten einde daardie verantwoordelikhede na te kom. Ouerlike gesag kan wissel van besluitneming namens 'n kind tot by die blote verlening van advies – in ooreenstemming met die wisselende behoeftes en aansprake van 'n kind. In hierdie opsig beklee die staat 'n sekondêre rol. Die beteken dat die staat vanuit 'n beleidsoogpunt en by wyse van wetgewing die nodige raamwerk behoort te skep waardeur ouers in staat gestel sal word om hul rol te vervul.

Die staat se rol as 'n derde party by die ouer-kind verhouding word teoreties op 'n tweërlei wyse geregverdig. In die eerste plek is daar 'n direkte verhouding tussen die kind en die staat omdat die kind oor fundamentele regte beskik. Tweedens verrig die staat as oppervoog van 'n kind 'n toesighoudende funksie en moet dit toesien dat die beste belang van die kind die deurslaggewende oorweging is in alle aangeleenthede wat so 'n kind raak.

---

10 Sien bv Eekelaar "The importance of thinking that children have rights" in Alston *et al* (reds) *Children, rights and the law* (1992) 221–235; Eekelaar "Why children? Why rights" in Alston and Brennan (reds) *The UN Children's Convention and Australia* (1991) 20–23. Freeman *The rights and wrongs of children* (1983) 40–54; Hafen "Children's liberation and the new egalitarianism: some reservations about abandoning youth to their 'rights'" 1976 *Brigham Young Univ LR* 1976 630–650; Wald "Children's rights" 1979 *Univ of California Davis LR* 255–270.

11 Freeman 40–54; Eekelaar "The emergence of children's rights" 1986 *Oxford J of Legal Studies* 161–173; Hafen 1976 *Brigham Young Univ LR* 630–650; Wald 1979 *Univ of California Davis LR* 255–270.

3 DIE OUER-KIND VERHOUDING IN DIE PRIVAATREG

Terwyl die teorie oor kinderregte 'n model van ouerlike gesag voorhou wat vir deelnemende besluitneming voorsiening maak, word die ouer-kind verhouding in die privaatreg as paternalisties van aard beskou. Hierdie vorm van ouerlike gesag kan verklaar word aan die hand van 'n historiese ontwikkelingsgang wat sy ontstaansbron in die absolute gesagsbevoegdhede van die Romeinse *paterfamilias* gehad het. Vaderlike gesag het wel afgewater tot ouerlike gesag met 'n tempering in die omvang en inhoud van ouerlike gesag. Hierdie veranderings was die resultaat van godsdienstige, morele en sosiale oorwegings en nie 'n direkte gevolg van 'n verhoogde status waarmee 'n kind beklee is nie. Dit verklaar waarom *Fletcher v Fletcher*[12] in die betrokke tydsgewrig so 'n belangrike beslissing was. Gesien teen die historiese agtergrond was dit die eerste keer wat die appèlhof die status van 'n kind as rolspeler binne gesinsverband by egskeiding erken het. In hierdie geval is die beste belang van die kind bo gemeenregtelike oorwegings soos vaderskap of die skuld of onskuld van gades by egskeiding verhef.

Die maatstaf van die beste belang van die kind het steeds nie veel daartoe bygedra dat die kind in die algemeen as 'n gesinslid met onafhanklike belange erken word nie. Hierdie toedrag van sake kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

(a) Die inherente vaagheid van die beste belang leen hom daartoe dat persone in gesagsposisies oor kinders self kan besluit wat in die beste belang van 'n kind is en so inhoud aan die begrip verleen.

(b) Respek vir ouerlike gesag en gesinsoutonomie dra by tot die veronderstelling dat ouers die beste in staat is om binne gesinsverband te oordeel wat in hul kind se beste belang is. Die verklaar byvoorbeeld waarom ouers se bevoegdheid om hul kind se vriendekring te bepaal nie bevraagteken word nie en 'n derde se inbreukmaking op hierdie bevoegdheid as 'n *iniuria* teen die ouer beskou word.[13]

(c) Die status van 'n kind as 'n hulpelose en afhanklike persoon wat te onvolwasse is om self besluite te neem, regverdig besluitneming deur volwassenes soos ouers of die staat.

Bogenoemde regverdig 'n gevolgtrekking dat daar sedert die *Fletcher*-beslissing in 'n beperkte mate bewys van regsontwikkeling[14] is wat daarop dui dat die uitoefening van ouerlike gesag 'n besluitnemingsproses of 'n belange-afweging tussen ouer en kind behels. Trouens, die ouer-kind verhouding in die privaatreg word as so eendimensioneel beskou dat selfs wetgewing wat handelingsbevoegdheid aan 'n kind verleen as geïsoleerde publiekregtelike maatreëls aanvaar word. Daar word geen oorweging geskenk aan die moontlike impak van sodanige wetgewing op die ouer-kind verhouding nie.[15] 'n Voorbeeld is aborsiewetgewing in Amerika wat hewige

---

12 1948 1 SA 130 (A).

13 Sien bv *Meyer v Van Niekerk* 1976 1 SA 252 (T); *Coetzee v Meintjies* 1976 1 SA 257 (T); *Gordon v Barnard* 1977 1 SA 887 (K); *H v I* 1985 3 SA 237 (K); *L v H* 1992 2 SA 594 (OK).

14 Die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede 24 van 1987 en die beslissing in *McCall v McCall* 1994 3 SA 201 (K) verdien wel vermelding vir die wyse waarop daar na die belange van 'n kind as individu omgesien word. Vgl ook *B v S* 1995 3 SA 571 (A) waar *obiter* na toegang as die reg van 'n kind verwys is en *V v V* 1998 4 SA 169 (K) waar kinderregte vermeld is met verwysing na a 28 van die Grondwet en internasionale Konvensies.

15 Bv die Wet op Testamente 7 van 1953 a 4; Verdedigingswet 44 van 1957 a 3(1)(b); Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 a 37(1); Kieswet 202 van 1993 a 15(1); Drankwet 27 van 1989 a 45(1)(a); Wet op Kindersorg 74 van 1983 a 39 wat handelingsbevoegdheid aan 'n kind ten opsigte van sekere regshandelinge verleen voor meerderjarigheidsouderdom. Daar word nêrens aandag geskenk aan die vraag of ouers in die uitoefening van ouerlike gesag 'n vetoreg het nie.

debatte ontketen het oor die aard van die belange-afweging wat tussen ouers, die kind en die staat moet plaasvind. Hierdie kwessie het selfs tot regspraak aanleiding gegee.[16] Tog is daar geen sprake van vergelykbare debatsvoering oor aborsie binne die ouer-kind verhouding in die Suid-Afrikaanse reg nie.[17]

4 DIE VERHOOGDE PUBLIEKREGTELIKE STATUS VAN 'N KIND

Die ouer-kind verhouding het onteenseglik 'n publiekregtelike faset bygekry met die erkenning van kinderregte in die Handves van Regte[18] en die ratifikasie van die Verenigde Nasies se Konvensie op die Regte van die Kind 1989 (hierna die 1989-Konvensie). Die aspekte van die Handves van Regte wat implikasies vir die ouer-kind verhouding inhou, is die volgende:

(a) Die kind word as draer van fundamentele regte erken en kan ook die regte afdwing sonder dat enige kwalifikasie ten opsigte van verskyningsbevoegdheid bygevoeg word. Hierdie posisie is in teenstelling met die status van 'n kind in die privaatreg wat geen of beperkte bevoegdhede het tensy handelings- of verskyningsbevoegdheid deur ouerlike bystand of toestemming verleen word of kragtens wetgewing gemagtig word.

(b) Die inhoud van die regte wat in artikel 28 van die Handves van Regte aan 'n kind verleen word, verteenwoordig in die breë die teenkant van ouers se gemeenregtelike sorgplig. Die moontlikheid van horisontale werking van die Handves van Regte[19] bring mee dat hierdie regte nie net teenoor die staat nie maar ook teenoor ouers afgedwing kan word.

(c) Die feit dat 'n kind in die algemeen ook draer van fundamentele regte is, tesame met die moontlike horisontale werking van die Handves van Regte, raak ook die ouer-kind verhouding. Dit beteken in beginsel dat 'n kind enige van die fundamentele regte teenoor ouers kan afdwing as 'n metode om byvoorbeeld die uitoefening van ouerlike gesag te bevraagteken.

(d) Die Handves van Regte dui nie die reg op gesinslewe of die reg op uitoefening van ouerlike gesag as fundamentele regte aan nie. Dit beteken dat 'n kind se regte op outonomie ingevolge die Handves van Regte los van gesinsverband en die uitoefening van ouerlike gesag bestaan. Hierdie posisie is in teenstelling met die ouer-kind verhouding in die privaatreg waar die uitoefening van ouerlike gesag en die handelingsbevoegdheid van 'n kind onlosmaaklik aan mekaar gekoppel is. Hierdie posisie dui ook op 'n totale miskenning van die aanvaarde teorie onderliggend aan kinderregte.

(e) Die feit dat 'n kind as individu, ook binne gesinsverband, oor fundamentele regte beskik, verleen 'n status aan die kind wat aan die privaatreg onbekend is. Die maatstaf van die beste belang om beskermende optrede teenoor die kind in die privaatreg te regverdig, is die naaste vergelykbare situasie waar daar van afsonderlike belange van 'n kind kennis geneem word.

---

16 *Planned Parenthood v Danforth* 428 US 52 (1976); *Belotti v Baird* 443 US 622 (1979).

17 Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap 92 van 1996 wat in beginsel aan 'n swanger minderjarige dogter tot op twintig weke die geleentheid bied om sonder ouerlike kennis of toestemming 'n wettige aborsie te ondergaan.

18 A 28.

19 A 8(2).

Die bepalings in die Handves van Regte bring mee dat die onderskeid tussen die privaatreg en die publiekreg moeilik gehandhaaf sal word. Die Handves van Regte veronderstel 'n gelyke verdeling van mag tussen ouers, kind en die staat tensy 'n beperking geregverdig word. Die beklemtoning van ouers se besluitnemingsbevoegdhede in die privaatreg sal aangepas moet word ten einde in gepaste gevalle aan 'n kind die geleenthede te bied om ook inspraak in besluitneming te hê. Die verhoogde publiekregtelike status van 'n kind as draer van fundamentele regte kan nie geïsoleer word van 'n kind se privaatregtelike status nie. Onderliggend aan hierdie implikasies bestaan die teorie van kinderregte wat die juridiese regverdigingsgrond bied vir aanpassings wat gemaak sal moet word.

Die volgende struikelblokke word egter voorsien alvorens veranderings in regsdenke en formele aanpassings sal plaasvind:

(a) Die onderskeid tussen die privaatreg en die publiekreg in die Suid-Afrikaanse reg word nog in 'n baie groot mate gehandhaaf. Daar is 'n persepsie dat kinderregte tipies deel van die publiekreg vorm en nie eintlik die uitoefening van ouerlike gesag sal raak nie. Ouerlike gesag val weer tradisioneel binne die kader van die privaatreg. Wat egter uit die oog verloor word, is dat die ratifikasie van die 1989-Konvensie vereis dat die geheel van die Suid-Afrikaanse reg teen die inhoud van die Konvensie opgeweeg moet word. Die 1989-Konvensie word as die volledigste dokument gesien wat inhoud aan kinderregte verleen en is die simbool van die status wat aan 'n kind ingevolge elke lidland se nasionale reg verleen behoort te word, ongeag daarvan of publiekreg of privaatreg ter sprake is.

(b) Die fokus wat in die bespreking van kinderregte op artikel 28 van die Handves val, skep die indruk dat dit die somtotaal van regte is wat ter sprake is. Solank as wat kinderregte as regte op beskerming geïnterpreteer word, sal dit met gemak binne die ouer-kind verhouding in die privaatreg geakkommodeer kan word juis omdat hierdie verhouding paternalisties van aard is. 'n Simplistiese gelykstelling van kinderregte as regte op beskerming skep op die oog af die indruk dat die ouer-kind verhouding nie betekenisvol sal verander nie.

(c) Indien artikel 28 van die Handves van Regte met die inhoud van die 1989-Konvensie vergelyk word, blyk dit dat eersgenoemde in belangrike opsigte te kort skiet. Die 1989-Konvensie het 'n duidelike tweeledige benadering ten opsigte van die posisie van die kind in die algemeen en die posisie van die kind binne die gesin.[20] Hierdie tweeledigheid ontbreek in artikel 28 van die Handves van Regte omdat daar op geen wyse erkenning verleen word aan die rol van ouers, die belang van die gesin of die posisie van 'n kind binne gesinsverband nie. Ook is die betrokkenheid van die staat beperk tot beskermende optrede teenoor die kind. Dit is in teenstelling met die 1989-Konvensie waar die staat daartoe verbind word om ook rekening te hou met die kind as draer van regte. Die reg van die kind om sy eie wense uit te spreek,[21] as sterkste verskyningsvorm van die reg op outonomie, kom

---

20 Die kind word as draer van fundamentele regte erken en het ingevolge a 12 van die 1989-Konvensie die reg om sy eie mening uit te spreek oor sake wat hom raak. Aan die ander kant is daar meerdere bepalings in die 1989-Konvensie wat dui op die belang van die gesin wat primêr vir die versorging van die kind verantwoordelik is. Dit is ook binne gesinsverband dat 'n balans tussen 'n kind se reg op beskerming en reg op outonomie gevind behoort te word.

21 1989-Konvensie a 12; Lücher-Babel "The right of the child to express views and to be heard: an attempt to interpret Article 12 of the UN Convention on the Rights of the Child: 1995 *The Int J of Children's Rights* 391–404.

nie in artikel 28 van die Handves van Regte voor nie. In hierdie opsig ontbreek dit artikel 28 van die Handves van Regte oor een van die kernbepalings van die 1989-Konvensie.[22]

(d) Die versuim om die teoretiese onderbou van kinderregte uit te lig, bring mee dat die ideologie onderliggend aan die idee van kinderregte nog nie na behore in die Suid-Afrikaanse reg gepropageer is en uitgebou word nie. Hierdie versuim verklaar waarom kinderregte tot regte op beskerming beperk word en daar geen verwysing na die rol van ouers of die gesin in die Handves van Regte is nie. Selfs die beste belang wat as maatstaf verskans is, word as 'n belangrike waarde voorgehou maar sonder om erkenning daaraan te verleen dat dit ook as maatstaf van interpretasie in die erkenning van regte op outonomie kan dien.

Dit sou wat bogenoemde struikelblokke betref van groot waarde wees om na ander jurisdiksies te verwys waar werkbare oplossings gevind is. In hierdie opsig kan Australië en Skotland as voorbeelde voorgehou word waar die effek van kinderregte op die ouer-kind verhouding reeds in 'n groot mate deurworstel is. Dit is egter ook op 'n diepliggende vlak dat 'n verwysing na die Australiese en Skotse reg geregverdig kan word. 'n Geforseerde leer- en groeiproses moet in 'n kort tydperk plaasvind ten einde 'n soortgelyke fase van ideologiese denke oor kinderregte soortgelyk aan hierdie twee jurisdiksies te betree. Die verandering in regsdenke oor kinders en hul regte wat plaasgevind het in die tydperk tussen die Verenigde Nasies se Deklarasie oor die Regte van die Kind 1959 en voorstelle dat 'n Konvensie eerder aanvaar moet word, getuig van 'n groeiproses waardeur die nasionale reg moes gaan.[23] Gedurende hierdie tydperk is teorieë oor kinderregte verfyn en het die beskikbare literatuur oor teorieë merkwaardig uitgebrei. Australië en Skotland was te alle tye deel van die internasionale gemeenskap wat kon leer uit hierdie ontwikkelings en hul eie nasionale reg daaraan kon opweeg. Die voordeel vanuit Suid-Afrika se oogpunt is dat daar by wyse van regsvergelyking veel te leer is uit die ontwikkelings wat in die Australiese en Skotse reg gevolg is.

4 1 Praktiese implikasies van kinderregte op die ouer-kind verhouding

In die lig van die voorafgaande uiteensetting word voorsien dat die erkenning van kinderregte die volgende praktiese implikasies vir die ouer-kind verhouding in die Suid-Afrikaanse privaatreg inhou:

(a) Die meerderjarigheidsouderdom sal vanaf een-en-twintigjarige ouderdom na agtienjarige ouderdom verlaag moet word. Hierdie verandering sal in ooreenstemming met die definisie van 'n kind in die 1989-Konvensie[24] en die Handves van Regte[25] wees en sal ook klop met die wye spektrum van bevoegdhede wat reeds aan persone vanaf agtienjarige ouderdom in die Suid-Afrikaanse reg verleen word.[26]

(b) 'n Statutêre omskrywing is nodig om uitdrukking aan die verskuiwing in magsbalans in die ouer-kind verhouding te verleen. Daar word rekening gehou met die feit dat dit nie vir die reg moontlik is om volledig toesig te hou oor die wyse

22 Die ander drie kernbeginsels van die 1989-Konvensie is die beste belang van die kind as deurslaggewende oorweging (a 3); die verbod op diskiminasie (a 2); en die reg op lewe (a 6).
23 Van Bueren *The International law on the rights of the child* (1995) 11–14; Verhellen *Convention on the Rights of the Child* (1994) 63–67.
24 VN Konvensie op die Regte van die Kind 1989 a 1.
25 A 28(3).
26 Sien bv vn 15.

waarop die ouer-kind verhouding in 'n huisgesin funksioneer nie. Tog kan 'n statutêre raamwerk soortgelyk aan die Skotse reg betekenisvol daartoe bydra dat 'n ouerskapstyl ontwikkel wat met die idee van kinderregte versoen kan word. Die omskrywing van ouerlike verantwoordelikhede in die Children (Scotland) Act 1995[27] dien reeds met die eerste oogopslag as teenvoeter vir die idee dat ouers net oor regte beskik. 'n Soortgelyke bepaling behoort statutêr in die Suid-Afrikaanse reg verorden te word, veral omdat die bestaande vertrekpunt ten opsigte van ouerlike gesag in konflik met die erkenning van kinderregte is. Daar kan egter nie wegbeweeg word van die idee dat ouers ook oor regte beskik nie. Ook in hierdie opsig kan die Children (Scotland) Act 1995[28] as voorbeeld voorgehou word. Artikel 2 erken ouerlike regte maar net in die mate waartoe dit nodig is om ouerlike verantwoordelikhede na te kom.

(c) 'n Kind se reg op deelname aan besluitneming behoort uitgebou en bevorder te word. Hierdie reg beteken nie dat 'n kind se wense sonder meer geïmplementeer moet word nie maar dat 'n proses van konsultasie en deelname aan besluitneming in die ouer-kind verhouding aangemoedig moet word. Erkenning van die reg op deelname behels die volgende twee fasette.

(i) 'n Statutêre bepaling is nodig wat die effek sal hê dat ouers in die nakoming van ouerlike verantwoordelikhede en in die uitoefening van ouerlike regte 'n kind se reg op deelname aan besluitneming sal erken. Ook hier kan die Children (Scotland) Act 1995 as voorbeeld voorgehou word. Artikel 6(1) vereis dat 'n persoon in die neem van 'n belangrike besluit so ver as wat prakties moontlik is oorweging aan die mening van 'n kind sal skenk.[29] Saam met hierdie bepaling word daar gesteun op 'n vermoede dat 'n kind van twaalf

---

27 A 1. Dit is veral a 5 en 18 van die VN Konvensie op die Regte van die Kind 1989 wat 'n invloed gehad het op die formulering van ouerlike verantwoordelikhede. Volgens a 1(1) behels ouerlike verantwoordelikhede die volgende:
"(a) [T]o safeguard and promote the child's health, development and welfare;
(b) to provide in a manner appropriate to the stage of development of the child, direction and guidance to the child;
(c) if the child is not living with the parent, to maintain personal relations and direct contact with the child on a regular basis; and
(d) to act as the child's legal representative."

28 Children (Scotland) Act 1995 a 2(1) lui soos volg:
"[A] parent, in order to enable him to fulfil his parental responsibilities in relation to his child, has the right–
(a) to have the child live with them or otherwise to regulate the child's residence;
(b) to control, direct or guide, in a manner approriate to the stage of development of the child, the child's upbringing;
(c) if the child is not living with them, to maintain personal relations and direct contact with the child on a regular basis; and
(d) to act as the child's legal representative."
Dit is in die nakoming van ouerlike verantwoordelikhede en in die uitoefening van ouerlike regte wat daar op 'n betekenisvolle wyse aan 'n kind se reg op deelname aan die besluitnemingsproses erkenning verleen word. Die Children (Scotland) Act 1995 vereis van 'n persoon om in die neem van 'n belangrike besluit so ver as wat prakties moontlik is oorweging aan die mening van 'n kind te skenk.

29 Children (Scotland) Act 1995. Die Skotse Regskommissie *Report on Family Law* No 135 (1992) 18–19 het erken dat 'n bepaling soos hierdie vaag en onafdwingbaar is. Nogtans is dit 'n bepaling wat 'n kind as 'n persoon in eie reg erken met 'n mening wat respek en oorweging verdien. Die bepaling sal ook ouerlike gedrag beïnvloed. Sien ook Fortin *Children's rights and the developing law* (1998) 71–72.

jaar of ouer oor die vermoë beskik om 'n mening uit te spreek. So 'n statutêre bepaling in navolging van die Children Scotland Act 1995 sal simbolies tot die verhoogde status van 'n kind binne gesinsverband bydra. Prakties gesproke, sal die bepaling ook die oorgang na die tweede model van ouerlike gesag aanmoedig. 'n Statutêre bepaling van hierdie aard gee gevolg aan 'n kind se legitieme verwagting dat 'n reg op deelname erken sal word. Die vermoede van deelname wat aan 'n ouderdomsgrens gekoppel word, hou die voordeel in dat die bewyslas verskuif word na diegene wat 'n kind van besluitneming wil uitsluit.[30]

(ii) Die kultuur van deelname aan besluitneming binne huishoudings wat hierbo voorsien word, behoort ook deel van die regsproses te wees. Die Wysigingswet op Kindersorg[31] maak vir 'n kind se reg op regsverteenwoordiging voorsiening en die betrokkenheid van die gesinsadvokaat[32] bied ook die geleentheid aan 'n kind om aan die regsproses deel te neem. Daar bestaan ook 'n aantal uitsonderingsgevalle waar 'n kind (as minderjarige) in eie naam regsverrigtinge kan inisieer.[33] Die grootste persentasie kinders word andersins by litigasie betrek as gevolg van staatsinmenging in die ouer-kind verhouding.[34] 'n Kind se reg op regsverteenwoordiging behoort egter as vertrekpunt erken en geïmplementeer te word. Die verlening van sodanige reg erken op 'n liberale wyse dat 'n kind oor die vermoë beskik om in gepaste omstandighede verantwoordelikheid vir sy eie besluite te neem, selfs al sou dit beteken dat daar teen ouers gelitigeer word.[35]

5 GEVOLGTREKKING

In Australië en Skotland het die implementering van kinderregte met 'n verandering in terminologie gepaard gegaan ten einde die verskuiwing in magsbalans binne ouer-kind verhouding weer te gee. Die Australiese model dien by uitstek as voorbeeld van die tipe navorsing wat vereis word om gevolg aan kinderregte te verleen. Skotland

---

30 Fortin (vn 29) 72.

31 Wysigingswet op Kindersorg 96 van 1996 a 2.

32 Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede 24 van 1987.

33 'n Minderjarige is in die volgende gevalle ten volle verskyningsbevoeg: indien die minderjarige ingevolge die Wet op die Meerderjarigheidsouderdom 57 van 1972 'n aansoek bring om meerderjarig verklaar te word; indien hy in die onderhoudshof vir die onderhoud van sy buite-egtelike kind aangespreek word (*Govender v Amurthan* 1979 3 SA 358 (N)); indien daar by die hooggeregshof om vervangende toestemming aansoek gedoen word in die geval van huweliksluiting (*B v B* 1964 1 SA 717 (T)); indien 'n geskil oor die uitslag van 'n provinsiale, raads- of parlementêre verkiesing ontstaan waarby die minderjarige 'n kandidaat was en in daardie hoedanigheid by die geskil betrokke is (*Olufsen v Klisser* 1959 3 SA 351 (N)). Sien in die algemeen Van der Vyver en Joubert *Persone- en Familiereg* (1991) 175–176.

34 Bv die Wet op Huweliksaangeleenthede 37 van 1953; die Wet op Egskeiding 70 van 1979; die Wet op Kindersorg 74 van 1983; die Huwelikswet 25 van 1961; die Wet op Natuurlike Vaders van Buite-egtelike Kinders 86 van 1997; die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld 133 van 1993.

35 Vergelyk bv die Wetsonwerp op Gesinsgeweld W 75–98 wat ingevolge a 1(ii) 'n applikant definieer as "enige persoon, met inbegrip van 'n kind". A 4(5) verleen ook aan 'n kind die bevoegdheid om sonder die bystand van 'n ouer, voog of enige ander persoon by die hof om 'n beskermingsbevel aansoek te doen. Hierdie voorbeeld van verskyningsbevoegheid behoort in die algemeen aan 'n kind verleen te word, tesame met die uitbreiding van die gesinsadvokaat se jurisdiksie om bystand te verleen in ooreenstemming met 'n kind se ouderdom, begrip en volwassenheid.

kan in die besonder voorgehou word vir die wyse waarop daar in wetgewing gevolg gegee word aan 'n kind se afhanklikheid maar ook die ontwikkelende vermoëns wat tydens kinderjare ter sprake is. Die idee van menswaardigheid wat in die inheemse reg gestalte kry, asook die idee dat regte en verpligting in noue verband met mekaar staan, kan ook as belangrike waardes in hierdie konteks voorgehou word. Die inhoud van die Suid-Afrikaanse Regskommissie[36] se eerste werksdokument as deel van die hersiening van die reg rakende kinders dui daarop dat daar reeds kennis van hierdie regsvergelykende lesse geneem word. Daar is weinig twyfel daaroor dat die ouer-kind verhouding in die privaatreg in 'n drukgang van verandering is en dat die idee van kinderregte geen geringe rol gespeel het om hierdie proses van verandering van stapel te stuur nie. Die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Regskommissie dui die rigting aan waarin beweeg moet word.

Kinderregte is kontroversieel omdat dit bekende juridiese en sosiale oorwegings ten diepste raak. Dit skep spanning tussen bemagtiging en beskerming, dit impliseer veranderings aan 'n aanvaarde regskultuur en dit gryp in die lewens van ouers en kinders in. Die uitdaging in hierdie verband word miskien die beste in die volgende woorde opgesom:[37]

> "The problem lies in incorporating the wishes and feelings of the child into decision making, without sacrificing any aspect of the child's welfare, or imposing inappropriate burdens of responsibility on the child. The extent to which adults are willing, or able, to do this depends not just on an intellectual acceptance of the ideological concept of children's rights, but on an emotional acceptance of the benefits of listening to children and allowing them to participate in plans for their future. This requires a change in culture, as well as a change in ideology . . . It is the functional shift in attitude which is required, as well as the ideological acceptance of a concept of children's rights, which together provide the necessary climate of change."

The public's confidence in the judicial authority is the most precious asset that this branch possesses. It is also among the most precious assets of the nation. The confidence that the judging is done fairly, neutrally, while treating each side equally, and without any hint of personal stake in the outcome: confidence in the high moral standard of judging. De Balzac's expression is well known: "Lack of confidence in the judiciary is the beginning of the end of society." The judge has neither sword nor purse. All he has is the public's confidence in him.

Public confidence is not a given. Its existence cannot be taken for granted. The public's confidence is a fluid matter. It must be nurtured. It is easier to damage it than to guard it . . . Every judge should act as though the public's confidence in the entire judicial system depended on the exercise of his balancing.

Justice Aharon Barak, President of the Supreme Court of Israel "The role of the Supreme Court in a democracy" 1999 Israeli Law Review 1 9.

---

36 SA Regskommissie *The review of the Child Care Act* Issue Paper13 Project 110 1998 131–151.
37 Timms *Children's representation. A practitioner's guide* (1995) 39–40.

Indigenous law, public policy and narrative in the courts*

GJ van Niekerk
BA LLB LLM LLD
Professor, Department of Jurisprudence, University of South Africa

OPSOMMING

Inheemse reg, openbare beleid en vertellings in die howe

Beleidsoorwegings speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die inheemse reg. Openbare beleid en verwante begrippe is vir die eerste maal in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis in weersinsklousules ("repugnancy clauses") gebruik om te bepaal of die inheemse reg van toepassing is al dan nie. Die weersinsklousule vorm vandag nog deel van die Suid-Afrikaanse wetgewing.

Alhoewel die weersinsklousule steeds as 'n koloniale oorblyfsel beskou word, kan openbare beleid, as instrument in regterlike regskepping, nogtans 'n heilsame uitwerking op die ontwikkeling van die inheemse reg hê. Wanneer 'n hof 'n beslissing maak wat op beleidsoorwegings berus, moet die gemeenskap se oortuigings van wat geregtigheid vereis in ag geneem word. Dit is egter moeilik om die fundamentele waardes van wat geregtigheid en orde vereis in 'n multikulturele gemeenskap waar regspluralisme heers, te bepaal.

Openbare beleid word tans binne 'n Westerse idioom geïnterpreteer en onderskryf Westerse waardes wat verskil van die fundamentele waardes wat die inheemse reg onderlê. Hierdie hoofsaaklik Westerse diskoers kan betwis word deur die stories van mense wat volgens die inheemse reg lewe. Alhoewel stories meer as mondelinge kommunikasie behels, is dit die mondelinge kommunikasie, of vertellings van diegene wat voor 'n hof verskyn, wat die grondslag behoort te vorm van 'n ondersoek na die ware lewende inheemse reg. Dit is slegs teen die agtergrond van die inheemse gemeenskap se stories dat hulle fundamentele waardes bepaal kan word.

Dit blyk dat die howe al hoe meer erkening verleen aan die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die rede vir hierdie klemverskuiwing is dat die openbare beleid, in die lig van die waardes van gelykheid en verdraagsaamheid van diversiteit wat in die Grondwet verskans is, meer inskiklik geword het teenoor waardes wat anders is as die bekende Westerse waardes. By nadere ondersoek van onlangse hofbeslissings blyk dit egter dat daar nie noodwendig 'n wesenlike verandering in ons howe se houding ten opsigte van "ander" waardes is nie. Dit kom eerder neer op 'n verdraagsaamheid teenoor waardes wat in werklikheid steeds beskou word teen die openbare beleid te wees.

Die taak van die howe moet wees om die inheemse reg in lyn met die kommunitariese ideale van Afrika te hervorm – nie om dit aan te pas om Westerse reg te word nie; en ook nie, in 'n konflikteregsituasie, om die toepassing van die inheemse reg te vermy ten gunste van die Westerse reg nie. As openbare beleid so gekonseptualiseer word dat dit inheemse waardes insluit, sal die hervorming van die inheemse reg 'n geheel en al ander rigting inslaan. Ons howe moet van gedifferensieerde oorwegings van openbare beleid gebruik maak om op hoogte te bly van die gemeenskap se persepsies van wat regverdig en moreel is. Stories en

* This contribution is based on an inaugural lecture held at Pretoria on 2000-02-23.

vertellings moet die rigtingwysers wees van veranderende sosiale waardes en moet die grondslag vorm van gedifferensieerde oorwegings van openbare beleid. As die howe nie reageer op die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie, sal die reg die relevansie en kreatiwiteit verloor wat noodsaaklik is om legitimiteit en effektiwiteit in die navolging van geregtigheid te behou.

1 INTRODUCTION

Policy considerations play an important role in legal development. Our courts are expected to make fundamental policy decisions and to weigh up conflicting interests, not only as guardians of the Bill of Rights but also in the process of developing the common law and adapting it to the changing needs of society.[1] In this way public policy, as a mechanism in judicial law-making, also impacts on indigenous law, which has now, since the adoption of the Constitution,[2] assumed its rightful place as an integral part of the general body of South African law.

Yet policy considerations have always played an important part in the application, development and continued existence of indigenous law. Historically it was the introduction of repugnancy clauses which initiated the use of public policy, and related notions such as justice, morality, equity, good conscience, order, humanity and natural justice, as criteria to determine the applicability of indigenous law.[3] By the middle of the nineteenth century, the colonial administrators all aspired to "civilise" the indigenous population and to eradicate their "barbarous" laws and customs[4] by, for example, applying the repugnancy clause strictly. More than fifty years later, the Black Administration Act 38 of 1927, which consolidated colonial legislation, recognised indigenous law, subject to the proviso that it did not conflict with principles of natural justice and public policy.

Today the use of a repugnancy clause has been abandoned by most African countries.[5] By contrast, roughly a century and a half after its first introduction into South Africa, it still forms part of the legislation of this country and of other countries making up the South African Law Association.[6] The repugnancy clause is

---

1 See Corbett "Aspects of the role of public policy in the evolution of our common law" 1987 *SALJ* 52 54 65 68. In *Amod v Multilateral Vehicle Accident Fund* 1997 12 BCLR 1716 (D) 1722I–J 1723H–J the court held that the interpretation clause (s 39 of the Constitution) does not give the courts the general power to develop the common law to the extent of altering it. This is in contrast with the general attitude of the High Court in this regard. See Clark and Kerr "Dependant's action for loss of support: Are women married by Islamic rites victims of unfair discrimination?" 1999 *SALJ* 20.

2 The Constitution of the Republic of South Africa Act 108 of 1996.

3 See generally Van Niekerk *A comparative study of the application of indigenous law in the administration of criminal justice in Southern Africa* unpublished LLM dissertation, Unisa (1986) 61–64.

4 See Allott "Aboriginal rights and wrongs: The Mabo land case" 1993 *Law and Justice* 84 87 who explains the dualistic purpose of the colonial powers in their African expansion thus: "Humanitarian, altruistic and civilising purposes were also often put forward as justifications for such expansions and occupation . . . For many of the colonisers who waged war on the indigenes before seizing their territories and exploiting their resources, these justifications were no more than a cynical cover for enrichment. But at the same time one must recognise the less self-regarding and genuine desire of many to bring civilisation and enlightenment, as they saw them, to the benighted."

5 See Bennett *A sourcebook of African customary law for Southern Africa* (1991) 130–131.

6 These are Lesotho, Botswana and Swaziland (Namibia and Zimbabwe). The term was coined by Schreiner J in *Annah Lokudzinga Mathenjwa* 1970–1976 SLR 25 29H.

presently contained in section 1(1) of the Law of Evidence Amendment Act 45 of 1988. Its application is further secured by section 211(3) of the Constitution, which instructs the courts to apply indigenous law, subject to the Constitution and to *existing legislation,* thus subject also to the repugnancy clause in the Law of Evidence Amendment Act.

Policy considerations accordingly permeate all decisions of the ordinary courts on indigenous law. There are broadly three sets of circumstances where this is readily apparent in practice. In the first place, the general rule contained in section 1 of the Law of Evidence Amendment Act which regulates the application of indigenous law, incorporates policy considerations to determine the validity of indigenous law. Thus a court has to consider public policy each time it is concerned with indigenous law. Secondly, the repugnancy proviso is used as a limitation on the application of indigenous law where there is a conflict between it and Western law, and indirectly where there is a conflict between it and the Constitution. And thirdly, policy considerations are relied upon where indigenous law is no longer in step with changing circumstances and must be adapted to accommodate new situations.

Even though the repugnancy clause has the reputation of being a colonial relic, public policy could, as a tool in judicial law-making, have a salutary effect on the development of indigenous law. The cardinal condition, however, is that public policy should be taken to include the communitarian ideals of indigenous Africa. Should it be employed, as in the past, to impose Western values on the indigenous legal order, or to avoid the application of indigenous law, the use of the clause might lead to the stagnation and eventual disappearance of a system of law by which millions of South Africans live.

The content of public policy is determined by the fundamental values of justice and order[7] which should direct the development of both substantive and procedural law. Those values, however, vary in different societies and at different times in accordance with social organisation and beliefs.[8] In making a policy decision, a judge is required to balance two sets of competing interests. The balance which is eventually struck should accord with society's notions of what justice demands.[9] Both competing interests are usually worthy and desirable. In consequence, Mr Justice Goldstone, using the familiar equine analogy,[10] once said about public policy that "frequently . . . this high horse [of public policy] attempts to stampede in

---

7 See eg *Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd* 1981 2 SA 173 (T) 188H.

8 See Bennett and Feldman *Reconstructing reality in the courtroom* (1981) 19–21. See also Cotterrell "Legality and political legitimacy in the sociology of Max Weber" in Sugarman *Legality ideology and the state* (1983) 87 88. Although he acknowledges the changeable nature of values or conceptions of justice and order, he is not discussing a heterogeneous society and consequently does not reflect upon the idea that there may be conflicting conceptions of the values of justice and order within the same society. This is the case in South Africa and this is the very reason why the legitimacy of the legal system as a whole is still questioned, despite the fact that a legitimate government is in power. See also Basson and Viljoen *Suid-Afrikaanse staatsreg* (1988) 227 228 on the role of societal values in the formation of law.

9 Corbett 68.

10 See *Mabaso v Nel's Melkery (Pty) Ltd* 1979 4 SA 358 (W) 362A–C; see also the much-quoted passage of Burroughs in *Richardson v Mellish* (1824) 2 Bing 229 252 where he compared public policy to an "unruly horse, and when once you get astride it you never know where it will carry you". He continued to say that it "is never argued at all but when other points fail". See also *Driefontein Consolidated Mines Ltd v Jansen* (1901) 17 TLR 604 605 in which public policy was likened to "a high horse, difficult to ride once you have mounted it".

opposite directions at one and the same time". The problem facing South African courts is how to determine which interests comply with our society's notions of what justice demands.

Although one may accept that even in a multicultural society there is a common nucleus of core values which are shared by the community as a whole, it should be remembered that different cultures have different conceptions of these basic values and their role in legal, political and social ordering. In short, conceptions of justice differ. In this country the largest numeric divide is between what may broadly be termed a Western or European culture and an indigenous African culture – thus a Western legal order and an indigenous legal order. In Western law, the modern, liberal perceptions of justice focus on individual freedom and equality and the interests of the individual take precedence over the common good.[11] This is in stark contrast with the most important fundamental principle of indigenous law, namely harmony of the collectivity, in which the collective good takes precedence over individual claims.[12] It is evident that our courts are burdened with a difficult problem when they have to establish the content of legal ideology in a community where such diverse values underscore a plurality of legal systems.

It is generally accepted that in order to be just and in accordance with public policy, law should comply with society's notions of fairness, reasonableness, generality, equality and certainty.[13] These criteria constitute part of an integrated system of values which forms the starting point for legal reasoning in Western law. But these values should be conceptualised anew when one deals with the law and institutions of other cultures. For example, the conceptualisation of indigenous law will vary, depending on the value system employed in evaluating that law. Numerous cases involving indigenous law are disposed of in motion proceedings. Consequently the discourse on indigenous law, customs and institutions in our courts has until now been dominated by the perceptions of counsel – Westerners with little training in indigenous law and even less knowledge of the indigenous value systems which underpin that law.

This predominantly Western discourse can be challenged, first and foremost, by the narratives of people who live by indigenous law. Although narratives involve more than mere oral communications, it is the verbal communications of the people who appear before a court that should form the starting point of an enquiry into the true, living, indigenous law. It is only against the backdrop of a society's narratives that its basic values can be determined. But then the society whose laws, institutions or procedures are appraised should be afforded the opportunity to speak for their law and to enlighten the courts on the values which underlie that law. This is, of course, not possible in motion proceedings.

---

11 Rawls *A theory of justice* (1992) 504–512; see also Van der Westhuizen "Opmerkings in verband met regsnorme, legitimiteit en samelewing" unpublished paper read at a Colloquium luridicum on "Regsfilosofie en samelewing" held at the University of the Orange Free State September 1987 5, Van der Vyver "Reg(ter) en geregtigheid" 1975 *De Jure* 8–12, Du Plessis *Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid* unpublished LLD thesis PU (1978) 820ff.

12 It should be borne in mind that the collectivity cannot be seen as an entity separate from its component members. Therefore, it is also not quite correct to speak of the absolute primacy of the collectivity over the individual good.

13 See Hahlo and Kahn *The South African legal system and its background* (1973) 31–35; see also Hutchison, Van Heerden, Visser and Van der Merwe *Wille's Principles of South African law* (1991) 13–16.

2 1 1 1 Dit moet 'n "mutuele" testament wees. Die vraag ontstaan of die vreemde term "mutuele" betrekking het op sowel 'n gesamentlike as 'n wederkerige testament. Van der Merwe en Rowland is van mening dat nie net 'n "wederkerige" testament met die begrip "mutuele" testament bedoel word nie, maar dat dit ook 'n gesamentlike testament omvat. Die Engelse teks van die Boedelwet wat die woord "mutual" gebruik, is deur die Staatspresident geteken. Die Engelse teks se term "joint estate", wat net op persone wat binne gemeenskap van goed getroud is van toepassing is, het sy oorsprong in artikel 115 van die vorige Boedelwet wat die voorganger van artikel 37 van die huidige Boedelwet is.

Hierdie artikel sal egter nie van toepassing wees op sogenaamde samesmelting in 'n huweliksvoorwaardekontrak of 'n testament van net een persoon nie.

Daar word ter oorweging gegee dat voormelde gevalle so seldsaam voorkom dat hulle vir doeleindes van boedelbeplanning buite rekening gelaat kan word.

2 1 1 2 Twee of meer persone moet partye by die gesamentlike en/of wederkerige testament wees. Sodanige persone hoef nie met mekaar getroud te wees nie. Die normale geval van boedelsamesmelting kom voor waar gades, hetsy binne, hetsy buite gemeenskap van goed getroud, hulle afsonderlike boedels in 'n gesamentlike testament konsolideer en die saamgevoegde boedel dan as 'n eenheid laat vererf.

2 1 1 3 'n Deel van die bates van elke erflater, of al hulle bates, moet in 'n eenheid saamgevoeg word en oor hierdie eenheid of gedeelte daarvan moet in 'n gesamentlike en/of wederkerige testament beskik word.

2 1 1 4 Hierdie beskikking moet op die een of ander tydstip, of by die plaasvind van een of ander gebeurtenis na die eerssterwende se dood, plaasvind.

2 1 1 5 Die eerssterwende erflater moes op of na 2 Oktober 1967 gesterf het.

---

12 1869 Buchanan 2311; *Rosenberg v Dry's Executors* 1911 AD 679; *Receiver of Revenue Pretoria v CH Hancke* 1915 AD 64; Shrand *The making of a will including estate planning* (1981) 26; Bouwer *Beredderingsproses* 465.

13 A 115 van die Boedelwet 24 van 1913; Shrand *Making a will* 26; Bouwer *Beredderingsproses* 466; Stuart *Testamente en boedelbeplanning* 25.

14 Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 439–440; Corbett ea *Succession* 456 ev; Shrand *Making a will* 26.

2 1 1 6 Die gesamentlike en/of wederkerige testament moet aan die langslewende 'n beperkte of tussentydse reg op sommige of al die bates in die saamgevoegde boedel toeken. Die persoon ten gunste van wie die beskikking gedoen is, verkry dus *strictu senso ex testamento* 'n gevestigde reg ten opsigte van die bates wat die eerssterwende tot die saamgesmelte boedel bygedra het, ondanks die feit dat sy regte vestig as gevolg van 'n *inter vivos*-handeling, naamlik adiasie.

2 1 1 7 Die langslewende moes geadieer het, aangesien repudiasie deur die langslewende nie boedelsamesmelting tot gevolg het nie.

2 1 2 Die regsbeginsels wat toepassing vind by die aanwending van boedelsamesmelting as regsfiguur, by gebrek aan uitdruklike statutêre bepalings tot die teendeel

2 1 2 1 Adiasie en repudiasie

Die keuse van adiasie[15] of aanvaarding van voordele en, waar toepaslik, verpligtinge wat aan 'n testamentêre bemaking gekoppel is (maw die regsgevolge wat deur adiasie teweeggebring word), word in geval van boedelsamesmelting teweeggebring nadat die eerssterwende deelgenoot aan 'n gesamentlike of 'n wederkerige testament die langslewende deelgenoot voor die keuse gestel het om sy of haar boedel in die geheel of gedeeltelik te laat saamsmelt.

Die teenkant van adiasie of aanvaarding is die repudiasie of weiering deur die langslewende om die voordele en die toepaslike gepaardgaande verpligtinge te aanvaar. In die geval van 'n samesmeltingstestament beteken dit dat boedelsamesmelting nie plaasvind nie en dat die langslewende sy of haar bates behou en enige voordeel wat hom of haar uit die testament sou toeval, verbeur.[16]

Die Meester van die Hooggeregshof vereis dat adiasie of repudiasie skriftelik moet geskied met die gevolg dat daar in die praktyk geen twyfel sal wees of 'n langslewende geadieer of gerepudieer het nie.[17] So sal daar byvoorbeeld op grond van hierdie praktyk nie geargumenteer kan word dat 'n langslewende wat die eksekuteurskap van die eerssterwende se boedel aanvaar het, daarmee meteens ook die bepalings van die testament waarin boedelsamesmelting gereël word, geadieer het nie.[18] Adiasie of repudiasie is finaal en onherroeplik[19] behalwe waar die langslewende in *bona fide* onkunde handel ten opsigte van sy regte en sy onkunde in die omstandighede verskoonbaar is.[20]

Adiasie of repudiasie moet binne 'n redelike tyd uitgeoefen word en die bevoordeelde kan deur die hof verplig word om sy keuse uit te oefen.[21] Die eksekuteur kan die strawwe soos bepaal in artikel 102(1)(iv) van die Boedelwet opgelê word indien nie voldoen word aan artikel 35(1) van die wet nie en vertragings sonder die

---

15 Bouwer *Beredderingsproses* 468; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 53 ev; Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 408 ev; Noel-Barham en Summers *Handbook for executors and administrators* 117; Corbett ea *Succession* 454; Isakow *Succession*.

16 Isakow *Succession* 254; Corbett ea *Succession* 454; Noel-Barham en Summers *Handbook for executors and administrators* 117; Bouwer *Beredderingsproses* 469.

17 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 63; R 50(2)(a) van die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937; Isakow *Succession* 254; Erasmus en De Waal *Succession* 12; Bouwer *Beredderingsproses* 471.

18 Corbett ea *Succession* 455; *Watson v Burchell* 1891 9 SC 2.

19 *Ibid.*

20 Corbett ea *Succession* 455; *Ex parte Nel* 1965 3 SA 197 (T); *Botha v Van der Vyver* 1908 SC 760; Isakow *Succession* 254.

21 Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 414; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 63.

Meester se skriftelike vooraf toestemming toelaat. Die bevoordeeldes ingevolge 'n testament waarin daar vir boedelsamesmelting as 'n eerste alternatief voorsiening gemaak word, het die reg om die langslewende te dwing om 'n keuse uit te oefen.[22]

Indien die langslewende na *dies cedit* maar voordat hy sy keuse uitgeoefen het, te sterwe sou kom, vorm die reg om sy keuse uit te oefen deel van sy boedel aangesien dit 'n integrerende deel van die bemaking aan hom uitmaak.[23] In die geval van insolvensie van die langslewende verkry sy kurator die reg om die keuse uit te oefen.[24]

2 2 Boedelbeplanning

2 2 1 Wat is boedelbeplanning?

In 'n voordrag by geleentheid van die Suid-Afrikaanse Regskonferensie[25] het DW Venter, nadat hy daarop gewys het dat daar nie in enige van die erkende verklarende woordeboeke in Suid-Afrika 'n omskrywing van "boedelbeplanning" te vinde is nie, die begrip soos volg gedefinieer:

> "Dit is die reëling van 'n persoon se finansiële sake om op die bes moontlike wyse in die behoeftes van sy eggenote en kinders te voorsien gedurende sy lewe en na sy afsterwe."[26]

In 'n referaat oor aspekte van boedelbelasting en inkomstebelasting op dieselfde konferensie, het B Wunsh daarop gewys dat die vermyding of minimalisering van inkomste- en boedelbelasting geensins die enigste of selfs die belangrikste oorweging is nie. Hy noem 'n hele aantal belangriker faktore, soos om seker te maak dat die boedelhouer genoegsame bronne gedurende sy leeftyd tot sy beskikking het, die vermyding van wrywing tussen die oorlewende afhanklikes, voorsiening vir die voortsetting van 'n sake-onderneming en behoorlike voorsiening vir 'n langslewende gade.[27]

Hoe dit ook al sy, daar is talle voorbeelde in die praktyk waar die skema van die boedelhouer hoofsaaklik slegs op een aspek fokus, naamlik die vermindering of vermyding van belasting. 'n Goeie voorbeeld van sulke skemas is die aanwending van boedelsamesmelting as 'n meganisme om boedelbelasting in die besonder te verminder of te vermy. Die oogmerk van hierdie bydrae is dan ook om hierdie verskynsel aan die hand van relevante regspraak en toepaslike norme krities-analities te ondersoek.

3 VERSKYNINGSVORME VAN BOEDELSAMESMELTING

Boedelsamesmelting kan op verskillende maniere ingeklee word. Dit hou verband met die aard van die verskillende regsfigure wat deur die testateurs in die gesamentlike en/of wederkerige testament aangewend word.[28] Regsfigure soos vruggebruik, *fideicommissum, fideicommissum residui*, boedelhouerskap, die trust *mortis causa*

---

22 Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 416 en die gesag daar aangehaal en bespreek.

23 Vir 'n bespreking oor wie in so 'n geval die keuse formeel moet uitoefen, sien Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 415 ev.

24 Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 416.

25 "Inleiding oor boedelbeplanning", konferensie georganiseer deur die Vereniging van Wetsgenootskappe van die Republiek van Suid-Afrika, Kaapstad, 1975-04-01–04.

26 Gebundelde (ongepubliseerde) referate 88.

27 *Idem* 171. 'n Dieptebeskouing oor boedelbeplanning val buite die bestek van hierdie studie. Vir 'n breedvoeriger bespreking van boedelbeplanning as wetenskap en professie sien Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning* (1991) 1–39 en die verskeidenheid bronne daar aangehaal.

28 Meyerowitz *Practice of administration of estates* 41 ev; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 57 ev; Noel-Barham en Summers *Handbook for executors and administrators* 27.

en jaargelde is die gebruiklike vorme waarin die beperkte regte van die betrokke begunstigdes gegiet word.[29] Verder kan boedelsamesmelting aan voorwaardes onderworpe gestel word en kan daar ook vir gedeeltelike samesmelting voorsiening gemaak word.[30] 'n Voorbeeld van 'n ontbindend-voorwaardelike reëling sou wees dat die langslewende se voordele kragtens die samesmeltingstestament staak op datum van sy/haar hertroue of wanneer hy/sy buite die eg met 'n ander persoon 'n saamwoonverhouding sou aanknoop.[31]

'n Verdere variasie is waar boedelsamesmelting beperk word tot bepaalde gedeeltes van die testateurs se boedels.[32] Daar word aan die hand gedoen dat die gebruik van boedelsamesmelting inderdaad beperk behoort te word tot onroerende bates in boedels van klein en gemiddelde groottes, aangesien 'n beperking op die gebruik van roerende bates soos byvoorbeeld beleggings, in die praktyk tot nadeel van die langslewende kan strek. Inflasie kan byvoorbeeld geldwaardes sodanig erodeer dat dit vir die langslewende noodsaaklik mag word om ook toegang tot die kapitaal te hê.

4 DIE UITWERKING VAN BOEDELSAMESMELTING

Die uitwerking van adiasie en repudiasie deur die langslewende testateur waar die testateurs in 'n gesamentlike en/of wederkerige testament boedelsamesmelting as 'n alternatiewe bemakingsvoertuig daargestel het, word vervolgens aan die orde gestel. Die reg van die langslewende om sy gedeelte van die gesamentlike testament na oorlye van die eerssterwende te wysig, of te repudieer sonder om die bevoordelings uit die eerssterwende se boedel ingevolge die gesamentlike testament te ontvang, word deur adiasie van die boedelsamesmeltingsmodel beperk.[33]

Die langslewende kan nie regtens in 'n daaropvolgende testament beskik oor die bates wat by die samesmelting betrokke is op 'n wyse wat strydig is met die gesamentlike en/of wederkerige testament waarin die samesmelting bewerkstellig is nie.[34] Indien die langslewende dus sou adieer, behou hy net die reg om selfstandig oor daardie gedeelte van sy boedel te beskik wat na die dood van die eerssterwende opgebou word.[35]

Die testateurs wat boedelsamesmelting as bemakingsmodel kies, behoort dit as 'n alternatief teenoor ander modelle in die gesamentlike en/of wederkerige testament te gebruik sodat aan hulle werklike bedoeling gevolg gegee kan word in geval van 'n moontlike repudiasie deur die langslewende. Indien die langslewende sou repudieer, verkry die eerssterwende se begunstigdes by sy afsterwe onmiddellik gevestigde regte.[36] Indien die boedelsamesmeltingsbepalings so geformuleer is dat die totale bemaking in geval van 'n repudiasie sou misluk, sal die eerssterwende intestaat sterf.[37]

---

29 Meyerowitz *Practice of administration of estates* 41 ev; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 57 ev; Shrand *Making a will* 27; Stuart *Testamente* 27.
30 Corbett ea *Succession* 452.
31 *Ibid*; Isakow *Succession* 255.
32 Meyerowitz *Practice of administration of estates* 42.
33 Corbett ea *Succession* 456.
34 *Idem* 455.
35 *Ibid*.
36 Corbett ea *Succession* 454; *Estate Coaton v The Master* 1915 CPD 318.
37 *Ibid*.

Indien albei testateurs se gedeeltes van die gesamentlike of wederkerige testament voorwaardelik is in dié sin dat boedelsamesmelting net sal plaasvind indien hulle onderskeidelik die eerssterwende sou wees en daar geen alternatiewe beskikking is nie, word die langslewende se testament by die eerssterwende se dood kragteloos en sal eersgenoemde intestaat sterf.[38] Indien dit nie so voorwaardelik is nie, bly dit van krag tensy dit herroep of gewysig word.[39] Die vraag ontstaan nou wat die regte van die langslewende en die begunstigdes is ten opsigte van bates van die langslewende wat ná adiasie deel vorm van die saamgesmelte boedel. Die langslewende verkry dieselfde tussentydse reg na adiasie met betrekking tot sy bydrae tot die saamgesmelte boedel as wat hy ten opsigte van die eerssterwende se bydrae het.[40] Die bevoordeeldes het weer op hulle beurt dieselfde regte ten opsigte van die langslewende se bydrae tot die saamgesmelte boedel as wat hulle ten opsigte van die eerssterwende se bydrae verkry.[41]

Teen die agtergrond van hierdie kort oorsig oor die "meganisme" van boedelsamesmelting, word vervolgens aandag gegee aan die oorwegings wat die aanwending daarvan as *mortis causa*-boedelbeplanningsinstrument kan beïnvloed.

5 OORWEGINGS BY BOEDELBEPLANNING

Die bespreking wat hier volg, is gebaseer op die veronderstelling dat die boedelbeplanner reeds alle tersaaklike inligting van die boedelhouer bekom het, dit ontleed het, vasgestel het wat laasgenoemde met sy boedel wil doen en waarteen hy dit wil beskerm.[42] Die veronderstelling is verder dat boedelsamesmelting as 'n moontlike beplanningsinstrument in die bepaalde geval geïdentifiseer is. Die beplanner kan nou met inagneming van die faktore en oorwegings wat vervolgens bespreek word, 'n finale besluit neem oor die vraag of boedelsamesmelting in die betrokke omstandighede gepas is of nie.

Die toepaslikheid van boedelsamesmelting sal waarskynlik in 'n mate deur subjektiewe oorwegings aan die kant van die boedelbeplanner beïnvloed word. Terwyl met veranderlikes en onvoorsienbare toekomstige gebeurlikhede rekening gehou word, moet die beplanner ook die volgende faktore in gedagte hou en daar word ter oorweging gegee dat konserwatisme in die beplanningsproses 'n sleutelriglyn vir die beplanner behoort te wees.

5 1 Fiskale oorwegings

5 1 1 Geskenkebelasting

5 1 1 1 Ter inleiding

Die oorsaak van die teenswoordige versigtige gebruik van boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning is die uitspraak van die Inkomstebelasting Spesiale Hof.[43] Hierdie uitspraak is vir boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning enigsins ongelukkig.

---

38 Corbett ea *Succession* 453 ev.
39 *Idem* 454 ev.
40 *Idem* 454; a 37 van die Boedelwet 66 van 1965.
41 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 58; Noel-Barham en Summers *Handbook for executors and administrators* 117.
42 De Villiers "The approach to estate planning" 1981 *MBL* 41 ev.
43 Sien *ITC* 1387 1984 207 46 SATC 121; ook Urquhart en Davis *Estate planning* par 1414; Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning* 149 ev.

5 1 1 2 Die heffing van skenkingsbelasting word gereël deur Deel V van die Inkomstebelastingwet.[44] Benewens die reëling van belasting op geskenke in die algemeen kragtens artikel 54 van die wet, word daar aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste in artikel 58 'n diskresie verleen om 'n "beskikking oor eiendom" ook as 'n skenking te beskou. Die koers waarteen geskenkebelasting gehef word, is tans 25%, bereken op die netto belasbare bedrag.

Daar word vervolgens na die toepassing hiervan met betrekking tot boedelsamesmelting in die lig van artikel 58 van die Inkomstebelastingwet gekyk.

5 1 1 3 Die uitspraak van die Inkomstebelasting Spesiale Hof

Ten einde die slaggate met betrekking tot geskenkebelasting by die aanwending van boedelsamesmelting as tegniek by boedelbeplanning behoorlik te begryp, is dit nodig om die Inkomstebelasting Spesiale Hofbeslissing 1378[45] te ontleed.

Die appellant en sy vader, wat reeds bejaard was, het 'n gesamentlike testament verly ingevolge waarvan hulle hulle afsonderlike boedels, met die uitsondering van sommige bates, saamgevoeg het. Hierdie saamgesmelte boedel is aan drie trusts bemaak, met die appellant en sy drie kinders as die begunstigdes. Daar is bepaal dat sekere jaargelde aan die langslewende betaal moet word, sonder om uitdruklik voor te skryf dat dit uit die saamgevoegde boedel betaal moet word. Die appellant se vader is daarna oorlede en eersgenoemde het die voordele ingevolge die gesamentlike testament geadieer. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het die verskil tussen die totale waarde van die bates wat saamgevoeg is en die voordele wat die appellant ingevolge die testament toegeval het as 'n "skenking" ingevolge artikel 58 van die Inkomstebelastingwet beskou, en op hierdie waarde, wat R438 500 beloop het, geskenkebelasting ten bedrae van R82 815 gehef en dit tesame met opgehoopte rente van die appellant geëis.[46] Die appellant het teen die aanslag ten opsigte van geskenkebelasting beswaar gemaak en appèl aangeteken. Sy argument was dat daar geen skenking soos bedoel deur artikel 58 van die Inkomstebelastingwet was nie en dat "vererwing" ooreenkomstig artikel 37 van die Boedelwet plaasgevind het.[47] Hy het aangevoer dat artikel 58 nie toegepas kan word waar daar 'n boedelsamesmelting ooreenkomstig artikel 37 plaasgevind het nie. Hy het aangevoer dat 'n skenking kragtens artikel 58 van die Inkomstebelastingwet, saamgelees met die definisie van 'n skenking in artikel 55 van dieselfde wet, 'n kontraktuele of *quasi*-kontraktuele grondslag vereis aangesien 'n skenking *inter vivos* in wese 'n kontrak is wat kragtens 'n aanbod en 'n aanname tot stand kom.[48] Die appellant het gesteun op *Receiver of Revenue v Hancke*[49] waar beslis is dat die erfgename in 'n geval van boedelsamesmelting na adiasie lewering *ex testamento* vorder en nie uit hoofde van kontrak of *quasi*-kontrak nie, met die gevolg dat 'n oordrag volgens artikel 60(1) van Proklamasie 28[50] van hereregte vrygestel was.[51] In *Reek v Registrateur van Aktes Transvaal*[52] is

---

44 Wet 58 van 1962 sg.

45 *ITC* 1387 1984 207 46 SATC 121 soos aangehaal in Urquhart en Davis *Estate planning* par 1414 ev.

46 Die Kommissaris het in hierdie opsig gefouteer: om die verskil tussen die *quid* en *quo* vir doeleindes van die toepassing van a 58 te bepaal, moet die waarde van die bates wat deur die eerssterwende tot die saamgesmelte boedel bygedra is, buite rekening gelaat word.

47 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1414; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 61 ev.

48 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1416.

49 1915 AD 64.

50 28 van 1902.

51 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1416.

52 1969 1 SA 589 (T).

daarop gewys dat die oorlewende in die geval van boedelsamesmelting 'n "erfgenaam" word kragtens die testament van die eerssterwende en dat daar eintlik net een effektiewe testament is, te wete dié van die eerssterwende wat by haar/sy dood in werking tree. Die appellant se saak het dus uitsluitlik berus op die submissie dat die erfgename die bates uit die appellant se boedel nie by wyse van 'n kontraktuele beskikking nie, maar wel by wyse van 'n testamentêre beskikking verkry het.[53]

Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het egter aangevoer dat by die toepassing van artikel 58 van die Inkomstebelastingwet op die onderhawige geval, die bevoordeeldes die bevoordeling kragtens die skenking inderdaad vóór die dood van die skenker ontvang het.[54]

Die hof het twee regsvrae onderskei, naamlik:[55]

(a) Kan 'n bemaking ingevolge 'n gesamentlike testament (wat boedelsamesmelting teweegbring) geag word 'n "skenking" ingevolge artikel 58 van die Inkomstebelastingwet te wees?

(b) Indien die antwoord op die voormelde regsvraag positief is, wie is die partye by sodanige skenking?

Die hof het vir doeleindes van die uitspraak aanvaar dat die bewoording van die betrokkede testament die beskikkings inderdaad binne die trefwydte van artikel 37 van die Boedelwet geplaas het.[56] Die hof het die appellant se argument verwerp dat die proses van boedelsamesmelting wat op adiasie volg nie 'n *inter vivos*-handeling was nie, maar uit 'n gesamentlike *testamentêre beskikking* voortgespruit het.[57] Die regter het opgemerk dat die adiasie-handeling gedurende *die leeftyd* (beklemtoning bygevoeg) van die langslewende plaasgevind het, met die gevolg dat die begunstigdes reeds gedurende laasgenoemde se lewe op sy eiendom geregtig word.[58]

Die hof merk voorts op dat die feit dat die "skenking" of beskikking nie direk van die appellant na die trust gaan nie, maar deur middel van die masjinerie van boedelsamesmelting, aan die betrokke beskikking die kleur van 'n testamentêre beskikking verleen.[59] 'n Beskikking sluit volgens die hof ook 'n testamentêre beskikking in.[60] Die hof verklaar dat die testamentêre beskikking die bemaking van eiendom na die dood van die testateur ten doel het, terwyl die boedelsamesmelting in die onderhawige geval beoog het dat die begunstigde "die langslewende se eiendom alreeds

---

53 Die applellant se pleitbesorger kon in sy beredenering ook verwys het na *Estate Roadknight v Secretary for Inland Revenue* 1973 2 SA 339 (A). In hierdie saak, wat ook in 35 SATC 54 gerapporteer is, het 'n testateur sy eksekuteurs opgedra om aan sy neef 'n opsie te verleen om sekere onroerende eiendom van die boedel te koop. Die neef het die opsie uitgeoefen en die vraag voor die hof was of hereregte uit hoofde van die transaksie betaalbaar was. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se argument was dat die neef die eiendom bekom het kragtens die koopooreenkoms wat tot stand gekom het toe hy die opsie uitgeoefen het en dat die eiendomsverkryging derhalwe nie op erfopvolging berus nie. Die hof het bevind dat die eiendom verkry is deur "testamentary succession" en dat geen hereregte gevolglik betaalbaar was nie.

54 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1417.

55 *Idem* 1418.

56 *Idem* 1419.

57 *Ibid*.

58 *Ibid*.

59 *Ibid*.

60 Die hof baseer sy standpunt op oa *CIR v Estate Kirsch* 1951 3 SA 496 (A) wat volgens die hof (505H) regstreekse gesag bied vir die stelling dat 'n "beskikking" ook 'n testamentêre beskikking insluit.

voor sy dood verkry". Dit is volgens die hof analoog aan 'n skenking *inter vivos*.[61] Die bevinding was dus dat die adiasie deur die langslewende 'n beskikking ingevolge artikel 58 van die Inkomstebelastingwet daarstel en die vergoeding in die vorm van die jaargelde wat hy in ruil daarvoor verkry, is volgens die hof tereg deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste beskou as nie genoegsaam nie. Gevolglik is bevind dat die regte wat die appellant ten tye van adiasie verkry het, minder was as die regte waarvan hy afstand gedoen het. Die adiasie-handeling van die langslewende is dus 'n potensiële *inter vivos*-skenkingshandeling afhangende van die groottes van die *quid* en die *quo*.

5 1 1 4 'n Evaluering van die implikasies van *ITC* 1387 1984 207 46 SATC 121

(i) In die eerste plek moet daarop gewys word dat die feite van die geval ietwat buitengewoon is in dié opsig dat hulle aansienlik verskil van boedelsamesmeltingsituasies wat normaalweg in die praktyk voorkom. Dit is dus moeilik om die saak sonder meer of ongekwalifiseerd op "normale" boedelsamesmeltingsituasies toe te pas.[62]

(ii) Voorts was daar 'n aanmerklike verskil tussen die *quid* en die *quo*. In die lig van hierdie beslissing gaan die vraag oor hoe groot die verskil tussen die *quid* en die *quo* inderdaad moet wees alvorens die Kommissaris artikel 58 van die Inkomstebelastingwet gaan toepas, telkens opduik.[63]

(iii) Of 'n "beperkte" reg soos bepaal deur artikel 37 van die Boedelwet by adiasie deur die langslewende in die onderhawige geval gevestig het, is nie duidelik nie. Dit is ook nie duidelik of die betrokke trusts diskresionêre bevoegdhede aan die trustees toegeken het nie en of die begunstigdes gevestigde regte kragtens die trustakte ontvang het nie. Die antwoord op laasgenoemde onduidelikhede sou 'n berekening van die grootte van die skenkings in 'n belangrike mate beïnvloed.[64]

(iv) Die skenker was ook in 'n mate die begunstigde, aangesien die langslewende sowel 'n trustee as 'n begunstigde ingevolge die trusts was.[65]

(v) Die *quantum* van die skenking is nie geargumenteer nie en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se basis vir sy berekening blyk nie uit die verslag nie. Dit is belangrik in die geval van 'n trust waar die skenker en die begunstigde effektief dieselfde persone was.[66]

(vi) In die toekomstige navolging van hierdie beslissing sal die argument dat bevoordelings uit hoofde van boedelsamesmelting *ex testamento* bekom word en nie op grond van kontrak, *quasi*-kontrak of vanweë 'n *inter vivos*-beskikking nie, nie opgaan nie.[67]

(vii) Elke testament moet geskikte alternatiewe bepalings bevat om moontlike skenkingsbelastingimplikasies te ondervang. Sodanige alternatiewe kan ruimte en buigsaamheid skep by die oorweging tydens die evaluasiestadium of daar geadieer of gerepudieer moet word.[68]

---

61 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1419.
62 Sien bv *idem* 1420.
63 *Ibid.*
64 *Ibid.*
65 *Ibid.*
66 *Ibid.*
67 *Ibid.*
68 *Ibid.*

(viii) Urquhart[69] het dan ook tereg voorspel dat die toekomstige houding van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste sal wees dat daar in soortgelyke gevalle weer geskenkebelasting gehef sal word.

(ix) Daar word ter oorweging gegee dat die partye se onderskeie lyne van betoog die hof tot uitsprake oor boedelsamesmelting en adiasie laat kom het wat bevraagteken kan word. Selfs al sou toegegee word dat artikel 58 van die Inkomstebelastingwet moontlik wyd genoeg bewoord is om in sekere gevalle ook bepaalde testamentêre bemakings as 'n "beskikking" ooreenkomstig die artikel te brandmerk, behoort die uitspraak nie as die laaste woord hieroor aanvaar te word nie en is dit jammer dat die appèl wat teen die uitspraak aangeteken is, nie voortgesit is nie.

Dit is wel so dat die bates van die langslewende deelgenoot aan 'n testament waarin boedelsamesmelting gereël word as deel van die saamgesmelte massa na die aangewese begunstigdes gaan terwyl die langslewende nog leef. Dit is ook so dat adiasie 'n regshandeling is wat deur 'n lewende persoon uitgevoer word. Die vererwing van 'n lewende persoon se bates deur middel van boedelsamesmelting is immers 'n erkende en gevestigde uitsondering op die grondreël van die erfreg dat 'n erflater dood moet wees alvorens erfopvolging kan plaasvind. Die feit dat die dood van 'n natuurlike persoon postulaat is vir die aanbreek van *dies cedit* en dat *dies cedit* in geval van boedelsamesmelting vir die begunstigdes (dus ook oor die bates van die langslewende) by die dood van die eerssterwende op grond van die adiasie deur die langslewende aanbreek, is gevestigde *erfregtelike* beginsels. Daar word ter oorweging gegee dat die regter in die onderhawige geval heeltemal te min waarde aan die erfregtelike grondslae van die eleksieleer en boedelsamesmelting geheg het.[70] Die feit dat adiasie by boedelsamesmelting deur 'n lewende persoon geskied, is nie genoegsame rede om dit as 'n skenking te raam nie. Daarom moet die volgende passasie uit die regter se *dictum*, met groot respek, ernstig bevraagteken word:

> "[D]ie feit dat die 'skenking' of beskikking nie direk van die appellant na die trust gaan nie maar deur middel van die gebruikmaking van die masjinerie van boedelsamesmelting verleen aan die betrokke eiendom die kleur van 'n testamentêre beskikking wat dit in werklikheid nie is nie."

Soos hierbo vermeld, het die beslissing van die appèlhof in die *Roadknight*-gewysde blykbaar die aandag van die appellant se pleitbesorger ontglip en kan daar dus slegs bespiegel word wat die Inkomstebelasting Spesiale Hof se houding sou gewees het indien daar ook op hierdie rigtinggewende beslissing gesteun was. Die moontlikheid dat 'n uiteindelike hoër beroep teen 'n toekomstige beslissing soortgelyk aan dié in Spesiale Inkomstebelastingsaak 1378[71] dalk uit die oogpunt van die appellant suksesvol mag wees, kan nie uitgesluit word nie.

5 1 1 5 Die Spesiale Inkomstebelastingsaak *ITC* 1448 1988 51 SATC 58

Op 30 November 1988 het Spesiale Inkomstebelastingsaak 1378[72] se rimpelende uitwerking in die Kaapse Inkomstebelasting Spesiale Hof voor regter Fagan verder

---

69 *Ibid.*

70 Sien bv Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 422 en die gesag (ook die gemeenregtelike gesag) daar aangehaal. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die langslewende deelgenoot aan boedelsamesmelting as gevolg van sy/haar adiasie alle beskikkingsbevoegdheid oor sy/haar bates wat in die saamgesmelte boedel val verloor, en ook die bevoegdheid om die samesmeltingstestament te herroep of te wysig, finaal inboet. Hierdie toedrag van sake dui daarop dat die *causa* van die oorgang van die langslewende se bates *die testament* is.

71 *ITC* 1387 1984 207 46 SATC 121.

72 *Ibid.*

uitgekring toe Spesiale Inkomstebelastingsaak 1448[73] as toetssaak met die volgende feite voor die hof gedien het:

(i) 'n Egpaar wat buite gemeenskap van goed getroud was, het 'n gesamentlike testament verly. In die testament het hulle bepaal dat (behalwe vir 'n bedrag van R100 000 wat in die geval waar die man die eerssterwende sou wees direk aan die vrou moes toeval) hulle afsonderlike boedels saamgesmelt moes word en deur hulle eksekuteur in trust gehou moes word onderworpe aan 'n vruggebruik ten gunste van die langslewende. By die dood van die langslewende sou die trust beëindig word en die totale saamgesmelte boedel ten gunste van benoemde begunstigdes vererf. Die man was die eerssterwende. Sy boedel het by sy dood R1 284 878 beloop en die nagelate eggenote se boedel was R508 742,85 werd. Die langslewende het geadieer en na betaling van die legaat van R100 000 is die restant van die twee boedels dus saamgesmelt. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het kragtens artikel 58 van die Inkomstebelastingwet geoordeel dat die langslewende deur middel van adiasie haar afsonderlike boedel aan die trust geskenk het en het geskenkebelasting op 'n bedrag van R293 623 gehef. Hierdie bedrag was die verskil tussen die bedrag van R508 742,85 en die waarde van die vruggebruik ter waarde van R215 119,85 wat op die waarde van slegs die langslewende se afsonderlike boedel bereken is. Die waarde van die langslewende eggenote se vruggebruik oor die totale saamgesmelte boedel het die bedrag van R711 324 beloop, in teenstelling met die waarde van haar afsonderlike boedel van R508 742,85 ten opsigte waarvan sy deur middel van haar adiasie afstand gedoen het, ten gunste van die trust ingevolge die bepalings van die gesamentlike testament.

(ii) Die appellant het beswaar gemaak teen die aanslag van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste en na afwysing van die beswaar het sy teen die aanslag geappelleer. Sy het vir doeleindes van sy betoog aanvaar dat Spesiale Inkomstebelastingsaak 1378 korrek beslis is en dat 'n langslewende wat 'n boedelsamesmeltingstestament adieer, afstand doen van sy eiendom wat ingevolge die gesamentlike testament deel word van die gekonsolideerde massa, behoudens dat die langslewende in so 'n geval dan 'n *inter vivos*-skenking maak.[74] Daar is geargumenteer dat die uitwerking van die langslewende se adiasie-handeling was dat sy van haar afsonderlike boedel afstand gedoen het ten gunste van die trust wat ingevolge die testament geskep is, maar dat sy terselfdertyd op die voordele wat testamentêr aan haar bemaak is, geregtig geword het.[75]

Indien die langslewende nie geadieer het nie, sou sy slegs haar afsonderlike boedel behou het en geen voordeel (behalwe die legaat) kragtens die testament verkry het nie.[76] Haar teenprestasie, wat sy as gevolg van haar adiasie-handeling ontvang het, was 'n vruggebruik, nie alleen oor haar afsonderlike boedel nie, maar oor die totale saamgesmelte boedel.[77] Dit was gemeensaak dat die vruggebruik wat die langslewende oor die totale saamgesmelte boedel ontvang het in waarde substansieel meer was as die waarde van haar afsonderlike boedel waarvan sy afstand gedoen en tot die saamgesmelte boedel bygedra het. Die implikasie van die appellant se argument was dat aangesien sy in waarde meer ontvang het as dit waarvan sy afstand gedoen

---

73 *ITC* 1448 1988 51 SATC 58 soos aangehaal in Anon 1989 *Income Tax Reporter* 200 ev.
74 *Idem* 202.
75 *Ibid.*
76 *Ibid.*
77 *Ibid.*

het, daar geen skenking was nie en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se aanslag met koste tersyde gestel moes word.[78]

(iii) Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se submissie was die volgende:

(a) Daar is geen appèl teen 'n beslissing van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste ingevolge artikel 58 van die Inkomstebelastingwet nie. Hy voer aan dat dit appelleerbaar is as dit gaan oor die vraag of daar "enige teenprestasie" was, maar indien dit gaan oor die genoegsaamheid daarvan, is sy beslissing slegs hersienbaar en nie appelleerbaar nie. Die Kommissaris se oordeel is deurslaggewend en kan nie in appèl aangeveg word met betrekking tot die waarde van die eiendom waarvan afstand gedoen is die genoegsaamheid van die teenprestasie nie.[79]

(b) In die alternatief argumenteer die Kommissaris dat die appellant se adiasiehandeling binne die definisie van 'n "skenking" ingevolge artikel 55 van die Inkomstebelastingwet val, aangesien haar adiasie 'n gratis oormaking van haar eiendom daargestel het. Die waarde van die vruggebruik wat die langslewende eggenote in die onderhawige geval oor die eerssterwende se bydrae tot die saamgesmelte boedel ontvang het, het volgens die oordeel van die Kommissaris nie 'n voldoende "teenwaarde" vir die afstanddoening van die langslewende se boedel daargestel nie. Die waarde van die bates waarvan die langslewende afstand gedoen het, het die waarde van die vruggebruik oor die eerssterwende se bydrae tot die gekonsolideerde boedel oorskry en die verskil is geag 'n skenking te wees.[80]

(c) Die Kommissaris se verdere alternatiewe submissie was dat artikel 58 van die Inkomstebelastingwet vereis dat die teenprestasie vanaf die begunstigde moet kom, wat nie in die onderhawige geval gebeur het nie. Die Kommissaris het geargumenteer dat 'n element van wederkerigheid vereis word. Die teenprestasie waarna artikel 58 van die Inkomstebelastingwet verwys, hou in dat die teenprestasie van die begunstigde na die skenker moet gaan. Die langslewende eggenote het haar eiendom aan die trustees van die boedel geskenk en sy het geen teenprestasie van die trustees as sodanig ontvang nie, wat beteken dat die beskikking sonder teenwaarde was.[81]

(iv) Die uitspraak

Die appellant se argument, naamlik dat die teenprestasie wat die langslewende eggenote uit die saamgesmelte boedel ontvang het die waarde van die vruggebruik oor die totale saamgesmelte boedel is en nie net die van die vruggebruik oor die eerssterwende se gedeelte nie, is in appèl gehandhaaf.[82] Die hof het bevind dat die waarde van die vruggebruik oor die totale saamgesmelte boedel die waarde van die langslewende se boedel oorskry en daar was dus geen skenking of beskikking sonder voldoende teenwaarde nie.[83] Die hof bevind dat die woorde "volgens die Kommissaris se oordeel" in artikel 58 betrekking het op die aanwending van artikel 58 as sodanig en die argument van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste soos uiteengesit in (a) hierbo, is verwerp.[84] Met betrekking tot die argument van die Kommissaris in (c) hierbo vermeld, het die hof bevind dat die vergoeding wat die skenker

78 *Ibid.*
79 *Ibid.*
80 *Ibid.*
81 *Idem* 202–204.
82 *Idem* 204.
83 *Idem* 205.
84 *Idem* 203–204

as teenprestasie toeval, nie ooreenkomstig artikel 58 tot die begunstigde as bron beperk is nie, maar dat die vergoeding van enige bron (van welke aard ook al) mag kom.[85]

5 1 1 6 Die tydstip en die berekening van die nettowaarde van 'n geskenk

Die tydstip waarop die waarde van 'n skenking bereken moet word, val saam met die adiasie van die langslewende.

Die billike markwaarde van "geskenkte" boedelgoedere word deur die vergoeding wat as teenprestasie verkry word, verminder en maak die netto-belasbare bedrag uit waarop geskenkebelasting dan betaalbaar sal wees.

5 1 1 7 Voorgestelde oplossing

Die boedelbeplanner moet toesien dat die testament sodanig ingeklee word, dat die bepaling met betrekking tot boedelsamesmelting voorskryf dat die begunstigde wat die *nudum dominium* of blote eiendomsreg van bates ontvang, in teenstelling met die beperkte reg daartoe wat die langslewende toeval, 'n verpligting ten gunste van die langslewende opdoen wat gelykstaande moet wees aan die netto-waarde van die langslewende se bydrae tot die samesmelting wat kragtens die testament na die aangewese begunstigdes moet gaan. Die langslewende bemaak vervolgens die vorderingsreg wat hy/sy teen die betrokke begunstigde kragtens die samesmeltingstestament verkry het, aan laasgenoemde.

5 1 2 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Wanneer die boedeleienaar boedelsamesmelting as instrument in sy/haar boedelplan wil gebruik, moet die implikasies van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde[86] in ag geneem word.[87]

Om die implikasies met betrekking tot BTW in die geval van boedelsamesmelting na te gaan, is dit eerstens nodig om te wys op enkele algemene aspekte by die bepaling van aanspreeklikheid vir BTW. Sodanige aanspreeklikheid is slegs ter sake waar die boedel as ondernemer kragtens artikel 23 van die Wet geregistreer was.[88] Indien wel, is die verdere vraag na die klassifikasie van die bates en in hierdie verband word drie verskillende kategorieë onderskei.[89]

Die eerste kategorie is bates wat deel gevorm het van die onderneming wat vir BTW geregistreer was.[90] Die tweede kategorie is die bates wat slegs gedeeltelik deel van die onderneming gevorm het.[91] Derdens is daar die bates wat nie deel gevorm het van die onderneming nie.[92] Die klassifikasie is dus deurslaggewend. Dit is ook belangrik om daarop te let dat kontantgeld in 'n boedel nie aan BTW onderworpe is nie.[93] Benewens die klassifikasie van die boedelbates, is dit verder nodig om vas te stel wat die verwantskap tussen die oorledene en 'n legataris of erfgenaam is, sodat die belasbaarheid van die toevalling aan die erfgenaam of legataris korrek bepaal kan word. Die definisie van die sogenaamde *verbonde persoon* is hier ter

85 *Idem* 204.
86 89 van 1991.
87 Arthur en Erasmus *VAT for lawyers: A guideline* (1991) 105 ev.
88 *RSA Gids vir ondernemers: Belasting op toegevoegde waarde* (1995) 6 ev.
89 Erasmus *VAT and deceased estates* 11 15.
90 *Idem* 13 18.
91 *Idem* 18.
92 *Idem* 12 17.
93 *Idem* 28.

sake.[94] Die idee van 'n verbonde persoon is gemik op die voorkoming van vermydingsmaatreëls teen BTW. Die toekenning van enige bate in die vorm van 'n legaat of erfenis uit 'n bestorwe boedel is 'n lewering van goedere of dienste, afhangende van die aard van die bates of die diens.[95] Enige toekenning deur die eksekuteur van enige goed of diens wat deel van 'n onderneming uitmaak, sal aan BTW onderworpe wees. Die koers waarteen BTW gehef word, sal afhang van die aard van die bates wat toegeken word[96] en die bedrag aan BTW betaalbaar sal afhang van die verhouding tussen die oorledene en 'n bepaalde erfgenaam of legataris.[97] In die geval van bates van 'n onderneming wat 'n lopende saak is of van bates wat afsonderlik van die onderneming as 'n aparte onderneming kan funksioneer, word die toekenning van bates geag 'n lewering vir doeleindes van BTW te wees. Dit sal lewering teen 'n nul-koers wees, mits die ontvanger van die toekenning as ondernemer geregistreer is[98] en ongeag die feit dat die bevoordeelde 'n verbonde persoon van die oorledene is.[99] As die ontvanger nie 'n geregistreerde ondernemer vir doeleindes van BTW is nie, sal die lewering van goed teen die standaardkoers vir BTW in aanmerking kom en in só 'n geval sal die vraag of die begunstigde 'n verbonde persoon is, die bedrag wat aan BTW betaalbaar is, beïnvloed.

Die erfgenaam of legataris sal nie vir 'n insetkrediet kwalifiseer nie, ongeag of hy/sy 'n geregistreerde ondernemer is al dan nie, indien hy/sy as ondernemer nie voornemens is om die betrokke goed te gebruik, te verbruik of te lewer vir die doel van 'n belasbare lewering van dienste of goedere nie.[100] Waar die erfgenaam of legataris nie geregtig is op 'n insetkredietaftrekking nie, word die lewering se waarde bereken op die ope markwaarde daarvan.[101] Waar die begunstigde wel geregtig mag wees om 'n insetkrediet te eis, sal die algemene reël, naamlik dat geen BTW betaalbaar is vir die lewering teen geen teenwaarde nie, toepassing vind.[102] Die standaardkoers word op die nul-waarde toegepas. Dit is belangrik om te beklemtoon dat enige aanspreeklikheid vir die uitsetbelasting dié van die boedel is.[103]

Waar die erfgenaam of legataris nie 'n verbonde persoon in verhouding tot die oorledene is nie, sal die bedrag betaalbaar aan BTW nul wees, tensy daar 'n bemakingsprys is en ongeag of dit teen die standaardkoers of teen die nul-koers bereken word.[104]

Die gemeenskaplike boedel van partye wat binne gemeenskap van goed getroud is en die gemeenskaplike boedel wat deur die eksekuteur beredder word, word as aparte persone, afsonderlik van die man en vrou en van die oorlede eggenoot en langslewende eggenoot, behandel.[105] Enige verdeling van die bates van die langslewende eggenoot is 'n lewering van of goedere of dienste vir doeleindes van BTW.[106]

---

94 Erasmus "VAT and deceased estates" 1993 *De Rebus* 803 ev; a 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde.
95 Erasmus *VAT and deceased estates* 28.
96 *Idem* 29.
97 Eramus 1993 *De Rebus* 803 ev.
98 Erasmus *VAT and deceased estates* 31.
99 *Ibid.*
100 *Ibid.*
101 *Ibid.*
102 *Ibid.*
103 *Ibid.*
104 *Idem* 32.
105 *Idem* 33.
106 *Ibid.*

Die gemeenskaplike boedel wat deur die eksekuteur beredder word, is aanspreeklik vir die volle belastingpligtigheid ten opsigte van enige toedeling van 'n bate aan die langslewende, ondanks die feit dat die langslewende ooreenkomstig huweliksgoedereg 'n onverdeelde halwe aandeel in die gemeenskaplike boedel het.[107] Die toedeling van enige bate aan die langslewende gade is noodwendig 'n toedeling aan 'n verbonde persoon.[108]

As BTW dus op die bepaalde bate betaalbaar is, moet die betaalbare bedrag op die volle ope markwaarde van die bate bereken word op die basis dat die gemeenskaplike boedel as 'n aparte persoon, afsonderlik van die individuele gades, beskou word.[109]

In die geval waar twee persone wat binne gemeenskap van goed met mekaar getroud is hulle onverdeelde aandele in die gemeenskaplike boedel saamsmelt, word geen probleme vanuit 'n BTW-oogpunt ondervind nie aangesien dit bloot die idee bevestig dat die gemeenskaplike boedel van die gades as 'n aparte persoon beskou word. Boedelsamesmelting is in wese in ooreenstemming met hierdie siening.[110] Die belastingimplikasies met betrekking tot die lewering van 'n beperkte reg uit die saamgesmelte boedel aan die langslewende gade, soos byvoorbeeld 'n vruggebruik, hang af van die faktore soos reeds bespreek.[111]

By die oorweging van die implikasies met betrekking tot BTW in gevalle waar gades wat buite gemeenskap van goed getroud is hulle afsonderlike boedels saamsmelt,[112] is dit belangrik om op die volgende twee aspekte te let:

(i) Die inwerkingstelling van boedelsamesmelting deur die langslewende uit hoofde van laasgenoemde se adiasie, is 'n lewering deur die langslewende van bates vir doeleindes van BTW.

(ii) Die uitwerking van boedelsamesmelting ten opsigte van die eerssterwende se boedel is dat daar ook 'n lewering vir doeleindes van BTW plaasvind.

Met betrekking tot die lewering deur die langslewende van bates of dienste aan die saamgesmelte boedel, is dit belangrik om daarop te let dat die langslewende 'n beperkte reg as teenprestasie ontvang.[113] Die BTW-implikasie sal afhang van bepaalde faktore:[114]

(a) of die langslewende as ondernemer vir BTW-doeleindes geregistreer is;

(b) of die bepaalde bate wat gelewer word deel gevorm het van die onderneming van die langslewende; en

(c) die aard van die beperkte reg wat die langslewende uit die saamgesmelte boedel toeval.

Die koers waarteen BTW gehef word, sal dus afhang van die aard van die goedere of dienste wat gelewer word. Die bedrag aan BTW betaalbaar, sal verder beïnvloed word deur die aard van die beperkte reg wat die langslewende uit die saamgesmelte boedel ontvang, asook deur die verwantskap tussen die langslewende en die

---

107 *Ibid.*
108 *Ibid.*
109 *Ibid.*
110 *Idem* 40.
111 *Supra* en sien ook *idem* 40.
112 *Ibid.*
113 *Idem* 41.
114 *Ibid.*

uiteindelike begunstigdes.[115] Die belastinggevolge van lewerings deur die oorlede gade se boedel hang af van dieselfde faktore as wat hierbo ten opsigte van die langslewende vermeld is.

5 1 3 Hereregte

Kragtens artikel 9(1)(e)(i) van die Hereregtewet,[116] is die verkryging van onroerende eiendom deur middel van 'n erflating van die betaling van hereregte vrygestel.[117] Die kwalifiserende bepaling in hierdie subartikel is egter dat die betrokke eiendom dié van die oorledene moes gewees het. Hierdie beperking is ingevoer deur artikel 1 (1)(a) van die Belastingwysigingswet,[118] wat op 21 Junie 1989 in werking getree het.[119] Die gevolg hiervan wat boedelsamesmelting betref, is dat die begunstigde wat die blooteiendomsreg verkry nie op hierdie hereregtevrystelling geregtig is met betrekking tot eiendom wat aan die langslewende behoort het nie. Die implikasies hiervan in geval van 'n boedelsamesmelting deur 'n egpaar wat binne gemeenskap van goed met mekaar getroud was en onroerende eiendom aan hulle kinders bemaak het onderworpe aan 'n vruggebruik deur die langslewende, sal soos volg wees:

Die verkryging van die vruggebruik oor die oorledene se gedeelte van die onroerende eiendom sal kragtens artikel 9(1)(e)(i) van die Hereregtewet, van die betaling van hereregte vrygestel wees. Daarbenewens sal die kinders ook van die betaling van hereregte vrygestel wees met betrekking tot die verkryging deur hulle van die blooteiendomsreg oor die oorledene se gedeelte van die eiendom.[120] Die erfgename sal egter met betrekking tot die gedeelte van die onroerende eiendom van die langslewende en wat deur laasgenoemde tot die samesmelting bygedra is, hereregte moet betaal omdat dit in die lig van die voormelde beperking nie onder artikel 9(1)(e)(i) van die Hereregtewet tuisgebring kan word nie.[121]

5 1 4 Inkomstebelasting

Die aanwending van boedelsamesmelting kan vir die langslewende of vir die uiteindelike begunstigdes (waar van toepassing) komplikasies met betrekking tot inkomstebelasting tydens hulle leeftyd meebring. Die boedelbeplanner moet derhalwe by die opstelstadium en by die evaluasiestadium sy advies met inagneming hiervan oorweeg. Hy sal byvoorbeeld nie inkomstegenererende bates aan 'n begunstigde wat reeds inkomstebelastingprobleme ondervind, laat toekom nie.

Ten slotte kan met verwysing na die belastingvermydingsbepaling opgemerk word dat die Kommissaris van Binnelandse Inkomste tot dusver nog nie artikel 103(1) van die Inkomstebelastingwet, op gevalle waar boedelsamesmelting as boedelbeplanningsinstrument aangewend is, toegepas het nie.

5 1 5 Boedelbelasting

Die belangrikste voordeel van boedelsamesmelting was voorheen die besparing van boedelbelasting. Hierdie voordeel is egter drasties ingekort nadat adiasie as 'n skenkingshandeling ooreenkomstig artikel 58 van die Inkomstebelastingwet geag is

115 *Ibid.*
116 40 van 1949 soos gewysig.
117 West *Artikels oor aktekantoorpraktyk vir prokureurs* (1995) 69.
118 69 van 1989.
119 West *Aktekantoorpraktyk* 69.
120 *Idem* 70.
121 *Ibid.*

en nadat die toepassing van artikel 4(m) van die Boedelbelastingwet,[122] eers met beperkte sukses vanaf 1 Maart 1987, en daarna met groter effek vanaf 1 Maart 1988, in samehang met artikel 4(q) van dieselfde wet ingekort is.[123] Die minimalisering of vermyding van boedelbelasting bly egter 'n belangrike oogmerk met boedelbeplanning en ongeag hierdie beperkings kan die tegniek van boedelsamesmelting nog steeds vir 'n boedeleienaar voordelig wees. Die vasstelling van die boedeleienaar se potensiële aanspreeklikheid by die aanvang van die beplanningsproses is uiters belangrik.[124]

Die uitwerking van boedelsamesmelting op die eiendom wat saamgesmelt word, is dat die langslewende net die reghebbende met betrekking tot 'n beperkte reg word en nie die volle *dominium* oor die saamgesmelte eiendom by sy of haar afsterwe het nie. Dit bring dan mee dat die beperkte reg, wat in waarde minder as die volle eiendomsreg is, 'n besparing met betrekking tot boedelbelasting tot gevolg het. Die omvang van die besparing aan boedelbelasting hang af van die tipe beperkte reg wat in die gesamentlike testament gekies is, dit wil sê 'n vruggebruik of 'n *fideicommissum* of 'n jaargeld, asook van die bepalings van die testament rakende die uiteindelike begunstigdes.

'n Fidusiêre belang wat die langslewende oor bepaalde eiendom mag hê (onmiddellik voor sy of haar dood), is boedelbelasbare eiendom in sy boedel.[125] Die besparing in boedelbelasting word bereken deur die verskil tussen die markwaarde van die volle eiendom en die gekapitaliseerde waarde van die fidusiêre belang te bepaal. Die besparing is die waarde van die boedelbelasting op sodanige verskil.

Die hoofonderskeid tussen 'n *fideicommissum* en 'n vruggebruik vir hierdie doeleindes is dat die waarde van 'n vruggebruik wat by die dood van die langslewende staak, nie die verskil in die waarde van die eiendom waarop die vruggebruik by die beëindiging daarvan gerus het en die waarde van die blooteiendomsreg van die eiendom soos op datum van die oorlye van die eerssterwende, mag oorskry nie.[126] Indien daar wel so 'n oorskryding is, sal die waarde van die oorskryding as 'n aftrekking vir boedelbelastingdoeleindes kwalifiseer.[127]

Ook jaargelde waarmee goed beswaar is, vorm ingevolge artikel 3(2)(b) van die Boedelbelastingwet deel van die jaargelder se belastingboedel. Jaargelde en vruggebruike ten gunste van die langslewende van twee eggenotes oor bates wat deur hulle in 'n gesamentlike testament saamgesmelt is, bring by die afsterwe van die langslewende die korting ingevolge artikel 4(m) van die Boedelbelastingwet in die spel. Die waarde van die beperkte reg ten gunste van die langslewende oor die bates wat deel van die boedel van die eerssterwende gevorm het en ingevolge die gesamentlike testament deur laasgenoemde tot die samesmelting bygedra is, kan as 'n korting in die belasbare boedel van die langslewende gade geëis word, mits 'n korting ingevolge artikel 4(q), gebaseer op die waarde van die betrokke beperkte reg wat die langslewende by die dood van die eerssterwende eggenoot toegeval het, nie alreeds ten opsigte van laasgenoemde se belasbare boedel by sy/haar dood geëis is nie.[128]

---

122 45 van 1955 sg.

123 Abrie ea *Boedels* 84.

124 *Ibid*. Urquhart en Davis *Estate planning* par 407.

125 A 3(2)(a) van die Boedelbelastingwet.

126 Sien die tweede voorbehoudsbepaling tot a 5(1) van die Boedelbelastingwet.

127 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 91–93.

128 A 4(m)(ii) van die Boedelbelastingwet. Die toevoeging van a 4(q) tot die Boedelbelastingwet in 1985 het vrae laat ontstaan oor die voortgesette toepassing en reikwydte van a 4(m). Vir 'n

vervolg op volgende bladsy

Daar word dus ter oorweging gegee dat die oorwoë aanwending van boedelsamesmelting in bepaalde gevalle steeds 'n effektiewe instrument kan wees om boedelbelasting op die boedel van 'n langslewende gade te verminder, mits sorg gedra word dat die gaping tussen die waarde van die bydrae van die langslewende tot die saamgesmelte boedel en die waarde van die beperkte reg wat hom/haar toeval nie van so 'n omvang is dat dit getref word deur die *ratio* van Spesiale Inkomstebelastingsaak 1378[129] nie.

Die moontlikheid dat adiasie kan lei tot die toepassing van artikel 3(4)(a) of (b) van die Boedelbelastingwet, saamgelees met artikel 3(3)(c), bestaan nie meer nie aangesien hierdie bepalings deur die Regswysigingswet 87 van 1988 geskrap is.[130]

Daar moet op gewys word dat waar geskenkebelasting kragtens artikel 58 van die Inkomstebelastingwet op grond van adiasie deur die langslewende betaalbaar is, dit onmiddellik na adiasie betaalbaar is. Boedelbelasting daarenteen is eers by die dood van 'n persoon betaalbaar. Daar kan 'n hele verskeidenheid veranderlikes intree vanaf die betaling van boedelbelasting by die uiteindelike dood van die eerssterwende en die betaling van geskenkebelasting by die dood van die langslewende, wat baie jare na die dood van die eerssterwende kan wees. Sulke veranderlikes, wat dikwels of meesal onvoorsienbaar is, kan 'n invloed hê op bedrae wat aan onderskeidelik geskenke en/of boedelbelasting betaalbaar is. Die betaling van geskenkebelasting plaas 'n onmiddellike las op die kontantvloei van die langslewende, maar die belastingkoerse kan verander, wat die betaling van geskenkebelasting in bepaalde gevalle voordeliger as die uiteindelike betaling van boedelbelasting kan maak. Bates wat die langslewende dan eerder in sy of haar boedel behou, kan moontlik ook vir 'n aftrekking kragtens een van die bepalings van artikel 4 van die Boedelbelastingwet kwalifiseer, wat boedelbelasting meer aanvaarbaar kan maak.

Die boedelbeplanner moet dus waar boedelsamesmelting as tegniek gebruik word, die testament sodanig opstel dat die langslewende by die evaluasiestadium (dws by die dood van die eerssterwende) die korrekte keuse kan uitoefen wat adiasie of repudiasie van die boedelsamesmeltingsmodel betref. Die testament sou byvoorbeeld daarvoor voorsiening kon maak dat bates wat in daardie stadium vir boedelbelastingaftrekkings kan kwalifiseer, in die geheel of gedeeltelik van die boedelsamesmelting uitgesluit word, of dat die langslewende 'n keuse het met betrekking tot die bates wat vanuit sy/haar boedel met bepaalde bates van die eerssterwende moet saamsmelt. Die beperking van boedelgroei in die boedel van die langslewende en die gepaardgaande vermindering van die langslewende se belasbare boedel deur die uitoefening van die keuse, is 'n groot voordeel van die tegniek van boedelsamesmelting wat tydens die evaluasiestadium deeglik oorweeg moet word met inagneming van toekomstige gebeurlikhede.

Die doel met die 1988-wysiging van artikel 4(m) van die Boedelbelastingwet is om die aftrekking kragtens hierdie artikel in die boedel van die langslewende gade weg te neem indien daar by die dood van die eerssterwende gade 'n korting kragtens artikel 4(q) ten opsigte van die eerssterwende gade se belasbare boedel geëis is. Die waarde van die oordrag van bates as gevolg van adiasie deur die langslewende sal dus tot gevolg hê dat die aftrekking kragtens artikel 4(q) met soveel van die boedel

---

bespreking van hierdie problematiek sien die bespreking hieronder asook Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 109 ev; Anon 1989 *The Taxpayer* 229 ev; Anon 1988 *Income Tax Reporter* 9 ev; Meyerowitz *Administration of estates* par 28.22.

129 *ITC* 1387 1984 207 46 SATC 121.

130 A 9(1)(a) van die Regswysigingswet 87 van 1988.

wat kragtens die adiasiehandeling oorgedra is, verminder word. In so 'n geval sal boedelsamesmelting gekoppel met 'n vruggebruik ten gunste van die langslewende gade oor die saamgesmelte boedel die gevolg hê dat die toepassing van artikel 4(m) by die dood van die langslewende uitgesluit word tensy die langslewende se beskikking so groot was dat geen aftrekking kragtens artikel 4(q) in die eerssterwende se boedel toepassing vind nie.

Die 1987-wysigings van artikel 4(q) het twee voorbehoudsbepalings tot die artikel toegevoeg. Die eerste hiervan het ten doel om die ontduiking van boedelbelasting te voorkom waar voorgegee word dat die langslewende gade bevoordeel word terwyl in werklikheid 'n ander party, byvoorbeeld 'n kind, bevoordeel word. Die tweede voorbehoudsbepaling bepaal dat die aftrekking kragtens artikel 4(q) nie geëis mag word nie waar eiendom aan 'n trust bemaak word wat tot voordeel van 'n langslewende eggenoot deur die eerssterwende eggenoot opgerig is en die trustees van die trust diskresionêre bevoegdhede het om sodanige eiendom of die inkomste daaruit aan iemand anders as die langslewende uit te keer.[131]

Daar moet net weer beklemtoon word dat die waarde van 'n vruggebruik wat 'n langslewende toeval, telkens getoets behoort te word aan die tweede voorbehoudsbepaling tot artikel 5(1)(b) van die Boedelbelastingwet om te verseker dat die voordeel wat hierdie voorbehoudsbepaling met betrekking tot boedelbelasting bied, in gepaste gevalle benut word. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n korting ingevolge artikel 4(m) (afgesien van die uitsluiting daarvan deur 'n korting kragtens artikel 4(q) wat in die belasbare boedel van die eerssterwende eggenoot geëis is), net geëis kan word indien die betrokke beperkte reg ten gunste van die langslewende eggenoot geskep is deur die vooroorlede (eerssterwende) eggenoot oor bates wat deel van laasgenoemde se boedel uitgemaak het.

5 2 Ander oorwegings

5 2 1 Boedelsamesmelting kan 'n traumatiese uitwerking op die langslewende en op laasgenoemde se boedel hê. As gevolg van die langslewende se adiasie word die volle eiendomsreg oor sy/haar bates afgestaan en verruil vir 'n beperkte reg as "teenprestasie", afhangende van enige verdere bepalings van die testament. Die beperkte reg het dikwels 'n onvoorsiene beperkende uitwerking op die langslewende se handelsvryheid.[132] Die langslewende wat adieer, verloor die volle beheer oor sy/haar bydrae tot die saamgesmelte boedel. Die boedelbeplanner behoort alternatiewe vir boedelsamesmelting so op te stel dat die boedelsamesmeltingsbepaling vir die langslewende oorwegingswaardig sal wees, anders val die beplanning deur die mat.

5 2 2 Volgens Jordaan[133] is die primêre oogmerk met boedelsamesmelting om koördinasie met die vererwing van bates te bewerkstellig, veral waar partye binne gemeenskap van goed met mekaar getroud is of waar eggenote by 'n huwelik buite gemeenskap van goed albei redelike groot boedels het. Die ordelike verdeling van boedelgoedere kan so bewerkstellig word dat twis en tweedrag tussen bevoordeeldes uitgeskakel word. 'n Billike verdeling van boedelbates moet dus ook 'n doelwit

131 Meyerowitz *Administration of estates* par 28.18 toon tereg aan dat albei die voorbehoudsbepalings tot a 4(q) uitlegprobleme meebring wat verskeie onduidelikhede oor die presiese trefwydte en aanwendingsmoontlikhede tot gevolg het. Beplanners moet by die opstelstadium deeglik met hierdie problematiek rekening hou.

132 Abrie ea *Boedels* 84.

133 *Beplanning* 29.

wees en hier moet die wisselende waardes van boedelbates ook in aanmerking geneem word.[134]

Rasionalisasie en herstrukturering van die boedel kan moontlik ook hierdeur bewerkstellig word: 'n boedel het byvoorbeeld bates wat nie "inpas" by die ander bates van die boedel nie en dit kan herrangskik word om die *quid* en die *quo* met mekaar in balans te bring.

5 2 3 Jordaan meld as verdere oorweging die gemoedsrus van 'n testateur dat die kinders se erfenisse beskerm is in die geval waar die langslewende weer sou hertrou of buite die eg gaan saamwoon, met die gepaardgaande risiko dat 'n derde party of 'n buitestaander die boedelbates kan verkwis.[135]

5 2 4 Die uitvoerbaarheid van die testateur se planne soos vergestalt in 'n boedelsamesmeltingsmodel moet deeglik in ag geneem word. Wanneer daar 'n plaaseiendom in die boedel(s) is, moet die Wet op Onderverdeling van Landbougrond,[136] wat die testamentêre onderverdeling van landbougrond en die skep van onverdeelde aandele in sodanige grond (sonder ministeriële toestemming) verbied in gedagte gehou word.[137] In die geval van die bemaking van minerale moet artikels 20 en 21 van die Mineraalwet,[138] deeglik in oorweging geneem word aangesien dit soortgelyke verbiedinge bevat.

5 2 5 Die kontinuïteit[139] van 'n onderneming kan ernstig benadeel word indien die onderneming weens ondeurdagte testamentêre bemakings belas of gefragmenteer word en boedelsamesmelting kan 'n belangrike oplossing vir sodanige gevalle bied.[140]

5 2 6 Beskerming teen insolvensierisiko's

'n Belangrike oorweging te midde van die huidige ekonomiese situasie is om die erfenisse van erfgename teen die risiko van insolvensie te beskerm deur gebruik te maak van onder andere boedelsamesmelting, waardeur bates uit die langslewende se persoonlike boedel en uit dié van die bevoordeeldes gehaal word deur dit in regspersone of in trusts te plaas.

5 2 7 'n Verkwistende of onkundige[141] erfgenaam, wat wel deur 'n erflater bevoordeel word, kan ook deur middel van boedelsamesmelting teen homself beskerm word wanneer hy slegs 'n beperkte reg verkry. Die uiteindelike begunstigdes se erflating is dan ook meteen daardeur beveilig.

5 2 8 Die implementeringskoste van boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning is minimaal, aangesien dit slegs die opstelkoste van die testament bedra.[142] 'n Kliënt is ook normaalweg teësinnig om onmiddellik uitgawes aan te gaan en boedelsamesmelting as alternatief in die boedelbeplanningsproses as geheel is dus in hierdie opsig 'n baie koste-effektiewe en nuttige tegniek. Die tydstip dien dus ook die koste-aspek en is voorwaardelik, aangesien dit afhanklik is van die vraag of die langslewende gaan adieer al dan nie. Die testateur kan natuurlik sy testament te eniger tyd voor sy afsterwe wysig, met min of geen finansiële implikasies.

---

134 Abrie ea *Boedels* 84; Jordaan *Beplanning* 3; De Villiers 1981 *MBL* 3.
135 Jordaan *Beplanning* 29.
136 70 van 1970 sg.
137 Abrie ea *Boedels* 185; Jordaan *Beplanning* 29.
138 50 van 1991 sg.
139 Abrie ea *Boedels* 83.
140 Jordaan *Beplanning* 34, 123; De Villiers 1981 *MBL* 44.
141 Jordaan *Beplanning* 31.
142 Abrie ea *Boedels* 88.

5 2 9 Die beplanner moet ook die inkomste- en finansiële sekerheid van die uiteindelike begunstigdes en die langslewende wat adieer, oorweeg. Weer eens het boedelsamesmelting as uitgestelde vorm van boedelbeplanning die voordeel dat dit nie 'n onmiddellike impak het op die inkomste en/of finansiële sekerheid van die erflater nie, maar die beplanner moet die gedeelte van die boedels wat saamgesmelt word sodanig oorweeg en bemaak dat dit nie die langslewende se inkomste- en finansiële sekerheid sal beïnvloed nie.

5 2 10 Daar moet egter op gelet word dat die instrument van boedelsamesmelting[143] so aangewend en geformuleer moet word dat die kontantvloei van 'n saamgesmelte boedel by adiasie behoorlik verreken word, veral waar 'n onderneming ter sprake is. Dit is natuurlik ook 'n voordeel van boedelsamesmelting dat die likiditeit van die saamgesmelte boedel op die tydstip van adiasie geëvalueer kan word. Indien die kontantvloei nadelig geraak sou word, kan 'n ander alternatief wat in die testament vervat is, moontlik in plaas van die boedelsamesmeltingsopsie gebruik word. Die kontantvloei van 'n boedel wat met 'n ander boedel in 'n testament saamgesmelt word, word nie onmiddellik beïnvloed deur die gebruikmaking van boedelsamesmelting nie aangesien dit 'n uitgestelde vorm van boedelbeplanning is. Dit is 'n vorm van gebeurlikheidsbeplanning.

Die inkomste van begunstigdes moet sodanig wees dat dit voorsiening maak vir hulle onderhoud en opvoeding. Die ontleding van die huidige inkomste, die vasstelling van die huidige lewenstandaard en die samestelling van die inkomstebronne moet by sowel die opstel- as die evaluasiestadium, wanneer adiasie en repudiasie oorweeg word, in gedagte gehou word.

Boedelsamesmelting het tot gevolg dat 'n groter boedel vir doeleindes van die versorging van die langslewende daargestel kan word, met die gevolg dat die lewenstandaard van die langslewende dieselfde of beter kan wees as wat dit onmiddellik voor die afsterwe van die eerssterwende was. Die vasstelling van die lewenstandaard van die langslewende en die samestelling van inkomstebronne moet by die evaluasiestadium herevalueer word. Die vermoë van die boedel om belastings te kan betaal, hetsy by die opstel- hetsy by die evaluasiestadium, moet ook bepaal word.

5 2 11 Die beplanner moet sowel by die opstel- as by die evaluasiestadium oorweging skenk aan die persoonlike boedelopset van die uiteindelike begunstigdes ten einde vas te stel wat die gevolge van 'n bemaking ingevolge 'n boedelsamesmeltingsbepaling op sy boedelsituasie gaan wees. Daar moet toegesien word dat 'n reeds belaste bevoordeelde se boedel nie weens die verkryging van 'n erfenis verder beswaar word nie. In sodanige geval kan repudiasie van 'n voordeel ooreenkomstig die boedelsamesmeltingstestament oorweeg word. Hierdie aspek beklemtoon die standpunt wat elders in hierdie bydrae ingeneem is, naamlik dat daar 'n holistiese benadering by boedelbeplanning gevolg moet word en dat boedelsamesmelting dus nie as die alfa en die omega oorweeg moet word nie, en meer bepaald nie slegs tot voordeel van die langslewende nie.

5 2 12 Die beplanner moet deeglik kennis neem van die persoonlike hoedanighede en bekwaamhede van 'n begunstigde in gevalle waar daar 'n onderneming ter sprake is.[144] Die bestaan, bestuur en groei van die besigheid of hoofboedelbate en die toekenning van beheer ingevolge 'n boedelsamesmeltingsbepaling moet deeglik in ag geneem word.

---

143 *Idem* 82 ev.
144 Jordaan *Beplanning* 118.

5 2 13 'n Belangrike doelwit wat met boedelsamesmelting bereik kan word, is om die fragmentasie van boedelbates te voorkom.[145] In hierdie verband kan die gebruikmaking van 'n *mortis causa*-trust waaraan die uiteindelike begunstigdes se blooteiendomsreg bemaak word, 'n belangrike funksie vervul. Finansiële sekuriteit vir 'n bevoordeelde kan op so 'n manier bewerkstellig word in plaas daarvan om die boedel te fragmenteer. Deurdat boedelsamesmelting plaasvind en 'n beperkte reg aan die langslewende gegee word, kan die bewaring van bates as 'n eenheid en onder sentrale beheer bevorder word.

5 2 14 Die buigsaamheid[146] van boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning en die aanpasbaarheid daarvan word deur Urquhart en Davis[147] beklemtoon. Hy meld naamlik dat ondanks die feit dat boedelsamesmelting by die verlyding van die gesamentlike testament gereël is, die langslewende op die tydstip wanneer hy/sy moet kies om te adieer of te repudieer die verdere geleentheid kry om alle tersaaklike faktore in heroorweging te neem, spesifiek oor moontlike nuwe omstandighede na te dink en dan aan gebeurlikheidsbeplanning gevolg te gee. Dit is 'n baie belangrike oorweging by die aanwending van boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning te midde van die relatiewe onsekerheid met betrekking tot geskenkebelasting. Sowel die boedelsituasie as die belasbaarheid kon in die tydperk tussen die opstel- en evaluasiestadium drasties verander het.

5 2 15 'n Verdere oorweging of boedelsamesmelting gebruik moet word al dan nie, is die samestelling van die boedelbates van die partye wat hulle boedels in 'n gesamentlike testament wil saamsmelt. Die samestelling van boedelbates kan aanduidend wees vir beantwoording van die vraag of boedelsamesmelting in die bepaalde omstandighede 'n gepaste tegniek sal wees. By oorweging hiervan is die volgende aspekte ter sake:

(a) die relatiewe belangrikheid van bates vir 'n bepaalde persoon;[148] en

(b) die vraag van watter bates die grootste groeipotensiaal het.

5 2 16 By die oorweging van boedelsamesmelting by sowel die opstel- as die evaluasiestadium, moet die beplanner die uitwerking van inflasie[149] op veral beleggingsbates in gedagte hou. Die groei van die waarde van onroerende eiendom as gevolg van inflasie moet deeglik deur die beplanner verreken word. Die uitwerking van inflasie hou ook nou verband met die kontantvloeisituasie van die boedel tydens die beredderingsproses en met dié van die langslewende en die uiteindelike begunstigdes.[150] Die tegniek van boedelsamesmelting het geen uitwerking op die eerssterwende se boedel nie en het dus beperkte aanwendingsmoontlikhede in sy/haar geval.

5 2 17 Die boedel van die langslewende word by die bereddering van die eerssterwende se boedel reeds in hoofsaak "beredder" deurdat die hoofbates by afsterwe van die eerssterwende uit die langslewende se boedel geneem word.

5 2 18 Die waardasie van eiendom en die moontlike onderwaardasie van bates, tesame met die groeipotensiaal van bepaalde bates te midde van faktore soos inflasie, moet by die opstelstadium kumulatief in gedagte gehou word wanneer die *quid* en die *quo* by uiteindelike adiasie bereken word.

---

145 De Villiers 1981 *MBL* 44.
146 *Ibid.*
147 *Estate planning* par 1420.
148 Jordaan *Beplanning* 73 110 par 7 4 1.
149 *Idem* 10–16; Abrie ea *Boedels* 62.
150 De Villiers 1981 *MBL* 43.

6 SLOT

Wanneer 'n beplanner hom op hoogte gestel het van die fiskale slaggate van boedelsamesmelting, sal boedelsamesmelting weer eens sy regmatige plek by boedelbeplanning in die breë sin kan inneem. Die beplanner wat die kliënt se boedel behoorlik ontleed het en op hoogte van die erflater se bedoeling gekom het, kan na oorweging van nie net die toepaslike fiskale faktore nie, maar ook van die ander faktore wat in paragraaf 5 hierbo bespreek is, boedelsamesmelting as 'n alternatief aan die kliënt voorhou. Die gebruikmaking van die tegniek van boedelsamesmelting is egter beperk tot die *mortis causa*-beplanning van 'n kliënt se boedel. Die voordeel wat die evaluasiestadium die erflater bied te midde van onvoorsiene gebeurlikhede wat na die opstelstadium na vore kan kom, kan boedelsamesmelting 'n baie aantreklike beplanningsmodel te midde van ander alternatiewe of geïntegreerde beplanningsmodelle maak. Die boedelbeplanner moet die alternatief van boedelsamesmelting in die testament so hanteer dat dit vir die langslewende oorwegingswaardig sal wees, andersins val die beplanning deur die mat. Dit is daarom belangrik dat die testament so geformuleer moet word dat die vererwing steeds effektief ingevolge die bedoeling van die testateur in die geval van repudiasie deur die langslewende moet kan plaasvind, met die gevolg dat boedelsamesmelting nie die enigste nie,[151] maar een van verskeie alternatiewe in die gesamentlike en/of wederkerige testament moet wees.

> *The decision to enter into a marriage relationship and to sustain such a relationship is a matter of defining significance for many if not most people and to prohibit the establishment of such a relationship impairs the ability of the individual to achieve personal fulfilment in an aspect of life that is of central significance. In my view, . . . legislation [which interferes with the right to enter into such relationships] would clearly constitute an infringement of the right to dignity. It is not only legislation that prohibits the right to form a marriage relationship that will constitute an infringement of the right to dignity, but any legislation that significantly impairs the ability of spouses to honour their obligations to one another would also limit that right.*
>
> *O'Regan J in* Dawood v Minister of Home Affairs 2000 8 BCLR 837 (CC) 861E–G.

151 Urquhart en Davis *Estate planning* par 1420.

Crofting as a way of communal land-use – the Scottish experience*

Gerrit Pienaar
B Jur et Comm LLB LLD
Professor of Private Law, Potchefstroom University

OPSOMMING

"Crofting" as 'n wyse van kommunale grondgebruik – die Skotse stelsel

Daar bestaan tans verskeie probleme in verband met die toepassing van kommunale grondgebruik en -beheer in Suid-Afrika. 'n Belangrike knelpunt is die feit dat grondstukke wat vir kommunale grondgebruik toegewys is, dikwels as gevolg van apartheidswetgewing in so 'n mate oorbevolk is dat daar nie sprake van lewensvatbare bestaansboerderye kan wees nie. 'n Probleem wat hiermee saamhang, is dat die gebruiksregte van okkupeerders van kommunale grondstukke grootliks onbeskerm is, deels as gevolg van die toestroming van mense na kommunale grondstukke en deels weens die feit dat kommunale grondreg nog altyd as 'n minderwaardige reg beskou is. Die huidige beleid ten opsigte van kommunale grondbeheer is egter een van aanpassing van grondbeheermaatreëls eerder as die vervanging van die totale grondbeheerstelsel. In die proses is dit egter noodsaaklik dat grondgebruik moet voldoen aan die grondwetlike vereistes van gelyke toegang en demokratiese besluitneming. Dit vereis deelname van en kontrole deur amptenare van die Departement van Grondsake. Die vraag ontstaan hoe dit in die Suid-Afrikaanse reg geïmplementeer kan word.

Die Skotse stelsel van *crofting* stem in verskeie opsigte met kommunale grondgebruik ooreen. Ingevolge hierdie stelsel is 'n *crofter* geregtig op die gebruiksreg van 'n woonhuis en die omringende tuingedeelte en word gemeenskaplike weidingsregte op 'n omskrewe grondstuk aan 'n aantal *crofters* verleen. Alhoewel dit in die negentiende eeu tot veel konflik aanleiding gegee het, is daar sedert 1886 by wyse van kreatiewe wetgewing maatreëls ingestel wat die *crofters* se bewoningsregte deur registrasie beveilig het en die ordelike gebruik van gemeenskaplike weidings gereguleer het. Sedert 1976 is dit moontlik om die geregistreerde bewoningsregte na eiendomsreg op te gradeer indien daar aan bepaalde vereistes voldoen word. Alhoewel die omstandighede in Skotland in verskeie opsigte van die Suid-Afrikaanse omstandighede verskil, is dit nie nodig om die wiel van vooraf uit te vind nie. Daar is verskeie raakpunte wat in gedagte gehou kan word by die aanpassing van kommunale grondbeheer in Suid-Afrika.

1 BACKGROUND

In South Africa there are numerous problems and disadvantages relating to communal land-use in rural areas. The most pressing of these problems are overcrowding and conflicting land rights owing to customary land tenure practices or the application of apartheid land laws and policies, resulting in forced removals and the dumping of thousands of people in rural areas.[1] Often people who were forcibly

* The financial assistance of the Centre for Science Development, which enabled the research for this article at the University of Edinburgh during 1999, is hereby gratefully acknowledged.

1 Van der Walt and Pienaar *Introduction to the law of property* (1999) 345–349.

removed or evicted were relocated on land that had been occupied by other groups, resulting in disputes and severe pressure on land resources.[2]

Furthermore, there are serious disputes between traditional leaders and local authorities regarding the development of communal land. For all practical purposes, these disputes are bringing such development to a standstill. In the process, the use-rights of the occupiers of such land are often overlooked. The unclear legal status of land use and the land administration processes inhibits development of and investment in the land.[3] This is sometimes called the "messy matrix" of land use in rural areas that needs serious attention from policy-makers and legislators.[4]

An important practical problem is that communal land rights cannot be registered at present. The main results of the lack of registrability of communal land rights are the following:

- Such rights are perceived to be inferior to ownership and other registrable rights owing to the lack of formal protection.[5]
- The fact that financial institutions are not willing to accept these informal land rights as collateral for private development funds and loans, limits the financial assistance for the development of rural areas mainly to state funding.
- The existing deeds registration system in South Africa, although accurate and reliable, has strengthened the notion that ownership is an absolute right[6] and that communal land tenure cannot be described as a right, but as a subservient, permit-based entitlement to occupy or use land that is owned by the state.[7]

In the last instance there are well-known and documented examples of traditional leaders who, over a long period of time, have abused their powers and without popular consent either used the land under their control largely for their own benefit

---

2 Anonymous *Tenure Newsletter* 1/1998 1; Kies *Evaluation of the upgrading of tribal land from an ethnological point of view* (1993) 14–16.

3 *Tenure Newsletter* 1/1998 2; Coussins *A role for common property institutions in land distribution programmes in South Africa* (1995) 4–9.

4 Fourie "Property in post apartheid South Africa" in Barry (ed) *Proceedings of the international conference on land tenure in the developing world* University of Cape Town (1998) 168 170–171 proposes that the "messy matrix" can be cleared up only by undertaking a full audit of land rights and land use, to establish which persons or families are entitled to use the land, then to negotiate settlements and legally binding agreements between the different stakeholders and thereafter to register the applicable rights. See also Coussins "How do rights become real? Formal and informal institutions in South Africa's tenure reform programme" in Barry (ed) *Proceedings* 88 96–97.

5 Van der Walt "Property rights and hierarchies of power: an evaluation of land reform policy in South Africa" 1999 *Koers* 259 264–269.

6 Carey-Miller "Revision of priorities in South African land law" in Barry (ed) *Proceedings* 49 50: "Ownership could only be acquired on a derivative basis by an act of registration and racial controls over land ownership were exercised through the Deeds Registries. The emphasis of the Deeds Act upon the concept of an absolute right of ownership, open to allocation and division in only particular prescribed ways, reflected South African common law development."

7 Klug "Defining the property rights of others: political power, indigenous tenure and the construction of customary law" 1995 *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* 119 123–124; Jensen "South African country profile" in Bruce (ed) *Country profiles of land tenure*: Africa 1996 LTC Resarch paper 130 University of Wisconsin-Madison (1998) 252 253–254.

or have alienated communal property.[8] For more than a century, the legal precedent in South Africa has been that communal property belongs to the chief as trustee for his people. However, it has been decided in several cases that, when alienating communal property, the chief needs only the consent of his councillors and not the consent of the people living on the communal property.[9] The true meaning of the chief as trustee for his people has therefore been distorted by these precedents to fit in with the general political idea of the rightlessness of indigenous people.[10] The power of the chiefs was abused by colonial administrators to develop a system where the rights vested exclusively in the chiefs, while the chiefs formed part of the administrative authority of the colonial power.[11] This concept of lack of land rights of individual people, based on the distortion of the true meaning of communal property rights, was then used to deny political rights to indigenous people.

This does not mean that communal land rights should be abolished. It has been proved in several legal systems in Africa that the abolition of indigenous customary systems disrupts traditional rules, values and customs which have historically governed the use of land in rural areas and have well-developed conflict resolution mechanisms.[12] Replacement strategies often introduce new institutions of land administration that may not be readily accepted, causing disputes and conflict over access to land. Security of tenure should rather be based on the adaptation of the existing tribal structures to ascertain that land tenure in rural areas is exercised and administered within an acceptable system of group rights.[13] The stated aim of the Department of Land Affairs is not to destroy or harm representative, popular and democratic tribal systems. However, the conditions for the continued participation of tribal chiefs in the system of land administration are that the basic human rights and democratic values in terms of the Constitution of the Republic of South Africa Act 108 of 1996 should not be undermined[14] and that the government should have access to members of group-held land tenure systems to ensure that the constitutional values are being adhered to.[15] It is therefore necessary to devise a structure where the influence and skills of reliable chiefs are combined with the administrative infrastructure of the Department of Land Affairs.

---

8 Klug 1995 *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* 119–147; Coussins in Barry (ed) *Proceedings* 88 92; Cross "Reforming land in South Africa: who owns the land?" in Barry (ed) *Proceedings* 104 106.

9 *Tsewu v Registrar of Deeds* 1905 TS 130; *Hermansberg Mission Society v Commissioner of Native Affairs and Darius Mogale* 1906 TS 135; *R v Ndobe* 1930 AD 484; *Bafokeng Tribe v Impala Platinum Ltd* 1993 SA 517 (B) 545–551.

10 Klug 1995 *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* 119–147; Letsoalo *Land reform in South Africa – a black perspective* (1987) 18–19.

11 Klug 1995 *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* 119 141; McIntosh, Sibanda, Vaughan and Xaba *Traditional authorities and land: the position in KwaZulu-Natal* (1995) 4–6.

12 Van der Post "Land law and registration in some of the black rural areas of southern Africa" 1985 *Acta Juridica* 213 214–215; Rutsch *South African experiences in communal property associations, community land trusts and other forms of group ownership* (1997) 2–4.

13 Bruce and Freudenberger *Institutional opportunities and constraints in African land tenure: shifting from a "repacement" to an "adaptation" paradigm* University of Wisconsin-Madison (1992) 1–6; Bassett and Jacobs "Community-based land tenure reform in urban Africa: the community land trust experiment in Voi, Kenya" 1997 *Land Use Policy* 215 216–217.

14 Eg equality (the gender issue) – see ss 9 and 39(2) of the Constitution.

15 Thomas, Sibanda and Claassens "Current developments in the South African land tenure policy" in Barry (ed) *Proceedings* 527–535.

2 THE EXISTING LEGAL FRAMEWORK

The policy of the Department of Land Affairs regarding land tenure[16] is contained mainly in the White Paper on South African Land Policy of 1997. The following principles regarding informal land tenure in rural areas are stated:[17]

- It is necessary to recognise the underlying land rights of individuals and groups (eg tribes) on land that is nominally state-owned.
- These rights should vest in the people who exercise the rights and not in institutions such as tribal or local authorities. In some cases, the underlying rights vest in groups of people and in other cases in individuals and families. Where the rights to be confirmed exist on a group basis, the right holders must have a choice about the system of land administration which will determine their rights on a day-to-day basis.
- In situations of group-held land rights, the basic human rights of all members must be protected, including the right to democratic decision-making processes and to equality. Government must have access to members of group-held systems in order to take cognisance of their views and wishes in respect of proposed development projects and other matters pertaining to their land rights.
- Systems of land administration that are popular and functional should continue to operate. They provide an important asset, given the breakdown of land administration in many rural areas. The aim is not to destroy or harm viable and representative institutions. Popular and democratic tribal systems should not be threatened by the proposed measures.

However, the following problems, caused by the lack of legally enforceable rights in property, must be addressed:

- vulnerability to interference with or confiscation of rights whether by the state or others;
- difficulty in securing housing subsidies and other development finance;
- no administrative support for the system of land rights which operates in practice, which in turn contributes to internal breakdowns and administrative chaos giving rise to abuses of power by officials, some chiefs and powerful elites; the position of the poor and vulnerable is exacerbated by the lack of legal certainty and administrative protection; and
- unscrupulous individuals taking advantage of the lack of enforceable land rights to bring others onto land in exchange for money and to bolster their personal power.[18]

The following registration problems exist regarding communal property:

- the land has not been properly surveyed;
- the rights are not exercised on a specific or defined part or parcel of surveyed land (overlapping rights like grazing rights or cultivation of a part of land not specified);
- it is too expensive to register limited real rights in those instances where the use rights qualify as limited real rights;

---

16 Including communal land tenure in rural areas.

17 White Paper on South African Land Policy 1997 60–61; Thomas, Sibanda and Claassens in Barry (ed) *Proceedings* 527 528.

18 Thomas, Sibanda and Claassens 527.

- the chief or landowner refuses to cooperate in the case of registrable limited real rights;
- the rights are based on group membership or membership of a communal property association.

The existing legal framework for the occupation of communal property in rural areas is contained mainly in Proclamation R188 of 1967,[19] which provides for temporary or more permanent protection of occupation in terms of legislation[20] and permission by chiefs and tribal authorities on land which is allocated and administered as communal land. The Interim Protection of Informal Land Rights Act 31 of 1996 provides temporary protection to the abovementioned informal or insecure land rights. No person may be deprived of any informal right to land without his or her consent.[21] However, the rights and interests of a tenant, labour tenant, sharecropper, or employee are specifically excluded from the protection of this Act if such rights or interests are of a purely contractual nature or based on the temporary permission of the owner or lawful occupier of the land.[22] Furthermore, no rights in addition to real rights being held in the land, are conferred or protected by the Act.[23] Section 5(2) provides for the Act to lapse on 31 December 1997, but this date was extended to 31 December 2000.[24] At this stage all these informal rights are insecure and the promulgation of the final Land Rights Act is eagerly awaited, but in the interim the rights of millions of people remain insecure.

In terms of chapter 5 of Proclamation R188 of 1969 provision was made for the survey of arable and residential land after consultation with a tribal or community authority in the area. Quitrent of surveyed parcels of land was then granted to approved persons. A permission to occupy land for agricultural, residential, commercial, religious or educational purposes was issued in unsurveyed areas where no township development had taken place.[25] The following requirements must be met in the case of agricultural or residential occupation in terms of permission to occupy:[26]

(i) The land may not be occupied or used for any purpose other than that stated in the permission to occupy without the written consent of a magistrate or land official.

---

19 *GG* 2486 of 1969-07-11 issued in terms of s 25 of the Black Administration Act 38 of 1927 and s 21(1) of the Development Trust and Land Act 18 of 1936; see also Pienaar "Toekenning en registrasie van grondregte in die nasionale state" 1989 *Journal for Juridical Science* 1–19; White Paper on South African Land Policy 1997 23; Cross "Informal tenures against the state: landholding systems in African rural areas" in De Klerk (ed) *A harvest of discontent – the land question in South Africa* (1991) 63 68–80.

20 The Constitution of South Africa Act 108 of 1996 s 25 (the property clause); the Restitution of Land Rights Act 22 of 1994; the Development Facilitation Act 67 of 1995; the Communal Property Associations Act 28 of 1996; the Interim Protection of Informal Land Rights Act 31 of 1996; the Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997; and the Prevention of Illegal Eviction from and Unlawful Occupation of Land Act 19 of 1998; see also Van der Walt and Pienaar *Law of property* 350–362; Van der Walt 1999 *Koers* 259 270–281; Bouillon *Stedelike ruimtelike en grondontwikkeling in Suid-Afrika* (unpublished LLM dissertation) Potchefstroom University (1999) chs 3 and 4.

21 S 2.

22 S 1(1)(iii).

23 S 1(2)(a).

24 GN R1302 *GG* 20584 of 1999-11-05.

25 Reg 47(1)(a); see also Van der Post 1985 *Acta Juridica* 213 222–225. In the case of areas where township development has taken place, land may be granted in quitrent to approved persons.

26 Annexure 28.

(ii) The land may be inspected by the magistrate or land official to determine whether the regulations are being complied with or to determine the boundaries.

(iii) The rights of the occupant may not be transferred, ceded, leased or mortgaged without the consent of the magistrate or land official.

(iv) Permission to occupy does not entail any form of ownership.

(v) The right to occupy is not executable except in the case of a debt to the state secured by a registered mortgage in favour of the state.

(vi) The occupant must maintain all beacons and give free access to existing roads over the land.

The permission may be withdrawn if there is non-compliance with the above-mentioned requirements, any mistake relating to the allocation of the permission, soil erosion, or the need by the state to use the land for the prevention of soil erosion. This is also possible in cases where the occupant relinquishes his or her right, obtains the permission fraudulently, fails to occupy the land, fails to comply with the requirements of occupation, fails to pay local taxes or fails to use the land for the set purposes.[27] Additional requirements are set for land occupied for commercial, religious or educational purposes.[28]

It is clear that permission to occupy is limited by several requirements and restrictions.[29] Magistrates and land officials also have the discretion to terminate permission to occupy on several grounds. Because this kind of tenure has been interpreted as customary land-use, the policy has evolved not to grant land tenure to women. This is in contradiction to the equality principle in the Constitution 108 of 1996.[30] The result of these measures is that the right to occupy land in terms of such permission is extremely vulnerable and uncertain.[31]

There is no uniform procedure to obtain permission to occupy land. Normally a magistrate or a land official has the final say in the allocation of such permits, but they must rely on information and the consent of the local tribal or community authority.[32] The necessity for the consent of these authorities may differ from area to area. In rural areas situated in KwaZulu-Natal, the magistrate or land official has the power to make a final decision, albeit on advice of the local chief, while the chief and his councillors have the final say in Qwaqwa.[33] Previously, the magistrate had to maintain a register of issued permissions to occupy, but this practice has been abolished in most rural areas and there is seldom an accurate register of existing occupation rights. The procedure was also abolished in many areas where persons had been evicted and forcefully removed to rural areas, resulting in severe over-crowding and disputes about land rights. The present position in rural areas is therefore extremely uncertain.[34]

The establishment and registration of communal property associations in terms of the Communal Property Associations Act 28 of 1996 offers a solution to some of the above-mentioned problems. However, there are also some practical problems

---

27 Annexure 29.
28 Annexure 31 (commercial); annexure 30 (educational) and annexure 32 (religious).
29 Van der Post 1985 *Acta Juridica* 213 223.
30 S 9.
31 Pienaar 1989 *Journal for Juridical Science* 1 3–5; Van der Walt 1999 *Koers* 259 261–263.
32 Reg 48.
33 Pienaar 1989 *Journal for Juridical Science* 1 5.
34 Anonymous *Tenure Newsletter* 1/1998 1; Kies *Evaluation* 14–16.

with the application of this Act. Because such associations are structured according to principles completely unfamiliar to tribal people,[35] many tribal chiefs and councillors are not prepared to accept such a system. The rules of community property associations are often perceived by members of a tribe as too sophisticated and, because they often clash with basic customs of the tribe, intensive training of the tribe would normally be required.[36] It also happens that such associations are abused by unscrupulous developers, who convince the management of the association to sell the communal property, often to the disadvantage of the tribe and individual members of the tribe. Although communal property associations have in some instances been established with remarkable success, it is clear that these associations will not solve all of the above-mentioned problems regarding communal tenure and will only have a limited value in clearing up the "messy matrix" of land tenure in rural areas. It is therefore necessary to look at the ways in which similar problems have been solved in other legal systems.

3 HISTORICAL DEVELOPMENT OF CROFTING

Crofting may be historically described as a special form of land tenure in certain parts of the Scottish highlands and islands known as the crofting counties, namely Argyll, Inverness, Ross and Cromarty, Sutherland, Caithness, Orkney and Shetland.[37] It was not recognised as a form of land-ownership, but normally entailed the right to occupy a defined parcel of land and the rights of common grazing and fishing, as well as the gathering of peat on communal property. The land normally belonged to a landowner and the crofters' rights were described as a form of land tenure inferior to ownership with the liability of paying an annual rent to the landowner. It was therefore likened to a form of long term lease.[38] These rights were not freely transferable, but it was possible to bequeath them to a direct descendant of the crofter.[39]

The crofters did not possess registered rights and security of tenure and during the last part of the nineteenth century many crofters lost their rights (sometimes without proper compensation) because landowners needed the land occupied by crofters for sheep farming.[40] In 1883 the Napier Commission was appointed to inquire into the position of crofters, especially with regard to the lack of security, and economic and social problems. They travelled extensively throughout the crofting areas, held a large number of public meetings, collected oral and written evidence, and reported to Parliament in 1884. They accepted that the economic transformation brought about throughout the Highlands during the preceding century had been accomplished with "some constraint, resistance and distress" and recommended the compelling need for Parliament to intervene in crofting affairs by way of special legislation.[41] The Napier Commission identified the basic causes for complaint as:

(a) the size of the holdings;

---

35 The structure and management of communal property associations are in many ways similar to the body corporate of a sectional title scheme.

36 Rutsch *South African experiences in communal property associations, community land trusts and other forms of group ownership* (1997) 13–14.

37 Stair Memorial Encyclopaedia *The laws of Scotland* vol 1 (1987) 334.

38 McAllister *Scottish law of leases* (1995) 198.

39 MacCuish and Flyn *Crofting law* (1990) 3.

40 The notorious clearances of the nineteenth century – see MacCuish and Flyn *Crofting law* 3.

41 McAllister *Scottish law of leases* 198.

(b) the lack of security of tenure;

(c) the lack of compensation for tenant improvements;

(d) high rents; and

(e) loss of land for hunting and sporting purposes by the landlord.[42]

The Crofters Holdings (Scotland) Act of 1886 was promulgated as a result of the report of the Napier Commission. This Act introduced a unique form of tenure based on the following principles:

(a) security of tenure subject to compliance with specific statutory conditions;[43]

(b) payment by the crofter of a fair rent, not exceeding £30 per annum;[44]

(c) payment to the crofter on termination of his tenancy of compensation for permanent improvements provided by himself or his family predecessors;[45]

(d) the right to bequeath a croft to any member of the crofter's family, being his or her spouse or any person who would succeed the crofter in the case of intestate succession;[46]

(e) in the absence of a valid bequest or on intestacy, the croft passed to the eldest of the heirs of the crofter according to the rules of intestate succession;

(f) the size of the holdings was limited to 50 acres of land adjacent to the house occupied by the crofter, exclusive of common grazing rights.

A crofter was under an obligation to:

(a) pay a fair rent to the landowner;[47] [48]

(b) obtain the landowner's consent for subletting of subdivision;

(c) meet all the statutory obligations regarding the reasonable use of the property;

(d) allow the landlord to enter upon the holding, subject to payment of compensation for damages, for purposes of mining and quarrying, making roads, fences and drains, and hunting, shooting and fishing.[49] [50]

The croft was terminated under the following circumstances:

(a) death of the crofter without an intestate heir;

(b) failure to pay rent;

(c) breach of any of the statutory conditions following action in the sheriff court;

(d) failure by the crofter to reside on the holding continuously;

(e) on application of the landlord to recover croft land for a reasonable purpose, subject to payment of compensation to the crofter.[51]

In order to administer the Act, a Crofters Commission consisting of three Commissioners was appointed. The chairman had to be an advocate of the Scottish bar of not

---

42 MacCuish and Flyn *Crofting law* 3.
43 Ss 1 and 3.
44 S 6.
45 Ss 8, 10 and 34.
46 S 16.
47 S 19.
48 S 6.
49 S 3.
50 MacCuish and Flyn *Crofting law* 4.
51 S 2.

less than ten years' standing and one member had to be a person who could speak Gaelic. The Commission's decision regarding matters within their jurisdiction was final, but decisions on points of law could be set aside by a court of law, namely a Sheriff's Court. The Sheriff Clerks' offices in the crofting counties had to keep a Crofters Holding Book in which all orders of the Commissioners and proceedings in every application coming before them had to be recorded. The Crofters Commission was required to report annually to the Secretary for Scotland, who presented the report to Parliament.[52] Although this Act fell far short of the demands of the crofters, especially regarding the restoration of land that crofters had lost as a result of the clearances, it was a definite point of departure in regulating the affairs of crofters and offering them some security of tenure.

KOMMENTAAR OP DIE WET OP ERKENNING VAN GEBRUIKLIKE HUWELIKE 120 VAN 1998

1 Inleidend

Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998 (hierna die Wet genoem) is aangeneem

> "[o]m voorsiening te maak vir die erkenning van gebruiklike huwelike; om die vereistes van 'n geldige gebruiklike huwelik te bepaal; om die registrasie van gebruiklike huwelike te reël; om vir die gelyke status en bevoegdheid van gades in gebruiklike huwelike voorsiening te maak; om die vermoënsregtelike gevolge van gebruiklike huwelike en die bevoegdheid van gades van sodanige huwelike te reël; om die ontbinding van gebruiklike huwelike te reël; om voorsiening te maak vir die uitvaardiging van regulasies; om sekere bepalings van sekere wette te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan" (aanhef van die Wet).

Die totstandkoming van hierdie wet het 'n lang geskiedenis gehad (sien onder andere die Verslae van die Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 51: *Huwelike en Gebruiklike Verbindings van Swart Persone* 1985 en 1986; South African Law Commission Project 90: *The Harmonisation of the Common Law and the Indigenous Law: Issue Paper* 3: Customary Marriages September 1996; Discussion Paper 74: *Customary Marriages* August 1997). Die wet is reeds op 20 November 1998 goedgekeur en die Engelse teks is deur die President geteken. Die wet het egter by die skryf van hierdie aantekening nog nie in werking getree nie.

Die uitgangspunt van die Regskommissie met hierdie wet was nie om 'n sogenaamde unifikasie van die familiereg te bewerkstellig nie, maar om met die wet realistiese oplossings te bied vir sosiale probleme wat ook binne die gewoonteregtelike familiereg bestaan (sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 2 2 13). Die Regskommissie poog ook om met hierdie wet uitvoering te gee aan die bepalings van, onder andere artikel 9, 15(3)(a), 30 en 31 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996, wat onderskeidelik gelykheid voor die reg; erkenning van huwelike wat aangegaan is kragtens enige tradisie, of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg; deelname aan kultuur van eie keuse; en genot van hul kultuurgemeenskap waarborg (sien in hierdie verband South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 2 4; 3 1 6–3 1 7). Hierdie kultuurgebruike mag egter nie strydig met enige bepaling van die Handves van Regte wees nie. Gevolglik moes sekere gebruike/instellings van die gebruiklike huwelik die knie buig voor die bepalings van die Handves van Regte.

Die doel met die skryf van hierdie aantekening is om by wyse van bespreking die bepalings van die wet krities te ondersoek.

2 Erkenning van gebruiklike huwelike

Artikel 2 van die wet bevat die bepalings oor die erkenning van gebruiklike huwelike. Dit maak voorsiening vir die erkenning van gebruiklike huwelike wat bestaan het by die inwerkingtreding van die wet en vir die erkenning van gebruiklike huwelike wat na inwerkingtreding van die wet gesluit is.

2 1 Gebruiklike huwelike by inwerkingtreding van die wet

Artikel 2(1) bepaal dat 'n huwelik wat 'n geldige huwelik kragtens gewoontereg is en wat by die inwerkingtreding van die wet bestaan vir alle doeleindes as 'n huwelik erken word. Hierdie bepaling verleen regsgeldigheid aan gebruiklike huwelike wat voor inwerkingtreding van hierdie wet nie die status van "huwelik" gehad het nie (sien hieroor onder andere Van der Vyver en Joubert *Persone- en Familiereg* (1991) 454). Artikel 2(3) verleen aldus ook erkenning aan die gebruiklike huwelike van 'n persoon wat 'n gade in meer as een gebruiklike huwelik by inwerkingtreding van die wet is. Artikel 2(3) verwys verkeerdelik net na "geldige huwelike" in plaas van "geldige gebruiklike huwelike" soos tereg in die Engelse teks aangegee word. Al hierdie gebruiklike huwelike word vir alle doeleindes as huwelike erken. Die wet verleen dus geldigheid aan 'n sogenaamde poliginiese gebruiklike huwelik, omdat ingevolge die gewoontereg net 'n man toegelaat is om meer as een vrou te trou. (Oor die redes en motivering vir die erkenning van poliginiese gebruiklike huwelike en die argumente wat aangevoer word waarom hierdie huwelike moontlik wel grondwetlik is, sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 6 1 ev. Die besprekingsdokument maak egter die opmerking dat dit onwys sou wees om poliginie te verban omdat dit aan die een kant onmoontlik is om mans hiervan te weerhou en aan die ander kant informele verbindings sal aanmoedig en veral aan vrouens geen sekuriteit verskaf nie. Die Regskommissie is van mening dat die huwelike erken moet word tot tyd en wyl hulle self in onbruik verval. Sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 6 1 14.)

Die toets vir die erkenning van hierdie gebruiklike huwelik(e) is of die gebruiklike huwelik(e) kragtens die voorskrifte van die toepaslike gewoontereg 'n geldige gebruiklike huwelik is.

2 2 Gebruiklike huwelike na inwerkingtreding van die wet

Artikel 2(2) bepaal in dieselfde trant as hierbo (2 1) dat 'n gebruiklike huwelik wat na die inwerkingtreding van die wet gesluit is en wat aan die vereistes van hierdie wet voldoen (sien die bespreking hieronder 3), vir alle doeleindes as 'n huwelik erken word. Dieselfde geld ook waar 'n persoon 'n gade in meer as een gebruiklike huwelik is (a 2(4)). Die Engelse weergawe van hierdie subartikel verwys verkeerdelik net na "marriages" in plaas van "customary marriages".

Die toets vir die erkenning van hierdie gebruiklike huwelike is die vereistes wat deur die wet voorgeskryf word. Vervolgens word hierdie vereistes bespreek.

3 Geldigheidsvereistes van gebruiklike huwelike

Die geldigheidsvereistes vir die sluit van 'n gebruiklike huwelik na die inwerkingtreding van die wet kan, indien die tradisionele (gemeenregtelike) indeling gevolg word, soos volg getabuleer word:

3 1 Die partye moet bevoeg wees om te trou en om met mekaar te trou

Die volgende aspekte word deur die wet gereël:

(a) 'n Gade wat ingevolge 'n gebruiklike huwelik getroud is, is nie bevoeg om 'n burgerlike huwelik ('n huwelik kragtens die Huwelikswet 25 van 1961) gedurende die bestaan van die gebruiklike huwelik te sluit nie (a 3(2)). Daar is een uitsondering op hierdie verbod. Ingevolge artikel 10(1) is 'n man en 'n vrou tussen wie 'n gebruiklike huwelik bestaan, bevoeg om met mekaar 'n burgerlike huwelik te sluit indien nie een van hulle 'n gade in 'n bestaande gebruiklike huwelik met 'n ander persoon is nie.

Wat is die effek van die voltrekking van die burgerlike huwelik ingevolge artikel 10(1) op die voortbestaan van die gebruiklike huwelik? Indien 'n mens die bepalings van artikel 10(3) (hieronder 4 5) in oënskou neem, word daar onder andere vermeld dat hoofstuk III van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 van toepassing is "op 'n *gebruiklike* huwelik wat in gemeenskap van goed is soos beoog in subartikel (2)" (my beklemtoning). Hierdie bepaling kan alleen sin maak indien die gebruiklike huwelik nog van krag is. Gaan kyk 'n mens egter na die Engelse teks van die wet (en dit dien ook hier vermeld te word dat die Engelse teks deur die President geteken is), vind mens 'n ander bepaling. Die Engelse bepaling sê dat hoofstuk III van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 van toepassing is "in respect of *any* marriage which is in community of property as contemplated in subsection (2)" (my beklemtoning). Die Engelse teks maak eerder sin en het myns insiens tot gevolg dat die gebruiklike huwelik beëindig en vervang word deur die burgerlike huwelik. Indien die gebruiklike huwelik nie beëindig word nie, (en soos hierbo gestel, is dit juis wat die Afrikaanse teks voorstaan indien die bepalings van artikel 10(3) enigsins sin moet maak), word 'n onhoudbare situasie geskep. Die resultaat hiervan is dat twee huwelike gelyktydig bestaan. Hoewel die vermoënsregtelike gevolge van die gebruiklike huwelik ook statutêr binne gemeenskap van goed is, beteken dit dat indien die huwelik deur egskeiding ontbind wil word, sal twee egskeidingsbevele verkry moet word aangesien daar twee huwelike bestaan. Hieronder in (5) word die posisie by egskeiding ingevolge die wet bespreek. Dit moet egter hier reeds vermeld word dat die gebruiklike huwelik net weens een grond, naamlik die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik, deur egskeiding ontbind kan word (vgl a 8(1)). Die ander twee egskeidingsgronde wat vir die burgerlike huwelik geld, naamlik geesteesongesteldheid (a 5(1) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979) en voortdurende bewusteloosheid (a 5(2)) is nie van toepassing by egskeiding van 'n gebruiklike huwelik nie. Dit dien ook vermeld te word dat daar in die verlede groot kritiek teen die behoud van genoemde twee egskeidingsgronde was (vgl hieroor Van Schalkwyk *Huweliksreg-bronnebundel* (1992) 299 par (2)–300, 304 par (3)). Die twee egskeidingsgronde is egter steeds van krag en kan tot gevolg hê dat twee verskillende gronde vir egskeiding gebring moet word om die huwelike te beëindig, indien die gebruiklike huwelik nie deur die burgerlike huwelik vervang word nie. Dit kon beslis nie die bedoeling van die wetgewer gewees het nie. Dit is my submissie dat die gebruiklike huwelik deur 'n opvolgende burgerlike huwelik vervang word en dat daar nie twee huwelike na dese bestaan nie. Die Engelse teks bied myns insiens ook nie aan die gades die keuse om aan die een vorm van huwelik voorkeur te gee nie (vgl egter hieroor die South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 3 2).

'n Gade wat 'n burgerlike huwelik kragtens die Huwelikswet 25 van 1961 gesluit het, is egter onbevoeg om tydens die duur van daardie burgerlike huwelik enige ander huwelik te sluit (a 10(4)). Die effek van hierdie bepaling is myns insiens dat die gade wat kragtens die Huwelikswet 25 van 1961 getroud is, ook nie bevoeg is om 'n gebruiklike huwelik met dieselfde vrou te sluit nie. 'n Verdere effek van hierdie bepaling is dat dit die sluit van verdere (gebruiklike of burgerlike) huwelike belet, voordat die burgerlike huwelik ontbind is. Dit onderstreep met ander woorde die monogame karakter van die burgerlike huwelik. (Die Swart Administrasiewet 38 van 1927 het 'n gebruiklike *verbinding* 'n beletsel tot die sluit van 'n burgerlike huwelik gemaak (a 22(2)), en het ook as uitsondering bepaal dat 'n man en 'n vrou tussen wie 'n gebruiklike *verbinding* bestaan, bevoeg is om 'n burgerlike huwelik met mekaar te sluit indien die man nie ook 'n deelgenoot in 'n bestaande gebruiklike *verbinding* met 'n ander vrou is nie (a 22(1)). (A 12 van die Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998, herroep nou ook a 22(1) tot (5) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927.)

(b) Bloedverwantskap en aanverwantskap as huweliksbeletsel word ingevolge artikel 3(6) van die Wet deur die gewoontereg bepaal. Verwantskap deur aanneming word nie uitdruklik vermeld nie en gevolglik word dit myns insiens ooreenkomstig die toepaslike statutêre reg bepaal.

3 2 Wilsooreenstemming

Artikel 3(1)(a)(ii) vereis dat albei die gades moet instem om met mekaar kragtens die gewoontereg te trou. Die doel met hierdie bepaling is tweeledig. Eerstens vereis dit wilsooreenstemming tussen die partye om met mekaar te trou. 'n Huwelik kan dus nie uitsluitlik tussen die families van die gades beding en gesluit word nie. Hierdie beginsel vind ook toepassing by die burgerlike huwelik en word natuurlik onderskryf (vgl oor wilsooreenstemming as geldigheidsvereiste South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 4.2). Tweedens moet daar ook wilsooreenstemming bestaan oor die soort huwelik wat gesluit word. Daar moet met ander woorde wilsooreenstemming wees dat die huwelik kragtens die gewoontereg gesluit word en dus dat die huwelik 'n gebruiklike huwelik moet wees. Hierdie vereiste vereis dat daar sekerheid oor die aard van die regshandeling moet bestaan. Gevolglik sal die gebruiklike huwelik ongeldig wees as gade A onder die verkeerde indruk verkeer het dat 'n burgerlike huwelik gesluit word. A se dwaling sal dan neerkom op 'n wesenlike dwaling genaamd *error in negotio*.

3 3 Handelingsbevoegdheid

Indien enige van die aanstaande gades 'n minderjarige is, bevat die wet voorskrifte ten opsigte van die toestemmingsvereistes wat verkry moet word vir die sluit van die huwelik.

Artikel 5 van die wet bevat voorskrifte oor hoe die ouderdom van 'n persoon wat na bewering 'n minderjarige is, bewys word. Is die ouderdom van 'n persoon wat na bewering 'n minderjarige is, onseker of in geskil, kan die registrasiebeampte die aangeleentheid na 'n landdroshof verwys wat die persoon se ouderdom moet vasstel en 'n sertifikaat moet uitreik, wat as bewys van die persoon se ouderdom dien (a 5(2)). Artikel 5 is gefokus op die vasstelling van die ouderdom van die persoon. Artikel 27 van die Huwelikswet 25 van 1961, wat handel oor die ouderdom van partye by die sluit van 'n burgerlike huwelik, is nie net gefokus op die bewys van 'n persoon se werklike ouderdom nie, maar verleen ook aan die huweliksbevestiger die bevoegdheid om 'n huwelik te voltrek indien hy van bevredigende bewys voorsien is waaruit dit blyk dat die betrokke party bevoeg is om 'n huwelik sonder toestemming of verlof aan te gaan. Hierdie bepaling maak met ander woorde ook voorsiening vir die geval waar die minderjarige 'n geskeide of weduwee/wewenaar is. Niks hiervan word in artikel 5 vermeld nie. Hoewel artikel 5 niks oor die posisie van wewenaars/weduwees of geskeides bevat nie, word 'n gebruiklike huwelik vir alle doeleindes as 'n geldige huwelik erken (vgl die bepalings van a 2 hierbo 2) en sal bewys van 'n vorige huwelik die bepalings van artikel 5 ook oorbodig maak. Daar moet onthou word dat huweliksluiting nie meerderjarigheid tot gevolg het nie (sien hieronder 4 1(a)).

Die ander interessante aspek is dat artikel 5 aan die registrasiebeampte sekere bevoegdhede verleen. Die rol van die registrasiebeampte is belangrik by registrasie van die huwelik (hieronder 3 3 6 (b)), met ander woorde nadat die gebruiklike huwelik alreeds voltrek is, terwyl artikel 27 van die Huwelikswet 25 van 1961 handel oor die posisie voor voltrekking van die huwelik (tav die afwesigheid van voorsiening van 'n huweliksbevestiger by voltrekking van 'n gebruiklike huwelik, sien hieronder 3 4).

Die volgende toestemmingsvoorskrifte word vereis, na gelang van die geval:

3 3 1 Beide ouers

Artikel 3(3)(a) vereis dat beide die ouers van 'n minderjarige tot die huwelik moet toestem. Artikel 24A(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 is die ooreenstemmende bepaling wat ten opsigte van die burgerlike huwelik geld. Artikel 24A(1) bepaal onder andere dat 'n huwelik van 'n minderjarige wat sonder die toestemming van die ouers of voog van die minderjarige gesluit is, nie nietig is bloot omrede hulle toestemming nie verkry is nie. Anders as artikel 3(3)(a) van die wet, verwys artikel 24A(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 net na die ouers van die minderjarige en nie na "beide" ouers nie. Ek dink nie hierdie verskil in bewoording maak 'n wesenlike verskil nie. Artikel 24A(1) word so geïnterpreteer dat waar beide ouers leef, moet beide ouers hulle toestemming verleen, tensy die uitsluitlike voogdy net aan een ouer toegeken is, wie se toestemming alleen dan voldoende is. Indien net een ouer leef, word net daardie ouer se toestemming vereis (vgl Van der Vyver en Joubert 502–503). Ten spyte daarvan dat "beide . . . ouers" in artikel 3(3)(a) van die wet gebruik word, is ek van mening dat die uitleg van artikel 24A(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 ook hier van toepassing is.

Die bepaling dat beide ouers se toestemming verkry moet word, is egter wel 'n verandering ten aansien van die posisie volgens die gewoontereg. Hierdie verandering is genoodsaak deur die bepaling in die Grondwet dat daar nie op grond van geslag gediskrimineer mag word nie en moontlik ook deur die bepaling van die Wet op Voogdy 192 van 1993, wat aan beide ouers gelyke regte ten opsigte van hulle minderjarige kinders verleen (sien in hierdie verband South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 5 2 11).

Nog 'n aspek wat hier vermelding verdien, is dat artikel 3(3)(a) nie soos artikel 24(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 skriftelike toestemming vereis nie, maar bloot bepaal dat toestemming verleen moet word. Ook hierdie verskil in bewoording het myns insiens nie 'n wesenlike verskil tot gevolg nie. Nie-voldoening aan die skrif-vereiste van artikel 24(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 het nie tot gevolg dat toestemming nie verleen is nie. Dit is bloot 'n administratiewe voorskrif aan die huweliksbevestiger (vgl Van der Vyver en Joubert 503). Die gevolg hiervan is dat die toestemming ook ingevolge artikel 24(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 informeel (mondelings) of stilswyend verleen kan word.

Waar die ouer se toestemming nie verkry kan word nie, is artikel 25 van die Huwelikswet 25 van 1961 van toepassing (a 3(3)(b) van die wet). Artikel 25(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 bepaal:

> "**25. Wanneer toestemming van ouers of voog nie verkry kan word nie.** – (1) Wanneer 'n kommissaris van kindersorg soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kindersorg, 1983, na behoorlike ondersoek oortuig is dat 'n minderjarige woonagtig is in die distrik of gebied ten opsigte waarvan hy sy amp beklee, nie 'n ouer of voog het nie of om die een of ander voldoende rede nie in staat is om die toestemming van sy ouers of voog te verkry om in die huwelik te tree nie, kan dié kommissaris van kindersorg na goeddunke skriftelik toestemming aan dié minderjarige verleen om met 'n bepaalde persoon te trou, maar so 'n kommissaris van kindersorg mag sy toestemming nie verleen nie indien die een of ander ouer van die minderjarige wie se toestemming regtens vereis word of sy voog weier om toestemming tot die huwelik te verleen."

Artikel 25(1) is as 'n gebiedende bepaling. Die minderjarige het nie 'n keuse om óf die kommissaris óf die hoë hof as oppervoog van minderjariges te nader nie. Die minderjarige is verplig om die kommissaris se toestemming te verkry (sien *Ex parte Visick* 1968 1 SA 151 (D) 154A–G, nagevolg in *Ex parte Balchund* 1991 1 SA 479

(D) 481C–E). Die kommissaris se toestemming word vereis waar die minderjarige geen ouer of voog het nie; of waar daar voldoende rede bestaan waarom die ouer of voog se toestemming nie verkry kan word nie (sien Van Schalkwyk 73–74 vir gevalle wat as voldoende redes in die verlede aanvaar is). Weier 'n ouer of voog om toestemming tot huweliksluiting van die minderjarige te verleen, besit die kommissaris nie die bevoegdheid om toestemming te verleen nie. Wil die minderjarige dan steeds met die huweliksluiting voortgaan, sal die hoë hof se toestemming eers verkry moet word. Die hoë hof se toestemming word ook verlang waar die kommissaris van kindersorg sy toestemming weier. (Vgl die bepalings van a 25(4) van die Huwelikswet 25 van 1961, hieronder 3 3 4.)

3 3 2 Voog

Indien die minderjarige nie ouers het nie, moet sy of haar wettige voog tot die huwelik toestem (vgl a 3(3)(a) van die wet). Waar die voog se toestemming nie verkry kan word nie, bepaal artikel 3(3)(b) van die wet dat artikel 25 van die Huwelikswet 25 van 1961 van toepassing is (vgl die bespreking hierbo 3 3 1). Weier die voog sy/haar toestemming tot huweliksluiting, moet 'n aansoek om toestemming tot die hoë hof gerig word en geld dieselfde as wat hierbo (3 3 1) gesê is.

3 3 3 Kommissaris van Kindersorg

Soos hierbo (3 3 1 en 3 3 2) genoem, is die bepalings van artikel 25 van die Huwelikswet 25 van 1961 van toepassing waar die toestemming van die ouer of voog nie verkry kan word nie. Weier die kommissaris om toe te stem moet die hoë hof se toestemming verkry word (a 25(4) van die Huwelikswet 25 van 1961, hieronder 3 3 4).

3 3 4 Die hoë hof

Soos reeds genoem (hierbo 3 3 1 en 3 3 2) bepaal artikel 3(3)(b) van die wet dat "[i]ndien die toestemming van die ouer of voog nie verkry kan word nie, is artikel 25 van die Huwelikswet, 1961, van toepassing". Artikel 25(4) van die Huwelikswet 25 van 1961 bepaal:

> "**25. Wanneer toestemming van ouers of voog nie verkry kan word nie.** – (4) Indien die betrokke ouer, voog of kommissaris van kindersorg weier om tot 'n huwelik van 'n minderjarige toe te stem, kan sodanige toestemming op aansoek deur 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika verleen word: Met dien verstande dat so 'n regter nie sodanige toestemming verleen nie tensy hy van oordeel is dat dié weiering van toestemming deur die ouer, voog of kommissaris van kindersorg sonder genoegsame rede en teen die belange van die minderjarige is."

(Oor die verskil in interpretasie ten aansien van die toepassing en omvang van die diskresie wat die hof ingevolge suba (4) verkry – sien veral *C v Van T* 1965 2 SA 239 (O); *Allcock v Allcock* 1969 1 SA 427 (N); *B v B* 1983 1 SA 496 (N).)

3 3 5 Minister van Binnelandse Sake

Artikel 3(1)(a)(i) bepaal dat 'n gebruiklike huwelik net geldig kan wees indien albei die aanstaande gades bo die ouderdom van 18 jaar is. Ondanks hierdie voorskrif verleen artikel 3(4)(a) aan die Minister van Binnelandse Sake of enige beampte in die staatsdiens wat skriftelik deur hom of haar daartoe gemagtig is, die bevoegdheid om skriftelik toestemming te verleen aan 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar om 'n gebruiklike huwelik te sluit indien die Minister of sy beampte die huwelik wenslik en in belang van die betrokke partye ag. Die posisie ten aansien van die burgerlike huwelik word deur artikel 26(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 gereël en bepaal dat geen seun onder die ouderdom van 18 jaar of meisie onder die ouderdom

van 15 jaar bevoeg is om 'n huwelik te sluit nie, tensy die Minister van Binnelandse Sake of sy gemagtigde beampte skriftelik toestemming tot die huwelik verleen indien hy of sy beampte so 'n huwelik as wenslik beskou. Die volgende aspekte verdien hier vermelding:

(a) Die ouderdomme van 18 jaar en 15 jaar vir seuns en dogters onderskeidelik word vervang deur die ouderdom van 18 jaar wat vir beide partye geld. Die motivering hiervoor vind mens in die Regskommissie se Discussion Paper 74. In par 5 1 7 word 'n potensiële rede vermeld, maar dan nie aanvaar nie, as sou die genoemde verskil in ouderdomme neerkom op 'n onbillike diskriminasie op grond van geslag ingevolge artikel 9(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Die hoofmotivering vir hierdie eenvormige behandeling word egter gevind in par 5 1 8 van die besprekingsdokument, naamlik dat dit die Suid-Afrikaanse reg in ooreenstemming bring met die internasionale standaard ten opsigte van die oorgang vanaf kindskap na volwassenheid (vgl bv ook a 28(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996).

(b) Ingevolge artikel 3(4)(a) kan die Minister of sy gevolmagtigde beampte toestemming tot huweliksluiting verleen indien die huwelik wenslik en in belang van die betrokke partye is. Dus moet die huwelik nie net wenslik en in belang van die minderjarige nie, maar van beide partye wees. Artikel 26(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 vereis net dat die huwelik wenslik beskou moet word en nie ook in belang van die partye nie. Na my mening is hierdie verskil in bewoording nie substansieel nie. Hierdie beskouing word versterk indien gelet word op die bewoording van artikel 26(2) (hieronder 3 3 6 (a)), waar die Minister of sy gevolmagtigde gemagtig word om *ex post facto* skriftelik te gelas dat die huwelik vir alle doeleindes 'n geldige huwelik is, indien hulle "die huwelik as wenslik en in belang van die betrokke partye beskou . . .". Die feit dat die huwelik wenslik beskou moet word, vereis myns insiens net soos in artikel 3(4)(a) van die wet, dat die huwelik vir *beide* partye wenslik moet wees. Hierdie siening word ook versterk indien die bepaling van artikel 26(2) gelees word.

(c) Die toestemming van die Minister of sy gevolmagtigde beampte onthef nie die partye van die verpligting om aan al die ander vereistes wat deur hierdie wet voorgeskryf word, te voldoen nie (a 3(4)(b)). Die eerste voorbehoudsbepaling van artikel 26(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 bepaal ook dat die toestemming onder bespreking die partye "nie vrystel nie van die verpligting om aan alle ander regsvoorskrifte te voldoen: . . .". Die woorde "alle ander regsvoorskrifte" word hier gebruik omdat nie al die regsvoorskrifte waaraan 'n burgerlike huwelik moet voldoen, in die Huwelikswet 25 van 1961 vermeld word nie.

(d) Hoewel daar verskil van mening bestaan, verleen artikel 26(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 waarskynlik nie aan die Minister of sy gevolmagtigde die bevoegdheid om aan minderjariges onder die puberteitsouderdom toestemming tot huweliksluiting te verleen nie (sien gesag aangehaal in Van Schalkwyk 70 par (4)). Dieselfde uitleg sou na alle waarskynlikheid ook aan artikel 3(4)(a) van die onderhawige wet gegee word.

(e) Daar is nie direkte gesag oor die gevolg van nie-nakoming van artikel 26(1) van die Huwelikswet 25 van 1961 nie, maar daar is gesag daarvoor dat nie-nakoming van artikel 1 van die Huwelikswet Wysigingswet 8 van 1935 (die voorganger van artikel 26(1)), nietigheid van die huwelik tot gevolg gehad het (sien *Shields v Shields* 1959 4 SA 16 (W) 22D–E, 23A, met goedkeuring na verwys in *Abels v Abels* 1961 2 SA 639 (K) 638–639). Indien hierdie interpretasie korrek is, verleen artikel 26(2) (hieronder 3 3 6 (a)) dan die bevoegdheid om 'n nietige huwelik te

ratifiseer. Dieselfde interpretasie behoort myns insiens ook aan artikel 3(4)(a) van die wet gegee te word.

3 3 6 Gevolge waar vereiste toestemming nie verleen is nie

Die volgende aspekte verdien hier vermeld te word:

(a) Wanneer 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar 'n gebruiklike huwelik sonder die skriftelike toestemming van die Minister of betrokke beampte gesluit het, kan die Minister of die betrokke beampte skriftelik die huwelik as 'n geldige huwelik verklaar, indien aan die volgende vereistes voldoen word: eerstens moet die huwelik wenslik en in belang van die betrokke partye geag word; en tweedens moet die huwelik in alle ander opsigte in ooreenstemming met die vereistes van die wet wees (a 3(4)(c)).

Hierdie bepaling se eweknie ten opsigte van die burgerlike huwelik word in artikel 26(2) van die Huwelikswet 25 van 1961 gevind. Dieselfde twee vereistes word ook ten opsigte die burgerlike huwelik aangetref. Subartikel (3) van artikel 26 bepaal dat indien die Minister of sy gevolmagtigde beampte skriftelike toestemming onder hierdie omstandighede verleen, "word daar geag dat hy voor die voltrekking van die huwelik skriftelike verlof daartoe verleen het". Laasgenoemde bepaling ontbreek by artikel 3(4)(c) wat op gebruiklike huwelike van toepassing is.

(b) Word 'n gebruiklike huwelik sonder die toestemming van 'n ouer, voog, kommissaris van kindersorg of 'n regter, na gelang van die geval, gesluit, bepaal artikel 3(5) van die wet dat die bepalings van artikel 24A van die Huwelikswet 25 van 1961 van toepassing is. Myns insiens is die verwysing na 'n regter in artikel 3(5) van die wet oorbodig. 'n Regter se toestemming is nie 'n primêre toestemmingsvereiste nie en word alleen sekondêr ingevolge artikel 25(4) van die Huwelikswet 25 van 1961 vereis (hierbo 3 3 4). Die bepalings van artikel 25 van die Huwelikswet 25 van 1961 is in ieder geval ook van toepassing op gebruiklike huwelike (sien bespreking hierbo 3 3 1–3 3 4). Die gevolg is dat indien 'n gebruiklike huwelik sonder die vereiste toestemming gesluit word, die posisie ooreenstem met dié van 'n burgerlike huwelik wat sonder die vereiste toestemming gesluit is. Die huwelik is nie nietig nie, maar is net deur die ouer/voog/minderjarige self vernietigbaar binne die spertydperke deur die Huwelikswet gestel. Indien die vernietigingsaansoek nie dienooreenkomstig gebring word nie, is die geldigheid van die huwelik onaanvegbaar. (Vgl die bepalings van a 24A(1) van die Huwelikswet 25 van 1961. Vgl hieronder 5 2 2 (d) vir die vermoënsregtelike gevolge waar 'n gebruiklike huwelik wat sonder die toestemmingsvereistes gesluit is, nietig verklaar word.)

3 4 Formaliteite moet nagekom word

Die wet bevat die volgende bepalings:

(a) Die gebruiklike huwelik moet ooreenkomstig die gewoontereg beding en gesluit of voltrek word (a 3(1)(b)). Ek wil in hierdie verband twee sake vermeld:

(i) Eerstens maak die wet nie melding van of voorsiening vir 'n huweliksbevestiger as amptenaar van die staat by voltrekking van die gebruiklike huwelik nie. Soos gemeld, moet die gebruiklike huwelik na voltrekking geregistreer word (hierbo 3 3), maar daar word geen voorsiening gemaak vir die staat se betrokkenheid by die voltrekking van die gebruiklike huwelik nie. Hierdie aspek is myns insiens 'n groot leemte en behoort spoedig die aandag van die wetgewer te geniet. Die saak word des te meer dringend indien in gedagte gehou word dat wanneer 'n verdere gebruiklike huwelik gesluit word, die bestaande huweliksgoederebedeling beëindig moet word

(sien hieronder 4 4). Indien daar nie 'n kundige huweliksbevestiger van die staat teenwoordig is nie, bestaan die waarskynlikheid dat hierdie vereiste nie nagekom sal word nie; dit sal groot onsekerheid oor die huweliksgoederebedeling van die gebruiklike huwelike tot gevolg hê. 'n Laaste motivering vir die voorsiening van 'n huweliksbevestiger is dat die staat by ontbinding van die gebruiklike huwelik deur egskeiding (hieronder 5), die staat betrek. Waarom nie ook by voltrekking nie? (Dit sal nie die eerste keer wees dat aan die voltrekking van 'n gebruiklike huwelik sekere formaliteite gestel word nie; sien in hierdie verband die posisie in KwaZulu/Natal soos beskryf deur die South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 4 5 4–4 5 5.) Die Regskommissie vra in par 4 5 9 die vraag wat die effek sal wees indien die gebruiklike huwelik sonder 'n huweliksbevestiger gesluit word, indien laasgenoemde as vereiste gestel word. Daar moet in gedagte gehou word dat indien 'n burgerlike huwelik voltrek word deur iemand wat nie 'n huweliksbevestiger is nie, die huwelik as algemene reël nietig sal wees. Hoekom moet dit met die gebruiklike huwelik anders wees?

Verder, gesien in die lig van die onduidelikheid oor presies wanneer 'n gebruiklike huwelik ingevolge die gewoontereg tot stand kom, voorsien ek dat daar nog in die toekoms hewige probleme in hierdie verband kan ontstaan en is dit myns insiens jammer dat hierdie aspek nie statutêr gereël is nie (vgl ook in hierdie verband South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 4 4–4 5).

(ii) Tweedens moes die aangeleentheid van die betaling van *lobolo* myns insiens ook hier ter sprake gekom het. Die wet verwys eenmaal na die *lobolo*-gebruik in die woordomskrywingsartikel, en nie weer in die wet nie. Dit is jammer dat die rol wat *lobolo* as geldigheidsvereiste speel, nie hier by die formaliteitsvereistes duidelik uitgespel is nie. (Vir 'n kort beskrywing van die *lobolo*-praktyk sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 4 3.)

(b) Die gades het 'n plig om toe te sien dat hulle gebruiklike huwelik geregistreer word (a 4(1)). Die vereistes vir registrasie word breedvoerig uiteengesit (vgl a 4(2)–(7)). Artikel 4(8) bepaal egter uitdruklik dat 'n registrasiesertifikaat onder andere as *prima facie*-bewys van die bestaan van die gebruiklike huwelik dien. Die versuim om 'n gebruiklike huwelik te registreer, raak nie die geldigheid van daardie huwelik nie (a 4(9)). Die bepalings van artikel 4(8) en (9) is 'n statutêre bewoording van die posisie wat geld by die burgerlike huwelik (sien Visser en Potgieter *Inleiding tot die familiereg* (1998) 62).

4 Gevolge van 'n gebruiklike huwelik

4 1 Persoonlike gevolge

Die volgende aspekte moet hieronder vermeld word:

(a) Artikel 6 bepaal:

> "**6. Gelyke status en bevoegdheid van gades.** – 'n Vrou in 'n gebruiklike huwelik het, op grond van gelykheid met haar man en onderhewig aan die huweliksgoederebedeling wat die huwelik reël, volle status en bevoegdhede met in- begrip van die bevoegdheid om bates te bekom en van die hand te sit, om kontrakte te sluit en om te litigeer, asook enige regte en bevoegdhede wat sy kragtens gewoontereg mag hê."

Die ondergeskikte posisie van die vrou ingevolge die gewoontereg word hiermee afgeskaf. Die vrou verkry soos haar suster in die burgerlike huwelik, onderworpe aan die huweliksgoederebedeling, volle handelings- en verskyningsbevoegdheid, sonder om haar regte en bevoegdhede wat sy ingevolge die gewoontereg gehad het, te verloor.

Die bepaling vermeld niks oor terugwerkendheid nie. Indien daar niks tot die teendeel spreek nie, moet gevolglik aanvaar word dat die bepaling nie terugwerkende krag het nie. In die onlangse saak van *Prior v Battle* 1999 2 SA 850 (TkD) het die hof beslis dat artikel 37(a) en 39(2)(ii) van die Transkei Marriage Act 21 van 1978 wat die vrou wat ingevolge 'n burgerlike huwelik getroud is, onder haar man se voogdy en maritale mag plaas, op grond van artikel 8, 10, 11(1), 22, 26 en 28 van die interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 ongrondwetlik is. Die huidige Grondwet 108 van 1996 sou myns insiens tot dieselfde beslissing gelei het. Die hof het egter geweier om te beslis of artikel 37(b) van die Transkeise Wet wat 'n vrou getroud ingevolge 'n gebruiklike huwelik onder die voogdy van haar man plaas, ongrondwetlik is aangesien die applikante nie ingevolge 'n gebruiklike huwelik getroud is nie. Die wet herroep onder andere artikel 37 van die Transkei Marriage Act 21 van 1978 wat ook nou die posisie ingevolge die gebruiklike huwelik verander en net soos die burgerlike huwelik ingevolge die Transkei Marriage Act 21 van 1978 reël. (Vir 'n bespreking en motivering van die gelykheid tussen man en vrou binne die gebruiklike huwelik, sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 6 2 ev.)

(b) Artikel 9 bepaal:

> "**9. Ouderdom van meerderjarigheid.** – Ondanks die reëls van die gewoontereg, word die ouderdom van meerderjarigheid van enige persoon vasgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Meerderjarigheidsouderdom, 1972 (Wet No. 57 van 1972)."

Ingevolge artikel 1 van die Wet op Meerderjarigheid 57 van 1972 word meerderjarigheid bereik wanneer 'n persoon die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik. Huweliksluiting het met ander woorde nie tot gevolg dat 'n getroude minderjarige persoon meerderjarig word nie. Huweliksluiting het wel tot gevolg dat die getroude minderjarige persoon mondig word. (Sien *Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Roux* 1978 2 SA 856 (A) 863G–866B. Toe hierdie saak beslis is, is die geldigheid van gebruiklike huwelike nog nie erken nie. Daar kan myns insiens nie aangevoer word nie dat die beginsel daarin neergelê nie ook op gebruiklike huwelike van toepassing is nie. Gebruiklike huwelike word by inwerkingtreding van die wet vir alle doeleindes as 'n huwelik erken. Sien a 2 van die wet hierbo 2.)

4 2 Vermoënsregtelike gevolge

Hierdie aangeleentheid word deur artikel 7 van die wet gereël. Vir sistematiese doeleindes deel ek artikel 7 in die volgende onderafdelings:

4 2 1 Gebruiklike huwelik gesluit voor inwerkingtreding van die wet

Artikel 7(1) bepaal dat die vermoënsregtelike gevolge van 'n gebruiklike huwelik wat voor die inwerkingtreding van die wet gesluit is, onderworpe bly aan die gewoontereg. Hoewel hier net van 'n gebruiklike huwelik in die enkelvoud melding gemaak word, geld dit ook vir meerdere gebruiklike huwelike van een manlike gade.

4 2 2 Gebruiklike huwelik gesluit na inwerkingtreding van die wet

Artikel 7(2) bepaal:

> "**7. Vermoënsregtelike gevolge van gebruiklike huwelike en handelingsbevoegdheid van gades.** – (2) 'n Gebruiklike huwelik wat na inwerkingtreding van die Wet gesluit is en waarin 'n gade nie 'n genoot in enige ander bestaande gebruiklike huwelik is nie, is 'n huwelik in gemeenskap van goed en van wins en verlies tussen die gades, tensy sodanige gevolge uitdruklik deur die gades in 'n huweliksvoorwaardekontrak wat die huweliksgoederebedeling van hul huwelik reël, uitgesluit word."

(a) Tensy anders ooreengekom, is 'n gebruiklike huwelik wat na inwerkingtreding van die wet gesluit is, binne gemeenskap van goed. Artikel 7(3) bepaal uitdruklik dat Hoofstuk III en artikel 18, 19, 20 en 24 van Hoofstuk IV van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 van toepassing is op 'n gebruiklike huwelik wat in gemeenskap van goed is soos beoog in subartikel (2). Dieselfde huwelik binne gemeenskap van goed wat geld ten opsigte van 'n burgerlike huwelik, is dus ook op gebruiklike huwelike van toepassing. Die strekking van hierdie bepaling is ook verder dat gemeenskap van goed by wyse van huweliksvoorwaardes uitgesluit kan word, net soos in die geval van die burgerlike huwelik. Na analogie van die bepaling van artikel 7(3) sal die huwelik buite gemeenskap van goed met die aanwas wees indien gemeenskap van goed uitgesluit word (vgl a 2 van hoofstuk I van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984). Beoog die eggenotes om ook die aanwas uit te sluit, sal dit uitdruklik gedoen moet word. Die bepaling van artikel 7(2) wyk af van die Regskommissie se voorgestelde huweliksgoederebedeling van buite gemeenskap van goed (sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 6 4 19). Hierdie voorstel van die Regskommissie is nie alleen gemotiveer vanuit die standpunt dat die idee van gemeenskap van goed vreemd aan die gewoontereg is nie, maar weerspieël ook die standpunt van onder andere regter Ngcobo wat van mening is dat poliginie onversoenbaar met gemeenskap van goed is (sien South African Law Commission Project 90: Discussion Paper 74 par 6 4 13. Sien egter my standpunt hieroor, hieronder 4 4 (b)(i)).

(b) Artikel 24 van Hoofstuk IV van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 word ook uitdruklik van toepassing gemaak op die vermoënsregtelike gevolge van 'n gebruiklike huwelik wat sonder die vereiste toestemmingsvoorskrifte gesluit is. Dieselfde gevolge word aan hierdie huwelike gegee as wat toegedig word aan die burgerlike huwelik van 'n minderjarige wat sonder die vereiste toestemmingsvoorskrifte gesluit is. Myns insiens is dit 'n goeie toedrag van sake. Hierdie regsreëling geld net vir gebruiklike huwelike wat na inwerkingtreding van die wet gesluit is. (Dit is myns insiens jammer dat hierdie aspek nie onder artikel 3 – hierbo 3 3 6 – tuisgebring is nie.)

4 3 Vrywillige verandering van die huweliksgoederebedeling

Die wet maak voorsiening vir twee verskillende wyses waarop die huweliksgoederebedeling vrywillig verander kan word, afhangende van die betrokke datum van huweliksluiting.

4 3 1 Gebruiklike huwelik(e) gesluit voor inwerkingtreding van die Wet

Artikel 7(4)(a) en (b) maak voorsiening vir die verandering van die huweliksgoederebedeling wat van toepassing is op 'n gebruiklike huwelik(e) wat *voor* inwerkingtreding van die wet gesluit is. Die inhoud van hierdie bepaling stem grootliks ooreen met die bepalings van artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984.

Die gades moet net soos by 'n aansoek ingevolge artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984, gesamentlik die aansoek bring (vgl a 7(4)(a)). Artikel 7(4)(b) vereis dat 'n man wat 'n gade in meer as een gebruiklike huwelik is, alle persone wat 'n voldoende belang in die aangeleentheid het by die verrigtinge moet voeg. Hierdie bepaling maak sin in die lig van die feit dat hierdie gebruiklike huwelik(e) se huweliksgoederebedeling aan die gewoontereg onderworpe is (sien a 7(1) hierbo 4 2 1). Artikel 7(4)(b) bepaal dan ook dat die applikant (enkelvoud) se bestaande gade of gades by die verrigtinge gevoeg moet word. Hierdie bepaling is vreemd en myns insiens totaal oorbodig. Soos reeds vermeld, vereis artikel 7(4)(a) dat die aansoek *gesamentlik* gebring moet word. Dit sluit tog albei die gades of, in geval van meerdere gebruiklike huwelike, al die gades in.

Net soos ingevolge artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984, moet daar gegronde redes vir die voorgenome verandering bestaan; skriftelike kennis van die voorgenome verandering aan al die skuldeisers ten opsigte van bedrae wat R500 oorskry of ten opsigte van sodanige bedrag as wat die Minister van Justisie by kennisgewing in die *Staatskoerant* mag bepaal, gegee word; en geen ander persoon deur die voorgenome verandering benadeel word nie. Hoekom net sekere skuldeisers hier vermeld word, is onduidelik en diskriminerend en wyk ook af van artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984.

Artikel 7(4)(a) bepaal onder andere "dat die huweliksgoederebedeling wat op sodanige huwelik of huwelike van toepassing is, nie langer van toepassing sal wees nie . . .". Hierdie bepaling stel dit myns insiens duideliker as artikel 21(1) van die wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 dat die verandering nie terugwerkend gemaak kan word nie, maar suiwer toekomsgerig is. (Vgl die onsekere posisie ingevolge a 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 soos vergestalt in die beslissings van *Ex parte Krös* 1986 1 SA 642 (NK) waarin beslis is dat die verandering terugwerkend gemaak kan word en *Ex parte Oosthuizen* 1990 4 SA 15 (OK) waarin beslis is dat die verandering nie terugwerkend gemaak kan word nie.)

4 3 2 Gebruiklike huwelik gesluit na inwerkingtreding van die wet

Artikel 7(5) bepaal dat artikel 21 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 van toepassing is op 'n gebruiklike huwelik gesluit na inwerkingtreding van die wet, indien die man nie meer as een gade het nie.

Die bedoeling hier is beslis dat net artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 van toepassing is, aangesien die bepalings van subartikels (2)(a)–(e) nie meer regskrag het nie.

Gedagtig aan wat hierbo (4 2 2 (a)) gesê is, is die vermoënsregtelike gevolge van 'n gebruiklike huwelik wat na inwerkingtreding van die wet gesluit is, en waarin 'n gade nie 'n genoot in enige ander bestaande gebruiklike huwelik is nie, 'n huwelik binne gemeenskap van goed, tensy 'n ander huweliksgoederebedeling by wyse van huwelikskontrak beding is. Artikel 7(5) van die wet bepaal uitdruklik dat artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 ook van toepassing is op 'n gebruiklike huwelik na inwerkingtreding van die wet gesluit en indien die man nie meer as een gade het nie. Presies dieselfde vermoënsregtelike gevolge geld ten aansien van die gebruiklike huwelik en die burgerlike huwelik. Indien gades dus 'n gebruiklike huwelik na inwerkingtreding van die wet sluit en daar nie nog 'n gebruiklike huwelik bestaan nie, is die huwelik binne gemeenskap van goed, tensy daar 'n huwelikskontrak gesluit is wat anders bepaal. Hierdie regsposisie geld ook by die burgerlike huwelik. Gestel dat die gades na huweliksluiting hulle huweliksgoederebedeling wil verander. Artikel 7(5) skryf voor dat dit ooreenkomstig artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 gedoen kan word. Die huweliksgoederebedeling sal nou na enige van die gebruiklike huweliksgoederebedelings wat ook op 'n burgerlike huwelik van toepassing is, verander kan word. Dit is egter my mening dat dit nie vir die gades moontlik sal wees om hulle huweliksgoederebedeling deur die gewoontereg te laat beheers nie. Ek wil twee redes hiervoor aanvoer. Eerstens geld die gewoontereg nie by huweliksluiting van hierdie gebruiklike huwelike nie. Tweedens dink ek nie dat artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 hiervoor aangewend kan word nie. Die artikel is oorspronklik ingevoer om die huweliksgoederebedeling van die burgerlike huwelik na enige van die *burgerlike* huweliksgoederebedelings te verander.

4 4 Verpligte beëindiging van die huweliksgoederebedeling

Die wet maak ook voorsiening vir die *verpligte* beëindiging van die huweliksgoederebedeling.

(a) Artikel 7(6) bepaal dat 'n man in 'n gebruiklike huwelik wat 'n verdere gebruiklike huwelik met 'n ander vrou na inwerkingtreding van die wet wil sluit, by die hof aansoek *moet* doen om goedkeuring van 'n skriftelike kontrak wat die toekomstige huweliksgoederebedeling van sy huwelike reël. Ek wil hier onmiddellik vermeld dat dit nie relevant is wanneer die vorige gebruiklike huwelike gesluit is nie. Hulle kon ook voor inwerkingtreding van die wet gesluit gewees het, maar indien 'n verdere gebruiklike huwelik na inwerkingtreding van die wet gesluit wil word, is die bepaling van subartikel (6) van toepassing. Die verandering wat nou aangevra word, reël net soos artikel 7(4) van die wet (hierbo 4 3 1) en artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 (hierbo 4 3 2), net die toekomstige huweliksgoederebedeling van die huwelike. Let ook daarop dat subartikel (6) net van "'n skriftelike kontrak" melding maak en nie van "kontrakte" nie en hierdie skriftelike kontrak reël die "toekomstige *huweliksgoederebedeling* van sy *huwelike*". Die beklemtoonde woorde is myns insiens vatbaar vir net een interpretasie, naamlik dat een en dieselfde nuwe (veranderde) huweliksgoederebedeling vir al die gebruiklike huwelike vanaf die verandering geld.

(b) Subartikel (7) loop hand-aan-hand met die bepalings van subartikel (6). Subartikel (7) maak voorsiening vir twee aangeleenthede. Eerstens skryf dit voor wat die hof se bevoegdhede ten opsigte van die bestaande huweliksgoederebedeling is. Tweedens verleen dit aan die hof sekere bevoegdhede met die aansoek van die skriftelike kontrak wat die toekomstige huweliksgoederebedeling reël. Hierdie twee aangeleenthede word vervolgens verder toegelig.

(i) Eerstens, wat betref die hof se bevoegdhede ten opsigte van die bestaande huweliksgoederebedeling, skryf subartikel (7) voor dat die hof in die geval van 'n huwelik wat in gemeenskap van goed of aan die aanwasbedeling onderworpe is, die huweliksgoederebedeling wat op die huwelik van toepassing is, *moet* beëindig en 'n verdeling van die huweliksgoedere beveel. Die rede vir hierdie bepaling is stellig om die bestaande huweliksgoedere van die bestaande gebruiklike huwelik(e) te verdeel voordat die verdere gebruiklike huwelik voltrek word en om sodoende toe te sien dat die bestaande eggenotes nie enige verlies of skade ly met die totstandkoming van 'n verdere gebruiklike huwelik nie. Ek wil dit met die volgende voorbeeld verduidelik. Gestel M en V_1 is getroud binne gemeenskap van goed. Voordat 'n verdere gebruiklike huwelik met V_2 gesluit kan word, moet die bestaande huweliksgoederebedeling beëindig en 'n verdeling van die huweliksgoedere beveel word. Daar moet in gedagte gehou word dat die beëindiging net op die huweliksgoederebedeling gerig is en nie op die bestaan van die gebruiklike huwelik nie. Gevolglik is dit nie 'n egskeiding nie, en daarom is die bevoegdhede wat 'n hof by egskeiding (hieronder 5) verkry nie van toepassing nie. 'n Mens dink hier byvoorbeeld daaraan dat verbeuring van vermoënsregtelike voordele nie beveel kan word nie. Die skriftelike kontrak wat die toekomstige huweliksgoederebedeling van die huwelike reël, kan myns insiens weer voorsiening maak vir gemeenskap van goed wanneer M ook met V_2 trou. Die hof sal myns insiens in hierdie geval egter nie toelaat dat die toekomstige huweliksgoederebedeling binne gemeenskap van goed die bestaande bates van M en V_1 insluit nie, aangesien dit moontlik strydig met subartikel (7)(b)(iii) kan wees, wat aan die hof die bevoegdheid verleen om 'n aansoek te weier as die hof van mening is dat die belange van enige van die partye wat betrokke is nie voldoende deur die voorgenome kontrak beskerm sal word nie. In hierdie geval behoort die

voorgenome kontrak die bestaande bates van M en V1 buite die gemeenskaplike boedel te hou. Die skuld van M en V1 behoort ook by beëindiging van die gemeenskap van goed afgelos te word. Indien dit ook nie moontlik is nie, behoort die hof ook te weier om die toekomstige huweliksgoederebedeling binne gemeenskap van goed goed te keur aangesien dit die belange van V2 kan benadeel. Voorhuwelikse skuld van V2 behoort ook 'n struikelblok vir 'n toekomstige huweliksgoederebedeling binne gemeenskap van goed te wees, aangesien V1 dan ook in daardie skuld deel. By beëindiging van hierdie nuwe huweliksgoederebedeling word die gemeenskaplike boedel (daar is slegs een bedeling wat vir al die gebruiklike huwelike geld – hierbo (a)) myns insiens as algemene reël in drie gelyke dele verdeel. (Daar moet hier vermeld word dat geen woord in die wet oor die posisie by die dood van een van die gades vermeld word nie en dat die posisie by egskeiding ook hoogs onbevredigend en onseker is – sien hieronder 5 2 2 (e).)

Indien M en V1 in ons voorbeeld instede van binne gemeenskap van goed met die aanwas getroud is, moet die aanwas ook beëindig en verdeel word voordat 'n verdere gebruiklike huwelik met V2 gesluit kan word. Die bedoeling van die wetgewer is myns insiens om in hierdie geval met die beëindiging van die aanwasbedeling, die posisie ten aansien van die berekening van die aanwas te vereenvoudig indien die toekomstige huweliksgoederebedeling van die huwelike weer die aanwasbedeling insluit. Die toekomstige huweliksgoederebedeling (die toekomstige aanwasbedeling) word dan by die sluit van die verdere gebruiklike huwelik opnuut ingestel en dit bied dan aan M en V1, soos vir V2, die geleentheid om die aanvangswaarde van die onderskeie boedels opnuut te stel. Hierdie toedrag van sake is aanbevelingswaardig. Dit is egter ook so dat in die lig van die beslissing in *Ex parte Burger* 1995 1 SA 140 (D) (sien ook Van Schalkwyk "Vonnisbespreking: *Ex parte Burger* 1995 1 SA 140 (D)" 1995 *De Jure* 443 ev) die aanvangswaardes van beide M en V1 se boedels nie opnuut aangegee sal kan word nie, maar dat hulle aanvangswaardes vanaf huweliksluiting sal moet geld. Indien hierdie beslissing korrek beslis is, is die bepalings van artikel 7(6) van die wet nie bevredigend verwoord nie en sal die bepalings gewysig moet word om uitdruklik hiervoor voorsiening te maak.

Uit die aard van die saak is die kredietsoeker ononderbroke op die beskikbaarheid van die vloot aangewese. Vir doeleindes van die bespreking word aanvaar dat die onderneming op groot skaal en reg oor die land besigheid doen. Argumentshalwe word veronderstel dat die onderneming as SNEL-koerierdiens bekendheid verwerf het en dat sy voertuigvloot met hul kenmerkende helder kleure en logo op die strate van die land reeds 'n bekende gesig is. Veiligheidshalwe het die onderneming die bepaalde kleure en patroon waarmee hy al sy voertuie laat verf saam met sy "logo" as erkende handelsmerke laat registreer ten einde moontlike verwarring en aanklamping deur onbillike mededingers te ontmoedig. Verder word aanvaar dat die bekende finansieringshuis ANB wel in beginsel in die finansiering van die koerierdiens op 'n langdurige grondslag belangstel, maar voldoende sekerheid vir die aldus verskafte krediet verlang.

In beginsel word slegs op die volgende aspekte in die bespreking gekonsentreer:

1 Kan die bestaande voertuigvloot van SNEL aan die finansieringshuis "verkoop" word en direk weer teruggehuur word sodat die verkoper nooit die benutting daarvan ontbeer nie maar wel oor die koopsom as krediet kan beskik? (Die benutting van 'n huurooreenkoms of 'n huurkoopooreenkoms as *causa* vir die feit dat SNEL steeds in beheer van die "verkoopte" voertuie sal bly, verander in beginsel niks aan die vraag of ingevolge die voorafgaande transaksie wel eiendomsreg aan ANB oorgedra is nie.)

2 Kan 'n spesiale notariële verband oor die voertuie, met inbegrip van alle toekomstige voertuie, geregistreer word sodat die kredietverskaffer langs dié weg saaklike sekerheid kan verkry? (Die gebruiklike algemene notariële verband wat inderdaad oor so 'n onbepaalde saakgemeenskap geregistreer sou kon word, verleen slegs voorkeurregte en is nie werklik sekerheidsregte nie.)

2 Fidusiêre eiendomsoordrag

2 1 Ingevolge die tipe ooreenkoms dra SNEL sy totale voertuigvloot as verkoper aan die finansieringshuis [ANB] as kredietverskaffer oor. Vir die verskafte krediet verlang ANB sekerheid en daartoe moet die eiendomsreg dien. Selfs na die herhaalde uitsprake van die appèlhof waarin geen twyfel gelaat is nie oor die onaanvaarbaarheid van fidusiêre eiendomsoordrag as sekerheidstellingsfiguur in die Suid-Afrikaanse reg, blyk dat die figuur in die praktyk steeds benut word asof daar niks mee skort nie. Uit opmerkings van regters blyk dat steeds 'n verstommende onkunde oor die werklike oneffektiwiteit van hierdie gewaande sekerheidsfiguur bestaan. Dit is 'n tipe konstruksie waarop die Suid-Afrikaanse howe reeds herhaaldelik nie hul seën uitgespreek het nie. (Sien *Vasco Dry Cleaners v Twycross* 1979 1 SA 603 (A); *Nedcor Bank Ltd v ABSA Bank Ltd* 1998 2 SA 830 (W); Reehuis "Omvang en werking van het Nederlandse 'fiducia-verbod'" 1997 *TSAR* 66; Sonnekus "Vloerplanooreenkomste en 'n sober klank van die regbank daarteen?" 1998 *TSAR* 776. Sien ook die gelykluidende gevolgtrekking van die regskommissie in sy "Verslag oor sekerheidstelling deur middel van roerende goed" *Sekerheidstelling deur middel van roerende goed* Verslag, Projek 46 (1991) 26–27 (vrygestel Oktober 1992).)

Anders as in die Duitse reg waar *Sicherungsübereignung* 'n aanvaarde en daagliks benutte figuur is wat nie meer uit die handel weg te dink is nie, het die Suid-Afrikaanse hoogste hof konsekwent sedert die bekende uitsprake uit 1917 (*Goldinger's Trustee v Whitelaw & Son* 1917 AD 66; *Groenewald v Van der Merwe* 1917 AD 233) geweier om die gevolge van eiendomsreg aan die gesimuleerde ooreenkomste te heg wanneer blyk dat die koper (ANB in ons voorbeeld) hoegenaamd geen gebruiksbevoegdhede ten aansien van die koopsaak gaan verkry nie (sien *Vasco Dry Cleaners v Twycross* 1979 1 SA 603 (A) 620G–H).

As alle gebruiksbevoegdhede na die "eiendomsoordrag" aan ANB steeds by SNEL gaan setel, is dit duidelik dat nie werklik eiendomsreg oorgedra word nie, maar bloot sekerheid vir die verskafte krediet deur die nuwe "eienaar" verlang word. In dié verband behoort die volgende uit die uitspraak van appèlregter Nienaber in *Bank Windhoek Bpk v Rajie* 1994 1 SA 115 (A) voor oë gehou te word:

> "Blykens die dokumentasie het Motor World, 'n firma waarvan Hoosain die alleeneienaar was, die voertuig teen kontant aan die Bank verkoop en gelewer (sodat die Bank eienaar daarvan sou word), net om dit onmiddellik daarna teen krediet (maar met voorbehoud van eiendomsreg aan die Bank) terug te koop. Die vraag is: het die partye werklik bedoel dat volle eiendomsreg op die Bank oorgaan, of was die eintlike gedagte nie eerder dat Hoosain 'n voorskot by die Bank ontvang, vir die terugbetaling waarvan die voertuig as 'n vorm van saaklike sekuriteit moes dien, en dat die koop- en herverkoop-kontrakte bloot 'n voorwendsel was wat hulle prakseer het om aan daardie bedoeling uitvoering te gee nie? Indien laasgenoemde, sou die skema tot mislukking gedoem wees omdat dit in wese 'n vorm van saaklike sekerheid, te wete pandgewing, beoog, sonder dat besit aan die pandhouer gegee word. Volgens ons reg moet 'n pandhouer (in die onderhawige geval die Bank) in besit van die saak geplaas word en in besit daarvan bly, anders vestig of behou hy geen voorkeuraanspraak daarop nie (*Vasco Dry Cleaners v Twycross* 1979 1 SA 603 (A) 611H–612D). Dit sou die geval wees al is beide partye volkome openlik en opreg" (143F–I).

Daar is juriste wat van mening is dat die smet van 'n gesimuleerde ooreenkoms nie hierdie vorm van heimlike sekerheidsoordrag tref indien die partye goedgelowig was en nie daarop uit was om 'n ander of derdes in die algemeen te mislei nie. Ook met daardie denkrigting maak appèlregter Nienaber korte mette:

> "Die skema hoef nie verbloem te wees om verdoem te word nie. Dit kan aanvegbaar wees selfs al was dit nie te kwaaier trou of met 'n onbehoorlike oogmerk aangegaan nie – maar wel omdat dit regtens ondoenlik en as sodanig onuitvoerbaar was ... [W]at wel waar is, is dat hierdie soort konstruksie, met *constitutum possessorium* as sy hoeksteen, hom by uitstek tot onderduimsheid leen ... [W]aar die verbintenisskeppende ooreenkoms nie 'n egte koopkontrak is nie (al word dit ook deur die partye so ingeklee) maar iets anders, soos 'n set om 'n bepaalde bate van of teen die besitter se skuldeisers te verskuil of te verskans, dui dit op die afwesigheid van 'n egte geestesverandering oor die hoedanigheid waarin die saak voortaan deur die besitter gehou word." (144C–145B).

Die probleme om hierdie aanwending van eiendomsreg ter sekerheidstelling hou direk verband met die feit dat die Suid-Afrikaanse reg vir die oordrag van 'n saaklike reg ook voldoening vereis aan die onderliggende beheersverkrygingsvereistes wat by roerende goed inhou voldoende legitimering van die beheerder as belanghebbende party:

> "En as die partye in werklikheid pandgewing bedoel het, kon hulle ook nie die oorgang van eiendomsreg in gedagte gehad het nie want pand en eiendom kan nie tegelyk in een hand saamgevat word nie. En as hulle nie die oorgang van eiendomsreg in gedagte gehad het nie, het hulle ook nie die bedoeling gehad nie dat Hoosain die saak nie meer vir homself nie, maar ten behoewe van die Bank besit.
>
> Na my mening het die Bank, ondanks die dokumentasie in sy guns wat oënskynlik op die verkoping en lewering van die voertuig aan hom dui, nie bewys dat eiendomsreg van die voertuig met die eerste transaksie op hom oorgegaan het nie. Hy kan hom dus nie op sy *rei vindicatio* teenoor die eerste respondent beroep nie. Anders as wat tydens betoog voor hierdie Hof namens die respondente toegegee is, sou hy hom ook nie teenoor Hoosain of sy boedel op 'n *rei vindicatio* kon beroep het nie. Hy het denkbaar wel 'n eis teen die boedel op grond van Hoosain se kontrakbreuk maar dit is iets anders wat nie nou ter sake is nie" (150C–E).

Dit is vanselfsprekend dat indien ANB in die onderhawige geval nie werklik eiendomsreg verwerf het op die voertuie van SNEL deur die lewering met *constitutum possessorium* nie, daar ook geen sprake kan wees dat ANB as nuwe eienaar enige saaklike regte op die voertuie aan 'n ander kan oordra nie. Ook die latere opvolgers in titel ten aansien van die voertuie mag met leë hande daar staan. In die gunstigste geval is dit moontlik dat hulle nog hul skade kan beperk met 'n beroep op estoppel as verweer teen enige vindiserende aksies van ander reghebbendes. Sekerheidseiendomsoordrag behoort dus as veilige opsie prakties buite rekening gelaat word.

3 Tipes saaklike sekerheid op roerende sake

Die Suid-Afrikaanse reg erken naas die gemeenregtelike vuistpand wat weens die besitsvereiste uiteraard nie in die onderhawige geval aantreklik is nie, sogenaamde notariële verbande.

Daar word onderskei tussen die algemene notariële verband oor ongespesifiseerde roerende bates van die sogenaamde verbandgewer en sedert 7 Mei 1993 die statutêr gereëlde geregistreerde notariële verband oor spesifiek geïdentifiseerde roerende sake ingevolge die Wet op Sekerheidstelling deur Middel van Roerende Goed 57 van 1993 wat prakties die ou Natal-posisie ingevolge die Wet op Notariële Verbande (Natal) 18 van 1932 op die hele land toepaslik maak.

Hoewel die begrip "notariële verband" vir beide die gemelde tipes voorkeurskepping benut word, is dit misleidend. Terwyl 'n "verband" gemeenregtelik 'n saaklike sekerheidsreg is, is 'n algemene notariële verband geen saaklike reg nie, verleen dit geen saaklike sekerheid van enige aard nie en het dit met 'n saaklike sekerheidsreg slegs gemeen dat dit 'n mate van voorkeur op die vrye oorskot bied aan die reghebbende bó konkurrente skuldeisers by 'n sameloop van skuldeisers (dws by 'n *concursus creditorum* weens die insolvensie van die verbandgewer). Voor daar met sekwestrasie- of likwidasieverrigtinge begin word, het dit eintlik geen ander effek as om derdes te kan waarsku oor 'n bestaande belasting teen bates van die verbandgewer nie. Dit veronderstel egter dat elke toekomstige potensiële krediteur van die verbandgewer vooraf eers al die persoonsregisters nagaan om wel 'n behoorlike beeld oor die werklike kredietwaardigheid van die kredietsoeker te bekom – wat nie heeltemal met die werklikheid van die daaglikse praktyk ooreenstem nie. Uit die gerapporteerde uitsprake in byvoorbeeld *Bokomo v Standard Bank van SA Bpk* 1996 4 SA 450 (K) en *Nedcor Bank Ltd v Absa Bank Ltd* 1998 2 SA 830 (W), blyk nie dat die kredietverskaffer as sekerheidsoeker hoegenaamd enige moeite gedoen het om in die registers te kontroleer of die tersake bates nie moontlik reeds beswaar is en of daar nie reeds bepaalde voorkeurregte teen die bates in die algemeen geregistreer was nie.

4 Statutêre notariële verband oor gespesifiseerde roerende saak

In die geval van 'n statutêre geregistreerde notariële verband staan die sekerheidswaarde van die sekerheidsreg vas. Artikel 1 van Wet 57 van 1993 bepaal:

> "1 Regsgevolge van spesiale notariële verband oor roerende goed.
>
> (1) Indien 'n notariële verband waarby liggaamlike roerende goed *wat in die verbandakte gespesifiseer en beskryf word op 'n wyse wat dit geredelik kenbaar maak,* verhipotekeer word, na die inwerkingtreding van hierdie Wet ooreenkomstig die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No 47 van 1937), geregistreer word, *word sodanige goed*
>
> (a) onderworpe aan enige beswaring wat op die datum van registrasie van die verband daarop gerus het; en
>
> (b) nieteenstaande die feit dat dit nie aan die verbandhouer gelewer is nie, *geag net so daadwerklik aan die verbandhouer verpand te wees* asof dit uitdruklik aan die verbandhouer verpand en gelewer was" (my kursivering).

Dit is duidelik dat die statutêre mobiliêre verband as saaklike sekerheidsreg (en nie bloot as voorkeurreg nie) behandel word en as sodanig dieselfde begunstigde posisie as 'n vuistpandreg oor 'n roerende saak inneem. By die eerste blik is dit 'n ideale sekerheidstellingsfiguur om in die behoeftes van ANB en SNEL te voldoen. By nadere besien, haper dit egter in meer as een opsig.

4 1 Die voorvereiste vir die begunstigde posisie is dat die bepaalde roerende saak wat as verhaalsobjek geïdentifiseer word, duidelik as sodanig omskryf en in die tersake register by die registrateur van aktes geregistreer word. Daar is oor die hierbo gekursiveerde deel van die tersaaklike artikel nog geen gerapporteerde regspraak nie, maar in die algemeen word aanvaar dat voldoende gespesifiseerdheid verlang word, ten einde aan die publisiteitsvereiste, naas die algemene vereiste van bepaaldheid, eie aan die sakereg te kan voldoen. In die geval van SNEL se voertuigvloot veronderstel dit dat 'n afsonderlike notariële verband ten aansien van elkeen van die voertuie verly en geregistreer word. Nie alleen is dit omslagtig en duur nie, maar by iedere wysiging aan die vloot se samestelling moet ook die toevoeging of skrapping uit die vloot eweneens formeel geregistreer word. Die enigste private party wat daarby baat, is die notaris.

Dit help ook nie dat die partye afspreek om in die lig van die omslagtige en duur registrasie die formele wysigings weens veranderings aan die vloot se samestelling uit te stel totdat dit wel lyk of bankrotskap SNEL in die gesig staar nie. (Tot dan gaan dit luidens dié denkwyse immers goed en deug die duur sekerheidstelling niemand behalwe die verlydende notaris nie.) Voor registrasie het die kredietverskaffer geen sekerheid of voorkeur nie, maar hoogstens 'n vorderingsreg teen die potensiële sekerheidsgewer om mee te werk tot registrasie van die verband. Omdat die skuld voor registrasie van die verband onverseker was, word sodanige registrasie beheers deur artikel 88 van die Insolvensiewet 24 van 1936:

> "Sekere verbande is ongeldig.—'n Ander verband as 'n kustingsbrief (onverskillig of dit spesiaal dan wel algemeen is), gepasseer tot versekering van die betaling van 'n voorheen onversekerde skuld wat aangegaan is meer as twee maande voor die indiening van die verband by die betrokke registrateur van aktes om geregistreer te word of tot versekering van die betaling van skuld wat aangegaan is as 'n novasie of tot vervanging van so 'n eersbedoelde skuld, *verleen geen preferensie* nie as die boedel van die verbandskuldenaar gesekwestreer word binne 'n tydperk van ses maande na daardie indiening: Met dien verstande dat 'n verband beskou word nie soos voormeld ingedien te geword het nie, as dit weer aan die registrasie onttrek is" (my kursivering).

Hierdie artikel is nie alleen in sy duidelik dempende werking op verslaapte sekerheidstellingspogings nie en moet saamgelees word met die algemene werking van artikel 30 van dieselfde wet wat voorsiening maak vir die "tot niet maak" van 'n "onbehoorlike voorkeur" vir 'n vermeende sekerheidsreghebbende met verband. (Sien *SAPDC (Trading) Ltd v Immelman* 1989 3 SA 506 (W).)

4 2 Uit die bewoording van die wet word afgelei dat daar geen voorsiening gemaak word vir 'n vae of algemene omskrywing van die tipe sake wat as sekerheidsobjekte in aanmerking geneem kan word nie. Daar kan dus volgens die heersende mening nie vir 'n spesiale notariële verband slegs vaagweg vermeld word dat "alle roerende sake" of "alle voertuie" as verhaalsobjek sal dien vir die sekerheidsreg nie. Dit is immers een van die tipiese verskille met 'n algemene notariële verband as blote voorkeurreg wat wel in die algemeen verwys na onbelaste bates van die verbandgewer.

4 3 Alles draai daarom dat potensiële belanghebbendes met relatiewe sekerheid die juiste sake kan bepaal wat as verhaalsobjekte vir die doeleindes van die sekerheidsreg dien. Dit kan reeds afgelei word uit die volbankuitspraak in *Rosenbach & Co (Pty) Ltd v Dalmonte* 1964 2 SA 195 (N) wat oor die ou Natal-posisie handel, maar wat as voorbeeld vir die huidige regsposisie mag dien by ontstentenis van enige daarmee strydige uitspraak. "Accordingly, for a bond to comply with the Act, there must be a special description of the movables to be covered by it and an enumeration of them" (204C). Die hof verwys daarop na die omskrywings van die begrippe "description" en "enumeration" in erkende woordeboeke en vervolg:

> "In my judgment, it is not a compliance with the Statute to describe the assets to be hypothecated in wide general terms, as 'goods, wares, merchandise, stock-in-trade, fixtures, fittings, furniture and appliances'. *It is necessary to know what are the goods, wares, merchandise and so on, the nature of them and the types or kind of each of them, and also the number of them*, (eg so many 1 lb tins of A make of jam, so many of B make, so many 5 lb tins of C make biscuits, so many rolls of suiting material and of dress material and so on, as in a stock list) described so that at any given moment they may be identified; . . ." (204H–I) (my kursivering).

In die lig daarvan dat daardie regter sterk onder die indruk was van die gemeenskaplike oogmerke van die Suid-Afrikaanse en die Britse wetgewer om in die verband die kanse vir onsekerheid te verminder, kan moontlik afgelei word dat 'n verruiming van die registrasievereiste vir doeleindes van Wet 57 van 1993 oorweeg sou kon word, mits dit nie met die onderliggende bepaaldheidsvereiste in stryd sou wees nie.

> "In *Davidson v Carlton Bank,* (1893) 1 QB 82 (CA) at pp 86, 87, LOPES, LJ, adopted what had been said in *Carpenter v Dean* 23 QBD 566 by FRY LJ as to the scope and object of the section, namely:
>
> > 'They are in my opinion plain. I think they are to facilitate the identification of the articles enumerated in the schedule with those found in the possession of the grantor – that is to say, to render the identification as easy as possible, and to render any dispute as to the intention of the parties as rare as possible, and to shut the door to fraud and controversy, which almost always arise when general descriptions are used. That is to be done as far as possible; by which I mean, as far as is reasonably possible – so far as a careful man of business trying to carry the object of the Act into execution could and would do without going into unreasonable particulars.'
>
> LOPES LJ also repeated what he himself had previously said in *Carpenter v Dean* as to the meaning of 'specifically described', namely that it means 'described with such particularity as is used in an ordinary business inventory of such chattels'. Earlier, in *Roberts v Roberts* 13 QBD 794 (CA) at p 806, LINDLEY LJ had said:
>
> > 'A mere general description is not enough; there must be an inventory describing the chattels as business men would describe them'. . .
>
> These decisions appear to me to support the conclusions to which I have come in interpreting our legislation. It appears to me also that, to be capable of hypothecation under this Statute, movables (unless within secs 5 and 6) must *necessarily be capable of special description and enumeration* and, in addition, since the purpose is to allow of hypothecation having the force or effect of a pledge without delivery, they must, it seems to me, be themselves of such a nature as are capable of being delivered (by any of the recognised methods for corporeals or by cession for incorporeals) at the time the bond is passed . . . I come to the conclusion that the bond failed effectually to hypothecate all those movables set out in para (a) cited at the commencement of this judgment. The goods, wares, merchandise and so on are not specially described or enumerated. There has at no time been any means of identifying them" (205E–206F – my kursivering).

4 4 Juis by voertuie, waar iedere voertuig aan die hand van sy individuele enjinnommer, ratkasnommer, onderstelnommer en reeksnommer, benewens die administratiewe registrasienommer, identifiseerbaar is, sal net aan die vereistes van die wet voldoen word indien iedere sekerheidsobjek individueel as sodanig as die objek van 'n geregistreerde notariële verband geïdentifiseer kan word vir doeleindes van die registrasie van die sekerheidsreg.

Uit die wet alleen is egter nie af te lei dat dit noodwendig hoef te beteken dat 'n afsonderlike registrasiehandeling vir elke voertuig moet plaasvind nie – hoewel ek my kan voorstel dat benewens die belanghebbende "gilde" van notarisse, die registrateur se kantoor bloot uit die finansiële oogpunt ook 'n belang sal hê om dit te wil beweer. Of laasgenoemde hoegenaamd gerat is om die bykomstige werkbelading bevredigend te hanteer, is 'n ander vraag.

5 Geen saakvervanging

Tot nou is in die besprekings van die nuwe statutêre sekerheidsvorm deurgaans beklemtoon dat dit 'n wesenlike nadeel van die beklemtoning van die individuele aard van 'n saak as verhaalsobjek is dat daar hoegenaamd nie voorsiening gemaak word vir saakvervanging nie.

Hoewel die partye in ooreenstemming met die onderliggende beginsel van die party-outonomie 'n mate van bewegingsvryheid geniet oor hoe hulle hul afsprake wil inklee en dus by wyse van onderlinge ooreenkoms grootliks kan bepaal hoe die lewering sal geskied, word die party-outonomie juis begrens deur die oorkoepelende beginsels van goeie trou, redelikheid en billikheid sodat nie agter die party-outonomie geskuil kan word om die vereistes van die objektiewe regsnorme van legitimering en bepaaldheid te omseil nie. Dit is ook die sluitstuk van appèlregter Nienaber se beklemtoning in die *Windhoek*-saak (hierbo) van die feit dat die verdoeming van die heimlike sekerheidstelling met *constitutum possessorium* nie afhanklik is van die mate waarin dit verbloem was nie. Ondeurskoubare sekerheidstellingsvorme is teen die uitgekristalliseerde openbare belang en in daardie opsig teen die goeie sedes en dus onhoudbaar.

Daar is ook geargumenteer dat om hierdie rede (geen saakvervanging nie) ook geen spesiale notariële verband gevestig kan word oor "die winkelvoorraad" van 'n winkelier as sekerheidsgewer nie. (Sien in die verband die bespreking deur Wunsh "What rights of preference are enjoyed by a special notarial bond?" 1960 *THRHR* 112 ev en Sacks "Notarial bonds in South African law" 1982 *SALJ* 605 612.) Die partye kan dus nie afspreek dat die vervangende voorraad in die plek kom van die voorraad wat op die rakke was toe die ooreenkoms aanvanklik aangegaan is nie. Die party-outonomie strek dus luidens die argument nie so ver dat dit vir saakvervanging voorsiening kan maak nie.

Hierdie argument verwar moontlik twee aspekte. Uit die aard van die saak word winkelvoorraad voortdurend vervang, maar dit is nie die wegspringplek hoekom winkelvoorraad nie as sekerheidsobjek vir hierdie vorm van sekerheidsreg aangebied kan word nie. Van meer betekenis is die feit dat die tipiese winkelvoorraad van die kruidenier op die hoek nie voldoende as individuele sake omskryfbaar is nie. Die nievoldoening aan die bepaaldheidsvereiste gee dus die deurslag en nie die feit van saakvervanging alleen nie.

Die bestaande voorraad op die rak word verkoop en daardie sake se plek word ingeneem deur nuwe sake wat ingekoop word. Dit is egter sakeregtelik gesproke nuwe sake, al is dit van dieselfde soort, en daarom kan die vorige saaklike sekerheidsreg nie outomaties op die vervangende sake "oorgedra" word sonder nakoming van die sakeregtelike bepaaldheidsvereistes wat nodig is om die nuwe saaklike reg vir die saaklikreghebbende sekerheidsnemer te vestig nie.

Dat dit 'n ongunstige finansiële belasting en moeite vir die sekerheidsnemer behels, staan vas – maar as troos word dan gewoonlik gemeld dat dit uit 'n sekerheidsregtelike oogpunt wel vir hom die moeite werd is.

Ek is egter nie oortuig daarvan dat dit die volle verhaal vir 'n geval soos dié van SNEL en ANB is nie. Anders as die tipiese winkelvoorraad-geval, is die tipe saak wat as sekerheidsobjek in ANB se geval ter sprake kom, veel beter bepaalbaar. Dit is identifiseerbare voertuie en nie kruideniersware wat bestaan uit suiker, eiers en meel wat alles uiters onbepaalde generieke sake is nie. Die voertuie kan aan die hand van byvoorbeeld 'n behoorlike inventaris juis met benutting van 'n aktuele register presies identifiseer word en enige potensiële kredietverskaffer wat reeds die moeite doen om die persoonsregister te benut, sal vandaar direk verwys word na die feit dat die werklike register die huidige voertuie wat betrokke is per registrasienommer, enjinnommer en so meer identifiseer. Indien die twyfel boonop gekombineer word met die bewese behoefte aan meer soepelheid in sekerheidspraktyk (vgl bloot die opmerkings deur appèlregter Nienaber in die *Windhoek*- en regter Cloete in die *Nedcor*-saak (838H)) kan dit as verskoning dien om weer krities na van die

aannames te kyk. Vir dié doel word ook rekening gehou met die ontwikkeling in die moderne Duitse reg wat moontlik 'n navolgingswaardige voorbeeld kan bevat.

6 Doel van bepaaldheidsvereiste

Die doel van die bepaaldheidsvereiste is om te verseker dat 'n bepaalde saak aan 'n bepaalde reghebbende toegeken kan word. Daar moet, om dit so te stel, regsekerheid heers oor welke saak aan welke reghebbende behoort of minstens vir hom as verhaalsobjek, in die geval van die saaklike sekerheidsregte, in spel kom. (Sien oor die eng verband tussen bepaalbaarheid en publisiteit ook in die Duitse sakereg Wilhelm *Sachenrecht* (1993) 147–148; Baur-Stürner *Sachenrecht* (1999) 33–35; Müller *Sachenrecht* (1997) 32; Wolf *Sachenrecht* (1999) 12–14.) Die bepaaldheidsvereiste verseker dat die juiste saak as objek jeens die belanghebbende geïdentifiseer word. Afdoende bepaaldheid vervul dus 'n wesenlike rol in die publisiteitsvereiste as tipiese vereiste van die sakereg. (Daarteenoor word vir insolvensieregtelike doeleindes slegs belang gestel in die mate waarin die bates van die skuldenaar wel as onbelaste vrye oorskot bestempel kan word en daarom speel bepaaldheid geen rol by vestiging van 'n algemene notariële verband oor alle roerende bates van die skuldenaar nie.)

Die tipiese legitimeringsvereiste by roerende sake word tradisioneel vervul deur die besit van die saak. Besit legitimeer teenoor die ander regsubjekte dat daar vermoedelik 'n regsband tussen die besitter en die saak in sy besit bestaan. Die besitter is immers "vermoedelik" die reghebbende in die geval van roerende sake. Omdat besit so 'n feitelike direkte verhouding tussen 'n bepaalde saak en 'n bepaalde individu is, word besit gewoonlik ook direk in die identifisering van sake betrek. Waar die besitter nie in beheer van 'n saak is nie is dit nodig om die saak langs ander maniere te identifiseer. In die geval van onroerende sake word die legitimeringsfunksie deur die registrasie in die openbare registers vervul en speel besit gevolglik by die afgeleide wyses van regsverkryging op onroerende sake geen legitimeringsrol nie. Aan die bepaaldheidsvereiste word voldoen deur die kartering (die kadastrale bepaling van die grondstuk se grense) in die tersake registers of kaarte van die landmeter-generaal se kantoor. Sigbare besit is daarvoor eweneens nie nodig nie. Omdat geen vergelykbare oorkoepelende register van alle roerende goed of selfs sogenaamde registergoed in die Suid-Afrikaanse reg bestaan nie, is daar ruimte vir twyfel oor hóé aan die bepaaldheidsvereistes voldoen kan word by roerende goed.

7 *Markierungsvertrag* as voorbeeld?

In beginsel ken sowel die Suid-Afrikaanse as die Duitse reg geen suiwer konsensuele wyses van eiendomsverkryging nie. Die Suid-Afrikaanse reg is egter, anders as die Duitse reg, nie vir doeleindes van die besitsverskaffingskomponent van die verkryging van saaklike regte vertroud met die *Markierungsvertrag* of die *Raumsicherungsvertrag* van daardie regstelsel nie. Tot op hede is ook nog nie in die regspraak hier te lande oorweeg of daardie of soortgelyke alternatiewe omskrywingsvorme nie moontlik wel by die nuwe statutêre sekerheidsvorme in die Suid-Afrikaanse reg aanwending behoort te kan vind as identifiseringsmiddel nie.

Danksy die registrasievereiste ingevolge artikel 1(1) van Wet 57 van 1993 speel die besit, soos in die geval van die registrasievereiste by onroerende sake, geen legitimerings- of identifiseringrol by hierdie sekerheidsvorm nie en kan myns insiens wel oorweeg word om iets analoogs aan een van die gemelde alternatiewe beskrywingsvorme te benut om die tersake objekte sodanig te identifiseer dat dit afdoende bepaalbaar of kenbaar is. Die Duitse *Bundesgerichtshof* [*BGH*] het reeds in 1956

beslis dat die klem behoort te val op die behoorlike identifisering van die roerende sake wat as objek moet dien van die tersake saaklike reg wat gevestig of oorgedra moet word. Daar is reeds bepaal dat dit nie afdoende is indien slegs na 'n omslagtige deurvorsing van die boeke en interne state van die sekerheidsgewer bepaal sal kan word welke sake die objekte van die tersake regte is nie (RGZ 129, 61; RGZ 132, 183 187). Dit moet dus geredelik kenbaar wees. (Sien ook BGHZ 21, 52 56–58 en bevestig in BGHZ 28, 16 20; uitsprake van die *BGH* van 1962-06-04, viii ZR 221/61 en 1991-04-18, ix ZR 149/90.) Daardie beginsel word daar soos volg formuleer: "[Es muß] aufgrund einfacher, äußerer Abgrenzungskriterien für einen Dritten ohne weiteres ersichtlich sein . . ., welche Sachen gemeint sind" – Ott "Bestimmtheitsgrundsatz bei der Sicherungsübereignung von Sachgesamtheiten" 1992 *WuB I F* 5.

8 Geredelik kenbaar

Die enigste vereiste wat die 1993-wet hier te lande stel, is dat die sake wat onder die Wet 57-tipe notariële verband val, wel sodanig beskryf en gespesifiseer moet word dat dit afdoende of *geredelik kenbaar* sal wees. Tot op datum is deur die praktyk en die meeste skrywers aanvaar dat die vereiste dui op die tipiese reeks- of vervaardigersnommers of selfs die administratiewe registrasienommers soos wat by voertuie gebruik word, maar dat daarenteen die tipiese winkelvoorraad van die kruidenier op die hoek nie as sekerheidsobjek vir hierdie sekerheidsvorm deug nie. Die blikkies vis en groente op die kruidenier se rakke is, soos die sakkies suiker en rys in die pakstoor daarvoor te onbepaald.

Dit hoef egter myns insiens nie noodwendig net by die gebruiklike registrasienommers of enjinnommers van voertuie of swaar toerusting te bly nie. Die volgende formulering uit die Duitse reg behoort hier oorweeg te word.

> "Beim Markierungsvertrag vereinbaren Sicherungsgeber und Sicherungsnehmer, daß jedes einzelne Stück des gegenwärtigen und zukünftigen Sicherungsguts mit einem bestimmten Kennzeichen versehen (markiert) werden soll. Die Markierung ist die für den . . . [übergang von den dinglichen Rechtes] erforderliche Ausfuhrungshandlung." – Pottschmidt en Roht *Kreditsicherungsrecht* (1992) § 528.

8 1 Die juiste vorm van die merk wat ter sprake kan kom, is nie voorskrifmatig bepaal nie *mits* dit sonder misverstand die betrokke sake *kenbaar maak – dit wil sê identifiseer.*

> "Entscheidend ist, dass die Kennzeichnung eine sichere Unterscheidung der übereigneten von den anderen Waren erlaubt" (Bülow *Recht der Kreditsicherheiten* (1993) § 881).

Indien die ooreenkoms byvoorbeeld slegs sou verwys na 'n handbiblioteek van die kunsdepartement is die tersake boeke steeds onvoldoende geïdentifiseer omdat dit nie duidelik is welke boeke wel tot die handbiblioteek sou behoort nie. (Dit was trouens die bepalende aspek van die uitspraak van die *BGH* van 1992-01-13, ii ZR 11/91.) Indien die handbiblioteek dit egter in 'n bepaalde, as sodanig geïdentifiseerde ruimte bevind en uitsluitlik boeke van die aangeduide aard bevat, sou dit reeds die beslissing in dié opsig geswaai het. Daar word egter ook reeds in die Duitse regspraak voorsiening gemaak vir die afdoende identifisering van sake deur bepaalde merke daarop aan te bring.

> "[A]nerkannt ist, daß die Anbringen von tafeln, Schildern oder anderen Markierungen ein geeignetes Mittel ist, um bei einer sachgesamtheit denjenigen Teil genau zu bezeichnen, auf den sich der Übereignungswille der Vertragspartner erstrecken soll" (BGH Urteil v 2. Zivilsenat vom 1992-01-13 § 2).

(Sien ook die bespreking van die uitspraak deur Serick "Sachgesamtheit, Bestimmtheitsgrundsatz, Raumsicherungsvertrag, Sicherungsübereignung nicht markierter Teilbestände" 1992 *EwiR* 349–350 wat die klem op die "eindeutig bestimmt" laat val; Schmidt "Bestimmtheitserfordernis bei der Sicherungsübrteignung eines Warenbestandes" 1992 *JuS* 696–697.)

9 2 Die verband met die gemeenregtelike *traditio simbolica* wat ook aan die moderne Suid-Afrikaanse reg nie onbekend is nie, is maklik aantoonbaar. Die klassieke houtkoper wat die stamme van sy merk voorsien ten einde só aan die leweringsvereiste te voldoen, is nie so ver verwyder van die moderne logo-beskilderde voertuie nie. Ook vir die Suid-Afrikaanse reg is die aanwending van merke direk op die potensiële verhaalsobjekte nie onbekend nie. In *TR Services (Pty) Ltd v Poynton's Corner Ltd* 1961 1 SA 773 (D) draai alles immers om die vraag of die plaatjies wat op die apparate aangebring was voldoende opvallend was om derdes oor die regsposisie in te lig. Dit laat dus die vermoede ontstaan dat mits die markering afdoende opvallend is dat slegs 'n eenduidige afleiding daaruit gemaak sou kon word, dit wel as afdoende sou kon geld om daardie sake te vrywaar teen die stilswyende hipoteek van die verhuurder. Dit behoort dan slegs 'n klein tree verder te wees om te aanvaar dat ook positief vir doeleindes van die vestiging van saaklike sekerheidsregte kennis geneem behoort te word van afdoende markeerde sake van die skuldenaar om dit as potensiële verhaalsobjekte te kan identifiseer.

9 *Listenvertrag* of aktuele inventaris

9 1 As verfyning van die *Markierungsvertrag* erken die Duitse regspraak die sogenaamde *Listenvertrag* as variasie op dieselfde tema. Dit plaas die klem vir die identifisering van die tersake objekte nie op die fisiese merke of plakkers wat op die sake self aangebring is nie, maar op 'n werklike lys of register van die tersake bates aan die hand waarvan die individuele bates met afdoende sekerheid te eniger tyd bepaal kan word. Die inventaris word daar hanteer as 'n bykomstige identifiseringsmiddel en 'n belangrike bewysmiddel. (Sien Serick *Eigentumsvorbehalt und Sicherungsübertragung* bd 2 (1986) 140 166–170 en die bespreking van die uitspraak van die *BGH* in 1977 *WM* 218; BGHZ 28, 16 20 en BGHZ 21, 52 56.)

9 2 Kombinasie van merk en inventaris

Juis in die geval van die voertuigvloot van SNEL kan dit aantreklik wees om die lysvariasie in samehang met die behoorlik geverfde en met logo-versierde (dus gemerkte) voertuie te benut om die tersake voertuie wel te kan identifiseer.

> "Der Listenvertrag kommt in der Regel nur in Betracht, wenn die übereigneten Sachen individuelle Fabriknummern haben, die in der Liste vermerkt werden" (Bülow § 882).

Weer eens is die bepalende faktor die mate waarin die sake wat onder die sekerheidsreg val aan die hand van die lys geredelik kenbaar is. Myns insiens is daar geen rede hoekom sodanige identifiseringsvorm nie binne die raamwerk van Wet 57 van 1993 benut sou kon word nie.

> "Bestimmtheit kann aber auch dann herbeigeführt werden, wenn die Sachen vereinbaringsgemäss in eine Bestandliste augenommen werden und sich daraus ergibt, welche ursprünglichen und neuen einzelnen Sachenübereignet sind." – Bülow *Recht der Kreditsicherheiten* (1993) § 883 en Bülow "Einfürung in das Recht der Kreditsicherheiten" 1996 *Jura* 190 194–195.

Die feit dat Serick (die erkende gesaghebbendste outeur oor saaklike sekerheid in die Duitse reg) geen bedenkinge opper oor die aanwending van die *Markierungsvertrag* in dié samehang nie, mits die werklike sekerheidsobjekte net vasstelbaar is,

bevestig my vermoede dat dit ook vir die Suid-Afrikaanse reg aanwendbaar behoort te wees. (Sien Serick *Eigentumsvorbehalt und Sicherungsübertragung* bd 2 § 21 III 2 a en b–e en bd 6 § 75 V 1 c.)

Van hierdie vorme van identifisering van die sekerheidsgoed moet dus duidelik onderskei word van wat in die Suid-Afrikaanse reg veral bekend geraak het as die vae vloerplanooreenkomste – dit is vergelykbaar met die *Mantelübereignungsvertrag* van die Duitse reg. Daardie vloerplanooreenkomste is deurgaans té onbepaald om aan die sakeregtelike bepaaldheidsvereistes te voldoen. In die bekende voorbeelde uit die regspraak van die afgelope paar jaar soos *Quenty's Motors (Pty) Ltd v Standard Credit Corporation Ltd* 1994 3 SA 188 (A) en *Nedcor Bank Ltd v Absa Bank Ltd* 1998 2 SA 830 (W) is dit duidelik dat ten tyde van die aangaan van die vloerplanooreenkoms op geen manier bepaal kan word welke individuele voertuie wel daaronder sal val nie en word dus nie aan die sakeregtelike bepaaldheidsvereiste voldoen nie.

10 Voorbeeldformulering?

Myns insiens bestaan daar wel 'n moontlikheid om die tersake voertuie in die verbandgewer se vloot wat die objek van die sekerheidsreg (in 'n geval soos die onderhawige voorbeeld) moet vorm, in die notariële verbandakte wat by die registrateur geregistreer word, soos volg te beskryf:

> "Alle voertuie wat op 'n gegewe moment met die tipiese verf en logo as geregistreerde handelsmerke van SNEL versier is, en behoorlik na tersake voertuigsoort (model en boujaar), reeksnommer en registrasienommer as sekerheidsobjekte presies van 'n deur die sekerheidsgewer gevoerde en bygehoue register of inventaris kenbaar is, dien as sekerheidsobjek vir doeleindes van hierdie spesiale notariële verband."

11 Die klem op "alle" voertuie van die sekerheidsgewer

Dit sal waarskynlik van deurslaggewende belang wees dat alle voertuie wat deur SNEL benut word, sonder uitsondering as sekerheidsobjek kenbaar moet wees. Dit wil sê, daar moet geen ruimte vir verwarring wees nie. Ook vir die Duitse reg beklemtoon Serick dat die kanse op verwarring vir derdes wesenlik verminder word as "alle" objekte (voertuie) van die sekerheidsgewer wat as sy voertuie kenbaar is, sonder uitsondering as sekerheidsobjek aangedui word. Die oomblik wat 'n derde party hoegenaamd kennis neem van die moontlikheid dat die tipe sake van die kredietnemer as verhaalsobjekte van die verbandreghebbende ANB ter sprake kom, is dit nie verder nodig om te gaan ondersoek welke onder die sekerheidsreg val en of enige daarvan uitgeslote is nie.

Die merk moet uniek wees. Dit veronderstel dat die kleur en kleurpatroon wat benut word liefs soos die logo dermate uniek moet wees dat dit nie met enige ander reghebbende se gelyksoortige bates verwar kan word nie. Dit kan uiteraard net moontlik wees indien sowel die logo as die kleur en kleurkombinasies telkens as handelsmerke geregistreer word. Dit impliseer verder dat sou die voertuie, na bereiking van hul beplande nutstyd as voertuie in diens van SNEL, vervreem word die vervreemder allereers die voertuie só moet laat oorverf dat geen verwarring in die opsig kan bestaan nie.

Die inventarisvereiste impliseer dat 'n werklike register deurentyd deur ANB en sy besitsdienaar SNEL gehou moet word waarop die besonderhede soos aangedui afleesbaar sal wees. Die register moet te eniger tyd vir alle belanghebbendes vir insae beskikbaar wees.

Toegepas op ANB se probleem bring dit noodwendig mee dat by die uitbreiding van die bestaande voertuigvloot van SNEL telkens 'n werklike registerinskrywing by ANB en SNEL gemaak moet word, maar dit benodig dan nie telkens 'n nuwe notariële verbandreg wat afsonderlik verly en geregistreer moet word oor elke nuwe voertuig as toevoeging tot die vloot nie.

12 Gevestigde regspraak daarteen?

Omdat die statutêre posisie soos gereël in Wet 57 van 1993 bewustelik aansluit by die ou Natal-posisie soos eerder dáár gereël deur Wet 18 van 1932, is die uitsprake wat in daardie afdeling oor dié aspek gelewer is, steeds van belang. Ook in die lig van die feit dat daar behoudens *Bokomo v Standard Bank van SA Bpk* 1996 4 SA 450 (K) nog geen gerapporteerde uitspraak oor die toepassing van die nuwe wet is nie, sal minstens kennis geneem moet word van die ou uitsprake oor die Natal-posisie.

Die tersake artikel van die gemelde Wet op Notariële Verbande (Natal) 18 van 1932 lui:

> "1(1) This Act shall apply only to movables situate within the Province of Natal and shall apply to a notarial bond only in so far as such bond hypothecates movables *specially described and enumerated* therein: Provided that such bond is passed by a person (hereinafter referred to as 'mortgagor') and registered in the deeds registry at Pietermaritzburg at a time when no other notarial bond generally hypothecating such mortgagor's movables is registered in such deeds registry: Provided further that notwithstanding anything to the contrary in any law, usage or custom, no notarial bond shall have the force or effect of a pledge of movables without delivery thereof by the debtor and taking and keeping in possession by the creditor unless it has been passed and registered as aforesaid."

Ook in daardie formulering is die individuele aard van die sekerheidsobjek dus op soortgelyke wyse beklemtoon as wat tans die geval in die huidige wet is.

12 1 Met betrekking tot die ou Natal-posisie is een uitspraak gerapporteer wat oënskynlik saakvervanging by spesiale notariële verbande raak. In *Durmalingham v Bruce NO* 1964 1 SA 807 (D) is beslis dat 'n notariële verband geregistreer oor 'n bepaalde bus in die verbandakte geïdentifiseer as 'n Henschell-bus, nie outomaties ook oor die International-bus waar deur die aanvanklike verhaalsobjek later vervang is, strek nie (808E–F). Die aansoek om rektifikasie van die verbandakte om wel voorsiening te maak vir die beweerde bedoeling van die partye, is afgewys en die alternatiewe pleit dat sodanige vervangingsklousule 'n stilswyende beding van die verbandooreenkoms sou wees, was eweneens nie suksesvol nie. Dit het in daardie saak vir die hof geen verskil gemaak nie dat die sekerheidsreghebbende selfs beweer het dat die partye onderling verstaan het (ooreengekom het) dat saakvervanging sal plaasvind mits dit sou gaan oor die voertuig waarmee die bepaalde roete bedryf is. Daar is na die oordeel van die hof duidelik nie ruimte vir outomatiese saakvervanging by 'n spesiale notariële verband nie.

Die oomblik wat die aanvanklike verhaalsobjek nie meer tot die bates van die sekerheidsgewer behoort nie en met die instemming van die sekerheidsreghebbende vervreem word, verval die sekerheidsreg wat daarop gerus het outomaties, nieteenstaande die feit dat die onderliggende vorderingsreg steeds mag bestaan.

12 2 Hoewel kennis geneem moet word van daardie uitspraak, is dit stellig nie die laaste woord in die verband nie. 'n Blote beroep op daardie uitspraak behoort myns insiens dus nie afdoende te wees om die argument hierbo opgebou vir 'n verslapping van die streng registrasievereistes by spesiale notariële verbande sonder

meer te ontsenu nie. Daardie uitspraak is onderskeibaar omdat dit nie uit die geregistreerde verbandakte af te lei was dat vir saakvervanging voorsiening gemaak word nie en tweedens kon die hof nie van sodanige bedoeling van die partye oortuig word nie. Die ratio van daardie uitspraak dek dus nie werklik 'n geval wat beheers sou word deur die hierbo (§ 10) voorgestelde geregistreerde klousule in 'n geregistreerde verbandakte nie. Anders as in die *Durmalingham*-saak verskaf die voorgestelde formulering aan enige belanghebbende voldoende aanduiding welke objekte onder die verband inbegrepe is dat hy minstens op sy hoede behoort te wees ten aansien van die aldus "geredelik kenbare" objekte.

13 Gevolgtrekking

Die huidige klimaat in die howe is sodanig dat wegbeweeg word van 'n onnodige formalisme en steeds gepoog word om die reg só toe te pas dat dit die handelsbelange ten beste dien (uiteraard sonder verkragting van geykte beginsels of duidelike wetsvoorskrifte). Die huidige onderbenutting van die spesiale notariële verband as sekerheidsfiguur laat sekerlik nie reg geskied aan die bedoeling van die wetgewer met die invoering daarvan sewe jaar gelede nie. Toe is immers gehoop dat die geregistreerde mobiliêre hipoteek voortaan die sekerheidstellingsfiguur van voorkeur by roerende sake sal wees. Indien daardie onderbenutting aan die vermybare oorbeklemtoning van duur en omslagtige registrasievereistes te wyte is, wat vermy kan word sonder om die aanvanklike oogmerk van voldoende publisiteit te ondergrawe, behoort die moontlikheid ernstig oorweeg te word. Indien van meet af aan in die openbaar toeganklike geregistreerde notariële verbandakte verwys word na die benutting van die voertuigvloot van die kredietsoeker SNEL as verhaalsobjek vir ANB se vordering, is daar veel duideliker as in die *Durmalingham*-saak rede vir derdes om op hul hoede te wees en navraag te doen. Daar word dan myns insiens wel voldoen aan die bepaaldheidsvereiste en kan die voertuigvloot ook met inagneming van die aspek van saakvervanging as sekere sekerheidsobjek aangewend word.

JC SONNEKUS
Randse Afrikaanse Universiteit

TRANSFORMING TEACHING AND RESEARCH AT THE LAW SCHOOLS OF HISTORICALLY BLACK UNIVERSITIES: A CASE STUDY OF THE FORT HARE LAW FACULTY*

1 Introduction and historical background

Historically Black Universities (HBUs) are a creation of the Bantu education and training system of the defunct apartheid socio-political order. Accordingly, they were designed from the outset to assist the then government of the day in achieving total segregation in the use of South Africa's tertiary education resources. A critical

* This note is a substantially revised version of a submission made by the author to the Transformation Working Group (TWG) of the Faculty of Law, University of Fort Hare.

feature of the said system of education was the fact that HBUs were intended not just to be separate from, but also unequal and inferior to, their historically white counterparts. In other words, the provision of quality education for the non-white peoples of South Africa was not an important policy objective for the architects of apartheid educational policy. It is therefore no surprise that

> "[f]rom their very inception, each of these black universities started from a position of being disadvantaged . . . In physical structure, financial and material resources, and intellectual endowment, these universities were underprivileged, poorly equipped and inferior to their white counterparts . . . Furthermore, and perhaps even much more fundamental, these institutions lacked an intellectual identity and capacity. Although each of them had and could boast of an ethnic identity, all of them were generally neglected, operated in oppressive conditions and were associated with second or third rate academic standards." (Wanda "Evolving an identity of South African black law schools for the next millennium" in Iya, Rembe and Baloro (eds) *Transforming South Afric universities – Proceedings of a national conference on capacity building for HBUs: Challenges and strategies for the next millennium* (Forthcoming, 2000).)

Given that historically black law schools/faculties form an integral part of their universities and as such have been subjected to the same oppressive management and deliberate under-resourcing as their mother universities (*ibid*), it is both logical and easily understandable that they now exhibit and must contend with a myriad of problems which can best be described as apartheid's bequests to HBUs. The most difficult of those problems, which in concert threaten the very survival of HBU law schools well into the new millennium, are:

(1) Non-availability of qualified, competent and motivated staff to provide the academic support programmes and skills training required by their students.

(2) Lack of financial and institutional resources to provide legal education comparable to that available at historically white universities. Most noteworthy here is the paucity of the library collection and information technology equipment at HBU law faculties. This makes it extremely difficult to build any meaningful research capacity or post-graduate programmes.

